’n Professioneleontwikkelingsprogram vir die ontginning van kinder- en jeugliteratuur vir die Afrikaans skoolkurrikulum

LM Marais

12317924

Proefskrif voorgelê vir die graad *Doctor Philosophiae* in Kurrikulum Ontwikkeling aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof C Nel

Medepromotor: Dr C du Toit

Mei 2014

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Hierdie proefskrif word opgedra aan my ouers

Willem Stephanus (Willie) Marais

17 April 1937 – 25 Julie 2007

en

Lea Margaretha (Retha) Marais

voorheen Van Dyk

15 Augustus 1946 – 2 November 2006

Bedankings

In die eerste plek wil ek graag my promotors bedank. Ek is seker ek het die beste promotors in die land gehad.

Prof. Carisma Nel, dankie vir die leiding en blootstelling gedurende hierdie studie. Dankie dat ek enige tyd raad kon vra. Sonder u leiding sou hierdie studie ’n onbegonne taak gewees het.

Dr. Christine du Toit, ek dink nie woorde kan werklik sê hoe ek voel en die waardering wat ek vir u het, uitdruk nie. Ons het ’n lang pad en deur diep waters gegaan. Ek beskou u as ’n integrale deel van my lewe. Baie, baie dankie vir alles gedurende die afgelope agt jaar. Dankie vir u hulp en raad met hierdie proefskrif.

Die Noordwes-Universiteit en in die besonder die Fakulteit vir Opvoedkunde. Baie dankie vir die fakulteitsbeurs wat ek ontvang het. Sonder die finansiële ondersteuning en akademiese bystand deur die navorsingseenheid sou dit ’n baie moeilike taak gewees het.

Afgesien van my promotors is daar ook verskeie mense wat my met sekere aspekte van die studie gehelp het, onder andere Lona Gericke wat my bygestaan het met die opstel van die leeslyste en Yvonne Botha wat met die sketse gehelp het. Sy het nooit gedink my idees is verregaande of onmoontlik nie.

My dank gaan ook aan Carmien du Toit wat my ongelooflik gehelp het om van die onderhoude te transkribeer. Sonder hierdie hulp sou die taak van hierdie proefskrif aansienlik langer geneem het.

Die onderwysers en vakadviseurs wat aan die studie deelgeneem het, se tyd en insigte was van groot waarde.

Baie dankie aan Jackie Viljoen wat my gehelp het met die taalversorging van die proefskrif.

Ek wil ook graag my familie bedank vir die telefoonoproepe, SMS’e en goeie wense. Daarmee saam ook ’n besondere dankie aan Mollie, Lilly en Bella vir hulle getroue bystand deur die laat aande, die vriendelike ontvangs as ek by die huis kom en hulle morele ondersteuning.

Daar is ook verskeie vriende wat bedank moet word, maar dis onmoontlik om almal by name te noem. Dankie aan al my vriende. Julle bystand was van onskatbare waarde. In die besonder wil ek die volgende mense bedank: Lanel Coulter-Roos, Carin Nieuwoudt, Carina Marley, Louis en Tanya Boshoff en Annerie du Toit.

Die belangrikste mense wat ek wil bedank, is my ouers, Willie en Retha Marais. Alhoewel ek nie hierdie geleentheid met hulle kan deel nie, hoop ek tog hulle sien dit. Ek sou nooit op hierdie pad gewees het as dit nie vir hierdie twee besondere mense was nie. Dankie Mamma en Pappa, julle het my die mens gemaak wat ek is, my gemotiveer om altyd die beste te doen wat ek kan. Julle het by my ’n liefde vir ’n taal en boeke gekweek, my beter geken as wat ek myself by tye ken. Mis julle baie. Baie dankie en baie liefde.

Dankie aan God vir sy leiding en ondersteuning en die deursettingsvermoë wat Hy my skenk om die taak te voltooi. U woorde, “My genade is vir jou genoeg” het my deur hierdie proses gedra.

Opsomming

Titel: ’n Professioneleontwikkelingsprogram vir die ontginning van kinder- en jeugliteratuur vir die Afrikaanse skoolkurrikulum

Die Europese Kommissie (*European Commission*) (2007) het die gehalte van onderrig en onderwyser-opleiding as sleutelfaktore geïdentifiseer om die kwaliteit van onderwysstelsels te verseker en die opleiding wat onderwysstudente ontvang te verbeter. ’n Studie van die algemene eienskappe van die mees geslaagde skoolstelsels erken onderwysers se sentrale rol, en beweer dat “the quality of an education system cannot exceed the quality of its teachers” en dat “the only way to improve outcomes is to improve instruction” (Barber & Mourshed, 2007: 1). As sodanig is die handhawing van verbetering van die gehalte van onderrig onmisbaar vir die bereiking van Suid-Afrika se onderwysdoelwitte.

Etlike dekades se navorsing het duidelik die kort- en langtermyn positiewe uitwerking aangetoon wat vroeë kinderontwikkelingsprogramme van hoë gehalte op die ontwikkeling van kinders het. Programme van hoë gehalte is afhanklik van onderwyserdoeltreffendheid. Om doeltreffend te wees, moet onderwysers in die Grondslag- en Intermediêre fase, gespesialiseerde inhoudskennis en vaardighede ontwikkel. Die sleutel om onderrigdoeltreffendheid te handhaaf en voortgesette groei te bevorder, is professionele onderwyseropleiding van hoë gehalte.

In die konteks van hierdie studie, naamlik professionele ontwikkeling, wil die navorser die nut daarvan om KJL (kinder- en jeugliteratuur) as deel van ’n omvattende geletterdheidsprogram in te sluit, bespreek om sodoende die belangrikheid daarvan by professioneleontwikkelingsprogramme vir onderwysers in die Grondslag- en Intermediêre fase uit te lig. Die Komitee van Vroeë Kinderontwikkelings Pedagogie (*Committee on Early Childhood Pedagogy*) rapporteer dat professionele ontwikkeling vir onderwysers in die Grondslag- en Intermediêre fase in hoofsaak beperk, inkonsekwent en gefragmenteerd is. Hierdie inkonsekwentheid word weerspieël deur die groot verskeidenheid van inhoud, benaderings, duur en gehalte van die beskikbare onderwyser-ontwikkelingsprogramme. Wat die probleem rakende inkonsekwentheid vererger, is dat dít wat onderwysers in verskillende programme leer, gewoonlik nie geïntegreerd of verbandhoudend is nie. Die meeste professioneleontwikkelingsprogramme voorsien nie opvolggeleenthede om onderwysers se toepassing van nuwe praktyke te ondersteun nie. Inkonsekwentheid en onderbreking fragmenteer professionele ontwikkeling, eerder as wat dit hierdie ontwikkeling versterk.

Die doel van hierdie studie is dus om te bepaal watter literêre komponente in professioneleontwikkelingsprogramme ingesluit behoort te word, wie professionele ontwikkeling aanbied, wat dit insluit en hoe die professioneleontwikkelingsprogramme tans aangebied word. Daar word verder deur hierdie studie gepoog om te bepaal wat onderwysers se ingesteldheid is teenoor professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur, onderwysers se inhoudskennis ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur en laastens die onderwysers se vaardighede ten opsigte van die

integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer. Nadat hierdie inligting ingesamel is, is die doel om 'n professioneleontwikkelingsprogram saam te stel wat fokus op die formaat en ondersteuning wat nodig is om voortgesette professionele leer onder Grondslag- en Intermediêre fase onderwysers te handhaaf ten opsigte van die integrasie van kinder- en jeugliteratuur – dit sal binne 'n konseptuele raamwerk gedoen word wat op die heel-onderwyser-benadering fokus.

Die studie is onderneem vanuit 'n interpretatiewe paradigma waar daar gefokus is op die individu en/of gemeenskap en die betekenis wat hulle aan die bepaalde ervarings heg. Die kwalitatiewe navorsingsbenadering is die navorsingsbenadering waardeur daar gepoog word om ryk, beskrywende data oor 'n bepaalde onderwerp of konteks te bekom, te analiseer en te verstaan. In hierdie studie is daar gebruik gemaak van 'n fenomenologiese navorsingsontwerp, om sodoende die fenomeen te identifiseer en om sodoende te ondersoek hoe die betrokke persone die fenomeen (professioneleontwikkelingsprogramme en KJL) sien. Die doelbewuste steekproef is gedoen in die Wonderland-distrik. Vakadviseurs in die Grondslagfase (Graad 1,2 en 3) en vakadviseurs in die Intermediêre fase (Graad 4, 5 en 6) is geraadpleeg om te bepaal wie professioneleontwikkelingsprogramme aanbied en wat die persone se ingesteldheid teenoor professioneleontwikkelingsprogramme is. Die vakadviseurs is verder gevra om duidelikheid te gee wat professioneleontwikkelingsprogramme behels wat fokus op kinder- en jeugliteratuur en om te verduidelik hoe hierdie professioneleontwikkelingsprogramme lyk ten opsigte van formaat en tydsduur. Die doelgerigte steekproef is ook gebruik om onderwysers van die Grondslagfase (Graad , 1, 2 en 3) en die Intermediêre fase (Graad 4, 5 en 6) van skole in die Wonderland-distrik waar Afrikaans Huistaal gebruik word te raadpleeg om te bepaal wat onderwysers se ingesteldheid is ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur en so ook onderwysers se inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van kinder- en jeugliteratuur te ondersoek

Die volgende data-insamelingsmetodes is in hierdie studie gebruik, naamlik oopvraelyste, semi-gestruktureerde fokusgroeponderhoude en dokument-analise. Die data wat deur middel van oopvraelyste, semi-gestruktureerde fokusgroeponderhoude, en dokumente versamel is, is geanaliseer volgens temas wat uit die data geïdentifiseer kon word. Volgens Moustakas (1994: 120-121) word fenomenologiese data op bepaalde maniere geanaliseer. Die navorser het die volgende kenmerkende fenomenologiese stappe, soos voorgestel deur Moustakas (1994:120-121), gevolg om die data te analiseer.

a) Die lys en groepering van relevante data (*Horisontalization*)
b) Vermindering en eliminasie
c) Die groepering en tematisering van die data
d) Finale identifikasie – stawing (*validation*)
e) Individuele tekstuele beskrywings
f) Individuele gestruktureerde beskrywing
g) Individuele tekstuele-gestruktureerde beskrywing

Die resultate toon dat die relevante literêre komponente wat belangrik is vir die onderrig van kinder- en jeugliteratuur nie noodwendig deel is van onderwysers se inhoudskennis nie. Die resultate het verder aangetoon dat die ingesteldheid ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer nie noodwendig positief is nie en dat daar nie duidelikheid is oor wat ingesluit moet word by 'n professioneleontwikkelingsprogram wat fokus op die integrasie van kinder- en jeugliteratuur nie. Onderwysers is in die meeste gevalle negatief oor professioneleontwikkelingsprogramme en onderwysers se inhoudskennis is nie voldoende nie. Die resultate het dus aangedui dat daar met sorg gewerk moet word aan 'n professioneleontwikkelingsprogram wat fokus op die integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer.

Die professioneleontwikkelingsprogram wat in hierdie studie saamgestel is, is gebaseer op die WOM-model. Die model sluit ondermeer 'n 5 dag werkswinkel in waartydens die teorie aan onderwysers oorgedra word, maar waar onderwysers genoegsame praktiese inoefening ontvang. As deel van die WOM-model is daar vyf hulpmiddels ontwikkel om onderwysers te ondersteun in die integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer. Die WOM-model is verder gebaseer daarop dat daar opvolgbesoeke en 'n mentorskap wat by skole en onderwysers gebring en geïmplementeer sal word. Hierdie opvolgbesoeke en mentorskap sal aan onderwysers ondersteuning gee vir die integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer.

Sleutelwoorde: Professionele ontwikkeling, kinder- en jeugliteratuur, resepsie-estetika, dinamiese sisteem teorie, narratiewe elemente, illustrasies, KABV (kurrikulum en assesserings verklaring)

Abstract

Title: A professional development programme for the development of children's and youth literature for the Afrikaans school curriculum

The European Commission (2007) identified the quality of teaching and teacher education as key factors necessary to ensure the quality of education systems and to improve the educational attainment of young people. A study of the most successful school systems acknowledges the central role of teachers, and maintains that "the quality of an education system cannot exceed the quality of its teachers" and that "the only way to improve outcomes is to improve instruction" (Barber & Mourshed, 2007: 1). As such, maintaining and improving the quality of teaching is vital to the achievement of South African's education goals.

Several decades of research has demonstrably shown the short and long term consequences that good quality early childhood development programmes have on the development of children. High quality programmes depend on the effectiveness of the teacher. In order to be effective, teachers in the Foundation Phase and the Intermediate Phase have to develop specialised content knowledge and skills. The key to the maintenance of teaching effectiveness and the promotion of continuing growth lies in professional teacher training of a high standard.

In the context of this study about professional development, the researcher wished to focus on and examine the usefulness of child and youth literature as part of a comprehensive literacy programme for teachers in both the Foundation and Intermediate Phase.

The Committee on Early Childhood Pedagogy reports that the professional development of teachers in the Foundation and Intermediate Phase is limited, inconsistent and fragmented. This inconsistency is reflected by the great variety of content, approaches, duration and quality of available teacher development programmes.

The problem of inconsistency is exacerbated by the fact that what teachers learn in various programmes is generally not integrated or contextually relevant. Most professional development programmes do not provide follow-up actions to give support to teachers applying newly learnt practices. Inconsistency and disruption fragment professional development, rather than strengthening it.

The purpose of this study was to determine which literary components need to be included in professional development programmes, who presents professional development, what it includes and how the professional development programme is presented. This study also attempted to determine the attitude of teachers towards professional development programmes and child and youth literature, teachers' subject content knowledge of child and youth literature, and finally teachers' skills in the integration of child and youth literature in the classroom. After this information had been gathered, the

purpose was to compile a professional development programme which will focus on the format and support necessary for the maintenance of continuing professional learning for Foundation and Intermediate Phase teachers, with regard to the integration of child and youth literature. This was done within a conceptual framework that focussed on the Whole Teacher Approach.

This study was undertaken from an interpretative paradigm in which the focus was on the individual and/or community and the meanings that they attach to specific experiences. A qualitative research approach was undertaken, through which an attempt was made to gather rich descriptive data about a specific subject within its context, and to analyse and understand this. The study makes use of a phenomenological research design in order to identify the phenomenon and thus to investigate how the people concerned view the phenomenon (i.e., professional development programmes and child and youth literature). A focussed survey was done in the Wonderland District. Subject advisors in the Foundation Phase (Grades 1, 2 & 3) and in the Intermediate Phase (Grades 4, 5 & 6) were consulted in order to find out who the presenters of the professional development programmes are and what these persons' attitudes or readiness for these programmes is. The subject advisors were also asked to clarify what professional development programmes that focus on child and youth literature entail and to explain these programmes in terms of format and duration. The focussed survey was also used to interrogate teachers in both Phases in schools in the Wonderland District, where Afrikaans as mother-tongue is used, concerning their attitude to professional development programmes and child and youth literature, as well as to investigate their content knowledge and skills with regard to its integration.

The following methods of data collection were used in this study, namely: open questionnaires, semi-structured focus group interviews, and document analysis. The data thus gathered was analysed according to themes which were identified within the data itself. According to Moustakas (1994: 120-121), phenomenological data is analysed in a specific manner. The researcher used the following characteristic phenomenological steps of Moustakas to analyse the data:

a) The list and grouping of relevant data (horizontalization)
b) Reduction and elimination
c) Grouping and theme identification from the data
d) Final identification – validation
e) Individual textual descriptions
f) Individual structured descriptions
g) Individual textual – structured descriptions

The results indicate that the relevant literary components that are important for the teaching of child and youth literature are not necessarily part of the teachers' content knowledge. In addition the results showed that attitude with regard to professional development programmes and child and youth literature in the classroom was not necessarily positive and that there was a lack of clarity about what should be included in professional development programmes which focus on the integration of child

and youth literature. In most cases teachers were negative about professional development programmes and their content knowledge was inadequate. The results indicate that an effort needs to be made with the development of a professional development programme which focuses on the integration of child and youth literature in the classroom.

The professional development programme upon which this study was based is the WOM model. This model includes a five-day workshop during which the theory is presented to teachers, but in which they acquire sufficient practical experience. As part of the WOM model five teaching aids are developed which assist teachers in the integration of child and youth literature in the classroom. In addition, the WOM model makes use of follow-up visits and mentorship brought to teachers and implemented in schools, which will provide support to teachers in the integration of child and youth literature in the classroom.

Key words: Professional development, child and youth literature, reception aesthetics, dynamic system theory, narrative elements, illustrations, CAPS (curriculum and assessment standards)

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING 1

1.1 Motivering en probleemstelling 1
1.2 Literatuuroorsig 4
1.2.1 Ingesteldhede ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur 7
1.2.2 Inhoudskennis ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur 9
1.2.3 Vaardighede vir die integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer 11
1.2.4 Domeinspesifieke ontwikkeling 12
1.2.5 Professioneleontwikkelingsprogramme 13
1.3 Doel van die studie 15
1.4 Sentrale teoretiese stelling 16
1.5 Navorsingsmetodologie 16
1.5.1 Literatuurstudie 16
1.5.2 Empiriese ondersoek 16
1.5.2.3 Navorsingsontwerp 17
1.5.2.4 Deelnemers en steekproef 18
1.5.2.5 Data-insamelingsmetode 19
1.5.2.6 Data-insamelingsprosedure 20
1.5.2.7 Data-analise 21
1.6 Die rol van die navorser 23
1.7 Betroubaarheid en geldigheid 23
1.7.1 Geloofwaardigheid (*credibility*) 23
1.7.2 Oordraagbaarheid (*transferability*) 24
1.7.3 Betroubaarheid/afhanklikheid (*dependability, authenticity*) 24
1.7.4 Bevestiging (*confirmability*) 24
1.8 Etiese aspekte 25
1.9 Hoofstukindeling 25

HOOFSTUK 2: PROFESSIONELEONTWIKKELINGSPROGRAMME 27

2.1 Inleiding 27
2.2 Definisies van professionele ontwikkeling en professioneleontwikkelingsprogramme 28
2.3 Konseptuele raamwerk (wie, wat en hoe?) 30
2.3.1 Die wie van professionele ontwikkeling 30
2.3.2 Die wat van professionele ontwikkeling 36
2.3.3 Die hoe van professioneleontwikkelingsprogramme 40
2.3.3.1 Sisteme in professioneleontwikkelingsprogramme 41
2.3.3.2 Modelle vir professioneleontwikkelingsprogramme 42
2.3.3.2.1 Groep een: Organisasiemodelle 43
2.3.3.2.1.1 Professioneleontwikkelingskole 43
2.3.3.2.1.2 Universiteit-en-skool-vennootskappe 45
2.3.3.2.1.3 Skool- en onderwysersnetwerke 47

2.3.3.2.2 Groep twee: Klein groepe of individuele modelle 48
2.3.3.2.2.1 Tradisionele en kliniese beheermodel 48
2.3.3.2.2.2 Werkswinkels, seminare en kursusse 49
2.3.3.2.2.3 Selfgereguleerde professionele ontwikkeling 50
2.3.3.2.2.4 Kollegiale ontwikkeling 51
2.3.3.2.2.5 Observasie van goeie praktyke 52
2.3.3.2.2.6 Reflektiewe model 52
2.3.3.2.2.7 Die gebruik van onderwysers se narratiewe beskrywings 54
2.3.3.2.2.8 Afrigting- of mentorskapmodel 55
2.4 Professionele ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse konteks 55
2.5 Faktore wat suksesvolle beplanning van professioneleontwikkelingsprogramme beïnvloed 57
2.5.1 Die ingesteldheid van onderwysers 57
2.5.2 Tyd 59
2.5.3 Finansiële ondersteuning 60
2.5.4 Die gebruik van tegnologie 60
2.6 Die uitwerking van professionele ontwikkeling op onderwysers en leerders 61
2.7 Uitdagings ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme 62
2.7.1 Behoeftes van onderwysers 62
2.7.2 Onvoldoende voorbereiding 63
2.7.3 Teoriegeoriënteerde programme 63
2.7.4 Plek waar professioneleontwikkelingsprogramme aangebied word 63
2.7.5 Professioneleontwikkelingsprogramme – gebrekkige bruikbare inligting 64
2.7.6 Professioneleontwikkelingsprogramme is kort en gefragmenteer met te min ondersteuning 64
2.8 Samevatting 65

HOOFSTUK 3: TEORIEË VAN BELANG VIR KINDER- EN JEUGLITERATUUR 67
3.1 Inleiding 67
3.2 Resepsie-estetika 67
3.2.1 Hans Robert Jauss 67
3.2.2 Wolfgang Iser 70
3.3 Die kognitiewe paradigma 74
3.4 Dinamiese sisteemteorie (DST) 82
3.4.1 Die implementering van DST in die studie van literatuur 84
3.4.2 Die reaksie van die omgewing op die skrywer 87
3.4.3 Die reaksie van die skrywer op die teks 87
3.4.4 Die reaksie van die teks op die skrywer 87
3.4.5 Die reaksie van die omgewing op die teks 87
3.4.6 Die invloed van die teks op die leser 88
3.4.7 Die invloed van die leser op die teks 88
3.4.8 Die reaksie van die omgewing op die leser 88

3.4.9 Die reaksie van die skrywer op die leser 88
3.4.10 Die reaksie van die leser op die skrywer 89
3.5 Implikasie van relevante teorieë vir die ontwikkeling van 'n professionele-ontwikkelingsprogram 89
3.6 Gevolgtrekking 92

HOOFSTUK 4: SELEKSIE EN EVALUERING VAN KINDER- EN JEUGLITERATUUR 94
4.1 Inleiding 94
4.2 Die waarde van kinder- en jeugliteratuur 94
4.3 Die implikasie van ontwikkelingspsigologie vir die keuse van boeke 96
4.3.1 Liggaamlike ontwikkeling 96
4.3.2 Taalontwikkeling 96
4.3.3 Kognitiewe ontwikkeling 98
4.3.3.1 Vermoë om waar te neem 99
4.3.3.2 Vermoë om te kan vergelyk 99
4.3.3.3 Vermoë om te kan klassifiseer 100
4.3.3.4 Vermoë om hipoteses te formuleer 101
4.3.3.5 Vermoë om te organiseer 101
4.3.3.6 Vermoë om opsommings te kan maak 101
4.3.3.7 Vermoë om probleme op te los 102
4.3.3.8 Die vermoë om kritiese denke te ontwikkel 102
4.3.4 Persoonlikheidsontwikkeling 104
4.3.5 Sosiale ontwikkeling 107
4.3.5.1 Sosialisering 107
4.3.5.2 Morele ontwikkeling 107
4.3.5.2.1 Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling 108
4.3.5.2.1.1 Fase een: Voorkonvensionele moraliteit 108
4.3.5.2.1.2 Fase twee: Konvensionele moraliteit 109
4.3.5.2.1.3 Fase drie: Na-konvensionele moraliteit 109
4.3.6 Toegang tot boeke 112
4.3.7 Moeilikheidsgraad en leesbaarheid 113
4.4 Die evaluering van boeke 114
4.4.1 Riglyne vir evaluering 114
4.5 Verhaal/narratiewe elemente 116
4.5.1 Verhaal/gebeure 116
4.5.2 Karakterisering 117
4.5.3 Ruimte 118
4.5.4 Tyd 119
4.5.5 Verteller 121
4.5.6 Fokalisator 122
4.5.7 Die wyse waarop die narratiewe elemente onderrig kan word 124
4.6 Illustrasies 125

4.6.1 Evaluering van illustrasies in boeke 126
4.6.2 Visuele elemente 127
4.6.2.1 Lyn 127
4.6.2.2 Kleur 127
4.6.2.3 Vorm 129
4.6.2.4 Tekstuur 129
4.6.2.5 Ruimte 129
4.6.2.6 Komposisie 130
4.6.2.7 Perspektief 130
4.6.2.8 Medium 131
4.6.2.9 Styl 131
4.7 Samevatting 134

HOOFSTUK 5: KINDER- EN JEUGLITERATUUR AS GENRE 136
5.1 Inleiding 136
5.2 Prenteboeke 137
5.2.1 Prenteboeke gedefinieer 137
5.2.2 Die waarde van prenteboeke vir onderwysers, ouers en leerders 138
5.2.3 Soort prenteboeke 139
5.2.4 Prenteboeke vir adolessente 143
5.2.5 Gebruik tydens onderrig 144
5.3 Tradisionele literatuur 145
5.3.1 Soorte tradisionele literatuur 146
5.3.1.1 Volksverhale/Sprokies 146
5.3.1.2 Fabels 151
5.3.1.3 Mites 152
5.3.1.4 Legendes 152
5.3.2 Waarde van tradisionele literatuur 153
5.3.3 Kontroversiële onderwerpe wat in tradisionele literatuur voorkom 154
5.3.4 Tradisionele verhale vir adolessente 156
5.3.5 Gebruik tydens klaskameronderrig 156
5.4 Fantasieverhale 157
5.4.1 Evaluering van fantasieverhale 161
5.4.2 Kategorieë van fantasieverhale 161
5.4.2.1 Fantasieverhale oor diere 161
5.4.2.2 Fantasieverhale oor speelgoed 162
5.4.2.3 Fantasieverhale oor towerkuns 162
5.4.2.4 Betowerende reise na alternatiewe wêrelde 162
5.4.2.5 Heldhaftige of soekende fantasieverhale 163
5.4.2.6 Bonatuurlike en misterieuse fantasieverhale 164
5.4.2.7 Wetenskapsfiksie 164
5.4.3 Fantasieverhale vir adolessente 165

5.4.4 Gebruik tydens onderrig 165
5.5 Realiteitsverhale 166
5.5.1 Die nut van realiteitsverhale 166
5.5.2 Onderwerpe in realiteitsverhale 167
5.5.2.1 Familieverhale 167
5.5.2.2 Verhale wat sosiale kommentaar lewer 168
5.5.2.3 Avontuurverhale 169
5.5.2.4 Diereverhale 170
5.5.2.5 Sportverhale 171
5.5.3 Gebruik tydens onderrig 171
5.6 Geskiedkundige fiksie 173
5.6.1 Gebruik tydens onderrig 174
5.7 Niefiksie: Informatiewe literatuur 175
5.8 Niefiksie: Biografieë en outobiografieë 176
5.8.1 Evaluering 176
5.8.2 Gebruik tydens onderrig 178
5.9 Poësie 179
5.9.1 Waarde van poësie 179
5.9.2 Eienskappe van goeie kinderpoësie 180
5.9.3 Elemente van poësie 181
5.9.3.1 Beeldspraak 181
5.9.3.2 Klankpatrone 182
5.9.4 Soorte poësie 184
5.9.4.1 Narratiewe poësie 184
5.9.4.2 Liriese poësie 185
5.9.4.4 Limerieke 186
5.9.4.5 Konkrete poësie 186
5.9.4.6 *Haikoe* 187
5.9.4.7 Nonsinverse of humoristiese poësie 187
5.9.4.8 Vrye verse 188
5.9.5 Poësie vir adolessente 188
5.9.6 Gebruik tydens onderrig 189
5.10 Drama 190
5.10.1 Elemente van drama 190
5.10.2 Dramas vir adolessente 191
5.10.3 Gebruik tydens onderrig 191
5.11 Samevatting van genres en subgenres 192
5.12 Samevatting 199

HOOFSTUK 6: NAVORSINGSMETODOLOGIE 200
6.1 Inleiding 200
6.2 Literatuurstudie 200

6.3 Navorsingsparadigma 201
6.4 Navorsingsbenadering 202
6.5 Navorsingsontwerp 203
6.6 Deelnemers en steekproef 205
6.7 Metodes van data-insameling 205
6.7.1 Metodes waarvolgens die data ingesamel is 207
6.7.1.1 Oop vraelyste 207
6.7.1.2 Die titelherkenningstoets 208
6.7.1.3 Semigestruktureerde fokusgroeponderhoude 208
6.7.1.4 Dokument-analise 210
6.8 Data-analise 211
6.8.1 Rekenaarondersteunde kwalitatiewe data-analise 213
6.8.2 Inhoudsanalise 214
6.8.3 Stap 1: Die lys en groepering van relevante data (*horisontalization*) 215
6.8.4 Stap 2 en 3: Vermindering, eliminasie, die groepering en tematisering van die data 216
6.8.5: Stap 4: Finale identifisering – stawing (*validation*) 218
6.9 Die rol van die navorser 219
6.9.1 *Lebenswelt*/intensionaliteit van die deelnemers 220
6.9.2 *Bracketing*/afsondering van die navorser se vooropgestelde idees en kennis 220
6.10 Strategieë wat gevolg is om betroubaarheid en geldigheid te verseker 221
6.10.1 Geloofwaardigheid (*credibility*) 221
6.10.2 Oordraagbaarheid (*transferability*) 224
6.10.3 Betroubaarheid, outentisiteit en koherensie (*dependability, authenticity*) 224
6.10.4 Bevestiging/afhanklikheid (*confirmability*) 225
6.11 Etiese aspekte 225
6.12 Samevatting 226

HOOFSTUK 7: VERSLAG OOR KWALITATIEWE NAVORSING 227
7.1 Inleiding 227
7.2 Biografiese inligting van deelnemers en skole 228
7.2.2.1 Skool 1 230
7.2.2.2 Skool 2 231
7.2.2.3 Skool 3 231
7.2.2.4 Skool 4 231
7.2.2.5 Skool 5 232
7.2.3 Die opleiding van onderwysers ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur 232
7.3 Literêre komponente relevant vir KJL – Die diep donker woud 233
7.3.1 Literatuuroorsig 234
7.3.1.1 Relevante teorieë 234
7.3.1.2 Kinder- en jeugliteratuur: evaluering en keuse 235
7.3.1.3 Genres 235
7.3.2 KABV as leidinggewende dokument 235

7.3.2.1 Grondslagfase 237
7.3.2.2 Intermediêre fase 241
7.3.2.4 Die interpretasie van die KABV deur vakadviseurs 247
7.3.2.5 Die interpretasie van die KABV deur onderwysers 248
7.3.3 Literêre komponente: vakadviseurs se siening 249
7.3.4 Literêre komponente: onderwysers se siening 250
7.4 Ingesteldhede van aanbieders – Hoe voel die goeie feë? 251
7.5 Inhoud – Rooikappie se mandjie 253
7.6 Formaat en tyd – As die horlosie 12-uur slaan 255
7.7 Die ingesteldheid van onderwysers – Die lelike eendjie 255
7.8 Opleiding – Repelsteeltjie spin goue drade uit strooi 257
7.8.1 Kennis van relevante teorieë 257
7.8.2 Kennis oor die seleksie en evaluering van kinder- en jeugliteratuur 259
7.8.3 Kennis oor die genres van kinder- en jeugliteratuur 262
7.9 Vaardighede – Gee vir die prinses goud en leer haar 267
7.10 Die essensie van die fenomeen – Die padda kan ’n prins word 269
7.10.1 Samewerking, isolasie en konflik (wie?) – Wie is die paddaprins? 269
7.10.2 ’n Leemte in opleiding en kennis (wat?) – Wat moet die paddaprins doen? 270
7.10.3 Akademiese uitdaging (hoe?) – Hoe word die padda ’n prins? 271
7.11 Samevatting 272

HOOFSTUK 8: DIE ONTWIKKELING VAN ’N PROFESSIONELEONTWIKKELINGS-PROGRAM VIR DIE INTEGRASIE VAN KINDER- EN JEUGLITERATUUR BY AFRIKAANSONDERRIG 274

8.1 Inleiding 274
8.2 Konseptuele raamwerk vir die ontwikkeling van ’n professioneleontwikkelingsprogram 274
8.3 Die KABV as riglyn 276
8.3.1 Die KABV vir die grondslagfase 277
8.3.2 KABV vir die intermediêre fase 286
8.4 Organisatoriese strukture 294
8.4.1 Die Departement van Basiese Onderwys 294
8.4.2 Die skole 295
8.4.3 Hoëronderwysinstansies 296
8.4.4 Openbare strukture 296
8.5 Toegang en reikwydte 297
8.5.1 Koste 297
8.5.2 Tyd 298
8.5.3 Plek 298
8.6 Evaluering 299
8.7 Hulpbronne 300
8.7.1 Hulpbronne vir die aanbieding van program 300
8.7.2 Hulpbronne vir die deelnemers 300
8.8 Aanbieding en bywoning van die program 301

8.9 Inhoud van die professioneleontwikkelingsprogram 302
8.9.1 Relevante teorieë – Hoofstuk 3 302
8.9.2 Keuse en evaluering van kinder- en jeugliteratuur – Hoofstuk 4 303
8.9.2.1 Resensiemodel 304
8.9.3 Kinder- en jeugliteratuur as genre (Hoofstuk 5) 305
8.9.4 Inhoudelike hulpmiddels ontwikkel vir die professioneleontwikkelingsprogram 306
8.9.4.1 Hulpmiddels vir kinder- en jeugliteratuur – letterkunde 306
8.9.4.1.1 Werking en uitleg van die hulpmiddels vir kinder- en jeugliteratuur – letterkunde 306
8.9.4.2 Hulpmiddel vir poësie 311
8.9.4.2.1 Werking en uitleg van die hulpmiddel vir poësie 311
8.9.4.3 Hulpmiddel vir leeslyste, lesbeplanner en genres 315
8.9.5 Gebruik van inhouds- en pedagogiese kennis ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur vir graad 1 en graad 3 as voorbeelde 319
8.9.6 Gebruik van inhouds- en pedagogiese kennis ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur graad 4 en graad 6 339
8.10 Aanbieding van die professioneleontwikkelingsprogram 354
8.10.1 Totstandkoming van ’n vertrouensverhouding 354
8.10.2 Stel vas wat spesifieke onderwysers benodig 355
8.10.3 WOM-model 355
8.10.3.1 Werskswinkel (W) 355
8.10.3.1.1 Groepe 355
8.10.3.1.2 Programuitleg 356
8.10.3.2 Opvolgbesoeke (O) 359
8.11 Samevatting 360

HOOFSTUK 9: GEVOLGTREKKING, BYDRAE EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING 358
9.1 Inleiding 358
9.2 Samevatting 358
9.2.1 Die doel van hierdie studie 358
9.2.2 Literatuuroorsig 359
9.2.3 Empiriese studie 361
9.4 Leemtes in die navorsing 366
9.5 Aanbevelings 367
9.6 Ten slotte 367

BRONNELYS 369

Lys van tabelle

Tabel 2.1: Opsomming van professioneleontwikkelingsprogram-modelle 42
Tabel 2.2: Kritiese komponente wat by die beplanning van professioneleontwikkelings-programme ingesluit moet word 58
Tabel 4.1: Taalontwikkelingsfase en boeke wat aanbeveel kan word 97
Tabel 4.2: Kognitiewe ontwikkeling en boeke wat aanbeveel kan word 102
Tabel 4.3: Persoonlikheidsontwikkeling en boeke wat aanbeveel kan word 105
Tabel 4.4: Sosiale en morele ontwikkeling 110
Tabel 4.5: Moontlike vra wat gevra kan word wanneer KJL geëvalueer word 115
Tabel 4.6: Evaluering van illustrasies 126
Tabel 4.7: Kleur en die emosies wat dit ontlok 128
Tabel 4.8: Kleur en die betekenis daarvan in verskillende kulture 128
Tabel 5.1: Die verskil tussen tradisionele literatuur en fantasieverhale 159
Tabel 5.2: Voorbeelde van digbundels 190
Tabel 5.3: Indeling en eienskappe van 193
Tabel 6.1: Deelnemers 205
Tabel 6.2: Temas geïdentifiseer in stap 1 215
Tabel 6.3: Kategorieë soos geïdentifiseer tydens stappe 2 en 3 217
Tabel 6.4: Kategorieë soos geïdentifiseer in stap 4 om die navorsingsvrae te beantwoord 218
Tabel 7.1: Voorgestelde indeling van die komponente in die KABV in die grondslagfase 237
Tabel 7.2: Skakeling van literêre komponente in die KABV met die proefskrif 238
Tabel 7.3: Aanbeveling ten opsigte van leestyd in die intermediêre fase 241
Tabel 7.4: Verdeling van tekste soos in die KABV 242
Tabel 7.5: Uittreksel uit KABV vir graad 4 – gebruik van verskillende genres 244
Tabel 7.6: Uittreksel uit die KABV vir graad 5 – gebruik van storie/gedigte 245
Tabel 7.7: Uittreksel uit die KABV vir graad 6 – prosa/kortverhaal 246
Tabel 8.1: Oorsig oor taalvaardighede vir die onderrig in Afrikaans Huistaal graad 1 tot 3 281
Tabel 8.2: Gebruik van tekste soos voorgestel in die KABV, graad 4–6, Afrikaans Huistaal 286
Tabel 8.3: Oorsig oor taalvaardighede tydens onderrig in Afrikaans Huistaal graad 4 tot 6 289
Tabel 8.4: Voorbeeld van ’n begroting vir ’n professioneleontwikkelingsprogram 297
Tabel 8.5: Hulpbronne wat benodig word vir die aanbieding van professioneleontwikkelings-programme 300
Tabel 8.6: Boeke wat as hulpbron aan onderwysers verskaf word 301
Tabel 8.7: Resensie van *Liewe land, ’n olifant*! 305
Tabel 8.8: Resensie van Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se testament 305
Tabel 8.9: Voorbeeld van ’n professioneleontwikkelingsprogram wat op kinder- en jeugliteratuur fokus 353

Lys van figure

Figuur 1.1: Konseptuele raamwerk 5
Figuur 2.1: 'n Konseptuele raamwerk vir professionele ontwikkeling 30
Figuur 2.2: 'n Konseptuele raamwerk van kenniskomponente 39
Figuur 3.1: Kleiner strukture wat leser in verhaal skep 75
Figuur 3.2: Sisteem van interaksie tussen skrywer, teks, leser en die omgewing 86
Figuur 3.3: Holistiese integrasie van relevante teorieë 92
Figuur 4.1: Voorbeeld van hoe *Gouelokkies en die drie beertjies* gebruik kan word om klassifikasie in te oefen 100
Figuur 4.2: Voorbeeld van hoe illustrasies die begrip van volgorde van gebeure kan voorstel 101
Figuur 4.3: Voorbeeld van 'n webdiagram van *Rooikappie* 125
Figuur 4.4: Voorbeelde van illustrasies deur Piet Grobler en Cora Coetzee in kinder- en jeugboeke 133
Figuur 4.5: Voorbeelde van illustrasies deur Alida Bothma en Maja Sereda in kinder- en jeugboeke 133
Figuur 4.6: Elemente van visuele geletterdheid 134
Figuur 5.1: Indeling van kinder- en jeugliteratuur genres volgens fiksie en niefiksie 137
Figuur 5.2: Voorbeeld uit 'n alfabetboek 140
Figuur 5.3: Illustrasies uit die boek *Wie, wat en waar?* 142
Figuur 5.4: Voorblad van Brul! Hier kom Leeu! 143
Figuur 5.5: Illustrasie van Noag se ark 145
Figuur 5.6: 'n Wondersprokie: Doringrosie 147
Figuur 5.7: 'n Afrikawondersprokie: Die betowerde pappot 148
Figuur 5.8: Hoe seekoei sy stert verloor het 149
Figuur 5.10: Die drenkeling 153
Figuur 5.11: Moemin as fantasieverhaal oor diere 162
Figuur 5.12: Voorbeelde van alternatiewe wêrelde in fantasieverhale 163
Figuur 5.13: Afrikaanse vertalings van die verhale van Narnia deur C.S. Lewis 164
Figuur 5.14: Voorbeeld van realiteitsverhale wat sosiale kommentaar lewer 169
Figuur 5.15: Voorbeelde van realiteitsverhale oor diere 171
Figuur 5.16: Breinkaart van eilandoorlewing in 'n realiteitsverhaal 173
Figuur 5.17: Gedig "Klikbek" 184
Figuur 5.18: Die struktuur van 'n drama 191
Figuur 7.1: Grafiese voorstelling van die Wonderland-distrik en die skole in die distrik 229
Figuur 7.2: Onderwysers se jare ondervinding in die onderrig van Afrikaans 230
Figuur 7.3: Grade wat deur die onderwysers onderrig is 230
Figuur 7.4: Kwalifikasies van onderwysers 232
Figuur 7.5: Gemiddeld vir titelherkenningstoets 263
Figuur 7.6: Titelherkenningstoets – Outeur Alba Bouwer 264
Figuur 7.7: Titelherkenningstoets – Outeur Verna Vels 264

Figuur 7.8: Titelherkenningstoets – Outeur Jaco Jacobs 265
Figuur 7.9: Titelherkenningstoets – Illustreerder Piet Grobler 266
Figuur 8.1: Konseptuele raamwerk vir die ontwikkeling van 'n professioneleontwikkelings-program 275
Figuur 8.2: Hulpmiddels vir kinder- en jeugliteratuur – letterkunde 309
Figuur 8.3: Hulpmiddels vir kinder- en jeugliteratuur – letterkunde 310
Figuur 8.4: Hulpmiddel vir poësie – Kant A 312
Figuur 8.5: Hulpmiddel vir poësie 313
Figuur 8.6: Hulpmiddel vir leeslyste, lesbeplanner en genres 316
Figuur 8.7: Teks soos gebruik vir les 1..... 322
Figuur 8.8: Oproep van voorkennis.....323
Figuur 8.9: Skryfkaart vir die letter k 323
Figuur 8.10: Kaarte waar leerders die k moet herken..... 324
Figuur 8.11: Werkkaart vir die letter k 325
Figuur 8.12: Welkom, Willemien! 330
Figuur 8.14: Mielies het nie maniere nie 340
Figuur 8.15: Werkkaart graad 4: Mielies het nie maniere nie 341
Figuur 8.16: 'n Vaatjie vol goud 345
Figuur 8.17: Werkkaart graad 6 348

Bylae

Alle bylae is ingesluit in die meegaande datastokkie

Bylaag A – Departementele informasie

- Departementeel KABV
- Departementele boeke
- Departementele katalogus

Bylaag B – Elektroniese hulpmiddels

- Boekie – Tekskeuses en ander hulpmiddels
- Wiele
  - Afrikaans
  - Engels
- Instruksies

Bylaag C – Empiriese navorsings

- Gekodeerde data
- Getranskribeerde onderhoude
- Navorser dagboek
- Tematiese analise
- Uitslae van titelherkenningstoets
- Voorbeeld van bandopnames
- Voorbeeld van titelherkenningstoets en semigestruktureerde vrae

Bylaag D – Etiese klaring vir die studie

- Noordwes Universiteit Etiese klaring
- Toestemmingsbrief van Departement
- Toestemmingsbrief van promotor

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 Motivering en probleemstelling

Die European Commission (EC) (2007) het die gehalte van onderrig en onderwyser-opleiding as sleutelfaktore geïdentifiseer in 'n poging om die gehalte van onderwysstelsels te verseker en die opleiding wat onderwysstudente ontvang, te verbeter. 'n Studie van die algemene eienskappe van die mees geslaagde skoolstelsels erken onderwysers se sentrale rol, en beweer "the quality of an education system cannot exceed the quality of its teachers" en dat "the only way to improve outcomes is to improve instruction" (Barber & Mourshed, 2007:1). As sodanig is die handhawing van die verbetering van die gehalte van onderrig onmisbaar vir die bereiking van Suid-Afrika se onderwysdoelwitte (SA, 2010a).

Etlike dekades se navorsing het duidelik die kort- en langtermyn- positiewe uitwerking wat vroeë kinderontwikkelingsprogramme van hoë gehalte op die ontwikkeling van leerders aangetoon. Programme van hoë gehalte is afhanklik van onderwyserdoeltreffendheid (Hamre & Pianta, 2005; Loeb *et al*., 2004). Om doeltreffend te wees, moet onderwysers in die grondslag- en intermediêre fase gespesialiseerde inhoudskennis en vaardighede ontwikkel. Die sleutel om onderrigdoeltreffendheid te handhaaf en voortgesette groei te bevorder, is professionele onderwysersopleiding van hoë gehalte (Borko, 2004; Darling-Hammond & Bransford, 2005).

Onderwysers in die Grondslag- en Intermediêre fase ondervind toenemend druk om beter resultate te moet lewer (SA, 2010a) en om leerders voor te berei vir 'n voortdurend veranderende en tegnologies gevorderde wêreld (Cope & Kalantzis, 2000). Hierdie soort druk kan onderwysers laat wonder wáár en óf kinder- en jeugliteratuur (KJL)[1] in 'n grondslagfase- en intermediêrefase-program inpas. 'n Voortslepende debat oor wat beskou word as toepaslike en doeltreffende leesonderrig vir leerders het met tye aan kinder- en jeugliteratuuronderrig voorkeur gegee bo vaardigheidgebaseerde onderrig, en omgekeerd. Terwyl die meeste onderwysers sou saamstem dat 'n grondslagfase- en intermediêre-fase-program wat op 'n kombinasie van heeltaalonderrig, vaardigheidgebaseerde onderrig en KJL van hoë gehalte fokus, die beste is vir die ontwikkeling van geletterdheid, gee die oorweldigende gebruik van kommersieel vervaardigde leesprogramme in die laerskool te kenne dat KJL, bo en behalwe beknopte weergawes van antologieë, nie noodwendig hoog aangeskryf word nie (Kersten *et al*., 2007).

Teen die agtergrond van hierdie studie, naamlik professionele ontwikkeling, wil die navorser die nut daarvan om KJL as deel van 'n omvattende professioneleontwikkelingsprogram in te sluit, bespreek om sodoende die

[1] Die term "kinder- en jeugliteratuur" word in die studie gebruik en verwys na letterkunde, literatuur, gedigte en enige ander vorm van stories wat vir leerders en die jeug gepas is.

belangrikheid daarvan by professioneleontwikkelingsprogramme[2] vir onderwysers in die grondslag- en intermediêre fases uit te lig.

Volgens die *National Council for Educators of English* (1998-2012) moet opleidingsprogramme die onderstaande belangrike komponente bevat:

- 'n Kritiese studie van 'n wye verskeidenheid boeke vir leerders en adolessente, met inbegrip van boeke uit diverse kulture, genres en historiese tydperke.
- 'n Wye uitgangspunt van die gepaste en effektiewe gebruik van literatuur in die klaskamer (bv. estetiese waarde, lesersreaksies) en begrip ten opsigte van aspekte wat met die kurrikulum geassosieer kan word (bv. beskikbaarheid van materiaal, geskikte keuses wat gemaak word en die verhouding tot media aanbieding).

Vir dekades het navorsing getoon dat kinderboeke nie net groot plesier aan lesers verskaf nie, maar dat dit ook 'n beduidende rol speel by leerders se kognitiewe, sosiale en geletterheidsukses (Griffith, 2001; Pressley *et al*., 1997;). Die onderwysers wat tyd inruim vir gereelde stillees en boeke en outeurs met hul leerders deel, verskaf 'n positiewe inslag sodat die leerders buite die skool verder lees (Anderson *et al*., 1988). In 'n longitudinale studie oor tien jaar deur Cunningham en Stanovich (1997) is bevind dat individuele verskille in leesgewoontes (gemeet aan kennis van outeurs en titels) verskille in die groei van leesbegripvermoë vanaf die grondslagfase tot aan die einde van hoërskool voorspel. Cunningham *et al*. (2004:142) stel dit soos volg:

> *If teachers are to create and maintain a literate environment for their learners that encourages reading engagement and motivation to read, knowledge of children's literature is essential.*

Diepsinnige nadenke en persoonlike ondervinding van kinder- en jeugliteratuur (KJL) en boeke wat onderwysers met leerders kan deel, moet in die besonder deel wees van professioneleontwikkelingsprogramme voordat boeke aan leerders bekendgestel kan word (Chambers, 1985). Day (1991:187) stel dit soos volg: "When the teacher's experiences with literature are limited, what she communicates to children will also be limited." Die leiding van onderwysers na meer deurdagte en analitiese resepsie van KJL staan sentraal in die opbou van ondervinding en 'n repertorium van boeke wat onderwysers nodig sal hê om wye en verrykende literêre ervarings met leerders te deel (Pavonetti, 1997). Omdat KJL so belangrik is vir leerders, behoort dit belangrik te wees vir die mense wat hulle onderrig, naamlik hulle onderwysers. Volgens Hoewisch (2000: 2) is dit "unfortunate that something that can play such a critical role in children's lives is often relegated to a less than critical role in teacher education".

Die Committee on Early Childhood Pedagogy rapporteer dat professionele ontwikkeling vir onderwysers in die grondslag- en intermediêre fase in hoofsaak beperk, inkonsekwent en gefragmenteerd is (Bowman *et al*., 2001).

[2] Professioneleontwikkelingsprogram(me) word as een woord in dié proefskrif geskryf na aanleiding van reël 12.6, oor die skryf van lang samestellings (SAAWK, 2009:79).

Hierdie inkonsekwentheid word weerspieël deur die groot verskeidenheid inhoud, benaderings, duur en gehalte van die beskikbare ontwikkelingsprogramme vir onderwysers. Wat die probleem rakende inkonsekwentheid vererger, is dat dít wat onderwysers in verskillende programme leer, gewoonlik nie geïntegreerd of verbandhoudend is nie. Die meeste professioneleontwikkelingsprogramme voorsien nie opvolggeleenthede om onderwysers se toepassing van nuwe praktyke te ondersteun nie. Inkonsekwentheid en onderbreking fragmenteer professionele ontwikkeling eerder as wat dit hierdie ontwikkeling versterk.

Professioneleontwikkelingsprogramme vir onderwysers word dikwels in die vorm van werkwinkels, seminare, konferensies of kursusse aangebied (Ball & Cohen, 1999; Collinson & Ono, 2001; Feiman-Nemser, 2001; Fullan & Hargreaves, 1996; Schwille & Dembélé, 2007; Villegas-Reimers, 2003; Vonk, 1995). Hierdie pogings is al deur talle navorsers gekritiseer as kort, gefragmenteerde, onsamehangende episodes wat gedekontekstualiseer en van werklike klaskamersituasies geïsoleer is (Ball & Cohen, 1999; Collinson & Ono, 2001; Feiman-Nemser, 2001; Fullan & Hargreaves, 1996; OECD, 2005; Villegas-Reimers, 2003; Vonk, 1995). Die tradisionele episodiese en gefragmenteerde benadering van tradisionele professionele ontwikkeling bied nie die nodige tyd vir leer wat as “rigorous” en “cumulative” bestempel kan word nie (Knapp, 2003). Weens die ontwerp daarvan kan eenmalige werkswinkels nie voortgesette leerervaring en ondersteuning bied wat noodsaaklik is vir onderwyserverandering nie.

Ondanks die gebrek aan samehang word die ontwerp van professioneleontwikkelingsprogramme dikwels voortgesit sonder ’n konseptuele raamwerk waardeur die ontwikkeling van onderwysers gekenmerk word, en wat dus ’n basis verskaf vir die stel van doelwitte, die selektering van onderrigstrategieë en die evaluering van uitkomste. Alhoewel daar riglyne bestaan vir professioneleontwikkelingsprogramme ten opsigte van die vroeë kinderjare, met inbegrip van ’n standpunt wat deur die National Association for the Education of Young Children (NAEYC) (1993) uitgereik is, is die riglyne geneig om kenmerke van programaanbieding aan te beveel, soos volgehoue aktiwiteite en kollektiewe deelname (Bowman *et al*., 2001; Epstein, 1993; NAEYC, 1993). As sodanig help die riglyne om gehaltestandaarde neer te lê. Dit spesifiseer egter nie dimensies van onderwyser-verandering nie, en dit beskryf ook nie hoe onderwysers kundigheid met betrekking tot spesifieke domeine moet ontwikkel nie.

Ontwikkeling van die heel leerder (*whole child*) is ’n wyd aanvaarde beginsel op die terrein van vroeë onderwys (Copple & Bredekamp, 2005) en beklemtoon die bevordering daarvan op alle terreine van kinderontwikkeling (dit wil sê kognitief, taalgewys, persoonlik en sosiaal). Die fokus op die interverwantskap tussen hierdie ontwikkelingsterreine word ook beklemtoon. Die ontwikkelingsterreine spesifiseer verder leerdoelwitte vir jong leerders, met inbegrip van emosies, kennis, vaardighede en predisposisies (Katz, 2000). Die begrip “die heel leerder” is vanaf kontemporêre kinderontwikkelingsteorieë en -navorsing afgelei. Vir onderwysers van leerders is die doel van onderrig die ontwikkeling van die heel leerder (Bredekamp & Copple, 1997).


Gelyksoortig aan die praktyk van die ontwikkeling van die heel leerder, fokus hierdie studie op die heelonderwyserbenadering (*whole teacher*) tot professionele ontwikkeling, soos voorgestel deur Chen en McCray (2012). Aangesien dit spesifiek ontwerp is vir onderwysers van leerders in hul vroeë kinderjare, beklemtoon dié benadering die bevordering van alle aspekte van 'n onderwyser se ontwikkeling, met inbegrip van ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL in die klaskamer (Chen & McCray, 2012).

Die doel van hierdie studie was dus om te bepaal watter literêre komponente[3] in professioneleontwikkelingsprogramme ingesluit behoort te word, wie professionele ontwikkeling aanbied, wat dit insluit en hoe die professioneleontwikkelingsprogramme tans aangebied word. Daar is verder gepoog om te bepaal wat onderwysers se ingesteldheid is ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur, onderwysers se inhoudskennis ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur, en laastens, onderwysers se vaardighede ten opsigte van die integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer. Nadat hierdie inligting ingesamel is, is die doel om 'n professioneleontwikkelingsprogram saam te stel wat sou fokus op die formaat en ondersteuning wat nodig is om voortgesette professionele leer onder grondslag- en intermediêre fase onderwysers ten opsigte van die integrasie van kinder- en jeugliteratuur te handhaaf – dit sou binne 'n konseptuele raamwerk gedoen word wat op die heelonderwyserbenadering fokus.

1.2 Literatuuroorsig

Die konseptuele en teoretiese raamwerk kan soos volg skematies uiteengesit word (sien Figuur 1.1):

[3]Literêre komponente sluit die volgende komponente in: teorieë relevant tot KJL (Hoofstuk 3), die evaluering en keuse van KJL (Hoofstuk 4) en KJL as genre (Hoofstuk 5).



Figuur 1.1: Konseptuele raamwerk [4]

Die gehalte van onderrig deur onderwysers het 'n onderwerp van toenemende belang geword in die bespreking van die Suid-Afrikaanse Onderwys (RSA, 2010). Talle navorsingstudies wys daarop dat die sleutel tot die verbetering van onderwysers se bevoegdheid met betrekking tot onderrig hulle voortgesette ontwikkeling en leer deur doeltreffende professionele ontwikkeling is (Darling-Hammond & Adamson, 2010). Doeltreffende professioneleontwikkelingprogramme vul onderwysers se inhoudskennis aan, stel hulle bloot aan nuwe onderrigvaardighede, handhaaf hulle onderrigdoeltreffendheid, en bevorder voortgesette groei (Desimone, 2009). Die literatuur oor indiens- professionele ontwikkeling skiet hoofsaaklik tekort ten opsigte van die tipering van 'n konseptuele raamwerk wat erkenning gee aan die komplekse gang van onderwyserontwikkeling en die

[4] Raamwerk is vir die doel van hierdie studie saamgestel deur die navorser

voorsiening van 'n basis vir die stel van doelwitte, die selektering van onderrigstrategieë, en die evaluering van uitkomste (Darling-Hammond *et al*., 2009). Doeltreffende professionele ontwikkeling word gedefinieer as "that which results in improvements in teachers' knowledge and instructional practice, as well as improved student learning outcomes" (Wei *et al*., 2009:3). Wei *et al*. (2009:3) stel ook dat –

> *[w]hile the impact on student achievement is a critical indicator of the effectiveness of professional development, we believe the impact of professional development on teacher knowledge and instructional practice is also relevant, as these are worthwhile outcomes in themselves that support increased learning for students.*

Die heelonderwyserbenadering teiken meervoudige dimensies van onderwyserontwikkeling eerder as om byna uitsluitlik op inhoudskennis en vaardighede te fokus, soos by talle indiens-werkswinkels die geval is. Daar word vier onderling verbonde aspekte onderskei, naamlik 'n multidimensionele benadering, 'n domeinspesifieke afbakening, 'n integrasie- en ontwikkelingsgebaseerde benadering. Benewens **inhoudskennis** en **vaardighede**, bevorder die heelonderwyserbenadering die ontwikkeling van **ingesteldhede** (Chen & Chang, 2006; Chen & McCray, 2012). Ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede speel 'n ewe belangrike rol by die professionele ontwikkeling van onderwysers. Die fokus op meervoudige dimensies bied meervoudige rigtings aan onderwysers vir leer en sukses. Vir sommige onderwysers sal ingesteldhede die belangrikste eerste stap in die rigting van vordering wees, byvoorbeeld om vrees vir mislukking te oorkom. Vir ander sal vaardighede die sleutel wees, byvoorbeeld om gemotiveer te word deur die behoefte om diverse soorte leerders te kan onderrig. Dié benadering akkommodeer onderwysers se behoeftes en motiverings eerder as om 'n spesifieke rigting voor te skryf.

Wei *et al*. (2009:1) tref onderskeid tussen formele professionele ontwikkeling en ander geleenthede vir professionele leer, – soos algemene tydsbeplanning, gedeelde geleenthede om leerderwerk te eksamineer of middele vir eie besinning – wat buite die grense van formele professionele ontwikkelingsgeleenthede voorkom. Wei *et al*. (2009) konseptualiseer professionele leer as 'n produk van beide eksterne benaderings en werkverankerde aktiwiteite wat onderwysers se inhoudskennis verbreed en hulle vaardighede in die klaskamer verander op wyses wat leerders se leer ondersteun. Formele professionele ontwikkeling stel dus 'n onderafdeling van die reeks ervaringe voor wat op professionele leer kan uitloop (Fullan, 2007:33). Navorsers erken dat professionele ontwikkeling nie altyd tot professionele leer lei nie, ten spyte van die bedoeling daarvan (Easton, 2008). Fullan (2007:35) redeneer inderdaad dat eksterne benaderings tot onderrigverbetering selde kragtig genoeg, spesifiek genoeg of deur die omstandighede van die klaskamer ondersteun word.

Sedert die 1990's is daar begin om 'n alternatief vir die werkswinkelmodel vir professionele ontwikkeling te ondersteun. Hierdie alternatiewe benadering hou in dat, vir onderwyserleer om werklik saak te maak, dit in 'n meer aktiewe en koherent intellektuele omgewing moet plaasvind – een waarin idees uitgeruil en 'n eksplisiete aansluiting gemaak kan word by die groter prentjie van skoolverbetering. Hierdie alternatiewe model tot werkswinkels doen aan die hand dat professionele ontwikkeling gehandhaaf moet word en koherent moet wees,

gedurende die skooldag moet plaasvind en deel moet uitmaak van ŉ onderwyser se professionele verantwoordelikhede, en op leerderresultate moet fokus (Wei *et al*., 2009).

Die fokus op meervoudige dimensies, naamlik ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL, bied aan onderwysers meervoudige wyses waarop hulle kan leer (Chen & Chang, 2006). Die betreding van ŉ meervoudige leerrigting stel professionele ontwikkeling-spronge in staat om op onderwysers se motivering te bou en op hulle behoeftes te reageer, eerder as om te verwag dat alle onderwysers dieselfde leerrigting moet volg. Ten spyte van toenemende erkenning daarvan dat eenmalige, kursoriese werkswinkels ondoeltreffend is om onderwysers te help om inhoudskennis in vaardighede om te sit, oorheers die model steeds die terrein van professionele ontwikkeling van onderwysers (Viadero, 2005). In ŉ tipiese werkswinkel dra ŉ kenner sy/haar kennis aangaande ŉ spesifieke onderwerp aan ŉ groot gehoor binne ŉ beperkte tydperk oor. Onderwysers se ingesteldhede teenoor die onderwerp word nie as relevant beskou nie. Vaardighede word miskien deur die kenner bespreek, maar voldoende tyd ontbreek vir onderwysers om klaskamertoepassings in te oefen. Opvolg om die implementering van nuwe vaardighede te ondersteun word nie by die werkswinkelontwerp ingesluit nie.

1.2.1 Ingesteldhede ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur

Daar is moontlik etlike redes waarom ingesteldhede nie ŉ primêre aangeleentheid in talle professioneleontwikkelingsprogramme is nie. In teenstelling met inhoudskennis en vaardighede, wat geneig is om objektief te wees, neig ingesteldhede om subjektiewe evaluering, affek en beoordeling te weerspieël (Pajares, 1992). Inhoudskennis en vaardighede is betreklik eksplisiet en kan maklik gemeet word; ingesteldhede is implisiet en word moeilik beskryf. Inhoudskennis en vaardighede word meer geredelik gedefinieer as dinge wat aflewerbaar is en wat binne spesifieke tydperiodes gedek kan word. In teenstelling hiermee is ingesteldhede wat met oortuigings geassosieer word en uiteraard deurdringbaar is, nie maklik om binne tydraamwerke van ŉ enkele dag te verander nie. Ingesteldhede is subjektief en moeilik om te beskryf en daarom kan ingesteldhede vir programaanbieders moeilik wees om te verduidelik hoe om dit te bevorder. Onderwysers sal self moontlik huiwerig wees om hulle ingesteldhede openlik te bespreek.

Ten spyte van die gebrek aan aandag aan ingesteldhede tydens werkswinkels, dui navorsing oor professionele ontwikkeling van onderwysers voortdurend daarop dat ingesteldhede ten nouste gekoppel is aan onderwysers se kennisverwerwing en vaardighede (Pajares, 1992; 1996; Vartuli, 2005; Wilkins, 2008). Talle ander studies dui aan dat onderwysers se ingesteldhede geassosieer word met hulle gevoel van eie doeltreffendheid. Positiewe ingesteldhede korreleer sterk met ŉ positiewe geestesingesteldheid. Ingesteldhede beïnvloed onderwysers se denke, gedrag en motivering (Berk, 1985; Cassidy *et al*., 1995; Pajares, 1996). Die krag van onderwysers se ingesteldhede help om te bepaal "how much effort they will expend on an activity, how long they will persevere when confronted with obstacles, and how resilient they will be when faced with adversity" (Vartuli, 2005:76). In

die lig van ingesteldheid se invloed en effek, dra die teikening van ingesteldhede betekenisvol by tot die doeltreffendheid van professioneleontwikkelingsprogramme vir onderwysers (Chen & Chang, 2006).

Die **ingesteldheid ten opsigte van KJL** is van uiterste belang. KJL word as algemene kennis beskou en word nie afsonderlik met die nodige respek en belang gehanteer nie (Hoewisch, 2000:1; Johnson, 1999). Die gevolg is dat onderwysers 'n negatiewe ingesteldheid teenoor KJL kan hê omdat hulle nie die belangrikheid daarvan begryp nie. Baie onderwysers maak staat op die inhoudskennis wat hulle voor of gedurende hulle voordiensopleidingsprogram in dié verband opgedoen het. Die probleem hiermee is dat sommige onderwysers hierdie inhoudskennis ten opsigte van KJL opgedoen het voordat hulle die nodige raamwerk van pedagogiese kennis en wat dit behels, gehad het. Hierdie twee kennispole staan dan van mekaar verwyderd vir onderwysers. Wanneer hierdie onderwysers dan in die praktyk kom, word KJL op die agtergrond geskuif en nie geïnkorporeer nie, onderwysers beskou dit as onbelangrik en dit het 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die gebruik van KJL in die klaskamer (Hoewisch, 2000:2). Onderwysers moet oor KJL kan reflekteer sodat hulle dit krities kan evalueer en sodoende die opvoedkundige waarde en teorieë kan ondersoek wat hierdie onderwysers dan weer toelaat om die inligting effektief aan leerders aan te bied (Dewey, 1983; Schon, 1983). Onderwysers het 'n goeie teoretiese agtergrond nodig waarvandaan hulle onderrigbesluite kan neem, daarom moet hulle oor teoretiese kennis ten opsigte KJL, kinderontwikkeling en leerteorieë beskik. Volgens Dressel (2005:752) sal die leerders se waardering van KJL baie afhang van die wyse waarop onderwysers dit onderrig. Indien die onderwysers se ingesteldheid teenoor KJL negatief is, of hulle nie oor genoegsame inhoudskennis in dié verband beskik nie, sal dit die leerders se genot en vermoë om KJL te analiseer, beïnvloed.

Volgens Hoewisch (2000:2) en Ellis (2007:284) is dit baie belangrik dat 'n professioneleontwikkelingsprogram wat op KJL fokus nie net bloot baie leeswerk van onderwysers vereis nie, omdat dit steeds nie onderwysers gaan aanmoedig om oor die KJL te reflekteer nie en verder onderwysers se ingesteldheid teenoor KJL negatief kan beïnvloed. 'n Professioneleontwikkelingsprogram wat op KJL fokus, moet dit vir onderwysers moontlik maak om KJL te begryp om sodoende hulle eie ingesteldheid aangaande KJL te verander. In professioneleontwikkelingsprogramme behoort daar op interpretasie en analise van die verhale gefokus te word sodat onderwysers KJL kan analiseer vir die opvoedkundige waarde daarvan en daardie vaardigheid ook aan leerders kan oordra. Spesifieke elemente wat met KJL geassosieer word (bv. karakter, ruimte, tyd, verteller, fokalisator, illustrasie, fantasie, moeilikheidsgraad, gepaste onderwerp) moet met gesag in 'n professioneleontwikkelingsprogram geïntegreer word, sodat onderwysers ook die doel van KJL kan insien. Jordan (soos aangehaal deur Dressel, 2005:751) het tydens navorsing bevind dat leerders nie van KJL hou wat hulle nie verstaan nie, maar wanneer die konteks, geskiedenis en kulturele agtergrond van die KJL aan hulle verduidelik word, verander die leerders in baie gevalle hulle ingesteldheid. Hierdie benadering kan aangepas word om ook onderwysers se standpunt en ingesteldheid ten opsigte van KJL en die onderrrig daarvan in 'n professioneleontwikkelingsprogram die hoof te bied.

1.2.2 Inhoudskennis ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur

Inhoudskennis is die primêre fokus van die meeste professioneleontwikkelingsprogramme (Chen & McCray, 2012). In die heelonderwyserbenadering tot professionele ontwikkeling is die kennisfokus spesifiek op pedagogiese inhoudskennis, wat die samevloeiing van drie soorte inligting is:

(a) kennis met betrekking tot **wat** om te onderrig (inhoudkennis);
(b) kennis met betrekking tot **hoe** om dit te onderrig (onderrigmetodes, soos die teksbenadering); en
(c) kennis met betrekking tot **wie** onderrig word (begrip van sowel algemene kinderontwikkeling as individuele leerders) (Shulman, 1986).

(d) Die pedagogiese inhoudskennis gee aan die onderwyser die vermoë om te verstaan wát spesifieke onderwerpe moeilik of maklik maak vir leerders (Shulman, 1986:7). Pedagogiese inhoudskennis gee die intellektuele aanmoediging vir nuwe studies wat onder meer kan ondersoek of onderwysers weet wat hulle moet weet om 'n bepaalde vak te onderrig (Ball, 1988; 1991; Ball *et al*., 2001; Gess-Newsome & Lederman, 1995; Grossman, 1990; 1991; Magnusson *et al*., 1999; Wilson & Wineburg, 1988; Wineburg & Wilson, 1991). Die opvatting van pedagogiese inhoudskennis gaan selfs verder deur spesifieke maniere waarop onderwysers die vak moet ken om dit aan ander te onderrig, te identifiseer. Die pedagogiese inhoudskennis gee 'n basis aan onderwysers om te kan onderskei tussen die algemene kennis van inhoud en die gespesialiseerde kennis van inhoud wat eie is aan 'n spesifieke klaskamer. Huidige professioneleontwikkelingsprogramme skei inhoudkennis dikwels van onderrigmetodes en leerders. Desondanks is inhoud, pedagogiek en kennis van leerders altyd onderling verwant in die klaskamer. Deur inhoudkennis met pedagogiek te integreer maak dit die inhoud onderrigbaar en kontekstualiseer dit pedagogiek. Eweneens is inhoudkennis en pedagogiek alleenlik doeltreffend wanneer dit toepaslik is ten opsigte van leerders se ontwikkelingsbehoeftes. In KJL is die inhouds- en pedagogiese kennis van uiterste belang.

Volgens Hoewisch (2000:3) moet kinder- en jeugliteratuuropleiding ondersoek word vir die **literêre waarde** daarvan. KJL is 'n belangrike deel van die literêre geskiedenis en is daarom waardig om ondersoek en geanaliseer te word. Juis om dié rede moet die onderwyser kennis dra van:

a) die geskiedenis van KJL;
b) die geleenthede om KJL as onderrigmateriaal te gebruik; en
c) pedagogiese beginsels om sodoende die vaardighede te hê om KJL in die klaskamer te integreer (Anon, 2004, Hoewisch, 2000:4; Snyman, 1983:93).

Die geskiedenis van KJL is belangrik omdat dit aan onderwysers die geleentheid gee om te analiseer wat die opvoedkundige uitwerking van historiese tekste of klassieke werke kan wees. Dit is vir onderwysers nodig om KJL te kan analiseer ten opsigte van die historiese en opvoedkundige waarde daarvan om sodoende die uitwerking daarvan op moderne KJL te kan evalueer. Selfs illustrasies moet vanuit die geskiedenis van KJL ondersoek word sodat die onderwyser die ontwikkeling van illustrasies kan evalueer. Volgens Hoewisch

(2000:4) moet onderwysers genoegsame kennis hê van outeurs, illustreerders en elemente vanuit die geskiedenis wat vir onderwysers, kurrikulumontwerpers en publiseerders belangrik is veral met betrekking tot die gebruik van KJL in die klaskamer.

Die geleenthede om KJL as onderrigmateriaal te gebruik moet deur onderwysers ondersoek word, juis omdat daar so ŉ groot verskeidenheid is om van te kies en dit in verskeie vakke en dissiplines aangewend kan word. Onderwysers moet kan evalueer watter boeke die beste gebruik kan word en watter boeke die geskikste is om met leerders te deel (Hoewisch, 2000:5). Dit is belangrik om die leerder as individu in ag te neem omdat leerders met verskillende karakters assosieer, in verskillende onderwerpe belangstel en so meer. Daarom kan die leerder as individu nie oor die hoof gesien word nie. Die persoon wat die professioneleontwikkelingsprogram aanbied, moet as medewerker tot die onderwyser se interpretasie optree, sodat die onderwyser die vrymoedigheid het om sy/haar idees oor ŉ boek te deel (Hoewisch, 2000:5; Marais, 2011:174). Volgens Boyd-Batstone (1997:193) is dit belangrik om leerders se belangstelling in ag te neem, omdat dit help dat leerders as selfgereguleerde lesers sal ontwikkel en nie net passiewe ontvangers van KJL is nie. Dressel (2005:751) sluit aan by Boyd-Batstone, maar fokus veral op die multikulturele aspek van ons skole en leerders in dié skole wat in ag geneem moet word. Leerders kan in dié geval nie net op persoonlike vlak nie, maar ook op kulturele vlak met die KJL assosieer.

Pedagogiese kennis behels onder meer om die gepaste boeke te selekteer vir die regte doel wat vir onderwysers van uiterste belang is, en ook hoe om ŉ spesifieke boek effektief in die klaskamer te integreer. Dit dien geen doel om slegs die boek in die klas voor te lees of leerderopvoedings daaroor te hou nie; leerders leer dan slegs die ‘storie’ ken, en nie die betekenis daarvan nie. Indien leerders slegs die oppervlakkige betekenis van KJL leer ken, ontwikkel hulle nie die vermoë om boeke te evalueer nie, en word kritiese denke nie aangewakker nie.

Volgens navorsers soos Hoewisch (2000:6), Hunt (1991:1), Lesnik-Oberstein (20046) moet daar nie slegs ŉ lys met goeie literatuur aan onderwysers gegee word nie, maar ŉ **sterk teoretiese agtergrond** moet veral aan voornemende onderwysers en onderwysers in die praktyk gegee word, sodat hierdie onderwysers KJL self kan ontwikkel, evalueer en in die skool en omgewing waar hulle skoolhou, kan toepas. Onderwysers moet kan reflekteer oor hulle eie ondervinding ten opsigte van die gebruik van KJL in die klaskamer; daarom is dit belangrik om aan voornemende onderwysers die geleentheid te gee om KJL eerstehands te kies, te lees en te analiseer.

Literêre beginsels is van die uiterste belang. Daar moet nie slegs op die opvoedkundige waarde wat KJL tot skoolonderrig kan bydra, gefokus word nie. Onderwysers moet begryp dat die outeur nie hierdie gebruik in gedagte gehad het toe die boek geskryf is nie (Hoewisch, 2000:7). Alhoewel ŉ boek soos *Aboretha, die heks met die groen hare* baie goed gebruik kan word om die mens se invloed op die natuur uit te beeld, kan die

karakters, tema en styl ook lesers aangryp. KJL is ŉ literêre vorm en kan daarom deur literêre beginsels soos die narratologie ondersoek word (Du Plooy 2004:24). Daar is ŉ groot verskeidenheid boeke en juis dit maak die keuse vir ouers en onderwysers moeilik. Daar is onder meer prenteboeke, voorleesboeke, sprokies, fabels, mites, legendes, fantasieverhale, diereverhale, avontuurverhale, historiese verhale en vertaalde verhale. Dan is daar nog nie eens van die verskillende onderwerpe wat in hierdie boeke aangeraak kan word, gepraat nie. Elke leerder sal met ŉ sekere soort verhaal en onderwerp identifiseer. Elke soort verhaal hou bepaalde voordele vir die leerder in; daarom is dit belangrik om die voor- en nadele van elk van die soorte verhale te ken en te weet op watter stadium van kinderontwikkeling watter soort boek die beste is (Lohann, 1986:8; Steenberg, 1982:4). In hierdie studie word die onderskeie soorte kinderboeke breedvoerig bespreek, die voor- en nadele word toegelig asook die soort boek wat volgens ouderdom die sterkste aanbeveel kan word. Daar is nie ŉ duidelike skeiding tussen die opvoedkundige en literêre waarde van KJL nie; die twee aspekte vloei ineen wat verder op die oorkoepelende waarde van KJL dui.

Indien professioneleontwikkelingsprogramme wat KJL hanteer slegs op die opvoedkundige waarde daarvan fokus, word die onderwysers en sodoende ook aan die leerders wat onderrig moet word, ŉ onreg aangedoen. Goeie KJL moet geëvalueer en geanaliseer word sodat die waarde daarvan vir die leerders ontgin kan word (Anon, 2003; Lesnik-Oberstein, 2004:2,6). Indien onderwysers slegs oppervlakkige inhoudskennis in dié opsig het, kan daar te veel klem gelê word op assessering wat die genot en reaksie op KJL kan demp (Cremin, 2007:3; Dressel, 2005: 750). As onderwysers nie vir genot lees nie en nie literêre vorme kan herken nie, sal hul ook nie die genot van lees en KJL aan die leerders in hulle klas kan oordra nie. Daar moet onder meer, soos reeds genoem, na die narratologiese elemente soos karakterisering, ruimte, tyd, fokalisator en verteller van die onderskeie boeke gekyk word asook na die funksie en betekenis van die illustrasies wat gebruik word. Leerders moet die patrone in KJL kan waardeer en die dieper betekenis kan raaksien, juis omdat dit toekomstige lees kan bevorder en leerders se woordeskat kan uitbrei. Volgens Hoewisch (2000:8) kan dit veral gedoen word wanneer onderwysers in groepe hulle ondervinding oor bepaalde boeke bespreek, omdat hierdie onderwysers dan ŉ dieper waardering vir die boek ontwikkel.

1.2.3 Vaardighede vir die integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer

Die uiteindelike doel daarmee om op onderwysers se ingesteldhede en kennis te fokus is om **vaardighede vir die integrasie van kinder- en jeugliteratuur** te verbeter. Die heelonderwyserbenadering hou in dat wanneer onderwysers vaardighede implementeer, hierdie vaardighede gaandeweg ŉ gewoontetoepassing van vaardigheidskennis word (Donnelly *et al*., 2002; Beaudin & Grigg, 2001). Deur nuwe inhoudskennis en vaardighede wat met behulp van professioneleontwikkelingsprogramme aangeleer is, toe te pas, kom onderwysers onvermydelik onverwagte uitdagings teë wat aanpassings vereis sodat die vaardighede doeltreffend gemaak kan word. Implementering vereis ook van onderwysers om dít wat hulle geleer het, teen die agtergrond van bestaande vaardighede wat by ŉ spesifieke groep leerders gebruik word, toe te pas. Namate onderwysers nuwe vaardighede implementeer, verdiep hulle hulle begrip van vaardighede deur die aktiewe

prosesse van uitbreiding en integrasie van vaardigheidskennis. Sonder voldoende tyd en ondersteuning ten opsigte van inoefening kan ’n professioneleontwikkelingsprogram vir onderwysers nie anders nie as misluk (Borko, 2004; Elmore & Burney, 1999). Met behulp van klaskamervaardighede kan onderwysers die gebruik van KJL ontgin. Onderwysers kan goeie en bruikbare aanbevelings maak wat hulle met kollegas kan deel. Op dié wyse kan onderwysers die belangrikheid van KJL insien, en kan hulle verder besef watter belangrike bydrae KJL as onderrigmateriaal kan lewer. “Die drie varkies” kan byvoorbeeld in struktuuronderrig in Tegnologie (in ’n vraag oor watter materiaal die beste strukture kan bou) gebruik word. ’n Hele nuwe wêreld kan deur KJL ontdek word. As KJL eers in die klas gebruik word, sal leerders anders dink oor die boeke wat hulle by die huis lees (Dressel, 2005:751; Hoewisch, 2000:6; O’Sullivan, 2004:2).

1.2.4 Domeinspesifieke ontwikkeling

In hierdie navorsingsverslag word “domeinspesifikasie” omskryf as die werkkring van Afrikaans in die nuwe kurrikulum. Domeinspesifikasie word beskou as van kritieke belang vir die sukses van professionele ontwikkeling, en word bereik deur doelstellings, doelwitte en uitkomste met inagneming van bepaalde onderwyskundigheidsareas, soos die onderrig van Afrikaans in die nuwe kurrikulum, te definieer.

Domeinspesifikasie word gekenmerk deur inhoudskennis en vaardighede. Die heelonderwyserbenadering erken dat ingesteldhede ook domeinspesifiek is. ’n Onderwyser se gemaksone, selfvertroue en belangstelling kan van domein na domein wissel. Of ’n professioneleontwikkelingsprogram dit insluit of nie, ingesteldhede beïnvloed ’n onderwyser se motivering en vordering asook sy of haar implementering van nuwe vaardighede. Vaardighede sluit onderrigmetodes en die gebruik van materiaal in. Sommige onderrigmetodes, soos interaktiewe leer, is oor domeine heen van toepassing. Ander is meer geskik vir besondere domeine. Domeinspesifieke vaardighede sluit ook assessering, observasie en evaluering in. Assesseringsinstrumente wat geskik is vir die assessering van foneemsamesmeltingsvaardighede verskil van dié wat toepaslik is vir die assessering van vlotheid tydens mondelinge lees. Goed geformuleerde doelwitte maak ondersteuning en bevordering van onderwyserontwikkeling wat betref ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede moontlik.

Die fokus op domeinspesifieke onderwyserontwikkeling is nie kenmerkend van die domein van onderrig in die grondslag- en intermediêre fase nie. Die domein van onderrig in die grondslag- en intermediêre fase het jare lank betreklik min aandag geskenk aan die kwessie van onderwysers se inhoudkennis (Cohen & Hill, 2000; Melendez *et al*., 2005). In reaksie op inisiatiewe soos die standaarde-beweging en die *No Child Left Behind*-wetgewing, het die domein begin om die rol van onderwysers se inhoudskennis by onderrig van hoë gehalte en doeltreffende leer ernstig te ondersoek. Dit is nou duidelik dat die enkele belangrikste determinant van wat leerders léér, juis dít is wat onderwysers wéét (Darling-Hammond & Bransford, 2005). Deur domeinspesifiekheid te benadruk, beklemtoon die heelonderwyserbenadering die belangrikheid daarvan om onderwysers van grondslag- en intermediêre fases, wat ook inhoudkundiges is, te ontwikkel.

Veranderinge ten opsigte van ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL word sterk beïnvloed deur die verband waarbinne onderwysers leer en onderrig. Gesien vanuit die heelonderwyserbenadering is eweknieë en skooladministrateurs essensiële ondersteuningsbronne maar ook hulpbronne met die oog op verandering. Verhoudings tussen professioneleontwikkelingsprogram-instrukteurs en onderwysers asook tussen deelnemende onderwysers is van die allergrootste belang by die ondersteuning van onderwysers se leer en ontwikkeling. Om verhoudings op te bou en voordeel daaruit te put, moet professionele ontwikkeling 'n voortgesette proses wees. 'n Eenmalige werkswinkel is eenvoudig nie daartoe in staat om 'n doeltreffende leermilieu te handhaaf nie. 'n Eenmalige werkswinkel dra verder nie noodwendig daartoe by dat leer in elke onderwyser se klaskamer plaasvind nie; die agtergrond en die leerproses is van die allergrootste belang. Voortgesette interaksie met eweknieë, mentors en opleiers skep toerekenbaarheid aan die mentors wat onderwysers motiveer om die klaskamer as 'n leeropset te gebruik. Sonder hierdie element bly kennis wat deur middel van professionele ontwikkeling verwerf is, dikwels geïsoleerd en onsamehangend. Die heelonderwyserbenadering dra baie by tot die vorming van vaardigheidgemeenskappe (*communities of practice*) waarin mede-kenniskonstruksie, gedeelde leer en samewerking die norm eerder as die uitsondering is (Raudenbush, 2009; Rogoff, 1994). In so 'n gemeenskap leer onderwysers van mekaar en saam met mekaar. Al drie aspekte van onderwyser-ontwikkeling, naamlik ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede, word uitgebou en versterk deur die verbande wat geskep word om beter resultate te bereik (Bodrova & Leong, 2007; Rogoff, 2003).

1.2.5 Professioneleontwikkelingsprogramme

Die heelonderwyserbenadering is gebaseer op die uitgangspunt dat ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede onderling verwant is tydens ontwikkeling van onderwysers. Eerder as om te werk om geïsoleerde doelwitte te bereik, soos om grondslag- en intermediêre fase-onderwysers se KJL-inhoudskennis te verbreed of om 'n spesifieke onderrigvaardighede te verander, gebruik dié benadering onderrigstrategieë wat op hierdie onderlinge verhoudings voortbou. Byvoorbeeld, om die onderwyser se selfvertroue rakende die onderrig van KJL op te bou, dra by tot onderwysergereedheid om inhoudskennis aan te leer en dit moedig ook die implementering van nuwe vaardighede aan. Eweneens verhoog geslaagde implementering van nuwe vaardighede 'n onderwyser se gevoel van doeltreffendheid as 'n geletterdheid- en/of taalonderwyser, en dit help verder om spesifieke behoeftes aan verdere ontwikkeling van inhoudskennis en vaardighede te identifiseer.

Professionele groei is 'n ontwikkelingsproses wat deur die loop van 'n onderwyser se loopbaan heen voortgaan (CEO Forum on Education and Technology, 1999; Fleet & Patterson, 2001; NAEYC, 2001a; 2001b). Die heelonderwyserbenadering fasiliteer ontwikkeling van en leer deur onderwysers met behulp van programme wat onderwysers daarin bystaan om van 'n nuwelingvlak tot 'n kundige bevoegdheidsvlak te vorder. Verwagte uitkomste van die heelonderwyserbenadering beskryf veranderinge in onderwysers se verwagtinge ten opsigte inhoudskennis en vaardighede in die klaskamer. Die verskuiwing na die heelonderwyserbenadering rus onderwysers toe om hulle ervaring ten opsigte van professionele ontwikkeling verder uit te brei. Hulle is daartoe

in staat om dít wat hulle leer, aan te pas, nuwe toepassing vir vaardighede te skep en probleme op te los namate hulle nuwe vaardighede implementeer.

Die ontwikkelingsklem van die heelonderwyserbenadering vereis 'n fundamentele skuif van die model van die opleiding van onderwysers na die raamwerk van ontwikkeling van onderwysers (Chen & McCray, 2012). Hierdie skuif vereis wesenlike veranderinge in denke en vaardighede. Hierdie veranderinge sluit in die rol van die instrukteur, die lokaal waar die program aangebied word en die duur van die program asook die keuse van die program. In die model van onderwysersopleiding word die instrukteur as 'n kundige beskou. In 'n ontwikkelingsmodel is die instrukteur 'n leier, maar hy of sy is ook 'n fasiliteerder, waarnemer en hulpbron (Chen & McCray, 2012). Instrukteurs betrek onderwysers aktief deur hulle te nooi om hulle professionele uitnemendhede en hulle klaskamerervaringe met mekaar te deel. Uiteraard vind onderwysersopleiding buite die klaskamer plaas en fokus primêr op die oordrag van inhoudskennis en vaardigheid (Chen & McCray, 2012). 'n Ontwikkelingsbenadering integreer formele onderrig met vaardighede in die klaskamer. Opleidingswerkswinkels vir onderwysers is geneig om van korte duur te wees, gewoonlik 'n dag of slegs 'n oggend of middag. In die werkswinkelmodel word onderwysers se keuses vir professionele ontwikkeling dikwels beperk tot 'n voorgeskrewe stel werkswinkel wat beskou word as geskik vir alle onderwysers in 'n distrik. Kenners besluit wat onderwysers moet weet. In 'n ontwikkelingsraamwerk, daarteenoor, neem onderwysers deel aan programme wat met hulle belangstellings en gereedheidsvlak ooreenstem.

Benewens ontwikkelingsdoelstellings en die stel van doelwitte gebruik die heelonderwyserbenadering strategieë wat ontwikkeling bevorder, met inbegrip van onderrig vir die begrip van en integrasie met vaardighede. Onderrig van begrippe begin wanneer onderwysers betrek word deur begrippe en inligting wat aangebied word, aktief te konstrueer en te internaliseer. Voorts help deelname deur onderwysers om die pas van onderrig aan te gee. Eerder as om met inagneming van tydsgrense voort te beweeg om 'n agenda af te handel, beweeg instrukteurs voort namate onderwysers aandui dat hulle die materiaal verstaan. Die instrukteurs fasiliteer ontwikkeling deur spesifieke ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL in die klaskemer te voorsien. Deur die spoor van verskuiwings in hul proksimale ontwikkelingsones te volg, bou instrukteurs voort op individuele onderwysers se vordering (Vygotsky, 1978:32).

Na aanleiding van bogenoemde agtergrond, het die onderstaande navorsingsvrae na vore gekom:

1. Watter literêre komponente[5] relevant vir kinder- en jeugliteratuur by professioneleontwikkelingsprogramme ingesluit behoort te word?

[5] Literêre komponente sluit die volgende aspekte in: teorieë relevant tot KJL (Hoofstuk 3), die evaluering en keuse van KJL (Hoofstuk 4) en KJL as genre (Hoofstuk 5).

Vakadviseurs

2. Wie die professioneleontwikkelingsprogramme op distriksvlak aanbied en wat hulle ingesteldhede is ten opsigte van die aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme wat spesifiek op kinder- en jeugliteratuur fokus?
3. Wat die inhoud van professioneleontwikkelingsprogramme behels, spesifiek ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur, wat deur vakadviseurs aangebied word?
4. Hoe die professioneleontwikkelingsprogramme deur vakadviseurs aangebied gaan word wat betref formaat en tydsduur?

Onderwysers

5. Wat die onderwysers se ingesteldhede is ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur?
6. Wat die onderwysers se kennis van kinder- en jeugliteratuur is?
7. Wat onderwysers se vaardighede ten opsigte van die onderrig van kinder- en jeugliteratuur behels?
8. Hoe behoort ŉ professioneleontwikkelingsprogram wat op kinder- en jeugliteratuur fokus daar uit te sien ten opsigte van –
   - **wie** dit moet aanbied en wie dit moet bywoon;
   - **wat** ingesluit moet te word ten opsigte van inhoud en vaardighede; en
   - **hoe** die program aangebied moet word, byvoorbeeld die model wat gevolg word?

1.3 Doel van die studie

Die doel van hierdie studie was om te bepaal:

1. Watter literêre komponente relevant vir kinder- en jeugliteratuur by professioneleontwikkelings-programme ingesluit moet word.

Vakadviseurs

2. Wie professioneleontwikkelingsprogramme op distriksvlak moet aanbied en wat hulle ingesteldhede ten opsigte van die aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme wat spesifiek op kinder- en jeugliteratuur fokus, moet wees.
3. Wat die inhoud van professioneleontwikkelingsprogramme behels, spesifiek ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur, wat deur vakadviseurs aangebied word.
4. Hoe professioneleontwikkelingsprogramme deur vakadviseurs aangebied word wat betref formaat en tydsduur.

Onderwysers

5. Wat onderwysers se ingesteldhede ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur is.
6. Wat onderwysers se inhoudskennis van kinder- en jeugliteratuur is.
7. Wat onderwysers se vaardighede ten opsigte van die onderrrig van kinder- en jeugliteratuur behels.

8. Hoe ŉ professioneleontwikkelingsprogram wat op kinder- en jeugliteratuur fokus, daar behoort uit te sien ten opsigte van –
    - **wie** dit moet aanbied en wie dit moet bywoon;
    - **wat** ten opsigte van inhoud en vaardighede ingesluit moet word; en
    - **hoe** die program aangebied moet word, byvoorbeeld die model wat gevolg word.

1.4 Sentrale teoretiese stelling

Professioneleopleidingsprogramme wat op KJL fokus, is gefragmenteer en gedekontekstualiseer en skenk nie aandag aan die interafhanklikheid tussen onderwysers se ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die gebruik van kinder- en jeugliteratuur nie.

1.5 Navorsingsmetodologie

Die navorsingsmetodologie kan soos volg uiteengesit word.

1.5.1 Literatuurstudie

Ten einde relevante en resente bronne op te spoor, is daar vir die doeleindes van die literatuurstudie, gebruik gemaak van die EBSCHOHost, RSAT, SABINET, NEXUS se bibliografiese databasisse vir soektogte na die volgende sleutelwoorde: indiensopleidingsprogramme, resepsie-estetika, kognitiewe paradigma, opvoeding, opvoedkunde, ontwikkelingsfases van leerders, ontwikkelingsfases by lees, kinderlektuur, sprokies, fabels, mites, legendes, fantasieverhale, diereverhale, avontuurverhale, historiese verhale, vertaalde verhale, narratologie, leesleiding, indiensopleiding in letterkunde, heelonderwyserbenadering plus hulle Engelse ekwivalente.

Die literatuurstudie fokus op professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur. Daar is onder meer gekyk na relevante teorieë vir die interpretasie van kinder- en jeugliteratuur soos die resepsie-estetika, kognitiewe paradigma en die dinamiese sisteemteorie. Om verder duidelikheid te kry oor hoe kinder- en jeugliteratuur geëvalueer en gekies behoort te word, is daar ook in die literatuurstudie op kinder- en jeugliteratuur self asook die genres en subgenres in kinder- en jeugliteratuur gefokus.

1.5.2 Empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek is onderneem vanuit ŉ interpretatiewe paradigma, ŉ kwalitatiewe benadering en fenomenologiese navorsingsontwerp

1.5.2.1 Navorsingsparadigma

Wanneer daar van die interpretatiewe paradigma gebruik gemaak word, word daar op die individu en/of gemeenskap en die betekenis wat hulle aan bepaalde ervarings heg, gefokus (Flick, 2009:2). In hierdie studie is ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede van vakadviseurs en onderwysers in die praktyk geanaliseer ten

opsigte van die ontwikkeling en aanbied van 'n professioneleontwikkelingsprogram wat op die integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer fokus.

Volgens Flick (2009:3) is die interpretatiewe paradigma hier van belang omdat die interpretatiewe paradigma die sosiale milieu, konvensies, norme en standaarde van 'n bepaalde persoon of gemeenskap essensieel is om menslike optrede te verstaan. Maree (2009:59) is van mening dat interpretivisme op die onderstaande veronderstellings gebaseer is:

- menslike ervaring kan slegs van binne 'n bepaalde situasie waarin die gemeenskap hulle bevind verstaan word; daarom moet die navorser 'n grondige ondersoek doen;
- sosiale lewe is 'n menslike produk;
- die menslike brein is 'n doelgerigte bron van oorspronge van betekenis; en
- menslike gedrag kom tot stand op grond van die individue of gemeenskap se kennis van die sosiale werklikheid en bestaan nie onafhanklik daarvan nie.

Maree (2009:60) verduidelik dat die interpretivisme 'n standpunt oor 'n bepaalde situasie te kenne wil gee ten einde 'n bepaalde situasie te analiseer en insig te verskaf ten opsigte van die wyse waarop sekere mense of 'n groep mense betekenis aan 'n situasie heg. Op dié wyse kan daar 'n dieper betekenis ontgin word en die situasie kan verstaan word waarna aanbevelings gemaak kan word.

1.5.2.2 Navorsingsbenadering

Kwalitatiewe navorsing is nie bloot die analise van 'n aantal oop vrae en aanhalings uit transkripsies nie, maar is gerig op die deeglike analise van die data wat tydens die navorsing verkry is. Deur van kwalitatiewe navorsing gebruik te maak, word omstandighede ondersoek in die natuurlike omgewing waar dit plaasvind (Mayan, 2001:5). Daar moet nie veralgemeen word nie, maar eerder gesoek word na die dieper betekenis wat uit die data na vore kom (Mayan, 2001:7). Die kwalitatiewe navorsingsbenadering is dié benadering waardeur daar gepoog word om ryk beskrywende data oor 'n bepaalde onderwerp of milieu te bekom, dit te analiseer en te verstaan. Daar word dus gepoog om individue of groepe binne die sosiale en kulturele milieu waarin hulle leef, te verstaan. Volgens Flick (2009:x) word kwalitatiewe navorsing gebruik om 'n sosiale verskynsel te verstaan, te beskryf en dit te probeer verklaar. Verder word daar gepoog om die ervarings van individue te analiseer deur die interaksie tussen die individu en die bepaalde verskynsel te analiseer. Die analise word onder meer gedoen deur die dokumente wat in die ondersoek gegenereer word en wat op die verskynsel van toepassing is, te analiseer.

1.5.2.3 Navorsingsontwerp

In hierdie studie is daar gebruik gemaak van 'n fenomenologiese navorsingsontwerp, om sodoende die fenomeen te identifiseer en te ondersoek hoe die betrokke persone die fenomeen (professioneleontwikkelingsprogramme en KJL) sien (Finlay, 2008:2; Groenewald, 2004:4; Lester, 1999:1). Om

fenomenologie te definieer is nie 'n maklike taak nie, aangesien fenomenologie gefragmenteer is (Banister *et al*., 2011:5). Fenomenologie is deur Husserl (1936–1970) voorgestel as 'n nuwe manier van filosofeer. Heidegger (1927–1962) het die filosofiese uitgangspunte gebruik en dit toegepas op die hermeneutiese en interpretatiewe dimensies (Banister *et al*. 2011:5, Finlay, 2008:1; Groenewald, 2004:3; Smith, 2010:187). Moustakas (1994:12) voer aan dat 'n fenomenologiese ontwerp poog om ryk beskrywings van die fenomeen te verkry deur drie interafhanklike stappe te gebruik:

a) fenomenologiese inkorting;
b) ryk beskrywings; en
c) 'n soeke na die essensie van die bepaalde fenomeen.

'n Fenomenologiese navorsingsontwerp is 'n ontwerp wat die aard en betekenis van die bepaalde fenomeen wil ontdek (Banister et al., 2011:6). Dit fokus op die wyse waarop deelnemers na die situasie kyk. 'n Fenomenologiese benadering wil ryk beskrywings van ondervindings wat beleef is, gee. Die hoofdoel van fenomenologie is om 'n sekere fenomeen te ondersoek en dit te beskryf maar nie om dit te verduidelik nie (Banister *et al*., 2011: 5; Lester, 1999: 1). Hoe die persoon die fenomeen ervaar, is van kardinale belang, en die ervaring van die persoon het in hierdie studie 'n rol gespeel omdat dit 'n bepalende faktor is by die ingesteldheid van beide instrukteurs en onderwysers ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en KJL.

Die fenomeen ter sprake by hierdie studie en soos geïdentifiseer vanuit die literatuur, was die ingesteldheid van vakadviseurs en onderwysers ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur, asook vakadviseurs en onderwysers se inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer.

Die empiriese ondersoek wat tydens die studie onderneem is, het die fenomeen soos geïdentifiseer ondersoek op 'n bepaalde tyd binne 'n werklike situasie. 'n Geval wat ondersoek word, kan volgens Lester (1999:1) uit een enkele voorbeeld of verskeie voorbeelde bestaan. Die keuse van die voorbeelde moet verteenwoordigend wees van die fenomeen wat ondersoek word. In die geval van dié studie was dit dus belangrik dat vakadviseurs by die ondersoek betrek sou word om sodoende die fenomeen vanuit die oogpunt van professionele ontwikkeling te ondersoek. Buiten die vakadviseurs wat geraadpleeg is oor die fenomeen, is die onderwysers ook betrek om die fenomeen vanuit hulle perspektief te ondersoek.

1.5.2.4 Deelnemers en steekproef

Die doelbewuste steekproef is gedoen in die Wonderland-distrik.[6] Vakadviseurs in die grondslagfase (graad 1, 2 en 3) en vakadviseurs in die intermediêre fase (graad 4, 5 en 6) is geraadpleeg om te bepaal wie professioneleontwikkelingsprogramme aanbied en wat die persone se ingesteldheid teenoor professioneleontwikkelingsprogramme is. Die vakadviseurs is verder gevra om duidelikheid te gee oor wat

[6] Daar word in hierdie navorsingsverslag van die benaming "Wonderland-distrik" gebruik gemaak wanneer na die distrik waar die studie onderneem is, verwys word om die distrik anoniem te hou soos in die etiekaansoek onderneem.

professioneleontwikkelingsprogramme wat op kinder- en jeugliteratuur fokus, behels en om te verduidelik hoe hierdie professioneleontwikkelingsprogramme lyk wat betref formaat en tydsduur.

Die doelgerigte steekproef is ook gebruik om onderwysers van die grondslagfase (graad 1, 2 en 3) en die Intermediêre fase (graad 4, 5 en 6) van skole in die Wonderland-distrik waar Afrikaans Huistaal gebruik word, te raadpleeg om te bepaal wat onderwysers se ingesteldheid is ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur om daarvolgens ook onderwysers se inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van kinder- en jeugliteratuur te ondersoek

1.5.2.5 Data-insamelingsmetode

Volgens Wood (2012) kan data tydens kwalitatiewe navorsing op verskeie wyses versamel word. Die probleem bepaal die gepaste wyse waarop die data versamel moet word. Die onderstaande data-insamelingsmetodes is tydens hierdie studie gebruik:

- **Oopvraelyste**. Vraelyste soos die titelherkenningstoets is aan vakadviseurs en onderwysers versprei. Met hierdie oopvraelyste is daar beoog om voor die semi-gestruktureerde fokusgroeponderhoude reeds ŉ idee te hê van die betrokke partye se ingestelheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van kinder- en jeugliteratuur, om sodoende die onderhoude daarby aan te pas.
- **Semigestruktureerde fokusgroeponderhoude** is gebruik om meer betroubare analise moontlik te maak. Die oop vrae het aan die semigestruktureerde fokusgroepe die geleentheid gegee om informeel en gemaklik te antwoord sodat soveel moontlik bruikbare data ingesamel kon word (Bailey, 2007:95; Smith & Osborn, 2007: 53). Daar is besluit om van fokusgroeponderhoude gebruik te maak omdat dit die deelnemers op hulle gemak sou plaas om hulle werklike ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL in groepe te deel.
- **Dokument-analise.** Onderrigmateriaal en departementele dokumente is ingesamel sodat dit bestudeer en geanaliseer kon word sodat professioneleontwikkelingsprogramme ten opsigte van KJL daarvolgens ondersoek kon word, veral met betrekking tot die betrokke partye se ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede wat betref die integrasie van KJL in die klaskamer.

Wanneer ŉ studie vanuit die fenomenologiese ontwerp benader word, is daar spesifieke aspekte waarna gekyk moet word. Dit sluit onder meer ***Lebenswelt*/intensionaliteit** en ***bracketing*/afsondering** in (Hays & Singh, 2012:50).

Lebenswelt/intensionaliteit (die geleefde wêreld van die deelnemers) is die poging van die navorser om die geleefde wêreld van die deelnemers te verstaan en ooreenkomste te soek om sodoende te verstaan wat die geleefde ondervindings van die deelnemers is met betrekking tot die fenomeen. Intensionaliteit dui op ŉ unieke dialoog tussen die persoon en die gewone wêreld. Die persoon kan volgens fenomenologie nie van die wêreld waarin hy/sy leef, geskei word nie.

In hierdie studie het die navorser die intensionaliteit van die deelnemers ondersoek deur voordat die semigestruktureerde fokusgroeponderhoude gevoer is, die oopvraelyste te versprei en in te samel is en dokumente versamel sodat die geleefde wêreld van die deelnemers ondersoek kon word om sodoende die deelnemers se omstandighede te probeer begryp. Die geleefde wêreld van die deelnemers is ondersoek deur biografiese inligting van die deelnemers te versamel. Die intensionaliteit van die deelnemers is verder ondersoek deur spesifiek skole te kies waar Afrikaans Huistaal aangebied word en so ook vakadviseurs wat onderwysers wat Afrikaans onderrig, ondersteun.

Buiten vir die intensionaliteit word ***bracketing/*afsondering** as 'n belangrike deel van fenomenologie beskou. Volgens Hays en Singh (2012:50) kan mense se ondervindings slegs verstaan word wanneer die ingesteldheid, inhoudskennis en waardes van die navorser eenkant geskuif word. Die proses word ***epoche*** genoem wat uit Grieks kom en weerhouding van oordeel beteken (Moustakas, 1994). Die deelnemers word as medenavorsers beskou omdat hulle eerstehandse kennis van die fenomeen het.

In hierdie studie was die ***bracketing*/afsondering** van die navorser se ingestelheid, inhoudskennis en waardes van groot belang gedurende die data-insamelingsmetodes. Dit was belangrik sodat die essensie van die fenomeen ondersoek kon word sonder dat dit deur die navorser se ingesteldheid, inhoudskennis en waardes beïnvloed sou word. Die navorser het 'n dagboek gehou van haar ingesteldheid, inhoudskennis en waardes vandat die studie onderneem is (sien bylae C, navorser se dagboek). Met behulp van die dagboek kon die navorser sien wat haar ingesteldheid, inhoudskennis en waardes is en sodoende die data-insamelingsmetodes aanpas sodat dit nie die navorser se ingesteldheid, inhoudskennis en waardes sou insluit nie.

Algaande die navorser die eerstehandse ervarings en inhoudskennis van die deelnemers ondersoek het, het sy vorentoe en agtertoe beweeg in die analise van die data beweeg om die **essensie** sowel as die **variasie** van die ondervindings van die deelnemers te ontdek.

1.5.2.6 Data-insamelingsprosedure

Die data-insamelingsprosedure het volgens 'n spesifieke volgorde verloop. Die vraelyste is so gou moontlik ná alle toestemming verkry is, aan die onderwysers en distrikbestuur versprei. Die vraelyste is binne 'n week ingesamel. Die onderhoude is gereël op tye wat die vakadviseurs en onderwysers gepas het en is elektronies opgeneem. Die onderhoude het ongeveer 30 na 45 minute geduur en is deur die navorser self gevoer. Aantekeninge is gemaak om sodoende bykomende inligting oor die fenomeen in te samel.

Die dokumente is weer ingesamel op tye wat vir die distrikbestuur gemaklik was en die onderskeie skole gepas het. Die data wat met behulp van die oopvraelyste, semigestruktureerde fokusgroeponderhoude en dokumente

ingesamel is, is in die *Atlas.ti 7*[7]-program gelaai waarna die data met behulp van 'n koderingsproses geanaliseer kon word.

1.5.2.7 Data-analise

Die data wat deur middel van oopvraelyste, semigestruktureerde fokusgroeponderhoude, en dokumente versamel is, is geanaliseer volgens temas wat uit die data geïdentifiseer kon word. Volgens Wood (2012) is data-analise 'n induktiewe proses waar patrone en temas vanuit die data geïdentifiseer kan word.

Die data is gekodeer na aanleiding van temas wat geïdentifiseer kon word. Kodering is 'n proses waar groot hoeveelhede data in kleiner segmente opgebreek word (Flick, 2007:296). Die data is gekategoriseer om 'n raamwerk van tematiese idees te bewerkstellig (Bailey, 2007:127; Flick, 2007:296; Gibbs, 2007:38). Ooreenstemmende stellings van die deelnemers is onder een kode gegroepeer en die aspekte wat buitengewoon was, het in die proses na vore gekom. Volgens Strauss (1987:29) wil kwalitatiewe navorsing nie items tel nie, maar data oopbreek en in kategorieë wat ooreenkomste en verskille kan uitwys, herorganiseer sodat die data gebruik kan word om teoretiese begrippe te ondersteun en te ondersoek. Fenomenologie gaan met hierdie proses verder en wil die essensie van die onderwerp wat ondersoek word, ontdek. Volgens Moustakas (1994:120–121) word fenomenologiese data op bepaalde maniere geanaliseer. Die navorser het die onderstaande kenmerkende fenomenologiese stappe, soos voorgestel deur Moustakas (1994:120–121), gevolg om die data te analiseer.

a) Die lys en groepering van relevante data (*horisontalisation*)

Deur van *Atlas.ti* gebruik te maak, kon die vraelyste, semigestruktureerde fokusgroep-onderhoude en dokumente gekodeer word ten opsigte van temas en kategorieë wat vanuit die data ontwikkel is. Volgens Mayan (2001:22) kan kodering gedefinieer word as 'n proses waardeur woorde, sinne, temas of konsepte wat herhaaldelik in die data na vore kom, uitgelig word. Op grond van hierdie herhalende data kan onderliggende patrone geïdentifiseer en geanaliseer word. Die koderingsproses sluit onder meer **oop kodering** in. Oop kodering word gebruik om groot hoeveelhede data in meer beheerbare segmente te orden (Gibbs, 2007:50). Deur temas saam te groepeer, kan daar 'n analise van die data gemaak word (Bailey, 2007:152; Flick, 2007:296; Gibbs, 2007:50).

b) Vermindering en eliminasie

Die data soos geïdentifiseer tydens die lys- en groeperingstadium word verder ondersoek en die navorser moet bepaal of elke stelling wat tydens die eerste stap uitgehaal is, waardevolle data bevat

[7] *Atlas.ti 7* is 'n internasionale program vir die verkryging van die kwintielaandeelverhouding wat ontwikkel is om die verwerking van kwalitatiewe navorsing te vergemaklik. Dit laat die gebruiker toe om video's, onderhoude, dokumente, foto's, media en enige ander materiaal maklik te analiseer en te kodeer (Alvira-Hammond, 2012:2).

waaruit hy/sy die essensie van die fenomeen kan identifiseer. Die navorser moet verder ondersoek of elke stelling wat uitgehaal is, benoem kan word.

c) Die groepering en tematisering van die data

Die data wat ná stap twee oorgebly het, word gegroepeer en in temas georden soos hulle in stap twee benoem is. Hierdie proses staan ook soms as die **aksiale kodering** bekend. **Aksiale kodering**, kom voor waar die temas in die oop kodering (stap 1) skerper omlyn word en in groter kategorieë ingedeel word (Bailey, 2007:129). Die temas wat in hierdie stam verder verfyn word, moet in die eerste plek genoegsame data bevat dat dit 'n bydra kan lewer tot die poging om die essensie te verstaan, en die navorser poog verder in hierdie stadium om die temas te benoem en temas wat ooreenstem, saam te voeg.

d) Finale identifikasie – selektiewe kodering (*validation*)

In die finale identifikasie word **selektiewe kodering** toegepas. **Selektiewe kodering** kom voor waar die resultate van die eerste en tweede kodering herevalueer word en veranderings waar nodig aangebring word . Die data word ook op dié stadium teenoor die volledige transkripsie van die deelnemers se onderhoude gekontroleer. Daar word in dié stadium ondersoek of die transkripsie presies weergee wat die deelnemer bedoel het en, indien iets nie korrek is nie, word dit reggemaak of, indien iets getranskribeer is wat die deelnemer nie bedoel het nie, word dit uit die analiseproses verwyder.

e) Individuele tekstuele beskrywings

In hierdie stadium van die data-analise word daar van die relevante temas gebruik gemaak om 'n individuele tekstuele beskrywing van elke onderwyser en vakadviseur te konstrueer wat woordelikse voorbeelde uit die onderhoude in sluit.

f) Individuele gestruktureerde beskrywing

In hierdie stadium word daar 'n individuele gestruktureerde beskrywing van elke skool en vakadviseur saamgestel deur na die individuele tekstuele beskrywings te kyk en die variasies met die insluiting van ander deelnemers te ondersoek.

g) Individuele tekstueel-gestruktureerde beskrywing

In die finale stap is daar van elke deelnemer (onderwysers en vakadviseurs) 'n tekstueel-gestruktureerde beskrywing saamgestel wat die betekenis en essensie van die bepaalde individu saamgevat het. Die deelnemer se data is in ag geneem. Nadat die individue se betekenis en essensie van die fenomeen ondersoek is, is dit saamgevoeg en 'n ryk beskrywing van die fenomeen, sy betekenis en essensie soos gesien vanuit die heel groep deelnemers se data, is gegee.

Die oop vrae van die semigestruktureerde fokusgroeponderhoude is deur inhoudsanalise geanaliseer. Volgens Maree (2009:101) is inhoudsanalise 'n stelselmatige benadering tot kwalitatiewe data. Dit is 'n induktiewe en iteratiewe proses waar daar na ooreenkomste en verskille gesoek word wat die fenomeen of sal ondersteun of afbreek.

1.6 Die rol van die navorser

In kwalitatiewe navorsing is die navorser sentraal tot die data-insameling (Wood, 2012:6). Die navorser was daarvoor verantwoordelik om met die skole en vakadviseurs kontak te maak. Die navorser het verder al die data ingesamel deur middel van oopvraelyste, semigestruktureerde fokusgroeponderhoude en dokumente wat die onderwysers en vakadviseurs gebruik het.

Die navorser was verder verantwoordelik vir die analise van die data. Alvorens die navorser die data kon analiseer, het sy die fenomenologiese prosedures van ***Lebenswelt*** en ***bracketing*** toegepas (sien punt 1.9). Nadat die navorser hierdie prosedures in ag geneem het en toegepas het, het sy die data geanaliseer soos bespreek onder punt 1.11 (sien Hoofstuk 6 en 7 vir volledige beskrywings). Die navorser het, deur hierdie stappe te volg, die essensie van die fenomeen ontdek waarna probleemareas uitgewys en tydens die program behandel kon word, soos in Hoofstuk 8 aan die hand gedoen word.

1.7 Betroubaarheid en geldigheid

Volgens Willis (2007:216) is dit belangrik dat daar verstaan word dat die terme soos "betroubaarheid" en "geldigheid" uit kwantitatiewe navorsing geneem is en dat daar nog geen presiese terme daarvoor in kwalitatiewe navorsing bestaan nie (Lichtman, 2013:302).

Vir die doel van hierdie studie is daar van die volgende terme gebruik gemaak: **geloofwaardigheid** (*credibility*),[8] **oordraagbaarheid** (*transferability*), **betroubaarheid** (*dependability, authenticity*) en **bevestiging of bevestigbaarheid** (*confirmability)* (Shenton, 2003:64). Hierdie terme word in kwalitatiewe navorsing gebruik en sal daarvolgens so in hierdie studie gebruik word. Terme soos "betroubaarheid" en "geldigheid" is problematies omdat daar dan verwag word dat die betrokke navorsing universele en veralgemeende wette aan die hand wil doen en dat die studie oordraagbaar is en word daar in die studie nie van die terme gebruik gemaak nie alhoewel verskeie kwalitatiewe navorsers wel daarvan gebruik maak.

1.7.1 Geloofwaardigheid (*credibility*)

Volgens Hays en Singh (2012:200) verwys geloofwaardigheid na die mate waartoe die studie se bevindinge en resultate geglo kan word. Geloofwaardigheid ondersoek hoe konkreet die bevindings ten opsigte van die werklikheid is. Volgens Lincoln en Guba (1985:8–9) is geloofwaardigheid een van die belangrikste faktore

[8] Die terme wat met betroubaarheid en geldigheid verband hou, word in Engels ook aangedui om enige verwarring as gevolg van die vertaling van die terme te voorkom. Daar is nie altyd presiese vertalings vir die terme in Afrikaans nie.

wanneer betroubaarheid en geldigheid in 'n studie bewerkstellig moet word. In hierdie studie is geloofwaardigheid bewerkstellig is van suksesvolle navorsingsmetodologie, triangulering, metodes om eerlikheid onder die deelnemers aan te moedig, interaktiewe vrae, voortdurende gesprekke met die promotors van die studie, die navorser se reflektiewe stellings, die agtergrond, kwalifikasie en ondervinding van die navorser en laastens die digte beskrywings wat gebruik is om die fenomeen te evalueer, gebruik gemaak.

Vir 'n volledige beskrywing van die metodes, sien Hoofstuk 6 en bylae C.

1.7.2 Oordraagbaarheid (*transferability*)

Oordraagbaarheid is volgens Hays en Singh (2012:200) soortgelyk aan eksterne geldigheid by kwantitatiewe navorsing. Oordraagbaarheid dui op die mate waartoe die bevindings van 'n bepaalde studie gebruik kan word om 'n veralgemening tot die groter gemeenskap te maak. Veralgemening is egter nie die doel van kwalitatiewe navorsing en sodoende van die fenomenologiese ontwerp nie. By kwalitatiewe navorsing en die fenomenologiese ontwerp is die doel van oordraagbaarheid om ryk beskrywings van die metodologie soos die deelnemers, agtergrond, tyd en verskeie ander aspekte te gee sodat die leser kan besluit tot watter mate die bevindings op die individue en/of groter gemeenskap van toepassing is.

In hierdie studie is daar 'n digte beskrywing van hoe die navorsing onderneem is. Die navorsing is deursigtig en die leser kan self besluit of die bevindings 'n aanduiding van die fenomeen in die groter gemeenskap is. Hoofstuk 6 bevat 'n volledige beskrywing van die metodologie.

1.7.3 Betroubaarheid/afhanklikheid (*dependability, authenticity*)

in dié studie verwys betroubaarheid na verskeie aspekte. In die eerste plek verwys dit na die mate waartoe die bevindings van die studie 'n eerlike weergawe is van die deelnemers se ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede met betrekking tot die fenomeen (Hays en Singh, 2012:201). Betroubaarheid hou verder verband met die keuse van 'n gepaste metodologie om die studie en bevindings te ondersteun.

In hierdie studie is daar gebruik gemaak van *bracketing*/afsondering om die navorser se invloed totaal uit die ondersoek te verwyder. Daar is herhaaldelik na die onderhoude geluister en daar is so direk moontlik gerapporteer. Daar is verder in die studie duidelikheid gegee oor die navorsingsmetodologie, die data-insameling en data-analise (sien Hoofstuk 6 en 7).

1.7.4 Bevestiging (*confirmability*)

Bevestiging verwys na die digtheid van die resultate van studie oor tyd en oor verskillende navorsers heen (Hays en Singh, 2012:201). Bevestiging stem ooreen met die term *confirmability* soos dit in kwantitatiewe navorsing genoem word. Daar moet bewys word dat daar soortgelyke bevindings by soortgelyke studies was, en alle navorsers wat by die navorsing betrokke was, moet oor die bevindings van die studie saamstem.

In hierdie studie is die resultate bevestigbaar deurdat dit deurgaans met studieleiers bespreek en gelees is.

1.8 Etiese aspekte

Etiese klaring is van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) ontvang. Die etieknommer vir die projek is NWU-00064-12-A2. Die studie is nie onder dwang gedoen nie, alle deelnemers het 'n keuse gehad of hulle aan die studie wou deelneem of nie. Alle deelnemers is verder anoniem gehou en name sal onder geen omstandighede bekend gemaak word nie.

Die navorser het vooraf die distriksbestuurder van die Wonderland-distrik gekontak nadat die nodige toestemming van die Wonderlank Onderwysdepartement verkry is om:

a) die navorsingsprobleem aan die distrik te verduidelik;
b) reëlings te tref vir die verspreiding van die vraelyste, die semigestruktureerde fokusgroeponderhoude en die insameling van dokumente;
c) die nodige toestemmingsbriewe is aan die vakadviseurs verskaf en die vakadviseurs is ingelig oor die navorsing; en
d) Die vraelyste is anoniem ingevul.

Op onderwysersvlak

Die navorser het die skole vooraf besoek nadat die nodige toestemming van die Wonderlank Onderwysdepartement verkry is, om:

a) die navorsingsprobleem aan die hoof te verduidelik;
b) reëlings te tref vir die verspreiding van die vraelyste, die semigestruktureerde fokusgroeponderhoude en die insameling van dokumente; en
c) die nodige toestemmingsbriewe aan die hoof te verskaf en die onderwysers in te lig oor die navorsing.
d) Die vraelyste is anoniem ingevul en die skole se name is nêrens vermeld nie.

1.9 Hoofstukindeling

In Hoofstuk 2 word daar op professioneleontwikkelingsprogramme en die implementering daarvan gefokus. Daar word in die Hoofstuk gekyk na die verskillende modelle wat professioneleontwikkelingsprogramme suksesvol kan maak, asook watter strategieë in ag geneem moet word by die beplanning van 'n suksesvolle professioneleontwikkelingsprogram.

Hoofstuk 3 handel oor die relevante teorieë wat gebruik is as begronding vir die voorgestelde professioneleontwikkelingsprogram vir die gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die Afrikaanse skoolkurrikulum.

In Hoofstuk 4 word die evaluering van KJL bespreek met inagneming van die ontwikkeling van leerders, narratiewe elemente en illustrasies om die keuse van boeke te vergemaklik.

In Hoofstuk 5 word daar gefokus na KJL as genre gefokus. Daar word gekyk na die verskillende subgenres in KJL en die doel van die genres in 'n professioneleontwikkelings-program.

In Hoofstuk 6 word die metodologie wat in die studie gebruik is, volledig uiteengesit.

Hoofstuk 7 bevat 'n digte beskrywing van die resultate van die empiriese navorsing.

In Hoofstuk 8 word die professioneleontwikkelingsprogram vir die insluiting van kinder- en jeugliteratuur vir graad 1 tot 6 voorgestel en bespreek.

In Hoofstuk 9 word 'n opsomming van die resultate gegee en aanbevelings vir verdere navorsing word gemaak. Leemtes ten opsigte van die studie word ook in dié Hoofstuk uitgelig.

HOOFSTUK 2: PROFESSIONELEONTWIKKELINGSPROGRAMME

2.1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel beleef vir die soveelste keer 'n proses van verandering (Jansen & Taylor, 2003:4). 'n Belangrike aspek van enige verandering in die onderwysstelsel is die professionele ontwikkeling van die onderwysers wat in die praktyk staan. Volgens die Suid-Afrikaanse Departement van Onderwys (SA, 2005:16) is die implementering van professioneleontwikkelingsprogramme van groot waarde omdat dit die skoolstelsel transformeer en vernuwe. Volgens die Departement van Onderwys (DvO) moet onderwysers en skoolhoofde die belangrikheid van professioneleontwikkelingsprogramme insien omdat dit waarde tot die opleiding en ontwikkeling van onderwysers kan toevoeg.

Aangesien leerders se akademiese prestasie in 'n groot mate van die onderrig deur onderwysers, die kurrikulum en die bestuur van die skool afhang, is professionele ontwikkeling essensieel (Spera *et al.*, 2009:1150). Voortdurende professionele ontwikkeling moet aangemoedig word ten einde aan onderwysers die nodige ondersteuning te gee om by die veranderende omgewing van skoolonderrig aan te pas. Wanneer onderwysers professioneleontwikkelingsprogramme bywoon, kry hulle die geleentheid om by verskeie veranderende elemente in die onderwys te leer aanpas. Dit sluit onder meer die demografiese veranderinge, innovasies in die skoolomgewing en sosiale en kulturele veranderinge in. Professioneleontwikkelingsprogramme moet aktief, konstruktief en probleemgeoriënteerd wees. Indien daar 'n probleem in die skoolstelsel ontstaan of 'n leemte geïdentifiseer word, kan professionele ontwikkeling daartoe bydra om die probleem op te los. Professionele ontwikkeling moet in die sosiale omgewing waarbinne die onderwyser beweeg en die omstandighede waarin die onderwyser onderrig, veranker wees en moet verder regdeur die loopbaan van die onderwyser plaasvind (Clarke & Hollingsworth, 2002; Jarvis, 1987; Kwakman, 2003; Putnam & Burko, 2000; Smylie, 1995).

Lesssing en De Witt (2007:58), Putnam en Burko (2000) en Smylie en Hart (1999) meen dat voortdurende en lewenslange professionele ontwikkeling deel moet wees van 'n skool se kultuur. Dit moet op natuurlike wyse deel van onderwysers se loopbaan wees en daar moet van onderwysers verwag word om professioneel te ontwikkel en sodoende die skool as geheel te bevoordeel. Onderwysers moet verantwoordelikheid aanvaar vir hulle eie optrede en die nodige kennis bekom, die nodige vaardighede ontwikkel en tegnieke toepas om hulle onderrig te bevorder. Onderwysers word deesdae nie slegs as 'n moontlike veranderlike wat die onderrig van leerders beïnvloed beskou nie, maar ook as die belangrikste veranderlike in die onderwysstelsel. Volgens Villegas-Reimers (2003:7) vervul die onderwyser 'n dubbele rol ten opsigte van verandering in die onderwysstelsel. Die onderwyser bring verandering teweeg wat betref die onderrig van leerders, maar verander ook aan homself/haarself wanneer hy/sy aan professionele ontwikkeling deelneem. Die dubbele rol van die onderwyser in 'n veranderde kurrikulum maak professionele ontwikkeling 'n groeiende en steeds wisselende omgewing. Volgens Darling-Hammond *et al*. (2009:2) is onderwysers nie noodwendig lewenslange leerders nie en moet daar gepoog word om onderwysers te motiveer om hulle kennis en vaardighede aanhoudend uit te brei.

Die term “lewenslange leerders” is welbekend, maar wanneer onderwysers eers die praktyk betree, is daar nie altyd tyd vir verdere leer nie. Onderwysers word vasgevang in die vereistes van die skoolkurrikulum, die administrasie en die verantwoordelikhede om die leerders te onderrig. Volgens die European Union (EU) 2010:12) is die omgewing waarin onderwysers werk, baie kompleks en word daar baie van onderwysers vereis. Dit impliseer dat selfs onderwysers met die hoogste kwalifikasies, wat al ’n geruime tyd in die onderwysprofessie is, nie noodwendig aan die vereistes van die leeromgewing, nuwe strategieë van onderrig en leer kan voldoen nie. Onderwysers word daarom aangemoedig om nuwe kennis en vaardighede te ontwikkel en voortdurend daaraan te verbeter. Volgens die EU (2010:12) moet professionele ontwikkeling gesien word as ’n lewenslange proses en kan professioneleontwikkelingsprogramme daarin slaag om onderwysers in die jongste praktyke op te lei. Die EU (2010:12) stel dit soos volg:

> *To equip the teaching body with the skills and competences needed for its new roles, it is necessary to have both quality initial teacher education and a coherent process of continuous professional development to keep teachers up to date with the skills required in a knowledge-based society.*

In hierdie hoofstuk word professioneleontwikkelingsprogramme ondersoek. Daar word onder andere nagegaan wat met die terme “professionele ontwikkeling” en “professioneleontwikkelingsprogramme” bedoel word. Die wyse waarop professioneleontwikkelingsprogramme saamgestel word, word ondersoek en so ook hoe om professioneleontwikkelingsprogramme so doeltreffend moontlik te maak. Daar word ook onder meer gekyk na die verskillende benaderings waarbinne professioneleontwikkelingsprogramme aangebied kan word en die vereistes waaraan professioneleontwikkelingsprogram moet voldoen om suksesvol aangebied te kan word. Daar word verder nagegaan watter leemtes daar met betrekking tot professioneleontwikkelingsprogramme bestaan en hoe hierdie leemtes en uitdagings gehanteer kan word ten einde ’n suksesvolle professioneleontwikkelingsprogramme te ontwikkel.

2.2 Definisies van professionele ontwikkeling en professioneleontwikkelingsprogramme

“Professionele ontwikkeling” verwys na die ontwikkeling van ’n persoon in sy/haar professionele rol. In die geval van onderwysers fokus professionele ontwikkeling spesifiek op die professionele groei van onderwysers deur te kyk na die ondervindings van die onderwysers en die evaluering van sy/haar onderrrig (Glatthorn, 1995:41).

Volgens die National Professional Development Centre on Inclusion (NPDCI) (NPDCI 2008:2) is professionele ontwikkeling egter nie maklik definieerbaar nie en hulle beweer dat daar sekere aannames oor professionele ontwikkeling vir onderwysers gemaak kan word:

- Die term “professionele ontwikkeling” sluit alle gefasiliteerde leergeleenthede in.
- Professionele ontwikkeling moet van toepassing wees op ’n diverse verskeidenheid persone soos onderwysers, onderwysassistente, die gesin, administrateurs en organisasies soos die onderwysdepartement en skool. Verder is dit op mense van verskillende rasse, sosio-ekonomiese agtergronde en kulture met ’n verskeidenheid kwalifikasies en ondervindings van toepassing.
- Die rol van die verskaffer in professionele ontwikkeling is om te organiseer en te fasiliteer.

- Professionele ontwikkeling het drie belangrike komponente, naamlik **wie** deelneem, **wat** aangebied word vir die professionele ontwikkeling en **hoe** die tegnieke toegepas gaan word.

Vanuit hierdie aannames definieer die NPDCI (2008:3) professionele ontwikkeling soos volg:

> *Professional development is facilitated teaching and learning experiences that are transactional and designed to support the acquisition of professional knowledge, skills, end dispositions as well as the application of this knowledge in practice. The key components of professional development include: a) the characteristics and contexts of the learners (the 'who' of professional development, including the characteristics and contexts of the learners and the children and families they serve); b) content (the 'what' of professional development; what professionals should know and be able to do; generally defined by professional competencies, standards, and credentials); and c) the organization and facilitation of learning experiences (the 'how' of professional development; the approaches, models, or methods used to support self-directed, experientially-oriented learning that is highly relevant to practice).*

Die EU (2010:19) definieer professionele ontwikkeling as die stelsel van aktiwiteite wat onderwysers vir hulle beroep voorberei soos onder meer die voorgraadse opleiding wat onderwysers ontvang, kursusse, indiensopleiding en voordurende professionele ontwikkeling binne die skoolomgewing. Buysse *et al*. (2009:241), die Organisation for Economic Co-operation and Development (OECD) (2005:49), die National Association for the Education of Young Children (NAEYC) (2008:36) en Cooper (2002:1) definieer professionele ontwikkeling soos volg:

> *Professional development is defined as activities that develop an individual's skills, knowledge, expertise and other characteristics as a teacher.*

Uit die bostaande definisies blyk dit dat professionele ontwikkeling die onderstaande behels:


a) professionele ontwikkeling skep geleenthede waar onderwysers hulle vaardighede, kennis en moontlike agterstand kan op- en uitbou;
b) professionele ontwikkeling fokus nie net op onderwysers wat hulleself deur die geleentheid kan verbeter nie, maar ook op die rol wat professionele ontwikkeling in die breë gemeenskap kan speel; en
c) daar moet duidelikheid wees oor **wat** tydens professionele ontwikkeling aangebied gaan word, **wie** die persone is wat die spesifieke opleiding gaan bywoon, en **op watter wyse** professionele ontwikkeling die beste aangebied kan word.

Hieruit is professionele ontwikkeling, vir die doel van dié studie, gedefinieer as aktiwiteite vir die bevordering van die ingesteldhede, kennis en vaardighede van onderwysers met as sleutelfaktore **wie** professioneleontwikkelingsprogramme aanbied, **wat** ingesluit behoort te word by professioneleontwikkelings-programme en **hoe** professioneleontwikkelingsprogramme aangebied behoort te word met inagneming van onderwysers wat reeds in die praktyk is (sien afdeling 2.4).

2.3 Konseptuele raamwerk (wie, wat en hoe?)

Daar is verskeie aspekte wat in ag geneem word wanneer 'n professioneleontwikkelingsprogram ontwikkel word. Die NPDCI (2008:3) doen 'n konseptuele raamwerk aan die hand wat die beplanning en implementering van professioneleontwikkelingsprogramme kan vergemaklik. Die raamwerk kan gebruik word om die sleutelkomponente van professionele ontwikkeling soos onder andere die vrae **wie, wat** en **hoe** te beantwoord. Die antwoorde op hierdie vrae sal die omvang, werking en implementering van die professioneleontwikkelingprogram omskryf.

Die konseptuele raamwerk soos voorgestel deur die NPDCI (2008:3) kan soos volg uiteengesit word (sien Figuur 2.1).



Figuur 2.1: 'n Konseptuele raamwerk vir professionele ontwikkeling

2.3.1 Die wie van professionele ontwikkeling

Hier moet die fokus op die onderwyser wat professioneleontwikkelingsprogramme bywoon, val. Onderwysers wat professionele ontwikkeling binne 'n bepaalde program ontvang, kan op verskeie maniere van mekaar verskil, soos byvoorbeeld ten opsigte van hulle kwalifikasies, vakgebied, ondervinding, ras en kultuur. Die leerder wat deur 'n bepaalde onderwyser onderrig word, moet ook in ag geneem word. Daarom moet professioneleontwikkelingsprogramme so aangebied word dat die onderwyser weet hoe om leerders in verskillende situasies te kan onderrig. Alhoewel nie al die verskille in ag geneem kan word wanneer

professioneleontwikkelingsprogramme saamgestel word nie, is dit belangrik dat die verskille en karaktereienskappe van die groep waarmee daar gewerk word, in ag geneem word (NPDCI, 2008:4).

Vir professioneleontwikkelingsprogramme om suksesvol te wees, moet daar 'n kultuur van ondersteuning geskep word. Volgens Bush (1999:62) is daar ses faktore wat nodig is om 'n kultuur van ondersteuning in die skool te bewerkstellig, naamlik:

- die vorming van ontwikkelende norme van kollegialiteit, openlikheid en vertroue;
- die skep van geleenthede en tyd sodat die dissipline waaroor die program handel ondersoek kan word;
- die skep van geleenthede vir onderwysers om die konteks en inhoud van 'n vakgebied te leer;
- herevaluering van leierskapfunksies om leierskap in die skool te herdefinieer;
- die skep van ondersteunende netwerke en samewerking; en
- onderwysers moet leiers van hulle eie professionele ontwikkeling word.

Om 'n ondersteunende kultuur te skep, moet onderwysers en administrateurs wat in die skool werk, saamwerk om professionele ontwikkelingsgeleenthede te skep. Hoofde se leierskap is baie belangrik by die ondersteuning van professionele ontwikkeling in skole (Bush, 1999; Clement & Van der Berghe, 2001; Fernandez, 2000; Moore, 2000; Marshall *et al*., 2001). Hoofde moet die onderwysers ondersteun, anders is die moontlikheid dat professionele ontwikkeling sal plaasvind, baie skraal. Hoofde moet gesien word waar hulle onderwysers ondersteun en hulle moet hoë verwagtinge van onderwysers se vermoë skep en beslistheid en moedigheid aan die onderwysers wat aan professioneleontwikkelingsprogramme deelneem, oordra (Fernandez, 2000:241). Clement en Van der Berghe (2001) is van mening dat die grootste ondersteuning wat hoofde aan onderwysers kan gee, is om werksomstandighede te skep waar onderwysers tyd aan hulle eie professionele ontwikkeling kan bestee. Indien dit gereël kan word, kan onderwysers meer georganiseerd wees en hulle eie professionele ontwikkeling bestuur.

Onderwysers se houding en gevoelens speel 'n deurslaggewende rol by die implementering van 'n professioneleontwikkelingsprogram. Onderwysers moet op hulle gemak voel wanneer hulle die betrokke programme bywoon en moet verder nie voel dat hulle gekritiseer word of dat hulle werk nie voldoende is nie. Onderwysers móét voel dat die professioneleontwikkelingsprogram die onderrigproses aanvul.

Die stadium waarin die skool of skoolstelsel en onderwyser is wat betref ontwikkeling is 'n baie belangrike faktor tydens professionele ontwikkeling, juis omdat die professioneleontwikkelingsprogram en die skoolstelsel met mekaar moet ooreenstem. Die ontwikkelingstadium van die skool en van die onderwyser is veranderlikes wat die **wie** wat die professioneleontwikkelingsprogramme bywoon, beïnvloed. Dit help nie dat een skool beter ontwikkel is as 'n ander nie aangesien dit tot gevolg kan hê dat óf die professioneleontwikkelingsprogram óf die skoolstelsel agterweë gelaat kan word (Johnson *et al.*, 2000).

Volgens Johnson *et al*. (2000:181) is daar vier stadiums in die ontwikkeling van die skoolstelsel:

- **Stadium een** – die geen-vaardigheid-stadium: in hierdie stadium is die meeste onderwysers wat onderrig gee, onderwysers wat nie 'n formele kwalifikasie het nie. In hierdie stadium moet professioneleontwikkelingsprogramme op gestruktureerde onderwysersleiding en pedagogie fokus en moet dit die skool se leiding en ondersteuning aan leerders bevorder.

- **Stadium twee** – die meganiese stadium: in dié stadium het die meeste onderwysers, tot 'n mindere mate, opleiding ontvang in onderrig en leer. As gevolg hiervan doen onderwysers hulle werk op 'n meganiese wyse deurdat hulle streng volgens handboeke en die nasionale kurrikulum onderrig sonder om eie inisiatief te toon. In dié stadium moet 'n professioneleontwikkelingsprogram onwikkel wat onderwysers deur middel van kursusse en werkwinkels aan 'n verskeidenheid handboeke, inligting en kennis bekendstel.

- **Stadiums drie en vier** – hierdie stadiums kom afsonderlik voor en behels roetine-onderrig (onderwysers doen elke keer dieselfde) en professionele onderrig (onderwysers verander roetines en toets nuwe strategieë). In beide dié stadiums reflekteer onderwysers oor hulle onderrig en dit moet in ag geneem word wanneer daar aan 'n professioneleontwikkelingsprogram gewerk word. Blootstelling van onderwysers, byvoorbeeld aan nuwe strategieë, kan onderwysers se kennis en vaardighede op verskillende wyses beïnvloed.

'n Professioneleontwikkelingsprogram wat in een van die stadiums suksesvol was, sal nie noodwendig in 'n ander stadium suksesvol wees nie. Behalwe vir die skoolstelsel wat in verskillende stadiums van ontwikkeling kan wees, kan elke individuele onderwyser ook in verskillende stadiums wees ten opsigte van sy/haar eie professionele ontwikkeling.

Vir professioneleontwikkelingsprogramme om suksesvol te wees, moet elke individuele onderwyser se stadium van professionele ontwikkeling in ag geneem word omdat die doelwitte van die individuele onderwysers sal verander. Huberman (1989:42) het die onderstaande stadiums in die professionele ontwikkeling van die onderwyser geïdentifiseer:

- **Stadium een**: onderwysers betree die onderrig- en leerprofessie; dis 'n tyd van oorlewing en ontdekking (een tot drie jaar in die professie). Hierdie stadium word deur Dreyfus en Dreyfus (1986) beskryf as die 'groentjiestadium'. In hierdie stadium voel onderwysers dat persoonlike praktiese ondervinding meer waardevol is as inligting wat verbaal oorgedra word.

- **Stadium twee**: Stabilisering van die onderwyser: onderwysers verbind hulle tot onderrig en leer as 'n loopbaan (vier tot ses jaar in die professie). Dreyfus en Dreyfus (1986) beskryf dié stadium as die 'gevorderde beginnerstadium' en is gewoonlik eerder tweede en derde jaar onderwysers. Wanneer die beginneronderwyser sekere ondervindings opgedoen het, word hy/sy 'n 'gevorderde beginner'. Die ondervinding wat die onderwyser tot op dié stadium opgedoen het, sal sy of haar gedrag op 'n betekenisvolle manier beïnvloed. Onderwysers begin op dié stadium handboeke op 'n ervare wyse

gebruik. In dié stadium is onderwysers steeds deel van die hiërargie van departementshoofde en ander strukture. Dit het tot gevolg dat onderwysers nie volle verantwoordelikheid vir hulle optrede aanvaar nie.

- **Stadium drie**: Hierdie stadium word deur uiteenlopenheid gekenmerk waar party onderwysers hulle eie programme ontwikkel en nuwe strategieë en metodes probeer toepas. Ander onderwysers sien dit as 'n tydperk waartydens hulle hulle selfvertroue verloor. Baie onderwysers verlaat die professie in dié stadium (sewe tot agtien jaar in die professie). Dreyfus en Dreyfus (1986) stem nie saam met Huberman se beskrywing van 'n uiteenlopende stadium nie, maar beskryf dit eerder as die 'bekwame stadium' (onderwysers in hulle vierde en vyfde jaar). Onderwysers beweeg vanaf die gevorderde beginnerstadium na die bekwame stadium wanneer hulle voldoende ondervinding en motivering het om suksesvol te wees. In dié stadium neem onderwysers deurdagte besluite oor wat hulle in die klas gaan doen en hoe hulle die planne gaan implementeer. Onderwysers kan onderskei tussen dit wat in die klas belangrik is en dit wat nie belangrik is nie. Onderwysers het meer beheer oor die situasie en kan hulleself in hulle daaglikse aktiwiteite en onderrig organiseer.

- **Stadium vier**: Vir party onderwysers is dit 'n tyd waarin hulle selfassessering doen en gemakliker raak in die onderrig- en leeromgewing. Vir ander onderwysers is dit egter 'n tyd waarin hulle die stelsel, administrasie, kollegas en selfs die professie kritiseer (negentien tot dertig jaar). Hierdie stadium word deur Dreyfus en Dreyfus (1986) die 'professionele stadium' (sesde jaar) genoem. Baie min onderwysers vorder tot by hierdie stadium. In hierdie stadium speel intuïsie 'n belangrike rol en onderwysers weet hoe om leerders te onderrig.

- **Stadium vyf**: Dit is 'n stadium van afstand kry, en onderwysers beweeg geleidelik uit die professie. Vir sommige onderwysers is dit 'n stadium van refleksie; vir ander 'n tyd van verbittering. Dreyfus en Dreyfus (1986) beskou hierdie stadium nie as 'n stadium van distansiëring nie, maar eerder as die 'kennerstadium'. Onderwysers in dié stadium demonstreer goeie aanbieding en besluitneming. Hulle planne werk gewoonlik uit, maar wanneer dit nie gebeur nie, kan die onderwysers by die nuwe omstandighede aanpas en veranderinge aanbring indien nodig. In dié stadium is die onderwysers leerdergesentreer en nie, soos die beginneronderwyser, onderwysergesentreer nie.

Keiffer-Barone en Ware (2001:56) verdeel die stadiums van professionele ontwikkeling by die individuele onderwyser soos volg:

- internskap (studente wat 'n deeltydse salaris ontvang);
- vakleerling (eerste jaar van voltydse onderwys);
- beginner (onderwysers volg kursusse om professioneel te ontwikkel);
- loopbaan (verskeie professioneleontwikkelingsprogramme word in dié stadium gevolg, in baie gevalle vir posisies van gesag); en
- gevorderde stadium (onderwysers kan aansoek doen om departementshoofde of distrikbestuurders te word. Hulle aanvaar meer verantwoordelikheid en beklee leierskapposisies).

Keiffer-Barone en Ware (2001) se klassifikasie verskil van die eerste klassifikasie wat betref onderwysers se professionele ontwikkeling aangesien hulle 'n intern of student-onderwyser as deel van die klassifikasie beskou. Volgens die ander klassifikasies word die stadiums van professionele ontwikkeling eers gemeet vanaf die eerste jaar wat die onderwyser die onderwysberoep betree. Die vraag moet gevra word of dit altyd moontlik is om die individu se stadium van professionele ontwikkeling in ag te neem wanneer professioneleontwikkelingsprogramme ontwikkel word. Onderwysers op verskillende vlakke sal óf baie baat vind by 'n professioneleontwikkelingsprogram óf verveeld wees omdat hulle reeds oor die inligting beskik sou hulle dit in hulle voorgraadse studies geleer het. Dit is nie moontlik om in 'n werkswinkel waar baie onderwysers die opleiding ontvang, altyd en noodwendig die individue in ag te neem nie. Waar dit wel moontlik is, is individuele aandag nodig en moet geleentheid gegee word vir vrae, sodat die spreker onderwysers wat spesifieke probleme ondervind, kan help. Verder is ondersteuning na afloop van 'n professioneleontwikkelingswerkswinkel uiters belangrik, want dit is waar die individuele onderwysers se ontwikkelingstadium in ag geneem kan word.

Die persoon wat die professionele ontwikkeling verskaf, moet ook in aanmerking geneem word. Indien die persoon ongemaklik is met die bepaalde omstandighede waarbinne die professionele ontwikkeling plaasvind, sal die ontwikkeling van die onderwysers se vaardighede nie noodwendig suksesvol wees nie. Onderwysers wat ongemaklik is met nuwe metodes, sal in die eerste plek teen die veranderings vasskop, omdat dit wat hulle op daardie stadium doen, vir hulle aanvaarbaar is, en die nuwe metodes meer werk vir die onderwyser kan beteken. Onderwysers kan verder voel dat hulle persoonlik gekritiseer word wanneer nuwe metodes aan hulle bekendgestel word (Villegas-Reimers 2003:25).

Die onderwyser speel 'n sentrale rol in professioneleontwikkelingsprogramme. Dit is die doel van professioneleontwikkelingsprogramme om onderwysers op te lei om hulle onderrigmetodes en -praktyke te verbeter in 'n poging om leerders in 'n bepaalde milieu te onderrig. Daar moet gekyk word na die verskillende aspekte van 'n onderwyser wat 'n rol speel by die onderrig van leerders. Dit sluit onder meer in: die onderwyser se persoonlikheid, sy/haar formele kwalifikasies en ondervinding, vakkennis en pedagogiese kennis. Hierdie aspekte word hieronder in meer besonderhede bespreek.

a) Die onderwyser se persoonlikheid

   Die karakter en persoonlikheid van die onderwyser is lank reeds die fokus van navorsing (Villegas-Reimers, 2003:26). In navorsing deur Brophy, 1983 en Darling-Hammond, 1999 is daar onder meer na veranderlikes soos onderwysers se aanpasbaarheid, ekstroversie en introversie, lokus van kontrole, onafhanklikheid, en algemene en verbale intelligensie gekyk. Daar is bevind dat, indien onderwysers toeganklik en hartlik is, dit leerders positief kan beïnvloed (Medley & Mitzel, 1963; Rosenshine & Frust, 1973).

b) Die onderwyser se formele kwalifikasies en ondervinding

   Onderwysers is veronderstel om oor formele geakkrediteerde kwalifikasies te beskik om skool te gee. Formele kwalifikasies soos 'n BA-graad, 'n nagraadse diploma in onderwys of 'n BEd-graad (of verdere nagraadse kwalifikasies) stel onderwysers in staat om in 'n spesifieke rigting te onderrig.

Tydens dié programme leer onderwysers gewoonlik hoe om pedagogiese metodes te gebruik en hoe om 'n bepaalde vak te onderrig. Wanneer 'n nuwe kurrikulum egter geïmplementeer word, soos die geval nou in Suid-Afrika met die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidverklaring (KABV) is, moet hierdie pedagogiese metodes aangepas word om, indien nodig, by die nuwe kurrikulum aan te pas. In dié opsig is professioneleontwikkelingsprogramme van onskatbare waarde. 'n Formele kwalifikasie kan 'n goeie wegspringpunt wees vir onderwysers, maar onderwysers moet nie slegs by die opleiding volstaan nie. Onderwysers moet dus deur professioneleontwikkelingsprogramme ondersteun word om hulle kennis en vaardighede voortdurend te vernuwe.

Ondervinding speel verder 'n beduidende rol. Onderwysers met ondervinding kan nuwe metodes met gemak implementeer omdat hulle ondervinding het van wat in skole werk en hoe sekere metodes gebruik kan word om leerders in die klaskamer te onderrig. Professioneleontwikkelingsprogramme in besonder kan hier 'n rol speel, veral as daar kans gegee word vir gesprekke tussen onderwysers en die persoon wat die program aanbied. Op dié wyse kan nuwe metodes geïnkorporeer word en ander onderwysers en die persoon wat die program aanbied, kan daarby baat vind.

c) Onderwysers se inhoudelike kennis van 'n spesifieke vak

Volgens Darling-Hammond (1999) is vakkennis 'n belangrike aspek van onderrig. 'n Onderwyser moet genoegsame kennis hê van die vak wat hy/sy wil onderrig. Sonder genoegsame kennis het onderwysers nie vertroue nie wat dan weer hulle onderrig beïnvloed. Volgens Darling-Hammond (1999) kan daar aangevoer word dat 'n onderwyser enige vak kan onderrig as hy/sy genoegsame pedagogiese kennis het. Pedagogiese kennis gee aan onderwysers die vaardighede om vakke aan te bied. Onderwysers moet egter genoegsame vakkennis hê sodat hulle vakinhoude met rykheid aan leerders kan bied en sodoende leerders positief beïnvloed. As 'n onderwyser nie die nodige kennis het nie, kan die aanbieding van die vak leerders verveel (Adamson *et al*., 2012:14; Borko 2004; Fishman *et al*. 2001; Newman *et al.,* 2000).

Die onderwyser se vakkennis is verder belangrik omdat dit aan die onderwyser die vertroue gee om met gemak te onderrig. Indien die onderwyser nie die nodige vakkennis het nie, kan hy/sy voortdurend voel dat hy/sy 'n fout kan maak waarop die leerders die onderwyser kan wys. Indien dit gebeur, kan dit veroorsaak dat die leerders en selfs ouers vertroue in die onderwyser verloor wat weer op sy beurt leer kan verhinder (Ball & Forzani, 2007; Ball & Forzani, 2009:499; Cohen *et al*., 2003).

d) Pedagogiese kennis

Pedagogiese kennis verwys na die selektering van die onderwerp, die manier waarop die onderwerp die beste aangebied kan word, illustrasies, voorbeelde, die verduideliking van die onderwerp en demonstrasies. Pedagogiese kennis behels die onderrigmetodes en vaardighede wat 'n onderwyser gebruik om 'n vak te onderrig. Pedagogiekkennis kan gedefinieer word as onderwysers se interpretasie en transformasie van vakkennis tydens die onderrig van leerders (Koehler, 2011). Die sleutelelemente van pedagogiese kennis is onder meer:

a) die onderrig- en leermetodes wat met die bepaalde vak geassosieer kan word;
b) die kennisbasis van onderrig;
c) kurrikulumkennis;
d) kennis van die opvoedkundige verband; en
e) kennis oor die doel van onderrig en leer (Solís, 2009).

Pedagogiekkennis kan gebruik word om te bepaal waarom 'n bepaalde onderwerp vir leerders moeilik of maklik is. Insig waarom iets vir leerders maklik of moeilik is, kan die onderwyser help om te verstaan hoe hy/sy die inhoud moet verduidelik (Krauss *et al*., 2008). Leerders en onderwysers verander; daarom verander die pedagogiese benadering tot onderwerpe ook. Professioneleontwikkelingsprogramme kan hier veral van waarde wees, aangesien nuwe metodes gedeel kan word en ondervinding uitgeruil kan word.

Indien die persoonlikheid van die onderwyser, sy/haar kwalifikasies en ondervinding, vakkennis en pedagogiese kennis in ag geneem word wanneer 'n professioneleontwikkelingsprogram beplan word, kan professionele ontwikkeling meer suksesvol wees.

Vanuit die bespreking is dit duidelik dat die karaktereienskappe van beide die onderwyser wat die professioneleontwikkelingsprogramme bywoon en die persoon wat die programme aanbied in ag geneem moet word wanneer 'n professioneleontwikkelingsprogram beplan word. Afgesien van die **wie** wat in 2.4.1 bespeek is, moet daar verder deeglik besin word oor **wat** in die program ingesluit moet word.

2.3.2 Die <u>wat</u> van professionele ontwikkeling

Wanneer daar ondersoek word wat in professioneleontwikkelingsprogramme ingesluit moet word, is die fokus op die agtergrond waarteen die professionele ontwikkeling sal plaasvind. Die agtergrond verwys hier na die kennis en vaardighede waarop daar in die bepaalde professioneleontwikkelingsprogram gefokus gaan word. Volgens die NPDCI (2008:4) moet daar onder meer gekyk word na die professionele standaarde, gehalte en verwagte uitkomste van die professioneleontwikkelingsprogram wanneer die program saamgestel word. Die **wat** sal ook van plek tot plek verskil. Dit is belangrik dat die inhoud van professioneleontwikkelingsprogramme maklik aanpasbaar is by die vlak van onderwysers se ingesteldheid, kennis en vaardighede wanneer daardie bepaalde onderwysers professioneleontwikkelingsprogramme bywoon. Daar moet nie te veel op inhoud wat onderwysers reeds weet, gefokus word nie, omdat dit onderwysers kan verveel en die program onsuksesvol kan maak. Die inhoud moet egter ook nie te moeilik wees nie, omdat dit onderwysers sal verwar en veroorsaak dat hulle nie die nuwe kennis met sukses kan implementeer nie.

Die vraag oor watter kennis 'n onderwyser moet hê om leerders te onderrig, is steeds 'n kwellende vraag. Verskeie navorsers (Ball *et al*., 2007:2; Burko & Putnam, 1995; Glaser, 1987, Grosso de Leon, 2001; Jegede *et al*., 2000; Reynolds, 1992) het al gepoog om die vraag te beantwoord. Daar word onder meer deur die

navorsers voorgestel dat daar verskillende soorte kennis en vaardighede is waaroor onderwysers moet beskik om leerders te kan onderrig. Dit sluit onder andere die onderstaande in:

Inhoudskennis, met ander woorde onderwysers se kennis oor die vak wat hulle aan die leerders onderrig. Volgens Shulman (1986) is inhoudskennis vir enige onderwyser baie belangrik, juis omdat idees, organiserende raamwerke en die gemak waarmee die onderwyser onderrig van die onderwyser se inhoudskennis sal afhang. Die inhoudskennis van verskillende vakke verskil van mekaar, en daarom is dit belangrik dat onderwysers fundamentele en gevorderde kennis het van die vak wat hulle onderrig. Indien leerders verkeerde inhoud aanleer, sal dit tot gevolg hê dat die leerders begrippe verkeerd verstaan en toepas (NRC, 1999; Pfundt & Duit, 2000). Inhoudskennis is egter ook die onderwerp van verskeie debatte. Navorsers verskil van mekaar oor wat leerders moet leer en tot op watter vlak hulle die kennis moet kan weergee (Pennock, 2001; Zimmerman, 2002). Om dié rede word daar van die KABV in hierdie studie gebruik gemaak om die inhoudskennis wat onderwysers ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur moet hê, uiteen te sit. Alhoewel die KABV nie voorskryf watter inhoudskennis onderwysers moet hê nie, stel dit voor watter inhoudskennis aan leerders oorgedra moet word (sien Figuur 2.2).

Pedagogiese kennis is onderwysers se dieper kennis oor die proses en metodes van onderrig en leer. Pedagogiese kennis sluit onder meer die opvoedingsproses, waardes en doelwitte in. Onderwysers moet verstaan hoe leerders leer, hoe ’n klas bestuur behoort te word, asook lesbeplanning en assessering. Daar word deur onderwysers opgelet na die tegnieke wat in die klas gebruik kan word, die spesifieke groep wat onderrig word en hoe om te bepaal of leerders die inligting in die klasomgewing verstaan.

Onderwysers wat pedagogiese kennis goed verstaan, sal verstaan hoe leerders kennis opbou en hoe om hulle leergewoontes en denke positief te beïnvloed sodat leer kan plaasvind. Onderwysers moet dus kennis dra van leerders se kognitiewe vermoëns, sosiale ontwikkeling, algemene ontwikkelingsteorie en hoe hierdie kennis in die klaskamer met inagneming van die leerder toegepas moet en kan word (Koehler & Mishra, 2009:64) (sien Figuur 2.2).

Pedagogiese inhoudskennis kan dus beskryf word as die kennis waaroor ’n onderwyser moet beskik om spesifieke inhoud aan leerders oor te dra (Koehler & Mishra, 2009:64). Volgens Shulman (1986) verwys pedagogiese inhoudskennis na die onderwyser se interpretasie van spesifieke inhoudskennis. Die onderwyser se vermoë om die inhoud op verskillende maniere oor te dra en by die onderrigmateriaal tot sy/haar beskikking aan te pas en laastens die vermoë om leerders se voorafkennis in ag te neem en daarby aan te pas kan beskryf word as pedagogiese inhoudskennis.

Volgens Koehler en Mishra (2009: 64) is pedagogiese inhoudskennis die kern van onderrig, leer, kurrikulering, assessering en terugvoer omdat dit ’n positiewe leeromgewing vir leerders skep. Dit is belangrik dat onderwysers kennis sal dra van algemene misverstande wat in die onderrig van ’n vak voorkom en van die wyse waarop daar na die misverstande gekyk word. Onderwysers moet skakels vir leerders kan maak tussen verskillende inhoudgebaseerde idees, leerders se voorkennis, alternatiewe onderrigstrategieë en alternatiewe maniere verken om idees of probleme op te los vir effektiewe leer (sien Figuur 2.2).

Tegnologiekennis is ’n relatief nuwe toevoeging tot die veld van kennis vir onderwysers. Tegnologiekennis is altyd aan die verander en word daarom deur onderwysers as problematies beskou (Koehler & Mishra, 2006:64). Koehler en Mishra is verder van mening dat enige definisie verouderd sal wees wanneer nuwe tegnologie die lig sien wat in die klaskamer gebruik kan word, omdat tegnologie so vinnig verander en ontwikkel. Alhoewel tegnologie daagliks verander, kan sekere maniere van dink en werk met tegnologie op die meeste tegnologiese hulpbronne toegepas word.

Die Committee of Information Technology Literacy of the National Research Council NRC (1999) definieer tegnologiekennis as nie net die blote begrip van rekenaargeletterdheid nie, maar dat dit van die persoon vereis om inligtingstegnologie goed genoeg te verstaan dat hy/sy inligtingstegnologie kan gebruik om inligting te verwerk, te kan kommunikeer en om probleme op te los. Tegnologiekennis maak dit vir die onderwyser moontlik om ’n verskeidenheid take met behulp van tegnologie te voltooi. Tegnologiekennis is verder nie ’n proses wat ooit ’n einde sal bereik nie, maar dit moet eerder gesien word as ’n ontwikkelende, immer wisselende interaksie met tegnologie (sien Figuur 2.2).


Inhoudskennis van tegnologie kan omskryf word as kennis wat onderwysers moet hê oor die uitwerking wat tegnologie op die spesifieke vak wat die onderwyser onderrig, het. Inhoudskennis van tegnologie verwys na die onderwyser se vermoë om die manier waarop tegnologie en inhoud mekaar wedersyds beïnvloed, in ag te neem. Volgens Koehler en Mishra (2009:65) moet onderwysers nie net die inhoud van hulle vakke wat hulle onderrig ken nie, maar ook die manier waarop die integrering van tegnologie, die onderrig van hul vak kan beïnvloed. Onderwysers moet verder weet watter tegnologie die beste vir die onderrig van sekere vakke kan wees (sien Figuur 2.2).

Pedagogiese kennis van tegnologie verwys na ’n onderwyser se vermoë om te bepaal hoe onderrig en leer verander kan word wanneer tegnologie op ’n bepaalde wyse gebruik word. Volgens Koehler en Mishra (2009:66) moet onderwysers deur middel van pedagogiese kennis van tegnologie verby die tradisionele gebruike van apparatuur en programmatuur kyk. Onderwysers moet die vermoë hê om hulle gebruik van inligtingstegnologie aan te pas en te verander sodat dit by die pedagogiese elemente van onderrig aanpas. Pedagogiese kennis van tegnologie vereis van onderwysers om kreatief en toeganklik te wees ten opsigte van tegnologie en die gebruik daarvan in die klaskamer.

Wanneer al bogenoemde kenniskomponente saamgevoeg word, word daar na die **pedagogiese inhoudskennis ten opsigte van tegnologie** gekyk. Pedagogiese inhoudskennis ten opsigte van tegnologie (sien Figuur 2.2) is kennis wat ontwikkel wanneer dié drie kern- kenniselemente (inhoudskennis, pedagogiese kennis en tegnologiekennis) saamgevoeg word. Pedagogiese inhoudskennis ten opsigte van tegnologie is die basis van effektiewe onderrig met behulp van tegnologie. Volgens Koehler en Mishra (2009:66) lê die sukses van die moderne onderwyser in sy/haar vermoë om met gemak van al drie dié kenniskomponente gebruik te maak.

In Suid-Afrika is dit egter nie altyd maklik om die verskillende soorte kennis in te reken nie. Volgens Herselman (2003) is daar skole wat geen toegang tot inligtingstegnologie het nie. Baie skole het nie eens

elektrisiteit of lopende water nie; daar kan dus nie van die onderwysers verwag word om genoegsame kennis van die tegnologie wat hulle nie kan gebruik of mee in aanraking kan kom, te hê nie. As gevolg hiervan sal die professioneleontwikkelingsprogram wat tydens hierdie studie ontwikkel is, voorsiening maak vir die huidige diverse leeromgewing in Suid-Afrika. Daar sal voorsiening gemaak word vir 'n tegnologiebasis vir die program en 'n tradisionele sigkopieweergawe vir onderwysers wat nie toegang tot tegnologie het nie.



Figuur 2.2: 'n Konseptuele raamwerk van kenniskomponente

(aangepas vanuit Koehler & Mishra, 2009:63).

Kennis en vaardighede om met leerders vanuit diverse kulture, sosiale en linguistieke agtergronde te werk, is verder baie belangrik (Adamson *et al*., 2012:14; Alidou, 2000; Gay & Howard, 2000; Weisman, 2001). Dit is nodig, veral in 'n samelewing soos Suid-Afrika waar verskillende kulture mekaar beïnvloed. Onderwysers moet genoegsame kennis hê om diverse leerders te kan onderrig. Volgens Gorski *et al*. (2000) en Norberg (2000) is 'n multikulturele perspektief tydens onderwysersopleiding essensieel en veral by professioneleontwikkelingsprogramme sodat dit effektief sal wees. Indien onderwysers kennis en ingesteldhede het wat politieke en sosiale geregtigheid ondersteun, kan onderwysers gesien word as belangrike agente van verandering wat maatskaplike verandering kan bevorder.

Die omgewing waarin onderwysers onderrig en waarin professionele ontwikkeling plaasvind, kan baie van mekaar verskil en kan die inhoud van die professioneleontwikkelingsprogram beïnvloed omdat dit die kennis,

vaardighede en ingesteldheid van die onderwyser beïnvloed. Dit kan 'n groot invloed op onderwysers, hulle werk en hulle professionele ontwikkeling hê en daarom moet professionele ontwikkeling op verskillende vlakke in die onderwysstelsel plaasvind, soos op provinsiale vlak en skoolvlak (McLaughlin, 1994:47). Elkeen kan 'n merkwaardige bydrae maak tot die professionele ontwikkeling van onderwysers.

Daar is verskeie modelle wat gebruik kan word om professioneleontwikkelingsprogramme te ontwikkel en aan te bied (sien afdeling 2.3.3.2). Daar is nie een model wat in alle omstandighede sal werk nie; dit hang af van die omstandighede waarin die skool is, soos byvoorbeeld die kultuur van die skool, die gemeenskap waarin die skool is en die sosio-ekonomiese status van die skool (Supovitz & Turner, 2000:963). 'n Model wat in een land gewerk het, kan nie sonder aanpassing in ander lande geïmplementeer word nie. In die meeste gevalle sal die modelle dan nie suksesvol wees nie (Johnson *et al*., 2000:179). Die omgewing waarin professionele ontwikkeling plaasvind en die agtergrond waarteen onderwysers klasgee, is uiters belangrik. Suksesvolle professionele ontwikkeling en die veranderinge wat dit teweeg bring, kan slegs plaasvind wanneer dit by die regte kontekstuele struktuur, beleide en stelsels in 'n professioneleontwikkelingsprogram ingesluit word.

Dit wat in professioneleontwikkelingsprogramme aangebied word, kan die aanbieders sowel as die onderwysers wat dit bywoon, help om nuwe ingesteldhede, kennis en vaardighede te leer en te implementeer. Dit kan verder daartoe bydra dat onderwysers verstaan hoe spesifieke omstandighede die keuses van metodes van onderrig kan beïnvloed. Dit laat onderwysers toe om die doel met die gebruik van verskillende metodes in te sien en die riglyne en standaarde wat in die praktyk ter sake is, in ag te neem.

Tydens hierdie studie was dit belangrik dat die inhoudskennis ten opsigte van KJL (sien hoofstukke 3, 4 en 5) en onderwysers se ingestelheid ten opsigte van KJL en professioneleontwikkelingsprogramme bepaal sou word om te besluit watter aspekte daarvan belangrik is vir professioneleontwikkelingsprogram wat ontwikkel sou word. Nadat die inhoudskennis en ingesteldheid van die onderwysers wat die professioneleontwikkelingsprogram op 'n spesifieke stadium sou bywoon, bepaal is, moes ondersoek word wat die beste manier sou wees om hierdie inligting aan onderwysers oor te dra. Nadat die vrae oor die **wie** en die **wat** beantwoord is, moes daar gekyk word na **hoe** die professioneleontwikkelingsprogram aangebied sou word.

2.3.3 Die <u>hoe</u> van professioneleontwikkelingsprogramme

Hoe die professioneleontwikkelingsprogram aangebied word, kan help om die geskikste professioneleontwikkelingsisteem en/of -model in 'n bepaalde situasie te kies. Die keuse van 'n sisteem en model moet sodanig gemaak word dat dit professionele ontwikkeling ondersteun. Daar bestaan verskeie sisteme en modelle van professionele ontwikkeling, en wanneer professioneleontwikkelingsprogramme ontwikkel word, moet daar ondersoek word watter sisteem en/of model die beste sal pas. Die sisteem en/of model sal bepaal **hoe** die spesifieke professioneleontwikkelingsprogram aangebied sal word. 'n Sisteem verwys na die administrasie wanneer 'n professioneleontwikkelingsprogram beplan word en modelle daarteenoor is die tegnieke en prosedures wat gevolg word om die spesifieke program aan te bied.

2.3.3.1 Sisteme in professioneleontwikkelingsprogramme

Volgens Ingvarson (1998:132) is dit belangrik dat daar ŉ onderskeid getref word tussen sisteme en modelle. ŉ Sisteem in ŉ professioneleontwikkelingsprogram is ŉ wye sienswyse van die persoon wat die bepaalde professioneleontwikkelingsprogram ontwikkel ten opsigte van:

- **die doel van die professioneleontwikkelingsprogram,** soos byvoorbeeld in die geval van hierdie studie was die doel van die professioneleontwikkelingsprogram om aan onderwysers die nodige kennis en vaardighede te gee om KJL deel te maak van hulle onderrig van Afrikaans Huistaal;
- **die inhoud van die professioneleontwikkelingsprogram,** soos byvoorbeeld die evaluering, uitbou en onderrig van KJL in die Afrikaanse skoolkurrikulum;
- **die persoonlike en professionele eienskappe van die deelnemers van die sisteem** soos byvoorbeeld die voorafkennis van die onderwysers, aangesien nie almal dieselfde vlak van kennis sou hê nie;
- **die modelle, tegnieke en prosedures wat gebruik gaan word,** soos byvoorbeeld werkswinkels, mentorskap, ens. (sien afdeling 2.3.3.2);
- **die koste en voordele van ŉ professioneleontwikkelingsprogram,** soos byvoorbeeld die lokale wat gehuur moes word vir die aanbieding, brandstof, sprekers, ens. Daar moes ook gekyk word na die voordele wat die program vir die partye kon inhou, soos kennis van verskillende boeke, outeurs en illustreerders;
- **ŉ bepaling wie watter besluite in die proses sou neem,** soos byvoorbeeld wie die vervoer en lokale sou reël, wie sou besluit hoeveel onderwysers die program sou bywoon, en verskeie ander;
- **ŉ behoeftebepaling ten opsigte van die infrastruktuur wat benodig sou word vir die professioneleontwikkelingsprogram,** soos byvoorbeeld die lokale, ruskamers, tafels, stoele ens.;
- **ŉ proses van evaluering om die effektiwiteit van die professioneleontwikkelingsprogram in verskillende omgewings te toets**. In Suid-Afrika kan daar nie van die verontstelling uitgaan word dat, as ŉ program in een konteks werk, dit ook in ŉ ander konteks sal werk nie. Daar moes ook gekyk word hoe die spesifieke program in die geval van ervare maar ook onervare onderwysers toegepas kan word.

ŉ Sisteem bestaan dus uit die administratiewe besluitnemingsproses van die aanbieders en ontwikkelaars van die bepaalde professioneleontwikkelingsprogram.

Volgens Ingvarson (1998) is daar twee sisteme betrokke by professioneleontwikkelingsprogramme, die **tradisionele sisteem** en die **standaardsisteem**. Die tradisionele sisteem van professionele-ontwikkelingsprogramme word gedefinieer as indiensopleiding. Eksterne persone (nie die onderwyser self nie) het beheer oor die opleiding wat in die tradisionele sisteem aangebied word. Die standaardsisteem daarteenoor is ŉ stelsel waar die onderwysers beheer het oor die professioneleontwikkelingsprogram.

Volgens die Departement van Basiese Onderwys (DBO) (SA, 2011a:1) is dit die regering se verantwoordelikheid om professionele ontwikkeling in Suid-Afrika te ontwikkel en aan te bied. Die DBO is van mening dat die bestuur en koördinering van skole deur die nasionale en provinsiale

onderwysdepartemente gedoen word, en hierdie departemente sluit die DBO en die Departement van Hoëronderwys en Opleiding (DvHOO) op nasionale vlak, en die provinsiale onderwys-departemente in elke provinsie in. Die DBO is verder van mening dat ander belanghebbende groepe – soos universiteite en die onderwysers self – 'n essensiële deel van die ontwikkeling en implementering van enige professioneleontwikkelingsprogram moet uitmaak. Dit wil dus voorkom asof daar in Suid-Afrika gebruik gemaak word van die tradisionele sisteem aangesien die DBO betrokke is by die beplanning en implementering van professioneleontwikkelingsprogramme.

Die beplanning van 'n professioneleontwikkelingsprogram vind plaas vanuit 'n bepaalde sisteem (tradisioneel of standaard). Die sisteem bepaal watter modelle, tegnieke en prosedures by die betrokke professioneleontwikkelingsprogram gebruik gaan word. Die model kan bepaal of 'n professioneleontwikkelingsprogram suksesvol sal wees al dan nie.

2.3.3.2 Modelle vir professioneleontwikkelingsprogramme

Gedurende die proses van beplanning moet die model wat die geskikste in 'n spesifieke situasie sal wees, gekies word. Modelle kan volgens Villegas-Reimers (2003:16) beskryf word as die spesifieke tegnieke en prosedures wat beplan word om professionele ontwikkeling aan onderwysers te bied. Dit sluit onder meer die proses en metode van aanbieding in. Volgens Villegas-Reimers (2003:69) is daar in verskillende lande verskeie modelle ontwikkel en geïmplementeer om onderwysers professioneel van die begin van hulle loopbaan tot aan die einde daarvan by te staan. Die onderskeie modelle wat vir hierdie studie van belang was, word bespreek en waar moontlik word voorbeelde gegee van waar dit oor die wêreld heen geïmplementeer is. Alhoewel die modelle hier afsonderlik bespreek word om duidelikheid te gee van wat elke model behels, word dit volgens Villegas-Reimers (2003:69) meestal in kombinasie gebruik, na gelang van die bepaalde skool of gemeenskap se behoeftes.

Vir die doel van hierdie studie is die modelle in twee groepe verdeel om meer duidelikheid te verkry (sien Tabel 2.1). Die eerste groep handel oor modelle wat deur **organisasies geïmplementeer word** (vanuit 'n **tradisionele sisteem**); die tweede groep is modelle wat op 'n kleiner skaal aangebied kan word, soos in die skool (Villegas-Reimers 2003:69). Dit word in die meeste gevalle **deur die skool of onderwysers beplan** (vanuit 'n **standaardsisteem**). Volgens Villegas-Reimers (2003:69) kan die modelle in die tweede groep ook soms as tegnieke geklassifiseer word.

Tabel 2.1: Opsomming van professioneleontwikkelingsprogram-modelle

Groep 1: Organisasiemodelle	Groep 2: Kleingroep- of individuele modelle
Professioneleontwikkelingskole	Tradisionele en kliniese kontrole
Universiteit-en-skool-vennootskappe	Werkswinkels, seminare en kursusse
Skool- en onderwysersnetwerke	Selfgereguleerde professionele ontwikkeling
	Kollegiale ontwikkeling
	Observasie van goeie praktyke
	Reflektiewe model

	Die gebruik van onderwysers se narratiewe beskrywings
	Afrigting- of mentorskapmodel

(Aangepas vanuit Villegas-Reimers, 2003:70).

2.3.3.2.1 Groep een: Organisasiemodelle

Modelle wat onder groep 1 geklassifiseer word, word gewoonlik geassosieer met die tradisionele sisteem ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme. Organisasies neem gewoonlik die inisiatief en implementeer dit in die skole. By groep 1 word daar vier modelle bespreek, naamlik professioneleontwikkelingskole, universiteit-en-skool-vennootskappe, skool- en onderwysers-netwerke.

2.3.3.2.1.1 Professioneleontwikkelingskole

Professioneleontwikkelingskole is 'n vennootskap tussen die skole, administrateurs en personeel van die universiteite wat saamwerk om onderwysers se kennis, vaardighede en ingesteldhede te verbeter en verder om opvoedkundige teorie en praktyk by mekaar uit te bring (Villegas-Reimers, 2003:71) [1].

In die professioneleontwikkelingskole-model is die ondersteuning en samewerking van 'n instelling soos 'n universiteit 'n vereiste (Wise, 2000). Dit is verder een van die modelle wat volgens Koehnecke (2001) telkens bewys het dat dit werk ten opsigte van die geleenthede wat dit vir onderwysers van die begin tot die einde van hulle loopbaan kan inhou. Soos in enige professioneleontwikkelingsprogram verskil die model van professioneleontwikkelingskole van plek tot plek omdat die persone wat dit aanbied en vir wie dit aangebied word, in ag geneem moet word. Alhoewel dit verskil met betrekking tot die inhoud waarin die aangebied word, bly die doelwit dieselfde. Professioneleontwikkelingskole wil professionele ontwikkeling aan onderwysers verskaf voordat hulle 'n professionele kwalifikasie het, of daarna (Chance, 2000; Frankes *et al*., 1998; Levine & Churins, 1999).

Professioneleontwikkelingskole is gestig na aanleiding van laboratoriumskole wat algemeen gedurende die eerste deel van die 20ste eeu in die Verenigde State van Amerika (VSA) as onderwysopleidingsentrums gebruik is (Stallings *et al*., 1995). Laboratoriumskole het egter stelselmatig verdwyn algaande dit toenemend gekritiseer is weens die beperkte ondervindings wat dit aan onderwysers gegee het. Verder is instansies wat onderwysersopleiding verskaf, genoop om gebruik te maak van openbare skole sodat voornemende onderwysers die regte ondervinding kon opdoen. Volgens Villegas-Reimers (2003:71) is die idee van die professioneleontwikkelingskole in die 1980's weer geopper, dié keer as professioneleontwikkelingsmodel. Volgens Cobb (2000) is groepe soos die Holmes Group en die Carnegie Task Force in die lewe geroep. Dié groepe bewerkstellig onafhanklike vennootskappe tussen skole en universiteite.
Volgens Villegas-Reimers (2003:72) is daar verskeie temas wat in alle professioneleontwikkelingskole voorkom, ongeag die skole se onderskeie fokusse en doelwitte. Die eerste hiervan is die erkenning dat die skool nie sal verander nie tensy die universiteite wat onderrig aan voornemende onderwysers verskaf, ook

[1] Daar word in hierdie studie sterk gesteun op Villegas-Reimers se oorsig van sisteme en modelle van professioneleontwikkelingsprogramme en word as werêldkenner op die gebied beskou.

verander. Die tweede is dat die personeel in die universiteite en die onderwyser in die klas, albei dieselfde waarde tot die vennootskap en professionele ontwikkeling toevoeg. Die personeellid wat by die universiteit doseer, word nie belangriker geag as die onderwyser wat in die skool onderrig gee nie; hulle word beskou as gelyke partye wat wedersyds by mekaar iets kan leer. Die derde tema wat in professioneleontwikkelingskole na vore kom, is die doelwit wat bereik moet word. Die doel is om die voorbereiding en intrede van onderwysers tot die professionele wêreld te herstruktureer. Daar word met professioneleontwikkelingskole gepoog om die onderwyser se kennis en vaardighede te verbeter, die werksomstandighede van die onderwyser te verbeter, die gehalte van die leerders se onderrig te verbeter en om aan onderwysers en administrateurs die geleentheid tot professionele ontwikkeling te gee (Darling-Hammond, 1994b).

Volgens Villegas-Reimers (2003:72) is die evaluering van professioneleontwikkelingskole baie positief. Volgens Knight *et al*. (2000:35) trek onderwysers in professioneleontwikkelingskole veral voordeel uit die mentorskap wat ander onderwysers en universiteitspersoneel gee. Verder bring onderwysers wat die professioneleontwikkelingskole bygewoon het, nuwe kennis en energie na die klaskamer as gevolg van die professionele ontwikkeling.

Deur professioneleontwikkelingskole te gebruik, sal onderwysers wat meer ondervinding het, op hoogte bly van die jongste teorieë, navorsing en vaardighede omdat hulle kontak het met die universiteite en die navorsing wat daar gedoen word (Castelman, 1996). Hierdie onderwysers se eie professionele ontwikkeling word ook ondersteun omdat die onderwysers mentors word vir jong onderwysers in universiteitsprogramme. Volgens Castleman (1996), Cobb (2000), Kostin (1998), Nihlen (1992) en Wimsatt (1996) is onderwysers en administrateurs in professioneleontwikkelingskole baie positief teenoor die skool, hulle werk en die mentorprogram vir onderwysers.

Voornemende onderwysers kry ’n aanduiding van wat onderrig behels en van die kennis en vaardighede waaroor voornemende onderwysers moet beskik ten einde hulle rol as onderwyser doeltreffend te vervul gedurende hulle opleiding. Volgens Kimball (1999) het professioneleontwikkelingskole die rol van die voornemende onderwyser drasties verander deurdat dit nou ’n vennootskap tussen die skole en die universiteit is. Die universiteit trek ook voordeel uit dié benadering tot professionele ontwikkeling omdat hulle vennootskappe vorm met die persone wat aktief betrokke is in die veld en wat daagliks hulle eie praktyke en situasies moet aanpas om die klaskamer die geskikste plek te maak vir leer (Larkin, 2000; Lemlech *et al*., 1994). Die kontak tussen die universiteitspersoneel en professioneleontwikkelingskole lei verder daartoe dat universiteitspersoneel hulle eie teorieë en praktyke kan aanpas ten einde voornemende onderwysers vir die werklikheid van skoolhou voor te berei. Tegnologie het hierdie proses verder vergemaklik. Volgens Burley *et al*. (2001) is nuwe ontwikkeling op die gebied van professioneleontwikkelingskole-modelle die inkorporering van tegnologie by die onderrig van onderwysers en leerders, en dit is tot dusver baie positief ontvang. Tegnologie het die tradisionele aspekte van ’n gedugte vennootskap tussen die skool en die universiteit met die byvoordeel van ’n tegnologiese komponent wat meer gereelde kontak tussen die betrokke partye bewerkstellig.

Volgens Villegas-Reimers (2003:74) is dit belangrik om daarvan bewus te wees dat nie alle sienings aangaande professioneleontwikkelingskole positief is nie, en daarom kan so 'n vennootskap problematies wees, aangesien onderwysers in sommige gevalle voel daar word aan hulle voorgeskryf en universiteitspersoneel voel hulle word met ekstra verantwoordelikhede oorlaai. Volgens Cobb (2000) het professioneleontwikkelingskole nie net 'n groot invloed op onderwysers se persepsies, uitgangspunte of vaardighede nie, maar die vennootskap moet voortdurend gebou word, en dit kan tyd neem (Dana *et al*., 2001).

Volgens Sandholtz en Dadlez (2000) is daar sekere aspekte waaraan aandag geskenk moet word wanneer dit by professioneleontwikkelingskole kom. Studente moet nie net in aanraking kom met 'n beperkte aantal skole nie. Studente wat op grond van die vennootskap by onderwysers in skole geplaas word om ondervinding op te doen, moet met soveel moontlik omgewings in aanraking kom. Die outeurs is verder van mening dat baie van die dosente by universiteite nie altyd vakkenners is nie, alhoewel hulle studente in skooldissiplines moet lei, wat tot gevolg kan hê dat voornemende onderwysers nie doeltreffend genoeg opgelei word nie. In verskeie gevalle is die aantal onderwysers wat by die programme betrokke is, baie klein, wat problematies is. Onderwysers stel nie noodwendig daarin belang om voordurend nuwe kennis en vaardighede te verwerf nie en hulle is ook nie noodwendig bereid om as mentor vir ander onderwysers op te tree nie omdat hulle oorlaai voel met die werk wat hulle reeds moet doen.

2.3.3.2.1.2 Universiteit-en-skool-vennootskappe

Universiteit-en-skool-vennootskappe is 'n verdere soort vennootskap wat vir professionele ontwikkeling gebruik word. Die universiteit-en-skool-vennootskap verskil van die professioneleontwikkelingskole omdat die universiteit-en-skool-vennootskappe losstaande entiteite is wat deur middel van 'n ooreenkoms saamwerk by die opleiding van onderwysers. In professioneleontwikkelingskole is daar fisiese skole waarin opleiding van onderwysers plaasvind.

Volgens Miller (2001:102) kan die vennootskap tussen 'n universiteit en 'n skool vergelyk word met 'n netwerk wat praktisyns met mekaar verbind om belangstelling en bekommernisse oor die onderwysstelsel met mekaar te deel. Volgens Miller (2001:105) het universiteit-en-skool-vennootskappe die onderstaande doelwitte:

- om 'n gegronde basis te skep in twee kulture: die skool en die universiteit;
- om die grense van die twee instansies te oorskry en sodoende die behoeftes van die vakgebied (onderwys) te beken;
- om inklusiewe besluitneming te bewerkstellig; en
- om nuwe byeenkomplekke vir professioneleontwikkelingsprogramme te skep.

Volgens Villegas-Reimers (2003:75) is daar al verskeie universiteit-en-skool-vennootskappe wat daarin geslaag het om onderwysers se professionele ontwikkeling aan te bied. In die gevalle waar die vennootskappe 'n sukses was, was die universiteit en die skool in dieselfde geografiese omgewing, maar in uitsonderlike gevalle was daar sommige wat suksesvol geïmplementeer is oor nasionale grense heen.

Volgens Johnson *et al*. (2000) is hierdie model suksesvol in Suid-Afrika gebruik. Wetenskaponderwysers in die Wes-Kaap is bygestaan deur die King's College in Londen en die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie (KPUT) (voorheen bekend as die Peninsula Technikon Skiereiland of Pentech) in Bellville. Die onderwysers het op verskeie maniere, soos raadgewing, groepbesprekings en groepwerk hulle professionele kennis en vaardighede in die onderrig van wetenskap verbeter.

'n Buitelandse voorbeeld waar die model met sukses geïmplementeer is, is die leerkonsortium waarin onderwysers van vier skole in 'n vennootskap met die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van Toronto saamgewerk het om hulle professionele ontwikkeling te bevorder. Volgens Watson en Fullan (1992:222) is daar in 1988 met die projek begin ten einde beide onderwysers en universiteitspersoneel by te staan ten opsigte van die gehalte van onderrig. Aan die begin het al die betrokke partye geld, tyd en personeel gegee om aan die projek deel te neem en die koördineerders van die projek was verteenwoordigers vanuit al die betrokke partye. Daar was nie een groep wat aan 'n ander voorgeskryf het nie, maar almal het by mekaar geleer. Aktiwiteite wat in die projek aangebied is, was onder meer somerprogramme waar koöperatiewe leer toegepas is. Voorgraadse en nagraadse programme, konferensies, individuele mentorskap en induktiewe en groepmentorskap is gebruik om professionele ontwikkeling onder onderwysers en universiteits-personeel te laat plaasvind. Daar was verder ook informele aktiwiteite soos netwerkvorming, refleksie oor mentorskap en gesamentlike aktiwiteite.

Die persone en vennootskappe wou onder meer inligting, praktyke en insigte oor die onderwys, die proses van leer, assessering, skoolhou en die professionele ontwikkeling van onderwysers met mekaar deel en die breë gemeenskap ondersoek. Die doel van die vennootskap was ook om finansiële en menslike hulpbronne te verskaf en om kontak tussen die deelnemers te behou deur die gedeelde werk waarby hulle betrokke was. Hulle het verder gepoog om die werk wat in die vennootskappe verrig is, te gebruik om die plaaslike omgewing te verbeter.

In sommige gevalle, in 'n poging om die vennootskap met onderwysers te bevorder, word daar aan onderwysers in die praktyk wat aan die betrokke programme deelneem, die geleentheid gegee om kursusse en ander geleenthede by die universiteit by te woon omdat hulle as mentors vir voornemende onderwysers optree. In die VSA is programme geloods vir die alumni van sekere universiteite, sodat onderwysers ná voltooiing van hulle studie steeds professionele ontwikkeling van die universiteite kan ontvang en universiteitspersoneel die ondervinding wat deur onderwysers opgedoen word, in hulle kursusmateriaal kan integreer (Villegas-Reimers, 2003:78).

Volgens McBride (1996) is dit nie altyd so maklik om vennootskappe tussen skole en universiteite te vorm nie, veral omdat daar om die een of ander rede 'n gevoel van kompetisie en minagting tussen die instansies bestaan. Indien so model met sukses geïmplementeer moet word, moet daar 'n balans gevind word tussen almal wat betrokke is en die rolle wat hulle in die suksesvolle implementering van professionele ontwikkeling het.

2.3.3.2.1.3 Skool- en onderwysersnetwerke

Volgens Villegas-Reimers (2003:80) was daar al verskeie projekte – wat onder meer die skepping van skoolnetwerke ingesluit het – om professionele ontwikkeling, skoolveranderinge en kurrikulumontwikkeling te implementeer.

Sachs (2000) verwys na twee voorbeelde waar skoolnetwerke suksesvol in Australië geïmplementeer is. Die National School Network (NSN) het tot stand gekom met die primêre doel om as 'n hulpmiddel tot skoolhervorming te dien. Die NSN het al aan meer as 400 skole bystand gebied en word baie sterk met die professionele ontwikkeling van die skole geassosieer. Onderwysers het die ondervinding as baie positief geklassifiseer, al word dit nie meer aangebied nie, omdat hulle gevoel het dat die professionele ontwikkeling ontwerp is met hulle eie insette en sodoende van binne die skole groei eerder as vanuit 'n eksterne bron.

Die tweede voorbeeld is die Innovative Links Project (ILP). Die ILP is 'n landswye inisiatief wat die NSN gekomplementeer het. Hierdie projek sluit onder meer die formele vennootskappe tussen skole en universiteite in om te probeer om die navorsing wat op universiteitsvlak gedoen word, in die skole te implementeer sodat die skole daarby kan baat en professionele ontwikkeling onder die toesig van onderwysers en universiteitspersoneel kan plaasvind. Onderwysers se vaardighede is ontwikkel, hulle eie professionele praktyke in onderrig is ontwikkel en hulle het aan navorsing deelgeneem.

Volgens Villegas-Reimers (2003:80) bring onderwysersnetwerke onderwysers byeen om die probleme wat hulle in hulle werk ondervind, te ondersoek en te evalueer. Dit bied dan aan onderwysers die geleentheid om aan hulle eie professionele ontwikkeling te werk, as individue en as 'n groep. Volgens Lieberman (1999) kan onderwysers-netwerke op formele wyse geskep word, soos wanneer die netwerke deur instansies bestuur word, maar ook op informele wyse, soos wanneer daar gereelde byeenkomste van onderwysers is. By hierdie geleenthede kan onderwysers dan hulle ervarings met mekaar deel. Huberman (2001) het die belangrikheid van onderwysersnetwerke as middel van bystand ondersoek. Hy het 'n model voorgestel wat onderwysers van dieselfde skool en onderwysers uit verskillende skole insluit. Hierdie netwerke moet deur die onderwysers self bestuur word en nie deur buitestanders voorgeskryf word nie. Dit moet om die onderwyser gaan en aan onderwysers die geleentheid gee om vrylik te kan kommunikeer. Vernootskappe gaan oor sake wat hulle raak wat onder loep geneem moet word en bied aan onderwysers die geleentheid om mekaar waar te neem en sodoende by mekaar te leer.

Volgens Villegas-Reimers (2003:81) word onderwysersnetwerke in die meeste gevalle nie finansieël deur die regering of enige instansies ondersteun nie. Sy verwys na enkele gevalle waar die regering betrokke geraak het by reeds bestaande onderwysersnetwerke en dan finansiële ondersteuning aan die netwerke gegee het, maar geensins ingemeng het by die bestuur daarvan of by dit wat tydens die netwerkgroepe bespreek is nie. Die onderwysers het steeds in beheer van die geleenthede gebly, sodat hulle dit as 'n veilige omgewing kon sien waar hulle aspekte wat hulle geraak het, die hoof kon bied.

Onderwysersnetwerke is al in verskeie lande met groot sukses geïmplementeer. Dit is onder meer in Finland gebruik om onderwysers se professionele ontwikkeling te bevoordeel (Lauriala, 1998) en in Japan waar

onderwysersnetwerke gebruik word om onderrig te bevorder onafhanklik van regerings-inmenging (Shimahara, 1995:183). Die onderwysersnetwerke in Japan word soms georganiseer volgens dissiplines soos geskiedenis en wiskunde of ten opsigte van skool. Omtrent elke skool het interne studiegroepe en organiseer studie-aktiwiteite vir kurrikulumontwikkeling, demonstrasie-klasse, observasies en gesprekke oor onderrig.

Palincsar *et al*. (1998) beskryf onderwysersnetwerke as praktykgemeenskappe. Daar word spesifiek verwys na hoe 18 onderwysers van 14 skole in Suid-Amerika saamgekom het in praktykgemeenskappe om hulle wetenskaponderrig te bevorder. Die onderwysers het refleksiegroepe gevorm, waar hulle oor hulle werk kon gesels, professionele kenners met die groep kon praat en onderwysers in hul beplanning en refleksie oor hulle onderrig bygestaan is.

Zorfass (1999) gee 'n ander voorbeeld van die implementering van 'n onderwysersnetwerk. Dié onderwysersnetwerk is spesifiek gevorm met onderwysers vanuit verskillende dissiplines, nie net een vakgroep nie. Die hoofdoel van die groep was om aan onderwysers die geleentheid te gee om oor multidissiplinêre perspektiewe van hulle professionele verpligtinge te reflekteer. Op dié wyse kon onderwysers van meer hulp wees vir leerders aangesien hulle moes leer hoe om verskillende dissiplines se kennis met mekaar te integreer.

2.3.3.2.2 Groep twee: Klein groepe of individuele modelle

Klein groepe of individuele modelle is modelle wat in die meeste gevalle geklassifiseer kan word as standaardsisteem-modelle. Hierdie modelle word deur die onderwysers en skole self onderhou en bestuur. Daar is egter sommige gevalle waar 'n instansie, soos die departement van onderwys of 'n universiteit, 'n program sal aanbied.

2.3.3.2.2.1 Tradisionele en kliniese beheermodel

In die tradisionele beheermodel word die beheer uitgeoefen deur 'n administrateur wat in die klaskamer inkom, aantekeninge maak en dit teenoor 'n lys kriteria kontroleer om te sien of die onderwyser aan die spesifieke kriteria voldoen, sonder om aan die onderwyser terug te rapporteer (Bourke, 2001). Onderwysers sal na aanleiding van die kort evaluering deur die administrateur bevordering ontvang of die hernuwing van 'n tydelike kontrak. Volgens Wilson (1994a) word die model ten opsigte van professionele ontwikkeling baie negatief deur onderwysers ervaar, veral omdat daar nie aan onderwysers terugvoering gegee word ten opsigte van hulle evaluering nie.

Hierdie evaluerings van onderwysers fokus verder slegs op klaskamerpraktyk en sluit nie onderwysers se beplanning, denkprosesse, belangstelling, kommunikasie met ouers, kommunikasie met kollegas, deelname in skole, gemeenskapsaktiwiteite en vele ander in nie (Hickcox & Musella, 1992; Stodolsky, 1990). Dié model kan lei tot negatiewe gevoelens en negatiewe ingesteldhede teenoor observasies.

Volgens Villegas-Reimers (2003:90) word evaluerings slegs as 'n komponent tydens professionele ontwikkeling gebruik, en nie as die hele program nie. In die tradisionele en kliniese beheermodel word

evaluering gebruik om bruikbare terugvoer en voorstelle aan onderwysers te gee en om hulle onderrigmetodes te bevorder. Villegas-Reimers (2003:90) is van mening dat die tradisionele beheermodel stelselmatig vervang is deur 'n kliniese beheermetode.

Volgens die kliniese metode word observasies op 'n ondersteunende wyse gedoen en terugvoer word met respek met onderwysers gedeel wat daartoe lei dat onderwysers positiewe ingesteldhede het teenoor die evaluering. Onderwysers beskou terugvoer na aanleiding van die observasie en beheer as 'n geleentheid om te groei en om hulle onderrigmetodes uit te bou eerder as iets waarvoor hulle bang moet wees.

Kliniese observasie en beheer is oorspronklik deur die Harvald-Newton-somerskool gebruik as 'n manier om onderwysers deur middel van gesprekke, observasie en analise van klasonderrig in die klaskamer (Grimmett & Crehan, 1992:68) te monitor. Vandag word die kliniese model nie net gebruik as professionele ontwikkeling vir onderwysers in die praktyk nie, maar ook as 'n geleentheid vir groei vir voorgraadse studente.

Een wyse waarop die evaluering en beheer met meer sukses aangebied kan word, is dat daar voordat die evaluering plaasvind, 'n voorevalueringsbespreking plaasvind waar daar aan onderwysers inligting gegee word oor die observasie wat in die klas sal plaasvind, 'n analise van die data-insameling wat gedurende die observasie plaasvind en daarna weer 'n bespreking na afloop van die evaluering sodat goeie en konstruktiewe terugvoering aan onderwysers gegee kan word. Die wyse waarop die evaluering plaasvind, sal 'n baie groot invloed daarop hê of die model positief of negatief ervaar word. As die administrateur wat die evaluering doen nie tussen ervare onderwysers en die beginneronderwyser se behoeftes differensieer nie, kan die evaluerings nie doeltreffend toegepas word nie en sal professionele ontwikkeling nie plaasvind nie. Dit is verder noodsaaklik dat die administrateur en die persoon wat geëvalueer word, saamwerk en openhartig met mekaar kan praat (Villegas-Reimers, 2003:91).

2.3.3.2.2.2 Werkswinkels, seminare en kursusse

Die bekendste en mees tradisionele vorm van professionele ontwikkeling is sekerlik die gebruik van werkswinkels, seminare en kursusse (Villegas-Reimers, 2003:93). Werkswinkels, seminare en kursusse is gewoonlik geleenthede waar onderwysers na een sentrale plek gaan waar daar sprekers is wat dan onder meer nuwe inligting en metodes aan onderwysers leer en/of demonstreer. Daar is baie kritiek teenoor die model wanneer dit alleen gebruik word, omdat dit in die meeste gevalle slegs 'n enkele geleentheid is waarby onderwysers betrokke is (Villegas-Reimers, 2003:93). Geen opvolg word met die onderwysers gedoen nie en werkswinkels, seminare en kursusse word in die meeste gevalle sonder inagneming van die behoeftes van die onderwysers gedoen. Die geleentheid hou in die meeste gevalle nie rekening met die werklikheid in die skole nie en onderwysers voel dat die opleiding hulle nie werklik help nie omdat dit nie in die skool geïmplementeer kan word nie.

Volgens Villegas-Reimers (2003:93) het daar 'n verskuiwing ten opsigte van die aanbieding van werkswinkels, seminare en kursusse plaasgevind nadat daar algemeen aanvaar is dat professionele

ontwikkeling ’n voordurende leer- en groeiproses is. In sommige gevalle is die werkswinkel, seminare en kursusse model met sukses toegepas wanneer dit saam met ander professioneleontwikkelingsgeleenthede aangebied is. ’n Voorbeeld waar ’n werkswinkel onder meer met sukses aangebied is, is dié van Nieu-Seeland waar daar ’n drie dae lange werkswinkel was om onderwysers by te staan met die implementering van die nuwe kurrikulum (Zeegers, 1995:43). Na afloop van die werkswinkel is daar opvolgbesoeke aan die skole en onderwysers gebring wat baie positief deur die onderwysers ervaar is (Zeegers, 1995:44). Wat verder die sukses van ’n program kan bepaal, is die inligting wat aan die onderwysers oorgedra word in sodanige program. Wanneer die werkswinkel op die ondervinding en uitdagings wat die onderwysers ervaar gebaseer is, is die professionele ontwikkeling gewoonlik ’n sukses omdat die professioneleontwikkelings-program die onderwysers direk raak.

In Boston in die VSA was daar volgens Cutler en Ruopp (1999) ook ’n baie suksesvolle projek waar 32 wiskunde-onderwysers twee keer per maand bymekaar gekom het en ’n halfdag lange werkswinkel bygewoon het. In hierdie werkswinkel is aspekte wat direk op die onderwysers ’n invloed gehad het aangepak. Sommige aspekte was gebaseer op die inhoud; ander het op die pedagogiese kennis en praktyke van wiskundeonderrig gefokus. Onderwysers is verder aangemoedig om navorsing in hulle klaskamers toe te pas ten einde die veranderlikes wat ’n invloed op leerders se wiskunde-prestasie het, te identifiseer. Onderwysers het die werkswinkel as baie positief ervaar en het veranderings in hulle klaskamer toegepas. Die onderwysers het verder hulle waardering getoon vir die totstandkoming van onderwysersnetwerke waar hulle inligting asook nuwe praktyke wat hulle in die werkswinkels geleer het, soos tydsbestuur, hulpbronbestuur en die vermoë om te waag, met mekaar kon deel.

Allen-Chabor (2001) verwys na ’n program wat oor nege dae gestrek het, The Nutrition Science Institute. Hierdie program is aangebied met die samewerking van openbare skole, die staat Maryland se onderwysdepartement en die Amerikaanse Department of Nutrition and Interior Design aan die Hood College. Die program het die volgende behels: werkswinkels, klas-aanbiedings, tyd in die laboratorium, groepwerk om kurrikulumontwikkeling te doen, geselsgroepe, gerekenariseerde programme en opleiding in internetgebruik. Die evaluering van die spesifieke program was baie positief en dit word nou in ander gebiede ook geïmplementeer (Allen-Chabor, 2001).

2.3.3.2.2.3 Selfgereguleerde professionele ontwikkeling

Volgens Villegas-Reimers (2003:97) identifiseer onderwysers in selfgereguleerde professioneleontwikkelingsprogramme doelwitte wat hulle as belangrik ag. Selfgereguleerde professionele ontwikkeling kan op individuele vlak geskied, of in klein groepe. Onderwysers sal dan die aktiwiteite en hulpbronne wat hulle benodig effektief kan implementeer. Sodoende neem onderwysers verantwoordelikheid vir hulle eie ontwikkeling, en die rol van die administrateur of aanbieder van die program is om onderwysers te fasiliteer, te lei en in hulle ontwikkeling te ondersteun.

’n Goeie voorbeeld hiervan is in die laat 1980’s geïmplementeer (Wideen, 1992). Onderwysers van ’n skool is deur die skooldistrik ondersteun met betrekking tot hulle onderrig deur voordurende gesprekke. Met behulp van dié ondersteuning is ’n omgewing geskep waar onderwysersontwikkeling natuurlik binne die skool

plaasgevind het. Die projek het aangetoon hoe die model self verder ontwikkel soos dit geïmplementeer word. Eksterne en omgewingsfaktore, interne belangstellings en die behoeftes wat deur onderwysers geïdentifiseer is, het 'n rol gespeel en die model sou by die veranderlikes aanpas indien nodig. Die voorsitter van die gesprekke het algemene konseptuele rigting gegee en 'n veilige atmosfeer geskep waar onderwysers kon eksperimenteer. Onderwysers en administrateurs het gereeld byeengekom om te praat, te beplan, innovasie te bespreek en hulle selfgereguleerde leer te evalueer. Hierdie byeenkomste het 'n hoë mate van kollegialiteit, kommunikasie en vertroue geskep.

Easton (1999:54) spesifiseer 'n besondere vorm van selfgereguleerde professionele ontwikkeling en noem dit instemmingsprotokol. Tydens hierdie model wat deur David Allen en Joseph McDonald ontwikkel is, gee onderwysers werklike lesse aan 'n groep van kollegas (Allen, 1997:2). In 'n reflekterende gesprek word die gehalte van die lesse verbeter deurdat onderwysers die voorgestelde aanbeveling inkorporeer in hulle lesse (Allen, 1997:2). Nadat die werk in groepe bespreek is, word al die positiewe en negatiewe aspekte van die lesse uitgewys en die onderwyser wat dit aangebied het, kan op dié wyse sy/haar lesse verbeter.

2.3.3.2.2.4 Kollegiale ontwikkeling

Die term "kollegiale" is deur Glatthorn (1995:44) gebruik om sy model van kollegiale ontwikkeling te beskryf. Volgens hierdie model ontwikkel onderwysers in klein groepe hulle eie plan vir professionele ontwikkeling. Onderwysers is self verantwoordelik vir gehaltesversekering en professionele ontwikkeling kan op die volgende wyses geïmplementeer word:

- professionele dialoë om professionele kwessies en persoonlike belangstelling te bespreek;
- kurrikulumontwikkeling deur spanne onderwysers;
- portuurgroepbegeleiding;
- portuurgroepondersteuning en -hulp; en
- aksienavorsing om werklike probleme in die praktyk die hoof te bied.

Volgens Glatthorn (1995:48) kan die model met sukses aangebied word indien –:

- daar 'n ware gevoel van samewerking onder onderwysers is, en onderwysers nie verplig voel om deel te neem nie;
- administrateurs die professionele ontwikkeling ondersteun;
- onderwysers genoegsame tyd het om die take vir professionele ontwikkeling te voltooi; en
- onderwysers opleiding ontvang oor hoe om die model effektief te implementeer.

Tydens die kollegiale model werk onderwysers in groepe, eerder as alleen, om kurrikulummateriaal te ontwikkel en hulle evalueer die implementering van spesifieke aspekte van die kurrikulum. 'n Ander weergawe van die kollegiale model is interdissiplinêre groepsonderrig. Die groepe kan op verskeie maniere gegroepeer word, byvoorbeeld onderwysers en studente in een groep of onderwysers alleen en studente alleen (Sandholtz, 2000).

Sato (1992:165) verwys na ’n projek waar die kollegiale model gebruik is om onderwysers in hulle professionele ontwikkeling te lei. Onderwysers het situasies vanuit hulle klasse gebruik, narratiewe dokumente of video-opnames van hulle onderrig gemaak en dit met kollegas gedeel. Die situasies is daarna van alle kante bekyk en gekritiseer, wat onderwysers op seker punte attent gemaak het. Deur refleksie en gesprekke kon onderwysers hulle persoonlike kennis met mekaar deel en moontlike alternatiewe benaderings bespreek. Onderwysers het terugvoer vanaf kollegas, werkswinkels by die skool, leergeleenthede vir die leerders en goeie boeke as die deurslaggewende faktore in hulle eie professionele ontwikkeling beskou.

2.3.3.2.2.5 Observasie van goeie praktyke

Volgens Villegas-Reimers (2003:101) bied verskeie professioneleontwikkelingsprogramme aan onderwysers die geleentheid om hulle kollegas, wat as kenners op hulle gebied beskou word en uitstekende onderwysers is, te observeer. Op dié wyse het onderwysers die geleentheid om te leer en om inhoudskennis, vaardighede en ingesteldhede wat uitstekende onderwysers in hulle klasse implementeer, met mekaar te deel. In sommige gevalle dien die observasies as deel van ’n baie groter professioneleontwikkelingsprogram, maar daar is ook programme waar dit die essensie van die professioneleontwikkelingsprogram is.

In Brittanje is die observasie en goeie praktyke model met sukses geïmplementeer. Die Teachers International Professional Development Programme het aan onderwysers die geleentheid gegee om verskillende skole in verskillende lande en situasies eerstehands te observeer en te beleef (Villegas-Reimers 2003:101). Sodoende kon onderwysers die ingesteldheid en kennis van onderwysers in ander skole beleef en met hulle kollegas deel, sodat daar aanpassings in hulle eie klaskamer gemaak kon word.

’n Ander voorbeeld is die United Kingdom/Australia Fellowship Scheme for Teachers of Science (Robottom & Walker, 1995). Hierdie program, wat deur die regerings van beide die Verenigde Koninkryk en Australië gefinansier is, het aan onderwysers van een land die geleentheid gegee om skole in die ander land vir ’n paar weke te besoek om goeie praktyke te observeer, aan navorsingsprojekte deel te neem, en werkswinkels en gesprekke wat in die gasheerland aangebied is, by te woon (Robottom & Walker, 1995).

Die observasie en goeie praktyke model word ook op meer informele wyse aangebied. Onervare onderwysers word soms die geleentheid gegee om meer ervare onderwysers te observeer en hulle raad te vra, om sodoende hulle onderrigpraktyke te kan verbeter (Robottom & Walker, 1995; Villegas-Reimers, 2003:101).

2.3.3.2.2.6 Reflektiewe model

In die reflektiewe model word onderwysers se professionele ontwikkeling versterk deur hulle klaskamerondervinding. Die onderwysers reflekteer daagliks oor hulle lesse en onderrig wat hulle oor die onderriggeleentheid laat nadink en aanpassings laat maak indien nodig. Onderwysers moet attent wees op die daaglikse roetine sodat hulle betekenisvolle en effektiewe refleksie kan toepas (Villegas-Reimers, 2003:104).

Volgens Villegas-Reimers (2003:104) is die aanname waarop die reflektiewe model gebaseer is, die feit dat onderwysers 'n verbintenis het om oor leerders se onderrig te reflekteer en te bepaal watter aspekte die meeste voordeel vir die leerders inhou en wat eerder verwyder moet word. Verder het onderwysers 'n professionele plig om hulle eie praktyke en kennis te verbeter om sodoende onderrig te verbeter. Deur refleksie kan die onderwysers bepaal of daar enige leemtes in sy/haar kennis en vaardighede is en dit verbeter.

Volgens die reflektiewe model, soos deur Clarke (1995:248) voorgestel, reflekteer 'n onderwyser oor sy/haar eie werk wanneer hy/sy:

- nuuskierig is oor aspekte in die onderrig van leerders;
- daardie aspekte volgens die omstandighede waarin dit plaasvind, groepeer;
- die aspekte hergroepeer in die lig van voorkennis en ondervindings; en
- 'n plan vir toekomstige optrede bewerkstellig.

Volgens Villegas-Reimers (2003:104) moet enige professioneleontwikkelingsprogram 'n reflekterende aspek inhou, sodat onderwysers hulle eie werk kan ondersoek en aanpas sou dit nodig wees. Volgens Potter en Badiali (2001:55) is daar drie aspekte waaroor daar gereflekteer moet word:

- refleksie oor tegnieke: wat in die kurrikulum verwag word en die wyse waarop die vak die beste aan leerders oorgedra sal word;
- praktiese refleksie: onderwysers dink en gesels oor die wyse en die doel van sekere handelinge wat hulle uitvoer; en
- kritiese refleksie: onderwysers raak sake aan wat op morele en etiese aspekte in die professie betrekking het, soos om te bepaal wat leerders moet leer en waarom hulle dit moet leer.

Nadat onderwysers oor hulle eie praktyke gereflekteer het, kan hulle gesprekke voer om inligting in te samel oor dit wat hulle geobserveer het. Daarna kan daar 'n aksieplan uitgewerk word om met nuwe praktyke te eksperimenteer. Indien die nuwe vaardighede geïmplementeer wil word, moet die onderwysers daaroor nalees om sodoende werklik oor die veranderinge te kan reflekteer. Indien eksterne fasiliteerders by die proses van refleksie betrek kan word, sal dit aan die onderwyser aspekte openbaar wat hy/sy nie noodwendig raakgesien het nie (Clarke, 1995). Verskeie studies toon dat onderwysers se praktyk en metodes bevorder word deur refleksie (Adalbjarnardottir & Selman, 1997; Clarke, 1995; Geddis *et al.*, 1998). Onderwysers se professionele ontwikkeling word positief beïnvloed deur die aanmoediging en gebruik van voordurende refleksie (Geddis *et al.*, 1998).

Om die reflektiewe model met sukses in 'n professioneleontwikkelingsprogram te kan gebruik, moet daar in die eerste plek na verskillende perspektiewe oor die onderwerp gekyk word. Ander onderwysers se sienings moet in ag geneem word sodat die onderwysers nie net die vak of probleem vanuit een oogpunt beskou nie, maar verskille in ag sal neem. Onderwysers word na aanleiding van deelname aan die programme meer reflekterend oor hulle vaardighede in die klaskamer en gee aan leerders dieselfde geleentheid om te reflekteer oor hulle werk – iets wat vir die onderwyser en die leerder voordeel inhou (Adalbjarnardottir & Selman, 1997).

2.3.3.2.2.7 Die gebruik van onderwysers se narratiewe beskrywings

Indien onderwysers hul eie ondervindings in die klaskamer deur middel van 'n narratiewe beskrywing of outobiografiese skrywe oordra, het dit 'n baie duidelike en positiewe uitwerking op hulle professionele ontwikkeling (Clements, 2001; Wood, 2000). Volgens Ershler (2001:163) is een van die belangrikste aspekte van professionele ontwikkeling die selfondersoek en refleksie wat onderwysers ten opsigte van hulle eie kennis en praktyke toon. Dit is nog beter indien onderwysers hierdie ervarings, selfondersoek en refleksies neerskryf sodat hulle weer daarna kan terugverwys om te kyk of dit wat hul implementeer 'n impak het. Ershler (2001) beskryf onderwysers se eie narratiewe beskrywings as 'n belangrike instrument om onderwysers se groei en ontwikkeling te bevorder.

Die narratiewe model bestaan uit op twee fases. In die eerste fase gee die onderwyser 'n narratiewe beskrywing van omstandighede of 'n situasie. Hierna word die narratiewe beskrywings wat onderwysers gegee het, in die tweede fase met ander onderwysers gedeel waarna die narratiewe grondig bespreek word. Gewoonlik sal onderwysers op die spesifieke gebeurtenis fokus en daarna sal die groep waarskynlik die situasie teen die groter agtergrond van onderrig op diepgaande wyse bespreek (Ershler, 2001:164). Onderwysers ervaar narratiewe beskrywing in die meeste gevalle baie positief en, deurdat hulle na ander luister, kan hulle daardie ondervindings in hulle klasse ook gebruik. Volgens Killion (1999:36) kan joernale veral van groot nut wees omdat dit aan onderwysers die geleentheid gee om met verskillende perspektiewe te speel, rekord te hou, opmerkings te maak of om ondervindings te konstrueer. 'n Joernaal kan privaat gehou word, of met kollegas gedeel word sodat verskillende reaksies en terugvoer oor en interpretasies van 'n spesifieke situasie gekry word.

Een van die belangrikste voorbeelde van die implementering van narratiewe beskrywings is die Verenigde State van Amerika se US National Writing Project. Hierdie projek raai onderwysers aan om oor hulle eie probleme en die manier waarop hulle dit in die klaskamer oplos, te skryf (Lieberman & Wood, 2001:175). Die projek moedig verder professionele samewerking aan ten einde te bepaal wat die stand van onderwysers se kennis in die klaskamer is. Om hierin te slaag, het die projek gemeenskaplike en nasionale netwerke vir onderwysers geskep. Onderwysers het die geleentheid gehad om hulle probleemoplossingstrategieë deur middel van hulle skryfwerk met ander te deel. Idees, ondersteuning en kritiek is uitgeruil, wat onderwysers in hulle professionele ontwikkeling ondersteun het (Lieberman & Wood, 2001:175). Onderwysers wat aan die projek deelgeneem het, het 'n werksprogram oor vyf weke bygewoon. Onderwysers het tydens die werksprogram aan gesprekgroepe, modellesse, skryfgroepe, minilesse, werkswinkels en verskeie ander ondersteuningsaktiwiteite deelgeneem.

Die projek is volgens Lieberman en Wood (2001:86) op die onderstaande beginsels gebou:

- onderwysers leer deur ander onderwysers te onderrig;
- onderwysers leer deur hulle eie werk met ander te deel sodat dit bespreek of gekritiseer kan word;
- om te leer skryf en om te onderrig, het baie gemeen. Om te kan leer hoe om te onderrig of hoe om te skryf, moet onderwysers ander onderwysers onderrig of leer hoe om te skryf, sodat hulle werk na aanleiding van aanbevelings verbeter kan word;

- daar is 'n baie sterk betrokkenheid by die projek, maar die metode en moontlikheid tot voltooiing is soms nie beskikbaar nie;
- onderwysers leer deur verskillende rolle aan te neem en die wêreld vanuit verskillende perspektiewe te bekyk; en
- netwerke kan as baie belangrik beskou word teen die agtergrond van onderwysers se professionele ontwikkeling, so ook vir hulle verhouding met die gemeenskap en dra by tot onderwysers se selfvertroue en eiewaarde.

Indien onderwysers aan 'n projek deelneem waar hulle, hulle narratiewe beskrywings met kollegas kan deel, sal dit onderwysers ondersteun in die ontwikkeling van onderrigmetodes en die wyse waarop hulle onderrig in die klaskamer hanteer. Dit kan verder aan minder ervare onderwysers die geleentheid gee om vrae te vra en hulle eie professionele ontwikkeling te bevorder.

2.3.3.2.2.8 Afrigting- of mentorskapmodel

Volgens Harwell-Kee (1999:28) is afrigting die proses waardeur kollegas wat goeie luisteraars is, observeer, vrae vra en voorstelle maak om bepaalde onderwysers te help groei en om oor hulle eie werk te reflekteer. Afrigting of mentorskap gee aan onderwysers die geleentheid en struktuur vir professionele ontwikkeling in 'n veilige en bekende omgewing. Mentorskap is 'n vorm van afrigting wat gewoonlik van korte duur is. Volgens Holloway (2001) is afrigting en mentorskap iets wat aangeleer word; daarom moet die persoon wat afrigting of mentorskap aanbied, opleiding daarin ontvang.

Volgens Robbins (1999:40) gee mentors aan nuwe onderwysers ondersteuning, rigting, terugvoering, probleemoplossingsvaardighede, insigte, vaardighede en 'n geleentheid om materiaal uit te ruil. Mentorskap word verder verdeel in modelle om die verskillende stadiums van mentorskap te verduidelik. Volgens Jones (2001:76) is daar drie mentorskapmodelle:

- die vakleerlingskapmodel: die mentor is die meester wat nagevolg moet word;
- die bevoegdheidsmodel: die mentor gee leiding en assesseer volgens sekere standaarde en vaardighede; en
- die reflektiewe model: die mentor vervul die rol van 'n beoordelende vriend wat die onderwyser in evaluering bystaan.

2.4 Professionele ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse konteks

Volgens Davids (2009:4) het Mnr Thulas Nxesi van die Universiteit van Kaapstad professionele ontwikkeling en professioneleontwikkelingsprogramme vir onderwysers in Suid-Afrika beskryf as 'n legkaart wat gebou word sonder dat die persoon wat dit bou die prentjie het van die legkaart. 'n Enorme taak waarvoor daar nie tans antwoorde is nie. Die Departement van Onderwys het gepoog om die probleem aan te spreek met The Teacher Development Summit wat vanaf 30 Junie tot 2 Julie 2009 gehou is. Gedurende hierdie byeenkoms is daar verskeie probleemareas ten opsigte van professionele ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse konteks uitgewys.

Om professionele ontwikkeling van onderwysers in Suid-Afrika aan te spreek is daar in Maart 2001 die National Professional Diploma in Education ingestel deur die Departement van Onderwys. Hierdie diploma is ontwikkel om die gebrekkige inhoudskennis van onderwysers aan te spreek en om onderwysers toe te laat om verdere opleiding te bekom (Davids, 2009:2). Kruss (2009) noem dat hierdie program egter nie die gewenste impak gehad het nie. Volgens Davids (2009:3) is daar verskeie wetsontwerpe en professioneleontwikkelingsprogramme ingestel sedert 1994 om die professionele ontwikkeling van onderwysers aan te spreek, maar dat die wetsontwerpe en programme nog nie die gewenste uitwerking op onderwysers se inhoudskennis, vaardighede en ingesteldhede gehad het nie. Professioneleontwikkelingsprogramme in Suid-Afrika fokus, volgens Davids (2009:5), meestal op die implementering van die kurrikulum en nie op inhoudskennis en vaardighede nie, en is meestal te kort om werklik effektief te wees.

Verskeie professioneleontwikkelingsprogramme is al in Suid-Afrika ontwikkel en aangebied. Twee voorbeelde van programme sal kortliks bespreek word. Kriek en Grayson (2009:185) het 'n holistiese professioneleontwikkelingsmodel ontwikkel vir onderwysers wat Fisiese Wetenskap onderrig. Die professioneleontwikkelingsprogram wat as deel van dié model ontwikkel is, het gefokus op afstandsleer. As deel van die program kon onderwysers werkswinkels bywoon as hulle sou wou, maar dit was nie 'n vereiste nie. Die inhoudskennis is saamgevat in omvattende studiegidse en onderwysers moes verskeie opdragte inhandig oor 'n tydperk van 1 jaar. Die onderwysers is verder aangemoedig om joernale te hou van hulle refleksie op die program en die implementering daarvan. As deel van die program is daar ook by die skole waar die onderwysers werk, onderwysers genader wat alreeds 'n geruime tyd skoolgee om 'n ondersteunende rol te vervul vir die onderwysers wat betrokke is by die program. Daar is ook aan onderwysers wetenskaplike pakkies gegee sodat hulle eksperimente kan doen saam met die leerders en dit as hulpmiddel in die klas kan gebruik. Volgens Kriek en Grayson (2009:194) is die program baie positief deur die onderwysers ervaar, hul inhoudskennis en hulle selfvertroue ten opsigte van die onderrig van hulle vak het gegroei. Die onderwysers het hulle metodes aangepas deur gebruik te maak van die wetenskaplike pakkie.

In die Suid-Afrikaanse konteks is dit egter baie belangrik dat professioneleontwikkelingsprogramme nie net blindelings oorgeneem word omdat dit in ander lande met sukses geïmplementeer is nie. Suid-Afrika is uniek en het unieke probleme (Ono & Ferreira, 2010:59). Ono en Ferreira (2010:63) het as professioneleontwikkelingsprogram lesstudie geïmplementeer in 'n Laerskool in Mpumalanga vir die ontwikkeling van Wetenskap. Lesstudie is wanneer onderwysers bymekaar kom en die lesplan van een onderwyser ondersoek en daaroor praat. Volgens Ono en Ferreira (2010:67) was die implementering van lesstudie as skoolgebaseerde professionele ontwikkeling vir onderwysers nie suksesvol nie. Die onderwysers het aangevoer dat hulle reeds oorwerk is en nie tyd het om lesstudie te doen op 'n gereelde basis nie. Die onderwysers wat wel deelgeneem het aan die lesstudies het dit egter as positief ervaar en voel dat dit hulle onderrigvaardighede bevorder het. Dié onderwysers was egter in die minderheid gewees.

Dit is duidelik vanuit die bespreking dat die Suid-Afrikaanse konteks uniek is en dat dit belangrik is dat enige professioneleontwikkelingsprogram wat vir Suid-Afrika ontwikkel word aanpasbaar moet wees by die

spesifieke onderwysers wat die professioneleontwikkelingsprogram bywoon. Dit is verder duidelik dat daar voortdurend ondersteuning aan onderwysers gegee moet word en daar behoort geleentheid te wees vir praktiese implementering en refleksie.

Vanuit die groot hoeveelheid modelle waarvolgens professionele ontwikkeling gedoen kan word, kan daar verskeie kombinasies saamgestel word om 'n goeie en suksesvolle professioneleontwikkelingsprogram saam te stel. Dit is belangrik om die agtergrond en inhoud van die professioneleontwikkelingsprogram in ag te neem om die geskikste model te kies en sodoende 'n suksesvolle program te ontwikkel. Die ontwikkelaar van 'n professioneleontwikkelingsprogram moet bepaal vanuit watter sisteem die program ontwikkel gaan word, waarna hy/sy moet bepaal of die program met die hulp van 'n organisasie aangebied gaan word en of dit eerder op 'n kleingroep- of individuele modelbasis gebou gaan word. Elkeen van die modelle soos hier bespreek, het bepaalde voor- en nadele wat in ag geneem moet word en die ontwikkelaar moet 'n deurdagte besluit neem.

Buiten dat daar goed besin moet word oor die gepaste sisteem en model wat vir 'n spesifieke professioneleontwikkelingsprogram gebruik gaan word, is daar ook ander faktore waaroor daar besluit moet word by die suksesvolle beplanning en aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme. Hierdie faktore word vervolgens bespreek.

2.5 Faktore wat suksesvolle beplanning van professioneleontwikkelingsprogramme beïnvloed

Volgens Cooper (2002:2–3) is daar spesifieke faktore wat die suksesvolle beplanning van professioneleontwikkelingsprogram kan beïnvloed. Indien hierdie faktore tydens die beplanningsfase in ag geneem word, kan die meeste probleme reeds op daardie stadium uitgeskakel word. Die faktore word in die afdelings hieronder bespreek.

2.5.1 Die ingesteldheid van onderwysers

Goeie professioneleontwikkelingsprogramme gee aan onderwysers iets om oor na te dink en hulle eie uitgangspunte aan te pas, sou dit nodig wees. Onderwysers is gewoonlik positief oor leergeleenthede (Cooper, 2002:2). Daar word bevind dat onderwysers nuwe metodes en strategieë wil aanleer om hulle onderrig te verbeter (Cooper, 2002:2). Professionele ontwikkeling moet daarop gefokus wees om die kurrikulum en die programme wat onderwysers moet onderrig sodat onderwysers dit met gemak kan implementeer in die klaskamer. Indien dit nie die geval is nie, sal onderwysers nie die nut van professionele-ontwikkelingsprogramme insien nie en daarom nie die voorstelle implementeer nie. Dit is verder belangrik dat die ontwikkeling van 'n professioneleontwikkelingsprogram onderwysers betrek en sodoende inligting insluit wat vir die onderwysers belangrik is.

Daar is vier kritiese komponente waarna gekyk moet word wanneer professioneleontwikkelingsprogramme beplan word met die oog op die onderwysers se ingesteldheid, naamlik (Cooper, 2002:2):

1) hoe die teorieë in die vakgebied geïntegreer gaan word;

2) die wyse waarop demonstrasies van strategieë en vaardighede aangebied gaan word;
3) die geleenthede vir inoefening gedurende die professioneleontwikkelingsprogram en terugvoer; en
4) die wyse waarop afrigting en opvolg toegepas kan word.

Hierdie kritiese komponente en die wyse waarop dit die aanbieding van 'n professioneleontwikkelingsprogram aangebied word, kan tot 'n positiewe of 'n negatiewe ingesteldheid aanleiding gee omdat die kritiese komponente onderwysers se kennis en vaardighede beïnvloed (Cooper, 2002:3) (sien Tabel 2.2):

Tabel 2.2: Kritiese komponente wat by die beplanning van professioneleontwikkelings-programme ingesluit moet word

Kritiese komponent	Definisie
Wyse waarop die teorieë, die Resepsie-Estetika, Kognitiewe Paradigma en die Dinamiese Sisteemteorie geïntegreer gaan word	Teorieë gee onderliggende definisies en navorsing. Daar moet eerstens teoretiese kennis aan onderwysers oorgedra word. Alhoewel daar soms gekla word dat professionele ontwikkeling te veel op die teorieë of kennis fokus, kan geen professioneleontwikkelingsprogram daarsonder aangebied word nie. Professioneleontwikkelingsprogramme is gewoonlik op konstruktivisme gebaseer eerder as op 'n oordraggeoriënteerde model. Hierdie benadering sien onderwysers as aktiewe leerders (Lieberman, 1994; McLaughlin & Zarrow, 2001) wat betrokke is by onderrig, assessering, observasie en refleksie (Dadds, 2001; Darling-Hammond & McLaughlin, 1995; King & Newmann, 2000).
Wyse waarop demonstrasies van strategieë en vaardighede aangebied gaan word	Wys aan die onderwyser hoe die voorgestelde strategieë en vaardighede geïmplementeer kan word. Demonstrasie van strategieë en metodes is essensieël by 'n professioneleontwikkelingsprogram. Indien daar weer slegs teorie aangebied word, kan onderwysers nie die kennis prakties in hulle klasse implementeer nie en dit kan lei tot 'n negatiewe ingesteldheid. Dit is belangrik dat daar 'n balans tussen die teoretiese agtergrond en die praktiese demonstrasie daarvan moet wees. Die een kan nie die ander oorheers nie, omdat beide uiters belangrik is.
Geleentheid vir inoefening en terugvoer	Gee aan onderwysers tyd om die strategieë en vaardighede wat hulle aangeleer het, in te oefen en gee konstruktiewe terugvoer.

	Indien onderwysers glad nie gedurende 'n professionele-ontwikkelingsgeleentheid die kans kry om die nuwe strategieë en metodes in te oefen nie, is die moontlikheid dat hulle dit in hulle klasse gaan implementeer, aansienlik kleiner. As onderwysers gedurende 'n professioneleontwikkelingsgeleentheid reeds die kans kry om die nuwe inligting te gebruik, raak hulle vroeg reeds gemaklik daarmee en kan hulle dit maklik in die klas implementeer. 'n Professioneleontwikkelingsprogram is 'n voordurende en langdurige proses. Dit bring mee dat daar eerder 'n reeks toepaslike opleidingsgeleenthede moet wees as een kortstondige geleentheid. Die proses gee aan onderwysers die geleentheid om voorkennis en nuwe ondervinding met mekaar te vergelyk, dit te hersien en sodoende te groei. Daar moet opvolggeleenthede wees waartydens onderwysers terugvoer kan gee oor hoe hulle die nuwe inligting ervaar en in die klaskamer toepas (Cooper, 2002:5 ; Lieverman, 1994; NAEYC, 2008).
Wyse waarop afrigting en opvolg toegepas kan word	Onderwysers word waargeneem en ontvang terugvoering. Verder word daar addisionele ondersteuning aan onderwysers gegee, sou hulle dit benodig. Onderwysers kan gedurende die professioneleontwikkelingsgeleentheid geobserveer word en reeds hier kan konstruktiewe terugvoer aan die onderwyser gegee word. Deurdat daar opvolggeleenthede is, kan onderwysers met die nuwe inligting wat hulle tydens die professionele onwikkeling geleer het eksperimenteer en gedurende opvolggeleenthede kan onderwysers hulle probleme uitwys en dit kan die hoof gebied word.

(Cooper, 2002:6).

'n Professioneleontwikkelingsprogram vereis deurdagte beplanning van die gepaste teorie wat gebruik sal word om die onderwysers op te lei (Cooper, 2002:7). Dit kan ook beïnvloed word deur die agtergrond waarteen die professioneleontwikkelingsprogram plaasvind. Wanneer onderwysers gemaklik is met die inhoud en/of vaardighede van hulle vakgebied, kan hulle die inhoud en vaardighede toepas en indien daar enige probleme is, kan onderwysers verder in die bepaalde verband ondersteun word. Sodoende kan daar verseker word dat onderwysers die inhoud en vaardighede met gemak in hulle klaskamer kan toepas.

2.5.2 Tyd

Onderwysers het genoegsame tyd nodig om aan hulle professionele ontwikkeling te werk, maar hulle kan ook nie die taak van onderrig en leer versuim ten einde hulle eie professionele ontwikkeling te bevorder nie (Bush, 1999; Dorph & Holtz, 2000). Onderwysers moet genoeg tyd hê om albei met sukses te voltooi. Volgens Morocco en Solomon (1999:262) het die Amerikaanse National Staff Development Council aangedui dat die tyd wat onderwysers aan professionele ontwikkeling bestee, nagenoeg 20% van die week moet uitmaak. Tyd word deur Abdal-Haqq (1996:1) as die grootste probleemarea by professionele

ontwikkeling beskou, maar tyd hang ook af van die agtergrond waarteen die professioneleontwikkelingsprogram plaasvind. Dit verskil van gemeenskap tot gemeenskap. Veral in ontwikkelende lande is daar nie noodwendig genoeg tyd om aan professionele ontwikkeling af te staan nie (Abdal-Haqq, 1996:2). In die meeste gevalle word werkswinkels en kursusse gedurende vakansies aangebied, sodat daar nie tyd van onderrig en leer weggeneem word nie (Villegas-Reimers, 1998).

Volgens Abdal-Haqq (1996:3) en Darling-Hammond (1996:5) word daar in lande soos China, Duitsland en Japan baie tyd aan onderwysers gegee om hulle professionele ontwikkeling te bevorder. In dié lande gee onderwysers min klas en bestee omtrent 30 tot 40% van die dag aan gesprekke met leerders en kollegas ten einde aan hulle professionele ontwikkeling te werk. Darling-Hammond (1999) is van mening dat, hoe meer tyd aan onderwysers gegee word vir beplanning, gesprekke en ander professionele ontwikkelingsaktiwiteite, hoe meer sal onderwysers die vermoë ontwikkel om effektiewe onderrig te gee en leer te bevorder.

2.5.3 Finansiële ondersteuning

Finansies is een van die grootste struikelblokke wat onderwysers se professionele ontwikkeling wêreldwyd strem. Hervorming kan nie sonder die nodige finansiering om die veranderinge te ondersteun, plaasvind nie (Bush, 1999:62).

Indien onderwysers nie deur die regering finansieël ondersteun word met betrekking tot professionele ontwikkeling nie, is Geiger (1996) van mening dat onderwysers of skole self sekere strategieë kan toepas om geld daarvoor in te samel. Onderwysers kan aan verskaffers vra om opleiding tesame met die produkte soos handboeke wat hulle aan skole verkoop, aan te bied. Dit is ’n groot probleem dat, indien daar geld by ’n bepaalde skool beskikbaar is, dit gewoonlik professionele ontwikkeling is wat die minste finansiële ondersteuning sal ontvang.

2.5.4 Die gebruik van tegnologie

Volgens Villegas-Reimers (2003:133) is die implementering van tegnologie een van die uitdagendste aspekte waarmee onderwysers gekonfronteer word. Vir onderwysers wat in skole is waar hulle toegang het tot tegnologie soos rekenaars, dataprojektors en dokumentkameras, is die uitdaging om te leer hoe om met die tegnologie te werk. Onderwysers twyfel soms tot watter mate tegnologie ’n aanwins is vir klasonderrig en wanneer dit klasonderrig belemmer. Tegnologie moet nie net gebruik word omdat dit gewild is nie; dit moet ’n bydra lewer tot die les wat aangebied word.

In skole waar daar nie tegnologie is nie, is dit uitdaging soveel groter (Koehler & Mishra, 2006:64). Sekere leerders kan dus benadeel word omdat hulle nie blootgestel word aan tegnologie wat deel is van ’n tegnologie-gedrewe samelewing nie. Sodanige leerders ontwikkel ’n agterstand ten opsigte van tegnologie en word dan wanneer hulle skool verlaat, vir die eerste keer daarmee gekonfronteer.

Met inagneming van die vinnige veranderings waarvoor tegnologie onderwysers, administrateurs en skoolgemeenskappe te staan bring, moet daar op die onderstaande gefokus word (Bybee & Loucks-Horsley, 2000:32):

- onderrig ten opsigte van die voortdurende ontwikkeling van tegnologie;
- die skep van geleenthede waar onderwysers meer oor die gebruik van tegnologie kan leer;
- die nodige toerusting sodat onderwysers voortdurend nuwe tegnologie kan gebruik; en
- die skep van langtermyngeleenthede, wanneer tegnologie gebruik word in klasonderrig, sodat onderwysers tegnologie effektief kan gebruik.

Onderwysers moet nie net bloot geleer word wat tegnologie is nie, maar moet ook ondersteuning ontvang ten opsigte van die moontlikhede om dit in hulle lesse te integreer. Tegnologie is belangrik vir professionele ontwikkeling omdat dit as onderrigmetode gebruik kan word en omdat dit onderwysers kan help om professioneel te ontwikkel.

2.6 Die uitwerking van professionele ontwikkeling op onderwysers en leerders

Villegas-Reimers (2003:20) beweer dat professionele ontwikkeling 'n invloed het op die uitgangspunte en gedrag van onderwysers. Onderwysers se doelwitte vir hulle leerders verander na aanleiding van sekere professioneleontwikkelingsprogramme en dat die verandering in doelwitte dan daarteenoor die onderwyser se gedrag verander (Kallestad & Olweus, 1998; Young, 2001). Volgens Young (2001) versterk professioneleontwikkelingsprogramme onderwysers se ingesteldheid, kennis en vaardighede ten opsigte van hulle onderrig. In hulle studie het Barber en Mourshed (2007) bevind dat die sentrale rol van die onderwyser met betrekking tot professioneleontwikkelingsprogramme duidelik is. Hierdie navorsers voer aan dat die gehalte van 'n onderwysstelsel nie die gehalte van onderwysers kan verbysteek nie en daarom is die enigste wyse waarop die onderwysstelsel en -metodes verbeter kan word, deur middel van die professionele ontwikkeling van onderwysers.

Volgens Supavitz en Turner (2000) is die hoeveelheid en moeilikheidsgraad van professioneleontwikkelingsprogramme waaraan onderwysers blootgestel word ten sterkste gekoppel aan die ondersoekende onderrigpraktyke en klaskamerkultuur. Stupavitz *et al*. (2000:331) het in navorsing bevind –

> *Teacher's attitudes, preparation and practices all showed strong, positive, and significant growth form pre-professional development to the following spring. Furthermore, these gains were sustained over several years following the teacher's involvement*.

Professioneleontwikkelingsprogramme het nie net 'n uitwerking op die onderwysers wat die betrokke programme bywoon nie, maar ook op die leerders. Verskeie studies wys daarop dat, hoe meer professionele kennis 'n onderwyser het, hoe hoër is die leerders se akademiese prestasie (Bantwini & King-McKenzie, 2011:18; Falk, 2001; Grosso de Leon, 2001; Guzman, 1995; Johnson, 2006:155; McGinn & Borden, 1995; NCTAF, 1996, 1997; Tatto, 1999). Wanneer onderwysers ontwikkel, ontwikkel leerders (Darling-Hammond, 1999:32). Borko en Putnam (1995) ondersteun verder die bewering dat professioneleontwikkelingsprogramme 'n positiewe uitwerking op onderwysers sowel as leerders het. Onderwysers se vaardighede verander wanneer hulle betrokke is by die samestelling van programme wat

dan weer 'n positiewe uitwerking op die leerders het ten opsigte van leerders se ontwikkeling (Resnick, 2005:1). Navorsing deur Cohen en Hill (1997), Johnson (2006:155), Bantwini en King-McKenzie (2011:18) het bevind dat daar 'n verband is tussen die verbetering van onderwysers se kennis en onderrigvaardighede en die verhoging van leerders se akademiese prestasies. Darling-Hammond (1999:32) stel dit soos volg:

> *Teachers who participated in sustained curriculum-based professional development reported changes in practice that, in turn, were associated with significantly higher student achievement scores on state assessment.*

Professioneleontwikkelingsprogramme en die ontwikkeling van onderwysers se kennis, vaardighede en strategieë beïnvloed leerders se akademiese prestasie en hulle houdings teenoor 'n spesifieke vak positief (Darling Hammond & Bransford, 2005; Rivkin *et al*., 2005). In Suid-Afrikaanse skole kan die verbetering van onderwysers se inhoudskennis die uitdagings wat die skoolstelsel ondervind verbeter (SA, 2010a). Onderwysers moet voorts vakke onderrig waarvoor hulle opgelei is want, indien hulle vakke onderrig waarvoor hulle nie opgelei is nie, frustreer dit die onderwysers en dit het weer 'n negatiewe invloed op die leerders (Ingersoll, 2001:42).

Die verband tussen professionele ontwikkeling en die verandering van die onderwysstelsel is wederkerig (Ingersoll, 2001:42). Die een word deur die ander beïnvloed. Volgens Villegas-Reimers (2003:24) is die verandering van 'n onderwysstelsel onsuksesvol wanneer dit nie professionele ontwikkeling insluit nie. Professionele ontwikkeling kan ook nie sonder die struktuur van wetgewing aangebied word nie, omdat onderwysers dan voel dat die veranderinge onnodig is omdat dit nie deur die onderwysdepartement voorgeskryf word nie.

Die hoofdoel van professioneleontwikkelingsprogramme is om onderwysers te help om veranderinge in die skoolstelsel teweeg te bring, omdat dit juis hier is waar die grootste hervorming plaasvind (Guskey, 1995:116; Jeanpierre *et al*., 2005:673; Smith & Desimone, 2003:122).

2.7 Uitdagings ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme

Vir die suksesvolle implementering van professioneleontwikkelingsprogramme, is dit belangrik dat daar ondersoek word wat die leemtes en uitdagings[2] ten opsigte van die ontwikkeling van professionele-ontwikkelingsprogramme is.

2.7.1 Behoeftes van onderwysers

Onderwysers het bepaalde behoeftes wat deur middel van professionele ontwikkeling die hoof gebied kan word (Darling-Hammond & Richarson, 2009). Volgens Castro (1991 soos aangehaal deur Villegas-Reimers, 2003) en Davini (1995, soos aangehaal deur Villegas-Reimers, 2003)[3] word daar in Suid-Amerika nie na die

[2] Alhoewel sekere van die aspekte wat bespreek is, reeds kortliks in die hoofstuk aangeraak is, word dit hier vir die doel van duidelikheid as uitdagings bespreek.

[3] Daar is hier van sekondêre bronne gebruik gemaak, omdat die artikels oorspronklik in Spaans geskryf is en dus nie vir die navorser toegangklik was nie.

behoeftes van onderwysers omgesien nie, en verder het onderwysers nie 'n wyse om met die administrateurs wat nuwe programme ontwikkel, te kommunikeer nie. Verskeie professioneleontwikkelingsprogramme fokus nie daarop om die onderwysers se professionele bevoegdheid te verbeter nie. Daar moet duidelik gelet word op wat die behoeftes van onderwysers vir wie die professionele ontwikkeling aangebied word, is.

2.7.2 Onvoldoende voorbereiding

Daar is onder meer volgens Castr, (1991 soos aangehaal deur Villegas-Reimers, 2003) kritiek teen aanbieders wat die onderskeie programme moet lei. In sommige gevalle is daar nie die nodige voorbereiding gedoen het nie, of genoegsame kennis oor die bepaalde onderwerp ontbreek (Castro, 1991 soos aangehaal deur Villegas-Reimers, 2003). In baie gevalle deel die leiers van professioneleontwikkelingsprogramme bloot die kennis en vaardighede waaroor hulle beskik ongeag of dit van waarde en relevant is vir die onderwysers (Castro, 1991 soos aangehaal deur Villegas-Reimers, 2003). Onvoldoende voorbereiding lei verder daartoe dat onderwysers wat die professioneleontwikkelingsprogram bywoon, verveeld kan raak en nie die kennis wat vir hulle van waarde is, gebruik nie.

2.7.3 Teoriegeoriënteerde programme

Sommige kursusse is teoriegeoriënteerd en bied nie praktiese probleme wat onderwysers ondervind, die hoof nie (Subirats & Nogales, 1989). Daar word te veel gefokus op inligting wat in die literatuur staan en nie noodwendig op die praktiese situasies wat in die klas na vore kom nie (Subirats & Nogales, 1989). Leiers van professioneleontwikkelingsprogramme het verder nie noodwendig die nodige insig ten opsigte van die omstandighede van onderwysers in die praktyk nie (Subirats & Nogales, 1989).

Dit kan van groot waarde wees indien daar gedurende professioneleontwikkelingsprogramme aan onderwysers wat die program bywoon, die geleentheid gegee word om hulle praktiese probleme met ander te deel. Op dié wyse kan ander onderwysers ook moontlike oplossings gee en sodoende kan onderwysers van mekaar leer.

2.7.4 Plek waar professioneleontwikkelingsprogramme aangebied word

'n Groot probleem in ontwikkelende lande is die plek waar die programme aangebied gaan word (Tovar, 1989 soos aangehaal deur Villegas-Reimers, 2003). Kursusse word aangebied op plekke wat moeilik is vir onderwysers om te bereik, veral dié onderwysers wat die kursusse die nodigste het, soos in afgeleë plaaslike gebiede (Tovar, 1989 soos aangehaal deur Villegas-Reimers, 2003).

Volgens Benejam en Espinet (1992) word professioneleontwikkelingsprogramme in lande soos Duitsland, Japan, Spanje, Verenigde Koninkryke en verskeie ander lande by die skool self aangebied. Elke skool kan dan self besluit wat die inhoud van die bepaalde professioneleontwikkelingsprogram sal wees. In Spanje word professioneleontwikkelingsprogramme op verskeie plekke aangebied, soos by universiteite of by institute wat deur die staat gekontroleer word, institute wat deur plaaslike owerhede, onderwysergebaseerde groepe en private instansies bestuur word. In Japan vind professioneleontwikkelingsprogramme op 'n formele basis plaas, soos by die ministerie van onderwys, plaaslike opvoedkundige owerhede en

universiteite. Informele professioneleontwikkelingsprogramme word onder meer deur die onderwysersvakbonde gereël. Verder is daar vrywillige studiegroepe wat maandeliks ontmoet en joernale het waarin navorsing opgeteken word of studiewerkgroepe in die bepaalde skool waar klaskamerobservasies en selfstudie byvoorbeeld gedoen word (Sato, 1992:163).

In China word professioneleontwikkelingsprogramme, soos in Japan, op 'n formele basis aangebied by universiteite of informeel deur gebruik te maak van kursusse wat oor die televisie uitgesaai word of korrespondensiekursusse by universiteite, kolleges en opvoedkundige institute. Volgens Zhang *et al*. (2001) is die fokus in China veral op selfgereguleerde leer. Onderwysers is self verantwoordelik vir hulle professionele ontwikkeling en sal daarom by korrespondensie-kursusse betrokke raak.

In Italië is daar onder meer ook op plaaslike vlak verskeie institute geskep om onderwysers by te staan in die probleme wat hulle in die skool ondervind. Volgens Villegas-Reimers (2003:665) word daar van bestaande instansies wat onderwysers onderrig verwag om 'n aktiewe rol te speel in die voordurende ontwikkeling van onderwysers. In Engeland en Nederland is die skool ook verantwoordelik vir die ontwikkeling, implementering en koördinering van professioneleontwikkelingsprogramme (Villegas-Reimers, 2003:665) . Onderwysers kan dus enige instansie nader om die program te ontwikkel en aan te bied, maar die skole moet daarvoor begroot en die verantwoordelikheid aanvaar om hulle onderwysers op die voorgrond van professionele ontwikkeling te hou.

2.7.5 Professioneleontwikkelingsprogramme – gebrekkige bruikbare inligting

Volgens Davini (1995 soos aangehaal deur Villegas-Reimers, 2003) is daar baie min leesmateriaal tot beskikking van onderwysers (Byingtong & Tannock, 2011). Onderwysers het nie altyd duidelikheid oor wat die doelwitte van die bepaalde professionele ontwikkeling is nie, en dit dra daartoe by dat onderwysers nie oor die bepaalde onderwerp kan nalees nie (Byingtong & Tannock, 2011). Onderwysers se taalvaardigheid kan ook 'n bepalende faktor wees, nie net in Suid-Afrika nie, maar in ander dele van die wêreld ook, omdat inligting in baie gevalle slegs in Engels beskikbaar is en nie alle onderwysers Engels magtig is nie (Byingtong & Tannock, 2011). Inligting is ook in sommige gevalle nie vir alle onderwysers ewe maklik bekombaar nie. Nie alle onderwysers het toegang tot biblioteke en die internet nie wat daartoe lei dat die onderwysers nie ekstra inligting kan bekom nie.

2.7.6 Professioneleontwikkelingsprogramme is kort en gefragmenteer met te min ondersteuning

Navorsing toon aan dat die grootste leemtes in professioneleontwikkelingsprogramme die feit is dat die programme gefragmenteer en kort is en min of geen ondersteuning aan onderwysers bied nie (Barko, 2004:45; Byingtong en Tannock, 2011; Fishman *et al*., 2001:26; Newman *et al*. 2000:273; Shawer, 2010:608; Villegas-Reimers, 2003:63). Die programme is in baie gevalle nie van toepassing op die behoeftes van die onderwysers nie en is oneffektief ten opsigte van die verandering in onderwysers se ingesteldheid, kennis en vaardighede.

2.8 Samevatting

Professionele ontwikkeling moet gesien word as 'n langtermynproses wat begin wanneer voornemende onderwysers begin met hulle opleiding en eindig wanneer hulle aftree. Professionele ontwikkeling vir onderwysers vind op 'n kontinuum plaas en onderwysers moet aangemoedig word om hulle voortdurend daartoe te verbind. Professionele ontwikkeling het 'n beduidende invloed op die sukses van hervorming ten opsigte van onderrig en leer.

Professionele ontwikkeling moet stelselmatig beplan word, ondersteun word, gefinansier word en ondersoek word om te verseker dat die proses effektief plaasvind. Dit is egter moeilik om altyd die individuele onderwysers se professioneleontwikkelingstadium tydens die stelselmatige beplanning van professionele ontwikkeling in ag te neem. In baie gevalle sal daar in professioneleontwikkelingsprogramme onderwysers wees wat beginners is en onderwysers wat al in 'n gevorderde stadium van hulle loopbaan is. Die meer ervare onderwysers kan aan die beginneronderwysers leiding gee en hulle ervarings met hulle deel wat tot gevolg kan hê dat die beginneronderwysers meer baat kan vind by die professioneleontwikkelingsprogram.

Onderwysers moet aangemoedig word om self deel te wees van die ontwikkeling van professioneleontwikkelingsprogramme. Dit is duidelik uit die literatuur dat, indien onderwysers betrek word by die ontwikkeling van programme, hulle meer daartoe verbind is om van die program 'n sukses te maak. Tyd en finansies is egter altyd 'n probleem by professionele ontwikkeling, maar indien daar genoegsame ondersteuning is en onderwysers aktief betrokke is by die programontwikkeling, die implementering daarvan en deelname aan die programme kan dit tot voordeel van onderwysers en leerders lei.

Goeie en volhoubare samewerkingsooreenkomste tussen die Departement van Onderwys, skole en universiteite moet bewerkstellig word sodat professioneleontwikkelingsprogramme tot voordeel van almal in die vennootskappe kan wees. Indien hierdie vernootskappe suksesvol is, kan wedersydse inligting uitgeruil word, alle partye kan by die ontwikkeling van die kurrikulum betrokke wees en die betrokkenheid kan tot voordeel van alle betrokke partye wees. Daar moet gepoog word om 'n vennootskap tot stand te bring tussen skole en instansies sodat onderwysers in hulle ontwikkeling ondersteun kan word sodra hulle begin om skool te gee.

Dit is verder belangrik dat daar van 'n verskeidenheid modelle vir professionele ontwikkeling gebruik gemaak word. Nie alle professionele ontwikkeling kan in kursusse die hoof gebied word nie, en daar kan van ander modelle gebruik gemaak word sodat professionele ontwikkeling op 'n gereelde basis in die werksplek kan plaasvind. Tegnologie kan veral hier van waarde wees omdat dit die inkortings wat onderwysers in die praktyk beleef, uit die weg kan help ruim.

Professioneleontwikkelingsprogramme moet verder gekoördineer word sodat onnodige herhaling uitgeskakel word. Instansies wat professioneleontwikkelingsprogramme aanbied moet so ver moontlik inligting oor die inhoud van hulle programme uitruil sodat die programme mekaar eerder aanvul as wat die programme mekaar bloot herhaal. Dit verveel onderwysers en laat by onderwyser negatiewe houdings ten opsigte van professionele ontwikkeling ontstaan. Wanneer negatiewe houdings eers gevorm is, is dit baie moeilik om dit

om te keer en dit kan alle professionele ontwikkeling waarin die spesifieke onderwysers nog sou belangstel, negatief beïnvloed.

Professionele ontwikkeling wat aktiwiteite inhou vir die bevordering van ingesteldhede, kennis, vaardighede en onderrigmetodes met die sleutelfaktore wie, wat en hoe ten opsigte van die onderwysers wat reeds in die praktyk staan, is 'n essensiële deel van enige onderwyser se loopbaan. Wanneer 'n professioneleontwikkelingsprogram ontwikkel word, moet daar veral gefokus word op **wie**, wat verwys na die eienskappe van die persone wat die bepaalde professionele ontwikkeling gaan ontvang, **wat**, verwys na die inhoud (ingesteldheid, kennis en vaardighede) waaroor die professionele ontwikkeling handel, en laastens verwys **hoe** na die modelle van professionele ontwikkeling wat gebruik kan word.

Daar is in die afgelope hoofstuk sekere professioneleontwikkelingsmodelle bespreek om sodoende te bepaal watter modelle die beste is om te gebruik wanneer 'n professioneleontwikkelingsprogram saamgestel word. Op grond van dié bespreking is dit duidelik dat daar nie slegs op een model gefokus kan word nie, maar dat 'n samestelling van verskeie modelle die beste sal wees om 'n suksesvolle professioneleontwikkelingsprogram te ontwikkel en aan te bied. Wat van besondere belang is, is dat daar 'n verhouding met die onderwysers opgebou moet word en dat professioneleontwikkelingprogramme gefokus moet wees met aanbieders wat goeie kennis dra van die onderwerp waaroor die professioneleontwikkelingsprogram handel. Verder moet daar veral aandag gegee word aan 'n goeie teoretiese onderbou, demonstrasies van strategieë en vaardighede. Nadat die vaardighede aan die onderwysers gedemonstreer is, moet die onderwysers die geleentheid kry om dit in te oefen waarna afrigting en mentorskap deel kan wees van die onderwysers se ondersteuningsisteem.

HOOFSTUK 3: TEORIEË VAN BELANG VIR KINDER- EN JEUGLITERATUUR

3.1 Inleiding

Aangesien die inhoudelike van professioneleontwikkelingsprogramme 'n groot invloed op die sukses van 'n professioneleontwikkelingsprogram het, word die inhoud van die spesifieke program in hoofstuk 3, 4 en 5 volledig bespreek. Hoofstuk 3 bevat die teoretiese inhoud wat van belang is vir hierdie studie. In hoofstuk 4 word daar ondersoek hoe kinder- en jeugliteratuur (KJL) geselekteer en geëvalueer kan word, en in hoofstuk 5 word die verskillende soorte kinder- en jeugliteratuur volledig bespreek.

Alhoewel daar verskeie teorieë en benaderings is, is daar vir die doel van die studie slegs op 'n kombinasie van drie teorieë wat veral vir die gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer belangrik is, gefokus. Hierdie teorieë sluit onder meer die resepsie-estetika-teorie, die kognitiewe paradigma en die dinamiese sisteemteorie (DST) (*dynamic systems theory*) in. Alhoewel die DST nie normaalweg met literêre teorieë geassosieer word nie, kan die implementering van DST duidelikheid verskaf oor spesifieke keuses van KJL deur spesifieke persone. Hierdie teorieë word as belangrik beskou omdat dit die selektering en evaluering van KJL beïnvloed. Daar word gevolglik om met die bespreking van die teorieë gepoog aan te toon dat 'n onderwyser die individuele leerder in ag moet neem wanneer boeke aanbeveel word vir 'n professioneleontwikkelingsprogram waarin KJL figureer. Die teorieë en die integrering van dié teorieë by die ontwikkeling van 'n professioneleontwikkelingsprogram word in hierdie hoofstuk ondersoek en bespreek.

3.2 Resepsie-estetika

Lesersreaksie, meer bekend as die resepsie van tekste deur lesers, verwys na die leesaktiwiteit, betekenisgewing en die leser se reaksie op die teks wat hy/sy lees (Senekal, 1983:1). Volgens Senekal (1983:1) word die leser se reaksie op 'n teks en die betekenisopbou daaruit bepaal deur sekere aanwysings wat deur die skrywer in die teks gegee word. Resepsie-estetika[1] het ten doel om die rol van gevoel, die verskeidenheid individuele reaksie, die konfrontasie en wisselwerking tussen tekste en lesers en die aard en beperkinge van interpretasie te bestudeer en te evalueer (Bennett, 1995:3-18; Senekal, 1983:1).

Teoretici soos Hans Robert Jauss en Wolfgang Iser het die grootste bydra gelewer tot die teorie van die resepsie-estetika. Resepsie-estetika word tans ook as basis gebruik vir die kognitiewe benadering tot literatuur. Die kognitiewe benadering poog om die denkprosesse van die leser tydens die interpretasie van 'n bepaalde teks te ondersoek (Van der Merwe & Viljoen, 2008:140).

3.2.1 Hans Robert Jauss

Jauss se naam, soos dié van Iser, het bykans sinoniem geraak met resepsie-estetika. In Jauss se intreerede, *Literaturgeschichte als Provokation der Literaturwissenschaft* (1970), het hy die oortuiging uitgespreek dat die literatuurgeskiedenis nie die belangrike aspek van die resepsie en werking van die leser

[1]Resepsie-estetika: Die vertakking van die literatuurwetenskap wat die wisselwerking tussen leser en teks bestudeer (Malan, 1983:xxiii).

voldoende verreken nie. Jauss het verder aangevoer dat die leser die geskiedenisvormende energie van die literêre werk is, dat die literêre werk nie 'n objek is wat op sigself bestaan en vir alle lesers op enige tyd dieselfde lyk nie. Interpretasie wissel met verloop van tyd, omdat die leser verander soos wat tyd verloop. Die literêre werk is 'n volledige notering wat bedoel is om altyd 'n hernude ooreenkoms in die lees van die literêre werk te vind, ooreenkomste wat bepaal word deur die tydperk waarin die leser leef (Jauss, 1982:18).

Jauss (1982:18) is van mening dat die leser nie 'n passiewe rol speel wanneer 'n teks gelees word nie, maar dat die historiese lewe van die teks nie sonder die aktiewe bydrae van die leser sal realiseer nie. Die geskiedenis van 'n werk se resepsie deur lesers speel 'n belangrike rol om status aan die werk te gee deur middel van die betekenis wat lesers aan die werk gee (Jauss, 1982:19). Hiermee word bedoel dat sekere werke met verloop van tyd moontlik verskillend deur lesers gelees sal word en dat die ontvangs van die teks beïnvloed kan word deur bepaalde uitgangspunte van die lesers binne 'n bepaalde tydperk. Dit is veral belangrik vir die ontginning van kinder- en jeugliteratuur (KJL) in die Afrikaanse skoolkurrikulum, omdat onderwysers moet besef dat hulle nie hulle interpretasie van tekste op leerders kan afdwing nie, maar in ag moet neem dat leerders ook hulle eie interpretasie vanuit hulle eie verwysingsraamwerk mag gee.

Die siening van die leser as 'n geskiedenisvormende energie is gebaseer op die uitgangspunt dat die leser van 'n literêre teks nie noodwendig te alle tye dieselfde lyk nie (Jauss, 1982:22). Die leser moet sy/haar vooroordele oorkom voordat daar van die siening uitgegaan kan word dat die geskiedenis van die literatuur op literêre feite gebaseer kan word. Vir Jauss (1982:22) is 'n teks nie 'n voorwerp wat op sy eie staan (of absoluut outonoom) is nie; dit ontlok ook nie by alle lesers uit verskillende geskiedkundige eras dieselfde betekenis nie. Dit is nie 'n monument wat 'n tydlose beeld sal verskaf nie, maar 'n dialoog tussen die teks en die leser wat met verloop van tyd verander. Aangesien literatuur – en daarom 'n teks – nie 'n voorwerp is nie, maar 'n gebeurtenis, kan dit 'n voortgaande effek hê indien lesers aanhou om 'n sekere reaksie daarop te hê.

Jauss (1982:23) maak verder gebruik van die term "verwagtingshorison". Die begrip "verwagtingshorison" is afkomstig van die hermeneuties-filosofiese term, "horison van verwagtinge". Dit gaan om die raamwerk van verwagtinge en aannames wat die wêrelde van die leser en die skrywer tydens die interpretasie van die bepaalde teks byeenbring. Die leser se reaksie vind nie in 'n vakuum plaas nie, maar geskied op grond van die horison van verwagtinge waarmee die leser die teks lees (Jauss, 1982:23). Jauss kyk na die opname en werking van 'n letterkundige werk in die objektiveerbare sisteem van verhoudings of verwagtinge. Dit gaan vir Jauss nie net om die kennis en ervaring wat die leser in sy/haar persoonlike lewe sou hê nie, maar ook om die leser se kennis en ervaring met betrekking tot literatuur self. Hieronder is veral die onderstaande belangrik:

a) die bekende norme van die genre waartoe die teks behoort;
b) die implisiete verhouding tussen die werk en die literêr-historiese omgewing; en
c) die kontras tussen die fiktiewe wêreld en die werklikheid, tussen die poëtiese en praktiese funksies van die taal (Jauss, 1982:24).

Hiermee bedoel Jauss dat die leser 'n literêre werk vanuit sy klein horison beskou en deur die wye horison van werklike ondervindings, soos die leser dit in die werklike lewe ervaar, beïnvloed word. As die verwagtingshorison van 'n werk so geformuleer word, kan ons die kunstige karakter van die werk in sy oorspronklike vorm neem en dit uitbrei tot die invloed wat dit op die beplande gehoor het.

Die gaping tussen die leser se bestaande verwagtingshorison en die teks word deur Jauss gesien as die plek waar die estetiese werking van die teks in werking tree. Die teks sal die bestaande verwagtingshorison bevestig en versterk, of dit totaal verskuif of verander (Jauss, 1982:25). Hierdie leemte kan vir latere lesers heeltemal onbelangrik raak, omdat die werk nou 'n alternatiewe horison oproep en die beter deur die lesers verstaan word. Jauss (1982:23) beskryf die verwagtingshorison soos volg:

> *A literary work, even when it appears to be new, does not present itself as something absolutely new in an informational vacuum, but predisposes its audience to a very specific kind of reception by announcements, overt and covert signals, familiar characteristics, or implicit allusions. It awakens memories of that which was already read, bring the reader to a specific emotional attitude, and with its beginning arouses expectations for the 'middle and end,' which can then be maintained intact or altered, reoriented, or even fulfilled ironically in the course of the reading according to specific rules of genre or type of text.*

Wanneer 'n leser 'n teks ontvang, het hy/sy 'n bepaalde verwagtingshorison. Die leser het dus bepaalde verwagtings na aanleiding van verskeie aspekte van die teks, soos onder meer sy/haar kennis van die skrywer, wat hy/sy van die teks verwag en dan ook die raamwerk waarin die leser gemaklik voel. Geen leser sal 'n teks onbeïnvloed kan lees nie, maar sal altyd sy/haar eie verwagtingshorison en uitkyk tot die interpretasie toevoeg. Jauss is van mening dat, wanneer die leser se verwagtingshorison en die betrokke teks baie met mekaar ooreenstem, so 'n teks moontlik beskou kan word as populêre leesstof, juis omdat die leser nie met verandering van sy/haar eie opvattings gekonfronteer word nie.

Jauss onderskei tussen twee hoofverwagtingshorisonne: die verwagtingshorison in die teks self, en die verwagtingshorison van die leser se eie lewenservaring. Jauss (1982:30) is van mening dat die verwagtingshorison van die leser se eie lewenservaring opgebou word deur die leser se lewenservaring, sy/haar manier waarop hy/sy die wêreld verstaan en die wyse waarop hierdie aspekte die leser se sosiale gedrag beïnvloed. Geskiedenis word daarom duidelik as 'n belangrike aspek van die verwagtingshorison beskou.

Senekal (1983:8) is van mening dat die interaksie tussen hierdie twee horisonne 'n estetiese ervaring konstitueer wat 'n aanduiding is dat daar onderskei kan word tussen die werksisteem[2] en 'n interpretasiesisteem[3] wat faktore soos lesersosiologie en leserpsigologie insluit.

[2]Vir Jauss is dit die verwagtingshorison in die teks self (Jauss, 1982:24).
[3]Vir Jauss is dit die verwagtingshorison van die leser (Jauss, 1982:24).

Volgens Senekal (1983:7) is twee aspekte belangrik in Jauss se resepsie-teorie:

a) Die verwagtingshorison word voortdurend gevorm en verander en word deur ’n verskeidenheid aspekte beïnvloed. Tekste wat ’n leser voor ’n bepaalde teks gelees het, kan die verwagtingshorison laat wissel of verander of dit selfs herskep. Senekal is van mening dat dié proses ontstaan uit die spanning tussen die teks en die bestaande en aanvaarde norme, tussen die reeks veranderde norme of ingesteldheid van die leser en die historiese reeks literêre werke wat die norm daarstel.
b) Die ontvangs van ’n teks is nie ’n willekeurige reeks indrukke nie, maar die saambring van spesifieke aanwysings in ’n proses van doelgerigte waarnemings.

Volgens Jauss (1982:30) is die analise van ’n literêre werk nie iets wat buite die geskiedenis plaasvind nie. Ons het nie toegang tot die oorspronklike horison nie, omdat die geskiedkundige horison reeds in die huidige horison opgeneem is. Om ’n literêre werk te verstaan, vind daar ’n proses van samevoeging plaas tussen hierdie horisonne wat ons aanvaar dat hulle afhanklik van mekaar bestaan. Die sosiale funksie van literatuur tree in werking wanneer die literêre ondervinding van lesers in die verwagtingshorison van hulle lewensondervinding lesers se lewensbeskouing en sosiale gedrag beïnvloed (Habib, 2008:723).

Jauss se intreerede het as belangrike vertrekpunt gedien vir die resepsie-estetika, maar hy was nie alleen in sy denkwyse oor literêre interpretasie vanuit die leser se oogpunt nie. Wolfgang Iser publiseer in 1972 *Die Appelstruktur der Texte* wat net soos Jauss se werk sinoniem gesien word met resepsie-estetika.

3.2.2 Wolfgang Iser

Net soos Jauss, is Iser van mening dat die teks nie alleen in ag geneem kan of mag word nie, maar dat die reaksies van die leser ’n beduidende rol speel by die interpretasie van tekste. Iser (1978:274) stel dit dat daar twee pole is by die skep van ’n literêre werk: die skeppingspool wat deur die skrywer geskep word, en die estetiese pool waar die leser aan die bepaalde teks betekenis gee (Iser, 1978:274).

Iser maak dit ook duidelik dat lesers nie slegs kan identifiseer met die literêre werk as skepping, of net met die reaksies wat die leser op daardie werk het nie, maar dat daar ’n middeweg moet wees waar albei pole – die teks en reaksie van die leser – ewe belangrik is. Daar moet ’n dialoog wees tussen die leser en die teks, en die leser moet hom/haar oopstel om deur die teks beïnvloed te word. Die leesproses is ’n aktiewe en kreatiewe proses waarin die lees van die teks lewe gee aan die teks en die dinamiese karakter van die teks na vore bring. As ’n skrywer ’n storie aan die leser in totaliteit aanbied, sonder enige oop plekke, is daar niks vir die leser om te doen nie. Dit is juis omdat die teks deur oop plekke gekenmerk word dat die leser aktief en kreatief betrokke kan wees by die teks en dinge self kan uitwerk. In die teks word daar verskeie strategieë ingeskryf om die limiete van die leser se eie ongeskryfde bedoelinge na vore te bring, maar die werk word deur die leser en sy/haar eie verbeelding uitgewerk (Iser, 1978:276).

Iser is van mening dat die skakeling tussen verskillende sinne nie deur die werk self tot stand gebring word nie, maar deur die leser wat die teks lees (Iser, 1978:277). Elke sin in ’n literêre werk wil eintlik iets meer sê as wat dit werklik sê. Die werklike literêre werk moet nie net bloot die leser se verwagting bevestig nie, maar moet dit veral verbreed, anders sal die leser verveeld raak met die teks (Iser, 1978:278). Die teks wat deur

die leser geskep word, word deur Iser (1978:278) die “virtuele dimensie” genoem, en dit moet samekoms van die teks en die verbeelding van die leser asook die spesifieke leser se interpretasie van die bepaalde teks uitbeeld.

Volgens Iser (1978:278) is daar twee belangrike aspekte van belang by die leesproses. Die eerste is dat lees ’n temporele, nie-liniêre handeling is . Wanneer ’n leser lees, word dit wat gelees word, in die gedagtes gebêre om opgeroep te word wanneer die leser iets nuuts lees. Nuwe aspekte word dan met mekaar verbind om nuwe skakels te vorm. Dit is hierdie skakels wat tussen die verlede, hede en toekomstige tekste gelê word, wat die interpretasie van die teks beïnvloed.

Hierdie skakels is die produk van hoe die leser se gedagtes werk met die sinne en letters van die teks en nie die teks self nie (Iser, 1978:278). Lesers verander hulle perspektief voortdurend soos wat hulle deur die fiktiewe materiaal werk. Wanneer ’n leser ’n teks ’n tweede keer lees, ken hy/sy reeds die einde van die verhaal. Dit bied aan die leser die geleentheid om nuwe verbintenisse te maak en dinge wat hy/sy die eerste keer gemis het, nou raak te sien. Daarom sal ’n leser se perspektief aangaande die teks verander indien hy/sy daardie teks meer as een keer lees. Die leser sal moontlik selfs ’n dieper betekenis in die verhaal ontdek. Die betekenis van die literêre werk word dus in die leeshandeling gegenereer en is die produk van ’n komplekse interaksie tussen die teks en die leser.

Die tweede belangrike met betrekking tot lees, is volgens Iser (1978:278) die oop plekke waarmee die leser in die teks gekonfronteer word. Nie alle tersaaklike inligting word eksplisiet in 'n teks gegee nie; dikwels word dit slegs gesuggereer. Oop plekke is die “onbepaalde” elemente in die teks wat medeskepping van die leser verg om genoegsame begrip te bewerkstellig. Wanneer ’n nuwe karakter byvoorbeeld ingevoer word, moet die leser self die verband met ander karakters, handelingslyne, ensovoorts lê (Malan, 1983:XXIV). Oop plekke kan omskryf word as daardie plekke of gedeeltes in ’n teks waar die inligting, logies gesproke, nie volledig is nie; dit is plekke van onbepaaldheid. Oop plekke word nie noodwendig net deur die teks geskep nie, maar kan ook – veral in die geval van KJL – deur middel van die illustrasies bewerkstellig word. Dit is veral die illustrasies wat in die geval van KJL die grootste interpretasie van leerders vereis.

As gevolg van sy/haar verwagtinge wat voortdurend verander, sal die leser daarna streef om alles in ’n sekere patroon bymekaar te pas. Volgens Iser (1978:284) is die patroon nie noodwendig in die teks nie, maar dikwels ook in die leser se gedagtes en in sy/haar eie geskiedenis en ondervinding, die gevolge daarvan en sy/haar uitkyk op die lewe. Lesers wil die materiaal in ’n teks binne ’n bepaalde raamwerk verstaan omdat dit dié raamwerk is wat dit moontlik maak om iets wat aan die leser bekend is, volgens ’n bekende patroon te begryp (Iser, 1978:285).

Die effektiwiteit van oop plekke lê juis daarin dat iets wat baie belangrik is vir die teks, versteek word. Die antwoord word nie vir die leser gegee nie. Die onvolledigheid motiveer die leser en bied die geleentheid om die twee pole – die skrywer se bedoeling en die leser se interpretasie – met mekaar te versoen. Oop plekke en negatiwiteit is ongeformuleerde agtergrond. Dit laat toe dat woorde se letterlike betekenis verander na verskillende betekenislae wat deur die leser ontsluit word (Iser, 1983:225–227).

Die soeke na die norm het bepaalde implikasies: dit gee die leser 'n idee van sy/haar eie vermoë om skakels te vorm en op grond hiervan, sy/haar eie interpretasievermoë te ontwikkel. Dit gaan dus nie net om die teks nie, maar ook oor die lesers self. Die nielineêre manier van lees word van die leser se ondervindings in die werklike wêreld deurgetrek. Volgens Iser kan die manier waarop 'n leser die teks ondervind, die leser se eie agtergrond uitbeeld. So gesien word die leesproses 'n spieël waarin die leser hom/haar kan aanskou (Iser, 1978:280–281). Wanneer 'n teks deur 'n leser gelees word, word die teks in die gedagtes van die leser herskep. Dit is nie gemaklik of liniêr nie. Die leser kyk vorentoe en/of agtertoe, besluit oor sekere aspekte, verander daardie besluite, vorm verwagtinge, bevraagteken, aanvaar en verwerp ander aspekte (Iser, 1978:288). Die leser se reaksie word nie in die teks uitgespel nie; daar word slegs 'n raamwerk van die moontlike besluite gegee. Wanneer die leser dan bepaalde besluite neem, sal hy/sy die prentjie daarvolgens invul. Iser (1978:56) stel dit soos volg:

> *Whenever this 'critical infidelity' occurs in the reception of the novel, then the world is reduced to the level of its individual reader's disposition; but the reader's role – despite the necessity for making selections – is meant to open him up to the working of the text, so that he will leave behind his individual disposition for the duration of his reading. In this way and in this way only, he will gain a positive and active insight into human nature.*

Volgens Iser (1978:288–289) is daar twee faktore wat in die proses van herskepping belangrik is. In die eerste plek speel die bekende dele van die werk, soos genre, patrone, temas en die sosiale milieu van die teks 'n belangrike rol. Tweedens is die strategie wat gebruik word om die bekende teenoor die onbekende te stel, belangrik. Daarvolgens dal die leser die bekende aspekte oproep en daarvolgens bepaalde idees en verwagtinge aangaande die teks ontwikkel. Die skrywer gebruik egter verskeie strategieë, soos verteltegnieke, karakterisering, ruimte, die besondere soort verteller en ander narratologiese aspekte om die leser uit die bekende te onttrek en hom/haar vir nuwe uitgangspunte en idees oop te stel ten einde die leser se verwagtingshorison te verbreed. Die leser word dus tot 'n nuwe verwagtingshorison gelei wat vanuit die leser se eie agtergrond ontwikkel en wat dit wat die leser in die teks ontdek tot sy/haar eie verwagtingshorison byvoeg.

Vir Iser (1978) dui lees op 'n manier waarop lesers ondervinding opdoen: die teks word deur die leser se hede opgeneem en sy/haar idees raak weg in die verlede. Dit is vir Iser (1978) die leser en nie die skrywer nie wat die dinkwerk moet doen. Wanneer 'n stuk gelees word, moet die leser die denke van die skrywer probeer ontsyfer – iets wat egter deur die leser se persoonlikheid, persepsies en sienings beïnvloed word (Iser, 1978:293–294).

Die vraag wat gevra moet word, is watter faktore 'n rol kan speel in die wyse waarop die leser die teks interpreteer. Aspekte wat hierin 'n rol speel is:

- wat aan die leser bekendgemaak word;
- wat slegs gedeeltelik aan die leser bekendgemaak word, en wat vir die leser weggesteek word;
- wat die skrywer wil bereik deur die verhaal wat hy/sy aan die leser voorlê; en
- watter spanning in die teks voorkom en hoe daardie spanning geskep en behou word.

Tekste moet verstaan word as ’n kombinasie van vorme en tekens om die leser se verbeelding te lei, maar nie in ’n bepaalde rigting te forseer nie, want die leser se verwagting moet ook in ag geneem word.

Volgens Iser se teorie kan die manier waarop ’n gebeurtenis in ’n literêre teks uitgebeeld word, deur spesifieke omstandighede van geskiedkundige gebeurtenisse gerig word, maar ’n goeie literêre werk kan geskiedkundige gebeurtenisse deurstaan en sy vermoë tot impak behou ongeag die verskillende historiese omstandighede waaronder die teks gelees word. Die leser het vooropgestelde idees wat gevorm word vanuit sy/haar eie ondervindings en toelaat dat die leser 'n eie mening vorm. Wanneer die leser dan ’n teks lees, vind daar ’n samesmelting van horisonne plaas. Die interaktiewe spel tussen die leser en die teks gee aan die leser die geleentheid om sy/haar eie vooropgestelde mening te verander om die betekenis van die teks te vorm. Die leser se horison wat die betekenis van die teks openbaar, word saamgevoeg om ’n nuwe horison te vorm (Iser, 1978:228).

Wanneer gepraat word van die wyse waarop ’n teks die leser beïnvloed, bestaan daar volgens Iser (1983:27) twee breë kategorieë waarin leser verdeel kan word: die werklike leser en die veronderstelde/ideale leser. Die werklike leser is die leser wie se resepsie ondersoek word; die veronderstelde/ideale leser is ’n projeksie van die moontlike leser en al die moontlike verhoudings van die leser tot die teks. Die gedokumenteerde resepsie van die werklike leser word soms as ’n spieël van die kulturele norme of kodes in ’n sekere era gesien. Iser (1983:27) wys op konflikte wat ontstaan tussen die leser en die skrywer en tussen die leser se subjektiwiteit en die skrywer se subjektiwiteit. Die skrywer se subjektiwiteit neem die leser se subjektiwiteit oor om ’n konflik tussen die leser se vermoë om ’n teks te evalueer en die bedoeling van die skrywer te laat ontstaan.

Betekenis is daarom nie uitsluitlik in die struktuur, oorvertelling, metode of karakters opgesluit nie, maar ook in die leser self en het daarom ’n opvoedkundige waarde wat vir professioneleontwikkelingsprogramme van belang is. Daar moet bepaal word onder watter omstandighede ’n bepaalde teks ’n bepaalde betekenis sal verskaf. Iser (2000a:310) beweer dat die narratief ’n manier is waarop die leser sy/haar posisie verskuif of verander. Die leser is vasgevang tussen die onbekende begin en einde van ’n verhaal, en vul die verhaal vanuit sy eie verwysingsraamwerk aan. Miall (1995:278) beweer in dié verband Iser verder aangevoer het dat fiktiewe tekste, soos wat in hierdie studie ondersoek word, verskil van die werking van die kognitiewe proses wat benodig word om die tekste te verstaan. Gedurende die lees van ’n fiktiewe teks word die raamwerk waarna die leser moet verwys, ook in oop plekke opgedeel, en daar gaan ’n verskeidenheid moontlikhede oop wat weer ’n kombinasie skemas oopmaak wat die leser noodsaak om bepaalde besluite in die teks te neem. ’n Fiktiewe teks verwys na ’n skema wat die leser self na vore moet bring.

Die belangrikste aspekte van die resepsie-estetika is die feit dat die leerder se reaksie op die teks in ag geneem móét word. Onderwysers moet daarop let dat leerders verskillend op tekste kan reageer en dat dié reaksies leerders se toekomstige leesgewoontes kan beïnvloed. Verder moet onderwysers in ag neem dat leerders (wanneer daar voorgelees word, die onderwyser self; so nie die leerders) nie ’n passiewe rol speel wanneer die teks gelees word nie, maar dat onderwysers die teks moet in leerders se verbeelding laat leef. Onderwysers moet elke leerder se verbeelding en interpretasie in ag neem en dit nie onnodig kritiseer nie.

Dit is belangrik dat die onderwyser individuele leerders se omstandighede en verwysingraamwerk in ag neem wanneer leerders se interpretasies met die klas gedeel word. Dit is ook vanuit die resepsie-estetika belangrik dat onderwysers sal aanvaar dat leerders se lewenservaringe 'n beduidende rol kan speel. Hiermee word beklemtoon hoe belangrik dit is om gepaste tekste aan leerders te gee. Literêre tekste moet nie net gekies word om aan die moeilikheidsgraad of die ouderdom van die leerders te voldoen nie, maar die dieper betekenis van die inhoud van die boek en die wyse waarop die teks leerders kan ontwikkel moet ook in ag geneem word. Die gebruik van die resepsie-estetika word soms gekritiseer omdat daar te veel mag in die hande van die leser gegee word. Die teks bestaan steeds, al lees en interpreteer die leser dit nie.

Die uitgangspunte van teoretici soos Jauss en Iser word as agtergrond vir die meer resente ontwikkeling van die kognitiewe paradigma in die interpretasie van literatuur (Malan. 1983:66). Die kognitiewe paradigma poog nie net om die leser se rol in die interpretasieproses te erken nie, maar ook om die leser se denkprosesse en ontwikkeling van die leser self deur die leesproses te verduidelik en te ondersoek (Iser, 2000b:311).


3.3 Die kognitiewe paradigma

Die resepsie-estetika soos hierbo uiteengesit vorm die basis van die meer resente ontwikkelinge van die kognitiewe paradigma by die bestudering van taal, tekste en narratiewe tekste in die besonder. Volgens Herman (2003:32) is die grondslag vir die ontwikkeling van die kognitiewe paradigma reeds in die 1970's gelê, nie net deur die teoretici soos Iser en Jauss nie, maar ook deur ander resepsie-estetici soos Tompkins (1980), Sternberg (1978) en Perry (1979). Hierdie teoretici het op die resepsie van tekste gefokus en veral ook op die prosessering van die teks deur die leser, wat die ontwikkeling van die kognitiewe paradigma teweeggebring het. Dit sluit duidelik aan by die opvattings oor kommunikasie en resepsie soos Iser dit uiteengesit het. Volgens Herman (2009:32) is die kognitiewe paradigma slegs die afgelope dekade in gebruik. In die 1970's is daar verskeie studies gedoen oor lesers se resepsie en reaksie op 'n teks, waarvan veral die werk van Iser (1972) en Jauss (1977). Volgens Abbott (2006:717) is die kognitiewe paradigma 'n uitbreiding van Iser se resepsie-estetika. Die kognitiewe paradigma wil die leser se interpretasie van teks met die funksionering van die brein in verband bring (Abbott, 2006:717). Abbott (2006:717) is van mening dat die meeste mense geskok is wanneer ander iets nie soos hulle interpreteer nie, omdat daar aangeneem word dat almal se brein, en gevolglik ook hulle interpretasie van 'n teks, dieselfde as hulle eie sal wees.

Buiten vir die resepsie-estetika, is teorieë uit die kognitiewe psigologie en kunsmatige intelligensie gebruik om begripsprosesse te ondersoek. Verskeie teoretici soos Langacker, Donald, Gerrig en Egidi en Herman doen navorsing oor die invloed van die kognitiewe paradigma wanneer die betekenis van tekste ontgin word. Langacker (2008:46) pas die kognitiewe paradigma toe op die sintaksis van woorde, maar sy menings en uitgangspunte kan ook op die letterkunde toegepas word. Langacker is verder van mening dat literatuur nie literatuur is nie tensy dit kognitief voorgestel word. Die kognitiewe paradigma werk met geïdealiseerde begrippe en aanvaar dat die "raam" 'n beginpunt vir die semantiese verduideliking is. Daar kan gesê word dat die raam die konteks bied, dit wil sê die basis van betekenis wat die leser lei om die inhoud op 'n sekere wyse te interpreteer. Die struktuur van die teks is op die agtergrond en word as die standaard aanvaar, maar

die teiken van die betekenis is die voorgrond van die bewustheid van die struktuur wat ondersoek word om betekenis te ontsluit. Enige teks roep agtergrond op as 'n basis vir betekenisgewing en begrip van 'n teks. Langacker (2008:83) is van mening dat daar in die kognitiewe paradigma aan die leser 'n verwysingspunt gegee word om iets te ontdek of te begryp. Die leser maak kognitief kontak met 'n ander punt in die teks, maar ook met verwysingspunte in die leser se eie lewe en verwysingsraamwerk.

In 'n teks is daar die breë houer van die storie, die buitelyne waarbinne die storie afspeel (Langacker 2008:215). Binne die breë struktuur is daar kleiner strukture (kleiner verhale) wat uiteindelik die hele storie vertel. Die leser moet van sy kognitiewe vermoëns gebruik maak om die kleiner strukture saam te voeg ten einde aan die teks betekenis te gee. Skemas moet die uitdrukking wat hulle karakteriseer, verteenwoordig (sien Figuur 3.2).



Figuur 3.1: Kleiner strukture wat leser in verhaal skep

Die volgende aspek van die kognitiewe benadering wat volgens Langacker belangrik is, is die rame waarbinne die leser beweeg (Langacker, 2008:281). Soos die teks ontvou, beweeg dit deur 'n reeks rame, waar elke raam op die vorige volg. Die leser beweeg van 'n vorige raamwerk na die huidige raamwerk om by die toekomstige raam uit te kom. Die skrywer lei die leser deur hierdie rame met die oog daarop om die leser en die skrywer bymekaar in 'n gekoördineerde verstandelike verwysing te bring.

Die kognitiewe benadering kan nie uitgeskakel word wanneer daar na die resepsie van 'n teks verwys word nie. Langacker vat dit soos volg saam.

> *We are always striving to make sense of our experience and construct a coherent view of the world. This comes with being alive and conscious – we can't help it. As we strive for 'epistemic control', each of us develops a conception of reality (Langacker, 2008:297).*

Vanuit die kognitiewe paradigma kan daar aanvaar word dat taal die narratief vooruitloop (Langacker, 2008:15). Taal is die middel waardeur 'n analise van die kognitiewe paradigma van die narratief geskied. Volgens Langacker (2008:15) is die model van die kognisie in wese 'n proses van interpretasie van komplekse lae verwysings. Elke laag van die kognitiewe aktiwiteit betrek 'n ander verwysing en elke laag vereis die bemeestering van die laag daaronder. Wanneer 'n leser dus 'n teks lees, word die betekenis van die woord buite die konteks waarin dit gewoonlik gebruik word, opgeroep.

Daar is verskeie benaderings tot die kognitiewe paradigma en volgens Donald (2006:2) is daar sewe aspekte wat belangrik is wanneer daar vanuit die kognitiewe paradigma na kuns gekyk word. Vir die doel van hierdie studie is Donald se teorie soos hy dit op die breë spektrum van kuns baseer aangepas vir gebruik ten opsigte van die literatuur in die besonder.

1. Literatuur moet gesien word as ’n spesifieke soort kognitiewe skepping. Dit is ’n aktiwiteit van die skrywer met die doel om die gedagtes van die leser te beïnvloed. Die skrywer wil aan die leser ’n teks gee wat die leser se uitkyk op die lewe sal beïnvloed, verbreed en moontlik verander.
2. Literatuur word geskep teen die agtergrond van “vrygestelde kognisie”. Mense het groot kognitiewe netwerke waarin die intellek meestal binne ’n vasgestelde struktuur van die vloei van gedagtes, herinneringe en kennis funksioneer. Volgens Donald (2006:3) het die aktiwiteit van kunstenaars en dus ook skrywers ’n sterk uitwerking op hierdie kultureel-kognitiewe netwerk. Die skrywer is soos kreatiewe generators wat skep en die kognitiewe uitkyk van hulle generasie beïnvloed.
3. Kuns is konstruktief in die sin dat dit die verfyning en uitbreiding van verstandelike modelle en wêrelduitkyke nastreef. Dit is die natuurlike produk van die kognitiewe self, die gevolg van die brein se vermoë of neiging tot integrasie van perseptuele en konseptuele materiaal oor tyd.
4. Literatuur is metakognitief, aangesien die selfevaluering waardeur ’n skrywer op die omgewing waaruit hy/sy kom kommentaar lewer, sterk daarin figureer. Die letterkunde is instrumenteel om kultuurstrominge te identifiseer en verskaf ook ’n selfidentifiserende simbool vir die tyd waarin die letterkunde geskryf word. Letterkunde is dus metakognitief in sy kognitiewe funksie op individuele en sosiale vlak (Donald, 2006:5).
5. Kuns is ’n tegnologies-gedrewe aspek van die kognisie. Dit beïnvloed die soort kognitiewe netwerk wat die kunstenaar kan skep om te kyk hoe die moderne tegnologie ’n rol speel by die begrip van kuns. Nuwe tegnologie bring mee dat daar van nuwe mediums gebruik gemaak kan word wanneer kuns geskep word. In die narratologie word nuwe tegnologie ook gebruik om ander ruimtes te skep. Die leser se kennis van hierdie tegnologie sal beïnvloed hoe hy/sy die narratief evalueer en interpreteer.
6. Die rol van die skrywer by die kognitiewe sisteem is nie noodwendig gevestig of onveranderlik nie. Die simboliese tegnologie kan die struktuur van die kognitiewe affekteer, aangesien die brein van binne en buite beïnvloed word sodat die geheue self daardeur bepaal word.
7. Laastens is kuns, en meer spesifiek literatuur, daarop gemik om ’n kognitiewe uitkoms te bewerkstellig. Kuns word ontwerp om ’n sekere intellektuele toestand by die leser te skep. Literatuur kan geëvalueer word na aanleiding van die mate waartoe dit in hierdie doel slaag.

Donald (2006:8) verdeel die historiese ontwikkeling van die brein in ’n mimetiese fase (*mimesis),* wat dui op die mens se vermoë om na te boots, ’n mitiese fase (*the mythic),* wat beskryf kan word as die vermoë tot gesproke taal, soos in storievertelling, en laastens, die fase van die moderne kulture (*Thecretik)*, wat op simbole gebaseer is, oor logika beskik, burokraties is en wat op eksterne geheue staat maak. Die leser gebruik al hierdie vermoëns as aspekte van sy kognisie by die interpretasie van ’n teks. Volgens Donald

(2006:7) is die doel van literatuur om ’n kognitiewe aanslag op die leser te maak, omdat die moderne intellektuele persoon met behoud van alle vorige vlakke in sy/haar komplekse kognitiewe struktuur, ontwikkel om ’n nuwe kognitiewe vlak te bereik. Literatuur verskaf aan die leser die omgewing om hierdie nuwe vlak te bereik. Metodes soos skryf, kodering, wiskundige notasies, wetenskaplike instrumente, boeke, rekords en rekenaars word in alle kulture gebruik. Dit is egter belangrik om te besef dat hierdie laaste fase van kultuur slegs moontlik is teen die agtergrond van die twee voorafgaande fases van kulture.

Kuns – en in hierdie proefskrif literatuur – is die produk van ’n breinaktiwiteit wat verdeel kan word in persepsies, geheue, aandag, leksikale soektogte en die vermoë om kennis te herroep. Wanneer ’n letterkundige boek byvoorbeeld gelees word, kom die waardering en observasie daarvan tot stand deur die aktivering van skakels tussen die kognitiewe komponente wat in ’n werkende struktuur of operasionele hiërargie georganiseer is (Donald, 2006:10).

Tydens die lees van volwasse of kinder- en jeugliteratuur gaan die leser deur ’n kognitiewe proses. Die leser lees die teks, fokus op spesifieke aspekte, verwerk die fokuspunt, stoor die verwerking in sy/haar tydelike geheue, sif deur die verskillende verwerkte dele en berg dit in sy/haar permanente geheue waar hy/sy die verskillende fokuspunte sinkroniseer en tot ’n eenheid van die kunswerk verwerk. Die proses kan verskeie kere herhaal en verander word voordat die leser gemaklik is met die storie. Tydens hierdie proses ontwikkel ’n hoër interpreterende sentrum in die brein met verskeie rame wat oor tyd versprei is.

Algaande ’n leser ’n literêre werk interpreteer, sal hy/sy waarskynlik verskeie klein of maklike kognitiewe aspekte uit die teks gebruik en ’n meer komplekse raamwerk skep waarin hy/sy gemaklik voel. Die leser word tot ’n intellektuele interpretasie gelei waarin selektief besluit word watter herinneringe hy/sy gedurende die interpretasie sal gebruik (Donald, 2006:11). Selfs al skep skrywers met fyn beplanning sekere eienskappe wat hulle aan hulle lesers wil voorhou, kan hulle nooit in beheer wees van die neurologiese interpretasie wat dit by ’n spesifieke leser sal ontlok nie. ’n Leser se geheue is so kompleks dat geen skrywer dit ooit kan voorspel nie. Die teks sal ’n leser lei tot ’n interpretasie wat uniek is en eie aan daardie leser want, alhoewel die skrywer die interpretasie deur sy skryfmetodes kan beïnvloed, volg elke leser se brein verskillende roetes. Die skrywer kan slegs ’n klein deel daarvan beheer; die grootste deel word deur die leser self beïnvloed. Onder leiding van die skrywer bring die leser se brein die los dele van die onderhawige verhaal byeen terwyl die leser sy/haar eie agtergrond gebruik om die skrywer se intensie te rekonstrueer (Donald, 2006:13).

Vir ander navorsers soos Gerrig en Egidi (2003:34) is die ondersoek van tekste vanuit die kognitiewe benadering belangrik omdat dit die proses ondersoek wat lesers volg om die simbole (letters en woorde) op die bladsy in ’n narratiewe wêreld te omskep en daardie voorstellings as ’n representasie te beskou. Volgens Johnson-Laird (2003 in Gerrig en Egidi, 2003:34) kan hierdie representasie op verskillende vlakke geskied. In sommige gevalle is die representasie baie na aan die teks en speel die leser se agtergrond en uitkyk nie regtig ’n rol nie, maar in ander gevalle sal dit ’n diverse en breë representasie wees. Alhoewel die skrywer in sommige gevalle ’n rol speel by die representasie wat die leser in sy/haar agtergrond skep, sal die agtergrond van die leser, sy kennis en sy kognitiewe vermoë steeds die belangrikste rol speel.

Gerrig en Egidi (2003:34) is van mening dat ’n kognitiewe benadering tot literatuur die onderstaande visie het:

1. Die kognitiewe paradigma moet verantwoording doen van die prosesse wat deurlopend terwyl die leser ’n teks lees, plaasvind.
2. Die kognitiewe paradigma moet ’n volledige representasie kan gee van wat elke oomblik gedurende die lees plaasvind.
3. Die kognitiewe paradigma moet die finale representasie van die narratief wat in die langtermyngeheue gestoor sal word wanneer die leesproses klaar is, kan verduidelik.

Hierdie visie kan bereik word deur ondersoek in te stel na nie net die doelwitte wat die leser vir hom/haar stel nie, maar ook vir die teks. Die doelwitte kan minimaal van aard wees, wanneer lesers minimale invloed op die teks het, slegs lees wat in die teks staan, en nie enige aspekte van buite of vanuit hulle eie agtergrond daarby betrek nie. Hierteenoor kan daar op die doelwitte wat in die teks gestel word en wat die leser wil oplos gefokus word. In dié verband kan twee vrae gevra word:

- hoekom word iets in ’n teks genoem?
- watter doel dien dit vir die vertel van die verhaal? (Gerrig & Egidi, 2003:41–42)

Daar kan ondersoek word wat die skrywer met ’n bepaalde teks wou bereik. Daarna moet bepaal word of die leser daardie doelwit bereik het met sy eie interpretasie en waarom dit bereik is al dan nie.

Herman (2009:30) en Zunshine (2010b:151) definieer die kognitiewe paradigma as ’n studie van kognitiewe aspekte wat met storievertelling gepaard gaan. Die kognitiewe paradigma is die skakeling tussen die verhaal wat vertel word enersyds en die leser se gees en verstand andersyds. Kognitiewe narratologie is dus ’n studie van die faktore wat geassosieer kan word met die ontwerp en interpretasie van literatuur. Herman (2009:30) is van mening dat die kognitiewe paradigma die tradisionele resepsie-teoretici se teorie verbreed met idees aangaande die leser se intelligensie, en daardeur verskeie dimensies tot die narratiewe struktuur toevoeg. Die kognitiewe paradigma is interdissiplinêr omdat dit op soveel verskillende terreine gebruik kan word, terreine wat onder meer die volgende insluit; linguistiek, rekenaartegnologie asook filosofie en psigologie omdat die brein en die kognitiewe interpretasie op verskillende terreine interdissiplinêr is. Herman (2009:31) stel dit egter duidelik dat, hoewel die kognitiewe paradigma op breinrelevante aspekte ten opsigte van vertelling fokus, dit tans slegs ’n kombinasie van los skemas is en nie ’n vaste raamwerk van ondersoek ten opsigte van literatuur nie.

Herman is van mening dat die kognitiewe paradigma die onderstaande vrae wil antwoord;

1. Watter kognitiewe prosesse is betrokke wanneer ’n narratief begryp moet word, met ander woorde watter modelle of wêrelde word deur die narratiewe teks in die leser se verbeelding geskep?
2. Hoe gebruik lesers mediumspesifieke raamwerke om die basis van die verhaalgebeure te konstrueer?
3. Op watter wyse kan stories ’n leser tot nadenke dwing?

Volgens Herman (2003:9,156) is die kognitiewe paradigma nodig by die ondersoek van literatuur omdat die vroeë strukturalistiese modelle nie voldoende is om die kodes en struktuur van sekere narratiewe te ondersoek nie. Herman is voorts van mening dat hierdie modelle nie die linguistiese aspekte van die narratief tydens die interpretasie van die teks deur die leser doeltreffend ondersoek nie. Saussure, soos aangehaal deur Herman (2003:9), toon aan dat die linguistiese vermoë van 'n leser vergelyk kan word met die kognitiewe funksie wat 'n leser vir interpretasie benodig. Hierdie linguistiese vermoë van die leser bestaan slegs in die gedagtes van die sprekergemeenskap van die besondere taal. Daarom is Herman van mening dat die taalsisteem kognitief is en op die sosiale gemeenskap van die gebruiker gebaseer is. Taal en die interpretasie van daardie taal is dus 'n verstandelike bate wat in die sosiale lewe van die gemeenskap gegrond is (Herman, 2003:4).

Dit is volgens Herman (2003:10) juis die kognitiewe funksies wat lesers tot hulle eie interpretasie lei, wat aan lesers die vermoë gee om die oop plekke in 'n teks op 'n spesifieke manier te vul. Dit laat lesers toe om, wanneer 'n boek gelees word, sekere aspekte vanuit hulle eie persoonlike en sosiale milieu op te roep. Sodoende word daar aan komplekse narratiewe struktuur gegee. As die skrywer byvoorbeeld noem hoe 'n man voor 'n lughawe staan op soek na 'n huurmotor, sal die leser aanneem dat dié persoon 'n kaartjie gekoop het, op die vliegtuig geklim het, en óf op pad is huis toe óf hom op 'n vreemde plek bevind. Die leser vul dus die oop plekke vanuit sy/haar eie kennis en agtergrond aan. Volgens Herman (2003:11) is literatuur dus 'n vermenging, nie net bloot van die intensies van die skrywer nie, maar ook van die leser wat sy/haar eie insigte en kennis na die storie bring ten einde 'n nuwe betekenis en struktuur met seker kognitiewe bates daar te stel.

Dit is belangrik dat daar gekyk word nie net na die linguistiese struktuur en die kognitiewe vermoë van die leser nie, maar ook na die sosiale struktuur, agtergrond en uitkyk van die leser (Herman, 2003:11). Herman is verder van mening dat daar twee strategieë bestaan wanneer ondersoek ingestel word na die intelligensie (kognitiewe vermoë) van die leser.

a) Begrip van tekste

   Om tekste te verstaan, kan die leser na die karakters, gebeurtenisse en verskeie narratologiese aspekte kyk. Alhoewel die proses volgens Herman (2003:12) natuurlik en outomaties geskied, is daar ook aanduidings dat dit 'n komplekse linguistiese en kognitiewe proses is. Herman is verder van mening dat die leser se kognitiewe vermoë in gedagte gehou moet word wanneer daar gesê word dat die leser die narratief interpreteer en organiseer. Verder moet die kort- en langtermyngeheue, die verbeeldingswêreld wat die leser skep van plekke en gebeure, die konseptuele vermenging van die narratief en die sosiale verhouding tussen karakters wat in die teks voorgestel word, in ag geneem word. Wanneer lesers 'n tweede wêreld in hulle gedagtes skep, moet hulle aan sekere aktiwiteite deelneem wat, volgens Gerrig en Egidi (2003:33), nie kan geskied sonder dat die kognitiewe vermoë van die leser 'n rol daarin speel nie. Daarom is kognisie essensieel vir lesers ten einde die teks te kan verstaan.

b) Tekste as gereedskap om te verstaan

> Tekste kan egter ook gesien word as instrumente vir die oefening en verbetering van die kognitiewe vermoë van die leser (Herman, 2003:13). Tekste brei die leser se kognitiewe vermoë uit en sal die leser se vermoë om 'n teks te interpreteer verbeter. Hoe meer 'n persoon lees, hoe beter sal sy of haar interpretasie van elke nuwe teks wees. So ook kan tekste aangewend word om die leser se psige te verryk. Wanneer 'n leser 'n traumatiese of spanningsvolle gebeurtenis beleef het, kan tekste gebruik word om die persoon te dwing om die trauma te verwerk en sodoende 'n gesonde psige te ontwikkel (Herman, 2003:13). Tekste kan dus aangewend word as terapie vir lesers. Turner (2003:121) merk op dat mense deur hulle lewens beweeg deur groot prosesse en gebeurtenisse deur middel van konstruksie, herinnering en die vermenging van verskillende herinneringe en stories te begryp.

Om te begryp hoe die leser sy/haar eie agtergrond gedurende die leesproses oproep, verwys Herman (2009:30) na die term *skript*, wat daarop dui dat die leser se voorkennis hom/haar toelaat om bepaalde verwagtinge te hê aangaande die verloop van 'n teks. Die leser verwag dat sekere gebeurtenisse en strukture op 'n gegewe oomblik in die teks vanuit die leser se eie geheue lewend gemaak word. Dit kom veral na vore wanneer 'n komplekse ruimte waarbinne 'n gebeurtenis plaasvind, met min teks beskryf word en slegs deur 'n basiese vertelling oorgedra word. Die leser vul die ruimte of momente in die storielyn dan vanuit sy/haar eie agtergrond aan.

Rame (*frames*) verwys na die verwagtinge wat die leser het ten opsigte van domeine van ervaring, bekende betekenisvelde wat die struktuur van die teks op enige gegewe moment kan beïnvloed. 'n Bekende raam wat deur die leser gedurende sy/haar interpretasie gebruik word, sal van krag wees totdat die leser genoop word om sy/haar raam te verander omdat daar iets in die teks was wat die raam laat verander het. Dit is vir Herman juis hierdie vroeë raam wat die narratief kognitief laat ontwikkel en dit moontlik maak om vas te stel hoe spesifieke aspekte van die narratief tot sekere interpretasiestrategieë lei.

Herman (2009:36) identifiseer verskillende aspekte van narratiewe tekste wat vanuit die kognitiewe paradigma ondersoek kan word:

1. die kognitiewe verbuiging van die narratief, dit wil sê afwykings van die verwagte narratiewe verloop;
2. die representasie van die gedagtes van karakters en die wyse waarop dit lesers lei om met spesifieke karakters te identifiseer of nie;
3. 'n noukeurige ondersoek van die emosie en emosionele diskoers en die wyse waarop emosie deur spesifieke narratiewe tekste geëlimineer kan word deur die leser;
4. die kognitiewe prosesse betrokke by begrip van die tydruimtelike aspekte van die narratief;
5. navorsing in die tekstuele en kognitiewe aspekte wat 'n invloed het op die narratiewe spanning, die skep van nuuskierigheid en verrassing, en die elemente van die narratief oor die algemeen wat die leser se algemene perspektief van die storiewêreld kan beïnvloed;
6. navorsing aangaande die koppelvlak tussen die narratief en die intellek van die leser, veral met betrekking tot die identiteitstema of die gevoelens van empatie wat die leser moontlik kan hê;
7. 'n studie van die narratief om die wêreld van tegnologie en veral rekenaars te begryp;

8. studies om die korrelasie tussen tekseienskappe en tekseffekte te verwoord, byvoorbeeld die korrelasie tussen die struktuur van die teks en die interpretasiestrategieë wat geaktiveer word; en
9. die opvatting dat narratiewe funksies as kognitiewe raamwerk die leser toelaat om die storie en storie-elemente in verskeie semiotiese mediums te kan identifiseer.

Verskeie aspekte van die kognitiewe paradigma is belangrik, veral wat betref kognitiewe narratologiese navorsing, omdat hierdie aspekte op die onderliggende kognitiewe prosesse wat die leser gedurende die leesproses en -ondersoek gebruik, fokus. Daar word gelet op die leser se vermoë om iets te konstrueer en hom/haar totaal in die storiewêreld te verdiep.

Herman (2009) en Langacker (2008) wys daarop dat woorde in die gedagtes van die leser in wêrelde omskep word en dat dit essensieel is om die narratief te verstaan. Die leser skep in sy gedagtes ’n wêreld waar hy/sy die vrae van wat, waar, wanneer en hoekom wil antwoord.

Volgens Herman (2009:37) kan die tradisionele benadering tot die narratiewe aspekte van ’n verhaal opnuut ondersoek word omdat daar by die kognitiewe benadering na die kognitiewe prosesse onderliggend aan die leser se interpretasie van die teks gekyk kan word.

Die kognitiewe paradigma kan volgens die navorser beskou word as ’n ondersoek van die leser se kognitiewe prosesse en uitgangspunte tydens die lees van ’n teks wat gebruik word om ’n tweede wêreld, die wêreld waarin die verhaal afspeel, te skep, ’n wêreld wat in die besonder op die proses van interpretasie van die onderskeie lesers gerig is. Die rede waarom ’n spesifieke leser van ’n verhaal hou of nie hou nie kan die gevolg van baie faktore wees, maar die kognitiewe representasie in die leser se gedagtes speel ’n beduidende rol.

Indien ’n leser sukkel om verband te lê tussen verskillende aspekte in ’n verhaal wat nie-chronologies verloop, sal die leser nie van die verhaal hou nie, aangesien hy of sy moontlik nie so maklik soos ander lesers die verhaal kan ontsluit nie. Die karakters speel eweneens ’n beduidende rol. Lesers lees ’n boek makliker as hulle, hulle in die skoene van die karakters kan plaas of simpatie vir die karakters voel. Soveel te meer sal ’n leser van ’n boek hou indien hy/sy hom/haar met ’n bepaalde karakter en met dit wat die karakter ervaar, kan assosieer. Wanneer ’n leser ’n teks lees en geen assosiasie met enige karakters het nie, sal die leser se interpretasie van daardie teks moontlik oppervlakkig bly, omdat hy/sy net lees om die teks klaar te lees en daar nie enige interpretasie van die teks plaasvind nie. Dit sou dan beteken dat die leser geen kognitiewe inspanning gebruik om die betekenis agter die teks of karakter te ontsluit nie.

Net soos wat die kognitiewe paradigma op aspekte soos tyd en karakter, wat hier as voorbeelde gebruik is, toegepas kan word, is dit ook waar van die ander narratiewe aspekte soos verteltegniek, verloop, gebeure, verteller en tema van die verhaal. Daarom is dit belangrik om te kyk hoe die individuele leser die teks lees en interpreteer. Teoretici soos Iser (1972), Jauss (1977), Langacker (2008), Donald (2006), Gerrig en Egidi (2003) en in besonder Herman (2003) se sienings kan gebruik word om die leser se interpretasie te verstaan en om vas te stel tot watter mate die leser se agtergrond ’n rol speel by sy/haar interpretasie.

Laastens moet daar ondersoek ingestel word na die koppelvlak tussen die narratief en die kognitiewe vermoë van die leser. Watter identiteit bring die leser na die verhaal en watter invloed het die leser se identiteit, verwysingsraamwerk en ideologie op sy/haar interpretasie van die verhaal? Hier moet ook in ag geneem word watter verbande daar tussen die struktuur wat die skrywer aan die verhaal gee en die wyse waarop dit die interpretasie van die leser sal beïnvloed, gelê kan word. Wanneer die skrywer byvoorbeeld iets herhaaldelik in die verhaal beskrywe, moet gevra word: hoe sal dit die leser beïnvloed? Sal die leser later so gewoond raak daaraan dat dit sy/haar eie rame en skripte verskuif, of sal dit hom/haar net meer in opstand laat kom oor die verhaalgegewe of selfs teenoor die literêre stuk as geheel (Herman, 2003:25)?

Die insluiting van die kognitiewe paradigma in 'n professioneleontwikkelingsprogram wat fokus op die insluiting van KJL in die klaskamer dui aan onderwysers dat leerders die vermoë moet hê om betekenis in hulle gedagtes te konstrueer en om in hulle verbeelding 'n storiewêreld te skep ten einde hulle in die storie te kan verdiep. Nie net moet onderwysers die doel hiervan vir leerders insien nie, maar onderwysers moet ook hierdie aspekte in ag neem wanneer hulle 'n teks vir die klas voorberei. Indien onderwysers hulle in die storiewêreld inleef, kan hulle literatuur met gesag en genot aan leerders oordra.

Die resepsie-estetika en kognitiewe paradigma volg op mekaar by die interpretasie van literatuur, maar vir die navorser moet die twee teorieë afsonderlik van mekaar staan alhoewel sommige aspekte met mekaar ooreenstem. Daarom stel die navorser voor dat daar eerder van 'n dinamiese stelselteorie gebruik gemaak moet word om die onderskeie invloede wat 'n leser tydens die leesproses ervaar, te beskryf.

3.4 Dinamiese sisteemteorie (DST)

DST fokus op die verskillende aspekte wat 'n invloed op 'n sisteem kan hê. In hierdie studie beteken "sisteem" stelsels of werkwyses sonder 'n vaste invloed wat mekaar wedersyds beïnvloed (Van Geert, 2003:642) . Die belangrikste eienskap van DST is dat dit met verloop van tyd verander, en dat 'n klein aspekte 'n groot invloed kan hê op die veranderde sisteem soos dit ontwikkel. Die DST word deur De Bot *et al*., (2013:8) beskryf as 'n totale interkonneksie van veranderlikes wat die sisteem beïnvloed. Alle veranderlikes het 'n invloed op mekaar, en as een veranderlike 'n verandering ondergaan, sal dit 'n invloed op ander veranderlikes in die sisteem. Veranderlikes verskil van sisteem tot sisteem. In die geval van hierdie studie is die veranderlikes wat van belang is die omgewing, die skrywer, die teks en die leser (hierdie veranderlikes word in onderafdelings 3.4.1 tot 3.4.9 bespreek).

Omdat 'n sisteem deur verskeie veranderlikes beïnvloed kan word, kan die uitkoms van 'n bepaalde stelsel nie met sekerheid bepaal word nie, nie omdat daar nie genoegsame kennis is om 'n voorspelling te maak nie, maar omdat die veranderlikes mekaar gedurig oor tyd verander. Dinamiese sisteme is daarop gebaseer dat elke sisteem deel is van 'n ander sisteem.

Die ontwikkeling van 'n sisteem word sterk deur sy oorspronklike stadium beïnvloed. "Oorspronklike stadium" verwys hier na die sisteem voordat enige invloed op die sisteem ingewerk het. In die geval van hierdie studie kan 'n teks/storie onder meer 'n voorbeeld wees. Die boek is onbeïnvloed net soos die skrywer dit geskep het in sy oorspronklike stadium. Wanneer die leser die boek lees, word die boek en die leser wedersyds deur die

onderskeie sisteme (die boek en die leser) beïnvloed. Klein verskille in die vroeë stadium van ontwikkeling van die sisteem kan 'n baie groot invloed hê op die latere ontwikkeling daarvan. Dit word die vlindereffek (*butterfly effect*) genoem. Hierdie metafoor verwys na die siening dat, wanneer 'n vlinder sy vlerke klap, dit 'n baie groot effek, soos winde, 'n tifoon en so meer in ander dele van die wêreld kan veroorsaak (De Bot *et al*., 2013:8; Gupta, 2009:45; Van Geert, 2003:645).

Dié beeld word baie duideliker wanneer dit na literatuur oorgedra word. As 'n jong leerder glad nie in die vroeë ontwikkelingsjare met boeke te make gekry het nie, dit nog nooit in sy/haar lewe gesien het nie, en vir die eerste keer in die skool met lees en boeke gekonfronteer word, sal daardie leerder se leesontwikkeling stadiger ontwikkel as leesontwikkeling van 'n leerder wat van kleins af deur boeke omring was. Dit beteken nie dat die leerder nie die agterstand kan inhaal nie, maar sy/haar sisteem van leesontwikkeling is op 'n ander ontwikkelingspad as dié van ander leerders.

Afgesien van die vlindereffek word die begrip "nielinéariteit" by die samestelling van 'n sisteem betrek. Nielinéariteit dui daarop dat daar 'n nielineêre verhouding bestaan tussen die grootte van die uitwerking van 'n veranderlike op die sisteem in die beginstadium en die effek wat dit op die lange duur kan hê. Verskeie kleiner veranderlikes kan 'n groot invloed op die sisteem hê, terwyl groot veranderlikes soms in die sisteem opgeneem word sonder dat dit 'n baie groot invloed het. Die sensitiwiteit wat die sisteem het ten opsigte van die oorspronklike omstandighede en veranderlikes kan afhang van verskeie komponente en sal van leerder tot leerder verskil. Sisteme wat in baie opsigte ooreenstem, kan sensitief wees ten opsigte van verskillende veranderlikes en sal daarom verskillend beïnvloed word deur die betrokke veranderlikes. Ongeag die oorspronklike stadium waarin die sisteem is, sisteme verander, en die oorspronklike stadium geld net vir 'n sekere tyd. Sisteme verander op grond van hulle interaksie met die omgewing en deur interne selferkenning (Van Geert, 2003:645).

Dit kan prakties verduidelik word met behulp van 'n voorbeeld. As daar byvoorbeeld 'n leerder is wat tot en met skoolgaande ouderdom nog nooit met enige boeke in aanraking gekom het nie en boeke word in graad 1 aan die leerder bekendgestel, word daar dus 'n beduidende en invloedryke veranderlike in die leerder se leessisteem ingebring. Hoe hierdie inkorporering van boeke die leerder se leessisteem gaan beïnvloed, gaan van leerder tot leerder verskil en ook van die onderwysers wat die eerste keer boeke aan die leerder bekendgestel het. Die boek waarmee die leerder die eerste keer in aanraking kom en selfs die persoonlikheid van die leerder speel ook 'n rol, omdat sommige leerders daarvan hou om te lees en ander nie. Verskillende sisteme sal op die individuele leerder se aanvaarding van boeke 'n invloed hê.

Sisteme sal sensitief wees wat betref spesifieke insette op spesifieke tye. 'n Verandering in die sisteem volg die reël van oorsaak en gevolg. Alles in die leerder se leessisteem sal gevolge hê en dit sal die leerder positief of negatief beïnvloed. Volgens Shanker en King (2002) kan DST gebruik word om kognitiewe prosesse van prosessering te verduidelik.

DST ondersoek die verband tussen oorsaak en gevolg en die wyse waarop dit met verloop van tyd verander indien nuwe elemente tot die stelsel toegevoeg word (De Bot *et al*., 2013:10). Sisteme groei mettertyd omdat

verskillende aspekte, soos die boeke wat die leerder al gelees het, sy/haar belangstelling tot die bepaalde sisteem toegevoeg word.

Volgens Van Geert (2003:314) is daar sekere vereistes wat teenwoordig moet wees ten einde dit moontlik te maak dat 'n sisteem te kan groei, onder meer:

- Daar moet iets wees wat kan groei. Hierdie stadium staan as die 'minimale strukturele groeivoorwaarde'. In die geval van die huidige studie dui dit byvoorbeeld op die leerder se vermoë om met elke boek woorde beter te leer ken, beter te lees en boeke beter te interpreteer.
- Daar moet hulpbronne wees wat die proses van groei ondersteun en aanwakker. Daar word tussen twee soorte hulpbronne onderskei.
    - Interne hulpbronne: hulpbronne wat met die individu geassosieer word, bv. die kapasiteit om te leer, tyd om te leer, konseptuele kennis, agtergrond en motivering.
    - Eksterne hulpbronne: hulpbronne van buite wat 'n invloed op die leser het, bv. die omgewing waarin leer plaasvind, die taal waarin die leer plaasvind en motiverings-faktore wat deur die omgewing gebruik word, soos boeke.

Hulpbronne in sisteme wat groei toon, het twee eienskappe, beperktheid en interafhanklikheid. Beperktheid geld vir alle interne hulpbronne. Geheue is beperk, die tyd wat aan leer bestee kan word, is beperk, so ook die kennis waaroor die individu op daardie stadium beskik en die motivering om te leer. Eksterne hulpbronne is dus beperk wat betref die verskillende omgewings waaraan die persoon blootgestel word en onderwysers se paraatheid om tyd en energie te bestee om die leerder se lees te bevorder.

Bostaande is 'n algemene beskrywing van DST. Die wyse waarop dit in die studie van literatuur geïmplementeer kan word, word vervolgens bespreek.

3.4.1 Die implementering van DST in die studie van literatuur

Wanneer daar na taal, skryf en literatuur gekyk word, is dit duidelik dat die implementering van DST die uitgangspunt van tradisionele literêre filosowe, naamlik dat die 'n teks in isolasie bestudeer word, verander. Die teks kan nie as 'n selfsluitende artefak gesien word wat op geen wyse deur eksterne faktore beïnvloed word nie. Wanneer literatuur as 'n selfsluitende artefak beskou word, word dit ingekort en geïsoleer en dikwels word die teks tot 'n enkele teks, een storielyn, een karakter, een tema en ander literêre komponente afgebreek. Daar word aanvaar dat, as 'n mens nie dieselfde beskouing van literatuur het as kenners het nie, jy nie die teks korrek interpreteer nie (Sadowski, 1999:34). Daar is geen plek vir individuele interpretasie van tekste wanneer 'n teks as 'n selfsluitende artefak beskou word nie. Dit is juis hierdie persepsie wat deur die DST ondersoek en verander word.

Wanneer DST gebruik word om literêre tekste te verstaan, kan die studie van tekste nie in isolasie plaasvind nie, want die skep van die teks word deur die kuns van die taal beïnvloed. Ander faktore wat ook 'n rol kan speel, is die integrasie van die realiteit, die kultuur, die sosiale omgewing waarbinne die teks geskryf is en al die bogenoemde van die leser self (Sadowski, 1993:52). Indien tekste van dieselfde genre langs mekaar

bestudeer word, kan 'n globale sisteem, 'n holistiese prentjie geskep word wat eksterne faktore wat 'n invloed het op die teks geskep word. Casanova (2005:1) stel dit soos volg:

> *If one is prepared to shift one's perspective, to step away from a particular text in order to examine it in relation to other texts, to try to detect similarities and dissimilarities between them and look for recurring patterns – in short, if one tries to take in the composition of the carpet as a whole, to see it as a coherent design, then it becomes possible to perceive the particularity of the pattern that one wishes to make appear.*

Hieruit is dit duidelik dat die individuele literêre teks deel is van 'n baie groter literêre sisteem. 'n Individuele literêre teks is nie 'n geïsoleerde fenomeen nie en word gesien as deel van 'n baie groter struktuur of sisteem wat hiërargies saamgestel word: vanaf die gemeenskap na die omgewing, dan nasionaal, globaal en uiteindelik superglobaal. Beïnvloeding vind op al hierdie vlakke plaas.

> *A literary work can be deciphered only on the basis of the whole of the composition, for its rediscovered coherence stands revealed only in relation to the entire literary universe of which it is a part. The singularity of individual literary works therefore becomes manifest only against the background of the overall structure in which they take their place. Each work that is declared to be literary is a minute part of the immense "combination" constituted by the literary world as a whole* (Casanova, 2005:3).


Wanneer 'n leser 'n individuele literêre werk as deel van 'n groter geheel lees, verdiep sy/haar begrip en betekenisgewing (Gupta, 2009:46). Volgens Sadowski (1999:9) is dit egter belangrik dat daar nie soveel op die invloed wat tekste op mekaar kan hê, gefokus sal word nie, maar dat die individuele elemente van die teks nie oor die hoof gesien moet word nie. Daar moet 'n balans tussen die elemente wees. Sadowski (1999:9) stel dit soos volg:

> *The question whether we treat an object as an element of a system, as a system, or as a sub- or supersystem is not merely a matter of harmless nomenclature, but has important practical implications … In literary studies too, the distinction can be of some importance. A decision whether poems in a single-author anthology are elements of a system or individual systems will have particular consequences for their interpretation. The interpretive problems posed by the sonnet sequences by Sidney, Spenser, or Shakespeare offer a good example. When we treat the sonnets as elements of the sequence we tend to interpret them less in their own right but more in relation to other sonnets and the underlying themes. On the other hand when we interpret the sonnets separately as selfcontained, largely independent pieces, the links with other sonnets in the sequence can be ignored and the poem must defend itself on its individual merit …*

Daar moet onder meer daarna gekyk word of die teks ter sprake by die ontleding 'n sisteem op sy eie is, en of dit deel is van 'n groter sisteem wat die interpretasie van die teks kan beïnvloed. Dit is belangrik dat, wanneer literatuur op dié wyse ontleed word, dit nie bloot net oor die samevoeging van die verskillende dele

van die sisteem gaan nie. Die ontleding van tekste is 'n komplekse proses waarin verskeie faktore in ag geneem moet word. Die leser se intuïsie, emosies, taal, agtergrond, kognitiewe vermoë, kultuur en verskeie ander speel hier 'n belangrike rol. Dit is sisteme op hulle eie wat die interpretasie en betekenis beïnvloed (Sadowski (1999:33).

Sadowski (1999:34) doen nege faktore/veranderlikes aan die hand wat die interpretasiesisteem kan beïnvloed. Die omgewing, skrywer, teks en lesers speel hier 'n beduidende rol. Dit kan grafies soos volg voorgestel word:



Figuur 3.2: Sisteem van interaksie tussen skrywer, teks, leser en die omgewing
(Aangepas uit Sadowski, 1999:34).

Hierdie nege stappe/faktore kan soos volg verduidelik word wanneer 'n teks geïnterpreteer word.

3.4.2 Die reaksie van die omgewing op die skrywer

Die reaksie van die omgewing op die skrywer verwys na 'n komplekse sisteem van aspekte wat die skrywer kan beïnvloed. Dit sluit onder meer die skrywer se sosio-kulturele omgewing, sy/haar agtergrond, onderrig, sosio-ekonomiese agtergrond, persoonlike lewe, politiese en kulturele omgewing, kennis, skryftegnieke, inspirasie, emosies en enige ander ondervindings van die skrywer in (Sadowski, 1999:34). Die omgewing is dus alle omgewingsinvloede wat 'n invloed op die skrywer en die teks wat hy/sy skryf, kan hê.

As die omgewingsfaktore wat die skrywer beïnvloed van nader bekyk word, kan die besluitneming agter die skrywer se skepping ontbloot word (Sadowski, 1999:34).

3.4.3 Die reaksie van die skrywer op die teks

Die wyse waarop die omgewing die skrywer beïnvloed en die wyse waarop die interne kreatiwiteit, kunstigheid, sensitiwiteit, intuïsie, intelligensie en emosie die skryf van 'n teks beïnvloed is die reaksie van die skrywer op die teks. Die wyse waarop die skrywer die woorde en sinne tot 'n kunstige en linguistieke geheel organiseer, word beoordeel deur die skrywer self. Dit kan nie as 'n maklike beskou word taak nie, omdat dit verskeie komplekse prosesse bevat (Sadowski, 1999:34).

3.4.4 Die reaksie van die teks op die skrywer

Die reaksie van die teks op die skrywer is 'n interessante interaksie waarin die teks terugvoer gee aan die skrywer. 'n Nuwe stimulus sal nuwe idees by die skrywer laat ontwikkel. Die skrywer lees die teks herhaaldelik soos wat hy/sy die teks skep en ontwikkel gedurende die proses nuwe idees wat dan met die bestaande dele van die teks geïntegreer word. Die finale teks wat aan die leser voorgelê word, verskil gewoonlik aansienlik van die teks waarmee oorspronklik mee begin is (Sadowski, 1999:34).

3.4.5 Die reaksie van die omgewing op die teks

Daar is verskeie omgewingsaspekte wat 'n rol kan speel op die teks, soos onder meer redakteurs wat die teks bewerk voordat dit gepubliseer word, wat tot gevolg kan hê dat die skrywer die teks moet hersien. In baie gevalle kan dit veranderinge in die teks teweeg bring. Die mark waarop die teks gerig is, speel hier 'n beduidende rol. Die oorspronklike teks word in baie gevalle aangepas sodat dit op 'n spesifieke mark gerig kan word waar dit verkoop sal word (Sadowski, 1999:34).

> *Even the freest countries in world literary space are therefore subject to the power of international commerce, which in transforming (and to a certain extent controlling or dictating) the conditions of production, modifies the form of books themselves* (Casanova, 1999:171).

Skrywers pas aan by die mark waarvoor hulle skryf en sal soms van hulle eie idees en skryfwyses tersyde stel om sodoende die boeke wat hulle skryf, verkoop en gepubliseer te kry (Sadowski, 1999:34).

3.4.6 Die invloed van die teks op die leser

Die reaksie van die leser op die teks is duidelik vervat in die bostaande resepsie-estetika en kognitiewe paradigma wat vroeër in die hoofstuk bespreek is. Volgens Casanova (1999:197) is die leser se interpretasie van die teks essensieel by die literatuur sisteem as 'n geheel. Dit is die leser wat die interaktiewe interaksie tussen die elemente in die sisteem voltooi. Die leser bring die omgewing, skrywer, teks en leser bymekaar wanneer die leser sy/haar interpretasie maak en betekenis skep deur middel van interpretasies.

Soos reeds genoem speel die leser as 'n geheel hier 'n beduidende rol. Die leser se agtergrond, opvoeding, kultuur, lewenservaring, emosies en verskeie ander speel 'n rol in die wyse waarop die leser die teks sal interpreteer. Die moontlikheid dat twee lesers een teks eenders sal interpreteer, is skraal. Die teks sal 'n invloed op die leser uitoefen wat weer die reaksie van die leser op die teks beïnvloed (Sadowski, 1999:34).

3.4.7 Die invloed van die leser op die teks

Die invloed van die leser op die teks vind tot 'n mindere mate plaas, aangesien die teks, nadat die gepubliseer is, nie deur die leser se sienings en interpretasie verander kan word nie. Die leser speel wel 'n rol by die interpretasie van die teks en die wyse waarop 'n bepaalde teks deur ander mense ontvang sal word. Sou die boek vir die leser van goeie gehalte wees en aanbeveelbaar wees, sal die leser die verkope van die teks beïnvloed (Sadowski, 1999:34).

3.4.8 Die reaksie van die omgewing op die leser

Die reaksie van die omgewing op die leser kan die beste deur 'n voorbeeld verduidelik word. Wanneer 'n boek soos *Babalela* deur Martie Preller ondersoek word, kan die omgewing van die leser aandui deur watter omgewingsinvloede die leerder beïnvloed gaan word. Vir sekere leerders sal die andersheid van die Babalela karakter die belangrikste elemente wees, juis omdat hulle anders voel in hulle onmiddellike omgewing soos die skool. Die verplasing wat *Babalela* in die boek ondervind, sal ook tot leerders wat geëmigreer het, of selfs van landelik na stedelik verhuis het, spreek. Leerders kan dan ontuis voel in 'n nuwe skool en gemeenskap. Aan die hand van die karakter se ervarings kan leerders hulle eie omstandighede raaklees en sodoende hulle omstandighede verwerk.

Dit is belangrik dat onderwysers die omgewing waaruit die leerders kom, in ag neem en leerders toelaat om hulle eie interpretasie van 'n boek te maak om aan te dui hoe hulle die boek ervaar (Sadowski, 1999:34).

3.4.9 Die reaksie van die skrywer op die leser

Die skrywer reageer op die voorgestelde leser deur die teks wat hy/sy aan die leser bied. Die gedagtes van die skrywer word op so wyse georganiseer dat dit reaksie by die lesers uitlok en lesers oor sekere aspekte laat dink. In die geval van kinder- en jeugliteratuur word hierdie uitlokking subtiel gedoen sodat leerders nie deur die teks gekonfronteer word nie, maar sodat hulle op 'n gemaklike wyse situasies vanuit hulle eie lewe kan verwerk en interpreteer (sien 3.1.3). Tekste en skrywers wat oor spesifieke aspekte skryf, kan leerders help om hulle eie lewe te verstaan en dit dan te verwerk, en om die inhoud van boeke te begryp en

sodoende hulle eie kognitiewe vermoë te ontwikkel. Die skrywer word 'n instrument wat interpretasie en nadenke by lesers wil ontlok.

3.4.10 Die reaksie van die leser op die skrywer

'n Skrywer sal te alle tye die voorgestelde leser (implisiete leser) in ag neem wanneer hy/sy 'n boek skryf. Dit kan 'n positiewe of negatiewe uitwerking op die teks wat geskep word, hê. Die leser wat deur die skrywer in die vooruitsig gestel word, sal die skrywer dus oor sekere aspekte laat nadink.

In teenstelling met die resepsie-estetika en kognitiewe paradigma maak DST voorsiening vir die skrywer en die teks as deel van die interpretasie. DST fokus verder ook, soos die resepsie-estetika en kognitiewe paradigma, op die leser en die leser se interpretasie van 'n teks. Wat veral van waarde is by die DST is die feit dat leerders, onderwysers en ouers deur middel van DST die uitwerking van invloede, groot of klein, op leerders se leesgewoontes verstaan. Op grond hiervan kom onderwysers en ouers tot die besef dat leerders verskil omdat verskillende sisteme by elke leerder 'n ander uitwerking sal hê. Daar kan nie veralgemenings ten opsigte van lees en interpretasie gemaak word nie. Leerders se leesgewoontes word beïnvloed deur die boeke waarmee hulle aanvanklik mee in die eerste plek in aanraking gekom het, die toegang tot boeke, boeke wat voorheen gelees is en verskeie ander invloede wat 'n rol kan speel by elke individuele leerder se leessisteem (Sadowski, 1999:34).

3.5 Implikasie van relevante teorieë vir die ontwikkeling van 'n professionele-ontwikkelingsprogram

Alhoewel daar verskeie teorieë bestaan, word die resepsie-estetika, kognitiewe paradigma en dinamiese sisteemteorie by die ontwikkeling van 'n professioneleontwikkelingsprogram as belangrik beskou. Die resepsie-estetika en die opvatting van die verwagtingshorison is belangrik omdat onderwysers met hulle keuse van boeke die verwagtingshorison van die leerders vir wie boeke aanbeveel word of wanneer boeke in die klaskamer gebruik word, in ag moet neem. Dit is nodig dat leerders uitgedaag word om nuwe begrippe te ondersoek. Met leerders is die verwagtinghorison amper van groot waarde omdat dit nie net leerders se verwagtinghorison ten opsigte van die storie verskuif nie, maar ook hulle taal ontwikkel en uitbrei. Onderwysers moet die leerders in hulle klas ken, want wat vir een groep 'n uitbreiding van hulle verwagtinghorison kan wees, sal dit nie noodwendig vir 'n ander groep ook wees nie.

Die siening van oop plekke is ook belangrik wanneer daar na die soort boek wat in die klas gebruik word, gekyk word. In dié opsig kan prenteboeke veral van groot waarde wees. Leerders dink dikwels visueel en prente vertel dikwels ook 'n storie en lei leerders in baie gevalle tot 'n dieper betekenis. Prentjies in boeke laat oop plekke wat leerders verskillend op grond van hulle uiteenlopende agtergronde sal invul. Dit is belangrik om boeke te gebruik wat oop plekke het sodat leerders hulle eie interpretasie aan die verhaal kan heg. Boeke stimuleer leerders om op 'n jong ouderdom krities te dink oor hoe hulle in dergelike situasies sou optree, of om die emosies van karakters te interpreteer. Leerders moet verder die geleentheid gegee word om 'n verhaal op hulle tyd te interpreteer. Daar word te maklik wanneer 'n boek in die klas gelees word, van leerders verwag om dadelik oor die boek te praat, of onderwysers bestee te min tyd aan 'n bladsy met illustrasies. Leerders kry ook nie altyd die geleentheid om illustrasies te ondersoek en te interpreteer nie. Dit

is belangrik dat onderwysers die leesproses hier as 'n nielineêre proses sal sien. Leerders moet die geleentheid gegee word om die prentjies te bekyk en weer te bekyk sodat hulle opinies kan vorm en daardie opinies kan verander sou hulle wil. Die boek kan selfs 'n tweede keer vir die leerders gelees word omdat dit aan leerders die geleentheid gee om nuwe verbande wat hulle nie noodwendig die eerste keer raakgesien het nie, te lê.

Die kognitiewe paradigma dra by tot die ontwikkeling van professioneleontwikkelingsprogramme omdat onderwysers moet begryp dat lees in die eerste plek gaan om die betekenis wat leerders aan woorde heg. Dit gaan nie net om die interpretasie van die boek as 'n geheel nie, maar met die ontwikkeling van die leerder se kognitiewe aspekte sal die betekenisgewing aan woorde ook beïnvloed word. Leerders se kognitiewe vermoë ontwikkel deurdat hulle die geheel van die teks ondersoek, maar ook die kleiner strukture soos taal- en literatuuraspekte. Leerders moet dus die geleentheid kry om KJL te ondersoek. Onderwysers hoef nie prominent op die interpretasie te fokus nie, maar moet vrae vra wat die leerders oor die kleiner strukture sal laat nadink. Hierdie vrae van die onderwyser plaas die leerder dadelik in 'n posisie waar hy/sy kleiner strukture uit die teks moet uithaal en dit in sy eie gedagtes moet rekonstrueer ten einde die onderwyser se vrae te kan beantwoord. Die leerder ontwikkel sy eie begrip van die realiteit van daardie aspekte wat nie net sy/haar kognitiewe vermoë ontwikkel nie, maar ook sy/haar kreatiwiteit.

Leerders word deur die lae van interpretasie gelei deurdat hulle op hulle eie oor die boek en die illustrasies nadink. So betrek die leerder inligting van buite die boek om die beelde te vorm wat dan weer die leerder help om situasies vanuit sy/haar eie lewe te bevraagteken en te verwerk.

Die kognitiewe paradigma gee onderwysers verder die vermoë om te begryp dat KJL metakognitief is en dat die skrywer kommentaar lewer op die wêreld. Selfs leerders word beïnvloed deur die kommentaar wat hulle in boeke kry. As daar weer na *Babalela* gekyk word, kan daar aangevoer word dat die boek die sosiale implikasies van verplasing en afsondering belig. Hierdie kommentaar kan aan die leerder 'n selfidentifiserende simbool verskaf wat die leerder help om die lewe en wêreld om hom/haar te verstaan.

Onderwysers moet hulself die onderstaande vrae afvra:

1. Watter kognitiewe prosesse is betrokke wanneer 'n narratief begryp moet word, en watter modelle of wêrelde word deur die narratiewe teks in die leerder se gedagtes geskep?
2. Hoe gebruik leerders mediumspesifieke raamwerke om die basis van die verhaalgebeure te bou?
3. Op watter wyse kan literatuur die leerder tot nadenke dwing?

Indien onderwysers dié vrae kan beantwoord sal hulle kan insien dat leerders die narratief verbuig om hulle eie interpretasies van die onderskeie tekste te maak. Leerders sal verder met spesifieke karakters kan identifiseer omdat daardie karakters tot iets diepers in hulle spreek. Leerders sal in baie gevalle die emosies in die boeke kan interpreteer en sodoende hulle eie emosies kan verwerk. Leerders sal leer om tydruimtelike aspekte soos die volgorde van gebeure en die gevolge daarvan wat later in die verhaal plaasvind, te evalueer.

Die kognitiewe paradigma help onderwysers om ondersoek in te stel na die doel van die narratiewe spanning in die boek. Hierdie spanning sal leerders nuuskierig maak oor wat verder in die teks gebeur. By kinderliteratuur speel die omblaai-aksie veral in die opbou van spanning 'n belangrike rol. Onderwysers moet begryp dat hulle spanning moet behou wanneer 'n boek voorgelees word sodat leerders die kognitiewe proses van spanningsbou kan beleef.

Die kognitiewe paradigma kan bydra tot die leerders se begrip van eie identiteit. Leerders ontwikkel nog hulle identiteit en boeke kan hulle help om daardie identiteit raak te sien, te ontwikkel en te aanvaar. Dit kan aan onderwysers verder die vermoë gee om te begryp dat die identifisering van die storie en die narratiewe elemente vir leerders belangrik is. Illustrasies kan veral hier 'n belangrike rol speel. Leerders kan gevra word om oor seker aspekte of hulle interpretasie van die storie, te teken. Dit kan moontlik aandui hoe die leerders die boek interpreteer.

Terwyl die resepsie-estetika en die kognitiewe paradigma op die leser fokus, kan DST aan onderwyser die totale prentjie van literatuur gee. Die hoofdoel van die insluiting van die DST by hierdie studie was om aan onderwysers te verduidelik dat hulle die leerder as 'n individu moet beskou wat deur verskeie sisteme voortdurend verander word. Elke leerder, elke boek, elke skrywer sal verskillende uitkyke en interpretasies ontlok, omdat elkeen 'n sisteem op sy eie is wat mekaar interaktief beïnvloed. Die onderwyser moet die lesende leerder as 'n holistiese sisteem beskou wat deur die kleinste veranderlike gewysig kan word. Onderwysers moet daarop bedag wees, veral in die multikulturele omgewing van Suid-Afrika.

Bostaande teorieë kan soos volg grafies voorgestel word om die uitwerking van die sisteme wat 'n rol speel by die leerder se interpretasie van 'n boek, te verstaan (sien Figuur 3.4).



Figuur 3.3: Holistiese integrasie van relevante teorieë

Die onderwyser moet die leerder as individu sien wat deur sy/haar taal, agtergrond, kultuur, emosies, kognitiewe vermoë en verskeie ander elemente beïnvloed word. Die leerder word verder deur die teks en skrywer beïnvloed en word gedwing om sy/haar eie verwagtinghorison te verskuif of te verbreed algaande hy/sy meer lees. Verder stel kinder- en jeugliteratuur voordurend nuwe woordeskat aan die leerder bekend. Dit laat die leerder nadink oor die boek om sodoende dieper betekenis in die storie te ontgin.

3.6 Gevolgtrekking

Die keuse van die gepaste boek vir elke leerder is uiters belangrik. Dit is nie net 'n losstaande stelling nie; dit word reeds jare lank deur verskeie navorsers nagevors. In hoofstuk 3 is die teorieë wat die invloede wat in ag geneem moet word, saamgevat. Navorsing op die gebied van die leser as fokuspunt wanneer daar na kinder- en jeugliteratuur gekyk word, is deur die toonaangewende Iser en Jauss in die sewentigerjare op die voorgrond geplaas deur die ontwikkeling van die resepsie-estetika. Die verwysingsraamwerk van die leser en die vermoë van die leser om sy/haar horisonne te verskuif soos hy/sy die teks lees, lewer spesifieke interpretasies van tekste. Iser en Jauss is opgevolg deur die meer resente kognitiewe paradigma. Die kognitiewe paradigma poog om die prosesse wat deur die leser gevolg word wanneer hy/sy die teks lees om die teks te interpreteer te ondersoek. Vir die leser het elke teks twee moontlike uitwerkings volgens (Herman, (2003:13) een van die toonaangewende navorsers op die gebied van kognitiewe paradigma. Die leser poog om die teks te begryp, of die teks kan deur die onderwerp wat behandel word, die leser help om bepaalde

aspekte van sy/haar persoonlike lewe te verwerk. Vir onderwysers kan dié aspek veral van waarde wees omdat die interpretasie leerders in die eerste plek kan lei tot kritiese denke wanneer hulle die teks probeer begryp, en in die tweede plek kan dit leerders help om situasies in hulle eie lewens te verwerk.

Die vraag wat beantwoord moet word, is watter aspekte 'n rol speel wanneer ondersoek word wat moontlik die leser se interpretasie kan beïnvloed. In dié geval is die resepsie-estetika en die kognitiewe paradigma nie alomverduidelikend nie. Om dié rede is die DST tydens hierdie studie gebruik ten einde aan te dui dat alle aspekte van 'n kind se lewe 'n rol speel. Ongeag hoe klein of groot die rol is wat 'n bepaalde gebeurtenis in die leerder se lewe kan speel; dit kan 'n groot invloed op die leerder se lewe hê. Die outeur, die teks, die leerder self en alles uit die leerder se verlede speel 'n rol, so ook die omgewing waarin die leerder woon en grootword. Om hierdie rede is dit belangrik dat onderwysers hierdie teoretiese agtergrond sal hê om sodoende 'n holistiese integrasiebenadering te volg wanneer dit by die gebruik en aanbeveling van kinder- en jeugliteratuur kom.

Die resepsie-estetika, kognitiewe paradigma en DST vorm die grondslag van die ontwikkeling van 'n professioneleontwikkelingsprogram wat oor die integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die Afrikaanse skoolkurrikulum handel omdat hierdie teorieë aan onderwysers die agtergrondkennis gee van leerders en van die wyse waarop leerders literatuur moontlik sal kan interpreteer. Die teorieë kan aan onderwysers 'n geheelbeeld gee van die leerders met wie hulle die literatuur deel. Die keuse van boeke moet gemaak word met al die bostaande aspekte in gedagte sodat die gepaste boek in 'n bepaalde situasie gebruik word.

Afgesien van die relevante teorieë wat die basis van die teoretiese benadering tydens hierdie studie gevorm het, moes kinder- en jeugliteratuur ook in ag geneem word. In die volgende hoofstukke word daar op die seleksie en evaluering van kinder- en jeugliteratuur gefokus (Hoofstuk 4) en die verskillende genres in kinder- en jeugliteratuur (Hoofstuk 5).

HOOFSTUK 4: SELEKSIE EN EVALUERING VAN KINDER- EN JEUGLITERATUUR

4.1 Inleiding

Volgens Norton en Norton (2011:2) maak kinder- en jeugliteratuur (KJL) deure vir leerders oop en kan aan hulle eindelose ure van avontuur en genot verskaf. Dit is onderwysers, volwassenes, ouers en voogde se plig om leerders te help om die moontlikhede en rykheid van KJL te ontdek (in hierdie studie word daar slegs na die onderwyser se invloed verwys). Die mate waartoe leerders met KJL in aanraking kom, hang van die volwassenes in die leerder se lewe af. Naas ouers wat voor skoolhou jare die leerder aan boeke blootstel, is dit die onderwyser wat die boeke met leerders deel en hulle daaraan moet blootstel, wat 'n liefde vir lees en literatuur moet kweek. Onderwysers moet aan leerders voorlees wanneer die leerders nog nie self kan lees nie, en die leerders ondersteun wanneer hulle self begin lees. Volgens Cunningham en Allington (2003:2) is 'n suksesvolle klaskamer 'n klaskamer waarin daar vir die leerders gelees word. In sodanige klaskamer sal onderwysers die belangrikheid van boeke insien en leerders sal toegelaat word om self boeke wat hulle graag sal wil lees, te kies. Wanneer daar gereelde tyd afgestaan word aan boeke, sal dit so natuurlik word soos eet of slaap (IRA/CBC Liaison Committee, 2008:160). Om boeke deel van elke leerder se vorming en van sy/haar taal-, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling te maak, moet onderwysers oor die vermoë beskik om gepaste boeke te kies.

In hierdie hoofstuk word die seleksie en evaluering van KJL bespreek. Daar sal onder meer gefokus word op die waarde van KJL vir leerders ten opsigte van hulle taal-, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling. Daar sal verder in die hoofstuk ondersoek word hoe KJL geëvalueer word ten opsigte van die narratiewe elemente en illustrasies daarin om sodoende gepaste keuses te maak. Hierdie inligting is belangrik vir onderwysers omdat dit hulle kan ondersteun in hulle keuse van boeke en die gebruik van boeke in hulle klaskamers.

4.2 Die waarde van kinder- en jeugliteratuur

Boeke is een van die vernaamste maniere waarop 'n kultuur se literêre erfenis na die volgende generasie oorgedra word. Volgens Silvey (1993:xi) is die literêre erfenis baie belangrik, veral vir leerders. Hy motiveer so:

> *because children are young for such a short time, we need to give them their literary heritage during these brief years. Just as every literate adult knows certain books, every child should know specific children's books. If we fail to present these books to children, they reach adulthood without a basic literary heritage*.

Volgens Norton en Norton (2011:3) kan literatuur verder 'n baie belangrike rol speel om **kulturele erfenis te verstaan**. Dit kan leerders help om positiewe houdings teenoor alle kulture te ontwikkel. KJL bou aan die leerder se sosiale en persoonlikheidsontwikkeling, want indien literatuur sorgsaam gekies word en die aanwinste en gebruike van alle kulture aantoon, kan dit vir leerders se sosiale en persoonlikheidsontwikkeling tot voordeel wees. 'n Positiewe beskouing van die self is nie moontlik indien leerders nie hulle eie kultuur en dié van ander respekteer nie.

KJL kan help om leerders ten opsigte van **taalvaardighede voor te berei vir skool**. KJL kan ook die leerder wat reeds in die skool is, help om taalkundig en kognitief verder te ontwikkel (Arnold & Colburn, 2009:25). Daar moet onder meer vir leerders voorgelees word, liedjies gesing word en letters aan die leerder uitgewys word sodat hy/sy klanke met letters kan leer assosieer en sodoende hulle **taalvaardighede en kognitiewe vermoë kan ontwikkel**. Arnold en Colburn (2009:27) voer aan dat ouers nie net fiksie met leerders moet deel nie, maar ook boeke wat op die werklikheid gebaseer is omdat dit leerders aan die waarde van niefiksie sal blootstel. Niefiksie ontwikkel veral leerders se kognitiewe vermoë en hulle algemene kennis (Anderson, 2009). Lees móét vir leerders lekker wees, want dit sal leerders van alle ouderdomme motiveer om te lees en sodoende hulle kognitiewe vermoëns voortdurend ontwikkel (Anderson, 2009).

KJL kan aan leerders die geleentheid gee om in die verlede te leef en byvoorbeeld die geskiedenis van Suid-Afrika in hulle gedagtes te herleef. Lees is vir leerders 'n leergeleentheid, nie net om hulle eie geskiedenis te leer ken nie, maar ook om die geskiedenis van ander groepe en die kultuurverskille in Suid-Afrika te begryp. Realistiese verhale kan leerders aanmoedig om verhoudings met mense en die gemeenskap uit te bou. Dit kan leerders help om situasies wat hulle beleef deur middel van hulle verbeelding te verwerk en so ook ander se gevoelens en optrede te begryp.

Veral KJL wat inligting bevat, soos inligtingstekste wat oor diere handel, kan vir leerders van waarde wees. Leerders kan op dié wyse hulle **kennis oor verskeie onderwerpe uitbrei**. KJL-inligtingstekste is beskikbaar in verskillende moeilikheidsgrade wat verder die leerder kognitief kan laat ontwikkel. KJL met baie foto's kan aan leerders die wonders van die wêreld wys en hulle aan nuwe stokperdjies bekendstel. Boeke wat kleure, syfers en woorde illustreer, laat leerders toe om te ontdek en te ontwikkel, selfs van 'n baie jong ouderdom af.

KJL help ook met die ontwikkeling van leerders se emosionele intelligensie. Leerders se emosionele intelligensie behoort aangevul te word deur KJL wat aan hulle voorgelees word en/of wat die leerders self lees wat daartoe kan bydra dat leerders gebalanseerd ontwikkel (Lohann, 1986:3). Volgens Goleman (1996:22) is daar vyf basiese elemente ten opsigte van leerders se emosionele intelligensie, naamlik:

a) bewustheid van die self;
b) die vermoë om emosies te beheer;
c) die vermoë om angs op 'n gepaste wyse te hanteer;
d) die vermoë om sigself te motiveer; en
e) sensitiwiteit teenoor ander.

Volgens Norton en Norton (2011:4) is dit belangrik dat leerders se emosionele intelligensie gedurende die eerste vyf jaar van hulle lewe ontwikkel. Literatuur is hier nie slegs van waarde om leerders se emosionele intelligensie te ontwikkel nie, maar wanneer daar vir leerders hardop gelees word, dra dit ook daartoe by dat 'n band tussen die leerder en ouer ontwikkel.

Wanneer die waarde van KJL bespreek word, is dit belangrik dat die waarde wat KJL tot die uitbreiding en ontwikkeling van leerders se verbeelding toevoeg, ook in ag geneem sal word. Leerders se verbeelding laat

hulle toe om hulle in die wêreld van 'n boek in te leef, wat weer kan bydra tot die leerder se waardering van illustrasies omdat illustrasies leerders se verbeelding prikkel. Leerders kan wanneer hulle verbeelding geprikkel word hulle eie vermoë om te kan skryf ontwikkel en so hulle eie kunswerke leer skep. Verbeelding kan leerders help om situasies in hulle eie lewe te hanteer en dit gee aan leerders die vrymoedigheid om leerder te wees (Heath, 2004:341). Deur in die skool 'n holistiese benadering te volg waar KJL gebruik word om die totale leerder te onderrig, word by leerders die vermoë om hulle verbeelding te gebruik en om hulle taal, kognitiewe vermoë, persoonlikheid en sosiale intelligensie te ontwikkel. Die holistiese benadering ontwikkel leerders wat hulle plek in die gemeenskap kan volstaan (Heath, 2004:341).

4.3 Die implikasie van ontwikkelingspsigologie vir die keuse van boeke

Leerders gaan deur verskillende liggaamlike, taal-, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkelingsfases (Louw *et al*., 1999:31). Leerders beweeg egter nie teen dieselfde tempo deur al die fases van ontwikkeling nie. Om te verstaan hoe die ontwikkelingstadiums van babas, kleuters, leerders en adolessente 'n invloed het op die keuse van boeke, moet daar eers duidelikheid gekry word oor wat bedoel word onder elk van die ontwikkelingsaspekte, daarom sal die ontwikkelingsaspekte vervolgens kortliks bespreek word:

4.3.1 Liggaamlike ontwikkeling

Vir die doel van hierdie studie verwys liggaamlike ontwikkeling na die groei van die liggaam en die verandering van die interne struktuur en funksionering van die liggaam. Dit gaan hier om die liggaamsproporsies en voorkoms, spier- en skeletontwikkeling, motoriese ontwikkeling asook die orgaanontwikkeling van die leerder (Britz, 2003:34; Louw *et al*., 1999:31; Turner & Helms, 1995:300). Die liggaamlike ontwikkeling word nie in hierdie studie volledig bespreek nie; daar word slegs op die taal-, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkelingsfases van die leerder gefokus wanneer ondersoek word watter KJL gebruik kan word wanneer leerders deur die verskillende ontwikkelingsfases beweeg (sien Tabel 4.3).

4.3.2 Taalontwikkeling

Taalontwikkeling verwys in hierdie studie na die proses wat in die vroeë jare van enige leerder se ontwikkeling plaasvind. Taalontwikkeling bestaan uit drie essensiële aspekte van kommunikasie naamlik inhoud, vorm en gebruik van taal (Brandone *et al*., 2008: 499). **Inhoud** verwys hier na die semantiek van taal. Semantiek behels die begrippe en gedagtes wat in 'n bepaalde woord gekodeer is. **Vorm** verwys na die wyse waarop betekenis uitgebeeld word, byvoorbeeld deur spraak, gebaretaal en geskrewe taal. In gesproke taal verwys vorm onder meer na die fonologie, morfologie en sintaksis. Die **gebruik** van taal verwys na die funksie van taal in die konteks waarin dit gebruik word. Alhoewel dit voorkom of die drie essensiële aspekte afsonderlik van mekaar staan, is al drie nodig om leerders se taal te ontwikkel en sodoende hulle vermoë om te kommunikeer (Brandone *et al*., 2008: 499).

Taalontwikkeling vind nie by alle ouderdomme dieselfde plaas nie en daarom word verskillende boeke op verskillende stadiums van 'n leerder se ontwikkeling aanbeveel. Alhoewel dit onmoontlik is om 'n volledige lys

van boeke wat moontlik tot taalontwikkeling kan bydra, hier te verskaf, kan die onderstaande boeke vir die verskillende ontwikkelingstadiums van leerders aanbeveel word (sien Tabel 4.1).

Tabel 4.1: Taalontwikkelingsfase en boeke wat aanbeveel kan word

Ontwikkelingsfase	Voorgestelde literatuur
Voorskools: 2 tot 3 jaar – Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Vinnige taalontwikkeling kom voor. Aan die einde van hierdie tyd kan leerders 'n woordeskat van tot 900 woorde hê.	*Hierdie varkie gaan mark toe* *Lamtietie, Damtietie* *Die teddiebeerbus en ander rympies* *Danie Dreyer se dinosouruseier* *Oempakadoempa*
2. Leerders leer om handeling in prentjies te identifiseer.	*Lekker verjaar Jamela!* *Net Sisi* *Toemaar Dirk*
3. Leerders leer om klein en groot liggaamsdele te identifiseer.	*Die wonderlike liggaam* *My liggaam*
Voorskools: 3 tot 4 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Woordeskat het toegeneem tot omtrent 1 500 woorde. Leerders geniet dit om met woorde en klanke te speel	*Die voëltjies se ABC* *'n Annerste ABC-boek vir aspatatte*
2. Leerders ontwikkel die vermoë om van die verlede tyd gebruik te maak.	*Die Madiba-boek* *Die kaskenades van Jakkals en Wolf* *Die mooiste sprokies van Grimm* *Die wolf wat outjie geskree het*
3. Leerders gebruik taal om meer omtrent die wêreld te wete te kom.	*Meerkatrestaurant en ander diererympies*
4. Spraak raak meer kompleks met meer byvoeglike naamwoorde, bywoorde, voornaamwoorde en voorsetsels.	*Suid-Afrikaanse mites en legendes* *Die mooiste dierefabels* *Die lelike eendjie* *Die drie bokramme* *Die klein rooi hennetjie* *Die dogtertjie wat nie wou grootword nie* *Die drie klein wolfies en die nare vet vark*
Voorskools: 4 tot 5 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Taal raak meer abstrak. Leerders begin om grammatikaal korrekte sinne te praat en hulle woordeskat het uitgebou tot omtrent 2 500 woorde.	*Die groot sagmoedige reus* *Rivierplaas: Alba Bouwer-omnibus* *Die avonture van Alice in Wonderland*
2. Leerders verstaan begrippe soos bo, onder, bo-oor, onderdeur, in, uit, voor en agter.	*Die avonture van Alice in Wonderland*
3. Leerders geniet dit om baie vrae te vra, soos hoekom en hoe.	*Hoe wyd kan 'n seekoei se bek ooprek?* *Hoe hoog kan 'n sprinkaan spring?* *Ontdek die sterre*
Voorskools: 5 tot 6 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Die meeste leerders gebruik komplekse sinne en hulle woordeskat het omtrent uitgebrei tot 6 000 woorde.	*Die avonture van Wilde Willemientjie* *Die verdere avonture van Wilde Willemientjie*
2. Leerders geniet dit om deel te neem aan dramatiese spel en om dialoë te voer oor	*Speurhond Willem-reeks*

daaglikse aktiwiteite soos die huis en inkopies.	*Brolloks en Bittergal*
3. Leerders is nuuskierig oor hoe hulle eie taal lyk wanneer dit geskryf raak.	*In die Nimmer-Immer Bos*
Vroeë grondslagfase: 6 tot 8 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Taalontwikkeling duur voort en leerders voeg talle nuwe woorde tot hulle woordeskat by.	*Die avonture van Wilde Willemientjie* *Die verdere avonture van Wilde Willemientjie*
2. Die meeste leerders gebruik komplekse sinne wat soms met **as** begin. Die gemiddelde sin is omtrent sewe tot agt woorde lank.	*Speurhond Willem-reeks* *Brolloks en Bittergal* *Huppel en sy maats*
Middel- en laat grondslagfase: 8 tot 10 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Leerders begin begrippe met gedagtes te skakel. Hulle gebruik woorde soos **voorlopig** en **ten spyte van**.	*Die wind in die Wilgers* *Skateiland*
2. Woorde soos **alhoewel** word korrek gebruik deur omtrent 50% van die leerders. ŉ Gemiddelde sin is omtrent 9 woorde lank.	*Alice deur die spieël* *Die oerwoudboek*
Vroeë adolessensie: 10 tot 12 jaar	
1. Leerders gebruik komplekse sinne met die gebruik van **nietemin**, **ten spyte van** *en* **dalk** moet meer gebruik word.	*Waar die branders breek* *Die donker nag*
Adolessensie: 12 tot 14 jaar	
1. Leerders het ŉ beter begrip van figuurlike taal soos metafore en oordrywing.	*Agent Snoet en die groen genugtig* *Stormkaap: Drome kom altyd andersom uit* *Grootword is nie vir sissies nie*
2. Leerders begin om taal te ontwikkel wat geassosieer word met akademiese dissiplines.	*Goed om te weet – die feiteboek vir ingeligte Suid-Afrikaners* *Biografiese woordeboek*

Hierdie tabel is saamgestel aan die hand van Bartel (1995), Gage en Berliner (1979), Hendrick (1996), Loban (1976), Norton en Norton (2011), Peck (2008) Sullivan (2009) en met oorlegpleging van Lona Gericke (Gericke, 2013) wat deur Everall en Quinoŋes (2013:121) as die kenner in Suid-Afrika ten opsigte van die keuse van boeke beskou word.

4.3.3 Kognitiewe ontwikkeling

Kognitiewe ontwikkeling is die proses van begrip vir die wêreld en die vermoë om inligting te prosesseer, begrippe te verstaan en ŉ leerder se perseptuele perspektief te ontwikkel (Metz-Lutz *et al*., 1999:182). Kognitiewe ontwikkeling is ŉ proses van opbou van kennis en verwys na die struktuur van die brein en die funksionaliteit van die brein. Dit sluit onder meer taal, gedagtes, redenering, probleemoplossing en geheue in (Khatri, 2012). Volgens Shaffer (1989:306) verwys kognitiewe ontwikkeling na die veranderinge wat oor ŉ bepaalde tydperk in leerders se verstandelike vermoë en vaardighede plaasvind.

Mussen *et al*. (1989:44) voer aan dat kognitiewe ontwikkeling vyf belangrike prosesse insluit, naamlik:

1) persepsies – die ontdekking, organisering en interpretasie van inligting vanaf beide die binne- en buitewêreld van die leerder;
2) geheue – die opberging en herroeping van inligting;
3) redenering – die gebruik van kennis om gevolgtrekkings te maak;
4) refleksie – die evaluering van gehalte en oplossings; en
5) insigte – die herkenning van nuwe verhoudings tussen twee of meer kennissegmente.

Dit is belangrik dat onderwysers kennis dra van die kognitiewe prosesse sodat gepaste keuses gemaak kan word wanneer boeke gekies word.

Piaget en Inhelder (1969) beweer onder meer dat alhoewel die volgorde waarin leerders se kognitiewe vermoë sal ontwikkel dieselfde is, sal die spoed waarteen die verskillende fases deur leerders bereik word verskil. Die ontwikkeling van leerders wat sonder sekere ondervindings grootword – soos boeke wat voortdurend aan hulle voorgelees word – kan tot vyf jaar agter dié van leerders waarvoor daar voortdurent gelees is wees. Volgens Raymo (1992:561) kan KJL hier 'n essensiële rol speel, juis omdat dit leerders se wetenskaplike kreatiwiteit kan aanwakker. Raymo (1992:561) stel dit soos volg:

> *Creative science depends crucially upon habits of mind that are most readily acquired by children: curiosity; voracious observation; sensitivity to rules and variations within the rules; and fantasy. Children's books that instil these habits of mind sustain science.*

Volgens Norton en Norton (2011:15) is die kognitiewe ontwikkeling van leerders ook belangrik vir hulle vermoë om die visuele en ouditiewe aspekte van literatuur te interpreteer. Sonder visuele en ouditiewe persepsies kan KJL nie gelees of gehoor word nie; sonder geheue kan die verbande tussen verskillende soorte KJL nie gesien word nie en kan leerders se KJL ervarings nie uitbrei nie. Literatuur kan doeltreffend gebruik word om leerders se vermoë om waar te neem, te vergelyk, te klassifiseer, hipoteses op te stel, te organiseer, opsommings te maak, probleme op te los en krities te werk te gaan, ontwikkel.

4.3.3.1 Vermoë om waar te neem

Kleurryke prenteboeke kan sowel jonger as ouer leerders se waarnemingvaardighede ontwikkel (Norton & Norton, 2011:15). Helder kleure en illustrasies van bekende voorwerpe, soos diere en vorms, kan aan voorskoolse leerders die geleentheid gee om te beskryf wat hulle sien. Dit kan verder aan leerders die geleentheid gee om in die illustrasies na spesifieke voorwerpe, soos driehoeke, te soek wat leerders se herkenningsvermoë ontwikkel. Dit is belangrik vir leerders om hulle waarnemingsvermoë te ontwikkel omdat waarneming leerders sal laat fokus.

4.3.3.2 Vermoë om te kan vergelyk

Boeke kan aan leerders die geleentheid bied om hulle vermoë om twee of meer voorwerpe met mekaar te vergelyk, te ontwikkel. Perspektiewe, illustrasies, grootte, kleur kan onder meer met mekaar vergelyk word. Leerders kan die uitwerking van kleur, lyne, ontwerp en die medium ondersoek of boeke oor dieselfde onderwerp deur verskillende outeurs met mekaar vergelyk. Algaande die leerder ouer word, kan daar meer van die leerder verwag word wat betref vergelyking. Vergelykings dwing 'n leerder tot kritiese denke en ontwikkel die vermoë om deur vergelyking te bepaal wat die verskil tussen die karakters se probleme en hulle

ontwikkeling is. Deurdat leerders vergelykings maak, kan dit hulle lei sodat hulle die dieper betekenis van die boek, karakters en tema verstaan. Dit gee aan leerders die vermoë om vergelykings in die werklike lewe te tref, soos onder meer watter moontlikheid goed en watter sleg is.

4.3.3.3 Vermoë om te kan klassifiseer

Konseptuele boeke kan aan leerders die geleentheid bied om voorwerpe en onderwerpe te klassifiseer (Norton & Norton, 2011:17). Leerders moet eers voorwerpe, onderwerpe en idees kan klassifiseer voordat hulle die verhouding tussen die onderskeie klassifikasies kan verstaan. Verskeie konseptuele boeke bied aan leerders van verskillende ouderdomme die geleentheid om begrippe soos kleur, vorm, grootte en gebruik rangskik.

Norton en Norton (2011:17) beveel aan dat 'n boek soos *Gouelokkies en die drie beertjies* gebruik kan word om klassifikasies in te oefen. Leerders kan gevra word om die bere, papborde, stoele en beddens te klassifiseer met inagneming van grootte van die bere om die regte grootte bord by die regte beer te pas (sien Figuur 4.1).

Klassifikasie kan onder meer ten opsigte van wilde diere teenoor troeteldiere, seuns en dogters, hoofkarakters en ondersteunende karakters, dorp en stad gedoen word. Onderwysers en ouers kan ook gebruik maak van verskeie stories, soos vier of vyf sprokies, en die leerders dan toelaat om karakters, diere en ander voorwerpe te klassifiseer.



Figuur 4.1: Klassifikasie in *Gouelokkies en die drie beertjies*

4.3.3.4 Vermoë om hipoteses te formuleer

KJL word in baie gevalle só geskryf dat leerders moet voorspel wat gaan gebeur as hulle die bladsy van die boek omblaai. Leerders moet in prente na leidrade soek om vrae wat hulle oor die boek het, te beantwoord. Die hipoteses/voorspellings wat hulle oor die onderwerp, verloop van die verhaal of die karakters in die verhaal maak, kan bydra tot die ontwikkeling van leerders se kognitiewe bekwaamheid en hul interaksie met ander leerders. Die vermoë om hipoteses te formuleer motiveer leerders om meer KJL te lees of daarna te luister (Norton & Norton, 2011:18).

4.3.3.5 Vermoë om te organiseer

KJL kan aan leerders die geleentheid bied om gebeure in volgorde te organiseer, soos byvoorbeeld met behulp van illustrasies wat die verandering in die seisoene uitbeeld (sien Figuur 4.2). ’n Ander gebeurtenis wat onder meer nagevolg kan word, is die ontwikkeling van ’n kuiken vanuit ’n eier. Enige ontwikkeling van diere bied aan leerders die geleentheid om gebeure in volgorde te organiseer en kan ook hulle belangstelling in die wetenskap van ontwikkeling en die verloop van tyd prikkel. Leerders se eie geskiedenis of die land se geskiedenis kan op dié wyse aan hulle oorgedra word. Dit gee aan leerders die geleentheid om kognitief te begryp hoe een gebeurtenis tot ’n volgende lei (Norton & Norton, 2011:18).



Figuur 4.2: Voorbeeld van hoe illustrasies die begrip van volgorde van gebeure kan voorstel

4.3.3.6 Vermoë om opsommings te kan maak

Die vermoë om opsommings te kan maak, is belangrik vir leerders, veral wanneer hulle begin eksamen skryf. KJL kan aan leerders die geleentheid gee om op te som en die essensie van ’n boek saam te vat waardeur

hulle kognitiewe ontwikkeling bevorder word. Leerders kan die stories opsom en gevolgtrekkings daaruit maak wat hulle die geleentheid kan bied om die verhaal met die klas te deel, wat ander leerders in die klas moontlik kan motiveer om ook die boek te lees.

Leerders kan die geleentheid gegee word om die storie in groepe oor te vertel of selfs net die dele waardeur hulle getref is of waarvan hulle gehou het. Dit gee in die meeste gevalle aan leerders die geleentheid en die vermoë om op te som en ontwikkel terselfdertyd hulle interpretasievermoë ten opsigte van KJL, veral omdat hulle die geleentheid kry om hulle opsommings met mekaar te deel. Hulle kan ander leerders se interpretasies oor dieselfde boek hoor en sodoende hulle eie interpretasievermoë verbeter.

4.3.3.7 Vermoë om probleme op te los

KJL bied aan leerders van alle ouderdomme die geleentheid om probleme op te los. In die meeste boeke kom die karakter voor 'n probleem te staan wat hy/sy dan moet oplos. Wanneer die karakter die probleem oplos, kan dit aan leerders wys dat hulle – ongeag hoe klein of groot hulle ook al is en van watter geslag hulle ook al is – ook probleme in hulle eie lewens kan oplos en hanteer. Dit gee leerders die vrymoedigheid om probleme in hulle eie lewe op te los. Dit ontwikkel nie net die leerder se kritiese denke oor 'n situasie of onderwerp nie, maar lei hulle om tot die gepaste oplossing te kom vir die bepaalde situasie of onderwerp (Norton & Norton, 2011:19).

4.3.3.8 Die vermoë om kritiese denke te ontwikkel

Volgens Norton en Norton (2011:19) moet daar nie van leerders verwag word om KJL bloot net te aanvaar sonder dat die verhaal ondersoek en gekritiseer word nie. Leerders moet die geleentheid hê om dit wat hulle lees en hoor krities te evalueer en daarvolgens besluite te neem. Leerders onwikkel kritiese denke wanneer hulle besef wat is aanvaarbaar, betroubaar en die waarde in KJL.

In Tabel 4.2 hieronder word 'n opsomming gegee ten opsigte van die kognitiewe ontwikkeling en KJL wat moontlik vir 'n bepaalde ouderdom van waarde kan wees.

Tabel 4.2: Kognitiewe ontwikkeling en boeke wat aanbeveel kan word

Ontwikkelingsfase	Voorgestelde literatuur
Voorskools: 2 tot 3 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Leerders leer nuwe maniere van organiseer en klassifiseer aan. Leerders begin om goed wat dieselfde lyk, bymekaar te sit.	*Waar's Otto* *Otto se verjaardagballon* *Vat, voel en sê: Eendjie en sy maats*
2. Leerders begin tot twee en drie items onthou.	*Die voëltjies se ABC* *'n Annerste ABC-boek vir aspatatte*
Voorskools: 3 tot 4 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Leerders ontwikkel 'n vermoë om te verstaan hoe verskillende elemente met mekaar verband hou, en hoe verskillende dele saam 'n geheel vorm.	*Die muisboot* *Lila en die geheim van die reën* *Wilde diere* *Plaasdiere*
2. Leerders begin verhoudings verstaan en kan goed volgens perseptuele ooreenkomste	*Otto se kleure* *Lila en die geheim van die reën*

klassifiseer soos kleur, grootte, vorm en waarvoor dit gebruik word.	*Bertus soek 'n boek*
3. Leerders begin verstaan hoe verskillende voorwerpe met mekaar verband hou ten opsigte van hoeveelheid en/of getalle.	*Otto tel van een tot tien* *Otto se kleure, vorms en getalle*
4. Leerders begin om voorwerpe met mekaar te vergelyk ten opsigte van groter en kleiner, langer en korter.	*Ons hou partytjie!* *Net Sisi*
Voorskools: 4 tot 5 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Leerders onthou tot drie opdragte wat aan hulle gegee word. Leerders kan ook op dié ouderdom kort stories herhaal indien die verhaal op 'n betekenisvolle manier oorgedra word.	*In 'n huis in 'n huis* *Die heel lelikste dier in die hele wêreld* *Stefan en die dinosourus-eiland*
2. Leerders ontwikkel die vermoë om voorwerpe volgens hulle eienskappe te groepeer.	*Moenie vir Bernard soen nie* *Dit is hoe ek wil wees…* *Thandiwe besluit*
3. Leerders sal maak asof hulle tyd op 'n horlosie kan lees, maar hulle kan nie die begrip verstaan nie. Dinge gebeur "nou" of "nou-nou".	*Siyolo se trui* *Drie hoera's vir Denver* *Kameelperd wat so lag*
Voorskools: 5 tot 6 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Leerders leer om een klassifikasiestelsel te volg, soos byvoorbeeld kleur.	*Die probleem met dinosourusse* *Sandra se seepresente*
2. Leerders kan tot 10 tel en tussen tot 10 voorwerpe onderskei.	*Doer in die oerwoud* *Daar op die plaas*
3. Leerders kan die primêre kleure onderskei.	*Makwelane en die krokodil* *In 'n huis, in 'n huis*
4. Leerders leer om te onderskei tussen baie van iets of min van iets.	*Liewe land 'n olifant*
5. Leerders moet die geleentheid gegun word om foute te maak wanneer hulle voorwerpe van klein na groot groepeer. Op dié wyse leer die leerder van verskillende groottes.	*Leer ken Sneeuwitjie en bou die sewe dwergies se huisie* *Leer ken Aspoestertjie en bou die prins se kasteel*
6. Leerders het steeds 'n vae begrip van tyd.	
Vroeë grondslagfase: 6 tot 8 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Leerders leer lees en hulle geniet dit om maklike boeke te lees om hulle leesvermoë te demonstreer.	*Leer ken Peter Pan en bou kaptein Hook se skip* *Die Madiba-boek* *Saamleesstories vir kleuters*
2. Leerders leer skryf en hou daarvan om hulle eie stories te skryf.	*Meerkatrestaurant en ander diererympies*
3. Leerders begin langer stories geniet.	*In die Nimmer-Immer Bos* *Die mooiste sprokies van Grimm*

4. Leerders jonger as 7 baseer steeds hulle reëls op intuïtiewe persepsies en leer deur werklike situasies.	*Die mooiste dierefabels*
5. Leerders van hierdie ouderdom beweeg soms na ’n fase waarna Piaget verwys na as die konkreet-operatiewe fase. Leerders ontwikkel ’n nuwe stel reëls wat groepering genoem word. Leerders hoef nie alle voorwerpe in groepe te sien nie, maar kan die verhouding tussen kategorieë verstaan.	*My boetie dink hy’s Batman* *Wurms met tamatiesous*
Middel- en laat grondslagfase: 8 tot 10 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Leerders se leesvermoë ontwikkel baie vinnig.	Sien boeke by taalontwikkeling
2. Leerders se belangstelling in literatuur kan bo hulle leesvermoë wees.	Sien boeke by taalontwikkeling
3. Leerders se geheue verbeter en hulle kan op spesifieke aspekte fokus en ander ignoreer.	*Suid-Afrikaanse mites en legendes*
Vroeë adolessensie: 10 tot 12 jaar	
1. Leerders verstaan die chronologiese organisasie van gebeure.	*Mannetjieshond en die gees van die vaalhaas* *Agent Snoet en die groen genugtig*
2. Leerders gebruik logika om te redeneer en abstrakte probleme op te los.	*Grootword is nie vir sissies nie*
Adolessensie: 12 tot 14 jaar	
1. Die meeste leerders het die vermoë om langer tyd aan een taak te wy.	*Lien se lankstaanskoene*
2. Baie leerders kan kennis en hulle begrip van verhoudings tussen verskillende aspekte integreer.	*Vlerkdans* *Die agterhuis*

Hierdie tabel is saamgestel aan die hand van Bartel (1995), Gage en Berliner (1979), Hendrick (1996), Loban (1976), Norton en Norton (2011), Peck (2008) Sullivan (2009) en met oorlegpleging van Lona Gericke (Gericke, 2013) wat deur Everall en Quinoñes (2013:121) as die kenner in Suid-Afrika ten opsigte van die keuse van boeke beskou word.

4.3.4 Persoonlikheidsontwikkeling

Die persoonlikheid van ’n leerder is al die karaktereienskappe wat aan elke leerder ’n unieke reaksiestyl ten opsigte van verskillende persone, plekke, dinge en geleenthede gee (Maxim, 1997:81). Persoonlikhede word nie oornag gevorm nie, maar word stelselmatig met verloop van tyd gevorm. Leerders leer stelselmatig om die gepaste emosies in bepaalde situasies te toon, empatie met ander se omstandighede te hê en om gevoelens van selfwaardigheid te ontwikkel.

Volgens Hendrick en Weissman (2009:112) gaan leerders deur verskeie stadiums van emosionele ontwikkeling. Dié fases sluit onder meer die leerder se vermoë om te vertrou, outonomie ten opsigte van skaamte en onsekerheid, en inisiatief teenoor skuldgevoelens in. Hendrick en Weissman voer verder aan dat

goeie geestelike gesondheid by leerders gekweek moet word. Wanneer leerders in hulle emosies ondersteun word, leer hulle hoe om emosies op 'n produktiewe wyse te hanteer.

Leerders moet hulle vrese oorkom, vertroue ontwikkel en die gepaste manier om met mense te kommunikeer, aanleer. Leerders leer ook deur persoonlikheidsontwikkeling dat hulle nie daarop kan aandring om alles te kry wat hulle wil hê nie. Wanneer leerders deur persoonlikheidsontwikkelingsfases beweeg, kan gepaste boeke gebruik word om hulle in die proses by te staan. In Tabel 4.3 word 'n oorsig van die persoonlikheidsontwikkelingsfases en voorgestelde KJL verskaf wat moontlik van waarde kan wees.

Volgens Glazer (1991:84) is daar vier maniere waarop literatuur tot die emosionele groei van 'n leerder kan bydra:

- eerstens kan KJL aan leerders wys dat baie van die gevoelens wat hulle beleef, ook deur ander leerders beleef word;
- tweedens ondersoek KJL gevoelens vanuit verskillende perspektiewe wat aan die leser 'n geheelprentjie gee voordat hulle optree;
- derdens kan die karakters in boeke aan leerders verskillende maniere demonstreer waarop daar aan die bepaalde gevoel uiting gegee en die situasie hanteer kan word; en
- laastens kan KJL dit vir leerders duidelik maak dat een emosie 'n mens nie definieer nie en dat emosies soms met mekaar in konflik kan wees.

Tabel 4.3: Persoonlikheidsontwikkeling en boeke wat aanbeveel kan word

Ontwikkelingsfase	Voorgestelde literatuur
Voorskools: 2 tot 3 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Sommige leerders van dié ouderdom is angstig wanneer hulle vreemdelinge ontmoet.	*Net Sisi* *Siyolo se trui* *Lekker verjaar, Jamela!* *Jamela se rok* *Yebo Jamela* *Waar is Jamela?*
2. Leerders begin besef dat hulle die persoon wat na hulle omsien, kan beïnvloed.	*In 'n huis, in 'n huis* *Toemaar Dirk!* *Makwelane en die krokodil*
3. Die meeste leerders hou van sekuriteit en besef dat ouers sal terugkeer indien hulle weggaan.	*Lekker verjaar, Jamela!* *Jamela se rok* *Yebo Jamela* *Waar is Jamela* *Waar is my mamma?*
Voorskools: 3 tot 4 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Leerders praat oor hulle emosies en besef dat emosies aan mense se begeertes gekoppel kan word.	*Waar's Otto?* *Vergeet-my-nie: Vriende is soos bloeisels*
2. Leerders soek gerusstelling en ondersteuning by ouers.	*Liewe land, 'n olifant!* *Vang die monster*
3. Leerders ontwikkel egosentriese gevoelens en beskou hulself as die middel van alle	*Mia se ma*

aandag.	*Madelief moenie!*
Voorskools: 5 tot 6 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Aan die begin van die pre-primêre jare sal seuns meer woede teenoor dogters wys.	*Tatta, doeke* *'n Boetie vir Natasha*
2. Leerders is skaam om met nuwe groepe te meng.	*Mia se ma* *Kleuterskool toe*
3. Baie leerders het gerusstelling nodig voordat hulle nuwe goed sal probeer.	*Los ons uit* *Lisa het 'n plan*
Vroeë grondslagfase: 6 tot 8 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Vir emosionele stabiliteit sal leerders deelneem aan aktiwiteite waarin hulle goed is.	*Is jy hartseer, Beertjie* *Die verdere avonture van Wilde Willemientjie*
2. Seuns sal met selfvertroue optree al is hul nie, om sodoende hulle emosies weg steek.	*Aspris-krokkedis* *Doer in die oerwoud*
3. Dogters tree baie negatief op wanneer hulle iets nie met sukses voltooi nie.	*My bed is my bed* *Prinses Mossienes*
4. Leerders bou hulle selfvertroue voort op hulle eie verbetering en uitbouing oor tyd.	*Suzie se superdoeper sjampoe* *Hoekom praat grootmense so snaaks?*
Middel- en laat grondslagfase: 8 tot 10 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Ondervindings help leerders om positiewe en negatiewe gevoelens oor hul selfwaarde te ontwikkel.	*Bertie Blikbrein* *Cowboy Koekemoer van die Klein Karoo* *Die serpvoëls en ander avonture van Elka en Anke*
2. Leerders sal moontlik hulle eie foute verklein om hul selfwaarde te behou.	*Die speletjie* *Suzie se superdoeper sjampoe*
3. Familieprobleme soos egskeiding of dood in die familie of gesin kan leerders se veiligheidsbegrip negatief raak.	*Eend, dood en tulp* *Die leeu, die heks en die hangkas* *Brenda het 'n drakie in haar bloed*
Adolessensie: 10 tot 14 jaar	
1. Adolessente is baie emosioneel en ondervind baie angs.	*'n Baie lang brief aan Rolf*
2. Seuns kan veral hulle emosies wegsteek omdat hulle goed en manlik wil lyk.	*Die verdrinking van Josua van Eden* *Breinbliksem* *Virus*
3. Adolessente is selfbewus en voel lomp.	*Spud* *Harry Potter-reeks*

Hierdie tabel is saamgestel aan die hand van Bartel (1995), Gage en Berliner (1979), Hendrick (1996), Loban (1976), Norton en Norton (2011), Peck (2008) Sullivan (2009) en met oorlegpleging van Lona Gericke (Gericke, 2013) wat deur Everall en Quinoŋes (2013:121) as die kenner in Suid-Afrika ten opsigte van die keuse van boeke beskou word.

4.3.5 Sosiale ontwikkeling

Volgens Shaffer (1989:560) is sosialisering die proses waartydens leerders die waardes en gedrag aanleer wat deur die ouer persone in die gemeenskap as van waarde en aanvaarbaar beskou word. Volgens Maxim (1997:28) kan KJL 'n baie belangrike rol by die sosiale ontwikkeling van leerders speel. Dit kan rassekonflik verminder, die selfwaarde van die individu versterk, die kulturele identiteit van 'n leerder vorm en die ontwikkeling van sosiale vaardighede en verantwoordelikheid ontwikkel. Maxim (1997) beveel daarom aan dat KJL gelees en vertel word om sodoende ander kulture te bespreek. Daar is twee aspekte wat belangrik is vir die sosiale ontwikkeling van leerders: **sosialisering** en **morele ontwikkeling**.

4.3.5.1 Sosialisering

Sosialisering vind plaas wanneer leerders die tradisies en leefwyse van 'n groep aanleer sodat hulle in die groep kan funksioneer. Leerders moet leer om hulle aggressie en vyandige gedrag te beheer as hulle aanvaarbare verhoudings met hulle gesin en die gemeenskap wil handhaaf. Aanvaarbare verhoudings vereis van die leerder om die gevoelens en optrede van ander te begryp en in ag te neem. Leerders se sosialiseringsproses is vanselfsprekend baie belangrik en daarom is dit belangrik vir onderwysers om kennis te dra van die sosiale ontwikkeling van leerders. Volgens Norton en Norton (2011:27) is daar drie prosesse wat die sosialiseringsproses van leerders beïnvloed:

- Straf en prys deur ouers en ander volwassenes speel 'n belangrike rol. Wanneer leerders geprys word vir korrekte gedrag en gestraf word vir verkeerde gedrag, leer hulle aanvaarbare gedrag aan. Straf en prysing kan byvoorbeeld gebruik word wanneer 'n leerder nie sy/haar speelgoed met ander wil deel nie. Die spesifieke speelding kan dan van die leerder weggeneem word sodat die leerder kan besef dat dit nie die gewenste gedrag is nie.
- Tweedens is die waarneming van ander se gedrag belangrik. Dit kan aan leerders die gewenste gedrag wat in hulle bepaalde kultuur aanvaarbaar is, leer. Leerders leer hoe hulle moet optree deur die veronderstellings en gedrag van volwassenes en hulle portuurgroep met wie hulle in aanraking kom. Seuns en dogters kan byvoorbeeld die gedrag en rol wat met geslag verband hou, in die gesin waarneem deur hulle ma en pa se optrede waar te neem. Multikulturaliteit is ook hier ter sake. Die wyse waarop die lede van 'n gesin of volwassenes met wie hulle in aanraking kom, ander kulture hanteer, sal die leerder se gedrag teenoor persone in daardie kulture beïnvloed.
- Derdens, identifikasie is die belangrikste aspek van sosialisering. Leerders se denke, gevoelens en aksies stem ooreen met dié van mense wat hulle glo dieselfde is as hulle.

Leerders se eerste verhoudings ontwikkel in die gesin en onmiddellike familie. Daarna brei die verhoudings uit na vriende in die omgewing, die skool en later tot die wêreld buite die leerder se omgewing. KJL kan daartoe bydra om hierdie verhoudings te versterk en aanvaarbare gedrag te ontwikkel deurdat leerders in KJL die aanvaarbare gedrag waarneem en ervaar. Aanvaarbare gedrag word nie net verbind met die sosialisering van die leerder nie, maar ook met die morele gedrag van die leerder.

4.3.5.2 Morele ontwikkeling

Die morele waardes van leerders moet 'n essensiële deel uitmaak van die sosiale ontwikkeling van elke leerder. Voorskoolse leerders ontwikkel 'n begrip van reg en verkeerd wanneer hulle met hulle ouers en hulle

ouers se waardestelsel, houdings en gedrag kennis maak. Volgens Piaget en Inhelder (1969) het leerders tot en met die ouderdom sewe of agt baie rigiede en onbuigsame opvattings van reg en verkeerd. Hulle leer gewoonlik hierdie gewoontes by hulle ouers aan. Vanaf agt jaar tot omtrent elf vind daar verskeie veranderinge in die morele ontwikkeling van leerders plaas. Leerders ontwikkel op dié stadium die vermoë om die situasie waarin iets plaasvind in ag te neem wanneer hulle bepaal of iets reg of verkeerd is. Die portuurgroep speel ook 'n groot rol by die beskouing van reg en verkeerd. Wat hul maats as reg sien, sal bepaal of leerders dit ook so sal sien.

Morele kwessies word dikwels in KJL aangeraak. Die karakters in boeke kom baie voor 'n morele kwessie te staan waar hulle 'n besluit moet neem en leerders ondersoek dan die redes vir die besluit. Indien volwassenes van leerders verwag om die besluitnemingsproses van karakters in die storie te verstaan, moet hulle as volwassenes die moeilikheidsgraad van die besluite in ag neem en besluit of die leerders die betrokke besluit kan waardeer of nie. Deur gebruik te maak van KJL kan morele waardes op 'n gepaste manier aan leerders oorgedra word, veral in Suid-Afrika waar die morele waardes volgens Dunbar (2012) te kort skiet en dringend ontwikkel moet word. KJL kan op dié wyse die leemte in die morele waardes van ons jeug help opbou en verbeter, wat uiteindelik tot 'n beter Suid-Afrika kan lei. Om die morele ontwikkeling van leerders te verstaan, kan daar in besonder gekyk word na Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling (Kohlberg, 1973:641).

4.3.5.2.1 Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling

Morele ontwikkeling is 'n onderwerp wat baie belangstelling in die sielkunde en in die onderwys uitlok. Een van die bekendste teorieë oor morele ontwikkeling is dié van Kohlberg (Kohlberg, 1973:641) wat Jean Piaget se teorie om morele ontwikkeling en besluitneming te verduidelik aangepas en uitgebrei het. Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling is gebaseer op Kohlberg se studie waarin jong leerders se besluitneming oor morele kwessies met behulp van onderhoude en waarnemings ondersoek is (Cherry, 2003; Kohlberg, 1973:641; Kohlberg & Hersh, 1977:53). Die doel van Kohlberg se studie was nie om te bepaal of leerders reg of verkeerd is wat betref morele besluite wat hulle neem nie, maar om die denke en besluitnemingsproses wat die leerders gebruik het om hulle keuse te maak te ondersoek. Vanuit die data wat verkry is, het Kohlberg die fases van besluitneming soos hieronder uiteengesit, geklassifiseer wanneer daar oor morele kwessies besin word (Kohlberg, 1973:630).

4.3.5.2.1.1 Fase een: Voorkonvensionele moraliteit

a) Gehoorsaamheid en straf

Die eerste vlak van morele ontwikkeling behels volgens Kohlberg (1973:630) gehoorsaamheid en straf. Hierdie stadium word veral by jonger leerders gesien. In hierdie fase van morele ontwikkeling sien leerders reëls as vas en hulle is oortuig dat hierdie reëls nie kan verander nie. Wanneer hulle dus die reëls nakom, sal hulle nie gestraf word nie, en daarom gehoorsaam leerders die reëls.

b) Individualiteit en verruiling

In hierdie fase van morele ontwikkeling sal leerders die individuele omstandighede van die persoon betrokke by die scenario in ag neem en daarvolgens oordeel hoe daar aan die individu se behoeftes voldoen kan

word. Wederkerigheid is moontlik in hierdie fase van morele ontwikkeling, maar slegs as dit aan die individu se behoeftes voldoen.

4.3.5.2.1.2 Fase twee: Konvensionele moraliteit

a) Interpersoonlike verhoudings

Volgens Kohlberg (1973:635) verwys hierdie fase na die "good boy-good girl"-fase. In hierdie fase van morele ontwikkeling word daar gefokus op die sosiale rolle wat van die individu verwag word. Daar word veral op konformiteit en om 'oulik' te wees gefokus. In dié fase sal interpersoonlike verhoudings die leerder se redenering oor morele kwessies beïnvloed.

b) Die handhawing van sosiale orde

In hierdie fase van morele ontwikkeling begin leerders om die gemeenskap as 'n geheel in ag te neem wanneer hulle oor morele kwessies besin. Die leerders poog om die wet te onderhou en om die reëls na te kom deurdat elke leerder sy/haar plig doen en outoriteit respekteer.

4.3.5.2.1.3 Fase drie: Na-konvensionele moraliteit

a) Sosiale ooreenkomste en individuele regte

In hierdie fase van morele ontwikkeling begin leerders die verskillende waardes, opinies en oortuigings van ander mense in ag neem. Reëls en wette is belangrik om die gemeenskap te onderhou, maar lede van die gemeenskap besluit oor die standaarde.

b) Universele beginsels

Kohlberg (1973:637) se finale fase van morele ontwikkeling is gebaseer op universele etiese beginsels en abstrakte redenering. In hierdie fase sal leerders hulle eie interne beginsels van geregtigheid volg, selfs al is hierdie beginsels teenstrydig met die wette en reëls.

Dit is slegs 'n kort beskrywing van Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling om aan te dui deur watter fases leerders kan gaan wanneer hulle hulle eie morele waardes vorm. KJL kan gebruik word om leerders by te staan terwyl hulle hulle eie morele beginsels ontwikkel deurdat daar in dié boeke morele kwessies voorkom waarvoor die karakter te staan kom en die karakter moet 'n morele besluit neem. Die besluit wat die karakter neem, kan die positiewe gevolge van 'n goeie besluit aan leerders openbaar, maar kan in sommige gevalle leerders ook die negatiewe gevolge laat sien wanneer die karakter in die boek 'n verkeerde morele besluit neem. Vervolgens word 'n kort beskrywing gebied van die sosiale ontwikkelingsfase en die voorgestelde literatuur wat moontlik 'n bydrae tot die sosiale ontwikkeling van die leerder kan lewer (sien Tabel 4.4).

Tabel 4.4: Sosiale en morele ontwikkeling

Ontwikkelingsfase	Voorgestelde literatuur
Voorskools: 2 tot 3 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Leerders boots volwassenes se gedrag na soos hulle dit waarneem.	*Ek's lief vir hondjies* *Ek's lief vir katjies* *In 'n huis, in 'n huis* *Toemaar Dirk!* *Makwelane en die krokodil*
2. Leerders sal alledaagse voorwerpe in kreatiewe voorwerpe wat hulle versin, verander.	*Wie woon hier?* *Wie sê moe?* *Eerste 100 diere* *Eerste 100 woorde* *Kielie my magie: Laat my praat*
Voorskools: 3 tot 4 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Leerders begin besef dat ander ook gevoelens het, net soos hulle.	*Emma en die Bleg* *Babalela*
2. Leerders geniet dit om saam met ander te speel en sterk bande te vorm.	*Maar hy het dan meer as ek* *Drie hoera's vir Denver*
3. Leerders geniet sekere groepaktiwiteite.	*Stefan en die dinosourus-eiland!* *Moemin se verjaardag*
4. Leerders identifiseer met ander se gevoelens en gesigsuitdrukkings.	*Sonja Serfontein en die groot kaas*
Voorskools: 4 tot 5 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Leerders soek eerder 'n kompromie vir emosies soos agtesie en worde te wees. Leerders van die ouderdom kan baasspelerig wees.	*Aboretha, die heks met die groen hare* *Liewe Heksie*
2. Leerders begin die gevolge van goeie en slegte gedrag besef.	*Saamlees-stories vir kleuters* *Emma en die Bleg*
3. Leerders speel nie graag alleen nie, maar begin op hulle eie werk.	*Die eerste dag* *Die avonture van Wilde Willemientjie* *Die verdere avonture van Wilde Willemientjie*
4. Leerders begin die verskillende take en/of rol wat iemand kan verrig, verstaan en waarneem.	*Wat is jy, Kartoffel?* *Stoffel die ratel*
5. Leerders het irrasionele vrese, soos 'n vrees vir die donker, diere en die weerlig.	*Zakkie Mostert en die (byna) baie briljante idee* *Zakkie Mostert en die super-aaklige soen* *Zakkie Mostert en die ongelooflike kulkunsie*
Voorskools: 5 tot 6 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Leerders hou daarvan om hulle ouers by die huis te help. Hulle ontwikkel betroubare gedrag.	*Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se testament* *Bessie Hemelbesem en die skat van Smokkelaarsbaai*

2. Leerders beskerm hulle jonger broers en susters en selfs ander kleiner leerders.	*My boetie dink hy's Batman* *'n Boetie vir Natasha*
3. Leerders is trots op dit wat hulle bereik. Hulle is trots daarop dat hulle skool toe gaan en op hulle besittings.	*Die geheime bestanddeel in Petra Pienk se piesangbrood* *Die speletjie*
4. Leerders het steeds irrasionele vrese en angs.	*Spinnekop-speletjie* *Al twee asvaal geskrik* *En toe word mamma 'n monster* *Daar's 'n spook in my kas!*
5. Leerders geniet dit om buite te speel, op hulle gunsteling-buitespeelgoed.	*Die beroemde ruiter* *Komaan, Karen!* *Vrye teuels*
6. Leerders geniet dit om êrens heen te gaan.	*Jamie Sebastian en die storiemol*
7. Leerders geniet dit om anders aan te trek en kreatiewe rolspel te beoefen.	*Pasop vir die feetjies* *Suzie se superdoeper sjampoe*
Vroeë grondslagfase: 6 tot 8 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Leerders kan hulle ouers teëgaan as hulle onder druk is en kom moeilik oor die weg met hulle jonger broers en susters.	*Helouise die swart tobie* *Kaptein Hamerkophaai*
2. Leerders geniet dit om met ander leerders te speel, maar wil graag eerste in alles wees.	*Die speletjie* *Sandra se seepresente*
3. Leerders aanvaar onderwysers se prys en hulp. Hulle werk om hulle onderwysers gelukkig te hou.	*Wielie wielie walie* *Projek boontjierank*
4. Leerders geniet dit om stil te sit en luister wanneer stories aan hulle voorgelees word.	*Storieman omnibus 1, 2,3 en 4*
5. Leerders het definitiewe onveranderde opvattings van reg en verkeerd.	*Die mooiste dierefabels* *Die lelike eendjie* *Die drie bokramme* *Die klein rooi hennetjie* *Die dogtertjie wat nie wou grootword nie* *Die drie klein wolfies en die nare vet vark* *Die wolf wat outjie geskree het.*
Middel- en laat grondslagfase: 8 tot 10 jaar - Moeiliker boeke kan voorgelees word	
1. Die begrippe reg en verkeerd word meer buigsaam. Leerders neem die situasie in ag wanneer verkeerde besluite geneem word.	*Die groot sagmoedige reus* *Rivierplaas: Alba Bouwer-omnibus* *Die avonture van Alice in Wonderland*
2. Leerders word meer beïnvloed deur hulle portuurgroep.	*Pippie Langkous* *Pippie Langkous in die Suidsee* *Pippie Langkous gaan aan boord* *Baasspeurder Blomkvist in die knyp*
3. Leerders dink dat hulle moet met ander saamstem om sosiaal aanvaarbaar te wees.	*Huppel en sy maats* *Alice deur die spieël*
Vroeë adolessensie: 10 tot 12 jaar	
1. Leerders ontwikkel gevoelens ten opsigte	*Rivierplaas: Alba Bouwer-omnibus*

van ras. Leerders sien die verskille, ooreenkomste en waarde van verskillende kulture.	*'n Kas vol monsters* *Grille en goeters*
2. Leerders wil take goed doen in plaas daarvan om net te probeer. Leerders wat met sekere take sukkel kan maklik voel hulle is 'n mislukking.	*Die avonture van Wilde Willemientjie* *Die verdere avonture van Wilde Willemientjie*
3. Leerders glo in geregtigheid en wil onvolmaaktheid uit hulle lewe verwyder.	*Ek is Simon* *Hou vas seekoei*
4. Portuurgroepe het 'n baie groot invloed op leerders. Ouers se invloed neem af en die portuurgroep se invloed neem toe. Leerders kan hulle ouers dalk teëgaan.	*Jakkalsvoël* *My pa*
5. Leerders ontwikkel 'n sterk assosiasie met geslag.	*Die klein seuntjie en die drake* *Muisie my meisie* *Feetjie-kookboek*
6. Seuns en dogters aanvaar die identiteit van die ander geslag. Dogters, minder seuns, begin om die gedagte aan 'n verhouding en trou as aanvaarbaar te beskou.	*Liefde, Miskien* *Liefde laat jou Rice Krispies anders proe* *Reënboogrant: Liefde in Londen*
Adolessensie: 12 tot 14 jaar	
1. Leerders besef dat mense verskillende emosies en doelstellings kan hê.	*Lien se lankstaanskoene* *James en die reuse-perske*
2. Leerders besef dat reëls help om orde te handhaaf.	*Operasie M.I.A.A.U.* *Harry Potter*-reeks

Hierdie tabel is saamgestel aan die hand van Bartel (1995), Gage en Berliner (1979), Hendrick (1996), Loban (1976), Norton en Norton (2011), Peck (2008) Sullivan (2009) en met oorlegpleging van Lona Gericke (Gericke, 2013) wat deur Everall en Quinoñes (2013:121) as die kenner in Suid-Afrika ten opsigte van die keuse van boeke beskou word.

Buiten vir die taal-, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling van leerders wat deur die keuse van boeke beïnvloed kan word, is daar ook ander faktore wat in ag geneem moet word, soos die toegang tot boeke en die moeilikheidsgraad en leesbaarheid van die boek.

4.3.6 Toegang tot boeke

Toegang tot boeke by die skool en huis dien nie net as aanmoediging om te lees nie, maar as die volwassenes met wie die leerder in aanraking kom, soos ouers en familie, lees, sal dit 'n leeskultuur by die leerder skep. Die leerder sal lees as deel van sy daaglikse lewe sien en nie as 'n taak wat hy/sy moet voltooi soos skoolwerk nie (Lipson, 2001; Morrow, 1991). Leerders wat boeke besit of die biblioteek besoek en boeke uitneem is gewoonlik dié wat op skool goed presteer (Martin & Kragler, 2011:92; Swanton, 1984; Tunmer *et al*., 2011:27). Indien leerders nie blootstelling aan baie KJL het nie, stel Swanton (1984:60) en Nilsen *et al.* (2012:124) voor dat die onderstaande ses moontlikhede gebruik kan word om leerders meer blootstelling aan KJL te gee:

a) Motiveer leerders om deel te neem aan vakansieleesprogramme wat deur die plaaslike biblioteek gereël word.
b) Deel met ouers die waarde wat lees vir leerders kan inhou – beide selflees en voorlees. Ouers moet in dié opsig opgevoed word om sodoende hulle leerders meer aan boeke bloot te stel.
c) Indien die skool oor 'n biblioteek beskik, moet die skool aangemoedig word om gesprekke oor boeke te reël waar leerders hulle ervarings oor 'n bepaalde boek kan deel.
d) Onderwyser kan uitstappies reël na die plaaslike biblioteek, so word leerders aan die biblioteek blootgestel en die biblioteek word deel van hulle lewe.
e) Die biblioteek moet sorg dat biblioteekprogramme en dienste geadverteer word sodat die publiek kennis dra van wat by die biblioteek aangaan.
f) Maak dit 'n spesiale geleentheid wanneer 'n leerder sy/haar eerste biblioteekkaart kry, sodat die leerder trots kan wees op die kaart.
g) Maak seker dat leerders verstaan hoe 'n mens met boeke werk, sodat hulle hulle eie boeke en dié van die biblioteek sal oppas.

Daar moet gepoog word om soveel moontlik aan leerders die geleentheid te gee om te lees en om die gepaste boek met hulle te deel. Op dié wyse kan volwassenes nie net leerders se leesvermoë verbeter nie, maar ook hulle verwysingsraamwerke ten opsigte van hulle wêreld (sien Hoofstuk 3).

4.3.7 Moeilikheidsgraad en leesbaarheid

Volwassenes wat boeke by leerders aanbeveel moet seker maak dat die spesifieke boek gepas is vir die besondere leerder. Leerders raak gefrustreerd wanneer hulle boeke op hulle eie lees waarin daar te veel woorde is. Leerders se leesvermoë kan baie divers wees; daarom moet onderwysers 'n wye verskeidenheid boeke ken sodat hulle boeke kan kies wat geskik is vir die leerder se leesvermoë en dat die leerder dus die bepaalde boek wat hulle aan die leerder voorstel, sal geniet (Norton & Norton, 2011:96). Dit is daarom belangrik dat soveel moontlik geleenthede gegee word vir leerders om na goeie literatuur te luister. Die leesbaarheid van 'n teks kan bepaal word deur gebruik te maak van die misindeks.

Die misindeks word volgens Combrinck (1992:Bylaag 3) gegrond op die gebruik van meerlettergrepige woorde en sinslengte. Dit kan soos volg bepaal word.

(a) Gebruik 100 woorde van 'n teks. As 100 woorde in die middel van 'n sin bereik word, tel tot aan die einde van die sin en gebruik daardie aantal woorde.
(b) Hierna word die gemiddelde sinslengte uit die aantal woorde bereken deur die aantal sinne gedeel. 'n Dubbelpunt, kommapunt en aandagstreep tel as 'n punt, mits die dele daarvoor en daarna volsinne is.
(c) Hierna word die aantal woorde in die stuk wat meer as drie of meer lettergrepe het, bymekaar getel, en deur 2 gedeel.
(d) Nadat al die bostaande voltooi is, word die antwoorde van stappe (b) en (c) bymekaar getel en met 0.4 vermeningvuldig.

Die antwoord wat hierop gekry word, is die misindeks van die stuk. Die faktor 0.4 gee volgens Combrink (1992:Bylaag 3) 'n resultaat wat aandui hoeveel jaar skoolopleiding die leser benodig om die stuk maklik te kan lees en te verstaan. Dit kan prakties soos volg bepaal word:

- Aantal woorde wat gebruik word in die teks: 104
- Aantal sinne:5
- Gemiddelde sinslengte: 104/5 = 20.8
- Aantal meerlettergrepige woorde: 20/2 = 10
- Misindeks van die stuk: Gemiddelde sinslengte (20.8) + meerlettergrepige woorde (10) x 0.4 = 12.3
- Die volledige formule lyk soos volg:

$$Misindeks = \mathbf{0.4}\left(\frac{Aantal\ woorde}{Aantal\ sinne}\right) + \left(\frac{Aantal\ meerlettergrepige\ woorde}{2}\right)$$

$$Misindeks = \mathbf{0.4}\left(\frac{104}{5}\right) + \left(\frac{20}{2}\right)$$

$$Misindeks = \mathbf{0.4}\,(20.8) + (10)$$

$$Misindeks = \mathbf{0.4}\,(30.8)$$

$$\boldsymbol{Misindeks = 12.32}$$

4.4 Die evaluering van boeke

Boeke moet geëvalueer word, nie net wanneer boeke gekies word nie, maar ook wanneer KJL krities met leerders bespreek word. Daar is in elke boek gedagtes wat dieper gaan as die blote gebeure in 'n boek, temas wat subtiel aan die leser oorgedra word. Die dieper betekenis word gewoonlik nie vir die leser uitgespel nie. Die leser besef in baie gevalle nie eens dat daar 'n dieper betekenis is nie en ontdek dit natuurlik gedurende die leesproses. Daarom moet onderwysers die vermoë ontwikkel om kinder- en jeugliteratuur te kan evalueer volgens bepaalde riglyne. Daar is nie een regte manier waarop boeke geëvalueer kan word nie, maar in dié navorsingsverslag word die belangrikste aspekte waarna daar gekyk móét word, bespreek.

4.4.1 Riglyne vir evaluering

Soos in Tabel 4.5 aangedui, bestaan daar 'n lys riglyne wat in ag geneem kan word wanneer boeke geëvalueer word (Silvey, 1993:7). Volgens Silvey is dit belangrik dat die karaktereienskappe van die persoon vir wie die boek geëvalueer word, bepaal word. Volwassenes oftewel onderwysers – vir die doel van dié studie – moet daarom in die eerste plek met leerders kan identifiseer. Die onderwyser moet kan voorspel hoe leerders op 'n bepaalde boek sal reageer en of leerders graag die boek sal wil lees.

Die onderwyser moet verder die geskiedenis van die genre ken en moet vergelykings kan tref tussen outeurs, boeke en illustrasies. Die genre sluit nie net KJL in nie. Onderwysers moet ook kennis dra van volwasse literatuur, illustrasies, kuns en film om die kinderboek teen die groter milieu van die literêre wêreld te kan plaas. Die onderwyser wat die boek evalueer, moet 'n balans kan handhaaf tussen die bespreking van gebeure en die kritiese evaluering van die verhaal, die ontginning van dieper betekenis. Die onderwyser moet gedurende die evalueringproses dit wat die groep of individuele leerder van die boek weet, in aanmerking neem omdat dit die interpretasie kan beïnvloed.

Silvey (2004:8) asook Frey *et al*. (1985:130) is van mening dat die evaluering van 'n boek 'n vyfledige proses is:

- eerstens moet gekyk word na vrae soos hoe effektief die ontwikkeling van die onderskeie narratiewe elemente is;
- tweedens moet vrae gevra word oor die visuele kuns wat in die boek voorkom, byvoorbeeld die illustrasies, en daar moet gevra word hoe effektief die illustrasies en die illustreerder se tegniek is;
- derdens moet pragmatiese vrae gevra word, soos hoe akkuraat en logies die materiaal in die boek is;
- vierdens moet filosofiese vrae gevra word, soos of die bepaalde boek die leser se lewe sal verryk; en
- laastens word persoonlike vrae gevra, soos of die leerder van die bepaalde boek sal hou.

Dit is egter nie moontlik om 'n presiese evalueringsproses voor te stel nie, want net soos wat elke persoon se uitgangspunte 'n rol speel by die interpretasie van boeke, sal elke afsonderlike onderwyser se agtergrond en boeke wat hy/sy reeds gelees het, ook 'n groot rol speel. Dit is daarom belangrik dat die onderwyser bewus is van sy/haar eie uitgangspunte en dat onderwysers baie kennis sal dra oor bestaande boeke en evalueringseienskappe. Om 'n boek te evalueer, kan die onderstaande vrae moontlike gevra word (sien Tabel 4.5). Dit is belangrik dat onderwysers die lys geleidelik aanvul met riglyne wat hulle belangrik ag.

Tabel 4.5: Moontlike vra wat gevra kan word wanneer KJL geëvalueer word

	Literêre kritiek: vrae om te vrae wanneer 'n boek geëvalueer word	Antwoord
1.	Is dit 'n goeie storie volgens die bepaalde onderwyser se standaarde? (Het die storie 'n goeie einde, het die storie waarde, is dit interessant en sal dit leerders interesseer?)	
2.	Wat is die gebeure en hoe beïnvloed dit die verhaal?	
3.	Watter waarde word aan die karakterisering toegeken, en watter rol speel karakterisering?	
4.	Watter waarde word aan die ruimte toegeken, en watter rol speel ruimte?	
5.	Watter waarde word aan tyd toegeken, en watter rol speel tyd in die verhaal?	
6.	Watter waarde word aan die verteller in die verhaal toegeken, en watter rol speel die verteller?	
7.	Watter waarde word aan die fokalisator toegeken, en watter rol speel die fokalisator?	
8.	Wat is die tema?	
9.	Wat is die waarde en rol van illustrasies?	
10.	Wat wou die outeur met die bepaalde verhaal oordra?	
11.	Hoe kan die bepaalde boek die leerder se lewe verryk?	

Die vrae is saamgestel uit Frey *et al*. (1985), Norton (1993), Norton en Norton (2011:72), Silvey (1993 en 2004:8).

Die onderwysers sal self moet evalueer vir watter graad ’n boek geskik sal wees. Wanneer daar na hierdie evalueringstabel gekyk word, is dit duidelik dat onderwysers baie kennis oor KJL moet hê. Hulle moet ook oor genoegsame kennis van die narratiewe elemente beskik, aangesien vrae 2 tot 8 met dié elemente verband hou, en goeie kennis van die narratiewe elemente lei onderwysers en leerders na die ontginning van die dieper betekenis. Vervolgens word die narratiewe elemente en illustrasies kortliks bespreek om aan te dui hoe KJL geëvalueer kan word.

4.5 Verhaal/narratiewe elemente

Die term “narratologie” hou volgens Du Plooy (1992:331) verband met die Latynse woord *narrare* wat “vertel” beteken. Narratologie kan dus omskryf word as die studie van verhalende tekste, van die vorm en die funksie van verhale. ’n Verhalende teks kan beskryf word as ’n teks met betekenisvolle narratiewe handeling. Dit sluit fiktiewe en niefiktiewe tekste in, alhoewel dit by fiktiewe tekste van groter belang is as by niefiktiewe tekste. Volgens Du Plooy (1992:331) en Meister (2009:329) kan die term “narratologie” gedefinieer word as die teorie van verhalende tekste. Hierdie ondersoekmodel het volgens Du Plooy (1992:331) uit die Franse strukturalisme van die vyftigerjare ontwikkel toe daar ’n opbloei was in die belangstelling in die strukturalistiese ondersoek van verhale. Die Franse strukturaliste Bremond, Greimas, Todorov, Barthes en Genette het verhale bestudeer op grond van die verhaalstruktuur en die intertekstuele en strukturele verhoudinge wat in die verhaal na vore kom. Hierdie ondersoekmetode het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van die narratologie as ’n gespesialiseerde en spesifieke vorm van die studie van verhalende tekste (Du Plooy, 1992:331).

Verhalende tekste kan beskou word as betekenisvolle tekenstelsels in ’n spektrum van mediums soos onder meer geskrewe taaltekste, mondelinge tekste, beeldtekste wat verhalend van aard is of enige teks wat ’n verhaal vertel. Dit sluit ook fiksionele en nie-fiksionele geskrewe taaltekste, wat verhalend van aard is, in. Dit kan byvoorbeeld koerantberigte, nuusverslae, ander verslae, tydskrifartikels, geskiedskrywings, televisiedramas, films, dokumentêre en opvoedkundige televisieprogramme en films wat verhalend van aard is, insluit. Selfs strokiesprente, strookfilms, skilderye, dans en musiek kan narratologies ondersoek word.

Volgens Du Plooy (1992:331) is die klassieke narratologie ’n tipiese strukturalistiese dissipline wat met behulp van ’n definisie op wetenskaplike wyse georganiseerde uitsprake oor die elemente, die aspekte en die struktuur van verhalende tekste maak. Die basiese elemente van die narratologiese model soos karakter, ruimte, tyd, fokalisator en verteller word vervolgens kortliks bespreek en daar word aangedui hoe dit in KJL voorkom.

4.5.1 Verhaal/gebeure

Volgens Hühn (2009:80–83) kan ’n verhaal nie vertel word sonder dat iets gebeur nie. ’n Verhaal bestaan uit bepaalde gebeurtenisse en die gevolge van daardie gebeure. Dit is belangrik om kennis te dra van die gebeurtenisse, juis omdat dit die karakters en die verhaal in so ’n groot mate beïnvloed.

4.5.2 Karakterisering

Volgens Jannidis (2009:14) kan karakters gedefinieer word as teks- of mediagebaseerde figure in die storiewêreld wat gewoonlik menslik is of menslike eienskappe het en deur verskeie mediums na die deelnemers in die storiewêreld verwys. Brink (1989:67) beskou karakters as iets wat ontstaan uit en bestaan danksy die wisselwerking tussen al drie die wêrelde van 'n verhaal (storie, vertelteks en vertelproses) en tussen al die gegewens, impulse, elemente of aspekte in die verhaal.

Alles gebeur tog met iemand in 'n verhalende teks; daarsonder kan daar nie regtig 'n storie wees nie. Dit is ook die karakters wat lesers soms sal motiveer om 'n teks klaar te lees, juis omdat hulle met die karakters kan identifiseer en daarom wil weet wat aan die einde met die karakters gebeur.

Karakters word opgebou deur 'n proses wat karakterisering genoem word. Volgens Johl (1992:199–200) en Jannidis (2009:18) is karakterisering die gevolg van 'n wisselspel tussen die storie, die vertelteks en die vertelproses. 'n Karakter word egter nie altyd as die produk van die karakteriseringsproses gesien word nie, maar eerder as 'n produk van sy verhouding met die werklike mens.

Volgens Brink (1989:68) en Jannidis (2009:19) is die opbou van 'n karakter uit die gegewens van die vertelteks 'n aktiwiteit wat die leser self moet verrig. Die leser moet die narratiewe sintuie soos deur die skrywer opgestel, ontdek en daarvolgens 'n beeld van die karakter ontwikkel. Brink is verder van mening dat die opbou van 'n karakter deur die ondervindings van 'n leser se lewe buite die teks en 'n toenemende kennis van ander verteltekste wat die leser moontlik al gelees het, beïnvloed sal word. Lewende mense in die leser se lewe sal 'n uitwerking hê op die manier waarop die leser die karakter vir homself/haarself voorstel.

Karakterisering word hoofsaaklik vanuit twee vertelprosesse benader (Jannidis, 2009:21–22; Johl, 1992:201):

- Direkte/eksplisiete uitbeelding
  Direkte uitbeelding is sekerlik die maklikste uitbeelding vir die leser, juis omdat die skrywer dan direk aan die leser vertel hoe die karakter lyk en hoe die karakter sal optree, wie en wat die karakter is en waarom hy/sy doen wat hy/sy in bepaalde situasies in die verhaal doen. Die skrywer sal die verteller gebruik om byvoorbeeld aan die leser te sê watter soort klere die karakter dra, hoe die karakter optree en hoe hy/sy met die ander karakters in die boek omgaan. Daar kan verder direk meer van die karakter te wete gekom word deur dit wat die karakter doen, soos hoe die karakter optree en sy/haar persoonlikheid.

- Indirekte/implisiete uitbeelding
  Die leser moet fyner lees om die indirekte/implisiete uitbeelding van 'n karakter raak te lees, juis omdat die inligting nie direk aan die leser gegee word nie. Die leser moet afleidings maak uit situasies en optredes om 'n geheelbeeld van die karakter te vorm.

Indirekte uitbeelding kan opgebou word deur, byvoorbeeld, hoe ander karakters die bepaalde karakter sien. Daar moet egter in gedagte gehou word dat Karakter A wat Karakter B beskyf bevooroordeeld kan wees

teenoor Karakter B. 'n Tweede belangrike aspek is die optrede van Karakter A teenoor Karakter B. As Karakter A, byvoorbeeld, afsydig is teenoor Karakter B, sê dit iets van Karakter B en as Karakter A afsydig is, of sê dit eerder iets van Karakter A se persoonlikheid? Die taalgebruik van 'n karakter kan selfs ook iets van die karakter verklap. As kru taal of 'n dialek van Afrikaans gebruik word, is dit gewoonlik hoe mense in daardie omstandighede praat en dit dra by tot die beeld wat die leser van die karakters vorm. Die leser moet die nut van bepaalde taalgebruik ten opsigte van karakterisering kan raaksien en dit evalueer.

Die leser moet egter wanneer dit by karakterisering kom, in gedagte hou van wie die inligting kom. Kom die inligting van 'n betroubare bron? Kom die inligting vanaf die verteller, die karakter self of 'n medekarakter en is daardie verteller betroubaar? Die leser moet verder oplet of dit wat gesê word, letterlik bedoel word en wat die verhouding tussen die karakters is, omdat dit die karakterisering van die karakter sal beïnvloed. Slegs wanneer die leser die geheelbeeld van die karakter en die karakterisering in ag neem, kan die werklike karakter in die teks na vore kom.

4.5.3 Ruimte

Karakters moet altyd êrens wees in 'n verhaal; alle gebeurtenisse vind op bepaalde plekke plaas. Venter (1992b:453) is van mening dat ruimte meer as een betekenis het. Ruimte kan beskryf word as die plek waar iets plaasvind; alles gebeur dus met iemand in die spasie van 'n ruimte. Niemand kan bestaan, nie eens binne grense van 'n bladsy, sonder om êrens te wees nie (Brink, 1989:107).

Vir Venter (1992b:453) verwys die term "ruimte" na die ruimtelikheid van die fiktiewe wêreld waarin die verhaal afspeel. Ruimte kan dui op die ordening en rangskikking van tekselemente in patrone wat vir die leser ruimtelik voorstelbaar gemaak word, en die ruimte kan deur die vertelhandeling en taal self geïmpliseer word. Die belangrikste aspek is die ruimte van die fiktiewe wêreld wat in die verhaal voorgestel word. Nie net plaas 'n ruimtelike beskrywing die leser in die konteks van die verhaal nie, maar 'n ruimtelike beskrywing sal 'n bepaalde betekenis in die teks kan genereer. Ruimte kan beskryf word as die beleefde plek of as 'n betekenisgewende aspek van 'n verhaal, juis omdat die beskrywing van die plekke in die verhaal op so wyse plaasvind dat daar ekstra betekenis vanuit die ruimte ontgin kan word.

Volgens Du Plooy (2004:28) moet daar na die onderstaande aspekte gekyk word om die betekenis van die ruimte in die verhaal te ontsluit:

- Direkte ruimtelike aanduidings
  Die plek waar die verhaal afspeel, soos die naam van die plek en ander ruimtelike aanduidings soos hoog en laag, oop en toe en binne en buite. Die leser moet oplet na die ruimtelike plasing en beskrywing van die verhaal omdat dit die karakters en verhaal teen 'n ruimtelike agtergrond plaas. Wanneer 'n verhaal oor 'n plaas handel, roep dit dadelik by die leser die oopheid van 'n plaas op, maar ook die gevaar, boerderybedrywighede en probleme. Vir elke leser sal 'n ander beeld van 'n plaas opgeroep word, al is dit nie noodwendig die werklikheid nie.

- Sintuiglike waarneming

Ruimte is iets wat waargeneem, gehoor, geruik en gevoel kan word. Daarom is dit belangrik om te kyk hoe die ruimte sintuiglik deur die karakters of verteller wat die verhaal aan die leser oordra, waargeneem word.

Die ruimte kan vanuit ’n visuele perspektief beskryf word, dit wil sê wat die karakter raaksien, die kleur, vorm en grootte. Visuele beskrywing kan belangrik wees veral wanneer ’n huis byvoorbeeld baie klein is. Die aanduiding van “klein” kan op verskillende aspekte dui, byvoorbeeld dat die persoon ingeperk word, armoede beleef of selfs dat die persoon bedruk voel. Karaktereinskappe word nie deur die karakter se gevoelens aan die leser oorgedra nie, maar deur ’n aanduiding van die ruimte waarin die karakter hom/haar bevind.

Ouditiewe belewing in die verhaal, met ander woorde waarna die karakter luister of dit wat hy/sy op ’n bepaalde tydstip hoor, het ook ’n invloed op die ruimte. Wanneer ’n karakter byvoorbeeld op ’n plaas is, hoor hy/sy dalk die geluid van perde wat nader kom. Is die spesifieke geluide hard of sag, ver of naby, is dit normaal of voorspel dit onheil in die verhaal? Die leser moet besluit of die spesifieke geluid belangrik is vir die interpretasie van die verhaal al dan nie.

Die taktiele belewing van die ruimte kan ook ’n rol speel. Met taktiele belewing word daar bedoel hoe die ruimte voel, byvoorbeeld is dit warm of koud, wat daarop kan dui dat die karakter moontlik warmte by sy omstandighede vind. Is dit waaraan die karakter raak, hard of sag. Die karakter kan byvoorbeeld aan die plaasgrond vat en die grond as hard beleef wat dan ’n aanduiding kan wees dat dit moeilik gaan wees om op die grond te boer. ’n Leser moet die suggestie van die ruimte kan ontleed om te sien of die ruimte bydra tot die betekenis van die verhaal.

4.5.4 Tyd

Enigiets wat in ’n verhaal gebeur, vind op ’n sekere tydstip plaas. Dit is nie net die tyd waarin dit plaasvind nie, maar ook die tyd wat die skrywer aan ’n sekere gebeurtenis afstaan, wat tyd ’n belangrike aspek van ’n narratologiese ondersoek maak (Keuris, 1992:543; Margolin, 2009:336; Toolan, 2009:50–54).

Du Plooy (2004:16) onderverdeel tyd soos volg:

- Historiese tyd

  Historiese tyd verwys na die tydperk waarin die verhaal afspeel. Dit kan ’n historiese verhaal vertel wat in die tyd van die Tweede Wêreldoorlog afspeel (1939–1945), meer onlangs soos die 1980’s, ’n onbepaalde hede of selfs in die toekoms soos in 2314, afspeel. Hierdie tydindeling plaas die leser dadelik in die betrokke ruimte en tyd wat die leser help om die verhaal beter te interpreteer.

- Vertelde tyd

  Die vertelde tyd kan omskryf word as die tyd wat deur ’n gebeurtenis in beslag geneem word. Al staan die gebeure in ’n teks, as ’n versie van die werklikheid neem dit tog ’n tyd lank vir iets om te gebeur. As ’n karakter in die straat afstap, neem dit hom/haar ’n sekere tyd om aan die einde van die straat te kom. Hierdie tyd kan as vertelde tyd geklassifiseer word.

- Verteltyd

  Wanneer die verhaal aan die leser vertel word, word dit lineêr aan die leser gebied, juis omdat taal lineêr is. Woorde volg ná mekaar en kan slegs agtereenvolgens gegroepeer word om die verhaal te vertel. Die verhaal kan nie gelyktydig vertel word nie, alhoewel gebeure in die werklike wêreld heel moontlik gelyktydig gebeur.

Hierdie drie aspekte vat die verskillende tydterme wat ’n rol in ’n verhaal speel saam, maar daar moet ook gekyk word na tydspatrone en die rol wat tydspatrone kan speel wanneer ’n verhaal vertel word. Hoe hierdie tydspatrone in die verhaal ingespan word om die verhaal te vertel, is vir die leser ’n aanduiding van wat belangrik is en wat minder belangrik is. Tydspatrone verwys onder meer na die volgorde van gebeure, die frekwensie waarmee iets vertel word en die duur van die vertellings.

- Volgorde

  Die werklikheid verloop chronologies: situasie A word deur B en daarna C gevolg. In verhale word die gebeurtenisse selde chronologies vertel. Daar word soms voortdurend teruggedink aan gebeurtenisse in die verlede. ’n Leser sal ’n verhaal wat nie chronologies is nie, in sy/haar gedagtes organiseer om sin uit die verhaal te maak. Een van die belangrikste aspekte waarom die leser dit doen, is omdat daar gewoonlik ’n oorsaak-en-gevolg-verhouding in gebeure is. Die leser wil dus weet wanneer iets gebeur het en wat die gevolg van ’n sekere gebeurtenis was (Brink, 1989:126; Du Plooy, 2004:17).

  Verder moet daar opgelet word na die volgorde in verhale, juis omdat dit reeds ’n aanduiding is van die belangrikheid van seker gebeure in die verhaal. Die begin en einde van die teks is belangrik asook die wyse waarop die ander gebeurtenisse in die verhaal gestruktureer is aangesien enige afwyking van chronologiese tyd bepaalde betekenisse het. Die leser se vermoë om die gebeure vanuit ’n niechronologiese skryfwyse te haal en dit chronologies te kan plaas, sal aandui hoe die leser die verhaal geïnterpreteer het (Brink, 1989:126; Du Plooy, 2004:17).

- Frekwensie

  Die frekwensie of herhaling van ’n gebeurtenis kan ’n aanduiding wees van die belangrikheid van die gebeurtenis. Dieselfde gebeurtenis word dikwels herhaal vanuit die standpunt van verskillende vertellers en fokalisators, juis om ’n geheelbeeld van die gebeurtenis aan die leser te gee (Brink, 1989:126; Du Plooy, 2004:17). Dit is dan vir die leser duidelik dat die bepaalde gebeurtenis van belang is in die verhaal. Die skrywer wil heel moontlik deur die herhaling van ’n sekere gebeurtenis klem daarop lê. Die teenoorgestelde kan ook waar wees, naamlik dat onbelangrike dinge herhaal word om die werklike ernstige saak op die agtergrond te plaas. Wanneer iets in die verhaal herhaaldelik gebeur het, maar in ’n mindere mate genoem word in die verhaal, of selfs net een keer word daardie aspek van die verhaal verbloem. ’n Karakter word byvoorbeeld herhaaldelik in die loop van ’n verhaal mishandel, maar dit word net een keer genoem in die verhaal (Brink, 1989:126; Du Plooy, 2004:17).

- Duur/Sujet-tyd

  In 'n verhaal kan daar meer of minder verteltyd aan sekere gebeure afgestaan word. Hierdie verskynsel staan bekend as die duur waarin 'n bepaalde gebeurtenis vertel word. Iets wat in die werklikheid omtrent geen tyd in beslag sou neem nie, soos om jou tande te borsel, wat in die verhaal oor ag bladsye heen bespreek word, is vir die leser 'n duidelike aanduiding daarvan dat die gebeurtenis belangrik is vir die interpretasie van die verhaal. Die teenoorgestelde is ook waar, wanneer 'n karakter se totale hoërskoolloopbaan in een paragraaf ingepas word, dui dit vir die leser daarop dat dié gedeelte van die karakter se lewe nie belangrik is nie. Net soos in die geval van die herhaling kan dit ook 'n tegniek van die verteller wees om iets weg te steek, daarom moet die leser baie fyn lees om die werklike betekenis van die duur van gebeurtenisse te ontleed (Brink, 1989:126; Du Plooy, 2004:17).

4.5.5 Verteller

Die verteller is volgens Venter (1992c:564), Bamberg (2009:132) en Margolin (2009:351) die diskursiewe instansie wat die vertelling in 'n teks tot stand bring deur direk te werk te gaan met behulp van die vertellersteks wat die storiegebeure en karakters beskryf, of indirek deur die vertelling te redigeer waar die karakters se woorde en gedagtes aan die leser gebied word. Daar is dus in 'n verhaal iemand wat vertel en iemand wat luister.

Venter (1992c:564) is van mening dat die verteller nie geskei kan word van die skrywer wat die teks op 'n bepaalde wyse struktureer, maar nie self die verhaal vertel nie. Dit is egter nie altyd die verteller se siening wat meegedeel word nie; soms vertel die verteller iemand anders se verhaal en gee iemand anders se mening weer. In hierdie geval sal die fokalisator en verteller van mekaar verskil.

Dit is uit die bostaande duidelik dat daar nie slegs een soort verteller is wat deur die skrywer gebruik kan word nie. Daar kan onderskei word tussen die onderstaande soorte vertellers:

- Eksterne verteller

  Die eksterne verteller is 'n verteller wat totaal buite die verhaal staan en gewoonlik anoniem en alomteenwoordig is. Dit is 'n verteller wat alles van die karakters weet maar tog selektief kan besluit wat hy aan die leser oor die spesifieke karakter wil meedeel (Margolin, 2009:358).
- Interne verteller

  'n Interne verteller is deel van die verhaal, maar nie noodwendig 'n karakter in die verhaal nie. Volgens Genette (1980:189) en Alber en Fludernik (2009:178) ken 'n interne verteller in die vertelsituasie die karakter se gevoelens en gedagtes. Die verteller spekuleer nie en neem nie bloot net die karakter waar nie, maar deel ook die karakter se gevoelens en gedagtes met die leser.
- Karaktergebonde verteller

  'n Karaktergebonde verteller is een van die karakters in die verhaal. So 'n karakter vertel hoe hy/sy self die situasie beleef en dra ander karakters se sienings en optrede aan die leser oor. Genette (1980:227) en Margolin (2009:363) onderskei verder onder die karaktergebonde verteller ook 'n verteller van die derde vlak, naamlik die hipodiëgetiese verteller. Dit is 'n ander karaktergebonde verteller, maar nie noodwendig die hoofkarakter nie. Dit is veral die geval wanneer die oorspronklike karaktergebonde

verteller nie by ’n bepaalde situasie betrokke is nie. Dan word die verhaal soms vanuit die perspektief van een van die karakters wat wel by die gebeure betrokke was, vertel.

4.5.6 Fokalisator

Terwyl die verteller soos hierbo bespreek, fokus op wie die verhaal vertel, fokus die fokalisator van ’n verhaal op wie in die verhaal kyk en wie vertel. Die persoon wat in die verhaal sien, hoef nie noodwendig dieselfde te wees as die persoon wat vertel nie (Alber & Fludernik 2009:178; Genette, 1980:189; Niederhoff, 2009:115). Volgens Venter (1992a:133) impliseer vertelling ’n perspektief oor sake, die fokalisasie, die waarneming van ’n saak en die manier waarop dit oorvertel word. Alhoewel al drie dié funksies onder die verteller gegroepeer kan word, kan dit ook in ’n verhaal gebeur dat die verteller van iets vertel wat hy/sy waargeneem het en die fokalisator ’n ander perspektief van die gebeure gee. Fokalisasie kan omskryf word as die verhouding tussen dit wat waargeneem word en die waarnemer in die verhaal. Dit verwys dus na die eienskap van verhale waarin die inligting deur die oë van ’n bepaalde karakter of verteller gesien word (Du Plooy, 2004:29).

Regulering van inligting vind plaas, aangesien die leser sy inligting via die bepaalde fokaliserende instansie ontvang. Die vraag moet dus gevra word, wie sien en wie vertel in die verhaal? (Brink, 1989:134). Die verhaal word altyd vanuit die perspektief van ’n bepaalde karakter of verteller vertel wat tot gevolg sal hê dat inligting gereguleer word omdat die leser die inligting via die fokaliserende instansie kry. Dit is belangrik dat die leser kan bepaal wie in ’n verhaal waarneem, juis om ’n oordeel te kan vel of die vertelling blindelings vertrou kan word (Brink, 1989:134). Deur te bepaal watter soort fokalisator die verhaal vertel, kan die leser die verhaal beter verstaan en daarmee saam die boodskap wat die skrywer aan die leser wil oordra.

Daar word by die verteller onderskei tussen verskillende soorte fokalisators (Venter, 1992a:134):

- Eksterne fokalisator

  Die eksterne fokalisator is ’n fokalisator wat van buite die verhaal na die gebeure kyk. Hierdie fokalisator weet gewoonlik alles omtrent die karakters en beskryf en beoordeel gebeure en karakters van buite. Die fokalisator is uiteraard nie deel van die verhaal self nie, maar slegs ’n waarnemende fokalisator. Dit is ’n alomteenwoordige en alwetende fokalisator.

- Interne fokalisator

  ’n Interne fokalisator is deel van die verhaal en kan geïdentifiseer word. Die leser weet wat die gevoelens van die fokalisator is, maar tog weet die interne fokalisator nie alles nie en kan nie orals wees nie. Die siening van hierdie fokalisator bepaal die beoordeling van wat hy/sy waarneem. Dit is juis in die geval van die interne fokalisator waar die fokalisator nie blindelings vertrou kan word nie, want hy/sy gee sy/haar opinie en waarneming van ’n situasie en karakter, wat nie noodwendig korrek is nie.

- Karaktergebonde fokalisator

  Wanneer die fokalisator aan ’n karakter gekoppel word, is dit ’n karakter wat sy/haar eie sienings, menings en oordeel oor sake oordra. Volgens Venter (1992a:134) kan daar verder by die karaktergebonde fokalisator onderskei word of die fokalisator enkelvoudig of meervoudig is.

Wanneer ’n bepaalde karakter regdeur die verhaal die fokalisator is, is die fokalisator enkelvoudig, maar wanneer die fokalisators mekaar afwissel dui dit op ’n meervoudige fokalisator.

- Vertellerfokalisator
  ’n Vertellerfokalisator word aangetref wanneer die verteller en die fokalisator ooreenstem. In die meeste gevalle wanneer dit wel die geval is, kan die fokalisator eerder as ’n karaktergebonde fokalisator geklassifiseer word, omdat dit in die meeste gevalle ’n karakter in die boek is wat as albei optree.

Dit is egter nie net die soort fokalisator wat ’n rol speel nie. Du Plooy (2004:31) onderskei verder tussen die verskillende fasette van fokalisasie, dit wil sê die manier waarop die fokalisator waarneem en waardeur die fokalisator beinvloed kan word:

- Perseptuele implikasies
  Die fokalisator word beïnvloed deur dit wat hy/sy sien, met ander woorde die fokalisasie word deur die fokalisator se waarneming bepaal. Die fokalisator is op ’n bepaalde plek en op ’n bepaalde tyd en dit bepaal wat die fokalisator sien en wat nie. Hy/sy kan nie fokaliseer op dit wat op daardie tydstip op ander plekke gebeur nie. Dit maak dat die verhaal meer geloofwaardig is en gee aan die skrywer die geleentheid om sekere aspekte te verberg.

- Psigologiese faktore
  Die kognitiewe vermoë van die fokalisator speel ook ’n rol. Wat weet die fokalisator en watter soort kennis het die fokalisator? Wanneer ’n leerder byvoorbeeld in ’n verhaal die fokalisator sou wees en as gevolg van sy/haar ouderdom nog nie die kennis het van sekere gebeure nie, sal dit op die vlak van ontwikkeling van daardie fokalisator aan die leser gelewer word. Afgesien van die kognitiewe vermoë kan die emosionele toestand van die waarnemer en sy/haar manier van kyk en oordeel ’n beduidende rol speel by die fokalisasie van gebeure. Vrae wat uit die emosionele toestand van die fokalisator sal spruit, is byvoorbeeld is die fokalisator objektief, en kan ek vertrou wat die fokalisator oor ander karakters en situasies sê?

- Ideologiese posisie
  Elke persoon sien dinge anders as ’n ander persoon. Dit is ook so in die geval van die fokalisator. Die fokalisator sal sekere ideologiese uitkyke hê, byvoorbeeld ’n eie siening oor geloof, armoede, oorlog, aborsie en ander kwessies. Hierdie ideologiese posisie sal bepaal hoe die fokalisator op ’n bepaalde kwessie fokaliseer. Die fokalisator kan byvoorbeeld glo dat armoede ’n besluit is en dat enige karakter/persoon kan gaan werk soek en uit die greep van armoede bevry kan raak. Wanneer so ’n fokalisator dan moet vertel van ’n gesin wat in armoede leef, sal hy/sy hulle nie goedgesind wees nie.

4.5.7 Die wyse waarop die narratiewe elemente onderrig kan word

Sekerlik die moeilikste vraag wat uit die bespreking na vore kom, is hoe hierdie narratiewe elemente deel gemaak kan word van die onderwyser se onderrig in die klaskamer. Leerders moet by die storie wat gelees word, betrek word. Volgens Norton en Norton (2011:99) kan kreatiewe stories gebruik word om leerders se verbeelding te ontwikkel, hulle gevoelens te prikkel, hulle taal uit te bou en om begrippe aan hulle te verduidelik.


Die **gebeure** kan byvoorbeeld gebruik word om leerders by kreatiewe drama-opvoerings te betrek. Leerders sal sodoende ontdek dat die gebeure 'n begin, middel en einde het. Kinderrympies kan veral gebruik word by kleiner leerders omdat dit by hulle die indruk skep van 'n storie wat deur verskillende stadiums gaan. Sodra leerders geleer het dat daar verskillende dele in die gebeure van 'n verhaal is, kan dit omskep word in 'n groepaktiwiteit. Verdeel die klas in drie groepe en laat elk van die groepe hulle deel van die verhaal inoefen: die begin, middel of die einde. Om leerders die belangrikheid van sekwensie in 'n verhaal te laat insien, skommel die drie gebeurtenisse, sodat die leerders kan sien dat, as die einde eerste sou wees, sou die storie nie kon ontwikkel nie.

Leerders kan ook betrek word by die **karakterisering** wat in die storie na vore kom. In alle boeke sal daar karakters wees, en tydens die leesproses sal die leser 'n karakter se sterkpunte, swakpunte, verlede, verwagtinge en vrese ontdek. Leerders moet aangemoedig word om die karakters te ontdek omdat dit die leerders insig in hulle eie gevoelens kan gee sodat hulle die boek beter kan verstaan. Laat die leerders toe om die wyse waarop die karakters voorgestel word, te ondersoek en met mekaar te bespreek. Alhoewel jonger leerders nie noodwendig die narratiewe elemente sal ken nie, moet daar ook aan hulle die geleentheid gegee word om dié aspek te ondersoek, al beskryf hulle dit in hulle eie terme.

Betrek leerders by die **omgewing/ruimte** waarin die verhaal afspeel. Dit kan op verskeie maniere gedoen word. Leerders kan gevra word om prentjies te teken, te beskryf hoe die omgewing hulle laat voel, of hulle kan die geskiedkundige en geografiese omgewing van die boek beskryf. Leerders kan verder gevra word om die simboliek in die verhaal te beskryf. Dit sal hulle help om te sien dat elke aspek van 'n boek 'n bydra lewer tot die dieper betekenis.

Die **tema** in die boek kan veral gebruik word om leerders tot 'n baie dieper ontginning van betekenis te lei. Temas word nie gewoonlik ooglopend in 'n boek uitgespel nie en leerders kan in baie gevalle verskillende temas in boeke raaklees. Leerders moet aangemoedig word om die tema van die boek te soek en onderwysers kan hulle help deur saam met hulle oor die boek te gesels en aan die leerders vrae te vra soos hoe die karakters die storie beinvloed het, watter konflik in die storie voorkom, watter optrede in die verhaal geprys word en wat die karakters in die storie geleer het. Sprokies kan veral van waarde wees. Kyk byvoorbeeld na *Die drie varkies*. Leerders kan ná so 'n gesprek sien dat die varkies wat lui was, nie so 'n goeie huis kon bou soos die flukse varkie nie en dat 'n mens moet werk vir dit wat jy wil hê. Daar kan verder aangevoer word dat die verhaal wil sê dat gesinne altyd bymekaar moet staan. Dit is maar net twee moontlike temas in die boek.

'n Nuttige hulpmiddel om leerders die dieper betekenis van 'n verhaal te laat ontdek, is om hulle aan te moedig om 'n webdiagram van die narratiewe elemente te teken. Dit kan dien as beide 'n leergeleentheid, maar kan ook genot aan die leerders verskaf (Norton, 2003). Voordat die leerders die webdiagram teken, stel eers die narratiewe elemente op die vlak wat vir daardie groep gepas is, bekend. Maak die webdiagram van kleins af deel van leerders se literêre ondervinding. Wanneer hulle die begrippe verstaan, teken die basiese elemente van die webdiagram en laat die leerders dit self invul soos wat hulle die storie sien. Dit kan byvoorbeeld soos Figuur 4.3 lyk waar daar 'n voorbeeld van 'n webdiagram van *Rooikappie* geteken is.



Figuur 4.3: Voorbeeld van 'n webdiagram van Rooikappie

Behalwe dat onderwysers kennis moet dra van die narratiewe elemente, moet hulle ook kennis hê van illustrasies en watter bydrae dit tot KJL maak.

4.6 Illustrasies

Illustrasies is so onlosmaaklik deel van KJL dat 'n boek sonder illustrasies glad nie soos KJL voel nie. Al word illustrasies nie noodwendig in jeugliteratuur gebruik nie, word dit steeds in sommige jeugliteratuur aangetref. Wanneer veral jonger leerders gevra word wat hulle by die lees van 'n bepaalde boek getref het, sal die illustrasies in die meeste gevalle boaan die lysie wees (Norton & Norton, 2011:114). Donker kleure in illustrasies kan dikwels onheil voorspel en pastelkleure sal jong leerders laat voel of hulle in 'n droomwêreld

is. Dit is nie net kleur wat 'n rol speel nie, maar ook die tekstuur waaraan baie jong lesers kan vat, soos die vere van 'n eendjie. In prenteboeke is illustrasies deel van die storie en die twee kan nie geskei word nie. Die illustrasies vertel net soveel van die storie as wat die teks self vertel. Die een kan nie sonder die ander die storie vertel nie. In die gedeelte hierna word die evaluering van illustrasies, visuele elemente, medium en styl en die gebruik van illustrasies bespreek. Daar sal ook klem gelê word op feit dat onderwysers genoegsame kennis hieroor moet beskik om goeie boekkeuses te maak.

4.6.1 Evaluering van illustrasies in boeke

Die proses om 'n boek te illustreer, is 'n vennootskap tussen die skrywer en die illustreerder. Daar moet te alle tye daarna gestreef word om die perfekte balans tussen illustrasies en woorde in die boek te verkry. Volgens Saylor (2000:37) is die beste prenteboeke dié waarin kuns op sigself 'n storie vertel. Dit skep 'n visuele wêreld wat die outeur se woorde uitbrei, ontwikkel, versterk en duideliker maak. Om hierdie rede moet die evaluering van die illustrasie aan die hand van sekere essensiële vrae geskied, soos of die illustrasies op die belangrike punte fokus, of dit tot die emosie bydra, en of die illustrasies tot die spanning in die verhaal bydra. Daar moet ook gekyk word na vrae soos of illustrasies die storie vertel en dit 'n dieper betekenis gee. Die funksie van die illustrasie moet verder ondersoek word. Leerders moet aangemoedig word om visueel geletterd te wees, met ander woorde leerders moet die vermoë ontwikkel om boodskappe wat deur middel van illustrasies en ander visuele elemente oorgedra word, te verstaan. Volgens Bamford (2003:1) kan visuele geletterheid gedefinieer word as die vermoë om betekenis vanuit visuele elemente soos lyn, kleur, vorm, tekstuur, ruimte, komposisie en perspektief te konstrueer. Wanneer daar na visuele geletterdheid verwys word, word daar volgens Burmark (2002:ix) onder andere na die lees en skryf van visuele tekste verwys.

Onderwysers weet in baie gevalle nie hoe illustrasies geëvalueer moet word nie. Daar word algemeen aanvaar dat, indien die illustrasies 'mooi' is, is dit goed en dra dit tot die verhaal by, maar dit is nie altyd die geval nie. Soos in die geval van narratiewe elemente en die wyse waarop dit die evaluering van boeke beïnvloed, is daar ook individuele evalueringselemente vir illustrasies. Tydens evaluering moet daar gekyk word na die visuele elemente wat lyn, kleur, vorm, tekstuur, spasie, komposisie, perspektief, medium en styl insluit. Om prenteboeke of illustrasies te evalueer, kan onderwysers die vrae in Tabel 4.7 in ag neem.

Tabel 4.6: Evaluering van illustrasies

	Illustrasies
1.	Hoe dra lyn by tot die illustrasie en gee dit betekenis aan die illustrasies?
2.	Hoe dra kleur by tot die illustrasie en gee dit betekenis aan die illustrasies?
3.	Hoe dra vorm by tot die illustrasie en gee dit betekenis aan die illustrasies?
4.	Hoe dra tekstuur by tot die illustrasie en gee dit betekenis aan die illustrasies?
5.	Hoe dra ruimte by tot die illustrasie en gee dit betekenis aan die illustrasies?
6.	Hoe dra komposisie by tot die illustrasie en gee dit betekenis aan die illustrasies?
7.	Hoe dra perspektief by tot die illustrasie en gee dit betekenis aan die illustrasies?
8.	Hoe dra medium by tot die illustrasie en gee dit betekenis aan die illustrasies?

9.	Hoe dra styl by tot die illustrasie en gee dit betekenis aan die illustrasies?

Tabel 4.7 is saamgestel aan die hand van Evans (2008:6), Norton en Norton (2011:115) en Saylor (2000:37).

4.6.2 Visuele elemente

Die term "visuele elemente" verwys na lyn, kleur, vorm, massa, lig, ruimte, tekstuur, perspektief, komposisie en beweging wat gebruik word by die vorming van 'n illustrasie. Wanneer daar na illustrasies in 'n boek verwys word, fokus dit op die visuele grammatika wat lyn, kleur, vorm, tekstuur, ruimte, komposisie en perspektief insluit (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:115). Vir die doel van hierdie studie word die visuele elemente kortliks in die paragrawe hieronder bespreek.

4.6.2.1 Lyn

Volgens Herring (1997:40) is lyn van uiterste belang by enige illustrasie omdat dit juis lyn is wat aan 'n illustrasie sy voorkoms gee. Lyne kan lig of donker wees, dik of dun, veeragtig of ongelyk, reguit of krom. Lyn is die mees basiese element van enige illustrasie. Wanneer lyn in prenteboeke gebruik word, kan dit vir verskillende doelwitte gebruik word. Lyn kan voorwerpe definieer maar kan ook beweging voorstel, soos as 'n haas spring, kan kort strepies getrek word om die beweging voor te stel. Lyn kan verder aangewend word om afstand aan te dui of om 'n sekere gevoel in die illustrasie oor te dra (Chen, 2009).

Wanneer 'n illustreerder gebruik maak van golwende lyne sal dit 'n gevoel van warmte en sekuriteit aan die leser oordra terwyl diagonale of sigsaglyne aksie, opgewondenheid of vinnige beweging moet uitbeeld. Horisontale lyne daarenteen stel kalmte, slaap en stabiliteit voor. Leerders sal in baie gevalle horisontale lyne gebruik om grond voor te stel.

Vertikale lyne dui hoogte of 'n afstand aan, maar afgesien daarvan dat lyne soos bo uiteengesit, sekere gevoelens by die leser kan bewerkstellig, kan ondervinding wat die leerder uit sy/haar eie lewe na die storie toe bring sekere gedagtes oproep. Vertikale lyne kan byvoorbeeld soos bome lyk wat in 'n windlose landskap staan of soos mense wat in 'n ry staan, wat dan by die leerder wat die boek lees, 'n idee van geen beweging nie kan skep (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:116). Lyn speel duidelik 'n baie belangrike rol by die maak van illustrasies en onderwysers moet daarvan kennis dra.

4.6.2.2 Kleur

Volgens Janson en Janson (1999:19) speel kleur 'n belangrike rol by die maak van illustrasies vir KJL. Dit is die algemeenste manier waarop kunstenaars emosies en gemoedstemming uitbeeld. Janson en Janson (1999:19) stel dit soos volg:

> *The role of colour in art rests primarily on its sensuous and emotive appeal, in contrast to the more cerebral quality generally associated with line.*

Kleur kan verskillende skakerings van 'n bepaalde kleur wees. Ligte kleure speel 'n rol en die versadiging van die bepaalde kleur wat gebruik word, bepaal hoe intens of dof die kleur is. Aan elke kleur word bepaalde emosies gekoppel. Illustrasies kan ook in kontras met mekaar gebruik word om sodoende spanning in die verhaal te komplementeer en oor te dra.

Rooi en geel is warm kleure wat warmte, geluk of opgewondenheid by die leser kan laat ontstaan. Rooi kan egter ook op gevaar dui, en geel, op lafhartigheid en bangheid. Blou en groen word as koel of koue kleure geklassifiseer, en stel kalmte, gemoedsrus of hernuwing voor. Blou kan ook in sommige gevalle verwys na depressiwiteit, en groen na jaloesie en siekte. Pers kan dui op koninklikheid of misterie. Swart en wit word gewoonlik met sleg en goed geassosieer. Foto's, potloodsketse en illustrasies wat met ink geteken word, word al hoe meer in illustrasies gebruik en leerders geniet dit net soveel as kleur. Die gebruik van wit en swart gee illustrasies wat skoon vertoon (Chen, 2009). Burmark (2002:39) sit die effek wat kleure by die leser kan uitlok, soos volg uiteen (sien Tabel 4.8).

Tabel 4.7: Kleur en die emosies wat dit ontlok

Kleur	Betekenis	Word geassosieer met
Rooi	Gevaar, hitte	Bloed, vuur
Geel	Warmte	Die son
Groen	Lewe, jeug	Jong blare
Blou	Koel	Water
Bruin	Oud, aarde, grond	Uitgedroogte graslande
Vaal kleure	Afstand	Atmosferiese waas

Volgens Burmark (2002:39) kan kleur ook in verskillende kulture verskillende betekenisse hê. Kleur is dus kultuurgebonde. Onderwysers in Suid-Afrika moet veral hiervan kennis dra omdat die leerders in hulle klasse uit verskillende kulture kom. Burmark (2002:39) stel die vernaamste kultuurverskille wat in kleur voorkom, soos volg voor (sien Tabel 4.9).

Tabel 4.8: Kleur en die betekenis daarvan in verskillende kulture

Kleur	Die kulturele betekenis
Wit	In die Westerse en Europese kulture beteken wit suiwerheid en deugsaamheid. In die Japannese, Chinese en Koreaanse kulture verwys wit egter na die dood en droefheid.
Rooi	Rooi beteken in die Westerse, Europese en Japannese kulture gevaar. In die Chinese kultuur verwys dit weer na geluk en feestelikheid. In Viëtnam is trourokke in baie gevalle rooi.
Geel	Geel verwys in die Westerse kulture na lafhartigheid, maar in China is dit eens gereserveer vir die keiser; dit is geag as die kleur van koninklikes.

Wanneer die kleur in 'n illustrasie geëvalueer word, moet taal die kleur van die gemoed, karakters, omgewing, tema en emosies in die boek oordra en komplementeer en aansluit by die teks wat in die boek gebruik word (Norton & Norton, 2011:117). Kleur is essensieël in illustrasies, selfs wanneer daar slegs van swart en wit gebruik gemaak word, en moet met versigtigheid gebruik word en te alle tye tot die storie en tema bydra. Onderwysers moet kennis dra van die effek wat kleur op jong lesers kan hê. Alhoewel kleur subtiel tot die verhaal bydra, kan dit by sommige leerders 'n baie groot rol speel. Indien onderwysers genoegsame kennis het oor die effek wat die gebruik van kleur in die storie kan hê, kan hulle meer gepaste boeke vir die klaskamer en individuele leerder voorstel.

4.6.2.3 Vorm

Wanneer lyne of verskillende kleure met mekaar in aanraking kom, lei dit tot die ontstaan van vorms. Organiese vorms, onreëlmatige vorms en ronde vorms kom natuurlik voor wanneer illustrasies geteken word. Geometriese vorms wat presies, rigied en reghoekig is, word dikwels meganies geteken (Norton & Norton, 2011:119). Vorms word geëvalueer ten opsigte van moeilikheidsgraad, rigiditeit en grootte van die bepaalde vorm.

Vorms het ook betekenis. Reghoekige vorms kan ondersteuning, sekuriteit en stabiliteit voorstel, terwyl ronde vorms of figure sonder definitiewe vorm op wisselende emosies kan dui, soos verontrusting en verwarring. Vorms ontwikkel ook leerders se verbeelding, soos wanneer 'n mens na die wolke te kyk en karakters daarin sien. Hoe groter die voorwerp in die illustrasie, hoe groter is die rol wat dit in die storie vervul. Dit is egter belangrik dat leerders aangemoedig word om nie net die groter vorms raak te sien nie, maar ook die kleiner detail, omdat dit soms belangrike inligting bevat vir die ontginning van 'n dieper betekenis (Chen, 2009).

Onderwysers moet aan leerders die geleentheid gee om hulle eie kreatiwiteit en verbeelding in die lees van vorms te gebruik. Selfs al sou dit nie moontlik wees om boeke vir die leerders te gee nie, neem die leerders buitentoe wanneer daar wolke in die lug is en laat hulle stories daaroor vertel. Onderwysers moet oplet na die vorms wat in 'n illustrasie uitgebeeld word omdat dit die basis is van enige illustrasie wat geskep word.

4.6.2.4 Tekstuur

Die gevoel wat leerders kry deur aan 'n bladsy te raak en iets te voel, verwys na die tekstuur van die illustrasie. Kleiner leerders hou daarvan om aan goed te vat as hulle die eerste keer daarmee in aanraking kom. Leerders kan in seker illustrasies aan rowwe teksture soos boombas, sagte vel, sagte vere, skerp dorings en verskeie ander teksture raak. Deurdat leerders aan die teksture kan raak, kan hulle hulle voorstel hoe soortgelyke items sal voel (Norton & Norton, 2011:120). Tekstuur gee aan 'n plat papier die karaktereienskappe van 'n driedimensionele area (Chen, 2009).

Tekstuur gee realiteit aan 'n prentjie, maar wanneer minder realistiese style gebruik word, kan tekstuur gebruik word om die visuele ondervinding van die leser uit te brei en die leser se verbeelding te verryk. Tekstuur kan verkry word deur die bepaalde medium wat die illustreerder gebruik soos verskillende lae papier, verskillende kwasstroke, potloodmerke en verskeie ander (Chen, 2009).

Onderwysers kan tekstuur gebruik om aspekte waarmee leerders nie gewoonlik in aanraking kom nie bekend te stel en sodoende die leerders se verwysingsraamwerk te verbreed. Dit hoef nie noodwendig in 'n boek te wees nie, maar bring iets van die huis af wat vir leerders die gevoel kan gee van byvoorbeeld hoe 'n eendjie se vere voel.

4.6.2.5 Ruimte

Die ruimte wat gebruik of nie gebruik word nie op 'n bladsy is wat werklik aandag trek na voorwerpe op die papier. Wanneer daar min oop ruimtes op die papier is, kan dit aan die leser 'n gevoel van kloustrofobie of

ongemak gee of dit kan bydra tot 'n gevoel van verwarring en chaos. Dit is egter belangrik om te bepaal wat bedoel word met oop ruimtes. Indien die bladsy blou as agtergrondkleur het, maar heelwat oop gedeeltes waar daar nie tekeninge is nie en die blou agtergrond skyn deur beteken dit dat daar baie oop ruimtes is. Wanneer 'n mens omtrent glad nie die blou agtergrond kan sien nie, omdat daar oral vorms op die bladsy is, is daar min of geen oop ruimtes nie (Chen, 2009). Indien daar heelwat oop ruimtes is, gee dit die leser 'n gevoel van kalmte, maar dit kan ook op leegheid, alleenheid en isolasie dui. Daarom is dit belangrik dat die illustreerder en die onderwyser wat boeke met leerders deel, bedag sal wees op die gevoelens wat illustrasies by leerders kan veroorsaak.

4.6.2.6 Komposisie

Die komposisie van die illustrasie verwys na die organisasie van die visuele elemente in die illustrasie. Die illustreerder besluit oor die proporsie, die balans en die harmonie tussen die verskillende elemente (Chen, 2009).

Die komposisie van die illustrasie is belangrik om die gehalte van die narratief en die emosies wat in die storie ontstaan, oor te dra. Illustreerders kan met hulle komposisie aandag op bepaalde karakters of gedagtes fokus en verder agtergrondinligting aan die leser gee. Die illustreerder en die skrywer moet die boek in vennootskap met mekaar skep sodat die illustreerder die nodige aandag kan skenk aan die aspekte wat die skrywer veronderstel het.

Dit is belangrik dat illustreerders die organisasie van vorms en voorwerpe in ag neem wanneer hulle die illustrasies saamstel. Wanner groot voorwerpe saamgegroepeer word kan dit stabiliteit, beperking of selfs ongemak voorstel. Wanneer ligte, delikate vorms los gegroepeer word, stel dit beweging en vryheid voor.

4.6.2.7 Perspektief

Perspektief verwys na die punt vanwaar die voorwerp gesien word. Dit is die hoek waaruit die illustrasie beskou word (Chen, 2009). Hoe nader die leser aan die aksie is, hoe groter sal die bepaalde illustrasie wees. Hoe verder 'n persoon van die voorwerp af is, hoe kleiner sal die illustrasie wees. Indien die skrywer en die illustreerder dus die leerder by die storie wil betrek, moet die leerder se perspektief in ag geneem word, wat sal beteken dat voorwerpe groter geteken word.

Die illustreerder kan deur die perspektief wat gegee word, die leser op 'n spesifieke manier oor dinge laat nadink soos byvoorbeeld deur die perspektief van 'n wurm of 'n jong leerder, of die oogpunt van 'n voël te gebruik, of selfs die illustrasie vanuit 'n onwerklike perspektief te maak. Die meeste prenteboeke gee aan die leser 'n gemiddelde perspektief, waar die leser 'n paar prente van naby kan ondersoek en dan 'n paar prente wat vanuit 'n panoramiese perspektief geteken is. Volgens Chen (2009) het 'n prenteboek gewoonlik 'n beperkte aantal illustrasies en die illustreerder moet 'n goeie balans handhaaf om aan die jong leser die beste moontlike perspektief oor die gebeure te bied.

Dit is belangrik dat onderwysers perspektief verstaan sodat hulle die illustrasies en die bydrae wat die illustrasies tot 'n dieper betekennis maak, kan evalueer.

4.6.2.8 Medium

Die medium in illustrasie verwys na die materiaal en tegniese aspekte waarvan die illustreerder gebruik maak om sy/haar illustrasie te skep (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:121). Die mediums wat die meeste en/of grootste impak op KJL het, word hieronder kortliks beskryf.

a) Skilderkunstegnieke

   In die eerste plek kan daar gebruik gemaak word van tekeninge soos pen en ink, inkleurpotlode, houtskool en kryte. Verf aan die ander kant kan gedoen word met waterkleure soos die Peter Rabbit-reeks. So ook kan illustreerders gebruik maak van gouache, tempera (wat skoon, helder kleure gee), olieverf, akriel en pastel.

b) Grafiese tegnieke

   Grafiese tegnieke sluit onder meer houtblokke, houtsneewerk, linosnee en steendrukwerk in. Grafiese tegnieke is een van die oudste maniere waarop illustrasies aan leerders verskaf is en word in 'n mindere mate vandag nog gebruik.

c) Komposisietegnieke

   Komposisietegnieke sluit onder meer montage en collage (plakskildery) in. Dit kan soms 'n indruk van verwarring skep, maar kan aan die leerders die genot gee om verskillende voorwerpe in die illustrasie te soek.

Die verskillende tegnieke kan in kombinasie gebruik word of afsonderlik – dit sal afhang van die boodskap wat deur die illustrasie oorgedra word en hoe die illustrasie die storie, karakterisering, tema en ander narratiewe elemente moet uitbou.

4.6.2.9 Styl

Alhoewel daar verskillende kunsstyle in KJL aangetref kan word, is dit min dat 'n illustreerder illustrasies net in een styl sal teken. 'n Illustreerder sal eerder verskillende fasette van style met mekaar kombineer om sy/haar persoonlike uitbeelding van die wêreld te skep. Styl is die persoonlike tekenstyl van 'n bepaalde illustreerder, die maniere waarop hy/sy lyn, kleur, vorm en tekstuur gebruik om 'n illustrasie te skep (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:129).

Verskeie illustrasiestyle kan uitgeken word. In hierdie studie word ses belangrike illustrasiestyle kortliks bespreek. Die style wat bespreek sal word, is realisme, impressionisme, strokiesprent-kuns, surrealisme, ekspressionisme en tradisionele volkskuns.

Realisme of weergewende kuns probeer om die wêreld so na as moontlik aan die werklikheid uit te beeld en hierdie kunstenaars poog dus om hulle illustrasies so na as moontlik aan die werklikheid te skep. Hulle probeer omtrent 'n foto skep van die werklikheid. Shaun Tan se *The Arrival* is potloodsketse wat baie naby aan die werklikheid is. Dit trek die leser aan, omdat dit vir die leser voel asof dit die werklikheid is. Realisme word veral gebruik om realistiese stories met ernstige inhoud en temas te illustreer omdat dit aan leerders die erns van die saak voorhou (Chen, 2009; Russell, 2012:226).

Impressionistiese kuns gee aan voorwerpe 'n natuurlike voorkoms deurdat vlugtige visuele indrukke met behulp van lig geskep word. Kleure is die belangrikste aspek van hierdie soort styl. Dit word dikwels deur spatsels en kolle voorgestel eerder as egalige kwasstroke. Impressionisme is oorwegend in die negentiende

eeu in Frankryk ontwikkel met Monet en Cézanne as die impressionistiese kunstenaars wat die grootste invloed gehad het. Hierdie kunstenaars wou emosies in skilderye en illustrasies oordra. Wanneer illustreerders gebruik maak van 'n impressionistiese styl, skep dit 'n droomryke wêreld wat by die leser 'n stil en nadenkende gevoel laat (Chen, 2009; Russell, 2012:229).

Strokiesprentkuns word gekenmerk deur oordrewe eienskappe wat die emosie en beweging van die karakters en voorwerpe moet voorstel. Die illustrasies is eenvoudig van aard en voor die hand liggend; daar is nie versteekte betekenis in die illustrasies nie. Strokiesprente word baiekeer gekies om humoristiese stories of stories oor onbelangrike onderwerpe te illustreer (Chen, 2009; Russell, 2012:227).

Surrealistiese illustrasies is gewoonlik illustrasies wat onversoenbare droom- of fantasiebeelde skep. Dit skep onnatuurlike aangrensing en bisarre, onverenigbare beelde. Surrealisme is 'n intellektuele reaksie op 'n onderwerp. Surrealiste laat 'n leser nadink oor die illustrasie eerder as om emosie by die leser te wek. Die illustrasie dwing die leser tot nadenke. Die bekendste surrealis was Dalí (Chen, 2009; Russell, 2012:230).


Ekspressionistiese kuns probeer om innerlike gevoel en visie oor te dra deur 'n verwronge eksterne realiteit. Ekspressionisme beïnvloed KJL veral deur verwronge vorms en die gebruik van skerp kleure en lyne. Die tradisionele gebruik van lyne, kleur, vorms en so meer is agtergelaat en nuwe hoogtes is bereik. Daar is geëksperimenteer met die visuele elemente en verwronge kunsbeelde is geskep. Ekspressionisme wil by die leser emosies wek en kan gebruik word om ernstige en humoristiese stories te illustreer (Chen, 2009; Russell, 2012:228).

Tradisionele volkskuns is kuns wat met 'n spesifieke kultuur of sosiale groep geassosieer word en die illustrasies sal gewoonlik die tydperk waarin die verhaal afspeel, uitbeeld. Hierdie soort illustrasies is gewoonlik baie dekoratief en word meestal gebruik by volksverhale (Chen, 2009; Russell, 2012:229).

Alhoewel die styl waarin die illustrasie gedoen is, nie noodwendig algemene kennis is vir onderwysers nie, is dit tog van waarde. Onderwysers kan leerders betrek by die illustrasies en só hulle verbeelding vrye teuels gee. Onderwysers moet kennis dra van die toonaangewende illustreerders van Afrikaanse boeke omdat dit aan onderwyser 'n groter verwysingsraamwerk van KJL gee en ook die geleentheid bied om die waarde van die kuns raak te sien en so leerders by boeke te betrek. Illustreerders van wie onderwysers moet weet, is Piet Grobler, Cora Coetzee, Alida Bothma, Maja Sereda en Dale Blankenaar (sien Figure 4.4 en 4.5).




Figuur 4.4: Voorbeelde van illustrasies deur Piet Grobler en Cora Coetzee in kinder- en jeugboeke



Figuur 4.5: Voorbeelde van illustrasies deur Alida Bothma en Maja Sereda in kinder- en jeugboeke

Die elemente van visuele geletterdheid hier bespreek (lyn, kleur, vorm, tekstuur, ruimte, komposisie, perspektief, medium en styl) kan soos volg voorgestel word (sien Figuur 4.6).



Figuur 4.6: Elemente van visuele geletterdheid

4.7 Samevatting

Die beste wyse om onderwysers bewus te maak van kinder- en jeugliteratuur is om aan hulle te bewys dat KJL 'n essensiële nut en waarde het vir leerders. KJL gee aan leerders 'n kulturele erfenis, dit ontwikkel leerders se taalvermoë en kognitiewe vermoëns en dra by tot leerders se persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling. Verder laat dit leerders toe om kreatief en krities te dink. Hierdie aspekte staan sentraal tot die onderrig van leerders en daarom kan die gebruik van KJL nie onderskat word nie. Daar is bepaalde faktore wat 'n rol kan speel wanneer KJL in die klaskamer gebruik word of by leerders aanbeveel word. Dit sluit onder meer die toegang tot boeke en die leesbaarheid van boeke in. Die toegang tot boeke kan veral deur die gebruik van biblioteke opgelos word of deur onderwysers wat moeite doen om leerders aan boeke bloot te stel.

Die leesbaarheid van KJL hou nou verband met die evaluering van boeke, en daarvoor moet daar duidelike riglyne neergelê word sodat alle onderwysers boeke op dieselfde wyse evalueer. Om aan onderwysers rigting te gee, is die belangrikste elemente waarvolgens KJL geëvalueer kan word, in hierdie hoofstuk bespreek. In die eerste plek is daar gekyk na die narratiewe elemente, in besonder na die gebeure, karakterisering, ruimte, tyd, verteller, fokalisator en die wyse waarop hierdie elemente onderrig kan en moet word. Afgesien van die narratiewe elemente kan daar ook gekyk word na illustrasies, in die besonder na hoe die visuele elemente soos lyn, kleur, vorm, tekstuur, ruimte, komposisie, perspektief, medium en styl 'n rol kan speel. Indien onderwysers hierdie aspekte goed verstaan, kan hulle KJL met gemak evalueer, gebruik en by leerders aanbeveel.

Al die aspekte wat in die hoofstuk aangeraak is vir die seleksie en evaluering van KJL, moet by 'n professioneleontwikkelingsprogram ingesluit word omdat dit onderwysers kan bystaan wanneer hulle boeke vir die klaskamer moet kies en wanneer hulle boeke moet evalueer.

KJL behels veel meer as net die keuse en evaluering van boeke. Die genre waarvolgens KJL-boeke geklassifiseer word, kan 'n beduidende rol speel ten opsigte van die gebruik van KJL in die klaskamer. Daarom is dit belangrik dat onderwysers goeie kennis het van KJL-genres en subgenres. KJL-genres en subgenres word in die volgende hoofstuk bespreek.

HOOFSTUK 5: KINDER- EN JEUGLITERATUUR AS GENRE[1]


5.1 Inleiding

Kinder- en jeugliteratuur (KJL) kan fiksie of niefiksie wees wat vir leerders en leerders van die ouderdom 0 tot 16 jaar groot genot verskaf. Fiksie word gekenmerk deur genres soos prenteboeke, sprokies en fantasieverhale, terwyl niefiksie bestaan uit biografieë, outobiografieë en sommige poësie. Kinder- en jeugliteratuur word in hierdie studie gedefinieer as alle fiksie, niefiksie en poësie wat spesifiek vir leerders en die jeug geskryf is. Fiksie, niefiksie en ouderdom is egter nie die enigste veranderlikes betrokke by die klassifikasie van boeke as kinder- en jeugliteratuur as genre nie. Binne die genre kinder- en jeugliteratuur is daar sub-genres waarvolgens boeke geklassifiseer kan word. In hierdie konteks verwys “genre” na ŉ literatuurkategorie wat gedefinieer kan word aan die hand van die karaktereienskappe, patrone of strukture wat die boeke met mekaar deel (Rodermond *et al*., 2009).

Elke genre het universele elemente ten opsigte van inhoud. Alhoewel boeke tot ŉ sekere genre behoort, kan hulle karaktereienskappe, patrone of strukture ten opsigte van die gebeure, toon, stemming, omgewing, karakter en temas met ander genres deel. Die term “genre” is aan Frans ontleen en beteken tipe of soort. Die studie van genre is op drie verskillende maniere waardevol. In die eerste plek gee groepering aan ŉ leser ŉ sisteem om ŉ groot hoeveelheid KJL te organiseer. Tweedens, indien lesers genres kan uitken, kan dit die leser in staat stel om tekste volgens struktuur en onderwerp te klassifiseer. Laastens, kennis aangaande die genre kan aan die leser ŉ dieper waardering vir ŉ individuele teks gee deur aan die leser die geleentheid te bied om die teks met ander tekste in die genre te vergelyk en selfs met tekste wat onder ŉ ander genre geklassifiseer word (BreitLinks, 2005; Chen, 2009).

Vir die doel van hierdie studie is daar grotendeels op fiksie gefokus. Niefiksie word slegs bespreek waar dit pertinent in die KABV genoem word. Vir die doel van die studie was dit belangrik om aan te dui watter KJL geskik is vir die grondslag- en intermediêre fase (sien Figuur 5.1). Daar word slegs aanbevelings gemaak op grond vandie ouderdom, belangstellings en kognitiewe vermoë van leerders in die onderskeie fases.

[1] Alhoewel hierdie hoofstuk taamlik lank is, is die inligting vervat in die hoofstuk belangrik en kan dit daarom nie verkort word nie. Die inligting is belangrik omdat dit aandui oor watter inligting onderwysers moet beskik.



Figuur 5.1: Indeling van kinder- en jeugliteratuur genres volgens fiksie en niefiksie

In hierdie hoofstuk word die verskillende genres van kinder- en jeugliteratuur bespreek word, die kenmerke van die spesifieke genre, die wyse waarop die narratiewe elemente in die genre uitgebeeld word en die wyse waarop die betrokke genre by die onderrig van Afrikaans gebruik kan word.

5.2 Prenteboeke

Volgens Swartz (2009:4) praat prenteboeke met elke leerder, en met die leerder in elke volwassene. In prenteboeke is daar 'n uitruilverhouding tussen die woorde, illustrasies, storie, tema en formaat wat die leser tot 'n dieper betekenis lei. Die boeke wat onder die genre prenteboeke ingesluit word, het verskeie waardes waarvan genot maar net een is. Kinderrympies wat in prenteboeke herhaal word, verbeter leerders se taalontwikkeling, ouditiewe vermoë en aandagspan. Prenteboeke waarin die alfabet aan bod kom, gee aan leerders die geleentheid om letters op 'n maklike en prettige wyse te leer ken en dra daartoe by dat leerders se woordeskat uitgebou word. Konseptuele boeke dra by tot die intellektuele ontwikkeling van die leerder en help hom/haar om abstrakte idees te begryp. Wanneer prenteboeke sonder woorde aan leerders gegee word, sal dit hulle aanmoedig om te observeer, te beskryf en om 'n storie in volgorde te plaas. Illustrasies in prenteboeke stimuleer sensitiwiteit teenoor kuns en die skep van kuns. 'n Goeie prenteboek sal leerders aanmoedig om die verskillende stylsoorte van KJL te kan herken en dit speel 'n essensiële rol by kinderontwikkeling (Norton & Norton, 2011:158). Prenteboeke is veral van waarde wanneer volwassenes vir leerders voorlees en later as leerders self kan lees omdat dit die leerder se taalontwikkeling bevorder en omdat dit die leerder laat ondersoek.

5.2.1 Prenteboeke gedefinieer

Die term "prenteboeke" beskryf 'n wye verskeidenheid boeke soos speelgoedboeke vir baie jong kinders tot meer gevorderde boeke vir ouer kinders. Die meeste KJL is geïllustreer, maar nie alle boeke waarin daar illustrasies is, kan as prenteboeke beskou word nie (Chen, 2009). Volgens Nikolajeva en Scott (2000:226) moet daar onderskei word tussen geïllustreerde boeke, waar die geskrewe teks die primêre vorm is waarin inligting aan die leser oorgedra word en boeke waarin beide die teks en die illustrasies essensieel is tot die oordra van die storie. Nikolajeva en Scott is verder van mening dat daar na geïllustreerde boeke verwys

word as “boeke met prente”, terwyl prenteboeke verwys na boeke waarin die illustrasies net so belangrik is as die geskrewe teks om betekenis en die narratief oor te dra. Prenteboeke is dus boeke wat ryklik geïllustreer is en waarin woorde en illustrasies tot die betekenis van die gegewe inligting bydra. Bader (1976:8) definieer prenteboeke soos volg:

> *A picturebook is text, illustrations, total design; an item of manufacture and a commercial product; a social, cultural, historical document; and foremost an experience for a child. As an art form it hinges on the interdependence of pictures and words, on the simultaneous display of two facing pages, and on the drama of the turning page.*

Illustrasies in prenteboeke is ŉ essensiële deel van die storie deurdat dit gebeure, inligting, karaktereienskappe, omgewing en gemoed in die geheel of gedeeltelik oordra. ŉ Prenteboek, anders as ŉ geïllustreerde boek, vorm ŉ eenheid wat nie van mekaar geskei kan word nie. ŉ Prenteboek moet in sy totaliteit gelees word; die buiteblad, teks en illustrasies is alles essensieel vir prenteboeke om ŉ verhaal met sukses oor te dra. Volgens Norton en Norton (2011:158) kan prenteboeke net so effektief wees al sou dit geen woorde bevat nie, maar die meeste goeie boeke sal ŉ balans tussen illustrasies en teks handhaaf.

5.2.2 Die waarde van prenteboeke vir onderwysers, ouers en leerders

In die geval van prenteboeke is dit belangrik dat die illustrasies en die teks wat in die prenteboek gebruik word, mekaar aanvul. Sutherland (1997:64) stel dit soos volg:

> *A story should be brief and straightforward if it is for young children; it should contain few concepts and none that are beyond comprehension if they are not familiar concepts; it should be written in a direct and simple style; and it should have illustrations that complement the text and are not in conflict with it.*

Volgens Norton (2009:159) is onderwysers, navorsers en kenners op die gebied van prenteboeke baie geïnteresseerd in hoe leerders op prenteboeke reageer en wat leerders sal motiveer om ŉ spesifieke prenteboek te lees eerder as ŉ ander een. Volgens Arizpe en Styles (2003:21) sal die meeste volwassenes nie prenteboeke met dieselfde waardering en interpretasie as leerders lees nie. Volwassenes het die gewoonte om prenteboeke analities te ondersoek, en sien nie noodwendig die waarde wat die illustrasie tot die ontginning van betekenis kan bied, raak nie. Arizpe en Styles (2003) is van mening dat kinders ŉ voorbeeld vir volwassenes kan wees om die werklike waarde van prenteboeke te ontgin.

Die eerste interaksie wat ŉ jong kind met ŉ prenteboek het, is grootliks fisies. Kinders ondersoek grootte, vorm, tekstuur en dele wat beweeg. In die babastadium sal kinders die boeke in hulle mond sit en leer om bladsye te blaai, selfs al is die boek onderstebo. Indien ŉ volwassene die kind bystaan, sal die kind die spesifieke doel van die boek leer ken en later die genot van boeke ontdek. Soos kinders ouer word sal hulle verstaan dat die prente ŉ storie vertel en algaande hulle taal ontwikkel, sal hulle die doel van teks ook verstaan. Volgens Cianciolo (1997) hou kinders meer van illustrasies wat situasies in die hier en die nou uitbeeld, illustrasies van fantasieë, humoristiese illustrasies, illustrasies wat baie kleurvol is en meer inligting oor die karakters, gebeure en ander aspekte van die verhaal gee. Cianciolo maak dit verder duidelik dat

prenteboeke nie net bloot aan kinders gegee moet word nie, maar dat volwassenes die waarde van prenteboek móét insien.

Prenteboeke se waarde lê onder meer in die akkuraatheid van die illustrasies teenoor die verhaal wat deur die teks vertel word. Dit is belangrik dat die illustrasies met die teks ooreenstem, dat die illustrasie betekenis tot die teks byvoeg of die teks ondersteun. Indien die illustrasies nie akkuraat is nie, en nie ooreenstem met dit wat in die teks gesê word nie, kan dit net as 'n bykomende faktor gesien word, wat geen doel of betekenis vir die verhaal het nie en dan word dit 'n geïllustreerde boek genoem in plaas van 'n prenteboek. Dit is belangrik dat onderwysers en ouers wat prenteboeke evalueer, daarna sal oplet of die illustrasies die narratologiese elemente uitbou en ondersteun en of dit bloot as bykomende aspek tot die narratiewe elemente staan (Johnson, 2009:104).

Dit is belangrik dat onderwyser en ouers wat prenteboeke evalueer, daarna oplet dat die illustrasies nie aanstoot gee nie. Ras en geslag moet nie gestereotipeer word nie en sodoende aanleiding gee tot diskriminering teen nie teen ras of geslag nie. Wanneer die ouer of onderwyser 'n spesifieke boek bo ander kies moet daar opgelet word of die tema aktueel is en wat die doel van die tema is. Wat wil die ouer of onderwyser daarmee aan die kind leer? Daar moet ook opgelet word of die boek aan die standaarde en styl vir die spesifieke ouderdom voldoen. Die kinders se ouderdom, kognitiewe vermoë en belangstellings moet te alle tye in ag geneem word en die teks, illustrasies, formaat en tipografie moet in harmonie wees sodat die kind die boek ten volle kan geniet soos dit bedoel is (Norton & Norton, 2011:159).

5.2.3 Soort prenteboeke

In die genre *prenteboeke* is daar ook subgenres waarvolgens boeke geklassifiseer kan word. Daar is onder meer woordlose prenteboeke, speelboeke, alfabetboeke, telboeke, konseptuele boeke en storieboeke in prente. Die doel van hierdie verskillende soorte prenteboeke is om dit vir volwassenes en kinders makliker te maak om die prenteboek te kies wat vir hulle spesifieke doel van waarde sal wees.

'n **Woordlose prenteboek** bevat meestal illustrasies maar min of geen teks nie. Die boeke maak staat op opeenvolgende illustrasies om die storie te vertel en daarom moet die illustrasies baie beskrywend wees. Alhoewel prenteboeke meestal geskep word met voorskoolse kinders (4 tot 6 jaar) in gedagte, is daar ook prenteboeke wat vir ouer kinders geskep word waarin 'n baie meer komplekse narratiewe samestelling verskyn (Chen, 2009; Lohann, 1986:16; Norton & Norton, 2011:162).

Woordlose prenteboeke word soms deur onderwysers nie as literatuur beskou nie, maar tog is dit goeie KJL omdat hierdie boeke narratiewe elemente bevat soos die gebeure, fokalisator, tema, karakter en ruimte. Juis omdat hierdie boeke ook narratiewe elemente bevat, sal dit kinders help om taalkundig te ontwikkel asook hulle vermoë om kreatief te wees en self stories te kan vertel, uitbrei. Die feit dat woordlose prenteboeke van die leser 'n reaksie vereis, speel 'n belangrike rol by die ontwikkeling van positiewe leeshoudings en gewoontes (Johnson, 2009:105).

Speelboeke is boeke soos kartonboeke, boeke van materiaal of opwip-boeke. Hierdie boeke word gewoonlik vir baie jong kinders voorgestel. Boeke wat van karton of materiaal gemaak is, is gewoonlik baie sterk en kan gewas word. Dit is juis van waarde wanneer kleiner kinders wat nog nie geleer het om met boeke te werk nie, daarmee omgaan. Die opwip-boek is 'n Victoriaanse uitvindsel en kan die kind op interaktiewe wyse deel maak van die boek (Norton & Norton, 2011:164). Met verskillende dele wat beweeg, gee dit aan die kind 'n idee van driedimensionaliteit (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:164). In speelboeke speel die teks tweede viool teenoor die illustrasies en visuele medium wat gebruik is. Dié boeke bevat gewoonlik minder bladsye, en die storie is relatief eenvoudig. Die gebeure moet egter interessant wees, en die taal word vervang deur bewegende dele en driedimensionele skeppings (Chen, 2009).

Alfabetboeke word al lank gebruik om jong kinders te help om bekende vorms, letters en klanke te herken. Kinders moet die letters maklik kan identifiseer, en dit moet nie in die illustrasies weggesteek word nie. Wanneer alfabetboeke met ouer kinders gedeel word, moet dit baie detail bevat wat dan gebruik kan word om met die kind 'n gesprek te voer en so sy/haar vermoë om letters en klanke te leer in te oefen (Norton & Norton, 2011:165). Alfabetboeke kan kinders verder help om die vorm van die letter te assosieer met die klank wat dit maak. Dit kan kinders dus help met fonetiek en spelling (Chen, 2009). Engelfried (2001:32) is van mening dat die beste alfabetboeke boeke is wat die jong leser kan verras, betrokke kan maak by die boek en nuwe inligting aan kinders kan verskaf. 'n Goeie voorbeeld van 'n alfabetboek is *Danie Dreyer se dinosouruseier en ander alfabetpret* deur Jaco Jacobs en geïllustreer deur Maja Sereda, waarvan Figuur 5.1 'n voorbeeld van die letter D aandui.



Figuur 5.2: Voorbeeld uit 'n alfabetboek

Net soos alfabetboeke is telboeke ontwerp om kinders 'n begrip van tel te leer en om kinders te help om syfers te herken. Die meeste telboeke bevat omtrent geen teks nie, maar wel syfers en voorwerpe wat getel en geïdentifiseer kan word. Om hierdie rede is die belangrikste aspek van telboeke die feit dat dié soort boeke duidelike identifiseerbare voorwerpe uitbeeld (Norton & Norton, 2011:166). Volgens Chen (2009) kan telboeke ook stories, kulturele inligting en rympies bevat saam met telbegrippe. Illustrasies word al meer deel van telboeke. Telboeke is deel van die prenteboekgenre en leerders begin al hoe meer daarvan hou as gevolg van die illustrasies (Chen, 2009).

Konseptuele boeke is boeke wat feite deur middel van illustrasies en teks aan kinders oordra. Konseptuele boeke kan feitlik oor enige onderwerp handel, soos onder meer teenoorgesteldes, klank en enige ander konseptuele aspekte. Konseptuele boeke kan gebruik word om leerders te onderrig, maar die boeke moenie vir leerders preek nie. Inligting moet duidelik en genotvol aangebied word. So ook is daar konseptuele boeke wat oor sosiale begrippe handel. Dit word in die meeste gevalle gebruik om feitelike inligting oor te dra deur van denkbeeldige karakters gebruik te maak. Konseptuele boeke is veral van waarde vir die kognitiewe ontwikkeling van leerders omdat dit moeilike begrippe deur middel van illustrasies aan leerders verduidelik (Chen, 2009; Johnson, 2009:79; Norton & Norton, 2011:168).

'n Goeie voorbeeld van 'n konseptuele boek is: *Wie, wat en waar? Diere en ruimtelike oriëntasie* deur Karin Coetzee en geïllustreer deur Maja Sereda. Nie net leer die kind die name van kleur in dié boek nie, maar ook begrippe soos langs mekaar, tussen, voor, agter, bo-oor en binne-in (sien Figuur 5.3). In dié boek is dit duidelik dat die teks en illustrasies beide 'n begrip van kleur en van ruimtelike oriëntering oordra. Verder kan leerders ook verskillende diersoorte leer ken, soos 'n apie, 'n hond, 'n hasie, 'n muis, 'n koei, 'n padda en 'n goudvis. Hierdie konseptuele prenteboek ontwikkel die leerder kognitief omdat die leerder kleur, ruimtelike oriëntering en seker diersoorte leer ken.






Figuur 5.3: Illustrasies uit die boek *Wie, wat en waar?*

Prentestorieboeke kombineer die kuns van verhalende tekste met die kuns van illustrasies. Goeie prentestorieboeke bevat komplekse verhale wat met twee uiteenlopende kunsvorms te make het. Prentstorieboeke word verder in drie soorte verdeel, naamlik, maklike leesboeke, boeke vir ouer lesers en grafiese novelles (Chen, 2009).

In die geval van maklike leesboeke is die oogmerk dat die boeke hardop gelees word, en dit word vir lesers tussen die ouderdomme vier en sewe geskryf. Hierdie boeke is ontwikkel om die beginnerleser te lei tot selfstandige lees. Die boeke bevat relatief min teks op elke bladsy en word in grootdruk gedruk. Daar word gewoonlik van dubbelspasiëring en kort sinne gebruik gemaak alhoewel dit nie ’n voorvereiste is nie. Die taal word oorwegend in hierdie boeke beheer en daar word op kort en bekende woorde gefokus (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:169).

Opwipboeke word deur Johnson (2009:80) beskryf as boeke waarin daar een of meer bladsye is wat ’n driedimensionele struktuur het wat opwip wanneer die bladsye oopgemaak word. Kinders geniet die boeke veral omdat dit beweeg en die storie sodoende vir hulle meer interaktief maak. Daar is verskeie van dié boeke op die mark soos onder meer *Brul! Hier kom Leeu* deur Fantasi (sien Figuur 5.4).

Hierdie boeke kan baie oulik gebruik word om diere aan kinders bekend te stel. Kinders kan die geluide van diere namaak, en wanneer die bladsye oopgemaak word, lyk dit of die leeu hardloop terwyl die leeu die ander diere leer ken.



Figuur 5.4: Voorblad van Brul! Hier kom Leeu!

Prentestorieboeke vir ouer lesers is gewoonlik gesofistikeerd en abstrak met komplekse temas, gebeure en illustrasies. Hierdie boeke is gewoonlik bedoel vir kinders ouer as agt jaar en is 'n reaksie op die omgewing van visuele kommunikasie wat voortdurend uitbrei (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:169).

Die grafiese novelle is 'n langer vorm van strokiesprentboeke. Hierdie boeke is gewoonlik lank en het komplekse storielyne, en fokus meestal op die meer gevorderde leser. Teks word gewoonlik deur middel van spraakborrels gegee en is baie populêr onder leerders tussen die ouderdomme 13 en 18 jaar. Lesers wat nie daarvan hou om dik boeke te lees nie, hou baie van die soort boeke omdat dit lekker lees (Chen, 2009; Johnson, 2009:81; Norton & Norton, 2011:169). Die opvatting dat prenteboeke slegs vir jonger kinders bedoel is, is nie geldig nie aangesien dié boeke deur die hele skoolkurrikulum kan gebruik word om leerders by lees te betrek.

5.2.4 Prenteboeke vir adolessente

Volgens Van der Riet (2012) is daar verskeie prenteboeke of te wel strokiesprentboeke wat vir adolessente aanbeveel kan word, maar is tot 'n mindere mate in Afrikaans beskikbaar. Seker die bekendste wat aan adolessente gebied kan word, is die *Asterix*-reeks en *Kuifie* wat in Afrikaans vertaal is, asook *Agent Snoet* vir vroeë adolessente.

Wanneer prenteboeke vir adolessente aanbeveel word, is daar sekere vereistes waaraan hierdie boeke moet voldoen. Prenteboeke vir adolessente moet moeiliker wees en daar moet verskeie storielyne wees wat aan die einde van die storie 'n eenheid vorm. Daar word ook kenmerkend meer as een tema in prenteboeke vir adolessente ingeskryf, sodat die leser uitgedaag word om die dieper betekenis in die verhaal te ontdek. Die narratologiese elemente word meer kompleks aangebied en word in 'n langer formaat as prenteboeke vir jonger kinders aangebied. Die boek is nie beperk tot 'n maksimum van 2 000 woorde nie, en kan uit reekse bestaan sodat leser die gebeure oor 'n langer tydperk kan volg (Norton & Norton, 2011:187; Van der Riet, 2012).

Daar word soms aangevoer dat strokiesprentboeke (*comics*) nie goeie literatuur vir adolessente is nie, omdat dit te eenvoudig is of omdat dit volgens kritici bloot net nie as literatuur geklassifiseer kan word nie (Van der Riet, 2012). Al word strokiesprentboeke nie deur kritici as 'goeie' literatuur beskou nie, is dit steeds literatuur en daarby literatuur wat adolessente geniet en wil lees.

5.2.5 Gebruik tydens onderrig

Prenteboeke kan 'n intrinsieke deel wees van onderrig in die klaskamer met leerders wat gestimuleer word en hulle lesse geniet. Prenteboeke gee aan leerders die geleentheid om rympies, sou dit vervat wees in die prenteboek wat gebruik word, met mekaar te deel wat hulle taalontwikkeling bevorder. Woordlose prenteboeke gee aan leerders die geleentheid om na voorwerpe te soek, hulle eie stories te vorm, kreatief te wees en verder gee dit leerders die geleentheid om hardop te lees. Cianciolo (1990:2) stel dit soos volg:

> *In these picture books the illustrations are superbly accomplished works of visual and graphic art, and the text is written in beautifully expressive language … In addition to bringing out and emphasizing the text, they convey other meanings and impressions that readers would not have envisioned from the verbal information on its own. They encourage higher-lever thinking and imaginative thinking. Readers can and do grasp their meaning and significance and can go well beyond what the illustrator and author suggested.*

Soos bespreek in hoofstuk 4, is KJL van waarde vir kognitiewe ontwikkeling by leerders. Dit ontwikkel leerders se observasievermoë en ook hulle vermoë om vergelykings te tref en om voorwerpe te organiseer. Leerders kan onder meer beskryf wat in elke illustrasie gebeur en die detail van die illustrasie bespreek. Verder kan leerders die illustrasies met mekaar vergelyk en die veranderinge in opeenvolgende illustrasies aandui en bespreek hoe dit die gebeure van die verhaal vertel (Norton & Norton, 2011:188). Leerders ontwikkel visuele geletterheid[2] en kan illustrasies interpreteer en die betekenis daarin ontgin (Gangi, 2004:70). Onderwysers kan vrae uitwerk met betrekking tot die verhaal, nie om skriftelik te beantwoord nie, maar om in die klaskamer te bespreek.


Die boek *Noag se ark* deur Gill Davies kan baie goed gebruik word in die klaskamer. Leerders kan die bou van die ark, die laai van die kos en diere, probleme wat met verloop van deur die verhaal ontwikkel en die finale nadering van land volg terwyl die onderwyser aan die einde die onderstaande vrae wat die leerders kan bespreek, vra:

1. Identifiseer al die diere wat hulle sien as die diere op die ark klim.
2. Beskryf die kleur, grootte en natuurlike habitat van die onderskeie diere.
3. Identifiseer enige humoristiese aspekte in die illustrasies.
4. Identifiseer die probleme wat Noag ondervind het en hoe hy dit opgelos het.
5. Kies een prentjie en gee 'n beskrywende opsomming van die illustrasie.

[2] Sien hoofstuk 4, Illustrasie vir 'n duidelike bespreking van visuele geletterheid.

Dit gee aan leerders die geleentheid om nie net die illustrasies en teks te evalueer vir die bydrae wat dit tot die storie maak nie, maar dit ontwikkel ook leerders se kognitiewe en taalontwikkeling.

Die onderstaande illustrasie (sien Figuur 5.4) kan in die klas opgesit word en die kinders in graad 1 kan gevra word om die diere uit te ken. Kinders kan gevra word om te onderskei tussen herbivore, karnivore en omnivore nadat die terme met die kinders bespreek is.



Figuur 5.5: Illustrasie van Noag se ark

Prenteboeke kan leerders inspireer om nie net hulle kreatiwiteit en verbeelding te gebruik nie, maar om illustrasies te gebruik om self stories te skep en dit oor te vertel. Onderwysers moet aan leerders die geleentheid gee om hierdie verhale met mekaar te deel sodat dit leerders kan help om krities oor aspekte wat in die illustrasie na vore kom, te dink. Leerders kan byvoorbeeld gevra word om die ark van binne teken en te ondersoek watter diere saam met watter ander diere gegroepeer sou moes word en hoe die leerders al hierdie diere sou versorg. Op dié wyse moet die leerder nie net probleme oplos nie, maar ook kreatief skep.

Dit is nodig dat onderwysers kennis dra van prenteboeke, die soorte prenteboeke en hoe dit by die onderrrig van Afrikaans gebruik kan word juis omdat dit onderrig kreatief kan laat plaasvind. Leerders kan op ’n gemaklike manier die alfabet, syfers en verskeie ander aspekte aanleer.

5.3 Tradisionele literatuur

’n Jong seun wat ’n boontjierank uitklim en ’n onbekende wêreld met reuse ontdek, hekse, magiese diere en koninklike prinse en prinsesse verkry in tradisionele literatuur lewe. Tradisionele literatuur is gewoonlik literatuur wat tot alle kinders se belangstelling spreek, of die kind van humoristiese verhale hou of van

magiese stories of selfs avontuur, tradisionele literatuur het iets van alles. Tradisionele literatuur word as belangrik beskou vir elke kind se kulturele erfenis. Boeke soos *Die rooi hennetjie, Die drie beertjies*, *Sneeuwitjie en die sewe dwergies* en *Hansie en Grietjie* kan 'n intrinsieke deel van elke kind se grootwordjare wees. Nie net verskaf hierdie verhale genot aan kinders nie, maar kan ook belangrike lewenslesse bevat wat kinders se lewensuitkyk kan beïnvloed (Norton & Norton, 2011:205; Steenberg, 1987:23). Hierdie soort literatuur gee verder soms geskiedkundige gegewens weer omdat hulle fundamentele menslike waarhede waarvolgens mense eeue gelede geleef het, bevat. Wanneer hulle bekend is met karakters en situasies uit die tradisionele literatuur, leer kinders hulle eie kulturele erfenis ken (Chen, 2009; Johnson, 2009:124).

Tradisionele literatuur, ongeag waar dit vandaan kom, bevredig bepaalde behoeftes by kinders, soos onder meer die behoefte om die magiese van die natuurlike wêreld te beantwoord; die behoefte om vrese en drome te artikuleer; die behoefte om orde te skep in 'n onordelike, chaotiese lewe; en laastens om die self en ander te vermaak (Chen, 2009). Die beknoptheid, dadelike aksie, maklik verstaanbare karakters, herhalende kenmerke, denkbeeldige elemente en gelukkige eindes is veral vir kinders tussen die ouderdomme drie tot agt vermaaklik. Tradisionele literatuur kan verder by kinders 'n begrip van morele waardes gee. Dit help kinders om die goeie en slegte in die wêreld te identifiseer en daarop te reageer (Chen, 2009). Volgens Johnson (2009:125) voldoen tradisionele literatuur aan die onderstaande menslike behoeftes:

- die behoefte om die natuurlike wêreld te verduidelik in die afwesigheid van wetenskaplike verklarings;
- die behoefte om ons eie vrese en drome te artikuleer en die drome moontlik te maak;
- die behoefte om orde te skep uit iets wat lyk of dit nie in orde is nie; en
- die behoefte om die self en ander te vermaak.

5.3.1 Soorte tradisionele literatuur

Tradisionele literatuur sluit onder meer volksverhale, fabels, mites en legendes in. In Suid-Afrika word volksverhale van een geslag na 'n ander oorgedra deur stories wat vertel word, veral om die kampvuur. Dit is eers onlangs dat die verhale opgeteken en uitgegee is, soos onder meer *Om die Nguni-vure* deur Myra Scheepers, en "Die betowerde pappot", 'n verhaal wat in die boek *Sprokies en ander gunstelingstories* deur Wendy Maartens verskyn. Die outeur van tradisionele literatuur is gewoonlik onbekend en kan nie nagespoor word nie (Johnson, 2009:125; Norton & Norton, 2011:205). Tradisionele verhale word gewoonlik oorvertel soos die skrywer of persoon dit gehoor het en daarom bestaan daar soms verskillende weergawes.


5.3.1.1 Volksverhale/Sprokies

Volgens Bascom (1965:4) is sprokies narratiewe wat as fiksie geklassifiseer kan word. Dit kan nie as geskiedkundig akkuraat beskou word nie, dit kon gebeur het of nie en word nie as ernstig opgeneem nie. Omdat sprokies gewoonlik in enige tyd of op enige plek kan afspeel, kan die verhale as tydloos en plekloos beskou word en vertel dit gewoonlik van die avonture van diere of mense. Sprokies bevat gewoonlik magiese motiewe soos magiese opponente (mensvreters, hekse en reuse), magiese helpers (toorkuns, wonders en 'n soektog) en algemene temas soos die beloning vir iets goeds en die straf vir boosheid (Johnson, 2009:124; Norton & Norton, 2011:206).

Sprokies is volgens Chen (2009) stories wat uit die lewe en verbeelding van mense of 'n spesifieke volk kom, en is een van kinders se gunstelingverhale. Sprokies is onwerklik maar nie noodwendig onwaar nie en reflekteer die essensiële ontwikkeling van die mens se bestaan.

In die onderafdelings hierna word die belangrikste soorte sprokies en die eienskappe daarvan bespreek word (Johnson, 2009:134; Norton & Norton, 2011:206; Russell, 2012). Dieresprokies is sekerlik die oudste soort sprokies. Hulle is gedeeltelik mite, gedeeltelik fabel en gedeeltelik sprokie. Hulle speel 'n groot rol in vroeë stories en legendes. Diere wat praat, kom in baie Europese sprokies, soos onder meer *Die drie varkies* en *Rooikappie* voor (Russell, 2012).

Wonderverhale is sekerlik die bekendste soort sprokie. Dit is sprokies wat magiese wonders en die konflik tussen die goeie en die bose uitbeeld. Die meeste van dié verhale sluit 'n triomfantlike oorwinning oor die bose in en het 'n gelukkige einde wat in baie gevalle 'n huwelik insluit. Die magiese wonder wat in die verhaal uitgebeeld word, word gewoonlik deur 'n persoon met towerkrag, soos byvoorbeeld 'n towerfee of 'n bose heks, uitgebeeld. Buiten vir die magiese persoon sal daar ook magiese voorwerpe wees, soos die magiese boontjierank, 'n towerspieël, 'n towerlamp of selfs 'n fassinerende gebeurtenis soos om vir 'n lang tyd te slaap en eers wakker te word wanneer jou groot liefde jou soen. Voorbeelde van hierdie boeke is welbekend en sluit onder meer *Aspoestertjie, Sneeuwitjie en die sewe dwergies, Slapende Skoonheid* en *Jan en die boontjierank* en *Doringrosie* in (Chen, 2009; Russell, 2012) (sien Figuur 5.6).



Doringrosie

Eendag was daar 'n koning en koningin wat baie hartseer was omdat hulle nie kinders gehad het nie. Baie jare later het hul wens waar geword en is 'n pragtige dogtertjie gebore.

"Ons moet 'n groot dooppartytjie hou en almal nooi," sê die koningin bly.

'n Paar dae later is almal in die kasteel bymekaar om fees te vier. Ook die twaalf feë, wat elkeen 'n spesiale towerwens vir die klein prinsessie kom gee het.

"Jy sal baie slim wees," sê die eerste fee.

"En pragtig," sê die tweede.

"Jy sal mooi kan dans," sê die derde.

"En altyd gesond wees," sê die vierde.

Só gee die feë elkeen hul towerwens vir die slapende prinsessie. Skielik gaan die deure oop en 'n nare fee, wat nie na die fees genooi is nie, kom ingestap.

"Die spoel van 'n spinwiel sal jou vinger steek. En jy sal doodgaan!" skreeu die nare fee.

Gelukkig het die twaalfde fee nog nie haar wens gegee nie. "Jy sal nie doodgaan nie, liewe Prinsessie," sê sy. "Jy sal honderd jaar slaap en 'n prins sal jou wakker maak."

Toe die doop verby is, het die koning 'n wet laat maak dat alle spinwiele in die land verbrand moet word.

Baie jare later stap die prinses in die paleis rond. Heel bo in een van die paleis se torings maak sy 'n deur oop. Daar sit 'n ou vroutjie en spin.

"Wat is dit?" vra die prinses, wat nog nooit 'n spinwiel gesien het nie.

"Dit is 'n spinwiel," verduidelik die ou vroutjie.

Die prinses steek haar hand uit en raak aan die spoel. Toe steek die skerp naald haar. Nét soos die nare fee voorspel het. Die prinses is skaars terug in haar kamer of sy raak aan die slaap.

Ook die koning en koningin, die soldate en bediendes, raak aan die slaap. Selfs die kok wat besig is om sop te kook en die tuinier wat blomme pluk, begin snork. Die perde in die stalle, die duiwe op die dak en die hond voor die deur raak ook aan die slaap.

'n Rankroos met skerp dorings begin oor alles groei. Later is die heining só dig dat niemand meer kan sien wat daaragter is nie.

Dis nie lank nie of die mense wat daar naby woon, vergeet heeltemal van die kasteel. So gaan honderd jaar verby.

Op 'n dag kom 'n koning se seun daar verby. "Wat is agter die digte heining?" vra hy 'n ou vroutjie wat besig is om paddastoele te pluk.

"Hulle sê daar lê 'n beeldskone prinses en slaap. Al honderd jaar lank," sê die ou vroutjie. "Ek dink nie jy moet probeer om deur daardie dorings te kom nie. Dis heeltemal te gevaarlik."

Net daar besluit die prins om self te gaan kyk. Toe hy sy swaard uithaal en die eerste doringtak afkap, maak die res van die takke oop en vorm 'n pad tot by die kasteel. Alles is presies soos dit honderd jaar gelede was. Die perde is vas aan die slaap in die stalle, die duiwe sit met hul koppe onder hul vlerke op die dak en die hond lê en snork voor die deur. Die kok staan en slaap voor sy pot sop en die tuinier in sy blomtuin. Die koning en koningin sit vas aan die slaap met hul teekoppies in die sitkamer.

Eindelik kry die prins die prinses waar sy in haar slaapkamer op die bed lê. Sy is net so mooi soos toe sy honderd jaar gelede aan die slaap geraak het.

"Jy is pragtig," fluister die prins en soen haar.

Toe die prinses se oë oopgaan, begin die duiwe koer. Die hond spring op en begin blaf. Die kok roer sy sop, die tuinier pluk verder aan sy blomme en die koning en koningin proe aan hul koue tee.

Nie lank daarna nie is die prins en prinses getroud. Hulle het lank en gelukkig saamgewoon en die prins het die spinwiel uit die toringkamer laat haal en in 'n glaskas in die paleis laat sit, sodat almal dit kon sien.

Figuur 5.6: 'n Wondersprokie: Doringrosie
(*Sprokies en ander gunstelingstories*, oorvertel deur Wendy Maartens, geïllustreer deur Maja Sereda)

Daar is onder meer ook sprokies wat uit Afrika aan kinders en ander belangstellendes oorvertel is. 'n Voorbeeld van sodanige sprokies is onder meer *Die betowerde pappot* in *Sprokies en ander gunstelingstories* (sien Figuur. 5.6).



Die betowerde pappot

Eendag lank gelede was daar 'n dogtertjie met die naam Laslappie. Sy het saam met haar ma op 'n klein dorpie gewoon. Hulle was baie arm en het nie altyd kos gehad om te eet nie. Dan moes Laslappie bos toe gaan om bessies en neute bymekaar te maak.

Op 'n dag stap Laslappie weer in die bos. Dit is koud en die bessies en neute is min. Skielik staan daar 'n ou vroutjie voor haar in die paadjie.

"Laslappie," sê sy, "ek weet jy is 'n soet dogtertjie en dat jy graag jou ma by die huis help. Ek weet ook dat julle baie arm is en nie geld het om kos te koop nie. Daarom wil ek graag vir jou 'n geskenk gee."

Die ou vroutjie glimlag en hou 'n pappot na Laslappie toe uit.

"Neem dié pot huis toe. Elke keer as julle honger is, sê jy net: 'Kook, potjie, kook.' En jy sal sien. Die pot sal vol heerlike, warm pap word. As julle genoeg gehad het om te eet, sê jy net: 'Stop, potjie, stop.' En die pot sal ophou om pap te maak."

Laslappie bedank die ou vroutjie en hardloop huis toe om die pot vir haar ma te wys.

"Kyk, Mamma!" roep sy opgewonde.

Sy sit die pot op die tafel neer en sê: "Kook, potjie, kook."

Die potjie begin borrel en bruis. Nie lank nie toe is daar genoeg om vir hulle elkeen 'n lekker bord pap uit te skep.

Dit is die lekkerste pap wat hulle nog ooit geëet het. Nie te sout nie en ook nie te soet nie. Net reg. Laslappie en haar ma eet tot hulle trommeldik is.

Toe sê Laslappie: "Stop, potjie, stop." Die pot hou dadelik op om pap te maak.

"Ons hoef nooit weer honger te wees nie, Mamma," lag Laslappie en dans met die pot deur die kombuis.

Eendag, terwyl Laslappie met haar maats by die rivier speel, raak haar ma honger. Sy haal die pot uit die kas en sit dit op die kombuistafel neer. Toe sê sy: "Kook, potjie, kook." En dadelik begin die pot borrel en bruis. Dis nie lank nie toe kan Laslappie se ma vir haar 'n lekker bord pap uitskep.

Sy gaan sit in haar stoel voor die vuur en eet die bord leeg. Toe skep sy nog 'n bietjie in en eet dit ook op. Laslappie se ma raak sommer gou vas aan die slaap en vergeet heeltemal om die toorwoorde te sê wat die pot laat ophou kook.

Toe sy wakker word, dryf haar stoel op 'n see van pap. Sy moet aan die tafel vashou om nie by die deur uit te spoel nie.

Laslappie se ma probeer haar bes om die toorwoorde te onthou. Maar sy kan nie.

"Hou op, potjie!" roep sy.

"Maak klaar, potjie!"

"Ek sê stop, potjie!"

Dit help niks. 'n Dik stroom pap is besig om in die tuinpaadjie af te loop straat toe.

Net toe kom Laslappie by die huis.

"Help, Laslappie, help!" roep haar ma.

Laslappie lag tog te lekker.

Daar buite borrel die pap al by die skool verby.

"Stop, potjie, stop," sê sy. Die pot hou dadelik op om pap te maak.

Toe laat Laslappie haar ma belowe om nooit weer alleen die pot te laat pap maak nie.

Dit het Laslappie en haar ma en die mense van hul dorp die hele winter geneem om al die pap op te eet. Almal was gelukkig en tevrede en niemand het ooit weer honger gely nie.

Figuur 5.7: 'n Afrikawondersprokie: Die betowerde pappot
(*Sprokies en ander gunstelingstories*, oorvertel deur Wendy Maartens, geïllustreer deur Maja Sereda)

Herhalende verhale is verhale waar aksie, karakters en sêgoed bygevoeg en herhaal word totdat die klimaks van die verhaal bereik word. Hierdie verhale is gewoonlik eenvoudig en kort van aard omdat daar elke keer iets tot die herhalende refrein bygevoeg word. Die hoofkarakter is gewoonlik die karakter wat opgebou word en die meeste herhaal word. Herhalende verhale is uitstekend vir wanneer stories oorvertel moet word omdat dit kinders wat na die vertelling luister, aanmoedig om deel te word van die verhaal deurdat hulle die reëls wat herhaal, saam hardop kan sê. Die bekendste van hierdie soort sprokie is *Die gemmerbroodman* en *Gouelokkies en die drie beertjies* (Norton en Norton, 2011:207).

***Pourquoi*-verhale** (*pourquoi* beteken **hoekom** in Frans) is verhale wat natuurlike fenomene wil verklaar soos waarom diere, plante of mense geskep is. Dit gee primitiewe verduidelikings vir baie hoekom-vra wat jong kinders vra. Hierdie soort verhale word regdeur die wêreld aangetref, maar is veral gewild in Afrika-kulture. Daar is 'n sterk verband tussen *pourquoi*-verhale en mites alhoewel *pourquoi*-verhale aards is. Voorbeelde van *pourquoi*-verhale is onder meer "Waarom die son en die maan in die lig lewe", *Waar stories vandaan kom* en *Hoekom muskiete in mense se ore raas* (Chen, 2009; Russell, 2012). Daar is onder meer 'n hele reeks sprokies in Afrikaans beskikbaar wat onder die naam *Dieresprokies uit Afrika* uitgegee is. 'n Voorbeeld van so verhaal is *Hoe seekoei sy stert verloor het* (sien Figuur 5.8).



Figuur 5.8: Hoe seekoei sy stert verloor het
(Dit is slegs die eerste bladsy van die verhaal)

Ondierverhale/dieresprokies is sprokies wat volgens Norton en Norton (2011:207) universeel in alle kulture aangetref word. Daar is verskeie geliefde karakters wat uit hierdie soort sprokies kom soos onder meer die *Jakkals en Wolf*-verhale. Ander bekende verhale is byvoorbeeld *Skoonlief en die ondier*, *Die drie rammetjies rof* en *Die rooi hennetjie*. In dié soort verhale word die slimheid van een dier dikwels teenoor die domheid van 'n ander dier uitgebeeld. Die diere praat gewoonlik en tree soos mense op.

Humoristiese verhale is verhale wat lighartig is en oor mense wat dom dinge aanvang, handel. Hierdie verhale is gewoonlik goed bekend omdat dit suiwer onsin is en die verhaal grapperig is. Van die bekendste van hierdie verhale is *Die drie wense*. In dié verhaal geniet kinders dit soms dat die goedhartige swaap die slim, bose karakter oorwin (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:207).

Die karakters in hierdie soort verhale toon gewoonlik argetipes met vaste betekenisse aan sodat dit tot die onderbewuste kan spreek, bv. die heks as argetipe van die bose, die prins dié van die held, die prinses dié van die jong dame, om maar net 'n paar te noem. Die koning of prins en prinses het niks met werklike koninklikes te make nie, maar verseker die kind dat hy/sy probleme sal oorkom. 'n Goeie mag, in die vorm van 'n vrou of fee wat die kind of leerder help, dikwels deur om van toordery gebruik te maak. Die negatiewe aspekte van 'n pa-figuur word gewoonlik deur middel van 'n reus voorgestel. Dwerge kan goed of sleg wees, maar is altyd onvolwasse figure. Geen karakter sal ooit met 'n dwerg trou nie. Slegs die belangrikste karakters in sprokies het name, en dit is gewoonlik eenvoudige name sodat die kind hom/haar met die karakter kan assosieer. Karakters is plat en eendimensioneel, en feetjies en kabouters word nooit in sprokies aangetref nie (Steenberg, 1987:49).

Sprokies hou gewoonlik 'n les vir die leser in en die getal drie (soms ook vyf of sewe) speel 'n belangrike strukturele rol en het magiese implikasies (Steenberg, 1987:49). Daar is 'n duidelike verteller aan die woord, gewoonlik 'n simpatieke volwassene wat die wêreld vir die kind oopmaak. Sprokies spreek slegs die diepste vlakke van die persoonlikheid aan: die volwasse verteller moet die proses verder begelei, waar dit van nature in fantasieverhale plaasvind.

Sprokies kan onder meer gesinskonflikte, identiteitskrisisse en die hele grootwordproses wat kinders ondergaan ondersteun. Kinders kan deur middel van sprokies die bose intens beleef en dit vernietig – iets wat hulle in hulle daaglikse lewe kan help.


Volksprokies begin gewoonlik in vae aardse ruimtes waarna daar oorgegaan word na die towerdimensie en die bestaande omgewing kry 'n betowering wat die vae aardse ruimte in 'n towerruimte omskep. Sprokies bevat vaste besonderhede: dikwels 'n kasteel en 'n bos. Die kasteel dui op die geestelike woning van die kind as heerser van sy eie lot, en die bos dui op die toestand van onsekerheid en soeke. Sprokies gehoorsaam verder streng wette en het 'n onbuigsame patroon. Dit het 'n sikliese struktuur, wat begin met ewewig in die gewone wêreld, gevolg deur ordeversteuring, ontbering en kragmetings in 'n toweragtige milieu waarna die verlossing kom en die ewewig in die gewone wêreld herstel word (Steenberg, 1987:50).

Alhoewel die skeidslyne tussen die soorte sprokies nie altyd so duidelik is nie en verskillende sprokieseienskappe in verskillende soort sprokies voorkom, kan die bostaande soorte as riglyn gebruik word.

5.3.1.2 Fabels

Fabels is kort, eenvoudige verhale waarin daar dierekarakters optree wat kan praat en soos mense optree. Aan die einde van die verhaal word 'n **les**, **morele waarde** of **universele waarheid** aan die jong leser oorgedra. Volwassenes en kinders hou van fabels al vereis fabels soms abstrakte denke en kan die punt wat gemaak wil word, soms nie deur kinders ontdek word nie. Volwassenes moet kinders hierin bystaan, sodat laasgenoemde die verhaal kan verstaan. Die gebruik van dierekarakters eerder as mense maak fabels in baie opsigte veilig wanneer morele waardes aan die kind oorgedra moet word omdat lesers wanneer die omstandighede diere beval, nie noodwendig die leser sal affronteer soos wat dit sou indien dit met mensekarakters gebeur het nie.

Die skilpad en die haas is 'n voorbeeld van 'n fabel. Aan die einde van hierdie verhaal leer kinders dat deursettingsvermoë en vasberadenheid van groot waarde is as hulle iets aanpak (sien Figuur 5.9).



Figuur 5.9: Die skilpad en die haas

Die mooiste dierefabels, Johann Strauss

5.3.1.3 Mites

Mites word deur Bascom (1965:4) beskryf as:

> *Prose narratives which, in the society in which they are told, are considered to be truthful accounts of what happened in the remote past. They are accepted as faith; they are taught to be believed; and they can be cited as authority in answer to ignorance, doubt, or disbelief. Myths are the embodiment of dogma; they are usually sacred; they are often associated with theology and ritual*.

Mites is stories wat die begin van die wêreld, fenomene in die natuur soos weerlig en gevoelens en ondervindings soos liefde en die dood wil verklaar. Die karakters in mites is gewoonlik gode en godinne en tot 'n mindere mate soms mense (Bascom (1965:4). Mites speel gewoonlik in 'n ruimte bo die aarde af, in die huis van die gode waaroor die bepaalde verhaal gaan (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:208). Mites is soms 'n spieëlbeeld van die menslike natuur en beeld primitiewe emosies, instinkte en begeertes uit. Sommige kenners beskou mites as die waarheid en die basis vir alle antieke stories. Die bekendste mites is die Romeinse mitologie en verhale van die skepping en oorheersing van die aarde in die Griekse mitologie.


Mites gee aan kinders die geleentheid om die wonders van die heelal te ondersoek en in verwondering daaroor te staan (Norton & Norton 2011:238). Dit gee kinders die vermoë om die kosmologie ten opsigte van die vorming van die heelal en die misterie wat dit inhou, te ondersoek. Dit toon aan kinders die sosiale orde van die mensdom en dit het pedagogiese waarde deurdat dit kinders leer hoe om te leef (Norton & Norton, 2011:238). Mites verskaf aan kinders kennis oor die kultuur van hulle voorvaders en gee hulle die vermoë om na ander kulture te kyk. Mites skep 'n raamwerk waarvolgens kinders die wyse waarop ander mense geleef en gedink het, kan ondersoek.

5.3.1.4 Legendes

Bascom (1965:4) beskryf legendes as:

> *Legends are prose narratives which, like myths, are regarded as true by the narrator and his audience, but they are set in a period considered less remote, when the world was much as it is today. Legends are more often secular than sacred, and their principal characters are human*.

Legendes kan verduidelik word as verhale wat gebaseer is op ware of kamstige ware individue en hulle dade. Die verhale in legendes is gewoonlik oordrewe vertellings van die dade van die spesifieke persoon, of die persoon werklik bestaan het al dan nie. Legendes hou gewoonlik nie morele lesse in nie en is gewoonlik baie vermaaklik. Die bekendste legendes is dié van *Koning Arthur*, *Robin Hood* en *Johanna van Arkel*. Uit Afrika het ons 'n legende van die profeet Amakosa wat die Juba-mense van uitsterwing gered het (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:209). In Suid-Afrika is daar ook verskeie helde, en Pieter W. Grobbelaar het in *Die groot Afrikaanse heldeboek* gepoog om van dié heldedade op te teken. In Figuur 5.9 word die legende vertel van 'n seun wat deur die rivier meegesleep is en die onbekende man wat hom gered het.



1. Die Drenkeling

Uit die gryse vergetelheid waarin so baie van die mens se daaglikse doen en late noodwendig moet verdwyn, flits daar tog hier en daar 'n helder oomblik op wat verdien om onthou te word. Dit is die geval met die redding van die klein James Barry Munnik Hertzog, die later beroemde generaal, deur die heldhaftige optrede van 'n onbekende bruinman.

Die klein Barry moes dit nooit so na aan die waterkant gewaag het nie, maar die rivier was te aanloklik. Bruisend stroom hy tussen sy groen oewers deur, en dit gaan asof hy gesels en lag – totdat hy in sy vaart jou voete onder jou uitpluk en jou saamsleur: ver, ver weg. Dan wil sy arms jou nie weer laat los nie, en sy hart is koud en stil en donker.

"Help!" skree die kind, en hy spartel vertwyfeld, maar die water sluit weer en weer oor sy kop.

"Help!"

Die doodsvrees is op hom, en waar sal daar tog hulp vandaan kom?

"H-e-e-e-lp!"

Iets gryp-gryp aan sy arm en pluk hom dwars teen die vaart van die stroom in. Hy is so verward dat hy hom nie eens daaraan steur nie en hom oorgee aan wat ook al gebeur. Dis sy redder wat die kind daar beet het, en die oewer kom stadig, pynlik stadig nader.

Die bruinman het langs die Bergrivier opgestap toe hy die flou stemmetjie hoor roep en die kind sien wegsak. Hy ken die rivier, en hy weet van sy nukke en grille en bedrieglikheid. Dit het swaar gereën die afgelope weke, dae en nagte lank, met net nou en dan 'n verposing voordat die noordwestewind weer die wolke donker en driftig instoot: 'n regte Bolandse winter. Vanoggend is eintlik die eerste helder dag, maar die wêreld is deurnat. Elke stroompie kom af en voed die riviere, en die riviere dy teen hul walle uit en jaag rasend see toe om daar hul waters uit te stort.

Vir g'n oomblik huiwer die man nie, al weet hy ook dat hy nou op die grens van dood en lewe gekom het. Hy hardloop teen die rivier af om onderkant die kind te kom terwyl hy sy klere intussen van hom afskud.

Dan duik hy in.

Hy is 'n sterk swemmer, en die water stoei vergeefs met hierdie nuwe prooi. Nou is hy by die kind, en die moeilike terugtog begin. Dis spier en brein en vernuf en die wil om te lewe en laat lewe teen die dood.

Die water spoel hom af, maar hy vorder tog. Toe voel hy die vastigheid van die goeie aarde onder sy voete, beur orent, waad die laaste paar tree met die kind in sy arms en sit hom op die gras neer.

"Ai, jy het amper verdrink," sê die man.

Die kind hoes die water uit sy longe, en dit vat 'n hele ruk voordat hy tot verhaal kom. Dan slaan hy sy oë op. "Dankie . . . dankie tog," prewel hy.

'n Oomblik lank bind 'n glimlag hulle saam.

"Kom, laat ek jou huis toe vat," sê die man, en hy gaan eers sy klere optel terwyl die kind aan sy hand gewillig volg.

Net jammer, die naam van die dapper swemmer het in die vergetelheid verdwyn.

168

Figuur 5.10: Die drenkeling
(*Die groot Afrikaanse heldeboek* deur Pieter W. Grobbelaar en Séan Verster, 2011:166)

5.3.2 Waarde van tradisionele literatuur

Tradisionele literatuur kan vir kinders van groot waarde wees omdat dit in die eerste plek aan die kind die geleentheid gee om die wêreld te verstaan. Volgens Wolkstein (1992:704) is alle verhale gegrond in kultuur, en tradisionele literatuur is juis 'n goeie voorbeeld daarvan. Norton en Norton (2011:208) is van mening dat, wanneer tradisionele verhale gelees of oorvertel word, dit 'n manier is waarop 'n kind se siel en menslikheid gekultiveer word. Met hierdie antieke simboliese verhale en illustrasies kan die verhale 'n kind dus kultureel, moreel en kognitief laat ontwikkel (Johnson, 2009:127).

Die wyse waarop kinders die wêreld verstaan, word versterk algaande hulle meer van hulle kultuur en tradisies leer en lees. Deur te lees ontwikkel kinders 'n waardering vir hulle kultuur en ook ander lande se kultuur. Hierdie verhale bring by kinders die gedagte tuis dat alle mense, regoor die hele wêreld, soortgelyke behoeftes, probleme en emosies het (Norton & Norton, 2011:209).

Tradisionele verhale gee verder aan kinders die geleentheid om universele menslike probleme te identifiseer. Volgens Bettelheim (1976:24) gee tradisionele literatuur aan kinders die geleentheid om te leer van die voortgang van die geskiedenis en die moontlike oplossing vir probleme. Probleme word gewoonlik in die verhale op eenvoudige wyse uiteengesit sodat kinders die probleme kan

begryp. Kinders word verder deur middel van tradisionele verhale morele waardes geleer wat hulle leer om teen moeilike omstandighede te baklei en as ŉ wenner uit die stryd te tree.

Tradisionele literatuur maak van goeie en slegte karakters gebruik en sodoende kan kinders met behulp van KJL daarop gewys word dat misdaad nie ŉ goeie oplossing vir probleme is nie (Bettelheim, 1976:25; Norton & Norton, 2011: 209). Die eenvoudige en voor die hand liggende karakters in tradisionele verhale gee aan kinders die geleentheid om te identifiseer met die goeie karakters en die slegte karakters te verwerp. Kinders sal meegevoel hê met eerbare karakters en hulle worstelinge. Hieruit leer kinders dat, al verkeer hulle in moeilike omstandighede, daar aan hulle ook hulp en leiding gegee sal word sou hulle dit nodig hê.

ŉ Groot waarde van tradisionele literatuur is dat tradisionele literatuur vir kinders genotvol is. Tradisionele literatuur, veral sprokies, is baie gewild by kinders. Omdat hierdie verhale gewoonlik vinnig vorder, dramatiese gebeure het en karakters gebruik waarmee hulle kan identifiseer, hou kinders veral daarvan (Johnson, 2009:127; Norton & Norton, 2011:210). Volgens Favat (1977:55) stem die karaktereienskappe van sprokies ooreen met die karaktereienskappe wat Piaget aan kinders toeskryf. Kinders glo dat voorwerpe, handeling, denke en woorde magiese wonderwerke kan laat gebeur. Hulle glo dat diere menslike eienskappe het, dat goeie gedrag geprys sal word en slegte gedrag gestraf sal word (Norton & Norton, 2011:210).

5.3.3 Kontroversiële onderwerpe wat in tradisionele literatuur voorkom

Geweld is deel van tradisionele literatuur. Wolwe word in kookwater gegooi (*Die drie varkies*), hekse word in oonde gedruk (*Hansie en Grietjie*), en ŉ wolf se maag word oopgesny en vol klippe gepak (*Rooikappie*). Karakters in tradisionele verhale word op verskeie maniere geskend soos byvoorbeeld die wolf wat in kookwater val. Alhoewel daar geweld in die verhale is, word daar nooit na bloed verwys nie en daar is geen gevoel van angs of onsteltenis by die leser nie. Dit is verhale waar die bose oorwin word deur die goeie, en al is die verhale soms hartseer, is dit nie sonder hoop of geregtigheid nie (Chen, 2009; Russell, 2012). Verhale bevat geweld, maar die geweld word nie as vermaak gebruik nie en word aan die leser se eie verbeelding oorgelaat. Dit is juis waarom die geweld nie ontstellend is nie. In baie gevalle het leerders nog nie regtig met geweld in aanraking gekom nie; vir hulle is die beelde dus nie so ontstellend soos wat dit vir volwassenes kan wees nie (Chen, 2009, Gangi, 2004:145). Alhoewel leerders in Suid-Afrika baie meer gekonfronteer word met geweld as leerders in sommige buitelande, ontstel dit steeds nie die leerders so baie nie, omdat hulle reeds erger omstandighede beleef het, en sien in tradisionele literatuur dat die bose oorwin word.

Tradisionele literatuur kan aan kinders die geleentheid gee om hulle eie vyandigheid, frustrasie, woede en vrese te verwerk. Die geweld in tradisionele verhale gee aan kinders verskeie maniere om hulle eie innerlike frustrasies te hanteer en die ryk simboliek wat in die verhale voorkom, vervul ŉ onbewuste psigologiese behoefte van kinders (Chen, 2009; Russell, 2012). Kinders verkies gewoonlik die redelik gewelddadige weergawes van verhale, soos dat die wolf in Rooikappie in die rivier val en

verdrink eerder as om net in die tronk gegooi word. Die uitkoms van hierdie soort verhale toon aan kinders dat bose dade gestraf sal word en orde weer in die wêreld herstel sal word.

Die rede hiervoor kan in die literêre benadering van die psigoanalise aangetref word. Volgens Freud 1885 (soos aangehaal deur Wright 1997:41–47) bestaan die psige uit subsisteme. Dié subsisteem behels die **id** (wat die instinktiewe, biologiese kant van die mens is), die **superego** (wat die beliggaming van die waardes waarvolgens die individu opgevoed is, verteenwoordig) en laastens die **ego** (wat die teenstrydige begeertes van die id en die superego met mekaar probeer versoen). Die id kom in die onderbewuste voor en die ego in die bewuste. Die ego neem die realiteit in ag. Wanneer kinders verhale lees, is dit soos wanneer volwassenes droom. Die verhale spreek tot hulle id, hulle onderbewuste, en help hulle om waardes en situasies wat in tradisionele verhale na vore kom, in hulle onderbewuste te verwerk en deel te maak van hulle lewe. Hulle vergelyk nie soos volwassenes die verhale met hulle ego en superego nie; daarom is die verhale nie vir hulle deel van realiteit nie.

Jung (1964:22) verdeel die psige in die bewussyn, die persoonlike onbewuste en die kollektiewe onbewuste. Die **bewussyn** bevat die bewuste persepsies, gedagtes, gevoelens en herinnerings; die **persoonlike onbewuste** bevat die ervarings en verlangens wat vroeër in die persoon se bewuste was en vergete geraak het of onderdruk is. Die **kollektiewe onbewuste** is die ervarings van voorgeslagte oor die eeue heen, waarvan die persoon nie bewus is nie (Boeree, 2006). Vanuit die kollektiewe onbewuste spruit die argetipiese figure wat sinoniem is met Jung se werk voort wat volgens Viljoen en Van der Merwe (2007:175) terugkerende karaktertipes is in sprokies, mites en drome van volkere oor die hele wêreld. Die argetipes tree in situasies op soos wat voorgeslagte sou optree en daarom het die persoon ŉ kollektiewe onbewuste waaruit hy/sy kan leer. Die argetipiese figure wat in tradisionele literatuur voorkom, speel volgens Jung (1964:45) ŉ kardinale rol in die proses van verwerking, en daarom is dit belangrik dat kinders aan tradisionele literatuur blootgestel word. Hierdie literatuur roep die argetipes soos die ou man/vrou, die sondebok, die moeder, die skaduwee, die persona, die kind, die held en die jong meisie op en help die kind om hom/haar met die rolle en uitdagings van die lewe te versoen.

Afgesien van geweld beweer kritici dat tradisionele verhale anti-feministies is. Daar word in tradisionele verhale gewoonlik verwys na negatiewe vroulike stereotipes, vroue wat passief, onderdanig en tingerig is of andersins as die bose figuur in die verhaal optree soos die bose stiefmoeder soos in *Sneeuwitjie en die sewe dwergies* (Chen, 2009). Vroue word uitgebeeld as hulpelose en mooi karakters wat op die goedheid van die bekwame man staatmaak soos die prins in *Sneeuwitjie en die sewe dwergies*. Chen (2009) is van mening dat vroue waarskynlik op dié wyse in die verhale voorgestel word omdat dit mans was wat die verhale oorspronklik versamel het. Tradisionele verhale is mondeling oorgedra en daar is deur middel van die verhale gepoog om die tradisionele gesinsorde aan kinders te leer. Die eenheid wat deur ŉ gesin gevorm word, word in die verhale as die sterkpunt van die lewe uitgebeeld. Daar is egter oor die afgelope paar jaar gepoog om vroue en dogtertjies as sterker karakters in die literatuur uit te beeld. ŉ Goeie voorbeeld hiervan is

Sneeuwitjie en ander prinsesstories deur Gretel Wybenga en Annelie van der Vyver waar die skrywers in besonder daarop gefokus het om die vrouekarakters sterk te maak en karakters wat hulle eie probleme oplos.

5.3.4 Tradisionele verhale vir adolessente

Tradisionele verhale vir ouer kinders weerspieël gewoonlik die kompleksiteit van die bepaalde kultuur waaruit die stories afkomstig is (Norton & Norton, 2011:213). Hierdie verhale handel gewoonlik oor die mitologieë van die wêreld, of soos reeds genoem literêre sprokies, wat langer en meer kompleks is en meer uitdaging aan die leser verskaf.

In die Joodse kultuur sal daar byvoorbeeld verhale vir ouer kinders wees wat handel oor die waarde van geloof, vrywilligheid, kennis, samewerking en vrygewigheid. In Suid-Afrika handel tradisionele verhale dikwels oor die voorvaders en hoe hulle die leser se lewe kan beïnvloed (Norton & Norton, 2011:213).

Tradisionele verhale vir adolessente raak temas en onderwerpe aan wat van die belangrikste aspekte van 'n oorspronklike kultuur is, en daarom is dit belangrik dat adolessente hieraan blootgestel word.

5.3.5 Gebruik tydens klaskameronderrig

Om stories in die klaskamer te kan gebruik, moet onderwysers in die eerste plek leer hoe om stories te vertel. Indien die onderwyser 'n storie op 'n gepaste wyse vertel, sal dit aan die leerders in sy/haar klas genot verskaf, en leerders onderrig. Volgens Spellbinders Volunteer Storytelling (1999:3) het storievertelling verskeie waardes buiten genot, soos onder meer:

1. dit gee aan leerders positiewe rolmodelle;
2. dit skep 'n natuurlike en positiewe vorm van kommunikasie tussen generasies;
3. dit versterk leerders se taalvaardighede, luistervaardighede en die vermoë om hulle opinie in 'n groep te deel;
4. dit stimuleer leerders se verbeelding; en
5. dit stel leerders aan verskeie kulture bloot, veral omdat sprokies, legendes en mites uit verskillende kulture afkomstig is.

Stories moet in die klaskamer met leerders gedeel word, daarom is dit belangrik dat onderwysers soveel moontlike literatuur ken om gevolglik die gepaste tradisionele literatuurboek te kan kies. Onderwysers moet bedag wees op die atmosfeer wat hulle met hulle voorlees of storievertelling skep. Die manier waarop die onderwyser die verhaal lees of oorvertel, sal in baie opsigte die atmosfeer beïnvloed en sodoende waarskynlik 'n groot invloed hê of die leerders na die verhaal luister al dan nie (Norton & Norton, 2011:248).

Norton (2004:228) stel die onderstaande voor vir gevalle waar stories met leerders gedeel word,:

1. Kry 'n plek, indien moontlik weg van leerders se skoolbanke, waar al die leerders sal kan sien en hoor.

2. Staan óf voor die leerders óf sit by hulle.
3. Kies ’n gepaste inleiding. Hier kan word van hulpmiddels gebruik gemaak. Vertel die leerders iets interessants omtrent die outeur, bespreek die buiteblad, bespreek ’n gebeurtenis wat met die storie verband hou of vra vir die leerders vrae. Onderwysers moet by die buiteblad van ’n boek begin. As ’n boek soos *Rooikappie* gebruik word, moet die leerders nie aangejaag word nie. Laat hulle die buiteblad ondersoek en bespreek. Laat leerders dink oor hoekom sy rooi dra, wat sy in die mandjie het ensovoorts. Laat leerders op hul eie tyd na die binnekant van die verhaal vorder.
4. Behou oogkontak met die leerders; dit verseker dat hulle betrokke bly.
5. Gebruik gepaste stemme, en ’n gepaste volume vir effek.
6. Wanneer ’n onderwyser ’n verhaal lees, dra ’n beweging soos om vorentoe te leun of om vorentoe te tree om ’n verandering in die verhaal aan te toon sodat spanning opgebou kan word.
7. Gee nadat die verhaal afgehandel is, aan die leerders geleentheid om te dink oor alles wat gesê is; moenie dadelik vrae vra nie.

Leerders moet aangemoedig word om die verhale wat met hulle gedeel word, by die huis te gaan oorvertel, of om vir hulle maats ander verhale te vertel. So ontwikkel leerders hulle taal, selfbeeld en vermoë om in groepe te praat. Leerders ontwikkel ook hulle geheue, omdat hulle die storie moet onthou om dit met hulle maats of ouers te moet deel (Norton & Norton, 2011:249). Wanneer leerders aangemoedig word om stories aan hulle ouers en onderwysers oor te vertel, kan ouers help met die uitspraak van woorde wat weer help dat leerders se taal ontwikkel. Tradisionele verhale kan veral van waarde wees om by leerders ’n liefde vir lees, storievertelling en leestyd in die skool te ontwikkel, indien die onderwyser aktief betrokke is by die proses.

5.4 Fantasieverhale

Wanneer leerders in die wêreld van *Alice in Wonderland* beland, het hulle die sfeer van fantasie binnegestap. Outeurs skep moderne fantasieë deurdat hulle een of twee karaktereienskappe van die werklikheid verander en daaruit ’n totale nuwe wêreld skep. Dit kan ’n werklike mens-karakter wees wat deur ’n deur na ’n nuwe wêreld gaan soos in C.S. Lewis se *Narnia-avonture*, of J.R.R. Tolkien wat ’n totale nuwe wêreld in *Die Hobbit* skep en laat die nuwe wêreld die leser op ’n ontdekkingsreis van sy/haar verbeelding. Volgens Kunzel (2005:46) word fantasie vandag al hoe meer aanvaarbaar en die aantal goeie fantasieboeke wat gepubliseer word, raak al hoe meer. Ons kan byvoorbeeld gedink aan J.K. Rowling se *Harry Potter* wat in Afrikaans vertaal is (onder andere deur Kobus Geldenhuys). Leerders lees die boeke en kyk die flieks en leef hulle volkome in die lewe van ’n towenaar in. Leerders word dus deel van die wêreld van towenaars soos in hierdie boeke beskryf. Van die Dr Seuss-boeke is ook in Afrikaans vertaal (onder andere deur Leon Rousseau) en in flieks omskep. Boeke soos *Die kat kom weer*, *Die kat kom kuier* en *Die Loraks* laat leerders met oorgawe en genot lees.

Volgens Raymo (1992:567) is fantasieverhale een van die belangrikste en waardevolste kinder- en jeuglitereratuurgenres wat aan kinders gegee kan word. Dit is juis belangrik omdat dit aan leerders die geleentheid gee om die onbekende te ondersoek, van die werklikheid te ontsnap en fantasieverhale toon aan leerders dat die bose oorwin kan word. Alhoewel baie ouers en onderwysers taan fantasie gekant is omdat hulle onder die indruk is dat dié verhale boos is, kan fantasie werklik van groot waarde wees vir leerders. Onderwysers moet begryp dat fantasieverhale kinders se nuuskierigheid help ontwikkel, dit laat kinders observeerders van die lewe word en kinders leer om sensitief te wees teenoor reëls en variasies wat binne reëls kan ontstaan. Fantasieverhale maak verder kinders se denke oop vir nuwe moontlikhede en die wete dat hulle deur niks beperk kan word wanneer dit by hulle verbeelding kom nie. Goldberg (1991:38) verwys ook na die waarde wat fantasieverhale tot 'n kind se lewe kan voeg:

> *My study of literature persuaded me that reading fantasy can serve children well. Their suspension of disbelief for the duration of the reading will, among other things, help children deal more affectively with the real world.*

Volgens O'Keefe verduidelik die waarde van fantasieverhale soos volg:

> *Reading fantasy is not so much an escape from something as 'n liberation into something, into openness and possibility and coherence* (O'Keefe, 2004:11).

Fantasieverhale verwys na verhale waar die onmoontlike aangebied word asof dit moontlik is. In spesifieke verhaal moet fantasie oorspronklik wees en kan onder meer towerkuns, diere wat praat, die vermoë om deur tyd te reis, die magiese en avonture in alternatiewe dimensies insluit (Chen, 2009). Fantasie is 'n groot verbeeldingswêreld oor karakters, plekke en gebeure wat geloofwaardig is en moet wees. Dit is gegrond in die realiteit van die menslike aard en bevat waarhede wat die leser help om vandag se samelewing te verstaan. Russel (2012:217) stel dit soos volg:

> *The imaginary world captures us; its underlying reality moves us*.

Fantasieverhale en tradisionele literatuur, veral sprokies, legendes en mites, word met mekaar verwar. Volgens Johnson (2009:154) het fantasieverhale in tradisionele literatuur oor antieke mense ontstaan. Tradisionele literatuur het ontstaan uit die tradisie waarvolgens stories mondeling aan die volgende generasie oorgedra is, terwyl fantasieverhale oorspronklik verhale was wat in die skrywer se verbeelding geskep is en deur die geskrewe woord oorgedra is.

Beide tradisionele verhale en fantasieverhale bevat elemente van fantasie. Tradisionele verhale word teen die agtergrond van 'n bekende ruimte, konvensionele gebeure en tradisionele motiewe en temas geplaas. Fantasie, aan die ander kant, skep 'n totaal nuwe wêreld met iets ongewoons daarin wat op sy beurt nuwe moontlikhede skep. Dit is om hierdie rede dat die ruimte, karakters, gebeure, motief en tema in fantasieverhale baie meer kompleks is as dié van tradisionele verhale (Chen, 2009; Russel, 2012:213). Om die verskil duidelik te maak, kan na Steenberg (1987:42) en Johnson (2009:132)

verwys word. Die verskillende kenmerke wat deur dié navorsers uitgewys is, word in Tabel 5.1 hieronder aangedui.

Tabel 5.1: Die verskil tussen tradisionele literatuur en fantasieverhale

Verskil tussen tradisionele literatuur en fantasieverhale	
Tradisionele literatuur	**Fantasie**verhale
Die outeur van tradisionele literatuur kan nie opgespoor word nie.	Die outeur van die verhaal is bekend.
Tradisionele literatuur is versin en oorvertel voordat dit neergeskryf is.	Is eerstens neergeskryf waarna dit gepubliseer is.
Tradisionele literatuur dateer gewoonlik van voor die 1800's.	Fantasieverhale is vanaf die 1800's geskryf.
Tradisionele verhale is geskep met die oog daarop om 'n boodskap of les oor te dra.	Fantasieverhale is geskep met die hoofdoel om genot te verskaf. Alhoewel fantasieverhale ook lesse kan insluit, was dit nie die hoofdoel vir die totstandkoming van die verhaal nie.
Tradisionele verhale is gewoonlik kort en eenvoudig.	Fantasieverhale is gewoonlik baie langer as tradisionele verhale en in baie gevalle baie kompleks.
Tradisionele verhale is in baie gevalle 'n samevoeging van verskillende verhale en daar is verskeie weergawes van een verhaal.	Daar is net een weergawe van 'n fantasieverhaal.
Daar is 'n duidelike verteller aan die woord –'n simpatieke volwassene wat die wêreld vir die kind oopmaak. Sprokies spreek slegs die diepste vlakke van bewussyn aan; die volwasse verteller moet die proses verder begelei.	Duidelike verteller aan die woord, maar kan wissel tussen 'n alwetende verteller en een wat naby aan die hoofkarakter staan en by uitsondering self die kind se belewing van binne kan gee. Fantasieverhale werk op 'n dieper vlak met lewenswaarhede wat aan die kind oorgedra word sonder dat hy/sy eksplisiet daarvan bewus is. Deur die verteller word die kind na die onderbewuste geneem.
Dra gewoonlik 'n les oor aan die leser, en dit eindig positief.	Die slot is gewoonlik positief, en dra 'n boodskap oor aan die kind.
Slegs die belangrikste karakters in sprokies het name en dit is gewoonlik eenvoudige name sodat die kind hom/haar met die karakter kan assosieer. Karakters is plat en eendimensioneel.	Dit is die outeur se keuse, maar al die karakters kan name hê.
Daar is nooit feetjies en kabouters in sprokies nie.	Feetjies en kabouters kom voor in fantasieverhale, maar het geen onderbewuste simboliese betekenis nie.
Volksprokies speel gewoonlik in vae ruimtes af waarna daar oorgegaan word na die towerdimensie en die bestaande omgewing kry 'n **toweragtigheid** by. Sprokies het vasgelegde besonderhede, byvoorbeeld daar is 'n kasteel en 'n bos. Die kasteel dui op die geestelike woning van die kind as heerser van sy eie lot en die bos dui op 'n toestand van onsekerheid en soeke.	In fantasieverhale is daar duidelike ruimtes, aards en toweragtig. Skrywers sal soms tale en ander kulturele aspekte rondom die storie bou om dit meer geloofwaardig te maak.
Sprokies gehoorsaam streng wette, het 'n onbuigsame patroon en 'n sikliese struktuur. Dit	Fantasieverhale het nie onbuigsame patrone en wette nie; die wette en patroon van die teks kan

begin met ewewig in die gewone wêreld, gevolg deur ordeversteuring, ontbering en kragmetings in 'n toweragtige milieu waarna die verlossing kom en die ewewig in die gewone wêreld herstel word.	deur die outeur beïnvloed word.
Sprokies het gewoonlik net een magiese (tower)karakter, byvoorbeeld die goeie fee.	In fantasieverhale kan meer as een karakter towerkragte hê, soos byvoorbeeld in *Harry Potter*.
Die karakters beeld gewoonlik argetipes met vaste betekenisse uit sodat dit tot die onderbewuste kan spreek, bv. die heks van die bose, die prins van die held, die prinses van die jong dame om maar net 'n paar te noem. Die koning of prins en prinses het niks met werklike koninklikes te make nie, maar verseker die kind dat probleme oorkom kan word. 'n Goeie mag in die vorm van 'n vrou of fee help die kind of leerder, dikwels met behulp van toordery. Die negatiewe kant van die pa word gewoonlik deur middel van die reus voorgestel. Dwerge kan goed of sleg wees, maar is altyd onvolwasse figure. Geen karakter sal ooit met 'n dwerg trou nie.	
Die getal drie (soms ook vyf en sewe) speel 'n belangrike strukturele rol en het magiese implikasies.	
Sprokies probeer gesinskonflikte, identiteitskrisisse en die hele grootwordproses wat kinders ondergaan ondersteun.	
Kinders kan deur middel van sprokies die bose intens beleef en dit vernietig wat hulle kan help in hulle daaglikse lewe en die uitdagings wat hulle moet oorkom.	

Volgens Johnson (2009:157) kan fantasie op 'n kontinuum van lae tot hoë fantasie geplaas word. Lae fantasie verwys na fantasieverhale wat in die werklike wêreld plaasvind maar magiese elemente teenwoordig, soos *Harry Potter*. Algaande die fantasie en magiese elemente vermeerder, beweeg die spesifieke fantasieverhaal na 'n hoër element van fantasie. By fantasieverhale sal die slot gewoonlik positief eindig om die boodskap dat die bose oorwin kan word, aan die leser oor te dra. Volgens Steenberg (1987:48) is daar gewoonlik 'n duidelike verteller aan die woord, maar daar is 'n wisseling tussen 'n alwetende verteller en een wat naby aan die hoofkarakter staan en by uitsondering self die leerder se belewing van binne kan gee. Fantasieverhale werk op 'n dieper vlak met lewenswaarhede wat aan die kind oorgedra word sonder dat hy/sy eksplisiet daarvan bewus is. Deur die verteller word die leser na onderbewuste bestaansfere geneem. Volgens Steenberg (1987:49) kan al die karakters in fantasieverhale name hê sou die outeur so besluit teenoor tradisionele literatuur waar dit nie altyd die geval is nie. Feetjies en kabouters kom in fantasieverhale voor, maar het geen onderbewustelike betekenis nie.

5.4.1 Evaluering van fantasieverhale

Baie onderwysers en ouers is daarteen gekant om kinders aan fantasieverhale bloot te stel. Ouers en onderwysers sien dit as boos en onnatuurlik. Volgens Steenberg (1987:12–13) moet goeie fantasieverhale aan seker vereistes voldoen om as goeie fantasie geklassifiseer kan word. Fantasie kan nie uit absoluut niks ontwikkel word nie en die primêre wêreld (die wêreld waarin die outeur leef) sal aan die outeur 'n verwysingsraamwerk bied vanwaar hy/sy die sekondêre wêreld, die fantasiewêreld, kan skep. Hierdie sekondêre wêreld sal altyd by die primêre wêreld van die outeur aansluit.

Fantasie moet verder op die logika van die onlogiese berus. In die sfeer van die bepaalde fantasieverhaal moet alle aspekte soos gebeure, karakters, ruimte, tema en styl binne die afbakening van die fantasieverhaal logies klink. In die sekondêre wêreld moet daar dus wetmatighede wees wat deurentyd gehoorsaam word. Verder kan realiteit moontlik geskommel of opgehef word, solank dit konsekwent deur die loop van die fantasieverhaal gebeur. Aspekte wat anders as die realiteit is, moet gemotiveer word. Daar kan nie net aan iets verander word omdat dit fantasie is nie. Daar moet 'n doel wees met die verandering. Die sekondêre wêreld moet verder oortuigend voorgestel word, tot so 'n mate dat die leser daaraan begin glo asof dit die waarheid is. Hierdie sekondêre wêreld gee aan die leser die vryheid om weg te beweeg van sy/haar eie werklikheid en sodoende afstand te kry (Steenberg, 1987:12–13).

5.4.2 Kategorieë van fantasieverhale

Fantasieverhale kan 'n wye verskeidenheid onderwerpe insluit soos onder meer diere wat praat, speelgoed wat lewend word, buitensporige karakters en situasies, ongewone wêrelde, klein mensies, vriendelike en onvriendelike geeste, tydspronge en wetenskapsfiksie. Hierdie onderwerpe kan dien as die kategorieë waarvolgens fantasieverhale ingedeel kan word.

5.4.2.1 Fantasieverhale oor diere

Fantasieverhale oor diere is verhale waarin diere soos mense optree, soos byvoorbeeld in die *Narnia*-reeks. Die diere het emosies, praat en het die vermoë om oor 'n situasie te redeneer (Norton & Norton, 2011:276; Russell, 2012:269). Afgesien van die menslike karaktereienskappe wat die diere het, behou hul steeds verskeie van hulle dierlike eienskappe. Fantasieverhale oor diere het gewoonlik gebeure wat maklik vloei en die verhale word uit simbolisme saamgestel. Die dierekarakters simboliseer menslike optrede. Fantasieverhale oor diere is 'n manier om menslike emosies, waardes en verhoudings te ondersoek. Voorbeelde hiervan is *Moemin en die komeet* en *Charlotte se web* vertaal deur E.B. White en Leon Rousseau onderskeidelik (sien Figuur 5.11).[3]

[3] Vir die verskil tussen fantasieverhale oor diere en tradisionele literatuur wat oor diere handel, sien Tabel 5.1.



Figuur 5.11: Moemin as fantasieverhaal oor diere

5.4.2.2 Fantasieverhale oor speelgoed

Wanneer kinders met hulle poppe, teddiebere en ander speelgoed speel of met hulle gesprekke voer, bewys die kinders dat hulle glo dat hulle speelgoed menslike eienskappe het. Wanneer 'n outeur 'n verhaal vanuit die speelding se oogpunt vertel, sal dit kinders aanmoedig om hulle verbeelding te gebruik en te glo dat hulle speelgoed hulle maats is (Norton & Norton, 2011:280). Dit is stories waar geliefde speelgoed lewend word en getransformeer word in geanimeerde kreature wat kan praat, dink, lewe, asemhaal en lief kan hê soos wat mense doen. Die bekendste hiervan is sekerlik *Die avonture van Pinocchio* geskryf deur Carlo Collodi.

5.4.2.3 Fantasieverhale oor towerkuns

Die towerkuns self, of dit 'n voorwerp of 'n karakter met towerkrag is, word die onderwerp van die fantasieverhaal. Towerkuns is nie net iets wat gebruik word om iets te bereik nie, maar dit is die essensie van die totale verhaal. Die towerkuns wat in die fantasieverhaal gebruik word, word gebruik volgens spesifieke vaste reëls (Norton & Norton, 2011:282; Russell, 2012:186). Die bekendste verhale oor towerkuns is onder meer *Pippie Langkous* en *Charlie en die Sjokoladefabriek*.

5.4.2.4 Betowerende reise na alternatiewe wêrelde

In verskeie fantasieverhale gaan die hoofkarakter op 'n reis na 'n alternatiewe wêreld. In meer realistiese verhale word daar ook soms 'n reis onderneem, maar dit is net in fantasieverhale waar daar gedurende die reis wonderlike, toweragtige dinge gebeur (Norton & Norton, 2011:282).

Wanneer outeurs fiktiewe karakters op 'n reis stuur, is die moontlikhede vir uitsonderlike gebeure eindeloos. Volgens Chen (2009) is die gebeure in dié soort fantasieverhale gewoonlik redelik los en soms episodies waar 'n klomp avonture na mekaar georganiseer word. Die leser maak staat op die hoofkarakter om 'n aspek van realiteit te wees, soos Alice wat in Wonderland alles wat sy teëkom nadat sy daar beland het, opweeg teen die standaarde in die werklike wêreld. Die reis het gewoonlik 'n doel. Alice moet by die koningin se tuin uitkom om op dié wyse weer by die werklikheid uit te kom.

Volgens Chen (2009) sal die doel wat die hoofkarakter moet bereik, oorskadu word deur die opwinding en genot wat die buitengewone wêreld van die verhaal skep. Die bekendste reise wat in fantasieverhale onderneem is, is dié vertaalde weergawes van *Alice in Wonderland* (geskryf deur Lewis Caroll) vertaal deur Talita van Graan en *Die Towenaar van Oz* (geskryf deur L.Frank Braun) vertaal deur Talita van Graan in die Ek lees Self-reeks van Fantasi Boeke (sien Figuur 5.12).



Figuur 5.12: Voorbeelde van alternatiewe wêrelde in fantasieverhale

Ander wêrelde wat al reeds in fantasieverhale geskep is, is die wêreld van geminimaliseerde karakters. Jong lesers geniet hierdie wêrelde volgens Russell (2012:189) omdat hulle met hierdie klein karaktertjies kan identifiseer. In die verhale is dit die klein en swak karakters wat die groter, vervelige karakter oorwin. Die bekendste verhale wat hierdie kleiner wêrelde uitbeeld is die van *Die leners vertaal* deur Mary Norton.

5.4.2.5 Heldhaftige of soekende fantasieverhale

Hierdie soort fantasieverhale is avontuurlike fantasieverhale met ’n soektog of taak wat verrig moet word. Die avontuur is gewoonlik vir ’n goeie doel soos geregtigheid, liefde of ’n ryk beloning soos towerkuns of versteekte rykdom. Die konflik wat in die fantasieverhale na vore kom, is gewoonlik ’n stryd tussen die goeie en die bose. Die hoofkarakter veg teen buitengewone bose kragte en innerlike begeertes en swakhede. Die gebeure in dié soort fantasieverhale is gewoonlik goed deurdink en alle optrede hou direk verband met die doel van die hoofkarakter, die hoofkarakter se triomf teenoor die bose (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:285; Russell, 2012:192).

Volgens Chen (2009) is baie van die temas, gebeure, karakters en ruimtes afkomstig uit die antieke mites, legendes en tradisionele verhale. Fantasieverhale bekoor oud en jonk. Die bekendste verhale in dié groep wat in Afrikaans vertaal is, is die *Narnia-reeks: Die leeu, die heks en die hangkas* van C.S. Lewis vertaal deur Helen de Villiers, Helen de Villiers. Hierdie verhale is ook in flieks omskep wat 'n verdere bewys is van hulle universele gehoor (sien Figuur 5.13).



Figuur 5.13: Afrikaanse vertalings van die verhale van Narnia deur C.S. Lewis

5.4.2.6 Bonatuurlike en misterieuse fantasieverhale

Die algemeenste vorm van bonatuurlike verhale is spookstories. In KJL kan spoke vreesaanjaend wees, maar ook wesens wees wat die kind help of beskerm. Spookstories is in Afrikaans veral vertel deur C.J. Langenhoven byvoorbeeld *Prins se spook* en *Die spook van Vergeleë.* Meer onlangs het Jaco Jacobs kinders bekoor met sy spookstories soos *Bastian Blom* en *13 Spookstories* wat hy saam met Francois Bloemhof en Fanie Viljoen geskryf het. Die *Harry Potter*-reeks, geskryf deur J.K. Rowling en vertaal is deur Janie Oosthuysen en Kobus Geldenhuys, kan as bonatuurlike fantasieverhale beskou word omdat die oplossing, die uiteindelike oorwinning oor die bose, bereik word deur die gebruik van toordery en bonatuurlike hulp (Chen, 2009).

5.4.2.7 Wetenskapsfiksie

Wetenskapsfiksie is 'n vorm van versinde literatuur wat 'n beeld skep van iets wat kan gebeur gebaseer op werklike wetenskaplike feite en beginsels. Dit stel in baie gevalle 'n wêreld voor waarin leerders moontlik kan leef. Volgens Chen (2009) word daar ook soms na toekomsgerigte literatuur verwys. Volgens Norton en Norton (2011:288) is wetenskapsfiksie nie gebaseer op bestaande wetenskaplike feite nie, maar dit kan gebaseer word op wetenskaplike hipoteses, vooruitgange en voorgestelde tegnologie.

Wetenskapsfiksie beeld in baie gevalle 'n gedramatiseerde uitbeelding van tegnologie en dit wat daardeur bereik kan word, uit. Volgens Russell (2012:301) stem wetenskapsfiksie baie ooreen met heldhaftige fantasieverhale. Die towerkuns in die verhaal word vervang deur dit wat deur tegnologie vermag kan word. Die gebeure fokus net soos in heldhaftige fantasieverhale op die stryd tussen die goeie en die bose. Wetenskapsfiksie meng 'n wye verskeidenheid mites en tradisionele literatuur met wetenskap en/of tegnologie as die belangrikste faktor. Die ruimte wat geskep word deur die gebruik van wetenskap en tegnologie kan egter in die meeste gevalle nie bestaan nie, en sal waarskynlik nooit bestaan nie (Chen, 2009; Russel, 2012:302).

Wetenskapsfiksie bevat in die meeste gevalle nie baie humor nie omdat die outeurs van wetenskapsfiksie die illusie van 'n werklikheid probeer skep. Verskeie wetenskapsfiksie boeke sal etiese probleme as gevolg van tegnologie en wetenskap aanraak en hoe dit die mens se bestaan kan beïnvloed. Die bekendste verhaal in hierdie afdeling is die vertaling van *Frankenstein*.

5.4.3 Fantasieverhale vir adolessente

Verskeie fantasieverhale word deur adolessente en selfs volwassenes geniet, veral fantasieverhale wat handel oor reise, heldedade en wetenskapsfiksie. Hierdie verhale deel eienskappe met legendes, mites en epiese gevegte tussen die goeie en die bose (Norton & Norton, 2011:291). Dit gee aan die adolessente hoofkarakters die geleentheid om nuwe plekke te ontdek en so probleme in hulle eie lewe op te los.

Dit is egter belangrik dat adolessente die boeke geniet, en daarvoor moet die hoofkarakter iemand wees met wie die adolessent kan identifiseer en die adolessent deel kan maak van die fantasieverhaal. Die fantasieverhaal moet die adolessent uit die wêreld van sy/haar realiteit neem en gepaste lesse aan die adolessente oordra wat hulle in hulle realiteit kan toepas (Norton & Norton, 2011:292). Adolessente hou veral van fantasieverhale. Die vertalings van *Harry Potter* en *Narnia* is veral gewild, so ook die *Thomas*@-reeks wat in Afrikaans geskryf is. Ouers en onderwysers moet hierdie boeke vir adolessente beskikbaar stel.

5.4.4 Gebruik tydens onderrig

Die krag van fantasieverhale kan tydens onderrig gebruik word deur aan leerders die geleentheid te gee om narratiewe elemente soos die gebeure, karakter en ruimte van die fantasieverhaal te ondersoek en die bydrae daarvan tot die totale verhaal te verklaar. Volgens Baghban (2000) moet fantasieverhale met kinders en adolessente gedeel word omdat die lesers deur fantasie bemagtig word en hulle oortuig dat hulle suksesvol kan wees en struikelblokke in hulle eie lewens kan oorkom. Fantasieverhale gee aan die leser hoop om sodoende aan te hou leef.

Die temas moet 'n belangrike rol speel by die gebruik van fantasieverhale tydens onderrig. Die temas is gewoonlik subtiel en die leerders moet gelei word tot die dieper betekenis van die verhaal. Wanneer leerders die dieper betekenis verstaan, sal hulle nie net die verhaal geniet nie, maar ook die

tematiese aspekte gebruik om situasies in hulle eie lewe te verstaan en te oorkom. Fantasieverhale en veral wetenskapsfiksie kan gebruik word om 'n klas te betrek by gesprekke oor etiese vrae soos vriendskap, lojaliteit, gebruik van tegnologie en die verantwoordelike gebruik van wetenskap. Onderwysers moet die etiese vrae wat in die verhale voorkom, kan evalueer en sodoende leerders betrek by gesprekke oor etiese sake wat vir hulle saak maak.

5.5 Realiteitsverhale

Realiteitsverhale is verhale wat die werklike wêreld wil vertoon. Daar is geen fantasie of bonatuurlike elemente in hierdie verhale nie en die verhale is gewoonlik gebaseer op gewone mense wat hulle daaglikse lewe leef net soos hulle is. Die karakters beleef geluk, hartseer, sukses en mislukkings soos enige mens in die werklikheid (Chen, 2009; Russell, 2012:263).

Norton en Norton (2011:356) is van mening dat daar oor die afgelope 150 jaar geleidelik wegbeweeg is van verhale met 'n romantiese uitkyk (mooi verhale waar almal gelukkig is) na verhale wat die realiteit uitbeeld. Hierdie verhale is soms kontroversieel omdat dit onderwerpe aanraak wat voorheen nie as gepaste onderwerpe vir KJL beskou is nie. Onderwysers en ouers verskil van mekaar oor wat gepas is vir leerders wanneer dit by realistiese verhale kom. Onderwysers en ouers is bekommerd wanneer onderwerpe soos seksisme, promiskuïteit, geweld, goddeloosheid, die wegbreek van die gemeenskap en rassisme aangeraak word.

5.5.1 Die nut van realiteitsverhale

Alhoewel realiteitsverhale 'n kontroversiële kwessie onder volwassenes is, hou hierdie soort verhale waarde in vir leerders. Realiteitsverhale gee aan kinders die geleentheid om te identifiseer met karakters wat hulle ouderdom is en wat soortgelyke belangstellings en probleme het (Norton & Norton, 2011:357). Kinders hou daarvan om te lees oor karakters wat hulle kan verstaan.

Leerders ontdek by die lees van realiteitsverhale dat hulle probleme nie uniek is nie en dat hulle gevoelens oor situasies normaal is omdat ander ook daardie gevoelens het. Realistiese verhale gee verder aan kinders die geleentheid om hulle verwysingsraamwerke te verbreed en nuwe belangstellings te ontwikkel. Kinders kan nuwe avonture beleef en sodoende nuwe maniere aanleer om konflik in hulle eie lewens te hanteer (Gangi, 2004:218).

Volgens Bernstein (1989) kan leerders deur van ander kinders wat emosionele probleme het te lees, hulle eie emosies, vrese, woede en hartseer leer hanteer. Indien 'n leerder wat die trauma van sy/haar ouers se egskeiding beleef, van 'n karakter wie se ouers skei lees, kan die verhaalgegewe die kind help om die situasie te verwerk. Realistiese verhale moet egter nie gebruik word om terapie, sou die kind dit nodig hê, te vervang nie.

Die doel van realiteitsverhale is om leerders die vrymoedigheid te gee om hulle gevoelens en probleme te deel sodat dit opgelos kan word. Onderwysers moet seker maak dat die inhoud wat in die

betrokke realiteitsverhaal aangeraak, word eerlik weergegee word. Die gebruik van sensasie moet so ver moontlik vermy word. Die verhaal moet die persoonlike en sosiale waardes van die kultuur of gemeenskap van 'n bepaalde tydperk eerlik weergee. 'n Realiteitsverhaal moet die leser toelaat om tot sy/haar eie gevolgtrekkings te kom op grond van die inligting wat gegee word. Die outeur moet die leser se intelligensie en agtergrond respekteer en seker maak dat die verhaal nie sekere kulture sal affronteer nie.

Realiteitsverhale weerspieël wat in die werklikheid aangaan; daarom is dit belangrik dat die taal en sintaksis wat die karakters in die boek gebruik, die karakters se situasie en omstandighede weerspieël. Dit is belangrik dat die outeur op so wyse skryf dat die leser hoop uit die verhaal kan ontgin. Dit moet egter op so wyse gebeur dat die leser nie voel dat die tema geforseer word nie, met ander woorde dit moet subtiel oorgedra word. In hierdie opsig moet realiteitsverhale sensitief wees teenoor die behoeftes van seuns en dogters sonder vooroordeel. Leerders kan in sommige gevalle hulle antwoorde oor geslagskwessies in boeke soek en daarom het die outeur 'n verantwoordelikheid om sensitief te wees teenoor geslagsaangeleenthede. Outeurs moet nie net sensitief wees ten opsigte van geslagskwessies nie, maar ook wat betref geweld. Indien geweld deel is van die bepaalde verhaal, moet die outeur die onderwerp met die nodige respek en sensitiwiteit hanteer. Hiermee word gedoel dat die outeur die regte inligting moet weergee, die situasie eerlik en volledig moet weergee en die emosies daaromtrent met respek moet hanteer. Die outeur moet verder die leerders help om perspektief oor die bepaalde situasie te kry. Realiteitsverhale moet aan die basiese vereistes beantwoord en die leerder insig gee wat betref sy/haar eie probleme, maar bo alles moet realiteitsverhale aan leerders genot verskaf.

5.5.2 Onderwerpe in realiteitsverhale

Net soos in die geval van ander soorte kinderverhale het realiteitsverhale ook sekere onder afdelings waarin die onderskeie verhale gedeel kan word. Die groepering van realiteitsverhale word gewoonlik gedoen met inagneming van die onderwerp waaromheen die betrokke verhaal gebou word, onder meer familieverhale, verhale wat kritiek lewer op sosiale uitgangspunte, diereverhale en verskeie ander. Hierdie verskillende soorte verhale word hierna kortliks bepreek.

5.5.2.1 Familieverhale

Realiteitsverhale wat oor die gesin of familie handel, word reeds vanaf die Victoriaanse tyd gelees. Hierdie verhale word volgens Chen (2009) gewoonlik in episodes (hoofstukke) vertel omdat dit om die daaglikse take en aktiwiteite van die gesin of familie heen gebou word. Indien daar konflik in die gesin of familie is, word gepoog om die konflik op te los, op positiewe of negatiewe wyse. Realiteitsverhale wat die gesin of familie betrek, gee aan elke leerder, oud en jonk, die geleentheid om probleme wat hy/sy in sy/haar eie lewe beleef ook in ander se lewens raak te sien. Aangesien hierdie verhale oorspronklik in die Victoriaanse tyd geskryf is, het die eerste gesins- en familieverhale oor sentimente in die Victoriaanse gesin gehandel. Daar is byvoorbeeld dikwels gefokus op gesinne wat eie geluk sou opoffer vir die gesinseenheid. Vir die leerders is die gesin se welstand belangrik, en 'n moeder as

weduwee word deur die eenheid van haar familie versterk vir haar daaglikse take (Russell, 2012: 245).

Gesins- en familieverhale het van die goeie tradisionele huisgesin wegbeweeg. Die moderne gesinsverhale beeld die gesin wat as 'n probleemarea in die hoofkarakter se lewe. Deesdae word gesinne realisties uitgebeeld waar albei ouers werk, enkelouer-gesinne, verwaarlosing van kinders ondankbare kinders, twis tussen broers en susters en die algemene aftakeling van kommunikasie wat in 'n gesin voorkom.


Daar is verskeie voorbeelde van hierdie soort verhale, onder meer *Vuil skottelgoed* van Derick Muller, *Die verdrinking van Josua van Eden* deur Carina Diedericks-Hugo, *Jakkalsvoël* deur Kobus Maree, *Hanna Hoekom* deur Marita van der Vyver, *Lien se lankstaanskoene* deur Derick van der Walt en die *Thomas@*-reeks deur Carina Diedericks-Hugo. Hierdie verhale is hoofsaaklik op die adolessent gemik.

Daar is egter ook vir jonger kinders boeke wat gesinsprobleme aanraak. So is onder meer *Is jy hartseer*, *Beetjie* deur Rachel Rivett, *Dirk soek 'n drukkie* deur David Belling, *Wat doen Pappa?* deur Rachel Bright, *Aspris-krokedis* deur Rheresa van Baalen, *Reënboogfeetjie se spesiale dag* deur Annelize Bester, *My sussie is 'n alien* deur Rachel Bright en *Prinses Mossienes* deur *Wendy Maartens* en *Heidi* deur Johanna Spyri.

5.5.2.2 Verhale wat sosiale kommentaar lewer

Verhale wat sosiale kommentaar lewer, is verhale wat handel oor vriendskap, selfidentiteit, rassekonflik, kindermishandeling, seksuele misbruik, homoseksualiteit, geweld en verhale wat met betrekking tot die fisiese ontwikkeling van die individu (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:366; Russell, 2012: 246). Outeurs wat dié soort verhale skryf, glo dat dit beter is dat kinders en adolessente eerder inligting oor die onderwerpe van goeie skrywers kry sodat die korrekte feite oor 'n spesifieke onderwerp aan kinders gegee kan word.

Adolessenteverhale wat hierdie onderwerpe aanraak, is in baie gevalle kontroversieel, en dit is belangrik dat ouers nie net die boeke op ondeurdagte wyse aan kinders gee nie, maar deel moet wees van die keuseproses. Verhale wat oor hierdie onderwerpe handel wat spesifiek vir adolessente bedoel is, is onder meer *Breinbliksem* deur Fanie Viljoen (sien Figuur 5.14), *Nie vir kinders nie* deur Francois Bloemhof, *Skilpoppe* deur Barry Hough, *Swartskaap* deur Odette Schoeman en *Dis ek Anna* deur Elbie Lötter.



Figuur 5.14: Voorbeeld van realiteitsverhale wat sosiale kommentaar lewer

KJL wat onderwerpe betrek wat sosiale kommentaar lewer, is onder meer *Los ons uit* deur Martie Preller, *Parmant* deur Leon de Villiers, *My bed is my bed* deur Mij Kelly en Mary McQuillan, *Drie hoera's vir Denver* deur Wendy Maartens en *Klein Konyn* deur Heidi D'Hamers.

In die geval van kinders en adolessente wat met bepaalde kwessies soos hulle identiteit, seksualiteit en omstandighede worstel, kan hierdie boeke groot waarde inhou maar die ouer en/of onderwyser móét betrokke wees by die evaluering en keuse van die boeke. Kinders moet nie net toegelaat word om te besluit of hulle boeke met kontroversiële onderwerpe wil en/of mag lees nie.

5.5.2.3 Avontuurverhale

Avontuurverhale is 'n gunsteling onder leerders. Kinders en adolessente geniet dit om verhale te lees wat oor die oorlewing van die karakters handel, waar 'n hoofkarakter byvoorbeeld teen die elemente van die natuur moet oorleef, waar die hoofkarakters sosiale uitsluiting moet oorleef, waar 'n karakter grootword ten spyte van die omstandighede waarin die karakter hom/haar bevind. Die karakters in hierdie verhale moet gewoonlik iets oorkom wat ontoeganklik voorkom en deur die proses waartydens hulle die probleme en avonture oorkom, groei die karakter in sigself, en leer homself/haarself ken (Gangi, 2004:99). Ondersoekende verhale waarin die hoofkarakter 'n misdaad moet oplos wat hom/haar dan op 'n avontuurlike ontdekkingstog laat gaan, word ook hieronder geklassifiseer.

Die sleutel van avontuurverhale en oorlewering is die inhoud oor die proses van oorlewing. Die hoofkarakter se vermoë om kos in die hande te kry, sy/haar vermoë om hom/haar teen natuur en

menslike elemente te beskerm word getoets. In Afrikaans was en is dit steeds 'n gewilde soort realiteitsverhaal. Daar is onder meer ook kies-jou-eie-avontuur-boeke. Volgens Preller (2000:89) het 'n kies-jou-eie-avontuur-boek nie 'n hoofkarakter nie, maar word die leser wat die boek lees, die hoofkarakter. Hierdie boeke is in die tweede persoon geskryf en alles wat in die boek gebeur, gebeur met die leser self. Die leser moet deur die loop van die boek op sekere plekke keuses maak oor hoe hy/sy 'n spesifieke situasie sou hanteer. Nadat die leser 'n opsie gekies het, moet hy/sy na 'n aangewese bladsy in die boek toe gaan. As hy/sy egter 'n ander opsie kies, moet hy/sy na 'n ander bladsy toe blaai. Leerders geniet hierdie soort avontuurboeke omdat hulle keuses kan maak en omdat daar verskillende eindes is. Hulle kan die boek herlees en elke keer by 'n ander einde uitkom. Preller doen die volgende kies-jou-eie-avontuur-boeke aan die hand: *Jy en die draakakkedis, Jy en toetenkat* en *Jy en Hercules, almal geskryf deur Martie Preller.*

Boeke soos *Die Uile*-reeks deur Cor Dirks, die *Trompie*-reeks deur Topsy Smith en die *Saartjie-reeks* deur Bettie Naudé, wat almal onlangs herdruk is, is voorbeelde van avontuurreekse. 'n Avontuurreeks wat modern en gewild onder jong lesers is, is onder meer die *Thomas@-reeks* geskryf deur Carina Diedericks-Hugo wat ook in 2013 as 'n reeks op kykNET vertoon word. Jong lesers geniet ook avontuurverhale soos duidelik blyk uit verkope van boeke soos *Rivierplaasstories* geskryf deur Alba Bouwer, *Die avonture van Wilde Willemientjie* en *Die verdere avonture van Wilde Willemientjie*, albei geskryf deur Riana Scheepers. Kinders van alle ouderdomme geniet dit om avonture saam met die karakters in die boeke aan te durf en leer ook daardeur dat hulle probleme wat op hulle pad kan kom, kan aanvat en oorwin.

5.5.2.4 Diereverhale

Verhale wat as realistiese diereverhale geklassifiseer kan word, is verhale waar die karakters diere is, maar waar die karakters sekere eienskappe met mense sal deel. Diere kan ook liefhê, lojaal wees, jaloers wees, bang wees en verskeie ander menslike emosies toon (Chen, 2009). Dit verskil van tradisionele en fantasieverhale wat oor diere handel in dié opsig dat die diere in hierdie verhale nie menslik is nie. Hulle kan nie praat nie en sal ook nie soos mense loop of optree nie. Hulle deel slegs sekere eienskappe met mense. Hulle lewe as diere, tree op soos diere en kan nie praat nie; hulle is bloot net diere (Chen, 2009; Russell, 2012: 248). Realistiese diereverhale het in die negentiende en twintigste eeu hulle verskyning gemaak, en is baie gewild in Noord-Amerika soos *Black Beauty*.

Diereverhale sal in baie gevalle die verhouding tussen 'n dier en 'n leerder weerspieël. In baie gevalle sal daar 'n situasie geskets word waar óf die mens óf die dier in die moeilikheid is en die ander een hom/haar moet help. Volgens Chen (2009) is realistiese diereverhale van dié verhale wat vir 'n lang tydperk deur kinders geniet word en dit is in baie gevalle ook die inspirasie vir flieks, soos onder meer *Black Beauty* ('n verhaal uit 1887 wat in 1994 opnuut verfilm is), *Lassie* (wat reeds in 1954 verfilm is) en verskeie ander. In Afrikaans is daar onder meer die *Stalmaats*-reeks (sien Figuur 5.15) wat onder die skuilnaam Lize Roux deur Jaco Jacobs geskryf is. In die verhaal ontwikkel daar 'n vriendskap

tussen die karakter Anri en die palominomerrie Sugerplum. Ander voorbeelde sluit onder meer *My kat word herfs* deur Barry Hough in.



Figuur 5.15: Voorbeelde van realiteitsverhale oor diere

5.5.2.5 Sportverhale

Realiteitsverhale oor sport het in die negentiende eeu in tydskrifte vir seuns ontstaan en het in die twintigste eeu tot volwaardige boeke ontwikkel. Verhale wat oor sport handel, moedig 'n hoë morele karakter en goeie sportmanskap aan. Dit is gewoonlik grootwordverhale, veral wanneer die hoofkarakter iets oor homself/haarself leer deur om aan sport deel te neem (Chen, 2009; Russell, 2012:250).

Die sukses van sportrealiteitsverhale word meestal bepaal deur die manier waarop die spanning en opgewondenheid om die spel wat gespeel word heen opgebou kan word. Die belangrikheid van spanwerk en eerlike sportmanskap word aan jong lesers oorgedra. Die persoonlike probleme wat tussen spelers ontwikkel en wat op die einde van die verhaal opgelos word, help leerders om persoonlike probleme in hulle eie wêreld te hanteer. Hierdie verhale is gewoonlik baie populêr omdat kinders, veral seuns van sport hou, al is die gebeure gewoonlik voorspelbaar, die karakters gestereotipeer en die dialoog holrug gery.

Vir jonger kinders is daar nie baie sportrealiteitsverhale nie, maar vir adolessente is daar verskeie soos onder meer *Springbok-allegaartjie* deur Eddie Grieb. Die meeste sport-realiteitsverhale kan gewoonlik eerder as ander soorte realiteitsverhale geklassifiseer word waar die hoofkarakter toevallig aan 'n bepaalde sportsoort deelneem.

5.5.3 Gebruik tydens onderrig

Indien die hoofdoel van realistieseverhale is om leerders te help om met ander te identifiseer, hulle horisonne te verbreed en tot 'n persoonlike ontdekking te kom, moet ouers en veral onderwysers vertroud wees met die verskillende soorte realiteitsverhale wat daar bestaan (Norton & Norton, 2011:394). Norton is van mening dat daar realistiese aktiwiteite aan realistiese literatuur gekoppel


moet word. Hierdie aktiwiteite kan aan ’n wye verskeidenheid van vakgebiede gekoppel word, omdat dit op die werklikheid gebaseer is.

In die klas kan rolspel tydens die lees van realiteitsverhale gebruik word. Leerders kan in die klaskamer deur middel van rolspel aangemoedig word om op ’n probleem te reageer en wyses om daardie probleem op te los, te ondersoek vir ingeval dit met hulle sou gebeur (Norton & Norton, 2011:395). Dit help leerders om die wêreld om hulle te verstaan en verskillende wyses te ontwikkel waarvolgens hulle sekere situasies kan oplos.

Onderwysers kan gebruik maak van prenteboeke met realistiese foto’s waarin dokters, brandweermanne, polisie, ouers en verskeie ander karakters uitgebeeld word. Dit kan jong leerders aanmoedig om professies te ondersoek en karaktereienskappe wat hulle met die bepaalde persoon assosieer, te noem. Wanneer leerders die rolle in dramatiese spel vertolk, oorkom hulle sekere vrese omdat hulle die situasie in hulle spel kan hanteer voordat dit in die werklikheid gebeur. Onderwysers móét besef dat, al word die rolspel nie in die klas gedoen nie, stel die gebruik van prenteboeke en realiteitsverhale die leerder se verbeelding oop en leerders sal gevolglik baiekeer die verhaal op hulle eie op die speelterrein uitspeel. Indien die dramatiese spel wel in klasverband plaasvind, kan die onderwyser die onderstaande stappe volg:

- Eerstens kan leerders aangemoedig word om te dink wat moontlik volgende in die verhaal kan gebeur en hoe die verhaal kan eindig. Daarbenewens moet hulle met die karakters identifiseer.
- Tweedens kan leerders gevra word om die karakters te beskryf: hoe hulle lyk, hoe hulle optree en waar hulle is. Op dié wyse gebruik die onderwyser en leerders hulle kennis oor die narratologiese elemente om die karakters te ondersoek.
- Derdens moet die leerders hulle dialoog oefen en dit opvoer. Op dié wyse word die verhaal in die leerders se geheue vasgelê.
- Laastens kan die leerders wat die dramatiese spel waargeneem het, gevra word om die oplossing te evalueer. Leerders moet sê of hulle die oplossing as realisties, gepas en doeltreffend beskou (Sutherland, 1997:220).

Realiteitsverhale kan ook gebruik word om lees aan te moedig. Verskeie verhale vertel die verhaal van die oorlewing van ’n spesifieke karakter en die volwassewording van daardie bepaalde karakter. Die spinnekopweb, soos gebruik in hoofstuk 4, kan hier ook van waarde wees. As die voorbeeld van eilandoorlewing gebruik kan word, sal die web soos in Figuur 5.16 aangetoon, lyk. Afgesien daarvan dat die boek tydens taalonderrig gebruik kan word, kan ’n avontuurverhaal en die web wat saamgestel word, ook in ander vakke gebruik word, bv. by Tegnologie, Geografie en Lewensoriëntering.



Figuur 5.16: Breinkaart van eilandoorlewing in 'n realiteitsverhaal

Hierdie soort verhaal is 'n goeie voorbeeld van die wyse waarop 'n verhaal in verskillende dissiplines gebruik kan word. Geografie en die weersomstandighede waarmee die karakter gekonfronteer kan word, kan gebruik word by die onderrig van sosiale wetenskappe. Net so kan kos, klere en mediese kwessies gebruik word by lewensoriëntering en laastens kan behuising kan gebruik word tydens die onderrig van die bou van strukture en by probleemoplossings. Die onderwyser kan vrae ontwikkel wat vir die vlak van die klasgroep geskik is, maar die leerders moet ondersteun word om sodoende probleme op te los.

5.6 Geskiedkundige fiksie

Die herlewing van vergete karakters en vergete gebeure word deur middel van geskiedkundige literatuur aan jong lesers oorgedra. Jong lesers ontdek weer wat eeue tevore gebeur het en die uitwerking wat dit op ons hedendaagse lewens het. Volgens Johnson (2009:211) maak geskiedkundige literatuur 'n vroeëre tyd aan lesers bekend. 'n Verhaal kan as geskiedkundig beskou word indien dit handel oor iets wat ten minste 20 jaar tevore gebeur het. Volgens Johnson (2009:211) word feite en verbeelding in geskiedkundige fiksie saamgevoeg. Geskiedkundige fiksie het volgens Chen (2009) ontstaan uit die romantiese beweging toe daar gepoog is om van die moderne wêreld te ontsnap. In die 19de eeu het geskiedkundige KJL gewild geraak omdat dit die leser na ongewone plekke, kleurvolle avonture en helde wat lank gelede gelewe het, wegvoer. Dit is belangrik dat geskiedkundige KJL die geskiedenis herskep en te alle tye sensitief en objektief is.

Leerders van vandag kan nie in 'n Suid-Afrika van 100 jaar gelede woon nie; hulle kan slegs deur middel van die KJL wat hulle lees, deel word van 'n Suid-Afrika van 100 jaar gelede. Hulle kan nie deel wees van die twee Vryheidsoorloë teen Brittanje, die Eerste en Tweede Wêreldoorloë, die instelling en afbreek van Apartheid of die vrylating van Nelson Mandela nie. Hulle kan hulle hierdie gebeure slegs in hulle gedagtes voorstel. Deur die gebruik van geskiedkundige KJL kan hierdie geskiedenis lewend word vir leerders. Hulle kan deur kleurryke beskrywings voel of hulle self deel was van die gebeure (Norton & Norton, 2011:408). Volgens Johnson (2009:211) geniet leerders dit

om geskiedkundige verhale te lees, en wanneer hulle geskiedkundige verhale lees, herleef hulle die omgewing, gebeure en avonture in oormaat. Jong lesers ontdek hulle eie erfenis en dié van ander deur geskiedkundige fiksie te lees. Hulle bekom deur te lees ook inligting oor mense, waardes, uitgangspunte, geloof en die fisiese omgewing en ontberings wat mense moes oorkom.

Geskiedkundige fiksie gee volgens Russell (2012:310) verder aan leerders die geleentheid om hulle eie vrese te oorkom. Hulle sien wat ander leerders in ander tye oorkom het, en oorkom soms op dié wyse probleme wat hulle in hulle eie lewens hier en nou ervaar. Leerders kan universele waarhede ontdek en gevoelens en gedrag identifiseer waarvoor hulle self ook te staan kom. Dit kan hulle aanmoedig om hulle probleme op 'n ander wyse as waaraan hulle gewoond is, te hanteer en ander se uitgangpunte oor die spesifieke kwessie in te sien.

Dit laat leerders verder besef dat mense op mekaar staatmaak en mekaar nodig het. Leerders kan op hierdie wyse die belangrikheid van menseverhoudings leer begryp en sodoende hulle eie verhoudings koester en versorg. In KJL kry hulle die geleentheid om oorsaak en gevolg van ander mense se besluite te sien. Wanneer daar na geskiedkundige fiksie gekyk word moet onderwysers sekere aspekte in ag neem. Hulle moet onder meer vasstel of die karakters konflik ervaar wat 'n werklikheid was in die tydperk waaroor daar geskryf word. Die manier waarop die karakter die probleem oplos, moet ook ooreenstem met die tydperk waarin die afspeel. As daar byvoorbeeld oor die Eerste Wêreldoorlog geskryf word, kan daar nie melding gemaak word van die gebruik van atoombomme nie omdat dié tegnologie toe nog nie bestaan het nie. Dit is belangrik dat die karakters se optrede, hulle waardes, geloof, taalgebruik en die narratiewe ruimte wat uitgebeeld word in die teks alles geloofwaardig is en met die werklike gebeure ooreenstem. Die outeur kan kies om 'n verhaal om sekere gebeure heen op te bou. In so 'n werk word daar nie beweer dat die verhaal 'n feiteboek oor die gebeurtenis is nie, maar bloot dat 'n spesifieke gebeurtenis die inspirasie was vir die verhaal. Die geval van *Dirkie, Drieka, Federika* deur Fanci Greyling kan hier as voorbeeld dien. Dit is 'n fiktiewe karakter, en dit wat met die karakter gebeur, is fiktief; die omstandighede waarteen die gebeure afspeel, die Tweede Vryheidsoorlog, verwys egter iets wat werklik gebeur het en die skrywer moet die beperkings en omstandighede van die gebeurtenis in ag neem.

Voorbeelde van goeie geskiedkundige fiksie in Afrikaans is onder meer *Die stoutsterte van Texel tot Tafelbaai* en *Die stoutsterte: Poot aan wal* deur Marianna Brandt (vir laerskoolleerders veral), *Dirkie, Drieka, Frederika* deur Franci Greyling, *Wynand se oorlog* deur Ria Jordaan en *Die pad na die see* deur Pieter Pieterse. Dan is daar oor nog *Die vrylating van Nelson Mandela* deur Simon Beecroft, *Melrose Huis* deur Franci Greyling en *Die bruin wind* deur Maretha Maartens (Heale, 2012:75).

5.6.1 Gebruik tydens onderrig

Leerders kan liefde en respek vir die geskiedenis ontwikkel wanneer hulle deur middel van literatuur op 'n gepaste wyse daarmee in aanraking kom. Wanneer leerders omring word deur prente- en ander boeke wat gevul is met geskiedkundige avonture, kan dit hulle wys hoe mense vroeër geleef. Volgens Norton en Norton (2011:438) kan geskiedkundige fiksie vir jong lesers wys dat dit nie net om

bepaalde gebeure wat op mekaar volg gaan nie, maar dat dit ook mense betrek. Mense het daardie gebeure oorleef, en deur die literatuur kan leerders baie omtrent die geskiedenis leer, omdat hulle mense se verhale onthou, en nie net gebeure nie. Geskiedkundige fiksie kan in die klaskamer lewend gemaak word deurdat die verhale dramaties vertel word, sodat leerders die emosies van die karakters kan voel en hulle ervarings kan deel.

Geskiedkundige fiksie kan ook interdissiplinêr gebruik word, soos in die geval van realiteitsverhale. Ekonomie kan byvoorbeeld onderrig aan die hand van verhale oor die ontdekking van goud en diamante en die wyse waarop dit die ontwikkeling van Suid-Afrika beïnvloed het. Geografie kan onderrig word met verwysing na verhale waarin ander nasies, soos die Europeërs, en hulle invloed op Suid-Afrika aan bod kom. Dieselfde geld vir verhale waarin byvoorbeeld rassekonflik en xenofobie as tema dien en die wyse waarop dit selfs vandag nog 'n groot invloed op Suid-Afrika het, op die voorgrond staan. Onderwysers moet die nut daarvan kan insien dat nie net die taal (woordeskat, sinskonstruksie ensovoorts) en literêre aspekte (narratologiese elemente) positief deur die lees van geskiedkundige verhale beïnvloed kan word nie, maar dat die leerder se verwagtingshorison verbreed kan word en dat die lees van hierdie soort verhale voordeel kan inhou tydens die onderrig van ander vakke.

Daar kan onder meer ná die lees van 'n teks, 'n klaskoerant uitgegee word. Die voorbeeld van *Dirkie, Drieka, Frederika* deur Franci Greyling kan weer gebruik word. Die onderwyser kan, ná die lees van die verhaal, die leerders in groepe indeel. Die leerders kan dan 'n koerant oor die gebeure in die verhaal saamstel. Daar kan onder meer geskryf word oor sterftes tydens die oorlog, die konsentrasiekampe en wat werklik daar gebeur het, die plase wat afgebrand is en die aanhoudende aankoms van versterkings uit Brittanje. Op die manier geniet leerders nie net die teks wat aan hulle voorgelees is nie, maar hulle kan ook self daaroor navorsing gaan doen en stories skryf. Dit ontwikkel die leerders se taalvaardighede omdat hulle moet lees, skryf en met mekaar daaroor praat.

5.7 Niefiksie: Informatiewe literatuur

Informatiewe literatuur is literatuur wat fokus op onderwerpe soos geskiedenis, die ruimte, diere, plante – eintlik enige onderwerp waaraan 'n mens kan dink. Dit is boeke wat leerders gebruik om meer oor 'n onderwerp waarvan hulle hou, te wete te kom of wat hulle gebruik wanneer hulle take en so meer moet voltooi (Norton & Norton, 2011:494). Leerders, onderwysers en ouers heg groot waarde aan hierdie boeke omdat dit aan leerders die nodige inligting oor onderwerpe waaroor hulle navorsing moet doen, op 'n wyse wat vir die leerder toeganklik is, aangesien daar boeke met verskillende moeilikheidsgrade bestaan sodat die leerder kan kies.

Informatiewe literatuur is van groot waarde omdat leerders in hierdie boeke antwoorde op vrae kan kry waaroor hulle nadink, soos onder meer spesifieke diersoorte. Dit gee aan leerders inligting oor hulle stokperdjies, eksperimente wat hulle kan doen, die manier waarop sekere goed werk, eienskappe van plante en diere, en die wyse waarop meganika byvoorbeeld werk. Verskeie moderne

informatiewe boeke is op onderwerpe gerig waarmee die leerders in aanraking kom, dinge wat hulle oor die radio hoor, of op televisie sien.

Dié studie het egter grootliks op fiktiewe literatuur en die wyses waarop dit in die skoolkurrikulum ingesluit kan word, gefokus en daarom word informatiewe literatuur nie volledig bespreek nie. Dit word egter volledigheidshalwe genoem.

5.8 Niefiksie: Biografieë en outobiografieë

'n Biografie is 'n beskrywing van 'n spesifieke persoon se lewe. Volgens Norton en Norton (2011:450) geniet leerders biografieë en voel hulle asof hulle persoonlike bevriend is met die persoon oor wie die verhaal handel. Leerders kan egter ook maklik verveeld raak sou die biografie of outobiografie nie goed geskryf wees nie. In Afrikaans is daar nie baie biografieë beskikbaar wat spesifiek vir leerders geskryf is nie. Die *Learning African History Freedom Fighters series 1, 2 and 3* is 'n voorbeeld van biografieë wat spesifiek vir leerders geskryf is, maar dit is ongelukkig net in Engels beskikbaar. Daar is egter verskeie biografieë vir leerders wat oor die lewe van Mandela handel, soos onder meer *'n Ware heer* deur Dianne Case, *Beste mnr. Mandela* deur Jomarié Dick, en die *Vrylating van Nelson Mandela* deur Simon Beecroft. Die meeste biografieë wat egter beskikbaar is vir leerders is polities en kan leerders daarvan laat afsien.

Volgens Gangi (2004:208) is biografieë besonder belangrik vir leerders omdat dit vir hulle 'n idee gee van wie en wat hulle eendag wil word. Dit ontwikkel leerders se idee van 'n beroep wat hulle wil volg en wat hulle moet doen om daar uit te kom.

5.8.1 Evaluering

Biografieë moet voldoen aan die kriteria vir goeie literatuur. Biografieë moet voorts negatiewe stereotipes wat op ras, geslag en fisiese vermoë gebaseer is, vermy. Die belangrikste narratologiese element wat in biografieë na vore kom, is karakterisering (Norton & Norton, 2011:452). Die outeur moet die wese, persoonlikheid en waardigheid van die bepaalde karakter oor wie die biografie handel, kan saamvat. Die karakter oor wie die biografie handel, moet te alle tye akkuraat wees omdat dit aanvaar word as die waarheid oor die persoon.

Volgens Hamilton (1992:678) moet die karakter in 'n biografie nie bloot in die idilliese aspekte van die persoon se lewe vasgevang word nie, maar moet daar by die feite van die persoon se werklike lewe uitgekom word. Hamilton stel dit soos volg:

> *… then one proceeds in the same way as with a question. How did this person really move in time and space? Who was he inside, where no one is the wiser about him but himself? Is there any light in there, any way to see? The researcher-novelist must find an opening within the real person of the biography so that the life is in the spotlight in full view, and exists again.*

Wanneer onderwysers biografieë en outobiografieë oorweeg vir gebruik in die klaskamer is dit belangrik dat seker aspekte in ag geneem word. Hierdie aspekte sluit onder meer die vraag of die bepaalde biografie/outobiografie goeie KJL is, in. Goeie taalgebruik en sinstrukture moet in ag geneem word ongeag oor die wie biografie/outobiografie handel. Die biografie/outobiografie moet verder die moeite werd wees, en dit moet handel oor 'n persoon wat 'n positiewe invloed op die leerders kan hê.

Die feite wat in die biografie/outobiografie weergegee word, moet korrek wees en die outeur moet onderskei tussen dit wat feite is en dit wat hy/sy aanbied as sy/haar eie interpretasie van gebeure en situasies waarin die persoon oor wie die biografie/outobiografie handel, hom/haar moontlik kon bevind. Die outeur moet onder geen omstandighede sy/haar eie interpretasies as feite aanbied nie omdat dit leerders kan verwar. Onderwysers kan die feitelike korrektheid van die biografie/outobiografie toets deur die primêre bronne wat die outeur as stawende dokumente vir sy/haar weergawe van die gebeure aanbied, na te gaan. Onderwysers kan verder seker maak dat die biografie/outobiografie foto's en illustrasies bevat wat die feitelike aspekte van die omstandighede uitbeeld.

Dit is belangrik dat die biografie te alle tye so korrek moontlik is. Volgens Moore (1988:34) is daar drie kategorieë waarvolgens outeurs foute maak in biografieë:

- outeurs kan in die eerste plek nommers, datums en name verkeerd weergee;
- die lewe van die persoon kan onvolledig weergegee word of die feite kan onduidelik of misleidend wees; en
- sommige outeurs dra onwaar feite blatante in hulle biografieë oor.

Volgens Norton en Norton (2011:453) moet daar meer druk op outeurs en uitgewers geplaas word om die akkuraatheid van hulle biografieë te verseker. Biograwe wat vir leerders skryf, het 'n besondere verantwoordelikheid om akkurate en geloofwaardige karakters en ruimtes aan te bied. Indien foutiewe of onwaar inligting aan leerders gegee word, kan dit as waar aanvaar word en sal leerders die geskiedenis verkeerd oproep. Outeurs moet die persoon en geskiedenis goed navors en die nuwe teks so ver moontlik uit oorspronklike dokumente saamstel. Volgens Freedman (1988:449) sal 'n goeie biografie die leser laat voel asof hy/sy werklik daar is:

> *There's something magic about being able to lay your eyes on the real thing –something you can't get from you reading alone. As I sat at my desk in New York City and described Lincoln's arrival in New Salem at the age of twenty-two, I could picture the scene in my mind's eye, because I had walked down those same dusty lanes, where cattle still graze behind split-rail fences and geese flap about underfoot. When I wrote about Lincoln's morning walk from his house to his law office in downtown Springfield, I knew the route because I had walked it myself* (Freedman (1988:449).

Stanley (2001:A21) is van mening dat outeurs ook die verandering wat in die persepsies oor 'n historiese karakter kan ontstaan, in ag moet neem. Wanneer mense in 'n bepaalde kultuur se sienings oor iets verander, moet die biograaf se skryfwerk dit weerspieël. Die historiese uitkyk kan en moet soms die biografie beïnvloed. Soos reeds genoem, moet die outeur ook seker maak dat die persoon oor wie die biografie handel, se lewe 'n positiewe invloed gehad het sodat wanneer leerders daaroor lees, dit hulle ten goede sal strek.

Onderwerpe wat in biografieë aangeraak word, sluit onder meer in die ontdekking dat die aarde rond is en die ruimte verken, politieke leiers en sosiale aktiviste. Ouers moet nie net bloot sosiale aktiviste as sleg afmaak nie. As daar byvoorbeeld na moderne musikante gekyk word, is daar verskeie van hulle wat goeie werk doen vir die wêreld, soos Bono, en onderwysers en ouers moet genoegsame kennis van biografieë hê om 'n ingeligte besluit te neem ten opsigte van watter biografieë geskik is vir leerders en watter nie.

Indien daar moeite gedoen word met biografieë en dit die leerders se belangstelling prikkel, kan biografieë gewild raak onder leerders en adolessente en sodoende hulle kennis en waardes verbeter en ontwikkel (Norton & Norton, 2011:468).

5.8.2 Gebruik tydens onderrig

Volgens Norton en Norton (2011:480) is biografieë vir leerders baie opwindender as blote handboeke wat die inligting vervat. Die dialoog, konfrontasies tussen mense en opvattings en die geluk en hartseer wat 'n groot deel van verskeie biografieë uitmaak, is van groot waarde vir leerders. Dit kan as mentors op papier vir leerders beskou word. Biografieë gee aan leerders 'n gevoel van bemagtiging, aangesien hulle voel hulle kan ook bereik wat die mense in die boeke bereik het (Gangi, 2004:211). Biografieë en outobiografieë kan verder as goeie naslaanbronne gebruik word wanneer leerders meer oor 'n persoon wil nalees, of as hulle opdragte oor spesifieke persone moet voltooi. Dit is daarom belangrik dat onderwysers leerders aan biografieë en outobiografieë sal bekendstel (Herszenhorn & Saulny, 2005:30; Norton & Norton, 2011:480).

Biografieë kan op verskeie maniere in die klas gebruik word. Nie net sal dit vir leerders interessant wees as daar uit biografieë voorgelees word nie, maar onderwysers kan ook aktiwiteite daaromheen ontwikkel. Onderwysers kan onder meer opdrag gee dat die leerders onderhoude met mekaar voer nadat hulle die verhaal gelees het. Dié onderhoude kan die vorm aanneem van 'n gesprek tussen 'n joernalis en die outeur of tussen 'n joernalis en die persoon waaroor die biografie handel. Die leerders moet genoegsame kennis oor die persoon hê om die regte vrae te vra en antwoorde te. So ook kan daar gesprekke gevoer word tussen mense uit verskillende geskiedkundige tye. In die Geskiedenisklas kan 'n leerder byvoorbeeld met iemand soos Nelson Mandela as leerder gesels om sodoende die tyd en omstandighede in die Apartheidsera te verstaan.

Leerders kan ook aangemoedig word om, na aanleiding van die lees van 'n biografie, 'n tydlyn van 'n persoon se lewe op te stel. Dit help leerders om die gebeure in die regte volgorde te sit en om vas te

stel wat belangrik is en wat nie. In 'n biografie word die waardes van die persoon oor wie dit handel, gewoonlik geïllustreer. Leerders kan gevra word om die waardes, geloof en optrede van die persoon te analiseer. Dit sal leerders se taal ontwikkel maar ook die morele waardes van die leerders bevoordeel omdat hulle na die afloop van so 'n biografie moontlik geïnspireer kan wees om soos die persoon in die boek te wees (Norton & Norton, 2011:485). Biografieë en outobiografieë kan nie in die klaskamer oor die hoof gesien word wanneer daar besluit word watter literatuur met leerders behandel moet word nie. Soms het leerders realistiese karakters wat werklik 'n verskil gemaak het. nodig om hulle eie uitkyk op die lewe aan te pas.

5.9 Poësie

Volgens Johnson (2009:9) is poësie die eerste genre van KJL waarmee kinders in aanraking kom deur die gebruik van slaapliedjies en kinderrympies. Soos hulle ouer word leer kinders raaisels en springtourympies. Deur die gebruik van rympies leer kinders lees en skryf en algaande hulle ouer word, kan poësie kinders aan nuwe woordeskat blootstel en aan hulle nuwe perspektiewe oor die wêreld waarin hulle leef, gee. Russell (2012:176–177) beskryf poësie as die emosionele geskrewe teks wat bestaan uit woorde wat in patrone en klanke georganiseer is. Die beelde wat in poësie gebruik word, vereis 'n emosionele en intellektuele reaksie van die leser. Poësie is die taal van beelde, gevoelens en emosionele selfuitdrukking van kuns. Russell is verder van mening dat letterkunde wil verduidelik terwyl poësie met klank en sang speel. Poësie is musikaal, presies, onvergeetlik en betowerend. In die woorde van digter Robert Frost (1963):

> *A poem begins as a lump in the throat, a sense of wrong, a homesickness, a lovesickness ... It finds the thought and the thought finds the words.*

Poësie kan ook beskryf word as poëtiese elemente wat in poësie vervat word, en volgens Norton en Norton (2011:313) is daar nie 'n definitiewe definisie vir poësie nie. Soos skilderye, kan poësie nie vinnig geïnterpreteer word nie; dit moet selfs 'n tweede keer gelees word sodat lesers in die klank en beeld wat deur die poësie geskep word, verdiep kan raak. Leerders moet daarom die geleentheid gegee word om te sien, te hoor en te voel wat in die digter se wêreld gaande is. Volgens Yolen (2003:66) is poësie die literêre vorm waar taal gebruik kan word om ritme, klank, beelde en betekenis te gee om sodoende die wêreld op 'n ander manier te sien.

5.9.1 Waarde van poësie

Poësie is van groot waarde vir leerders wat daardeur hulle gevoelens, ondervindings en visioene met mekaar kan deel (Norton & Norton, 2011:310). Poësie gee verder aan leerders die geleentheid om die wêreld te begryp, en dit motiveer hulle om met woorde te speel en sodoende beelde deur goed gekose woorde te skep. Volgens Bloom (2004:xvi) gee poësie verder aan leerders die geleentheid om emosies soos leed en glorie te verwerk.

In die skool kan poësie gebruik word om kennis aan leerders oor te dra. Die kennis wat in poësie oorgedra word, kan onder meer handel oor begrippe in die wêreld om hulle soos grootte, syfers, kleur en tyd. Dit laat leerders verder toe om taal te waardeer. Die feit dat daar in poësie met klank gespeel

word, laat leerders die waarde en emosie wat party woorde in die regte volgorde vir ’n leser kan hê, insien.

Poësie help leerders om met mense te identifiseer. Net so gee die situasies waarin leerders hulle bevind, aan leerders insig in hulleself en in ander. Dit ontwikkel leerders se sensitiwiteit vir universele gevoelens en behoeftes. Leerders voel dat hulle gevoelens saak maak omdat digters ook dié emosies het (Norton & Norton, 2011:311).

5.9.2 Eienskappe van goeie kinderpoësie

Kinders moet van kleins af aangemoedig word om poësie eerlik te evalueer. Wanneer poësie vir leerders gekies word, moet die kind se belangstellings in ag geneem word en die poësie moet tot die kinders se verbeelding spreek. Kinderpoësie moet verkieslik rym, ritme, humoristiese narratief en inhoud wat bekend is, insluit (Norton & Norton, 2011:313). eerder as tradisionele poësie.

Norton en Norton (2011:313) is van mening dat daar heelwat kinders is wat nie in besonder van poësie hou nie hoofsaaklik aangesien poësie voortdurend met kinders gedeel word nie. Dit word as bo kinders se vuurmaakplek beskou. Die genot van kinderpoësie kan verhoog word deur ’n entoesiastiese volwassene (onderwyser of ouer) wat aan kinders gedigte voorlees en hulle aanmoedig om gedigte te lees. Die probleem hiermee is egter dat die volwassenes – in besonder die onderwyser – genoegsame kennis moet hê om poësie met kinders te deel. Die kennis waarna hier verwys word, is kennis van verskillende poësiesoorte, van beelding in poësie en van skrywers en digbundels.

Onderwysers moet goeie poësie kies. Goeie poësie is volgens Norton en Norton (2011:314) poësie wat goeie rympatrone bevat of ’n gedig wat nie op een slag volledig begryp word nie. ’n Gedig wat nie net een betekenis het nie, maar meer en meer van homself in die leerder se gedagtes te kenne gee, lei die kind om meer van homself/haarself te wete te kom. Dit maak dit vir kind moontlik om die beelde agter die woorde te ontdek, en op so wyse ’n totale nuwe wêreld te leer ken. Daar moet egter volgens Johnson (2009:247) nie net op poësie wat vir kinders lekker is gefokus word nie; daar moet ook uitdagende poësie aan kinders gegee word sodat hulle temas uit die gedigte kan leer ontgin.

Onderwysers moet poëtiese aspekte in ag neem wanneer hulle poësie kies. Hulle moet toesien dat die gedigte wat hulle vir leerders kies, lewendig is wat ritme betref omdat leerders daarvan hou. Gedigte moet verder die klank en woordspel van die taal aan leerders openbaar. Die lees van poësie kan aan leerders blootstelling gee aan nuwe woordeskat en leerders kan klank deur middel van ’n goeie gedig ontdek. Onderwysers moet verder seker maak dat die beelde wat deur middel van die gedig oorgedra word, aan leerders die geleentheid gee om hulle verbeelding te gebruik en sodoende die beelde te kan begryp. Die gedig wat ’n onderwyser kies, moet so gekies word dat dit leerders sal aanmoedig om dit te interpreteer. Die leerders moet hulle in die gedig kan inleef en ooreenkomste tussen dit wat in die gedig beskryf word en hulle eie lewens kan sien.

Net soos in die geval van letterkunde, moet onderwysers ook met die kies van poësie die leerders in ag neem. Poësie moet met leerders se belangstelling ooreenstem, hulle opgewonde maak en aan hulle iets van waarde gee. Dit moet die leerders se ego verbeter en leerders aanmoedig om meer omtrent poësie te wete te kom. Dit is belangrik dat gedigte van goeie gehalte sal wees sodat dit herhaaldelik gelees kan word. Leerders hou daarvan om gedigte en verhale waarvan hulle baie hou, herhaaldelik te lees. Gedigte moet nie vir leerders vervelig raak wanneer hulle die bepaalde gedig herhaaldelik lees nie; dus moet poësie op grond van en ná 'n deurdagte proses van evaluering gekies word.

5.9.3 Elemente van poësie

Poësie het elemente soos karakters wat in 'n sekere ruimte geplaas word. In daardie ruimte gebeur daar sekere dinge op sekere tye en dit word vertel vanuit 'n spesifieke perspektief. Die narratiewe elemente, soos dit in verhale na vore kom, kan ook gebruik word om poësie te evalueer. Wanneer poësie geëvalueer word, is daar afgesien van bogenoemde elemente ander elemente wat van besondere waarde is. Volgens Chen (2009) kan die taal van poësie wat vir KJL van waarde is in twee dele verdeel word, naamlik beeldspraak waar letterlike en figuurlike beelde onderskei kan word, en klankpatrone soos ritme en rym. Vir die doel van hierdie studie word hierdie aspekte slegs kortliks bespreek.

5.9.3.1 Beeldspraak

Beeldspraak verwys na die woorde wat gebruik word om 'n beeld in die verbeelding van die leser te skep. Skrywers gebruik vergelyking, metafore en beskrywings om deur so min moontlik woorde 'n beeld vir die leser op te roep (Chen, 2009). Beelde kan op twee wyses geskep word, letterlike beelde of figuurlike beelde. Letterlike beelde verwys na die woorde wat gebruik word om iets direk te bespreek. Dit kan tot meer as een sensoriese aspek spreek. Visuele elemente is beelde wat die leser kan sien, soos die son wat opkom. Taktiele elemente is elemente wat die leser voel, soos die gevoel van jou hande oor nat gras. Digters kan ook van ouditiewe elemente gebruik maak, byvoorbeeld wanneer die digter klanknabootsing gebruik om sekere geluide uit die alledaagse lewe by die leser op te roep. Die woorde wat gebruik word, boots dan die klank wat gehoor word, na, bv. die gedig kan na die klik-klak van die trein verwys. Die leser hoor in sy verbeelding die trein wat verbyry.

Reuk kan ook 'n belangrike element wees by die oproep van beelde. 'n Beskrywing van die reuk van nat grond sal dadelik by die leser die gedagte aan 'n reënerige dag oproep. Beskrywings van beweging of van hoe iets smaak kan verdere beelde by die leser oproep. Wanneer die sensoriese elemente gekombineer word, kan die leser in sy/haar iets ruik, voel, proe en hoor deur die woorde wat die digter gebruik (Russell, 2012:165).

Figuurlike beelde is beelde wat geskep word deur die woorde wat gebruik word om iets te beskryf of om iets te vergelyk. Die digter gebruik figuurlike taal om nuwe ondervindings, nuwe visioene en nuwe

maniere om na die wêreld te kyk, aan die leser te openbaar (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:317). Alhoewel daar verskeie figuurlike elemente is, is vergelykings, metafore en personifikasie die belangrikste by KJL.

Vergelykings kom voor wanneer 'n ooreenkoms tussen verskillende elemente opgemerk word en dit dan verwoord word. Woorde wat gebruik word om vergelykings te tref, is byvoorbeeld "soos" of "nes". Afgesien van vergelykings kan metafore gebruik word om 'n vergelyking te tref. Dit word nie so direk soos in die geval van vergelykings gestel nie. 'n Uitdrukking soos "'n hart van klip" is 'n metafoor (Russell, 2012:165). Die verskil tussen metafore en vergelykings kan verduidelik word in dié sin dat metafore voorgestelde vergelykings is sonder dat die woord "soos" of "nes" gebruik word, terwyl vergelykings dui op ooreenkomste tussen twee aspekte wat aangedui word deur "soos" en "nes".

Personifikasie kom voor wanneer menslike eienskappe aan voorwerpe, abstrakte idees of die natuur gegee word. Uitdrukkings soos "die wind huil om die hoeke" is 'n voorbeeld van personifikasie. Wind kan nie werklik huil nie, maar die klank word vergelyk met 'n persoon wat huil (Chen, 2009).

5.9.3.2 Klankpatrone

Volgens Chen (2009) moet gedigte, ideaal gesproke, hardop gelees word, en daarom is klank net so belangrik as die betekenis wat in die gedigte opgesluit is. Klankpatrone het twee belangrike elemente, rym en ritme.

Die ritmiese patrone wat in gedigte na vore kom, word metrum genoem en kan aan die einde of in die middel van 'n reël voorkom. Digters gebruik onder meer onsin-verse en woorde om by te dra tot die humoristiese ritmiese effek. Volgens Russell (2012:166) het kinderverse gewoonlik voorspelbare ritmes wat daartoe bydra dat kinders die verse maklik kan onthou. Wanneer gedigte aan kinders voorgelees word, moet die persoon wat dit voorlees, bedag wees op die ritmiese patrone wat in die gedig gebruik word, sodat die nodige ritme in die voorlesing oorgedra kan word.

Afgesien ritme wat belangrik is in kinderverse, is rym 'n essensiële element. Rym verwys na die herhaling van klanke in twee of meer woorde. Daar is verskillende soorte rympatrone. Die soorte rympatrone kan soos volg uiteengesit word:

Rymskema	**Rympatroon**
aabb	paarrym
abab	kruisrym
abba	omarmende rym
abcb	gebroke rym
abcd	vrye vers

Volrym = groep klanke rym
Met mekaar, bv. mot en rot.

Halfrym (slegs enkele klanke rym met mekaar).

Afgesien van die rympatroon kan digters gebruik maak van alliterasie. Alliterasie kom voor wanneer 'n klank herhaal word om 'n effek te skep. In 'n reël soos die "Die lang slang seil saggies soggens", word die s-klank nie net gebruik om die geluid wat 'n slang maak na te boots nie, maar ook om die gedig klankryk te maak en die liriese gehalte van die gedig te verhoog (Chen, 2009; Norton & Norton, 2011:316).

Assonansie word gebruik om die tempo te versnel of te vertraag deur kort vokale te gebruik. Dit skep 'n gevoel van haastigheid en gaan gewoonlik gepaard met beweging. Lang vokale kan gebruik word om die tempo van 'n gedig te vertraag wat tot gevolg het dat die gedig 'n droewige stemming of toonaard het.

Die funksie van rym en ander klankpatrone is in die eerste plek om klankversterking in die verse te skep. Dit maak dus die verse klankryk en skep atmosfeer en 'n besondere stemming. Dit verskaf verder die nodige steunpunte wat nodig is in die verse en lê verbande tussen verskillende strofes en gee patroon aan die gedig. 'n Voorbeeld waar rym en klankpatrone duidelik na vore kom, is onder meer "Klikbek" in *Wurms met tamatiesous en ander lawwe rympies* (geskryf deur Jaco Jacobs en geïllustreer deur Dale Blankenaar) (sien Figuur 5.17). In die voorbeeld dat dit juis die rym en klankpatrone wat die gedig steun en doeltreffend maak. Die herhaling van die "klikkie" en "klikbek" laat dit klink asof iemand aanhoudend praat, wat dus tot die tema van die gedig bydra.

Die rympatroon skep 'n opgewekte atmosfeer omdat dit kort klanke is, en die gedig het 'n vinnige tempo deur die assonansie van die konsonate. In die geval van kinderpoësie speel illustrasies ook 'n groot rol. Die voël in die illustrasie by hierdie gedig dra by tot die idee van 'n aanhoudende gekwetter en gefluit. Die groot mond van die persoon aan die onderkant van die bladsy dui op die feit dat die persoon gedurig stories aandra.



Figuur 5.17: Gedig "Klikbek"

Indien onderwysers hierdie begrippe rakende poësie ken, kan hulle keuses maak en op dié wyse kan leerders poësie en daarmee saam die wonderlike wêreld van taal en klank ontdek en so hulle eie woordeskat en taalgebruik verbeter.

5.9.4 Soorte poësie

Kinders en leerders behoort aangemoedig te word om self poësie te skryf en sodoende met verskillende soorte poësie te eksperimenteer. Om poësie te verstaan en uiteindelik self te kan skryf, moet kinders en leerders in aanraking kom met verskillende soorte poësie. Die belangrikste soorte kinderpoësie word dus vervolgens kortliks bespreek.

5.9.4.1 Narratiewe poësie

Narratiewe poësie is gedigte wat 'n storie vertel. Van die bekendste narratiewe poësie is dié van *Die iliade* en *Die odussee* van Homeros, maar hierdie gedigte is te moeilik vir kinders omdat dit lank is en

nie in Afrikaans beskikbaar is nie en word om daardie rede nie hier verder in ag geneem nie. Vir leerders is die beste narratiewe poësie verse wat as 'n ballade beskou kan word (Chen, 2009). 'n Ballade bevat verse wat gewoonlik uit vier reëls bestaan met agt sillabes waar die tweede en die vierde reël gewoonlik met mekaar rym. Volgens Russell (2012:168) volg nie alle ballades hierdie struktuur nie, maar in alle narratiewe ballades sal ruimte, gebeure, karakters en 'n klimaks onderskei kan word. Die verhale wat in narratiewe bellades vertel word, is gewoonlik tragies en klaend.

'n Voorbeeld van 'n narratiewe gedig is onder meer *Die De Vloois van Vlooifontein* in die *Nuwe Kinderverseboek* deur Euodia Engels (saamgestel deur Scheepers en Kotze-Myburgh, 2009:115).

Die De Vloois van Vlooifontein



Mamma en Pappa Verstrooide Vlooi
het 'n vlooines gemaak in my rooi rok se plooi.
Toe't Mamma De Vlooi tien eiers gelê,
want sy wou só graag tien vlooibabas hê.

Sy kry waarlikwaar al tien die klein vlooitjies,
en weet jy wat doen hierdie vlooimamma mooitjies?
Sy leer hulle lees en sy leer hulle spring,
én sy leer hulle vastrap met al ses hul pootjies.

Sy leer hulle die vlooie se volkslied sing,
en toe moet Pa Vlooi die rekenaar bring.
Met "cut" en "delete" laat sy almal sweet;
van computers en internet moet hulle als weet.

Soos Idols oefen hulle gereeld voor die TV,
mikrofoon in die poot skik hulle die knieë.
Mamma Vlooi leer hulle samba en die stadige wals,
en toe sê sy: "Gaaf, nou ken julle als!"

Maar die vlooitjies raak moeg van tik en van sing
en wil veel eerder weer op my wit kat gaan spring.
Daar maak hulle nes en hou heeldag jolyt,
en Ounooi, my kat, word vreeslik gebyt.

Ounooi vervies haar en vra raad by tant Oprah –
sy weet mos van alles, sy's slimmer as Oupa.
Oor die internet vlieg die raad heen en weer:
"Byt eerste – of byt terug en byt seer!"

So, toe die stoute klein vlooitjies weer begin byt,
byt Ounooi, my wit kat, baie vinnig terug.
Morsdood geskrik slaan die vlooie op vlug.
Nooit nie kom speel hulle weer op my wit kat se rug!


5.9.4.2 Liriese poësie

Liriese poësie verwys volgens Gangi (2004:99) na kort verse wat gesing kan word. Hierdie poësie fokus gewoonlik op aspekte van die lewe en die natuur, en kan gevoelens by die leser opwek. Die digter help die leser om buite tyd te tree en die kleiner dinge in die wêreld raak te sien. Volgens

Norton en Norton (2011:319) is liriese poësie kenmerkend van innerlike meditasie en kinders geniet dit veral omdat hulle in baie gevalle saam met die gedigte kan sing.

'n Voorbeeld van liriese poësie in Afrikaans is onder meer *Bobbejaan klim die berg* in die *Kleuterverseboek* (Opperman, 2005:136).

Bobbejaan klim die berg



Bobbejaan klim die berg,
so haastig en so lastig,
bobbejaan klim die berg
om die meisies te vererg.
Hoera, vir die jollie bobbejaan!
Moenie huil nie,
moenie treur nie,
die Stellenbosse boys kom weer!
Moenie huil nie,
moenie treur nie
Die Stellenbosse boys kom weer!

5.9.4.4 Limerieke

Volgens Norton en Norton (2011:322) is 'n limeriek 'n vyfreëlige vers van 'n grappige aard, waarvan die rymskema aab ba is. Dit is baie gewild onder kinders (Norton en Norton, (2011:322). Hierdie verse se eerste, tweede en vyfde reël rym gewoonlik en het drie sterk maatslae. Reëls drie en vier rym gewoonlik en het twee sterk maatslae. Kinders geniet die visuele beelde wat gewoonlik deur dié soort verse geskep word, en kan veral aangemoedig word om hulle eie limerieke te skryf.

'n Voorbeeld van 'n limerieke vers is die *Muis en die klok*, 'n vertaling van Hickory Dickory Dock in die *Kleuterverseboek* (Opperman, 2005:31).



Muis en die klok

Tikke-tak, tikke-tak, tok!
Die muis kruip in die klok,
die klok slaan een,
die muis draf heen.
Tikke-tak, tikke-tak, tok!

5.9.4.5 Konkrete poësie

Konkrete poësie kan volgens Norton en Norton (2011:322) beskryf word as verse met iets waaraan daar geraak kan word, iets wat fisies werklik is. Dit is gedigte waar die vorm bydra tot die betekenis van die gedig. Die gedig sal in die vorm van dit waaroor dit handel, geskryf word. Kinders geniet dit om konkrete poësie te lees, want dit is vir hulle opwindend. Afgesien daarvan dat dit vir kinders opwindend is, gee konkrete poësie aan die kind die geleentheid om sy/haar verbeelding te gebruik om nie net die beeld te sien nie, maar om ook die klanke en rym by die beeld aan te pas (Norton &

Norton, 2011:323; Russell, 2012:169). 'n Voorbeeld van 'n konkrete gedig is *Die olifant* van A.G. Visser in die *Kleuterverseboek* (Opperman, 2005:37).

Die olifant

Hierdie gomlastiekkalant
met 'n stert aan elke kant,
met sy turfvel kaal en skurf,
met sy langslang van 'n slurp
is die
Olie-
rolie-
polie-
katjie-
poetjie-
olifant.

Die vorm of buitelyne van die gedig lyk soos die buitelyne van 'n olifant.

5.9.4.6 *Haikoe*

'n Haikoe is 'n gestruktureerde vorm van Japannese poësie wat aan kinders 'n ander manier gee om skoonheid te sien (Gangi, 2004:100). Dié soort vers plaas die waarde op 'n enkele oomblik, die stil enkele oomblik wat in woorde opgesluit is en wat 'n universele skoonheid aan die leser kan openbaar. Volgens Norton en Norton (2011:323) is die enkele blommetjie net so mooi soos 'n vallei vol blomme. Die fokus van 'n haikoe is om die skoonheid in die eenvoudige raak te sien en om sodoende die soektog na materialistiese skoonheid te ondermyn. 'n Haikoe rym gewoonlik nie en het drie reëls waarvan die tweede reël gewoonlik die aksie beskryf.

'n Voorbeeld van 'n haikoe in Afrikaanse kinderpoësie is *Kleureprag* deur Erika van Wyk in die *Nuwe Kinderverseboek* (Scheepers en Kotze-Myburgh, 2009:23).

Kleureprag

Blaartjie groen,
blommetjie blou
nes die vere van 'n pou.



5.9.4.7 Onsinverse of humoristiese poësie

Humoristiese poësie of onsinverse móét volgens Gangi (2004:101) deel wees van elke kind se ervaring van kinder- en jeugliteratuur. Dit gee aan kinders die vrymoedigheid om te lag en met woorde te speel wat beide hulle verbeelding en leesvermoë positief beïnvloed. Hierdie verse is wispelturig en maak menswees lig. 'n Goeie voorbeeld van humoristiese poësie waar daar met woorde gespeel word, is *Gou!* deur Helena Wasserman in die *Nuwe Kinderverseboek* (Scheepers en Kotze-Myburgh, 2009:2).

Gou!

Gou! Vat aan iets blou!
Gryp nou jou mou,
maak oop jou mond
en blaf soos 'n hond.

Gou! Wys na iets wit!
Sorg dat jy sit,
klapper jou tande
en klap dan jou hande.

Gou! Gryp na iets geel!
Kielie jou keel,
soek na iets groen
en kom gee my 'n soen.



5.9.4.8 Vrye verse

Vrye verse is verse wat met ander soorte en vorme van poësie ooreenstem omdat dit beelde en emosies in kort sinne oordra. Die verskil tussen vrye verse en ander poësie is dat dié verse nie noodwendig metrum bevat nie, en hulle rym gewoonlik nie. Vrye verse word tot 'n mindere mate in kinderpoësie aangetref omdat kinders juis hou van die ritme en rym wat in poësie aangetref word (Gangi, 2004:101).

5.9.5 Poësie vir adolessente

Poësie is van waarde omdat woorde meer as een betekenis kan hê en die leser die betekenis moet ontgin. Dit laat kinders en adolessente nadink oor woorde en wat dit in die konteks van die bepaalde gedig beteken. Die uitwerking wat die gebruik van sekere woorde het, sal egter afhang van die ouderdom en literêre ervaring van die leser vir wie die bepaalde gedig bedoel is (Norton & Norton, 2011:337).

Om te bepaal of sekere poësie geskik is vir 'n bepaalde ouderdomsgroep sal afhang van die onderwerp waaroor die gedig handel en die taalgebruik. Meer volwasse onderwerpe, soos oorlog, kan byvoorbeeld eerder vir ouer kinders geskik wees. Verder moet daar in die poësie wat vir 'n sekere ouderdomsgroep ook nie woorde gebruik word wat die betrokke groep nie sal verstaan nie. Jong kinders moet nie in die taal verlore voel nie, maar moet die gedig kan verstaan (Gangi, 2004:93; Norton & Norton, 2011:337).

Volgens Roiphe (2009:14) is die skryf van poësie die perfekte medium om aan adolessente die geleentheid te gee om hulle eie gevoelens neer te skryf. Adolessente skryf onder meer oor liefde, nuwe liefdes, liefdes wat verby is, obsessie en ekstase. Dit is belangrik dat poësie wat vir adolessente gekies word, oor onderwerpe waarin adolessente belangstel, sal handel. Die leser moet in ag geneem word, en daar moet dus nie te hoogdrawende gedigte aan adolessente voorgehou word nie, omdat dit hulle daarvan kan weerhou om poësie te lees en te geniet (Roiphe, 2009:14).

5.9.6 Gebruik tydens onderrig

Poësie kan gebruik word om die klanke van letters by leerders vas te lê, juis omdat daar met klank gespeel word (Gangi, 2004:103). Indien leerders goeie lesers moet wees, moet hulle weet hoe letters klink en hoe spesifieke klanke 'n bydra kan lewer tot taalwaardering. Deur die gebruik van ritme, rym en die herhaling van reëls kan leerders patrone in die taal ontdek. Leerders raak bekend met woordfamilies en so kan hulle, hulle woordeskat uitbou. Lenz (1992:597) stel die waarde van poësie in die klaskamer soos volg:

> *Listening to poetry and reading it aloud has helped my first and second graders develop a feel for the texture and power of language. The poetry they've read has stepped off the printed pages and become part of their lives. The poetry they've written continues to spill out of their own hearts and into those of their listeners.*

Dit is belangrik dat onderwysers 'n wye verskeidenheid poësie met jong leerders deel. Dit moet soos 'n spel wees waar poësie met mekaar gedeel word (Norton & Norton, 2011:341). Onderwysers kan byvoorbeeld 'n gedig vir die dag of week kies om verskillende aspekte van die daaglikse lewe uit te beeld, soos die somer, blomme, die wind wat waai – die geleenthede is eindeloos.

Narratiewe poësie kan veral gebruik word vir dramatiese aanbiedings van gedigte. Wanneer leerders gedigte op dramatiese wyse aanbied, kan hulle die dieper betekenis ontgin en hulle taal ontwikkel. Die gedig kan ook vir ander aktiwiteite gebruik word, soos dat die leerders met mekaar gesels oor die gedig of selfs 'n dialoog moet skryf waar hulle in gesprek tree oor die gedig. Poësie kan ook gebruik word om leerders se interpretasievermoë te ontwikkel. Indien 'n gedig voorgelees word, kan die leerders daaroor praat, dit interpreteer en hulle opinies daaroor lug. Dit laat leerders toe om die gedig te beleef en dit verdiep hulle belangstelling in ander soort gedigte (Norton & Norton, 2011:343).

Afgesien daarvan dat poësie as onderrigmiddel van waarde is, is dit belangrik dat leerders die geleentheid gegee word om self ook gedigte te skryf. Dit gee aan die leerder die geleentheid om hulle eie verbeelding vrye teuels te gee en hulle taal te ontwikkel, en daarby ontwikkel hulle die vrymoedigheid om hulle eie gevoelens en kunstige skryfwerk met ander te deel. Dit is belangrik dat die onderwyser die klas se reaksie so ver moontlik positief hou. Indien die gedigte nie in die klas voorgelees word nie, kan daar 'n aanspeldbord geskep word waar gedigte vertoon word, of elke leerder kan 'n boekie van sy/haar eie poësie maak, deur sommer 'n A4-bladsy in die breedte in die helfte te vou. Dit skep die indruk van 'n boek waarin geblaai kan word en bied die geleentheid vir die leerder om sy gedigte met ander te deel.

Daar is verskeie digbundels wat vir kinders en leerders bedoel is, beskikbaar. 'n Paar van hierdie digbundels word in Tabel 5.2 genoem.

Tabel 5.2: Voorbeelde van digbundels

Naam van die bundel	Skrywer/Samesteller
Fynbosfeetjies	Antjie Krog
Karnaval van die diere	Philip de Vos
Kleuterverseboek	D.J. Opperman
Mallemeule	P.W. Grobbelaar
Moenie 'n mielie kielie nie!	Philip de Vos
Steweltjies na wonderland	Hester Heese
Toepa-toepa towery	J.F. Spies
Toulopers	Jaco Jacobs
Meerkatrestaurant en ander diererympies	Elizabeth Wasserman
My boetie dink hy's Batman	Jaco Jacobs
Nuwe kinderverseboek	Riana Scheepers en Suzette Kotze-Myburg
Wurms met tamatiesous	Jaco Jacobs

5.10 Drama[4]

'n Drama kan gedefinieer word as 'n direkte voorstelling van menslike gebeure met behulp van handeling, dialoog, mimiek en gebare (Gangi, 2004:108). Teater of die opvoer van 'n drama gee aan kinders en leerders die geleentheid om literatuur, kuns, musiek, politiek, ekonomie, filosofie, wetenskap en die skep van iets nuuts te ondersoek. Omtrent alle aspekte van die mens kan in dramatiese voorstellings ondersoek word (Gangi, 2004:108). Die doel van 'n drama is dat daar twee of meer lesers is wat die teks interpreteer en dit dan in dramatiese aksie aan die gehoor oordra (Gangi, 2004:108). Die akteurs wat die teks opvoer, lei die gehoor tot 'n visualisering van die teks.


Dramatiese tekste verskil fundamenteel van poësie of narratiewe tekste. Daar is gewoonlik dialoog (primêre teks) vir elke karakter in die teks, en die agtergrond – soos die ruimte – word deur middel van sekondêre teks weergegee (Gangi, 2004:109).

5.10.1 Elemente van drama

'n Drama, anders as 'n biografie en informatiewe literatuur, het eiesoortige elemente. Die elemente stem ooreen met enige ander narratiewe skryfwerk (Gangi, 2004:109). Daar is nie spesifieke vereistes waaraan 'n drama se narratologiese elemente moet voldoen nie, en daar is slegs een beperking wat die narratiewe elemente van 'n drama beïnvloed. 'n Drama is geskryf om opgevoer te word; die ruimte, karakters, tema, gebeure en styl word dus tot die verhoog beperk (sien Hoofstuk 4 vir narratiewe elemente).

[4] Drama word hier ingesluit en volledig bespreek omdat dramas deel uitmaak van die KABV (SA, 2011a:11; SA, 2011b:19). Daar is besluit om dit volledigheidshalwe afsonderlik te bespreek en omdat onderwysers vrae oor dramas het.

Die elemente van 'n drama word volgens Freytag (1863) en Keuris (1996:58-64) in vyf strukturele elemente verdeel word en kan skematies soos volg voorgestel word (sien Figuur 5.17):



Figuur 5.18: Die struktuur van 'n drama

In die eerste gedeelte van 'n drama word die gehoor aan die inligting oor die hoofkarakters, die ruimte en die konflikte wat daar in die drama bestaan, voorgestel. In die tweede gedeelte raak die situasie gekompliseerd en die konflik ontwikkel verder. Die karakters word in meer detail uitgebeeld sodat die gehoor/leser 'n totale prentjie kan kry van die karakters en die konflik wat tussen die karakters bestaan. Gedurende die klimaks ontwikkel die konflik tot breekpunt en dit lei gewoonlik tot 'n katarsis wat 'n verskuiwing in die gebeure teweeg bring. Ná die klimaks volg die afloop van die drama. Daar ontstaan nuwe konflikte wat opgelos word sodat daar aan die einde van die drama 'n geskikte oplossing kom.

5.10.2 Dramas vir adolessente

Dramas vir adolessente moet sake aanraak wat die adolessent interesseer. In Afrikaans is daar heelwat dramas wat vir adolessente geskryf is. Daar is onder meer *Dryfhout en Opdrifsels* deur Merie Scheepers, *Skrapnel* deur Willem Anker, *As dinge skeefloop: vier eenbedrywe vir skole* deur Engela van Rooyen en die gedramatiseerde weergawe van *Breinbliksem* wat in 2008 by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) opgevoer is.

Onderwysers moet oplet na wat 'n drama vir 'n adolessent kan beteken. 'n Drama gee aan adolessente die geleentheid om moeilike omstandighede wat hulle self ervaar op die verhoog te sien en so word hulle tot nadenke gedwing. Wanneer iets op die verhoog opgevoer word, sal die adolessent hom/haar beter met die verhaal wat vertel word kan vereenselwig as wanneer dit net gelees word, omdat hy/sy die toneel werklik sien afspeel en sodoende deel word van die verhaal (Gangi, 2004:99).

5.10.3 Gebruik tydens onderrig

Dramas kan deurlopend tydens onderrig gebruik word. 'n Drama is geskryf om opgevoer te word en daarom kan die leerders aangemoedig word om die drama op te voer, of selfs net die drama hardop in die klas te lees in die stemme van die karakters. Volgens Gangi (2004:118) leer leerders deur te

doen. Wanneer adolessente dramas dus lees, opvoer of 'n opvoering bywoon, leer hulle hoe 'n drama werk en hoe om te dramatiseer. Die dramatisering stel leerders in staat om selfvertroue te ontwikkel en die teks beter te verstaan.

5.11 Samevatting van genres en subgenres

Kinder- en jeugliteratuur bestaan uit verskeie genres en sub-genres soos bespreek in hierdie hoofstuk. Die genres, sub-genres en die belangrikste eienskappe soos bespreek in hierdie hoofstuk, kan soos volg saamgevat word.

Tabel 5.3: Indeling en eienskappe van kinder- en jeugliteratuurgenres

Hoofgenre	Subgenre	Algemene eienskappe
Prenteboeke **Boeke waarin die illustrasies bydra tot die betekenis van die teks.**	• **Woordlose prenteboeke** Boeke wat geen of min woorde bevat waarin die boodskap slegs deur illustrasies oorgedra word.	• Prenteboeke is boeke waarin die teks en die illustrasies ewe belangrik is by die lees van die boek. Die een kan nie sonder die ander bestaan nie. • Die openingsreël van die boek moet die leser se belangstelling aangryp sodat hy/sy die boek sal wil lees. • Verhale moet gewoonlik in klein ruimte en kort tydjie vertel word. Illustrasies word gebruik om die verhaal in 'n korter tyd te vertel. • Herhaling van illustrasies en teks kan gebruik word om die tema oor te dra. • Die outeur vertrou dat die leser die illustrasies sal bekyk om sodoende al die belangrike inligting van die verhaal in te win. Kinders se visuele geletterdheid ontwikkel deur die lees van prenteboeke.
	• **Speelboeke** Boeke waarin die kind saamspeel, soos om 'n wiel te maak vir 'n trok of ander speelaktiwiteite.	
	• **Alfabetboeke** Boeke wat aan kinders die alfabet leer. Die letter en 'n prentjie wat die letter voorstel, word gewoonlik gebruik.	
	• **Telboeke** Boeke wat kinders leer tel, gewoonlik van 0 tot 10. Die getal word gewoonlik gegee met illustrasies wat 'n hoeveelheid van iets spesifieks voorstel.	
	• **Konseptuele boeke** Boeke wat aan kinders begrippe oordra soos kleur en vorm. Die kleur of die vorm word gewoonlik grafies voorgestel.	
	• **Opwipboeke** Opwipboeke is boeke waar daar met papier driedimensionele beelde vir die kind geskep word.	
Tradisionele literatuur **Verhale wat oorvertel is as deel is van 'n kultuur en daardie kultuur se literêre erfenis.**	• **Volksverhale/Sprokies** 'n Feëverhaal, storie oor mense of 'n diereverhaal wat oorvertel is. Kunssprokies is verwerkings van bestaande sprokies.	• Is verhale wat gewoonlik oorvertel word. • Die outeur is gewoonlik onbekend en kan nie nagespoor word nie, behalwe in die geval van kunssprokies. • Die verhale is nie geskiedkundig akkuraat nie. • Dit is verhale wat onwerklik is, maar nie noodwendig onwaar nie. Hierdie verhale reflekteer toestande van die mens se bestaan.
	• **Fabels** 'n Kort verhaal waarin die morele boodskap duidelik gestel word.	

		• Dra waardes oor aan kinders. • Begin gewoonlik met “Lank, lank gelede …” • Eindig altyd positief, gewoonlik met “… en hulle het lank en gelukkig saamgeleef” • Daar is gewoonlik ’n magiese element. • Bevat karakters soos konings, koninginne en ander magiese karakters. • Bevat altyd ’n goeie en bose karakter. Die bose karakter moet gewoonlik oorwin word. • Die karakters is gewoonlik argetipes met vaste betekenisse sodat dit tot die onderbewuste kan spreek, bv. die heks as argetipe van die bose, die prins van die held, die prinses van die jong dame, om maar net ’n paar te noem. Die koning of prins en prinses het niks met werklike koninklikes te make nie, maar verseker die kind dat hy/sy die probleme sal oorkom. ’n Goeie mag verskyn in die vorm van ’n vrou of fee wat die kind of leerder help, dikwels met behulp van toordery. Die negatiewe kant van die pa word gewoonlik deur middel van die reus voorgestel. Dwerge kan goed of sleg wees, maar is altyd onvolwasse figure. Geen karakter sal ooit met ’n dwerg trou nie. • Slegs die belangrikste karakters in sprokies het name en dit is gewoonlik eenvoudige name sodat die kind hom/haarself met die karakter kan assosieer. • Daar is nooit feetjies en kabouters in sprokies nie. • Sprokies dra gewoonlik ’n les oor aan die leser. • Die getal drie (soms ook vyf en sewe) speel ’n belangrike strukturele rol en het magiese implikasies. • Karakters is plat en eendimensioneel. • Daar is ’n duidelike verteller aan die woord. Dit is gewoonlik ’n simpatieke volwassene wat die wêreld vir die kind oopmaak. • Sprokies spreek slegs die diepste vlakke van persoonlikheid aan. Die volwasse verteller moet die proses verder begelei, waar dit van natuurlik in fantasie plaasvind. • Wil gesinskonflikte, identiteitskrisisse en die hele
	• **Mites** Verduidelik aspekte van kultuur of hoe iets in die natuur tot stand gekom het, soos byvoorbeeld natuurlike rampe, oorstromings en siektes. Karakters het bomenslike kragte en is byvoorbeeld die Griekse gode Zeus en Poseidon, om maar net twee te noem.	
	• **Legendes** Tradisionele narratief wat op historiese waarhede gebaseer is.	

		grootwordproses wat kinders ondergaan ondersteun. • Kinders kan deur middel van sprokies die bose intens beleef en dit vernietig – iets wat hulle in hulle daaglikse lewe help. • Volksprokies speel gewoonlik in vae aardse ruimtes af waarna daar oorgegaan word na die towerdimensie en die bestaande omgewing kry 'n toweragtigheid by. • Sprokies bevat vaste besonderhede. Daar is 'n kasteel en 'n bos. Die kasteel dui op die geestelike woning van die kind as heerser van sy eie lot, en die bos dui op 'n toestand van onsekerheid en soeke. • Sprokies gehoorsaam streng wette en het 'n onbuigsame patroon en vertoon 'n sikliese struktuur. Dit begin met ewewig in die gewone wêreld, gevolg deur ordeversteuring, ontbering en kragmetings in 'n toweragtige milieu, waarna die verlossing kom en die ewewig in die gewone wêreld herstel word.
Fantasieverhale **Verbeeldingryke wêrelde, versinde ruimte, mense, kreature of gebeure wat nie in die werklikheid kan gebeur of aangetref word nie.**	• **Moderne fantasieverhale** Fantasieverhale wat moderne aspekte bevat.	• Fantasieverhale, anders as tradisionele literatuur, word geskep vanuit die outeur se siening van die verhaal. • Die karakter beweeg deur iets ('n bos, 'n deur, ens.) na die fantasiewêreld. Dit is egter nie 'n vereiste nie, soos in die geval van Liewe Heksie wat deurgaans in die fantasieruimte is. • In baie gevalle het fantasieverhale voorwoorde en proloë. • In sommige gevalle sal die outeur nuwe tale skep of kaarte van die fantasiewêreld skep. • Dit is uiters belangrik dat die fantasiewêreld wat geskep word, geloofwaardig is en die leser oortuig word dat dit kan bestaan sodat die leser hom/haar in die verhaal kan inleef. • Slot sal positief eindig. • Daar is 'n duidelike verteller aan die woord, maar daar is 'n wisseling tussen 'n alwetende verteller en een wat naby aan die hoofkarakter staan. By uitsondering word die kind se belewing van binne gegee. • Fantasieverhale werk op 'n dieper vlak met lewenswaarhede wat aan die kind oorgedra word sonder dat hy/sy eksplisiet daarvan bewus is. Deur die verteller
	• **Fantasie**verhale **oor diere** Fantasieverhale waar die hoofkarakter 'n dier is wat emosies het, kan praat en die vermoë het om te redeneer.	
	• **Fantasie**verhale **oor speelgoed** Fantasieverhale waar die hoofkarakter 'n speelding is wat emosies het, kan praat en die vermoë het om te redeneer.	
	• **Fantasie**verhale **oor towerkuns** Fantasieverhale waar towerkuns in die verhaal gebruik word.	
	• **Reise na ander wêrelde** Fantasieverhale waar daar na ander wêrelde gereis word waar die karakter iets moet verrig.	

	• **Fantasie**verhale waarin helde optree Fantasieverhale wat gewoonlik gepaard gaan met 'n soektog om 'n goeie doel. • **Bonatuurlike fantasie**verhale Fantasieverhale wat in baie gevalle oor spoke of ander bonatuurlike aspekte handel. • **Wetenskapsfiksie** Fantasieverhale wat 'n beeld skep van iets wat op werklike wetenskaplike feite of beginsels gebaseer is.	word hy/sy na onderbewuste bestaansfere geneem. • Al die karakters in fantasieverhale kan name hê sou die outeur so besluit. • Feetjies en kabouters kom in fantasieverhale voor, maar het geen onderbewus-simboliese betekenis nie. • Wette is nie so duidelik soos in sprokies nie, en kan aangepas word soos die outeur dit verkies.
Poësie **Kompakte taalgebruik wat versinde gedagtes en persepsies oordra.**	• **Narratiewe poësie** Poësie wat iets vertel. Sal alle narratiewe aspekte insluit. • **Liriese poësie** Poësie wat gesing kan word. • **Limerieke** Gedig met vyf reëls wat visuele beelde voorstel. • **Konkrete poësie** Gedig waar die vorm van die gedig die tema uitbeeld. • **Haikoe** Kort Japannese gedig wat die skoonheid van iets kleins besing. • **Onsin-/humoristiese poësie** Onsinnige gedigte wat gewoonlik humoristies is. • **Vrye verse** Het geen vaste formaat of rympatroon nie.	• Woorde wat in patrone en klanke georganiseer word. • Poësie is die taal van beelde, gevoelens en emosionele selfuitdrukking in kuns. • Poësie, veral vir kinders openbaar ritme, klank, beelde en betekenis aan leerders. • Humoristiese narratiewe trek kinders in.

Realiteitsverhale **Stories gebaseer op 'wat as'. Daar is 'n illusie van werklikheid.**	• **Familieverhale** Handel gewoonlik oor gesin en wat met hulle gebeur. • **Verhale met sosiale kommentaar** Verhale wat na sake in die werklikheid kyk. • **Avontuurverhale** Verhale waarin die karakters 'n avontuur onderneem. • **Diereverhale** Verhale wat oor die werklike lewe van diere handel. • **Sportverhale** Verhale wat 'n sportsoort uitbeeld of waarin die karakter aan sport deelneem. • **Misterie** Verhale waarin 'n misterie opgelos moet word. • **Humor** Verhale wat die leser laat lag. • **Grootwordverhale** Verhale wat handel oor die volwassewording van 'n kind.	• Realiteitsverhale moet die werklikheid van kinders se lewens eerlik weergee sodat kinders hulle eie situasies aan die hand daarvan kan verstaan. • Realiteitsverhale gee aan kinders die geleentheid om besluitnemings van nader te beskou en sodoende self te leer om besluite te neem. • Realiteitsverhale moet geloofwaardig wees.
Geskiedkundige fiksie **Verhale wat in die verlede afspeel. Ook verhale wat kon gebeur het.**	• **Fiksie gebaseer op geskiedkundige gebeure** Verhale wat gebeure uit die geskiedenis betrek, byvoorbeeld die Tweede Wêreldoorlog. • **Familiegeskiedenis** Verhale wat gewoonlik oor 'n merkwaardige gesin uit die geskiedenis handel.	• Geskiedkundige fiksie is 'n vermenging van historiese feite en fiksie. • Die hoofkarakter is gewoonlik betrokke by die een of ander konflik wat werklik plaasgevind het en moet die probleem en konflik oplos. • Alle historiese aspekte wat moontlik nie bekend sal wees nie, moet deur die outeur verduidelik word. • Die beskrywing van 'n ander tydperk moet 'n duidelike beeld skets en die oorgang in tyd moet essensieel wees vir die vertel van die storie.

Niefiksie – biografieë **Niefiksie is gebaseer op feite uit die werklike wêreld, terwyl biografieë van iemand se lewe vertel.**	• **Informatiewe tekste** Tekste wat inligting aan leerders oordra, soos ensiklopedieë. • **Biografieë** 'n Boek wat geskryf word oor 'n merkwaardige persoon se lewe. • **Outobiografieë** 'n Boek wat deur die persoon self geskryf word oor sy/haar lewe.	• Feiteboeke sal gewoonlik illustrasies bevat wat help om die inligting duidelik te maak. • 'n Feiteboeke bevat gewoonlik 'n woordelys vir wanneer inligting vinnig nageslaan moet word. • Niefiksie boeke moet te alle tye akkuraat en objektief wees. • Wanneer hierdie boeke vir kinders of jong mense opgestel word, moet dit feitelike inligting op 'n maklike en speelse manier aanbied sodat kinders/jong mense dit sal geniet om die feite te lees en te leer.

Drama
 	
Teks wat geskryf is met die doel dat dit opgevoer moet word.
	• **Tragedie**
	'n Drama wat 'n tragiese gebeurtenis uitbeeld.
	• **Komedie**
	'n Drama wat die gehoor laat lag.
	• **Melodrama**
	Drama waarin handeling en intrige belangriker is as karaktertekening. Dit het gewoonlik 'n gelukkige einde.
	• **Enige onderwerp geskik vir die ouderdom**
	Daar moet seker gemaak word dat die onderwerp geskik is vir die ouderdom van die kinders of leerders.
		• Word geskryf met die doel om opgevoer te word, daarom bevat dit dialoog, akteurs en baie handeling.
		• 'n Drama moet altyd deur die onderstaande stadiums beweeg:
		  • Inleiding
		  • Gekompliseerde handeling
		  • Klimaks
		  • Afloop
		  • Ontknoping

5.12 Samevatting

Dit is soms moeilik om met gemak te verduidelik wat KJL presies is en onderwysers twyfel ook soms oor hoe KJL geklassifiseer word. Fiksie, niefiksie en in watter fase watter soort kinder- en jeugliteratuurgenre die beste gepas sal wees vir watter fase. Dit is 'n veld waar die meeste kenners sukkel en so sukkel onderwysers ook. In hierdie hoofstuk is die genres en subgenres op 'n eenvoudige wyse uiteengesit sodat daar met gemak tussen die genres en subgenres onderskei kan word.

Daar word gekyk na die hoofgenre en hoe die genre gedefinieer kan word. Nadat die genre omlyn is, is daar aandag gegee aan die waarde wat die spesifieke genre vir leerders inhou. Indien daar enige subgenres in die hoofgenre is, is dit ondersoek en uiteengesit. Elke genre het waarde wat dit kan voeg tot die klasonderrig en hierdie waarde en die wyse waarop die spesifieke genre gebruik kan word, word vir onderwysers uiteengesit.

Die inligting vervat in hoofstuk 3, 4 en 5 is die basis van die professioneleontwikkelingsprogram wat handel oor die insluiting van kinder- en jeugliteratuur in die skoolkurrikulum. Dit sal aan onderwysers die nodige kennis en vaardighede gee om lees en literatuur weer lekker te maak vir leerders.

HOOFSTUK 6: NAVORSINGSMETODOLOGIE

6.1 Inleiding

Die empiriese gedeelte is gebaseer op 'n konstruktivistiese epistemologie en ingebed in 'n interpretivistiese navorsingsparadigma. Interpretivistiese navorsing is gebaseer op die aanname dat mense hulle eie subjektiewe en intersubjektiewe betekenisse skep en daarmee assosieer terwyl hulle met die omgewing omgaan. "Kwalitatiewe navorsing" is 'n oorkoepelende term vir 'n reeks benaderings tot navorsing in die sosiale wetenskappe. Volgens Flick (2009:2) staan kwalitatiewe navorsing ook bekend as hermeneutiek of rekonstruksie of as die interpretatiewe benadering en is daarom gegrond op die interpretivisme waar die klem val op die betekenis wat 'n individu of 'n gemeenskap se ervarings geheg word. Die kwalitatiewe navorsingsbenadering kan beskryf word as 'n navorsingsmetode wat poog om ryk deskriptiewe data van 'n bepaalde fenomeen of omgewing te bekom om 'n beter begrip rakende die fenomeen te verkry. Dit fokus op die perspektiewe van individue en die wyse waarop hierdie individue betekenis maak uit die sosiale en kulturele milieus waarbinne hulle leef. Die klem val op die gehalte en diepte van inligting (Maree, 2009:51). Tydens hierdie studie was die kwalitatiewe navorsingsbenadering in die besonder van waarde omdat dit aan die navorser die geleentheid gebied het om die individue se perspektief oor die fenomeen te kry en sodoende te verstaan hoe die individue die fenomeen begryp.

Die ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van kinder- en jeugliteratuur (KJL) in die klaskamer en professioneleontwikkelingsprogramme van onderwysers en vakadviseurs is onderneem vanuit 'n kwalitatiewe benadering, 'n interpretatiewe paradigma en 'n fenomenologiese ontwerp. In hierdie hoofstuk word die metodologie wat gebruik is om die onderwysers en vakadviseurs se ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL in die klaskamer en professioneleontwikkelingsprogramme te toets, volledig beskryf. Daar word in hierdie hoofstuk inligting verskaf oor die deelnemers, data-insamelingsmetodes, data-insamelingsprosedure, data-analise, die rol van die navorser in die studie, betroubaarheid en geldigheid en die etiese aspekte van die studie.

6.2 Literatuurstudie

Die belangrikste doelwitte van 'n literatuuroorsig is om 'n gaping in kennis wat waardevol is om verder te ondersoek, te identifiseer. 'n Literatuurstudie word onderneem om gedagtes te betwis of om aanvaarbare teorieë op 'n bepaalde gebied toe te pas. 'n Literatuurstudie stel die navorser in staat om kritiese bewustheid oor die betrokke studiegebied te demonstreer (Gray, 2009:98–99).

Volgens Taylor (2012:1) is 'n literatuurstudie die verduideliking van wat reeds deur geakkrediteerde navorsers oor 'n bepaalde onderwerp gedoen is en daarop voort te bou en te toets. Volgens Creswell (2002) kan daar van eweknie-geëvalueerde vaktydskrifartikels, vakgerigte boeke en konferensiereferate gebruik gemaak word om navorsing wat reeds oor 'n onderwerp gedoen is, op te spoor. Om resente en relevante bronne vir die literatuurstudie te kry, is daar gebruik gemaak van EBSCHOHost-, RSAT-, SABINET-, en NEXUS- bibliografiese databasisse vir soektogte na die volgende sleutelwoorde: indiensopleidings-programme, resepsie-estetika, kognitiewe paradigma, opvoeding en opvoedkunde, ontwikkelingsfases van

kinders, ontwikkelingsfases van lees, kinderlektuur, sprokies, fabels, mites, legendes, fantasieverhale, diereverhale, avontuurverhale, historiese verhale, vertaalde verhale, narratologie, leesleiding, indiensopleiding in letterkunde, heelonderwyserbenadering en die Engelse ekwivalente daarvan.

In Hoofstukke 2 tot 5 is verslag gedoen oor 'n literatuurstudie van die inligting wat as belangrik beskou is ten einde die fenomeen, naamlik die integrasie van KJL in die klaskamer, te ondersoek. Daar is onder meer in die literatuurhoofstukke gekyk na professioneleontwikkelingsprogramme, teorieë wat 'n rol speel by die ontwikkeling van sodanige program, die evaluering van KJL en laastens KJL as genre en die voordeel wat verskillende genres vir die onderrig van Afrikaans Huistaal en Afrikaans Eerste Addisionele Taal kan inhou. Die literatuurstudie is soos volg in die verskillende hoofstukke uiteengesit.

In Hoofstuk 2 is daar verduidelik wat professioneleontwikkelingsprogramme behels en watter aspekte 'n rol kan speel ten opsigte van die sukses van sodanige programme. Daar is in Hoofstuk 3 verder gekyk na relevante teorieë met betrekking tot die keuse van boeke en die interpretasie van boeke vir kinders. Hoofstuk 4 het oor die literatuurstudie ten opsigte van die evaluering van boeke naamlik illustrasies, narratiewe elemente en die verskillende ontwikkelingsfases van 'n kind gehandel. Hoofstuk 5 het oor die verskillende genres en subgenres in KJL en die nut wat die verskillende genres vir 'n kind se ontwikkeling en die onderrig van Afrikaans Huistaal en Afrikaans Eerste Addisionele Taal het, gehandel.

6.3 Navorsingsparadigma

Wanneer daar gebruik gemaak word van die **interpretatiewe paradigma,** word daar op die individu en/of gemeenskap en die betekenis wat hulle aan bepaalde ervarings heg, hulle geleefde lewe gefokus (Flick, 2009:2). Die interpretatiewe paradigma word volgens Hays en Singh (2012:191) gesien as 'n standpunt dat alles relevant is. Die kriteria waarvolgens die waarde van navorsing gemeet word, word interpretivisties-sosiaal gekonstrueer. Die inligting wat in die interpretatiewe paradigma ingesamel word om 'n fenomeen te beskryf, word vanuit die kulturele verhouding en ondervindings van die persone in die studie en hulle daaglikse lewe verkry. Interpretivisme dui op 'n konstante interaksie met mense en dinge deur die loop van die studie.

Volgens Lichtman (2013:87) is die term "'n persoon se ervaringswêreld" die eerste maal deur Husserl gebruik. Die interpretatiewe paradigma gee betekenis deurdat die navorsingsveld omvattend deur die navorser ondersoek word. Volgens Maree (2009:58) is die interpretatiewe paradigma van belang omdat sosiale milieu, konvensies, norme en standaarde van 'n bepaalde persoon of gemeenskap ten doel het om menslike gedrag te verstaan. Maree (2009:59) is van mening dat die interpretivisme op die onderstaande veronderstellings gebaseer is:

- menslike ervarings/houdings kan slegs van binne begryp word; daarom moet die navorser deurtastende ondersoek doen;
- sosiale lewe is 'n menslike produk;
- die menslike brein is 'n doelgerigte bron van die oorsprong van betekenis; en
- menslike gedrag kom tot stand op grond van mense se kennis van die sosiale werklikheid en bestaan nie onafhanklik daarvan nie.

Maree (2009:60) verduidelik dat die interpretivisme 'n perspektief op 'n bepaalde situasie wil gee. Hierdie situasie word geanaliseer en daar word insig verkry ten opsigte van die wyse waarop sekere mense, of 'n groep mense betekenis heg aan 'n situasie. Op dié wyse kan 'n dieper betekenis ontgin word, die situasie kan begryp word en daar kan aanbevelings gemaak word. Volgens Reeves en Hedberg (2003:32) wil die navorser deur die interpretatiewe paradigma te gebruik die analise van data in die betrokke omstandighed plaas. Daar word gebruik gemaak van onderhoude of observasies om betekenis tot stand te bring.

6.4 Navorsingsbenadering

Die **kwalitatiewe navorsingsbenadering** kan beskryf word as 'n navorsingsmetode wat poog om ryk deskriptiewe data van 'n bepaalde fenomeen of situasie te bekom ten einde 'n beter begrip van die fenomeen te vorm. Die kwalitatiewe navorsingsbenadering fokus op die perspektiewe van individue en die wyse waarop hierdie individue betekenis maak uit die sosiale en kulturele milieus waarbinne hulle leef. Die klem val op die gehalte en diepte van inligting (Lichtman, 2013:3; Maree, 2009:51).

Kwalitatiewe navorsing is nie bloot die analise van 'n paar oop vrae en aanhalings uit transkripsies nie, maar is gerig op 'n deeglike analise van die data. Deur die kwalitatiewe benadering te gebruik, word 'n situasie ondersoek in die natuurlike omgewing waar dit plaasvind (Mayan, 2001:5). Daar moet nie veralgemeen word nie, maar gesoek word na die dieper betekenis wat uit die data na vore kom (Mayan, 2001:7). Volgens Flick (2009:x) word die kwalitatiewe benadering aangewend om 'n sosiale verskynsel te verstaan, te beskryf en dit te probeer verklaar. Daar word gepoog om die ingesteldheid van individue te analiseer deur die interaksie tussen die individu en die bepaalde verskynsel te analiseer. Dit word onder meer gedoen deur die dokumente wat in die ondersoek gegenereer word (getranskribeerde onderhoude) en wat op die verskynsel van toepassing is, te analiseer.

Die term "kwalitatiewe navorsing" word gebruik vir die beskrywing van 'n reeks benaderings tot navorsing in die sosiale wetenskappe wat deurtastende navorsing van menslike optrede behels (Lichtman, 2013:3). Lichtman (2013:7) beskryf kwalitatiewe navorsing soos volg:

> *Qualitative research is a general term. It is a way of knowing in which a researcher gathers, organizes, and interprets information obtained from humans using his or her eyes and ears as filters. It often involves in-depth interviews and/ or observations of humans in nature, online, or social settings. It can be contrasted with quantitative research, which relies heavily on hypothesis testing, cause and effect, and statistical analyses.*

Kwalitatiewe navorsing, soos gebruik in die studie, is belangrik omdat dit daarop gerig is om betekenisvolle interpretasies te maak ten opsigte van individue of gemeenskappe en die betekenis wat hulle aan bepaalde ervarings heg (Flick, 2009:2). In die kwalitatiewe navorsingsverslag – soos in hoofstuk 7 word daar verder gebruik gemaak van 'n eerstepersoonskryfwyse. Volgens Lichtman (2013:273) is die navorser deel van die navorsingsproses en daarom word daar vervolgens na die navorser in die eerstepersoon soos **ek** en **my** verwys. Die gebruik van die eerstepersoonskryfwyse is kenmerkend van kwalitatiewe navorsing (Flick, 2009:3; Lichtman, 2013:273).

6.5 Navorsingsontwerp

In hierdie studie is daar gebruik gemaak van 'n fenomenologiese ontwerp, een van die vyf tradisionele kwalitatiewe ontwerpe (Creswell, 2007:39). Fenomenologiese studies is beskrywende variasies van die wyse waarop verskillende aspekte van die wêreld ervaar word (Olivier, 2010:66). Volgens Merriam (2002:93) fokus fenomenologie op die subjektiewe ondervindinge van die individu. Merriam is verder van mening dat alle kwalitatiewe navorsing tot 'n mate as 'n fenomenologiese ondersoek beskryf kan word, omdat dit op die persoon se ondervinding fokus. 'n Fenomenologiese ontwerp ondersoek wat die essensie van die spesifieke fenomeen is en nie net bloot die persoon se ondervinding van iets nie.

'n Fenomenologiese ontwerp fokus op die geleefde ondervindings van die mens. 'n Fenomenologiese studie poog om die **essensie en struktuur van die fenomeen te verstaan en te ontgin** (Merriam, 2002:93; Trotman, 2006:246). Hays en Singh (2012:50) stel dit soos volg:

> *According to phenomenologists human experience can only be understood by ignoring or setting aside prior explanations of phenomena found in literature and acknowledging and bracketing off researchers values and assumptions.*

Die fenomenologiese ontwerp is gekies om die fenomeen te identifiseer, te ondersoek en te analiseer. Die identifisering, ondersoek en analise van 'n fenomeen word gedoen deur te kyk na hoe die persone wat by die situasie betrokke is (professioneleontwikkelingsprogramme en KJL) die fenomeen sien (Groenewald, 2004:4; Lester, 1999:1).

Om fenomenologie te definieer is nie 'n maklike taak nie, omdat fenomenologie gefragmenteer en gesplete is (Banister *et al*., 2011:5). Hays en Singh (2012:50) definieer fenomenologie soos volg:

> *Phenomenology is a practice that involves researchers approaching a phenomenon with a fresh perspective, as if viewing it for the first time, through the eyes of participants who have direct, immediate experience with it.*

Tydens fenomenologiese studies moet die fenomeen self bespreek word en om daarin te slaag, is dit belangrik dat die navorser die fenomeen verstaan (Trotman, 2006:247). 'n Fenomenologiese studie fokus op die wyse waarop deelnemers na die situasie kyk. Volgens Trotman (2006:247) is die transformasie van individuele of empiriese ondervinding om essensiële insigte te verkry, 'n proses van ideevorming. Idees of opvattings word in 'n fenomenologiese studie gevorm deur 'n samevoeging van dit wat in die bewuste bestaan en dit wat in die wêreld bestaan. Die navorser moet daarom sy/haar eie invloed op die studie begryp en in ag neem. Hierdie proses staan bekend as **afsondering (*bracketing)*** en dit is een van die sleutelelemente van fenomenologie. Daar word deur die proses gepoog om by die **essensie** van die fenomeen uit te kom en die navorser moet sy/haar eie persepsies, nadenke, onthou van inligting, voorstellinge en oordeel erken en afsonderlik van die fenomeen hou. Die sentrale doel van 'n fenomenologiese studie is om die algemene eienskappe van die fenomeen, soos dit op daardie spesifieke stadium gesien word, te beskryf. Dit vereis van die navorser om te kyk en te beskryf en weer te kyk en te beskryf. Die proses word herhaal tot die fenomeen volledig beskryf is en onbelangrike inligting uit die data

verwyder is. Hierdie proses van die vermindering van die data vorm ŉ spiraal in die praktyk en vereis van die navorser om met presiesie te reflekteer, om volle aandag te skenk aan die fenomeen en duidelike beskrywings te gee (Trotman, 2006:249). Afgesien van **bracketing/afsondering**, wat ŉ sleutelelement van fenomenologie is, is **intensionaliteit** die tweede sleutelelement. Intensionaliteit beteken direktheid. Dit verwys na die begrip van die mens se intellek wat uitreik na die objekte waarvan dit bewus is.

Die volledige ryk beskrywings wat die essensie van die fenomeen na vore bring, is nodig om verskillende perspektiewe, ingesteldhede en gedagtes met mekaar te vergelyk om duidelikheid oor die fenomeen te verkry (Banister *et al*., 2011:5; Lester, 1999:1). ŉ Proses van refleksie, herkenning en beskrywing staan dus sentraal in hierdie studie. Deelnemers is genooi om deur middel van dié drie prosesse hulle ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL te deel. Die deelnemers kon hulle ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL deel deur middel van oop vraelyste, semigestruktureerde onderhoude en die dokumente wat nagegaan is. Elke fase van die navorsing was daarop gemik om die fenomeen te begryp en om ŉ akkurate geheelbeeld te skep om sodoende betekenis aan die fenomeen te gee.

Om hierin te slaag het die navorser van verskillende prosesse om te begryp gebruik gemaak en verskillende moontlikhede met mekaar verbind om die essensie en betekenis van die fenomeen uit te wys. Daar is nie op ŉ enkele waarheid gefokus nie. Die prosesse het onder meer die onderstaande prosesse ingesluit, gebaseer op die aanbevelings van Moustakas (1994:99):

- die stelselmatige uiteenloop van moontlike strukturele betekenisse wat ondersteun word deur die tekstuele betekenis;
- herkenning van die onderliggende temas of samehang by die voorstelling van die fenomeen;
- universele strukture wat in ag geneem is en wat bydra tot die gevoelens en gedagtes in ŉ spesifieke tyd of ruimte en in die verhouding met die self en met ander; en
- die soeke na voorbeelde wat die fenomeen die beste weergee om sodoende temas en die ontwikkeling van ryk beskrywings van die fenomeen uit te beeld.

In die finale fase van die fenomenologiese studie is die ryk beskrywings verder verfyn om sodoende ŉ geheel te vorm van die essensie van die fenomeen en die deelnemers.

Die fenomeen wat in hierdie studie ondersoek is, was die vakadviseurs en onderwysers se ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL in professioneleontwikkelingsprogramme. Die interpretasie van eerstehandse beskrywings van die belewing van onderwysers en vakadviseurs het bygedra tot die fenomenologiese navorsing om beter insig in die fenomeen te kon verkry. Hoe die persoon die fenomeen ervaar, was van kardinale belang, en dit het ŉ rol in hierdie studie gespeel omdat dit ŉ bepalende faktor sou wees by die benadering en ingesteldheid van beide vakadviseurs en onderwysers ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en KJL. Die empiriese ondersoek het die fenomeen ondersoek op ŉ bepaalde tyd binne in ŉ werklike situasie, om die essensie van hierdie fenomeen te beskryf vanuit die perspektief van die persone se eie ervarings.

6.6 Deelnemers en steekproef

In hierdie studie is daar gebruik gemaak van 'n doelgerigte steekproef om die deelnemers te identifiseer. Volgens McNamara (2005:697) word daar gewoonlik in 'n fenomenologiese ontwerp van 'n doelgerigte steekproef gebruik gemaak, omdat deelnemers geselekteer moet word wat betrokke is by die fenomeen wat ondersoek word. 'n Doelgerigte steekproef word deur Coyne (1997:624) beskryf as die keuse van deelnemers wat diep en ryk beskrywings kan gee oor die bepaalde fenomeen. Die doelgerigte steekproef is gebruik om deelnemers in die Wonderland-distrik te identifiseer en die onderstaande deelnemers is geïdentifiseer soos in Tabel 6.1 uiteengesit.

Tabel 6.1: Deelnemers

1.	Vakadviseurs • 1 taalvakadviseur in die grondslagfase (graad R, 1, 2 en 3) in die Wonderland-distrik • 2 taalvakadviseurs in die intermediêre fase (graad 4, 5 en 6) in die Wonderland-distrik
2.	Onderwysers • 15 taalonderwysers van vyf skole in die grondslagfase (graad R, 1, 2 en 3) in die Wonderland-distrik • 19 taalonderwysers van vyf skole in die intermediêre fase (graad 4, 5 en 6) in die Wonderland-distrik

Die skole in die Wonderland-distrik is hoofsaaklik gekies omdat Afrikaans Huistaal gebruik word of omdat Afrikaans as Eerste Addisionele Taal aangebied word en die professioneleontwikkelingsprogram ontwikkel is ten opsigte van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur.

6.7 Metodes van data-insameling

Die fenomeen wat ondersoek word, bepaal die gepaste wyse waarop die data ingesamel moet word. In 'n fenomenologiese studie is dit die eerstepersoonservaring wat fenomenologiese studies geldig maak.

Die volgende spesifieke stappe, wat met fenomenologie geassosieer word, is gevolg om die data in te samel: fenomenologiese reduksie, verbeeldingsvariasies en samevatting, soos saamgestel aan die hand van Moustakas (1994:84) en Crotty (1996:158, 176).

a) Fenomenologiese reduksie

Fenomenologiese reduksie is die proses waarvolgens die navorser dit wat hy/sy sien, die eksterne elemente, die interne elemente en die verhouding tussen die fenomeen en die self beskryf. Die navorser kyk en beskryf wat hy/sy sien en herhaal die proses tot die fenomeen ten volle verstaan word. Hierdie proses is transendentaal omdat dit die wêreld transformeer tot die fenomeen. Hierdie proses word reduksie genoem omdat dit terugverwys na eie ondervindings oor wat die fenomeen werklik is (Moustakas, 1994:180). Dit is 'n voortdurende proses wat ook horisontalisering genoem kan word, en kan oneindige moontlikhede openbaar. Fenomenologiese reduksie word bewerkstellig deur die onderstaande stappe toe te pas (Moustakas, 1994:180):

- Die fenomeen en vrae wat oor die fenomeen bestaan, word afsonderlik aangeteken.
- Horisontalisering word toegepas sodat die navorser alle antwoorde van deelnemers as gelyk kan beskou.
- Horisonne en betekenis word afgebaken. Die data-insamelingsmetode word op die horisonne van die fenomeen gefokus.
- Onveranderlikes van die eienskappe en temas word geïdentifiseer sodat dit nie herhaal nie maar in afsonderlike temas verdeel kan word.
- Deelnemers moet die geleentheid kry om individuele beskrywings van hulle ervarings van die fenomeen te kan gee.

b) Verbeeldingsvariasies

Die volgende stap in die data-insamelingsproses is die verbeeldingsvariasie. Verbeeldingsvariasie is die verskuiwing van die navorser se verwysings en perspektiewe wanneer die deelnemers se ervaring van die fenomeen ingesamel word. In hierdie stadium is die opvattings van die navorser slegs 'n voorstelling wat nie deur empiriese data ondersteun word nie. Gedurende die proses van verbeeldingsvariasies kan die navorser reeds sekere strukturele temas vir die fenomeen skep (Moustakas, 1994:181). Die navorser het na aanleiding van die literatuurstudie haar eie idees oor die fenomeen neergeskryf en reeds strukturele temas wat moontlik kon ontstaan, geïdentifiseer. Verbeeldingsvariasie word bewerkstellig deur die onderstaande toe te pas (Moustakas, 1994:181):

- Verskillende moontlike betekenisse van die fenomeen word in ag geneem.
- Verskillende perspektiewe van die fenomeen soos vanuit verskillende rolle waargeneem, word tydens die data-insamelingsproses in ag geneem.
- Vry verbeeldingsvariasies moet deur die navorser in ag geneem word sodat die moontlike strukture van die fenomeen ondersoek kan word.
- 'n Lys word gemaak van die strukturele eienskappe van die fenomeen en strukturele groepering van die eienskappe in temas word geïdentifiseer.
- Die tyd, ruimte, verhouding met die self en ander eksterne en interne faktore word in ag geneem wanneer deelnemers vir die data-insamelingsproses gekies word.

c) Samevatting

Die finale stap in die data-insamelingsproses met betrekking tot fenomenologiese studie is die samevatting van die betekenis en die essensie van die fenomeen. Die essensie is die voorwaarde of eienskap waarsonder die fenomeen nie sal bestaan nie; dit is die deurslaggewende waarheid omtrent die fenomeen. Die samevatting deur die navorser voor die data-insamelingsproses begin, moet intuïtief en reflektief wees en die deelnemers se beskrywings ontwikkel om sodoende 'n samevatting van die betekenis en die essensie van die fenomeen te kan gee (Moustakas, 1994:182; Moustakas, 1996:60).

6.7.1 Metodes waarvolgens die data ingesamel is

Nadat die prosesse van **intensionaliteit** en **afsondering**, Moustakas en Crotty se stappe by data-insameling, in aanmerking geneem is, is die onderstaande data-insamelingsmetodes gebruik vir die doel van hierdie studie (sien bl. 204).

6.7.1.1 Oop vraelyste[1]

Daar is van oop vrae en die titelherkenningstoets gebruik gemaak om 'n vraelys saam te stel en aan onderwysers en vakadviseurs te stuur. Met hierdie vraelys is daar gepoog om vroeg reeds onderwysers en vakadviseurs se ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL te bepaal en om sodoende, na aanleiding van die data wat met behulp van die vraelyste ingesamel is, die onderhoude daarby aan te pas. Die vraelyste is saamgestel deur gebruik te maak van oop vrae waar die vakadviseurs en onderwysers gevra is om hulle ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL te deel.

Vraelyste word volgens Leung (2002:187) hoofsaaklik gebruik om so veel moontlik deelnemers te kry en om akkurate en relevante inligting vir die studie te bekom. Wanneer vraelyste ontwikkel word, is dit belangrik om te bepaal watter inligting bekom moet word, byvoorbeeld biografiese inligting, inligting wat onafhanklike variasies kan beskryf of ander interne of eksterne faktore wat die data kan beïnvloed. Vraelyste kan saamgestel word deur geslote vrae (vrae wat aan die deelnemer 'n keuse van antwoorde gee; die deelnemer kan nie op sy/haar antwoord uitbrei nie) en oop vrae (vrae wat oop antwoorde het, waar die deelnemer sy/haar eie opinie weergee; daar is gewoonlik nie 'n regte of verkeerde antwoord nie). Tydens hierdie studie is daar gebruik gemaak van oop vrae wat kenmerkend is van kwalitatiewe navorsing (Leung, 2002:187). Oop vrae gee aan die navorser die geleentheid om 'n wye verskeidenheid moontlikhede oor die bepaalde fenomeen te ondersoek, en dit kan gebruik word om 'n volledige stel alternatiewe saam te stel. Alhoewel oop vrae meer werk as geslote vrae vereis, gee dit aan die navorser die geleentheid om ryk beskrywings van die fenomeen op te bou (Leung, 2002:187). Alhoewel daar nie vereistes is oor hoe lank 'n vraelys moet wees nie, is dit beter as die vraelys kort is sodat die deelnemers nie oorweldig voel deur die vraelys nie. Volgens Leung (2002:188) moet 'n vraelys struktureel beplan word om die beste resultate te bekom, soos dat daar onder meer van algemene vrae na gespesifiseerde vrae beweeg moet word. Die eerste paar vrae moet maklik wees en dan kan dit moeiliker raak. Verder kan daar van feitevrae na abstrakte vrae beweeg word. Indien daar van beide geslote en oop vrae gebruik gemaak word, moet daar eerder begin word met die geslote vrae. Omdat daar in hierdie studie geen geslote vrae by die vraelys ingesluit is nie, kon daar uiteraard nie met geslote vrae begin word nie. Omdat ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL ondersoek is, is daar besluit om die demografiese inligting eerste te plaas om die deelnemers op hulle gemak te stel voordat die oop vrae gevolg het. Die vraelys is struktureel beplan, soos voorgestel word deur Leung (2002), om die beste moontlik data van die deelnemers te ontvang.

[1] Sien Bylaag C vir 'n voorbeeld van die vraelys wat gebruik is.

Volgens Leung (2002:189) is dit belangrik dat vraelyste goed deurdink word wanneer hulle ontwikkel word en dat hierdie vraelyste betroubare inligting moet insamel. Daar moet verseker word dat die individuele vraelys relevant, aanvaarbaar, verstaanbaar, presies en onbevooroordeeld is. Daar moet verder opgelet word na die volgorde van die vraelys en die uitleg van die vraelys moet goed georganiseer wees. In hierdie studie is daar met groot sorg na dié punte gekyk en die vraelys is volgens die kriteria soos hierbo uiteengesit saamgestel.

6.7.1.2 Die titelherkenningstoets

As deel van die oop vrae is die titelherkenningstoets (THT) by die vraelys wat aan die deelnemers gegee is, ingesluit. Die titelherkenningstoets is in 1990 deur Cunningham en Stanovich ontwikkel en kan gebruik word om die **teksblootstelling van 'n persoon te toets** (Cunningham & Stanovich, 1990; McBride-Chang *et al*., 1993:237). McBride-Chang *et al*. (1993:237) beweer dat die THT een van die betroubaarste toetse is om 'n persoon se blootstelling aan boeke te bepaal.

Om van die THT gebruik te maak, moes daar boeke geselekteer word wat werklik bestaan en ook titels wat nie werklik bestaan nie (Masterson & Hayes, 2007). Die titels van boeke wat nie werklik bestaan nie, word gebruik om te verhoed dat die persoon bloot al die boeke afmerk. Die waarde van die THT is verder volgens Cunningham en Stanovick (1990) dat dit nie hoë kognitiewe inspanning van die respondent verg nie. Indien 'n persoon dus kan lees, is daar geen ander kognitiewe vereiste wat tydens die invul van die vraelys aan die respondent gestel word nie. Die formaat van die THT word gebruik om onderwysers en vakadviseurs se blootstelling aan boeke, outeurs en illustrasies te bepaal.

Die vraelys is in Oktober 2012, ná alle toestemming verkry is, aan die onderwysers en vakadviseurs gestuur. Die vraelys is binne 'n week weer ingesamel en die semigestruktureerde fokusgroeponderhoude is so gou moontlik gehou. Al die onderhoude was teen einde November 2012 afgehandel. Die vraelyste is verwerk nadat die onderhoudsvrae daarvolgens aangepas is.

6.7.1.3 Semigestruktureerde fokusgroeponderhoude

Die **semigestruktureerde fokusgroeponderhoude**[2] het 'n oop formaat gehad wat toegelaat het dat die onderhoud gefokus kon wees en dat die deelnemers hulle opinie vrylik kon gee. In gestruktureerde fokusgroeponderhoude word daar kenmerkend voorafopgestelde vrae aan die deelnemers gevra en daar word nie daarvan afgewyk nie. Hierteenoor is semigestruktureerde fokusgroeponderhoude onderhoude wat eers in die algemeen oor die onderwerp handel en die deelnemers se antwoorde in ag neem om die onderhoud verder te lei. Alhoewel daar vooropgestelde vrae is, word daar nie streng by die vrae gehou nie en dit kan aangepas word sou dit nodig wees (Peräkylä & Ruusuvuori, 2011:529). Fokusgroeponderhoude is tydens hierdie studie gebruik omdat dit aan die navorser die realiteit van die fenomeen openbaar wat andersins versteek word. Onderwerpe gee verder aan die navorser die geleentheid om die deelnemers uit te

[2] Sien Bylaag C vir 'n voorbeeld van die semigestruktureerde onderhoudsvrae.

vra en weer te kan vra indien iets onduidelik is om sodoende deeglike en ryk beskrywings van die fenomeen te bekom (Peräkylä & Ruusuvuori, 2011:529).

Fokusgroeponderhoude word in fenomenologiese studie as die primêre metode van data-insameling gebruik om die essensie, variasiestrukture en betekenis te ontdek (Merriam, 2002:93). Die vrae wat tydens die semigestruktureerde fokusgroeponderhoude in hierdie fenomenologiese studie gebruik is, het uit verskeie oop vrae wat met die fenomeen verband gehou het, bestaan. Die oop vrae het aan die fokusgroepe die geleentheid gegee om informeel en gemaklik te antwoord sodat so veel moontlik bruikbare data ingesamel kon word (Bailey, 2007:95; Smith & Osborn, 2007:53). Daar is besluit om van fokusgroeponderhoude gebruik te maak omdat dit die deelnemers op hulle gemak sou plaas om in groepe hulle werklike ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL te deel.

Die semigestruktureerde fokusgroeponderhoude is op die basis van 'n onderhoudskedule saamgestel. 'n Onderhoudskedule word gebruik as 'n gids en vrae word altyd in dieselfde volgorde gevra (Knox & Burkard, 2009:2) Die navorser (onderhoudvoerder) vra die vrae waarna die deelnemers daarop reageer. Die vrae is opgestel na aanleiding van die literatuuroorsig soos in Hoofstukke 2, 3, 4 en 5 bespreek en inhoudskennis van die deelnemers soos weergegee in die vraelyste. Dieselfde vrae is aan al die deelnemers gevra, maar gedurende die onderskeie fokusgroeponderhoude het sekere aspekte na vore gekom waaroor die spesifieke fokusgroep wou uitbrei en daar is dan aan die fokusgroep geleentheid daarvoor gegee. Daar is byvoorbeeld in sommige gevalle bevind dat die onderwysers glad nie van tradisionele literatuur en fantasieverhale hou nie, waarna daar in die onderhoude gepoog is om uit te vind waarom hierdie onderwysers so voel. Die skedule het verseker dat, al is daar in sommige gevalle van die vrae afgedwaal, daar altyd teruggegaan kon word na die onderhoudskedule om inligting te bekom wat met mekaar vergelyk kon word (Knox & Burkard, 2009:2).

Oop vrae is aan die deelnemers gestel waarna die deelnemers die geleentheid gegee is om te reageer op die vrae (sien Bylaag C vir voorbeelde van vrae). Die deelnemers het in die fokusgroeponderhoud hulle eie ingesteldhede en uitgangspunte ten opsigte van die gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer en die wyse waarop die deelnemers professionele ontwikkelingsgeleenthede oor KJL in die algemeen beskou, uiteengesit. Daar is op dié wyse moeite gedoen om aan die deelnemers die geleentheid te gee om heeltemal openlik en eerlik te wees oor hulle ingesteldhede en gebruik van KJL in die klaskamer. Die deelnemers aan die fokusgroepe was die vakadviseurs en onderwysers wat die vraelyste ingevul het om meer gefokuste inligting, soos die onderwyser se ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL te bekom.

Die fokusgroeponderhoude is gereël op tye wat die vakadviseurs en onderwysers gepas het en is elektronies in MP3-formaat opgeneem (sien Bylaag C). Die onderhoude was elk ongeveer 30 tot 45 minute lank en is deur die navorser self gevoer. Die onderhoude is getranskribeer sodat dit tydens die analise gebruik kon word.

6.7.1.4 Dokument-analise

Dokument-analise is 'n stelselmatige prosedure waar relevante dokumente (beide gedrukte dokumente en elektroniese dokumente) ondersoek en geëvalueer word met betrekking tot die fenomeen wat ondersoek word (Bowen, 2009:27). Soos in die geval van alle ander metodes wat in kwalitatiewe navorsing gebruik word, is dit ook belangrik dat die dokumente wat vir die studie gebruik word, geanaliseer en geïnterpreteer word om betekenis en kennis daaruit te ontgin (Gorbin & Strauss, 2008). Atkinson en Coffey (1997:47) verwys na dokumente as sosiale feite wat geproduseer, gedeel en in die sosiale wêreld gebruik word. Dokumente wat gebruik kan word vir dokument-analise sluit onder meer advertensies, agendas, bywoningsregisters, handleidings, boeke, brosjures en joernale in. In hierdie studie is daar gebruik gemaak van lesbeplannings, kinder- en jeugliteratuurboeke wat onderwysers gebruik en regeringsdokumente soos die KABV. Die navorser self moet die dokumente insamel, selekteer, evalueer en die data in die dokumente ontsluit om bruikbare data vir die studie daaruit te ontgin. Volgens Labuschagne (2003) word die dokumente in temas en kategorieë georganiseer na gelang dit 'n invloed op die fenomeen het.

Volgens Bowen (2009:29) is daar vyf spesifieke funksies wat dokument-analise verrig:

- dokumente kan inligting in verband met die navorsing verskaf, want dokumente bevat agtergrondinligting en inligting oor die historiese agtergrond van die fenomeen sodat die navorser die agtergrond en wyses waarop dit die toekoms kan beïnvloed, kan verstaan;
- die inligting in die dokumente kan vrae aan die lig bring wat as deel van die navorsing ondersoek moet word;
- dokument-analise verskaf bykomende inligting wat van groot waarde kan wees ten opsigte van die inligting wat reeds vir die studie ingesamel is;
- dokumente bied 'n metode om verandering te volg, veral wat betref ontwikkeling; en
- dokument-analise kan gebruik word om dit wat reeds bevind is, te ondersteun.

In die geval van die fenomenologiese studie is dit veral die derde en vyfde punte wat van waarde is. Dokument-analise is in hierdie studie gebruik om bykomende data in te samel veral ten opsigte van onderwysers se gebruik van kinder- en jeugliteratuur en om die inligting wat reeds verkry is, te ondersteun.

Departementele dokumente is ingesamel soos onder meer die KABV wat aan onderwysers riglyne gee vir die implementering van die nasionale kurrikulum. Ander dokumente wat ingesamel is, het onderwysers se beplanning wat met kinder- en jeugliteratuur verband hou, ingesluit. Hierdie dokumente is tegelyk met die onderhoude ingesamel omdat daar gedurende die onderhoude ook met die onderwysers of vakadviseurs daaroor gepraat kon word. Die insameling van relevante dokumente by die onderwysers en vakadviseurs self was egter 'n moeilike taak. Daar was slegs een onderwyser wat haar tekste met die navorser gedeel het. Die ander onderwysers het slegs verbaal erken dat hulle kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer gebruik, maar kon nie enige dokumente verskaf om die aansprake te staaf nie.

6.8 Data-analise

Die data wat deur middel van vraelyste, semigestruktureerde fokusgroeponderhoude en dokumente ingesamel is, is geanaliseer volgens temas wat uit die data geïdentifiseer kon word. Volgens Wood (2012) is data-analise 'n induktiewe proses waar patrone en temas vanuit die data geïdentifiseer kan word. Die data van die semigestruktureerde fokusgroeponderhoude is geanaliseer volgens die stappe soos bepaal deur Moustakas (1994:120–121). Hierdie stappe is gebruik met die bedoeling om ryk beskrywings van die fenomeen te verkry om sodoende te ondersoek en dit wat nie nodig was nie, te elimineer. Transkripsies is herhaaldelik gelees sodat die navorser gemaklik kon wees met die data wat ingesamel is en sodoende die sewe stappe met gemak te kon toepas. Die sewe stappe is soos volg:

a) Stap 1: Die lys en groepering van relevante data (*horisontalization*)

Deur gebruik te maak van Atlas.ti kan die vraelyste, semigestruktureerde fokusgroeponderhoude en dokumente gekodeer word ten opsigte van temas en kategorieë wat uit die data ontwikkel is. Volgens Mayan (2001:22) kan kodering gedefinieer word as 'n proses waardeur woorde, sinne, temas of begrippe wat herhaaldelik in die data na vore kom, uitgelig word. Op grond van hierdie herhalende data kan onderliggende patrone geïdentifiseer en geanaliseer word. Die koderingsproses sluit onder meer die volgende fases in: die kodering in hierdie stadium kan ook **oop kodering** genoem word. Deur temas saam te groepeer kon daar 'n analise van die data gemaak word (Bailey, 2007:152; Flick, 2007:296; Gibbs, 2007:50). Die data is gekodeer na aanleiding van temas wat uit die ingesamelde data geïdentifiseer kon word. Kodering is 'n proses waar groot hoeveelhede data in kleiner segmente opgebreek word. Die data word gekategoriseer om 'n raamwerk van tematiese sienings te bewerkstellig (Bailey, 2007:127; Flick, 2007:296; Gibbs, 2007:38). Ooreenstemmende stellings deur die deelnemers word onder een kode gegroepeer. Aspekte wat buitengewoon is, kom ook in die proses na vore. Volgens Strauss (1987:29) wil kwalitatiewe navorsing nie items tel nie, maar data oopbreek en herorganiseer in kategorieë wat ooreenkomste en verskille kan uitwys sodat die data gebruik kan word om teoretiese begrippe te ondersteun en te ondersoek.

Deur van Atlas.ti[3] gebruik te maak, kon die vraelyste, semigestruktureerde fokusgroep-onderhoude en dokumente gekodeer word volgens temas en kategorieë wat op grond van die data ontwikkel is. Volgens Mayan (2001:22) kan kodering ook gedefinieer word as 'n proses waardeur woorde, sinne, temas of begrippe wat herhaaldelik in die data na vore kom, uitgelig word. Op grond van hierdie herhalende data kan onderliggende patrone geïdentifiseer en geanaliseer word.

Die oop vrae van die semigestruktureerde fokusgroeponderhoude is met behulp van inhoudsanalise geanaliseer. Volgens Maree (2009:101) is inhoudsanalise 'n stelselmatige benadering tot kwalitatiewe data. Dit is 'n induktiewe en iteratiewe proses waar daar na ooreenkomste en verskille

[3] Atlas.ti 7 is 'n sagtewareprogram wat ontwikkel is om die verwerking van kwalitatiewe navorsing te vergemaklik en internasionaal gebruik word. Dit laat die gebruiker toe om video's, onderhoude, dokumente, foto's, media en enige ander materiaal maklik te analiseer en te kodeer (Alvira-Hammond, 2012:2).

gesoek word wat óf die fenomeen sal ondersteun óf dit sal afbreek. Inhoudsanalise kan in twee verskillende soorte verdeel word, naamlik manifesterende en latente inhoudsanalise. By manifesterende analise word daar gesoek na spesifieke woorde en gedagtes wat gekombineer word en daarom gebruik kan word om statistiek oor die inhoud in die data te genereer (Mayan, 2001:21). Mayan (2001:21) is van mening dat hierdie kombinering betroubaar kan wees mits die konteks van die woorde in berekening gebring word. Daar word in hierdie proses na spesifieke woorde of gedagtes gesoek om statistiek te vorm, soos onder meer die aantal kere wat onderwysers 'n bepaalde boek of skrywer herken soos met behulp van die vraelyste getoets.

b) Stap 2: Vermindering en eliminasie

Die data soos geïdentifiseer in stap 1, die lys- en groeperingstadium, word verder ondersoek en die navorser moet bepaal of elke stelling wat in die eerste stap uitgehaal is, waardevolle data bevat waaruit die navorser die essensie van die fenomeen kan identifiseer. Die navorser moet verder ondersoek of elke stelling wat hy/sy uitgehaal het, benoem kan word.

c) Stap 3: Die groepering en tematisering van data

Die data wat ná afhandeling van stap twee oorgebly het, word gegroepeer en in temas georden in ooreenstemming met hoe hulle in stap twee benoem is. Hierdie proses staan ook bekend as **aksiale kodering.** Tydens **aksiale kodering** word die temas uit die oop kodering (stap 1) skerper omlyn en in breër kategorieë ingedeel (Bailey, 2007:129). Die temas wat in hierdie stap verder verfyn word, moet in die eerste plek genoegsame data bevat sodat dit 'n bydrae kan lewer tot die poging om die essensie te verstaan. Die navorser poog verder in hierdie stadium om die temas te benoem en temas wat ooreenstem, saam te voeg.

d) Stap 4: Finale identifisering – stawing (*validation*)

In die finale identifisering word **selektiewe kodering** toegepas. **Selektiewe kodering** vind plaas wanneer die resultate van die vorige koderings herevalueer word en veranderings soos en waar nodig aangebring word. Die data word ook op dié stadium nagegaan ten opsigte van die volledige transkripsie van die deelnemers se onderhoude. Daar word in dié stadium ondersoek of dit wat getranskribeer is, presies is wat die deelnemer bedoel het en indien dit nie korrek is nie, word dit reggemaak. Indien dit wat daar staan, nie is wat die deelnemer bedoel het nie, word dit uit die analiseproses verwyder.

Die proses waardeur die data gekodeer word, lei daartoe dat die data volgens temas georganiseer word en daarvolgens geanaliseer kan word. In hierdie studie het dit meegebring dat deelnemers se ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL by die onderrig van Afrikaans met mekaar vergelyk kon word, waarna 'n gevolgtrekking gemaak kon word.

Latente inhoudsanalise is tydens hierdie stap toegepas. Latente inhoudsanalise is die proses van identifisering, kodering en kategorisering van primêre patrone in die data. Die betekenis van

spesifieke sinne in die onderhoude is ondersoek om kategorieë vas te stel en saam te groepeer. Volgens Mayan (2001:22) is latente analise meer geldig as manifesterende analise omdat latente analise grasie toelaat vir die eintlike bedoeling van die deelnemers.

Vir die doel van latente inhoudsanalise is die onderhoude digitaal in MP3-formaat opgeneem waarna die Atlas.ti-sagteware gebruik is om die data te transkribeer en die kodering te doen soos aangetoon in Bylaag C. Die transkripsies is geanaliseer volgens die latente inhoudsanalise waar patrone geïdentifiseer, gekodeer en gekategoriseer is. Elke fokusgoep se onderhoud is tematies geanaliseer in drie fases: oop kodering, gefokusde/aksiale kodering, selektiewe kodering, soos aangetoon in Bylaag C. Ná hierdie proses is die response met mekaar vergelyk om die ooreenkomste en verskille tussen die onderskeie houdings en interpretasies aan te toon.

e) Stap 5: Individuele tekstuele beskrywings

In hierdie stadium van die data-analise is daar van die relevante temas gebruik gemaak om 'n individuele tekstuele beskrywing van elke onderwyser en vakadviseur te konstrueer wat verbatim voorbeelde uit die onderhoude ingesluit het.

f) Stap 6: Individuele gestruktureerde beskrywing

Op hierdie stadium is daar individuele gestruktureerde beskrywings van elke onderwyser en vakadviseur opgestel deur na die individuele tekstuele beskrywings te kyk en die variasies met die insluiting van ander deelnemers te vergelyk.

g) Stap 7: Individuele tekstueel-gestruktureerde beskrywing

In die finale stap is daar van elke deelnemer (onderwysers en vakadviseurs) 'n tekstueel-gestruktureerde beskrywing opgestel wat die betekenis en essensie van die bepaalde individu saamgevat het. Die deelnemer se totale data is in ag geneem. Nadat die individue se betekenis en essensie van die fenomeen ondersoek is, is dit saamgevoeg en 'n ryk beskrywing van die fenomeen, sy betekenis en essensie soos gesien aan die hand van die hele groep deelnemers se data is verkry.

6.8.1 Rekenaarondersteunde kwalitatiewe data-analise

Daar is besluit om by hierdie studie van rekenaarondersteunde sagteware gebruik te maak om die analise van data te vergemaklik aangesien die bronne hoofsaaklik die studie-onderhoude en vraelyste was en te veel was om gemaklik mee te kon werk. Dit was nodig om die data in 'n meer werkbare manier om te skakel om sodoende bruikbare inligting na vore te bring. Volgens Gibbs *et al*. (2002:xix) is daar nie een goed ontwikkelde stel beginsels wat gevolg kan word by kwalitatiewe data-analise nie. As gevolg hiervan en die feit dat die navorsingsvrae kompleks was, het die navorser besluit om van rekenaargesteunde sagteware vir die analise van kwalitatiewe data bekend as CAQDAS (*computer-assisted qualitative data analysis software*) gebruik te maak. Daar is verskeie programme wat gebruik kan word, en die navorser het besluit om van Atlas.ti 7 gebruik te maak.

Die inhoud van relevante literatuur en getikte transkripsies van die MP3 opnames is geanaliseer deur dit te kodeer, te kategoriseer en sodoende die temas en data met behulp van Atlas.ti 7 te integreer. Die eerste fase van die data-analise was om die data in die rekenaar in te voer en temas (*codes*) te skep waarvolgens die data gegroepeer kon word. (In die taal van Atlas.ti 7 word die term "*code*" gebruik om 'n bepaalde data-groepering te beskryf of te benoem). Hierdie *codes* is dieselfde as die temas wat die navorser tydens stap een, die lys en groepering van relevante data (*horisontalization*), gebruik het. Daar is gedurende hierdie fase 37 fases geïdentifiseer.

Na aanleiding van fase een het die navorser die data ontleed vir uitstaande temas en gepoog om die temas met betrekking tot die fenomeen te rangskik. Atlas.ti 7 is verder gebruik in die tweede fase van kodering omdat dit aan die navorser 'n eenvoudige wyse gegee het om groepe uit die groter temas te skep. In hierdie fase is ses hoofkategorieë geskep.

6.8.2 Inhoudsanalise

Alvorens die inhoud van die vraelyste, onderhoude en dokumente geanaliseer kon word, is die stappe soos hieronder aangedui op die semigestruktureerde fokusgroeponderhoude toegepas (Wolff, 2002:117):

Stap 1: Die vorming van 'n geheelbeeld. Voordat die analise van die onderhoude onderneem kon word, was dit belangrik om die geheel van die spesifieke onderhoud te kry. Daar is twee keer na elke onderhoud geluister, en die transkripsies van die onderhoude is drie keer gelees voordat met die analise begin is.

Stap 2: Identifisering van betekenisvolle eenhede. In hierdie stap is betekenis bewerkstellig deur weer na die onderhoude te luister en die transkripsies te lees. Gedurende hierdie tyd is die verskuiwings in die betekenis geïdentifiseer.

Stap 3: Definiëring van toepaslike betekenisvolle eenhede. In hierdie stadium van die studie is die betekenisvolle eenhede soos in stap 2 geïdentifiseer, ontleed vir die waarde wat dit tot die fenomeen bygedra het. Die irrelevante eenhede is verwerp. Elke betekenisvolle eenheid is grammatikaal herskryf indien dit nodig was om sodoende meer direkte beskrywings van die fenomeen te gee.

Stap 4: Integrering van betekenisvolle eenhede. 'n Belangrike element van die analise was om te verstaan wat die temporele volgorde van die fenomeen was soos dit in die onderhoude bespreek is. Omdat 'n onderhoud nie noodwendig 'n liniêre proses is nie, was dit belangrik om die onderhoude in 'n logiese en kontekstuele verhouding te organiseer. Die betekenisvolle eenhede is uit die oogpunt van 'n eerstepersoonsverteller geskryf om sodoende die werklike beskrywings van die deelnemers oor te dra.

Stap 5: Die artikulering van betekenisvolle eenhede. In hierdie stap is die deelnemers se narratiewe beskrywings van hulle ondervindings wat nog nie geanaliseer was nie, in relevante betekenisse met betrekking tot die fenomeen weergegee. Spesifieke response is ondersoek met die doel om betekenis daaruit te haal. Hierdie betekenisse is verwoord in frases wat die betekenis kon illustreer. Die proses het van die navorser vereis om vorentoe en agtertoe in die data te beweeg. Die betekenisvolle eenhede was die

essensie van die individue se ondervinding van die fenomeen en is aan die onverwerkte data getoets. Daar is van die konkrete data na abstrakte betekenisvolle eenhede beweeg.

Stap 6: Gelykstandige betekenisvolle strukture. Vanuit die geartikuleerde betekenisvolle eenhede soos uiteengesit in stap 5 is die betekenisvolle strukture in die derde persoon oorvertel. Die resultate van hierdie stap was betekenisvolle beskrywings van die individue se ondervindings van kinder- en jeugliteratuur en hulle ondervinding van professioneleontwikkelingsprogramme.

Stap 7: Die essensie van die fenomeen. Die finale stap van individuele analise van die data het bestaan uit 'n verfyning van die individue se beskrywings. Hierdie verfyning is bewerkstellig deur die volgende vraag te vra: "Wat is die absolute essensie van die ondervinding van hierdie individue met betrekking tot die gebruik van kinder- en jeugliteratuur en die bywoning van professionele ontwikkelingsgeleenthede?"

Die stappe soos bo beskryf, is gebruik om die data wat ingesamel is, te ontsluit en vervolgens word die resultate van die onderskeie stappe uiteengesit.

6.8.3 Stap 1: Die lys en groepering van relevante data (*horisontalization*)

Daar is verskeie temas in stap 1, soos voorgestel deur Moustakas (1994:120–121), uit die analise geïdentifiseer en dit verteenwoordig primêre inligting. Die inligting is vervolgens gesorteer sodat dit in stappe 2 en 3 verder verwerk kon word.

Tabel 6.2 toon die lys en groepering van relevante data soos geïdentifiseer:

Tabel 6.2: Temas geïdentifiseer in stap 1[4]

Stap 1	
1.	Die kurrikulum en die indeling van tyd vir taalonderrig
2.	Die tyd wat ingeruim word vir lees, voorlees, selflees, groeplees en stillees.
3.	Die aankoop van boeke deur die skool vir lees; nie noodwendig handboeke nie.
4.	Die gebruik van handboeke wat deur die departement voorgeskryf word.
5.	Die gebruik van kinder- en jeugliteratuur deur onderwysers in die klaskamer.
6.	Die invloed van die kind se agtergrond op lees en die keuse van boeke.
7.	Die aanmoediging van goeie en geleerde lesers.
8.	Boeke wat deur onderwysers as onaanvaarbaar beskou word.
9.	Reekse wat onderwysers as van waarde ag by die skoolkurrikulum.
10.	Die rol wat kultuur speel by die lees en keuse van boeke.
11.	Kontroversie aangaande die gebruik van sprokies en fantasieverhale in die klaskamer.
12.	Die fokalisator in verhale.
13.	Die karakters in verhale.

[4] Die temas soos wat in die tabel verskyn, dui aan hoe die temas in Atlas.ti 7 verskyn en word presies so weergegee om verwarring te voorkom.

14.	Die ruimte in verhale.
15.	Die tema wat in verhale oorgedra word.
16.	Die gebruik van tydsaspekte in verhale.
17.	Die gebruik van biblioteke in die skoolstelsel.
18.	Die invloed van die onderwyser op ’n kind se liefde vir lees.
19.	Jeugliteratuur as genre.
20.	Kinderliteratuur as genre.
21.	Kennis wat onderwysers behoort te hê met betrekking tot kinder- en jeugliteratuur.
22.	Die leemtes wat onderwysers ondervind met betrekking tot kinder- en jeugliteratuur.
23.	Die belangrikheid van kinder- en jeugliteratuur in die skoolkurrikulum.
24.	Die gebruik van multikulturele verhale in die klaskamer.
25.	Wat is multikulturele verhale?
26.	Watter inligting moet ingesluit word by ’n professioneleontwikkelingsprogram met betrekking tot kinder- en jeugliteratuur?
27.	Kritiek teenoor die ondersteuning en werking van die departement.
28.	Onderwysersopleiding.
29.	Samewerking tussen skole in ’n distrik.
30.	Avontuurverhale.
31.	Fantasieverhale.
32.	Historiese verhale.
33.	Multikulturele verhale.
34.	Opwipboeke.
35.	Prenteboeke.
36.	Sprokies.
37.	Vertaalde tekste.

6.8.4 Stap 2 en 3: Vermindering, eliminasie, die groepering en tematisering van die data

Gedurende hierdie stap van die groepsanalise is die beskrywings onder tematiese opskrifte gegroepeer en daar is op die elemente wat deur meer as twee deelnemers genoem is gefokus om die belangrikheid daarvan aan te toon. In stappe 2 en 3 is daar gebruik gemaak van **selektiewe/aksiale kodering**. Nadat stap 1 voltooi was, is die inligting weer deurgegaan en verder verfyn om die essensiële data te behou en die onbelangrike inligting uit te haal. Die temas wat in stap 1 geïdentifiseer is, is in stap 2 en 3 skerper omlyn en in breër kategorieë ingedeel. Tydens hierdie stappe is die onderskeie oorspronklike temas van stap 1 saamgevoeg. Volgens Bailey (2007:129) word daar by selektiewe kodering wegbeweeg van die letterlike kodering na meer konseptuele kodering waarin daar na spesifieke aspekte gesoek word. Individuele onderhoude/gevalle moet eerstens gekodeer word, waarna daar oorgegaan kan word tot kruiskodering tussen die verskillende deelnemers sodat ooreenkomste en verskille uitgewys kan word. Dit vereis

gefokusde aandag, en moet stelselmatig gedoen word. Alle gevalle kan nie op een slag met mekaar vergelyk word nie, maar een vir een moet bygevoeg word tot die vergelyking tot al die onderhoude met mekaar vergelyk is (Bailey, 2007:155).

Aan die hand van die aksiale kodering is die onderstaande saamgestelde tema-kategorieë geïdentifiseer (sien Tabel 6.3):

Tabel 6.3: Kategorieë soos geïdentifiseer tydens stappe 2 en 3

Stap 2 en 3	
1.	**KABV** • kabv_[5]Die kurrikulum en die indeling van tyd vir taalonderrig • kabv_Die tyd wat ingeruim word vir lees, voorlees, selflees, groeplees, stillees.
2.	**KEUSE VAN BOEKE** • keuse van boeke_Die aankoop van boeke deur die skool vir lees; nie noodwendig handboeke nie. • keuse van boeke_Die gebruik van handboeke wat deur die departement voorgeskryf word. • keuse van boeke_Die gebruik van kinder- en jeugliteratuur deur onderwysers in die klaskamer. • keuse van boeke_Die invloed van die kind se agtergrond op lees en keuse van boeke. • keuse van boeke_Die aanmoediging van goeie en geleerde lesers. • keuse van boeke_Boeke wat deur onderwysers as onaanvaarbaar beskou word. • keuse van boeke_Reekse wat onderwysers as van waarde ag by die skoolkurrikulum. • keuse van boeke_Die rol wat kultuur speel by die lees en keuse van boeke. • keuse van boeke_Kontroversie aangaande die gebruik van sprokies en fantasieverhale in die klaskamer.
3.	**NARRATIEWE ELEMENTE** • narratiewe elemente_Die fokalisator in verhale. • narratiewe elemente_Die karakters in verhale. • narratiewe elemente_Die ruimte in verhale. • narratiewe elemente_Die tema wat in verhale oorgedra word. • narratiewe elemente_Die gebruik van tydsaspekte in verhale.
4.	**ONDERWYSER** • onderwyser_Die gebruik van biblioteke in die skoolstelsel. • onderwyser_Die invloed van die onderwyser op ’n kind se liefde vir lees. • onderwyser_Jeugliteratuur as genre. • onderwyser_Kennis wat onderwysers behoort te hê met betrekking tot kinder- en jeugliteratuur. • onderwyser_Kinderliteratuur as genre. • onderwyser_Die leemtes wat onderwysers ondervind met betrekking tot kinder- en jeugliteratuur. • onderwyser_Die belangrikheid van kinder- en jeugliteratuur in die skoolkurrikulum. • onderwyser_Die gebruik van multikulturele verhale in die klaskamer. • onderwyser_Onderwysers se leesgewoontes
5.	**POP’s** • POP’s_Watter inligting moet ingesluit word by ’n professioneleontwikkelingsprogram met betrekking tot kinder- en jeugliteratuur? • POP’s_Kritiek teenoor die ondersteuning en werking van die departement. • POP’s_Onderwysersopleiding

[5] Omdat daar gebruik gemaak is van Atlas.ti 7 is die tema waarvolgens die eerste groeperings ingedeel word deur die temanaam en _ voorgestel. Professioneleontwikkelingsprogram/me word verder as gevolg van lengte slegs hier afgekort as POP’s.

	• POP's_Samewerking tussen skole in 'n distrik.
6.	**SOORTE VERHALE** • soort verhale_Avontuurverhale • soort verhale_Fantasieverhale • soort verhale_Historiese verhale • soort verhale_Multikulturele verhale • soort verhale_Opwipboeke • soort verhale_Prenteboeke • soort verhale_Sprokies • soort verhale_Strokiesverhale • soort verhale_Vertaalde verhale

6.8.5: Stap 4: Finale identifisering – stawing (*validation*)

In stap 4 is die finale identifisering van die temas gemaak en die besluite geneem in stappe 1 tot 3, gestaaf. Die finale betekenis is geïdentifiseer om sodoende die navorsingsvrae te kon antwoord.

Tydens stap 4 is daar op die data wat by stappe 2 en 3 oorgebly het, gefokus. In hierdie fase is die resultate van voorafgaande stappe opgeweeg om veranderinge waar nodig is aan te bring en die data wat tydens stappe 1,2 en 3 uitgehaal is, rond geskuif, sodat die beste gevolgtrekking daaruit gemaak kon word. Tydens stap 4 is die data ondersoek met die doel om die navorsingsvrae te beantwoord en die argument te ondersteun deur die deelnemers se response verbatim by te voeg. Die data in hierdie stap is met die navorsingsvrae verbind en het die basis gevorm waarop die professioneleontwikkelingsprogram saamgestel is.

Aan die hand van stap 4 is die onderstaande saamgestelde temas geïdentifiseer om die navorsingsvrae te beantwoord (sien Tabel 6.4):

Tabel 6.4: Kategorieë soos geïdentifiseer in stap 4 om die navorsingsvrae te beantwoord

Stap 4	
1.	**LITERÊRE KOMPONENTE WAT TANS INGESLUIT WORD EN WAT INGESLUIT MOET WORD BY 'N PROFESSIONELEONTWIKKELINGSPROGRAM** **KABV** • kabv_[6]Die kurrikulum en die indeling van tyd vir taalonderrig. • kabv_Die tyd wat ingeruim word vir lees, voorlees, selflees, groeplees, stillees. **KEUSE VAN BOEKE** • keuse van boeke_Die aankoop van boeke deur die skool vir lees; nie noodwendig handboeke nie. • keuse van boeke_Die gebruik van handboeke wat deur die departement voorgeskryf word. • keuse van boeke_Die gebruik van kinder- en jeugliteratuur deur onderwysers in die klaskamer. • keuse van boeke_Die invloed van die kind se agtergrond op lees en keuse van boeke. • keuse van boeke_Die aanmoediging van goeie en geleerde lesers.

[6] Omdat daar gebruik gemaak is van Atlas.ti 7 word die tema waarvolgens die eerste groeperings ingedeel is met die temanaam en _ voorgestel. Professioneleontwikkelingsprogram/me word verder as gevolg van lengte slegs hier afgekort as POP's.

	• keuse van boeke_Boeke wat deur onderwysers as onaanvaarbaar beskou word. • keuse van boeke_Reekse wat onderwysers as van waarde ag by die skoolkurrikulum. • keuse van boeke_Die rol wat kultuur speel by die lees en keuse van boeke. • keuse van boeke_Kontroversie aangaande die gebruik van sprokies en fantasieverhale in die klaskamer. **ONDERWYSERS** • onderwyser_Die gebruik van biblioteke in die skoolstelsel. • onderwyser_Die invloed van die onderwyser op 'n kind se liefde vir lees. • onderwyser_Jeugliteratuur as genre. • onderwyser_Kennis wat onderwysers behoort te hê met betrekking tot kinder- en jeugliteratuur. • onderwyser_Kinderliteratuur as genre. • onderwyser_Die leemtes wat onderwysers ondervind met betrekking tot kinder- en jeugliteratuur. • onderwyser_Die belangrikheid van kinder- en jeugliteratuur in die skoolkurrikulum. • onderwyser_Die gebruik van multikulturele verhale in die klaskamer. onderwyser_Onderwysers se leesgewoontes **NARRATIEWE ELEMENTE** • narratiewe elemente_Die fokalisator in verhale. • narratiewe elemente_Die karakters in verhale. • narratiewe elemente_Die ruimte in verhale. • narratiewe elemente_Die tema wat in verhale oorgedra word. • narratiewe elemente_Die gebruik van tydsaspekte in verhale. **SOORT VERHALE** • soort verhale_Avontuurverhale • soort verhale_Fantasieverhale • soort verhale_Historiese verhale • soort verhale_Multikulturele verhale • soort verhale_Opwipboeke • soort verhale_Prenteboeke • soort verhale_Sprokies • soort verhale_Strokiesprente • soort verhale_Vertaalde verhale
2.	**ONDERWYSERS EN VAKADVISEURS SE INGESTELDHEDE TEN OPSIGTE VAN POP** **POP's** • POP's_Watter inligting moet ingesluit word by 'n professioneleontwikkelingsprogram met betrekking tot kinder- en jeugliteratuur? • POP's_Kritiek teenoor die ondersteuning en werking van die departement. • POP's_Onderwysersopleiding • POP's_Samewerking tussen skole in 'n distrik.

Stappe 5, 6 en 7 word in Hoofstuk 7 weergegee wanneer die analise van die data behandel word.

6.9 Die rol van die navorser

Volgens Lichtman (2013:21) speel die navorser 'n uiters belangrike rol by kwalitatiewe navorsing. Die data word deur die navorser ingesamel, die omstandighede word waargeneem en die werklikheid word gekonstrueer deur die oë van die navorser, en word daarom beïnvloed deur die navorser se ondervindings, kennis, waardes en agtergrond. Volgens Fink (2000:3) is 'n ander persoon (die navorser) die enigste instrument wat werklik die komplekse en omvattende aspekte van die geleefde lewe van die deelnemers kan

verstaan en ontleed. By kwalitatiewe navorsing moet die navorser data isoleer en gebruik om fenomene te identifiseer om sodoende te kan leer en ontdek.

Om hierin te slaag, is daar van **lebenswelt/intensionaliteit** en ***epoche/bracketing***, die afsondering van die navorser se ingesteldheid, inhoudskennis en waardes ten opsigte van die fenomeen gebruik gemaak.

6.9.1 *Lebenswelt*/intensionaliteit van die deelnemers

Lebenswelt/intensionaliteit (die geleefde wêreld van die deelnemers) verwys na die poging van die navorser om die geleefde wêreld van die deelnemers te verstaan en ooreenkomste te soek om sodoende in te sien wat die geleefde ondervindings van die deelnemers is met betrekking tot die fenomeen. Intensionaliteit verwys na 'n unieke dialoog tussen die persoon en die gewone wêreld. Volgens die fenomenologie kan die persoon nie van die wêreld waarin hy/sy leef, geskei word nie; daarom word die fenomeen binne die leefwêreld van die deelnemers ondersoek.

Tydens hierdie studie het die navorser die intensionaliteit van die deelnemers ondersoek deur voordat die oopvraelyste aan die deelnemers gegee is, die geleefde wêreld van die deelnemers te ondersoek om sodoende geskikte skole en deelnemers vir die studie te soek. Daar is onder meer gekyk na wat die omstandighede van die skool ten opsigte van onderrigtaal, ligging en toegang tot boeke was. Daar is verder gekyk na die biografiese inligting van die deelnemers, soos onder meer dat al die deelnemers uit dieselfde distrik moes kom.

6.9.2 *Bracketing*/afsondering van die navorser se vooropgestelde idees en kennis

***Bracketing*/afsondering** gaan van die veronderstelling uit dat iets nie sonder interne refleksie en betekenis as waar gevoel of beskou kan word nie. Die navorser se vooropgestelde idees word afgesonder om seker te maak dat die vooropgestelde idees nie die data-insameling beïnvloed nie (Hamill & Sinclair, 2010:16). Die eienskappe van 'n navorser wat afsondering in ag neem, is dat 'n navorser homself/haarself moet kan kritiseer en oor sy/haar eie waardes en die wyse waarop dit die opstel van vrae, data-insameling en data-analise moontlik kon beïnvloed, moet kan reflekteer. Die navorser moet verder nuuskierig wees en poog om die fenomeen ten volle te verstaan soos dit deur die deelnemers beskryf word (Hamill & Sinclair, 2012:16; Hays & Singh, 2012:50). Die navorser moet daarbenewens noukeurig wees tydens die data-insameling en data-analise, insig toon deur sy/haar idees oor die navorsing met ander te bespreek en laastens bereid wees om te kan erken dat hy/sy soms verkeerd is en daarom voortdurend die antwoorde met deelnemers nagaan. Die navorser moet verder oop wees vir ander interpretasies, georganiseerd, eerlik en deursigtig wees.

Die navorser was gedurende die data-insamelingsproses bewus daarvan dat elkeen van die deelnemers en die navorser self hulle eie oortuigings gehad het. Alle vooroordeel is opsygesit deurdat die navorser haar gedagtes neergeskryf het om daarvan bewus te wees en seker te maak dat dit nie die data-insameling beïnvloed nie (sien Bylaag C, navorser se dagboek). Deur gebruik te maak van *bracketing*/afsondering, is die betroubaarheid van die studie verhoog.

Die navorser is verantwoordelik vir die analise van die data en daarom kan daar volgens Lichtman (2013:21) vooroordeel aan die kant van die navorser betrokke wees by die analise. Volgens Fink (2000:7) speel die

navorser 'n belangrike rol wanneer daar verslag gedoen word oor die navorsing. Die navorser evalueer hoe spesifieke respondente op vrae antwoord. Die navorser moet dus in 'n interaktiewe proses betrokke raak wat tussen die insameling en die verwerking van die data beweeg. Laastens, is dit die navorser se verantwoordelikheid om die data te interpreteer en te begryp.

By hierdie studie het die navorser 'n integrale rol in die navorsingsproses gespeel. Die navorser het self die data ingesamel deur die vraelyste na die vakadviseurs en onderwysers te neem. Die navorser het daarna die vraelyste verwerk en die onderhoudsvrae waar nodig aangepas om die data wat in die vraelyste na vore gekom het, in ag te neem. Die navorser het hierna fokusgroeponderhoude met die onderskeie vakadviseurs en met die onderwysers in groepe gehou. Die onderhoude is op band opgeneem en getranskribeer waarna die navorser self die data verwerk het om die verslag soos vervat in Hoofstuk 7 te skryf. Die navorser kon nie in hierdie studie afsonderlik van die navorsing gesien word nie, juis omdat die navorser te alle tye deel was van die navorsingsproses.

6.10 Strategieë wat gevolg is om betroubaarheid en geldigheid te verseker

Dit is belangrik dat daar verstaan word dat terme soos "betroubaarheid" en "geldigheid" uit kwantitatiewe navorsing geneem is aangesien daar nog geen onbetwisbare terme daarvoor in kwalitatiewe navorsing bestaan nie (Lichtman, 2013:302; Willis, 2007:216). Die begrippe "betroubaarheid" en "geldigheid" is daarop gebaseer dat navorsing na universele wette soek en daarom op navorsing wat onder ander omstandighede herhaal kan word en veralgemeen kan word, wil fokus. Die fokus op veralgemening neem aan dat daar algemene wette bestaan, maar die interpretivistiese benadering erken dat mense uitgangspunte oor die werklikheid 'n sosiale opvatting is (Willis, 2007:118).

Terme soos "betroubaarheid" en "geldigheid" is problematies omdat daar op grond daarvan verwag word dat die betrokke navorsing universele en veralgemeende wette aan die hand wil doen en dat die studie oordraagbaar is. Daar is by hierdie studie nie van die terme gebruik gemaak nie alhoewel verskeie kwalitatiewe navorsers wel daarvan gebruik maak. Vir die doel van hierdie studie is daar van die terme **geloofwaardigheid**, **oordraagbaarheid**, **betroubaarheid, outentisiteit en koherensie** en **bevestiging** (Shenton, 2003:64) gebruik gemaak.

6.10.1 Geloofwaardigheid (*credibility*)

Positivistiese navorsing gebruik die term "interne geldigheid" waarmee die positiviste seker maak dat hulle studie gemeet en getoets kan word. Volgens Merriam (1998:62) is die ekwivalent vir hierdie term in kwalitatiewe interpretatiewe navorsing "geloofwaardigheid". Volgens Lincoln en Guba (1985:8–9) is geloofwaardigheid een van die belangrikste faktore wanneer betroubaarheid en geldigheid tydens navorsing bewerkstellig wil word. Volgens Shenton (2003:64) kan daar op verskeie maniere verseker word dat geloofwaardigheid tydens navorsing verkry word. Slegs die metodes wat in hierdie studie gebruik is, word vervolgens bespreek.

a) Gebruik van suksesvolle navorsingsmetodologie

Geloofwaardigheid kan in 'n studie verkry word deur getoetse en bekende navorsingsmetodologieë te gebruik. Volgens Shenton (2003:65) is dit belangrik om gebruik te maak van die korrekte metodes om die spesifieke navorsingsvrae te beantwoord. Die spesifieke prosedures wat gebruik is, soos die data-insamelingsmetodes, data-insamelingsprosedures en ander metodologiese aspekte, moes noukeurig ondersoek en gekies word. Tydens hierdie studie het die navorser verskeie kwalitatiewe navorsingsontwerpe ondersoek tot die ontwerp en metode gevind is wat die beste gepas het by die onderwerp wat ondersoek moes word. Die keuse van die ontwerp is in oorleg met die promotors van die studie ondersoek en gekies. 'n Kwalitatiewe fenomenologiese ontwerp was die beste opsie om die navorsingsvrae te beantwoord.

b) Triangulasie

By kwalitatiewe navorsing word daar soms gebruik gemaak van triangulasie (drie verskillende data-insamelingsmetodes) as ekwivalent vir bevestigbaarheid en geldigheid. Triangulasie is gebaseer op die opvatting dat die data wat by die navorsing gebruik word, van verskillende bronne afkomstig is sodat goeie en geloofwaardige gevolgtrekkings gemaak kan word. Die data moet ondersteun word deur meer as een datastring, soos byvoorbeeld onderhoude vanuit verskillende perspektiewe en observasies wat die navorser sal toelaat om sy/haar afleidings te kan verdedig (Willis, 2007:219). Daar is verskeie soorte triangulasie. Metodologiese triangulasie behels dat data met behulp van drie verskillende metodes soos onderhoude, observasies en lewensgeskiedenis ingesamel word. Die voordeel om van dié metode te gebruik te maak, is dat, wanneer daar moontlik 'n probleem met een van die metodes is, sal 'n ander metode daardie probleem kan hanteer (Willis, 2007:219). So kan triangulasie gedoen word vanuit een metode, maar uit verskillende data-groepe, soos onderhoude met drie verskillende groepe wat moontlik met die fenomeen te make het, verskillende agtergronde soos die huis, skool en omgewing, verskillende teorieë, verskillende navorsers en verskillende studies. Tydens hierdie studie is daar van metodologiese triangulasie gebruik gemaak deurdat data met behulp van verskillende metodes, soos die oopvraelyste, fokusgroeponderhoude en dokumentanalise, ingesamel is.

c) Metodes om eerlikheid onder deelnemers aan te moedig

Volgens Shenton (2003:66) moet elke persoon wat aan 'n studie deelneem, die geleentheid gegun word om deelname aan die studie te weier sodat slegs die persone wat werklik wil deelneem, in die studie opgeneem word. Deelnemers moet verder aangemoedig word om eerlik te wees by elke ontmoeting of data-insamelingsgeleentheid. Tydens hierdie studie is die eerlikheid onder deelnemers aangemoedig deurdat daar duidelik aan al die deelnemers gestel is dat dit hulle keuse is of hulle aan die studie wil deelneem of nie. Daar was onderwysers wat verkies het om nie aan die studie deel te neem nie, en hierdie onderwysers is sonder oordeel uit die studie weggelaat. Die onderwysers is verder verseker dat hulle hulself op enige stadium en sonder enige verduideliking aan die navorser aan die studie kon onttrek. Daar is verder aan die deelnemers duidelik gemaak dat

daar geen regte of verkeerde antwoorde op die vrae was nie en dat hulle te alle tye eerlike antwoorde kon gee omdat dit nie die doel van die studie was om te oordeel nie, maar slegs om die fenomeen te verstaan. Daar is aan die deelnemers verseker dat die navorser nie aan regeringsorganisasies verbonde was nie sodat deelnemers die vrymoedigheid gehad het om vrylik oor die skool en die departement kon praat.

d) Iteratiewe vrae

Volgens Shenton (2003:67) moet daar ook strategieë geïmplementeer word om blatante leuens te voorkom. Leuens is op verskeie maniere voorkom. In die eerste plek is die titelherkenningstoets in die vraelyste gebruik waar onderwysers en vakadviseurs werklike boeke van versinde boeke moes onderskei. Die gebruik van dokument-analise as een van die data-insamelingsprosedures het verder aangetoon of die onderwysers werklik KJL gebruik soos hulle aanvoer of nie. Onderwysers moes boeke en lesbeplannings toon wat aandui dat hulle KJL in die klaskamer gebruik.

e) Voortdurende gesprekke met promotors

Shenton (2003:67) stel voor dat voortdurende gesprekke met promotors uiters belangrik is en die geloofwaardigheid van 'n studie kan verhoog. Deur hierdie gesprekke kan die visie van die navorser verbreed word en die ondervinding van gesoute navorsers kan die geloofwaardigheid van die navorsing verhoog. Die gesprekke kan moontlike leemtes uitwys en kan daartoe lei dat die navorser sy/haar eie vooroordeel sal raaksien.

Tydens hierdie studie is daar weekliks of tweeweekliks met my promotors gesels en dit was 'n voordurende oop gesprek waartydens akademiese inligting uitgeruil is om die studie meer geldig te maak.

f) Agtergrond, kwalifikasie en ondervinding van die navorser

Volgens Patton (1990:88) en Shenton (2003:68) is die geloofwaardigheid van die navorser veral by kwalitatiewe navorsing belangrik omdat die navorser die persoon is wat die data insamel en analiseer. Die geloofwaardigheid van die navorser is by hierdie studie bevestig deur die agtergrond en kwalifikasie van die navorser. Die navorser was nie aan 'n skool of die Departement van Basiese Onderwys verbonde nie en is daarom op geen manier deur enige van die instansies beïnvloed nie. Die navorser het 'n beurs van 'n tersiêre instansie ontvang om die studie te voltooi, maar die beurs het geen voorwaardes wat die uitkoms van die studie kon beïnvloed nie. Die instansie is onafhanklik van alle partye wat tydens die studie betrokke was.

Die navorser se kwalifikasies en ondervinding was verder 'n metode op grond waarvan geloofwaardigheid verkry is. Die navorser se vorige navorsing was ook kwalitatief van aard en die navorser het reeds voor die aanvang van hierdie studie verskeie onderhoude gevoer en het reeds kwalitatiewe navorsingsverslae tevore geskryf. Die *bracketing*/afsondering wat deur die navorser

toegepas is tydens hierdie studie het die geloofwaardigheid van hierdie studie verder verhoog aangesien die navorser bewus was van haar opvattings ten opsigte van die fenomeen en gevolglik dié opvattings uit die navorsing kon verwyder.

g) Digte beskrywing van die fenomeen word geëvalueer

Die geloofwaardigheid van die studie word ondersteun deur die digte beskrywings van die deelnemers en hulle ondervinding van die fenomeen. Die digte beskrywing van die metodes wat gevolg is, dra verder tot die geloofwaardigheid by. In hierdie hoofstuk is daar digte beskrywings gegee van die metodes wat gevolg is, en in Hoofstuk 7 word digte beskrywings van die bevindings verskaf sodat die lesers van hierdie proefskrif dit wat in die proefskrif vervat is, as waar kan aanvaar. Die metodes en verslae is deursigtig wat daarop dui dat niks versteek of verander is nie.

6.10.2 Oordraagbaarheid (*transferability*)

Volgens Merriam (1998:68) word eksterne geldigheid bepaal deur die mate waartoe bevindinge van een studie op ŉ ander studie toegepas kan word. In die positivistiese benadering word daar dikwels aangedui dat die resultate op ŉ groter populasie toegepas kan word. Aangesien die bevindinge in kwalitatiewe navorsing gewoonlik op kleinerige groepe gebaseer is en gewoonlik na ŉ spesifieke unieke omgewing verwys, is dit onmoontlik om die bevindinge as universele aanduidings te herken en te aanvaar dat dit na ander situasies oorgedra kan word. By kwalitatiewe navorsing is dit belangrik dat voldoende kontekstuele inligting oor die studieveld verskaf word om die leser in staat te stel om hierdie oordrag te kan maak. Dit impliseer daarom ook ŉ digte beskrywing van die fenomeen om ŉ deeglike begrip by die leser te bewerkstellig.

Shenton (2003:71) beveel aan dat oordraagbaarheid by kwalitatiewe navorsing nie beteken dat ŉ studie op die tradisionele manier woordeliks herhaal word nie, maar eerder dat ŉ spesifieke studie as ŉ basis kan dien om opvolgnavorsing moontlik te maak om sodoende ŉ beter begrip van die fenomeen te ontwikkel. Om hierdie rede word die studie voorgelê as ŉ basis sodat die metodologie as oordraagbaar beskou kan word en opeenvolgende studies oor die fenomeen aangemoedig kan word. Opeenvolgende studies waarheen die metodologie oorgedra word, kan die fenomeen verder verduidelik en variasies wat moontlik uitgewys kan word, kan tot beter begrip van die fenomeen lei. Die metodologie word volgens die navorser dus as oordraagbaar beskou en indien daar verskille is, dui dit op veranderlikes wat ŉ invloed het op die individue wat ondersoek word in verband met die fenomeen.

6.10.3 Betroubaarheid, outentisiteit en koherensie (*dependability, authenticity*)

Betroubaarheid sluit onder meer in dat daar in detail beskryf word wat in elke stap van die navorsingsproses gedoen is. Hierdie omvattende bespreking laat die leser toe om te oordeel of goeie navorsingsmetodes tydens die navorsingsproses toegepas is. Volgens Green *et al*. (2007:546) is dit belangrik om goeie en volledige detail in te skryf wanneer alle aspekte van die metodologie aangeraak word. Indien daar nie volledige detail is nie, is dit moeilik vir die leser om te evalueer of die navorsing betroubaar en geloofwaardig is. Om hierdie rede is alle aspekte van die metodologie duidelik in hierdie hoofstuk bespreek. Om betroubaarheid uit te wys, moet daar aan die leser duidelikheid gegee word oor die onderstaande punte (Shenton, 2003:72):

- **die navorsingsontwerp en die implementering daarvan** – daar moet beskryf word wat op watter stadium beplan word en of dit geïmplementeer is;
- **die operasionele besonderhede van data-insameling** – daar moet duidelik beskryf word wat in die veld gedoen is terwyl die data ingesamel is; en
- **refleksie oor die projek** – die navorser reflekteer oor die navorsingsproses en die data wat ingesamel is en evalueer die effektiwiteit daarvan.

Hierdie drie stappe is volledig in hierdie hoofstuk bespreek en daar is bewys daarvan gelewer in Bylaag C wat ingesluit is om sodoende betroubaarheid te bewerkstellig.

6.10.4 Bevestiging/afhanklikheid (*confirmability*)

Die begrip “bevestiging” is volgens Shenton (2003:72) die kwalitatiewe navorser se vergelykbare belang wat betref die objektiwiteit van die studie. Daar moet in hierdie opsig stappe gedoen word om te verseker dat die bevindinge so ver moontlik die reaksies van die deelnemers weerspieël en dat dit nie deur die navorser se eie vooroordeel beïnvloed is nie. Triangulasie speel hier weer ŉ belangrike rol, en beperk die navorser se invloed tot die minimum. Die besluite wat die navorser geneem het, moet duidelik uiteengesit word, soos daar in hierdie hoofstuk gedoen is.

Aan die hand van die bostaande kan daar van die veronderstelling uitgegaan word dat die data soos aangebied in die verslag as akkuraat en betroubaar beskou kan word vir die bepaalde moment van die studie in die bepaalde distrik.

Die navorsing kan as geloofwaardig beskou word omdat dit ŉ deurtastende gesprek met die deelnemers was en omdat die data met die deelnemers deurgewerk is om seker te maak dat dit hulle bedoelings akkuraat weergegee het. Data rakende spesifieke situasies kan met ryk beskrywings ondersoek word. Die vraelyste kan as bewys dien van die deelnemers se antwoorde en die opnames van die onderhoude sal verder die geloofwaardigheid ondersteun, omdat daar altyd daarna terugverwys kan word.

Betroubaarheid is in die studie bewerkstellig aangesien die data verifieerbaar is in die vraelyste wat geberg gaan word, die verbatim onderhoude en deelnemers se bevestiging dat hulle opinies korrek weergegee is.

Tydens hierdie studie het insameling van die data betroubaarheid verder ondersteun aangesien die data vrywillig van die deelnemers verkry is en die onderhoude verbatim neergeskryf is. Daar kan nie aan die data verander word nie en dit gee die denke en houdings van die deelnemers weer soos hulle dit ervaar en geïnterpreteer het.

6.11 Etiese aspekte

Daar is etiese klaring van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) ontvang vir die voltooiing van hierdie studie. Die etieknommer vir die projek is NWU-00064-12-A2 en die etiese klaring van die universiteit is ingesluit as Bylaag C.

Op distriksvlak

Die studie is nie onder dwang gedoen nie. Alle deelnemers het ’n keuse gehad of hulle aan die bepaalde studie wou deelneem of nie. Alle deelnemers en skole het verder anoniem deelgeneem en onder geen omstandighede sal name bekend gemaak nie.

Die navorser het vooraf die distriksbestuurder van die Wonderland-distrik gekontak nadat die nodige toestemming van die Wonderland-Onderwysdepartement verkry is om:

a) die navorsingsprobleem aan die distriksbestuur te verduidelik.
b) reëlings te tref vir die verspreiding van die vraelyste, die onderhoude en die insameling van dokumente. Die vraelyste is anoniem ingevul; en
c) die nodige toestemmingsbriewe aan die vakadviseurs te verskaf en die vakadviseurs in te lig oor die navorsing. Die vraelyste is anoniem ingevul.

Op onderwysersvlak

Die navorser het vooraf besoek by die skole afgelê nadat die nodige toestemming van die Wonderland-Onderwysdepartement verkry is, om:

a) die navorsingsprobleem aan die hoof te verduidelik;
b) reëlings te tref vir die verspreiding van die vraelyste, die onderhoude en die insameling van dokumente; en
c) die nodige toestemmingsbriewe aan die hoof te verskaf en die onderwysers in te lig oor wat die navorsing behels – vraelyste is anoniem ingevul en die skole se name is nêrens gemeld nie.

6.12 Samevatting

In hoofstuk 6 is die navorsingsmetodologie vir die empiriese deel van die studie bespreek en daar is beskrywings gegee van die metodes wat gebruik is om data in te samel om sodoende vas te stel wat onderwysers se ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL by die onderrig van Afrikaans en professioneleontwikkelingsprogramme is. Die hoofstuk het duidelikheid verskaf oor die wyse waarop die data wat ingesamel is, geanaliseer is en die wyse waarop die relevante temas geïdentifiseer is. Daar is verder in die hoofstuk gefokus op die aspekte wat die studie betroubaar en geloofwaardig maak asook die etiese regulasies wat nagekom is ten einde die studie te voltooi. In Hoofstuk 7 word verslag gedoen oor die navorsingsresultate.

HOOFSTUK 7: VERSLAG OOR KWALITATIEWE NAVORSING

7.1 Inleiding

In hoofstuk 6 het ek die navorsingsontwerp en -metodologie wat gevolg is om die empiriese data in te samel, uiteengesit. Daar is 'n uiteensetting gegee van die verskillende data-insamelingsmetodes naamlik oop vraelyste, semigestruktureerde fokusgroeponderhoude en die insameling van dokumente om tersaaklike data met betrekking tot die teorieë wat op kinder- en jeugliteratuur (KJL) betrekking het, die evaluering en keuse van KJL, en KJL as genre in te samel. In hierdie hoofstuk word verslag gelewer oor die fenomenologiese studie waarin die onderstaande aangeleenthede ondersoek is:

- die werklike ervarings van die vakadviseurs en die onderwysers ten opsigte van literêre komponente wat by KJL ter sake is; en
- die persone betrokke by die aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme met inagneming van aspekte soos onder meer –
  - die samewerking, isolasie en konflik van die persone; en
  - die inhoud van professioneleontwikkelingsprogramme ten opsigte van KJL en die formaat en tydsduur van sulke programme.

Daar word ook gefokus op die onderwysers se ingesteldheid ten opsigte van die professioneleontwikkelingsprogramme, wat by sodanige programme ingesluit behoort te word indien daar leemtes in die opleiding en kennis van onderwysers is, en laastens die akademiese uitdagings wat die integrasie van KJL vir onderwysers inhou en hoe KJL onderrig moet word.

In hierdie verslag word daar gepoog om 'n oorsig te gee van die **literêre komponente wat** ingesluit moet word by professioneleontwikkelingsprogramme, **wie** professioneleontwikkelingsprogramme **aanbied** en wat **hulle ingesteldheid is** ten opsigte van die aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme en KJL.

Die data is met behulp van Atlas.ti 7 en tematiese analise ontsluit ten einde die eerste sewe navorsingsvrae te beantwoord, naamlik:

1. Watter literêre komponente[1] relevant vir kinder- en jeugliteratuur by professioneleontwikkelingsprogramme ingesluit behoort te word?

Vakadviseurs

2. Wie die professioneleontwikkelingsprogramme op distriksvlak aanbied en wat hulle ingesteldhede is ten opsigte van die aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme wat spesifiek op kinder- en jeugliteratuur fokus?
3. Wat die inhoud van professioneleontwikkelingsprogramme behels, spesifiek ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur, wat deur vakadviseurs aangebied word?

[1] Literêre komponente sluit die volgende aspekte in: teorieë relevant tot KJL (Hoofstuk 3), die evaluering en keuse van KJL (Hoofstuk 4) en KJL as genre (Hoofstuk 5).

4. Hoe die professioneleontwikkelingsprogramme deur vakadviseurs aangebied gaan word wat betref formaat en tydsduur?

Onderwysers

5. Wat die onderwysers se ingesteldhede is ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur?
6. Wat die onderwysers se kennis van kinder- en jeugliteratuur is?
7. Wat onderwysers se vaardighede ten opsigte van die onderrig van kinder- en jeugliteratuur behels?


7.2 Biografiese inligting van deelnemers en skole

Die biografiese inligting is bekom om ryk beskrywings van die deelnemers en die navorsingomgewing te verskaf.

7.2.1 Vakadviseurs

Drie vakadviseurs het aan die studie deelgeneem, van wie twee verantwoordelik was vir die intermediêre fase en die ander een vir die grondslagfase ten tye van die studie. Al drie die vakadviseurs het minder as 6 jaar ondervinding in die pos gehad wat hulle op die oomblik wanneer die studie gedoen is beklee (sien Bylaag C, gekodeerde data) en al drie die vakadviseurs is oorspronklik in Engels as Huistaal opgelei en nie in Afrikaans nie. Hierdie drie vakadviseurs se primêre taak was om onderwysers wat Afrikaans Huistaal en Afrikaans Eerste Addisionele Taal onderrig, te ondersteun en van raad te bedien.

Vakadviseurs 1 en 3 het onderwysers wat Afrikaans Huistaal onderrig in die intermediêre fase geadviseer, en Vakadviseur 2 het onderwysers ten opsigte van die onderrig van Afrikaans Huistaal (geletterdheid) in die grondslagfase geadviseer. Die vakadviseurs was verantwoordelik vir skole in 'n baie groot area. Die Wonderland-distrik waar hierdie vakadviseurs werksaam was, het onderwysers uit vier stede geadviseer, en die Wonderland-distrik het 14 767 km^2 beslaan. Raadpleeg Figuur 7.1 vir 'n voorstelling van die gebied en die skole in die gebied.




Figuur 7.1: Grafiese voorstelling van die Wonderland-distrik en die skole in die distrik[2]


7.2.2 Skole en onderwysers

Die 32 onderwysers wat aan die studie deelgeneem het, was almal vroue en hulle jare ondervinding in die onderrig van Afrikaans het tussen 1 en 40 jaar gewissel (sien Figuur 7.2). Dertien onderwysers het deur medium van Engels onderrig, en Afrikaans is as Eerste Addisionele Taal aangebied. Hierteenoor het 19 onderwysers Afrikaans as Huistaal onderrig en Afrikaans is as onderrigtaal in die skole gebruik. Die onderwysers het verskillende grade vanaf graad 1 tot graad 6 onderrig (sien Figuur 7.3).

[2] Die groen en rooi kolle dui die skole in die distrik aan.



Figuur 7.2: Onderwysers se jare ondervinding in die onderrig van Afrikaans



Figuur 7.3: Grade wat deur die onderwysers onderrig is

Die skole word in die onderafdelings hieronder uiteengesit.

7.2.2.1 Skool 1

Skool 1 kan beskryf word as 'n vorige Model C-skool waar Afrikaans die onderrigtaal was. Die skool het 'n biblioteek gehad en leerders is aangemoedig om soveel moontlik boeke uit te neem. Die skool was van

gemiddelde grootte (800–900 leerders) en die algemene klasgrootte was tussen 30 en 35 leerders. Nuwe Afrikaanse boeke is voortdurend aangekoop.

Vier onderwysers van dié skool het aan die studie deelgeneem, van wie twee in die grondslagfase onderrig het en die ander twee onderskeidelik graad 4 en 6. Die graad 6-onderwyser het self boeke vir haar klas aangekoop, en sy het dit op 'n boekrak in die een hoek van die klaskamer uitgestal. Daar was onder andere die *Thomas@*-reeks van Carina Diedericks-Hugo en *Spookstories* van Jaco Jacobs. Die onderwyser het die leerders toegelaat om die boeke in die klas te lees sou daar tyd daarvoor wees. Andersins het sy, wanneer leerders die boeke wou leen, hulle name in 'n boek aangeteken.

7.2.2.2 Skool 2

In skool 2 is Engels as die onderrigtaal gebruik, terwyl Afrikaans as die Eerste Addisionele Taal onderrig is. Die skool het 'n biblioteek gehad en daar is voortdurend boeke vir die skool aangekoop. Die Afrikaanse boeke is egter nie so op datum gehou soos die Engelse boeke nie omdat daar 'n opvatting bestaan het dat daar nie voldoende boeke in Afrikaans is nie. Die klasse was van gemiddelde grootte van omtrent 30 tot 35 leerders in elke klas.

Vier onderwysers van skool 2 het aan die studie deelgeneem. Drie van die onderwysers het in die grondslagfase onderrig gegee, onderskeidelik grade 1, 2 en 3. Die vierde onderwyser het Afrikaans vir klasse in grade 4, 5 en 6 onderrig.

7.2.2.3 Skool 3

Skool 3 se onderrigtaal was Engels en Afrikaans is as Eerste Addisionele Taal aangebied. Nege onderwysers het aan die studie deelgeneem. Die skool het nie 'n biblioteek gehad nie en daarom moes leerders, indien hulle boeke vir genot wou lees, dorpsbiblioteek toe gaan, maar daar was nie vervoer om leerders daarheen te neem nie. Die klasse het ook geen leeshoekie of klasbiblioteek gehad nie. Die enigste toegang wat hierdie leerders tot stories en boeke gehad het, was dit wat onderwysers met hulle gedeel het. Die klasse van hierdie skool was nogal groot en daar was gemiddeld tot 40 leerders in elke klas, wat die onderrigtyd vir onderwysers beperk het en dit moeilik gemaak het om elke leerder individueel te leer ken.

Vyf van die onderwysers het in die grondslagfase onderrig gegee en die ander vier onderwysers het Afrikaans vir grade 4, 5 en 6 aangebied.

7.2.2.4 Skool 4

Skool 4 kon geklassifiseer word as 'n vorige Model C-skool wat Afrikaans as onderrigtaal gebruik. Die skool het 'n biblioteek en die boeke in die biblioteek is voortdurend deur die onderwyseres verantwoordelik vir die mediasentrum bygewerk. Die skool was gemiddeld tot groot (800–900 leerders) en daar was gemiddeld 30 tot 35 leerders in elke klasgroep.

Die skool het verder moeite gedoen met leerders wat hiperaktief was en/of leesprobleme gehad het. Daar was 'n klaskamer waar daar afsonderlik met die leerders gewerk is. Die skool het ook beoog om in 2013 'n leesklas te ontwikkel waar leerders wat leesprobleme het meer individuele aandag sou kry.

Ses onderwysers het aan die studie deelgeneem. Drie van dié onderwysers het in die grondslagfase onderrig en drie het onderskeidelik grade 4, 5 en 6 onderrig.


7.2.2.5 Skool 5

Skool 5 het Afrikaans as onderrigtaal in hulle skool gebruik. Die skool het nie 'n biblioteek gehad nie en ook nie 'n klasbiblioteek waar die leerders wye blootstelling aan boeke kon kry nie. Hulle het slegs toegang gehad tot die boeke wat deur die departement voorgeskryf en deur die skool uit die nasionale boekelys[3] aangekoop is (sien Bylaag A). Die skool kan beskryf word as gemiddeld tot groot met 800 tot 900 leerders. Daar was tussen 35 en 40 leerders in elke klasgroep.

Nege onderwysers het aan die studie deelgeneem. Een onderwyser het in die grondslagfase onderrig gegee, terwyl vier onderwysers graad 4 onderrig het en twee onderwysers onderskeidelik grade 5 en 6.

7.2.3 Die opleiding van onderwysers ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur

Al die onderwysers wat gedurende die studie geraadpleeg is, het 'n professionele kwalifikasie gehad. Die kwalifikasies waaroor die onderwysers beskik het, was onder meer 'n BA-graad en Hoëronderwys Diploma of BEd-graad. (sien Figuur 7.4).



Figuur 7.4: Kwalifikasies van onderwysers

Die onderwysers wat 'n BEd-graad gehad het, het genoem dat daar by dié graad, wat spesifiek vir die grondslagfase ontwikkel is, modules ingesluit het wat spesifiek oor kinder- en jeugliteratuur gehandel het en

[3] Die nasionale boekelys dui boeke aan wat deur die departement goedgekeur is en dan in 'n nasionale katalogus gepubliseer word. Indien skole vanaf hierdie lys bestel, kry hulle staatsubsidie om die boeke aan te koop. Vir die volledige lys, sien Bylae A.

hulle moes ook hulle eie boeke maak. Die onderwysers het ongelukkig nie uitgebrei oor die module wat KJL ingesluit het nie en kon nie spesifieke literêre komponente noem wat hulle in die vakke behandel het nie. Daar is geen leeslys aan die onderwysers gegee nie, en hulle blootstelling aan die verskillende soorte kinder- en jeugliteratuur was minimaal. Die teorieë relevant vir kinder- en jeugliteratuur is glad nie in die module aangeraak nie, so ook nie die evaluering en keuse van boeke nie. Daar is ook glad nie in die module gekyk na die verskillende genres en watter nut die verskillende genres vir leerders kan inhou wanneer dit in die klas gebruik word nie.

Die ander onderwysers wat oor 'n HOD-kwalifikasie beskik het, het spesifiek genoem dat hulle metodiekvakke gehad het waarin hulle geleer het hoe om die vak wat hulle onderrig, aan te bied. Alhoewel die onderwysers aangedui het dat hulle tydens hulle HOD-opleiding onderrig in kinder- en jeugliteratuur ontvang het, was dit nie duidelik presies wat dié opleiding ten opsigte van KJL behels het nie. Die onderwysers het genoem dat die inhoud van die KJL opleiding grootliks op spesifieke boeke, soos byvoorbeeld *Liewe Heksie,* gefokus het en dat daar aangedui is in watter spesifieke situasies dié verhaal gebruik kon word.

Uit dié beskrywing wou dit voorkom of die opleiding ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur wat onderwysers tydens hulle voorgraadse studies ontvang het, gebrekkig en oppervlakkig was. Die onderwysers kon nie aan my duidelike antwoorde gee van wat die programme behels het nie en kon verder nie met insig oor kinder- en jeugliteratuur en die nut wat dit vir leerders het, praat nie. Die onderwysers het hoofsaaklik op die 'genot' wat KJL aan leerders verskaf, gefokus, maar het vergeet van die diepte, en die nut en kritiese denke wat dit by leerders kan bewerkstellig.

Onderwysers se ingesteldheid kan bepaal of hulle lewenslange leerders op hulle vakgebied sal wees en sodoende op datum sal bly ten opsigte van die jongste inligting daaroor, maar dit het geblyk dat die deelnemende onderwysers toegegooi was onder administratiewe take en daarom nie op datum kon bly met die jongste inligting rakende nuwe boeke en skrywers nie.

Die biografiese inligting gee 'n oorsig van die vakadviseurs en onderwysers wat aan die studie deelgeneem het. Uit die data wat vir die studie ingesamel is, het daar essensiële punte na vore gekom wat die fenomeen, die integrasie van KJL in die Afrikaanse skoolkurrikulom, beskryf. Hierdie essensiële punte sal vervolgens bespreek word.

7.3 Literêre komponente relevant vir KJL – Die diep donker woud

Literêre komponente verwys hier na die relevante teorieë soos bespreek in Hoofstuk 3, die seleksie en evaluering van kinder- en jeugliteratuur soos bespreek in Hoofstuk 4 en laastens kinder- en jeugliteratuur as genre soos bespreek in Hoofstuk 5 van hierdie proefskrif. Die KABV as leidinggewende dokument word ook hier bespreek omdat dit spesifieke vereistes stel ten opsigte van KJL.

7.3.1 Literatuuroorsig

Die literatuuroorsig in hierdie studie ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme waarvan KJL 'n belangrike deel moet uitmaak, word soos volg ingedeel: **teorieë**, die **keuse en evaluering van boeke,** en die **verskillende genres en subgenres**.

7.3.1.1 Relevante teorieë

Die keuse van die gepaste boeke vir leerders is uiters belangrik en word al vir jare deur verskeie navorsers bepleit. In Hoofstuk 3 van hierdie proefskrif is die teorieë wat op KJL van toepassing is, bespreek is die invloede (heelleerder, sy/haar agtergrond en blootstelling aan boeke, alles waarmee die leerder in aanraking kom) wat in ag geneem moet word, saamgevat. Navorsing op die gebied van die leser as fokuspunt is deur die toonaangewende Iser (1978) en Jauss (1982) in die sewentigerjare op die voorgrond geplaas na aanleiding van die ontwikkeling van die resepsie-estetika teorie. Die verwysingsraamwerk van die leser en die vermoë van die leser om sy/haar horisonne te verskuif algaande hy/sy die teks lees, lewer spesifieke interpretasies van tekste op. Iser en Jauss se resepsie-estetika-teorie is opgevolg deur die meer resente kognitiewe paradigma. Met behulp van die kognitiewe paradigma word die prosesse wat deur die leser gevolg word wanneer hy/sy die teks lees, verklaar. Vir die leser het elke teks twee moontlike interpretasies. Die leser se poging om die teks te verstaan en/of die onderwerp wat behandel word, help die leser om bepaalde aspekte van sy/haar persoonlike lewe te verwerk. Vir onderwysers kan dié aspek veral van waarde wees omdat dit leerders lei tot kritiese denke, waarvolgens die teks nie meer net as teks gesien word nie, maar ook as 'n hulpmiddel.

Die vraag wat geantwoord moet word, is watter faktore 'n rol speel by die interpretasie van 'n teks. Die resepsie-estetika en die kognitiewe paradigma alleen kan nie hierdie vraag beantwoord nie. Die dinamiese sisteemteorie (DST) is bygevoeg om meer spesifiek die faktore wat in 'n leerder se lewe 'n rol speel, te bepaal. Dit maak nie saak hoe klein of groot 'n bepaalde gebeurtenis in die leerder se lewe is nie, dit kan 'n groot invloed hê op sy/haar toekoms. Die outeur, die teks, die leerder self en alles uit die leerder se verlede speel 'n rol, asook die omgewing waarin die leerder woon en grootword. Om hierdie rede is dit belangrik dat onderwysers hierdie teoretiese agtergrond het om sodoende 'n holistiese benadering te volg wanneer dit by die gebruik en aanbeveling van kinder- en jeugliteratuur kom.

Hierdie teorieë is belangrik vir die samestelling van 'n professioneleontwikkelingsprogram, nie net omdat dit onderwysers help om die leerder in ag te neem wanneer boeke gekies word nie, maar ook omdat dit aan onderwysers die kennis gee om leerders en hulle eie interpretasies te verstaan en te weet dat elke leerder se interpretasie beïnvloed sal word deur sy/haar agtergrond. Dit stel onderwysers in staat om leerders se verwysingsraamwerke in ag te neem en om die kognitiewe prosesse van die leerder te ondersoek wanneer dit by die interpretasie van tekste kom. Dit dwing die onderwyser en leerder tot kritiese denke oor die verhaal en wat dit vir hulle beteken.

Dit is nie net die gepaste teorieë wat belangrik is nie, maar ook die seleksie en evaluering van KJL.

7.3.1.2 Kinder- en jeugliteratuur: evaluering en keuse

Die beste wyse om onderwysers bewus te maak van kinder- en jeugliteratuur is om aan hulle te bewys dat KJL vir leerders van onskatbare nut en waarde is en dat KJL volgens spesifieke kriteria geselekteer en geëvalueer moet word. KJL gee aan leerders 'n kulturele erfenis, dit ontwikkel hulle taalvermoë en hulle kognitiewe vermoëns en betrek ook leerders se persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling. Verder laat dit leerders toe om kreatief en krities te dink. Hierdie aspekte staan myns insiens sentraal tot die onderrig van 'n leerder en daarom kan die gebruik van KJL nie onderskat word nie. Daar is bepaalde faktore wat 'n rol kan speel wanneer KJL in die klaskamer gebruik word of by leerders aanbeveel word. Hierdie faktore sluit onder meer die toegang tot boeke en leesbaarheid in. Die toegang tot boeke kan veral deur die gebruik van biblioteke opgelos word of deur onderwysers wat moeite doen om leerders aan boeke bloot te stel.

Die leesbaarheid van die teks (moeilikheidsgraad) hou nou verband met die evaluering van boeke, en daarvoor moet daar duidelike riglyne vir evaluering gestel word sodat alle onderwysers boeke op dieselfde wyse evalueer. Ten einde aan onderwysers leiding te kan gee, is die belangrikste elemente waarvolgens KJL geëvalueer kan word, in Hoofstuk 4 bespreek. In die eerste plek is daar gekyk na die narratiewe elemente, in die besonder na die gebeure, karakterisering, ruimte, tyd, verteller, fokalisator en die wyses waarop hierdie elemente onderrig moet word. Afgesien van die narratiewe elemente kan daar ook gekyk word na illustrasies, in die besonder na die wyse waarop die visuele elemente soos lyn, kleur, vorm, tekstuur, ruimte, komposisie, perspektief, medium en styl 'n rol kan speel. Indien onderwysers hierdie aspekte goed verstaan, kan hulle KJL met gemak selekteer en evalueer.

Dit is belangrik dat onderwysers genoegsame kennis sal hê oor die bydrae wat KJL tot die taal-, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling van leerders kan lewer. Indien hierdie aspekte by 'n professioneleontwikkelingsprogram ingesluit word, sal onderwysers oor die vermoë beskik om die waarde van KJL in te sien en dit meer deel maak van hulle onderrig. Dit is verder ook belangrik dat die narratiewe en die visuele elemente deel uitmaak van 'n professioneleontwikkelingsprogram omdat die nadenke oor die aspekte die onderwyser en leerder tot goeie interpretasie van die tekste lei. Hierdie aspekte maak dit vir onderwysers moontlik om KJL te evalueer en te kies vir die waarde wat dit tot hulle onderrig en die leerders se ontwikkeling bydra.

7.3.1.3 Genres

In Hoofstuk 5 word gekyk na die hoofgenres en die wyse waarop elke genre gedefinieer en gestruktureer kan word. Die genres en subgenres móét deel wees van 'n professioneleontwikkelingsprogram omdat dit deel is van die KABV (SA, 2011b:70). Hoofstuk 5 motiveer waarom genre ook vir die ontwikkeling van elke leerder onontbeerlik is.

7.3.2 KABV as leidinggewende dokument

Volgens die KABV maak lees en literêre komponente deel uit van die onderrig van taal. Die KABV fokus op die **teksgebaseerde benadering** wanneer taal onderrig word (SA, 2011c:8). Die Teksgebaseerde Benadering is die aanwending en skep van verskillende tekste. Die teksgebaseerde benadering fokus op die

eindproduk van die taal en staan ook bekend as die genregebaseerde benadering. Die teksgebaseerde benadering word deur Richards (2006:38) soos volg verduidelik.

> *Text based teaching usually specifies other components of texts, such as grammar, vocabulary, topics and functions, hence it is a type of mixed syllabus, one which integrates reading, writing and oral communication and which teaches grammar through the mastery of texts rather than in isolation*

Die teksgebaseerde benadering behels die bemeestering van verskillende soort tekste. In die KABV (SA, 2011c:8) word die belangrikheid van die teksgebaseerde benadering soos volg uiteengesit:

> *Die teksgebaseerde benadering en die kommunikatiewe benadering is afhanklik van die voortdurende gebruik en produksie van tekste. 'n Teksgebaseerde benadering verduidelik hoe tekste werk. Die doel van die teksgebaseerde benadering is om leerders in staat te stel om vaardige, selfversekerde en kritiese lesers, skrywers, waarnemers en ontwerpers van tekste te word. Dit betrek die luister na, lees van, waarneming van en analisering van tekste om te verstaan hoe dit geproduseer is en watter effek dit het. Hiervolgens behoort leerders tekste te kan evalueer. Leerders moet ook in staat gestel word om byvoorbeeld een teks te verander na 'n volgende teks, byvoorbeeld om van 'n koerantberig 'n gedig te skryf.*

Volgens Feez en Joyce (1998:v) behels die teksgebaseerde benadering by die onderrig van taal die onderstaande:

- eksplisiete onderrig rakende die struktuur en grammatikale eienskappe van gesproke en geskrewe tekste;
- die skakeling van gesproke en geskrewe tekste met kulturele kontekste van gebruik;
- die onderrig van volledige tekste; en
- onderrrig van ondersteuning aan leerders by die ontwikkeling van taalvaardigheid vir betekenisvolle kommunikasie deur middel van volledige tekste.

Feez en Joyce (1998:28–31) stel die onderstaande vyf stappe voor wanneer daar gebruik van die teksgebaseerde benadering gemaak word.

Stap 1 – Skep 'n agtergrond vir die leerders

Die skep van agtergrond behels dat die aanbieding van die agtergrond deur onder meer prente, oudiovisuele materiaal, realistiese weergawes, uitstappies of gassprekers plaasvind. Daar is gewoonlik 'n bespreking van die verhouding en verskille tussen die rolspelers en 'n vergelyking van die gegewe teks met soortgelyke of verskillende tekssoorte. Die agtergrond kan soos volg in die klaskamer geskep word:

- stel leerders bekend aan die sosiale agtergrond waarteen die teks afspeel en die doel van die teks;
- verken die eienskappe van die algemene kulturele agtergrond waarteen die teks afspeel;
- verken die register van die taal wat in en die medium waarbinne hierdie teks afspeel.

Stap 2 – Ondersoek die teks en vergelyk met ander tekste

- leerders ondersoek die struktuur van die teks en vergelyk dit met ander voorbeelde van dieselfde tekssoort.

Stap 3 – Skep nuwe tekste met hulp van die onderwysers

- leerders gebruik die struktuur van die bepaalde teks om nuwe tekste te skep;
- die onderwysers lei die leerders daarin om nuwe tekste te skep deur middel van 'n klasbespreking; en
- die onderwysers skryf die leerders se bydraes op die bord.

Stap 4 – Leerders stel tekste op hulle eie saam

- die leerders verrig onafhanklike take soos:
  - luister- en praattake (rolspel, toesprake); en
  - leestake (soos die rangskikking van prentjies in die regte volgorde en vrae oor die teks.

Stap 5 – Skakel teks met ander tekste

- verbind die tekssoort wat bespreek word met verbandhoudende tekste wat in ander kontekste voorkom.

Uit die bostaande is dit duidelik wat die teksgebaseerde benadering behels en waarom daar in die KABV aanbeveel word dat onderwysers van die teksgebaseerde benadering gebruik maak wanneer taal onderrig word. Die KABV word dus hier as leidinggewende dokument in die **grondslagfase** en in die **intermediêre fase** bespreek.

7.3.2.1 Grondslagfase

In die grondslagfase moet onderwysers heelwat tyd aan lees bestee (sien Tabel 7.1).

Tabel 7.1: Voorgestelde indeling van die komponente in die KABV in die grondslagfase

GRAAD 1 HUISTAAL		Totaal per week
Luister en praat	15 minute per dag vir 4 dae	1 uur
Lees en klanke	Klanke: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute) Gedeelde lees / skryf: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute) Groepbegeleide lees: 30 minute per dag (2 groepe elk vir 15 minute) vir 5 dae (2 uur 30 minute)	5 uur
GRAAD 2 HUISTAAL		**Totaal per week**
Luister en praat	15 minute per dag vir 4 dae	1 uur
Lees en klanke	Klanke: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute) Gedeelde lees / skryf: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute) Groepbegeleide lees: 30 minute per dag (2 groepe elk vir 15 minute) vir 5 dae (2 uur 30 minute)	5 uur
GRAAD 3 HUISTAAL		**Totaal per week**
Luister en praat	15 minute per dag vir 4 dae	1 uur
Lees en klanke	Klanke: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute) Gedeelde lees / skryf: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute) Groepbegeleide lees: 30 minute per dag (2 groepe elk vir 15 minute) vir 5 dae (2 uur 30 minute)	5 uur

In Tabel 7.1 is dit duidelik dat daar redelik baie tyd aan lees bestee kan word; daar kan dus nie deur vakadviseurs of onderwysers aangevoer word dat daar nie genoeg tyd in die KABV vir lees is nie. Regdeur die KABV is daar ook verskeie verwysings na literêre komponente wat ingesluit moet word by die onderrig van taal. Vervolgens word die komponente soos dit in die grondslagfase KABV vir Graad 1[4] voorkom, bespreek met die ooreenstemmende literêre komponente soos dit in hierdie proefskrif voorkom (sien Tabel 7.2).

Tabel 7.2 Skakeling van literêre komponente in die KABV met die proefskrif

Komponent soos in die KABV	Literêre komponent
Graad 1 Kwartaal 1 – Luister en praat (SA, 2011b:54)	
• **Luister met belangstelling na stories, rympies, gedigte en liedjies wat deur die onderwyser vertel word en voer gedeeltes van die storie, liedjie of rympie op.** • **Plaas prente in 'n logiese volgorde en kommunikeer deur die idees in volgorde oor te vertel.**	• Seleksie en evaluering van KJL • KJL as genre
Graad 1: Kwartaal 1 – Lees en klank (SA, 2011b:55)	
• **Hou die boek korrek vas en blaai korrek.** • **Voorspel die verloop van die storie na aanleiding van prente; lees prenteboeke.** • **Interpreteer prente om 'n eie storie te skep; "lees" prente.** • **Bespreek die korrekte hantering en versorging van boeke.** • **Luister na en bespreek die storie/teks wat voorgelees is.** • **Ontwikkel basiese begrippe van gedrukte media soos:** ○ **Boekbegrip: omslag, voorblad, agterblad, titel** ○ **Teksbegrip: woord, woordherhaling, letter, lettername, een-tot-een-korrespondensie** ○ **Rigting: Lees van voor na agter, lees van links na regs en 'n bladsy van bo na onder; lees eerste, laaste en middelste woorde of letters op 'n bladsy.** • **Leestekens: hoofletter, kleinletter, punt, komma, vraagteken**	• Teorieë relevant tot KJL • Seleksie en evaluering van KJL • KJL as genre
Graad 1: Kwartaal 2 – Luister en praat (SA, 2011b:60)	
• **Luister na stories en identifiseer die hoofgedagte in stories.** • **Plaas prente van 'n storie in logiese volgorde.** • **Neem deel aan klasbesprekings.** • **Vra vrae wat met die vertelde of geleesde storie verband hou.**	• Seleksie en evaluering van KJL • KJL as genre

[4] 'n Voorbeeld van graad 1 word gegee om aan te dui hoe die literêre komponente deel is van die KABV. 'n Volledige uiteensetting word in die KABV gegee, sien Bylaag A.

Graad 1: Kwartaal 2 – Lees en klanke (SA, 2011b:61)	
• **Voorspel die verloop van die storie na aanleiding van prente.** • **Interpreteer illustrasies/prente om 'n eie storie te skep, "lees" prente.** • **Gebruik leidrade en prente in die teks vir begrip.** • **Bespreek die storie, identifiseer die hoofgedagte, hoofkarakters, ens. in die teks.** • **Beantwoord 'n wye verskeidenheid vrae wat betrekking het op die teks wat gelees is, met inbegrip van hoër-orde-denkvrae.** • **Bespreek die gebruik van hoofletters en punte.**	• Teorieë relevant tot KJL • Seleksie en evaluering van KJL • KJL as genre
Graad 1: Kwartaal 3 – Luister en praat (SA, 2011b:66)	
• **Luister met belangstelling en genot na 'n storie, teken 'n prent en skryf 'n onderskrif.** • **Plaas prente in 'n logiese volgorde en pas die byskrifte by die prente.** • **Rolspeel verskillende situasies en gebruik gepaste woordeskat.** • **Luister na besonderhede in stories en beantwoord oopeindevrae daaroor.**	• Teorieë relevant tot KJL • Seleksie en evaluering van KJL • KJL as genre
Graad 1: Kwartaal 3 – Lees en klanke (SA, 2011b:66)	
• **Bespreek logiese volgorde en agtergrond van die storie.** • **Gebruik die boekomslag om die einde van 'n storie en storielyn te voorspel.** • **Herken die verwantskap tussen oorsaak en gevolg in 'n storie soos: Die seun het van sy fiets afgeval omdat hy te vinnig gery het.** • **Beantwoord hoër-orde-denkvrae vrae gegrond op die teks wat gelees is, soos "Wat dink jy …?", "Waarom het jy …?"** • **Gee eie opinie oor wat gelees is.**	• Teorieë relevant tot KJL • Seleksie en evaluering van KJL • KJL as genre
Graad 1: Kwartaal 3 – Skryf (SA, 2011b:70)	
• **Skryf en illustreer 'n kort sin oor 'n onderwerp om 'n bydrae te lewer vir die leeshoekie.**	• Teorieë relevant tot KJL • Seleksie en evaluering van KJL • KJL as genre
Graad 1: Kwartaal 4 – Luister en praat (SA, 2011b:72)	
• **Luister na, geniet en reageer op prent- en woordraaisels, raaisels en grappies en gebruik verbeeldingryke taal.** • **Vertel 'n bekende storie met 'n begin, middel en einde en wissel stemtoon en -volume.**	• Teorieë relevant tot KJL • Seleksie en evaluering van KJL • KJL as genre
Graad 1: Kwartaal 4 – Lees en klanke (SA, 2011b:73)	
• **Gebruik die boekomslag om die storie in die boek te voorspel.** • **Identifiseer die aanvanklike gebeurtenis of probleem wat tot die verloop van die storie**	• Teorieë relevant tot KJL • Seleksie en evaluering van KJL • KJL as genre

aanleiding gee. In *Die drie beertjies* was die pap te warm en die bere het hulle huisie verlaat en gaan stap. • **Gebruik leidrade en prente in die boek vir begrip.** • **Bespreek die logiese volgorde van gebeure wat in die storie gelees is.** • **Herken oorsaak en gevolg in die storie. Die meisie was in die moeilikheid omdat sy die venster gebreek het.** • **Beantwoord oopeindevrae gegrond op die teks wat gelees is.**	
Aanbeveling van tekste vir die graad 1 Jaar (SA, 2011b:77)	
• **Storieboeke en mondelinge stories** • **Gedigte, liedjies en rympies** • **Kleuterrympies, gediggies en liedjies** • **Storieboeke en prenteboeke vir die leeshoekie**	• Seleksie en evaluering van KJL • KJL as genre

Dit is duidelik uit Tabel 7.1 dat literêre komponente 'n integrale deel van die onderrig van Afrikaans Huistaal is. Alhoewel Tabel 7.1 slegs 'n voorbeeld is van graad 1, word die terme soos hier gebruik, deurgaans in graad 2 en 3 ook gebruik. Daar word volgens die KABV van onderwysers verwag om leerders te lei by die interpretasie van illustrasies en die tekste. Eweneens word daar van leerders verwag om op die teks te reageer en om hulle reaksie met die klas te deel en om self soortgelyke tekste te skryf. Hierdie vereiste wat aan die leerders gestel word, moet by professioneleontwikkelingsprogramme vir onderwysers ingesluit word sodat onderwysers leerders se reaksies kan begryp. Daar word ook onder meer genoem dat stories wat aan die leerders bekend is, gebruik moet word. Nie alle leerders het dieselfde agtergrond nie; daarom sal 'n storie wat vir een leerder bekend is, nie noodwendig vir ander leerders bekend wees nie. Onderwysers moet dit in ag kan neem, en daarom is die relevante teorieë belangrik omdat dit aan onderwysers leiding gee oor hoe die interpretasie en verwysingsraamwerk van leerders ondersoek kan word.

Vir die grondslagfase word daar in die KABV aanbevelings aan onderwysers gemaak ten opsigte van die tekste wat hulle kan gebruik (SA, 2011b:77). Die aanbevelings is onder meer storieboeke, stories, grootboeke, gedigte en prenteboeke. Daar word geen riglyne aan die onderwysers gegee ten opsigte van wat die seleksie en evaluering van die storieboeke, stories, grootboeke, gedigte en prenteboeke behels nie. Die feit dat daar nie riglyne in die KABV aan onderwysers en vakadviseurs gegee word nie, laat my wonder waar onderwysers dan die riglyne waarvolgens hulle boeke evalueer en kies, kry. Daar is in die KABV 'n 'vaagheid' ten opsigte van die inhoud en begrippe met verwysing na KJL. Die probleem kan nie alleen voor die deur van die KABV gelê word nie; die KABV dien slegs as riglyn, en die opleiding van onderwysers en vakadviseurs kan die probleem wees omdat daar moontlik aanvaar word dat onderwysers en vakadviseurs die nodige kennis het en daarom die KABV as riglyn kan gebruik. Die KABV en die implementering daarvan moet dus deel uitmaak van onderwysersopleiding.

Dit is verder in Tabel 7.1 duidelik dat die KABV nie help om verwarring onder onderwysers te voorkom wanneer daar na KJL gekyk word nie. Daar word in die KABV slegs na storieboeke, stories, grootboeke,

gedigte en prenteboeke verwys, waarvan slegs prenteboeke en gedigte 'n erkende kinder- en jeugliteratuurgenre is. Daar is nie duidelike riglyne ten opsigte van watter soort KJL waar gebruik kan word nie, en so ook nie watter genre van waarde kan wees in spesifieke onderrigsituasies nie. Onderwysers beskik nie oor genoegsame kennis ten opsigte van KJL nie (sien 7.8.2) en die KABV kan nie gebruik word om hierdie leemte te vul nie.

7.3.2.2 Intermediêre fase

Soos in die grondslagfase, is lees 'n belangrike deel van die onderrigtyd in die intermediêre fase. Die tyd wat in die intermediêre fase aan lees bestee word, word in die KABV aangedui (sien Tabel 7.3) (SA 2011c:14).

Tabel 7.3: Aanbeveling ten opsigte van leestyd in die intermediêre fase

Tyd	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
1 uur	Gedeelde lees (vir luisterdoeleindes)	Gedeelde skryf – om 'n skryfraam te ontwikkel	Gedeelde lees ('n nuwe teks of die voortsetting van 'n teks wat voorheen gelees is)	Gedeelde skryf – besin oor progressie en besondere vaardighede	Gedeelde lees ('n nuwe teks of die voortsetting van 'n teks wat voorheen gelees is)
	Bespreking van die teks met gebruik van gepaste taalstrukture (praat)	Groep- en begeleide skryf	Bespreking van die teks met gebruik van gepaste taalstrukture (praat)	Groep en begeleide skryf; maat- en / of onderwyserhersiening van beplanning en skryf	Bespreking van die teks met gebruik van gepaste taalstrukture (praat)
	Groepbegeleide lees (insluitend individuele hardoplees)		Groepbegeleide groep (insluitend individuele hardoplees)		Leesbegrip (elke tweede week) aan die hand van dieselfde tekstipe
	Besinning oor selfstandige leeswerk		Besinning oor selfstandige leeswerk		
30 minute		Selfstandige skryf		Selfstandige skryf	

Daar word verder in die KABV 'n aanbeveling gemaak van die tekste wat gebruik moet word. Daar word onder aangedui dat daar van kortverhale, novelles/jeugverhale, dramas en gedigte gebruik gemaak moet word (SA, 2011c:14). Daar word ook genoem dat daar van "voorgeskrewe letterkundige genres" gebruik gemaak moet word, en dan word daar volgens die spesifieke weke na die genres verwys waarvolgens onderrig moet word (SA, 2011c:15) (sien Tabel 7.2). In Tabel 7.4 word daar onder meer na folklore, legendes en mites verwys, maar dit is die enigste genres waarna daar verwys word. In Tabel 7.5 word daar verwys na 'n storie of gedig en in Tabel 7.6 na prosa of 'n kortverhaal.

Tabel 7.4: Verdeling van tekste soos in die KABV

	Graad 4	Graad 5	Graad 6
Kwartaal 1			
Week 1 en 2	Stories en persoonlike vertellinge	Storie / gedig / persoonlike vertellinge	Inligtingsteks, byvoorbeeld 'n koerantberig / artikel / onderhoud / storie, taalspeletjie
Week 3 en 4	Inligtingsteks, byvoorbeeld 'n nuusberig, feitelike verslag, kaart	Inligtingsteks: prosedures / instruksies / aanwysings /	Storie karakters (mite of legende) / dagboek Inligtingsteks: nuusberig / feitelike verslag / brief / mediateks, byvoorbeeld advertensie
Week 5 en 6	Storie en beskrywings van mense of karakters (mite of legende)	'n inligtingsteks, byvoorbeeld 'n koerantberig	Oorredende teks: advertensies / oorredende toespraak
Week 7 en 8	Inligtingsteks: prosedures / instruksies / aanwysings / lyste	**folklore stories (mite / legende)**	Inligtingsteks met visuele toneelstuk / drama / dialoog / onderhoud
Week 9 - 10	Liedjie, gedig	Liedjie, gedig	Gedig / beskrywing van 'n persoon / beskrywing van 'n voorwerp, dier, plant , plek / taalspeletjie

Kwartaal 2			
Week 1 en 2	Inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld diagram, tabel, prent, grafiek, plakkaat / aanwysings / beskrywing van 'n voorwerp	Instruksionele teks: prosedures, instruksies, aanwysings, feitelike verslag	Instruksionele teks: prosedures, instruksies, aanwysings
Week 3 en 4	Storie, persoonlike vertelling en boodskap	Verslae met hulpmiddels, soos tabelle / kaarte	outobiografie / biografie
Week 5 en 6	Storie en persoonlike vertelling (fabels / legendes / mites)	gedigte / persoonlike vertelling (fabels / legendes / mites)	fabels / legendes / mites
Week 7 en 8	Prosedures / instruksies / inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld diagram, tabel, prent, grafiek	folklore (mite / legende)	prosa / kortverhaal
Week 9 en 10	**Formele assessering**		

Kwartaal 3			
Week 1 en 2	Verhalende teks soos joernaalinskrywing, byvoorbeeld koerantberig	biografie / dagboek	Inligtingstekste, byvoorbeeld dagboekinskrywings
Week 3 en 4	Inligtingsteks / Storie / brief / beskrywing van persoon, dier, karakter / dialoog / boekverslag	Inligtingstekste: advertensies / plakkaat	Vriendskaplike brief / dagboek
Week 5 en 6	kortverhaal / verhalende teks	kortverhaal / verhalende teks mite / legende)	kortverhaal / verhalende teks
Week 7 en 8	Inligtingsteks soos weerverslag / feitelike vertelling, nuusberig, verslag / visuele teks, byvoorbeeld plakkaat; kennisgewing / gesprek	Inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld weerverslag / diagram / tabel / kopkaart / kaart / prent / grafiek; kennisgewing / strooibiljet	Inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld diagram, tabel, kopkaart, kaart, prent, grafiek / gesprek / opname / verslag / brosjure
Week 9 en 10	Drama / rolspel / dialoog / boekverslag	Drama / gesprek / dialoog	Drama / dialoog

Kwartaal 4			
Week 1 en 2	Inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld diagram, tabel, prent / onderhoud / geselsprogram / visuele teks, byvoorbeeld plakkaat / kennisgewing / boodskap	Storie / gedig / persoonlike vertelling / boekverslag	radio-onderhoud / geskrewe onderhoude
Week 3 en 4	Gesprek / onderhoud / dialoog / taalspeletjie / storie	Storie / taalspeletjie / persoonlike vertelling	Beskrywende opstel
Week 5 en 6	Informatiewe tekste / advertensie / taalspeletjie / dagboek	Inligtingsteks, byvoorbeeld tydskrifartikel, nuusberig / feitelike teks, byvoorbeeld plakkaat / kennisgewing / strooibiljet	Boekverslag
Week 7 en 8	Storie / kortverhaal / gesprek / praatjie / inligtingsteks / visuele tekste, byvoorbeeld plakkaat / kennisgewing	Inligtingstekste, byvoorbeeld brief / gedig / verslag, gesprek / visuele tekste, byvoorbeeld plakkaat, grafiek, diagram / kennisgewing / strooibiljet	Gedigte
Week 9 en 10	**Formele assessering**		

(SA, 2011c:22–24)

Wat betref die weeklikse indeling word daar meer spesifiek aangetoon wat leerders moet kan doen. Slegs enkele voorbeelde word gegee (sien Bylaag A, KABV vir volledige dokumente).

Tabel 7.5: Uittreksel uit KABV vir graad 4 – gebruik van verskillende genres

GRAAD 4 KWARTAAL 1				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 5 – 6	**Luister na 'n storie, byvoorbeeld folklore (mite of legende)** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Identifiseer intrige, karakters en agtergrond • Bespreek die boodskap / tema • Voorspel inhoud • Beantwoord mondelinge vrae **Hervertel 'n storie** • Hervertel gebeure in die korrekte volgorde • Benoem die karakters korrek • Druk gedagtes en gevoelens uit	**Lees 'n storie, byvoorbeeld folklore (mite of legende)** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: voorspelling wat op die titel en prente gebaseer is • Gebruik leesstrategieë: maak voorspellings, gebruik kontekstuele leidrade om betekenis te vind • Bespreek intrige, hoofkarakters en agtergrond • Bespreek die boodskap • Druk mening en eie gevoelens oor die teks uit • Onderskei tussen realistiese en onrealistiese gebeure **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Bespreek met verwysing na eie ervaring	**Skryf 'n storie, byvoorbeeld folklore (mite of legende)** • Probeer 'n natuurlike verskynsel verduidelik • Ontwikkel intrige, karakters en agtergrond • Sluit waarskynlike en onwaarskynlike elemente in • Gebruik taal verbeeldingryk, veral 'n uitgebreide woordeskat • Gebruik toepaslike taal, spelling en punktuasie • Skryf woorde en hul betekenisse in 'n persoonlike woordeboek neer • Beplan, skryf 'n eerste weergawe en verfyn skryfwerk	**Werk met woorde** • Vokaalgroep 3 • Alfabetiese rangskikking • Afbreek van woorde • Lettergrepe en klankgrepe **Werk met sinne** • Byvoeglike naamwoorde • Enkelvoudige sin (onderwerp, voorwerp, gesegde) **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Koppelteken **Woordeskat in konteks**

(SA, 2011c:34).

Tabel 7.6: Uittreksel uit die KABV vir graad 5 – gebruik van storie/gedigte

GRAAD 5 KWARTAAL 1				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 1– 2	**Luister na 'n storie / gedig** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Identifiseer hoofgedgates en besonderhede • Bring met eie ervarings in verband • Bespreek en gee opinie • Neem aan groepbesprekings deel, soos kwessies wat met die teks verband hou • Vra toepaslike vrae • Gee terugvoering • Hou by die onderwerp • Reageer met empatie en respek vir ander se idees • Maak beurte **Lees hardop (voorbereid)** • Lees vloeiend en hoorbaar • Let op na leestekens • Spreek woorde duidelik uit • Gebruik toepaslike stemtoon, pousering, oogkontak	**Lees 'n storie / gedig** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: Maak voorspellings wat op die titel en prente gebaseer is • Gebruik leesstrategieë soos voorspelling; gebruik klank- en kontekstuele leidrade • Bespreek nuwe woordeskat uit die teks • Bespreek die sentrale idee, intrige, karakters en agtergrond • Druk gevoelens en opinies uit • Bespreek oorsaak en gevolg in die storie • Gebruik 'n woordeboek vir woordeskat-ontwikkeling **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Hervertel storie of hoofidees • Druk emosies op gelese tekste uit • Bring met eie ervarings in verband • Vergelyk boeke gelese tekste	**Skryf 'n storie / gedig** • Voorafskryf: lees die storie / gedig en bespreek die struktuur, taalgebruik, doel en gehoor • Selekteer toepaslike inhoud vir die doel • Gebruik toepaslike taal- en teksstruktuur • Gebruik die korrekte formaat • Skryf 'n kort opsomming van die storie / gedig • Gebruik aanhalings • Maak aanbevelings • Gebruik toepaslike taal, spelling en punktuasie • Gebruik 'n woordeboek vir spelling en woordeskatontwikkeling **Gebruik die stappe van die skryfproses** • Hou 'n dinkskrum vir idees deur kopkaarte te gebruik • Skryf die eerste weergawe • Hersien • Proeflees • Skryf die finale weergawe	**Werk met woorde** • Afbreek van woorde • Woorde met d/t; v/f • Lettergrepe en klankgrepe • Afkortings **Werk met sinne** • Sinsoorte • Tydsvorme • Ontkenning **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Hoofletters • Punt, komma, uitroepteken, vraagteken • Skryftekens: kappie en deelteken **Woordeskat in konteks**

(SA, 2011c:50).

Tabel 7.7: Uittreksel uit die KABV vir graad 6 – prosa/kortverhaal

GRAAD 6 KWARTAAL 2				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 7 – 8	**Luister na prosa / kortverhaal** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Herroep hoofidees en besonderhede • Bespreek karakter en agtergrond • Identifiseer en bespreek waardes in die teks • Reageer krities • Evalueer en bespreek gebeure • Identifiseer en bespreek boodskappe in die teks • Berei mondeling voor oor 'n karakter	**Lees prosa / kortverhaal** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Lees 'n uitgebreide teks • Identifiseer die storielyn • Identifiseer hoof- en ondersteunende idees • Interpreteer en bespreek boodskap • Bespreek agtergrond en invloed op karakters • Bespreek tipe karakters • Suggereer alternatiewe eindes **Lees en kyk vir begrip** • Vluglees en soeklees • Aandagtige lees • Maak voorspellings en afleidings • Lei die betekenis van onbekende woorde en beelde af deur die gebruik van kontekstuele leidrade • Toon kritiese taalbewustheid	**Skryf prosa / kortverhaal** • Skep geloofwaardige karakters • Toon kennis van karakter, intrige, agtergrond, konflik, klimaks • Toon hoofgebeure deur 'n vloeidiagram / kopkaart te gebruik • Orden gebeure logies • Druk idees duidelik en logies uit • Besin oor en evalueer skryfwerk • Voorsien 'n eerste konsep	Werk met woorde • Simplekse, komplekse • Sinonieme, antonieme **Werk met sinne** • Woordsoorte in konteks: voegwoorde, byvoeglike naamwoorde • Enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne • Kritiese taalbewustheid: dubbelsinnigheid **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Afkortings, verkortings en akronieme Woordeskat in konteks
WEEK 9 – 10	**FORMELE ASSESSERING**			

(SA, 2011c:76).

Net soos in die grondslagfase word daar hier van leerders verwag om op die teks te reageer (sien Tabelle 7.5, 7.6 en 7.7). Die leerders moet hulle emosies en reaksies kan uitdruk en die onderwyser moet die leerder toelaat om sy/haar interpretasie met die klas te deel en moenie die leerder daarvolgens oordeel nie. Die onderwyser moet leerders die vryheid gee om hulle eie opinie en emosies ten opsigte van die storie uit te spreek. Indien onderwysers die resepsie-estetikateorie, die kognitiewe paradigma en die dinamiese sisteemteorie in ag neem, sal hulle leerders se verwysingsraamwerke verstaan en begryp dat die leerders op grond van hulle kognitiewe vermoë die storie op verskillende maniere sal interpreteer en dat elke leerder deur sy/haar eie agtergrond beïnvloed sal word. Dit is belangrik dat onderwysers nie die interpretasie van tekste aan absolute waarhede koppel nie, maar ruimte los vir die leerders om die teks te interpreteer.

Daar word van die leerders verwag om die karakters, gebeure, tyd, betekenis en verskeie ander punte te interpreteer en te evalueer (sien Tabelle 7.5, 7.6 en 7.7). Dit is ŉ dieper interpretasie wat hier van leerders verwag word as wat daar van die leerders in die grondslagfase verwag word. Leerders moet in die intermediêre fase die karaktertrekke van die karakters verstaan om sodoende laasgenoemde se optrede te verstaan, om maar net een element as voorbeeld te gebruik. Dit is noodsaaklik dat die onderwysers grondige kennis het van die seleksie en evaluering van kinder- en jeugliteratuur soos bespreek in hoofstuk 4.

Laastens word daar in die intermediêre fase verwys na folklore (legendes, mites, fabels of stories) (stories sluit enige genre in, soos fantasieverhale) en gedigte. Onderwysers moet duidelik verstaan wat die verskil is tussen die verskillende genres; inligting ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur as genre soos bespreek in Hoofstuk 5 moet dus aan onderwysers gegee word. Dit is belangrik dat onderwysers weet wat die kenmerke van elke genre is en die strukture daarvan ken omdat daar van leerders verwag word om hierdie genres en subgenres omdat daar van leerders verwag word om self voorbeelde van die genres te kan skryf (vergelyk komponente Skryf en Aanbied in die KABV) en moet genres daarom deel wees van enige professioneleontwikkelingsprogram wat oor die integrasie van KJL in die klaskamer handel.

7.3.2.4 Die interpretasie van die KABV deur vakadviseurs

Ten opsigte van die KABV en die manier waarop kinder- en jeugliteratuur deel daarvan in die klaskamer kan uitmaak, was daar nie konsensus onder die vakadviseurs wat aan die navorsing deelgeneem het nie. Volgens vakadviseur 1 vereis die KABV ŉ leesprogram, en tekste word in siklusse van twee weke ingedeel (SA, 2011c:22–23). Vir twee weke word daar op literêre tekste gefokus en dan volg twee weke van transaksionele tekste. Alhoewel die tweeweeksiklusse grootliks op die boeke wat op die nasionale lys verskyn gebaseer is, het vakadviseur 1 dit duidelik gemaak dat die leesprogram wat deur die KABV voorgestel word, ook ander tekste moet insluit om die leerder te ontwikkel.

Vakadviseur 2 het kinder- en jeugliteratuur nie as ŉ integrale deel van die KABV gesien nie en het gemeen dat die boeke op die nasionale lys voldoende is vir dit wat die leerders moet leer. Sy het

genoem dat kinder- en jeugliteratuur 'n sekere waarde tot die ontwikkeling van leerders toevoeg, maar dat boeke wat nie op die nasionale lys is nie, nie noodwendig ingesluit hoef te word nie.

Volgens vakadviseur 3 is die kurrikulum bloot te vol om enige kinder- en jeugliteratuur in te sluit by die onderrig van 'n taal. Vakadviseur 3 was van mening dat daar eerder net gebruik gemaak moet word van handboeke en dat die gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die handboeke ook beperk moet word omdat dit tyd wegneem van die taalkomponente wat leerders moet leer.

Dit het uit die vakadviseurs se antwoorde geblyk dat daar ten tye van hierdie navorsing nog groot onsekerheid was oor die inhoud van die KABV en hoe KJL in die KABV geïntegreer kon word. Dit wou voorkom asof die betrokke vakadviseurs die KABV baie "beperkend" gelees en geïnterpreteer het, wat moontlik aan die gebrek aan effektiewe opleiding in Afrikaans as Huistaal en as Eerste Addisionele Taal toegeskryf kon word.

7.3.2.5 Die interpretasie van die KABV deur onderwysers

Die deelnemende onderwysers was onseker of KJL regtig deel kon wees van die KABV en of daar werklik tyd was om KJL deel te maak van Afrikaans onderrig. Volgens die onderwysers van skole 1, 2, 4 en 5 was die kurrikulum te vol om werklik kinder- en jeugliteratuur deel van hulle onderrig te maak. Volgens die onderwysers word die genot van kinder- en jeugliteratuur deur die Departement van Basiese Onderwys gedemp as gevolg van sinlose administrasie.

> *Nee, kom ek sê vir jou wat, vat die lekker weg, die hele lekker van stories, alle skole word deur die Departement van Onderwys gedemp wat ons het pakke en pakke en pakke sinlose, nuttelose administrasie …* (Onderwyser, skool 1)

> *Kyk, ek kan die essensie daarvan insien, absoluut, maar wanneer?* (Onderwyser, skool 4)

Onderwysers was van mening dat hulle nie die geleentheid gekry het om nuwe boeke te ondersoek en te lees nie, omdat hulle deur administratiewe pligte in die klaskamer oorlaai was. Die kurrikulum laat volgens die onderwyser baie min tyd om kinder- en jeugliteratuur in hulle onderrig te integreer, al word dit pertinent in die KABV genoem (SA, 2011c:22–24). Die onderwysers van skool 3 het gevoel dat die kurrikulum glad nie te vol was nie en dat daar genoeg tyd was om saam met die leerders te lees. Die onderwysers het vertel dat hulle gedeelde lees met die leerders doen en ook vir die leerders voorlees, maar die onderwysers kon nie stawende dokument hiervoor aan my verskaf nie, wat my tot die gevolgtrekking laat kom het dat KJL nie werklik so deel van hulle daaglikse onderrig is as wat hulle aangevoer het nie.

Die onderwysers van skole 2 tot 5 het verder opgemerk dat die tekste wat deur die departement aanbeveel is in baie gevalle oninteressant en vervelig was en verder vir die swart leerders in die klaskamer geskik wasomdat die tekste op swart leerders se kultuur fokus. Ek het uit hierdie antwoorde afgelei dat, indien die onderwysers die tekste as vervelig beskou het, hulle waarskynlik

baie handboekgebonde was en nie hulle eie tekste kon inkorporeer nie. Die tekste wat in hierdie skool gebruik is, was slegs die tekste wat in die handboeke opgeneem is en tekste wat in die nasionale katalogus verskyn.

Een van die onderwysers het genoem dat sy 'n storiemens is en tot drie weke se aktiwiteite uit *Hansie en Grietjie* saamstel. Van die aktiwiteite sluit onder meer koerantberigte, opstelle, en 'n tekening van *Hansie en Grietjie* in. Volgens onderwyser 1 van skool 1 hou die leerders van die stories en die leerders vra gereeld dat sy vir hulle 'n storie moet lees of vertel. Die onderwyser het genoem dat self al vertel of lees sy vir die leerders stories vir genot, sou sy hulle aanmoedig om ná die tyd 'n breinkaart te teken van die verhaal en aan te toon hoe die verhaal opgebou is, soos in die KABV aanbeveel word. Hierdie onderwyser het genoem dat sy ook van haar eie tekste gebruik maak wat nie noodwendig in die handboek opgeneem is nie.

Dit was duidelik vir my dat onderwysers onseker was oor die integrale deel wat KJL in die KABV speel en dat daar duidelikheid ten opsigte hiervan aan vakadviseurs en onderwysers gegee moet word. KJL is 'n integrale deel van die onderrig van taal en daarom moet die literêre komponente soos bespreek in hoofstuk 3, 4 en 5 deel wees van 'n professioneleontwikkelingsprogram wat oor kinder- en jeugliteratuur handel. Die literêre komponente moet by die program ingesluit word om onderwysers te ondersteun en op te lei oor hoe KJL deel kan wees van die onderrig van Afrikaans en hulle daarvan bewus te maak dat dit nie ekstra tyd in beslag neem nie, maar dat dit die onderrig van Afrikaans Huistaal ondersteun.

7.3.3 Literêre komponente: vakadviseurs se siening

Daar is aan die vakadviseurs gevra wat hulle dink ingesluit behoort te word wanneer 'n professioneleontwikkelingsprogram wat oor kinder- en jeugliteratuur handel, opgestel word. Die vakadviseurs het onderskeidelik soos volg geantwoord:

> *Ja, they must know … uhm … what questions to ask to determine the setting and the theme and the plot as well … uhm … I think the important ones are like character, the character's who, the where, the when and the what the plot and then … uhm … I don't know much more than that. The basic terminology of title, author, illustrator, publisher, cover page, title page …* (Vakadviseur 1)

> *Weet nie werklik nie, seker die basiese goed soos karakter, tema, plek, ens.* (Vakadviseur 2)

> *Dit sou seker goed wees. Dalk goed wat jy ons in die vraelys gevra het. Verskillende genres, titels om van te kies, ens.* (Vakadviseur 2)

Volgens die vakadviseur kan die literêre komponente wat ingesluit behoort te word, soos volg uiteengesit word:

a) Goeie agtergrondkennis van kinder- en jeugliteratuur omdat onderwysers hoofsaaklik in graad 1 vir leerders verhale vertel. Indien hulle slegs ŉ beperkte aantal verhale ken, word die leerders slegs aan ŉ beperkte versameling kinder- en jeugliteratuur blootgestel.
b) Die wyse waarop daar met boeke gewerk word (SA, 2011b:27).
c) Die wyse waarop kinder- en jeugliteratuur gebruik kan word om leerders se woordeskat uit te brei (SA, 2011b:28).
d) Die leerders se gebrek aan gedrukte media moet begryp en die hoof gebied word. Onderwysers moet kinder- en jeugliteratuur gebruik om taal te onderrig:

> *...you can't teach language without reading and if you are, you're not following policy ….* (Vakadviseur 1)

e) Tekste word volgens die KABV (SA, 2011c:30) as basis by die onderrig gebruik.

Hierdie probleme, soos deur die vakadviseurs aangetoon, dui daarop dat die vakadviseurs nie seker is oor wat literêre komponente behels nie en dat hulle, soos die onderwysers, gebrekkige kennis het aangaande die literêre komponente. Die vakadviseurs het na aspekte uit die KABV verwys, maar die aspekte waarna hulle verwys het, is nie literêre komponente nie.

Dit was uit die vakadviseurs se antwoorde duidelik dat hulle self nie doodseker was oor watter literêre komponente belangrik is nie, waarskynlik omdat hulle nie seker was wat literêre komponente is nie en daarom kon hulle nie in dié verband aan die onderwysers leiding gee nie. Hierdie leemte in die vakadviseurs se kennis ten opsigte van wat literêre komponente is, het gedui op die gebrekkige of onvoldoende opleiding wat die vakadviseurs moontlik ontvang het.

7.3.4 Literêre komponente: onderwysers se siening

Daar is aan die onderwysers gevra wat hulle dink ten opsigte van KJL by professioneleontwikkelingsprogramme ingesluit behoort te word. Die onderwysers het verskillende antwoorde gehad en het, onder meer, so geantwoord:

> *Ek dink ons moet weet hoe om dit* [KJL] *te gebruik maar …* (Onderwyser, skool 1)

> *Ja, die skrywers is soos sy sê nou nie werklik* [onhoorbaar] *nie maar dit is die inhoud van die leesboek maar uh … g … geweld en so aan … mens kan dit bietjie regtig … die kinders is so aggressief en jy weet sulke tipe goed … normale realisties, science fiction …* (Onderwyser, skool 2)

Uit onderwysers by skool 2 se antwoorde kon ek die afleiding maak dat onderwysers tekste nie as 'terapie' vir leerders se probleme sien nie, dus verstaan onderwysers nie dat die kognitiewe paradigma waarde het vir die interpretasie van tekste nie. Onderwysers is nie seker oor die funksie van literêre tekste nie.

> *Goed, karakter is soos byvoorbeeld wie is die …* (Onderwyser, skool 3)

Aspekte soos karakter, plek, ruimte – die gewone goed wat ons geleer het en wat altyd in vraestelle gevra word (Onderwyser, skool 4)

Die tradisionele goed soos karakter, tyd, ruimte, plek (Onderwyser, skool 5)

Dit wil uit bostaande aanhalings voorkom asof die onderwysers getwyfel het oor watter literêre komponente ingesluit moet word wanneer 'n professioneleontwikkelingsprogram saamgestel word. Onderwysers het literêre komponente as die narratiewe elemente beskou en het dus 'n beperkte beskouing daarvan gehad. Dit wou verder voorkom of die onderwysers hulle laat lei het deur dit wat in die vraelyste gevra is. Die onderwysers het na die aspekte wat in die vraelyste genoem is, verwys, en het verder na 'die algemene goed', verwys maar nie gespesifiseer wat hulle daarmee bedoel nie. Die onderwysers se onsekerheid het gewys dat die onderwysers nie noodwendig geweet het wat literêre komponente is nie en daarom nie die volle waarde van KJL kon ontgin nie.

Na aanleiding van die KABV as leidinggewende dokument aan die een kant en vakadviseurs en onderwysers se opinies oor literêre komponente aan die ander kant was dit duidelik dat daar nie konsensus bereik kon word oor wat presies ingesluit behoort te word nie.

Die essensie wat na vore gekom het ten opsigte van die literêre komponente wat by 'n professioneleontwikkelingsprogram ingesluit moet word, was:

- duidelikheid omtrent die wyse waarop KJL geïntegreer moet word, het by die deelnemende vakadviseurs en onderwysers ontbreek omdat hulle nie oor genoegsame kennis beskik het van wat literêre komponente is en hoe dit in die klaskamer gebruik kon word nie;
- daar was onduidelikheid onder die vakadviseurs en onderwysers ten opsigte van hoe tekste geëvalueer en gekies moet word; en
- die terminologie in die KABV is volgens my nie baie spesifiek nie, en dit het daartoe gelei dat daar onduidelikheid by die deelnemende vakadviseurs en onderwysers was oor wat literêre komponente is.

7.4 Ingesteldhede van aanbieders – Hoe voel die goeie feë?

Professioneleontwikkelingsprogramme word oorwegend deur die vakadviseurs aangebied en fokus tans meestal op die implementering van die KABV. Volgens een van die vakadviseurs het hulle nie op die tydstip toe die navorsing gedoen is, tyd gehad om professioneleontwikkelingsprogramme wat op KJL fokus te ontwikkel en aan te bied nie. Die vakadviseur het dit soos volg gestel:

… because I've just done CAPS and I must have a follow up for people that are new, because there are going to be new people so they must come that first week already so that we can get them on board and I've got to start visiting the schools to see how they're coping and to see if they've done their planning or I must say everyone must bring their files to the office and let me see if they've done their planning so all of this

must be done now at the beginning of the year so I can't work with literature now … (Vakadviseur 1)

Een van die ander vakadviseurs het dit soos volg gestel:

Ja, meestal oor die kurrikulum en assessering en hoe om lesse op te stel. (Vakadviseur 2)

Afgesien daarvan dat die vakadviseurs op daardie stadium slegs professionele-ontwikkelingsprogramme aangebied het wat op die implementering van die nuwe kurrikulum gefokus het, was hulle nie baie positief oor die aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme nie. Een van die vakadviseurs het onder meer genoem dat die area te groot is om werklik goeie professioneleontwikkelingsprogramme vir almal aan te bied, en 'n ander het genoem dat sy maar help waar sy kan, al is sy nie spesifiek vir die onderrig van Afrikaans opgelei nie en dat hulle nie genoeg tyd het om werklik professioneleontwikkelingsprogramme aan te bied nie.

Nee, daar is nie genoeg tyd nie en ons kan nie werklik met die Afrikaans help nie. Ons het Engels gedoen maar omdat ons dit kan praat, help ons maar uit. (Vakadviseur 3)

Die ander vakadviseurs het die onderstaande gesê aangaande hulle ingesteldheid teenoor die aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme:

… they think they know everything and they actually don't … (Vakadviseur 1)

Uhm ek … I try to do it well. I sometimes wonder …if… if that's… supposed to be my job that's why I think now these people are supposed to be trained. Why aren't they trained now what's going, they're missing something, because I shouldn't be the one to teach them how to teach, surely not, but that's what I'm finding what I have to do, and uhm I, my challenge is that I got teachers that are really good. They know what they are doing, but the majority of them are unexposed and not knowledgeable so … (Vakadviseur 1)

...I got to try and keep them all happy and make them feel that they have learned something, and I really don't want to make them feel like I've wasted their time so luckily I still know more than they do. (Vakadviseur 1)

Dis tydrowend en onderwysers is nie altyd positief nie. (Vakadviseur 2)

Nee, ons kry nie altyd tyd nie. Meestal doen ons maar 'opcheck'-werk. Is hulle beplanning op datum, is lesse uitgewerk, en … (Vakadviseur 3)

Dis okay, maar ons weet nie of ons werklik die onderrig in die klas positief beïnvloed nie. (Vakadviseur 2)

Uit bostaande antwoorde van die vakadviseurs het ek afgelei dat die vakadviseurs onseker was of die professioneleontwikkelingsprogramme wat hulle aangebied het altyd 'n positiewe uitwerking op die onderwysers gehad het. Die vakadviseurs was verder in die moeilike posisie dat sommige onderwysers die nodige vaardighede gehad het, maar ander nie en die vakadviseurs het gesukkel om 'n balans tussen die groepe te bewerkstellig.

Vakadviseur 1 se antwoord dat sy gepoog het om die onderwysers gelukkig te hou, was vir my 'n aanduiding dat daar in sommige gevalle professioneleontwikkelingsprogramme opgestel is wat deur die onderwysers se gevoelens bepaal is en wat nie noodwendig op dit wat onderwysers regtig moes weet, gefokus het nie. Alhoewel die deelnemende onderwysers en die omstandighede waarin hulle onderrig gegee het, in ag geneem moes word, moes die onderwysers myns insiens nie die enigste faktor wees wat in ag geneem moes word wanneer 'n professioneleontwikkelingsprogram opgestel word nie. Dit wat die onderwyser moes weet moes 'n beduidende rol speel.

Dit wou ook voorkom asof die vakadviseurs oorlaai was en nie werklik tyd gehad het om professioneleontwikkelingsprogramme saam te stel en aan te bied nie, en ook gevoel het dat dit nie noodwendig hulle werk was nie. Hieruit kon daar afgelei word dat dit vir die betrokke vakadviseurs nodig was om hulp te kry deur middel van samewerkingsooreenkomste tussen vakbonde, universiteite en ander skole (sien Hoofstuk 2).

Die essensie ten opsigte van die ingesteldheid van die persone wat professioneleontwikkelingsprogramme aanbied, kan in die onderstaande saamgevat word:

- die vakadviseurs in die studiegroep het gevoel dat professionele ontwikkeling nie hulle werk was nie en dat hulle toegegooi was onder ander werk sodat die aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme vir hulle problematies was;
- vakadviseurs was onseker of die professioneleontwikkelingsprogramme wat hulle aangebied het werklik 'n uitwerking gehad het;
- die onsekerheid ten opsigte van onderwysers se kennis en; en
- onderwysers se gevoelens was in sommige gevalle belangriker as die inhoud van die professioneleontwikkelingsprogram.

7.5 Inhoud – Rooikappie se mandjie

Die feit dat daar nie ten tye van hierdie navorsing professioneleontwikkelingsprogramme was wat spesifiek op KJL gefokus nie, het daartoe gelei dat die vakadviseurs slegs aangedui wat hulle met onderwysers bespreek ten opsigte van KJL sou hulle die geleentheid kry. Dit was egter slegs gesprekke en nie formele professioneleontwikkelingsprogramme nie. Vakadviseurs het dit duidelik gemaak dat KJL nie die fokus was nie en dat daar nie op daardie stadium spesifiek tyd aan KJL bestee is nie. Die vakadviseurs het soos volg op die vraag geantwoord.

Ya, but it we just touched it, it needs much more it needs in … in-depth attention … (Vakadviseur 1)

*Ek het met die Engelse Departement … I try to get them to … uhm … help me because the literature for Grade 5 and 6 is very challenging … uhm … that's when they specifically have prescribed genre they have teach the learners … they got to do so many poems, then they can choose uhm… I … I … I want them all to do poetry because I feel you can teach the … the devices poetic dividers and … uhm … the figurative language and so on using different poems and then they can choose short stories, plays or novels or whatever but that they really need an … I got … uhm ****[5] and them, we had uhm ***** and that American girl here with the Dutch surname, ****, ****, they came and they did a lecture on … uhm how to teach poetry, and how to teach literature using … uhm … pre-during postures reading activities and using visual devices to help structure the timelines and things like that. That was very, very nice but it was too much for them, so I had to actually, we actually had to have a system where there can be a monthly lecture or a something like that …* (Vakadviseur 1)

Uit vakadviseur 1 se antwoord was dit duidelik dat onderwysers omvattende opleiding met betrekking tot KJL benodig. Die ander twee vakadviseurs het nie op die onderwerp uitgebrei nie. Hulle het genoem dat hulle slegs op die implementering van die KABV gefokus het. Die antwoorde van hierdie twee vakadviseurs het daarop gedui dat hulle nie duidelikheid gehad het oor wat die teksgebaseerde benadering behels nie, want sou die professioneleontwikkelingsprogramme wat hulle aangebied het net op die KABV fokus, moes dit tog ook op KJL fokus.

Die essensie van die inhoud van professioneleontwikkelingsprogramme kan in die onderstaande saamgevat word:

- Professioneleontwikkelingsprogramme wat ten tye van die navorsing aangebied is, het slegs op die oppervlakkige aspekte van die KABV gefokus. Daar is nie deeglik ondersoek wat die KABV behels nie, en die programme is nie deur kenners op die gebied aangebied nie;
- Die KABV is verkeerd geïnterpreteer: die teksgebaseerde benadering is deel van die KABV; daarom moet KJL deel wees van die effektiewe implementering van die KABV en moet dit aandag geniet.

[5] Die vakadviseur het hier name genoem en die name is vervang met * om die persone anoniem te hou.

7.6 Formaat en tyd – As die horlosie 12-uur slaan

Die formaat van professioneleontwikkelingsprogramme word bepaal deur die onderwerp waaroor die bepaalde professioneleontwikkelingsprogram handel. Die vakadviseurs het onder meer genoem dat ŉ gemiddelde professioneleontwikkelingsprogram oor drie tot vyf dae strek en van 08:00 tot 16:00 aangebied word, maar dat dit nie noodwendig gewild is onder die onderwysers nie.

Die professioneleontwikkelingsprogramme word gewoonlik in die vorm van werkswinkels aangebied waar daar iemand is wat aan die onderwysers voorligting gee oor hoe die KABV by die skool geïmplementeer kan word. Na afloop van die aanbieding word die onderwysers gewoonlik in groepe verdeel waar die vaardighede wat in die aanbieding voorgestel is, toegepas moet word. In sommige gevalle word die groepe dan gevra om ŉ voorlegging van hulle les aan ander groepe te gee.

Dit is juis hierdie formaat wat onderwysers negatief vind. Die formaat van professioneleontwikkelingsprogramme sal moet verander indien die programme tot voordeel van die onderwysers moet strek.

Indien ons onderwysers wil hê wat die relevansie van programme insien, moet die onderstaande aspekte deel uitmaak van die professioneleontwikkelingsprogram:

- die professioneleontwikkelingsprogram moet aan die onderwysers se behoeftes voldoen;
- die ontwikkelaars van die professioneleontwikkelingsprogram moet kennis neem van die unieke situasie waarin die onderwysers werk;
- die professioneleontwikkelingsprogram moet lewenslange leer bevorder; en
- die professioneleontwikkelingsprogram moet die KABV duidelik uiteensit.

7.7 Die ingesteldheid van onderwysers – Die lelike eendjie

Die onderwysers het onder meer in die onderhoude genoem dat hulle ure lank in ŉ werksessie sit en niks leer nie. Volgens die onderwysers is professioneleontwikkelingsprogramme op **ongefokusde wyses aangebied**. Volgens hulle is daar tydens die sessies oor algemene begrippe wat hulle reeds geken het, gepraat en die persone wat die geleenthede aangebied het, was onvoorbereid en het selfs minder as die onderwysers self geweet (sien Hoofstuk 2). Die onderwysers het oor die algemeen ŉ negatiewe ingestelheid jeens professioneleontwikkelingsprogramme gehad omdat hulle gevoel het dat hulle **tyd gemors is**.

> *Every single workshop we've attended has wasted our time* [onhoorbaar] *… ons gaan sit daar en ek hoor goed wat ek in my eerste jaar geleer het …* (Onderwyser, skool 2)

> *En … uhm … the presenters of the course vertel vir ons goed wat ons weet …* (Onderwyser, skool 2)

> *Nee, dis goed wat ons nie dink gaan werk nie en dit word aangebied deur mense wat nie weet wat hulle doen nie* (Onderwyser, skool 5)

Die tweede grootste klagte van die onderwysers was dat professioneleontwikkelingsprogramme gewoonlik met **groepwerk en geleenthede waar die onderwysers voorleggings moet aanbied,** gepaard gegaan het. In dié gevalle het die onderwysers gekla dat die onderwysers wat van oor die onderwerp weet nie, hulle ophou en dat daar dan te veel tyd daaraan bestee word om al die onderwysers op dieselfde vlak te kry. Die onderwysers het onder meer ook genoem dat, wanneer hulle in groepe werk, daar party onderwysers is wat bloot terugsit, gewoonlik dié wat met die onderwerp sukkel, en dan moet hulle die werk doen en die voorleggings doen waarna hulle inligting aan ander skole gegee word. Die onderwysers het gevoel dat dit 'n gevoel geskep het van ander onderwysers wat bloot na die werkswinkels toe kom om hulle werk te kry.

> *Yes, want juis die probleem is ons gaan dan almal saam en dan doen hulle die absolute basics wat miskien dan goed is … But not for us because it's boring …* (Onderwyser, skool 2)

> *Ja, soos byvoorbeeld ons groepie moes nou aanmekaar voorlê en prakties vir hulle probeer wys hoe om hierdie werk aan te bied waar ander groepe net stil gesit het en niks gedoen het nie. Hulle het nie eers die goed uitgewerk nie want hulle weet nie hoe om te doen nie. Hulle sit en slaap in die kursus.* (Onderwyser, skool 3)

> *… dan kies hulle daar uit en dan sit hulle mens groepe bymekaar wat party terugsit en die ander werk, die ontvangers en die begrippers of wat ook al, en uh, dit maak mens ongelukkig. En … en daar kom nie iets positiefs uit nie en dan hang alles uit … in die lug.* (Onderwyser, skool 4)

> *Alles wegvat. Ons het mos geswot, ons weet hoe om klas te gee.* (Onderwyser, skool 5)

> *Nee, want die wat ons leiding moet gee, weet minder as ons.* (Onderwyser, skool 5)

'n Derde rede waarom onderwysers negatief was oor professioneleontwikkelingsprogramme, was omdat die geleenthede in sommige gevalle, veral wanneer dit deur akademiese instansies aangebied is, gebruik is om **navorsingsinligting in te samel vir personeel van die akademiese instansie**. In sodanige omstandighede het die onderwysers misbruik gevoel en dat die professioneleontwikkelingsprogram vir hulle van geen waarde was nie.

> *… like a cd with flashcards on or something, I also … ons het ook 'n paar kursusse bygewoon waar die ***[6] *ons genooi het en dan gaan doen ons 'n … 'n praatjie oor health en safety maar ons is besig om … om eintlik research te doen vir hulle …* (Onderwyser, skool 2)

[6] Die naam wat die onderwysers hier genoem is, is verwyder om alle deelnemers anoniem te hou.

Onderwysers het verward gevoel ten opsigte van KJL en dat dit ekstra werk beteken waarvoor hulle nie tyd gehad het nie. Onderwysers het gevoel dat, afgesien van die ekstra werk, was daar nie genoegsame goeie Afrikaanse KJL-boeke nie. Die onderwysers stel dit soos volg:

> *Daar's niks vir Afrikaans nie hoor …* [met verwysing na goeie KJL-boeke] (Onderwyser, skool 2)

> *Leesboeke en ons het enrichment boeke maar ons kry nie kans nie … en ook is daar nie Afrikaanse boeke nie …* (Onderwyser, skool 3)

> *Jy moet met 'n spoed werk om deur al die werk te kom; daar is nie tyd vir KJL nie.* (Onderwyser, skool 4)

Die essensie van die ingesteldheid teenoor professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur kan in die onderstaande saamgevat word:

- onderwysers het gevoel dat professioneleontwikkelingsprogramme geen doel gehad het nie, dat dit tydmors was en ongefokus was;
- dit was duidelik dat die deelnemende onderwysers nie lewenslange leerders was nie en die rol wat professioneleontwikkelingsprogramme hierin kon en moes speel, is nie ingesien nie;
- onderwysers was nie almal op dieselfde vlak nie, omdat onderwysers nie almal dieselfde opleiding gekry het nie; en
- onderwysers was negatief oor die gebruik van KJL omdat hulle die persepsie gehad het dat dit nie deel was van die KABV nie. Hulle was met ander woorde nog nie vertroud met die KABV nie.

Onderwysers se ingesteldheid bepaal of hulle die nuwe kennis en vaardighede wat hulle in die professioneleontwikkelingsprogram aanleer in hulle klaskamers sal implementeer. Daarom behoort onderwysers se ingesteldheid pertinent in professioneleontwikkelingsprogramme aan bod te kom. Wanneer onderwysers meer positief is, kan dit tot meer suksesvolle professioneleontwikkelings-programme lei.

7.8 Opleiding – Repelsteeltjie spin goue drade uit strooi

Die opleiding van die onderwysers word vervolgens bespreek na aanleiding van die relevante teorieë, die seleksie en evaluering van KJL en laastens die genres van KJL.

7.8.1 Kennis van relevante teorieë

Daar is tydens die onderhoude aan die vakadviseurs gevra wat hulle dink onderwysers se kennis is aangaande kinder- en jeugliteratuur. Volgens die vakadviseurs moet boeke wat deur onderwysers gekies word, universele temas hê wat elke leerder in die klaskamer sal geniet, byvoorbeeld boeke wat oor sport of musiek handel. Dit moet verder, volgens die vakadviseurs, boeke wees wat die

leerders sal geniet en, as leerders die verhale vermaaklik vind, sal dit vir hulle van selfs meer waarde wees. In die geval van jonger leerders was die vakadviseurs van mening dat onderwysers oor die nodige kennis moet beskik om illustrasies te evalueer omdat die visuele van uiterse belang is by die keuse van boeke vir jong leerders. Volgens die vakadviseurs moet illustrasies nie net in ag geneem word by jong leerders nie, maar ook wanneer dit by ouer leerders kom. Die onderwerpe waaroor die boeke handel, moet in die belangstellingsveld van die leerders val omdat hulle dan meer sal wil lees en so word hulle leesgewoontes bevorder.

Die vakadviseurs het aanbeveel dat die leerders in ag geneem moet word wanneer kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer gebruik word, maar daar was verwarring oor die redes waarom leerders in ag geneem moet word wanneer boeke gekies word. Die vakadviseurs het grootliks op die genot wat die boeke vir die leerders kan meebring gefokus, maar was nie seker van die sielkundige en opvoedkundige waarde wat boeke vir leerders kan hê nie. Dit kan moontlik dui op 'n gebrek aan kennis oor die relevante teorieë en werklike waarde wat kinder- en jeugliteratuur vir leerders kan inhou.

Die onderwysers was onseker oor die relevante teorieë vir KJL (sien Hoofstuk 3) en alhoewel hulle gesê het dat hulle poog om die gepaste boek vir elke leerder te gee, is hierdie voorneme myns insiens werklik in die skole betrokke by die navorsing deurgevoer nie. nie werklik Dit het geblyk dat die betrokke onderwysers nie noodwendig die omstandighede waarin sekere leerders leef verstaan het nie. Een van die onderwysers het onder meer soos volg geantwoord toe ek aan hulle gevra het wat hulle doen in gevalle waar leerders nie toegang tot boeke het nie en ook sukkel om Afrikaans te lees:

> *… well, they have to find books and find someone that can help them with reading Afrikaans, that is not our problem.* (Onderwyser, skool 3)

Dit was duidelik dat die deelnemende onderwysers aangeneem het dat leerders toegang tot boeke het of kan verkry en dat hulle ouers daarvoor sal sorg. Dit was egter nie die geval nie, en die versuim van die onderwysers om hierdie leemte die hoof te bied, kan aanleiding gee tot leerders wat nie wil lees nie.

Die essensie ten opsigte van onderwysers se kennis aangaande relevante teorieë kan soos volg saamgevat word:

- onderwysers verstaan nie noodwendig die nut van KJL ten opsigte van die uitbreiding van leerders se verwysingsraamwerk nie;
- onderwysers verstaan nie noodwendig dat tekste leerders kan help om omstandighede en probleme in die lewe op te los nie;
- onderwysers verstaan nie hoe gepaste boeke vir leerders gekies kan word met inagneming van die leerder se agtergrond, milieu en aspekte van die leerder se lewe nie; en
- onderwysers neem nie die leerders se omstandighede in ag nie.

7.8.2 Kennis oor die seleksie en evaluering van kinder- en jeugliteratuur

Volgens die vakadviseurs is skole erg handboekgebonde. Volgens hulle het onderwysers nie regtig keuses oor KJL, oor wat in handboeke opgeneem is en hoe dit in die klas gebruik kan word nie. Dit was hulle mening dat 'n groot aantal onderwysers nie noodwendig weet waarna hulle moet oplet wanneer hulle boeke kies nie. Vakadviseur 1 was verder van mening dat dit jammer is dat onderwysers so handboekgebonde is, maar het bygevoeg dat sy besef dat dit in baie gevalle nie anders kan nie. Onderwysers en skole kan dit nie bekostig om gedurig nuwe boeke aan te koop nie. Dit was hieruit duidelik dat die skole waarna die vakadviseurs verwys het in die meganiese stadium van skoolontwikkeling was (sien Hoofstuk 2).

Volgens vakadviseur 1 het die onderwysdepartement gratis werkboeke aan skole gegee sodat almal toegang tot boeke kon hê. In dié boeke (sien Bylaag A, Departementele boeke, graad 1) is daar narratiewe verhale opgeneem. In graad 1 Afrikaans Huistaal word onder andere *Die drie beertjies* (SA, 2011d:30) gebruik. Volgens dié vakadviseur is dit 'n probleem omdat onderwysers nie self die verhale kies nie en daarom nie weet wat werklik belangrik is vir die leerders om te leer en te weet nie. Sy het die probleem in die klaskamer soos volg gestel:

> *… they've got nothing to read you know and uhm I, I, I try to explain to them you need to build up a variety of books of different levels so that you build up a graded system so children can come in and take a book that they feel comfortable with and then later they take a more challenging book you know. That's what I'm trying to and also that they can use authentic reading material you know they can use stories from magazines and they can use a cereal box actually or a Simba chips packet you know but they mustn't tell me that there's nothing to read …*

Volgens vakadviseur 2 beveel hulle aan dat die onderwysers boeke uit die nasionale katalogus kies en gebruik. Die vakadviseurs laat die keuse van boeke aan die onderwysers oor en so ook die kriteria waarvolgens hulle kies. Dié vakadviseur was nie betrokke by die keuse van boeke op die nasionale lys nie en het ook nie geleentheid gekry om nuwe boeke met onderwysers te deel nie. Sy was van mening dat die belangrikste elemente wat 'n rol by onderwysers se keuse van boeke speel, die tema en leesbaarheid van die teks moet wees. Vakadviseur 2 was verder van mening dat die woorde in die boeke in sommige gevalle te moeilik is vir die leerders en dat dit leerders negatief kan beïnvloed.

Daar het ook onsekerheid bestaan oor watter aspekte in ag geneem moet word wanneer kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer geïntegreer word. Die vakadviseurs en onderwysers het genoem dat die besluit aan onderwysers oorgelaat word wanneer boeke gekies word en dat onderwysers kinder- en jeugliteratuur kan evalueer volgens hulle eie kriteria of riglyne. Hierdie onsekerheid onder die vakadviseurs lei tot onsekerheid by onderwysers. Hierdie onsekerheid was duidelik uit vakadviseur 1 se antwoord.

> *… the right choices. There are stories of morals that they get given, especially with the HIV teaching them to make choices uhm … peer … handling peer pressure …*

Die onderwysers wat aan die ondersoek deelgeneem het, het getwyfel verder oor wat die narratiewe elemente insluit. Hulle het die fokalisator en die tema met mekaar verwar. Die onderwysers kon ook nie die onderliggende temas in kinder- en jeugliteratuur raaksien nie. Alhoewel die onderwysers verstaan het wat ruimte en karakter is, was dit slegs die elemente wat die meeste in handboeke bespreek word, waarmee hulle gemaklik was. Dit was duidelik dat hulle nie vertroud was met elemente soos fokalisator, verteller, tema en die gebruik van tyd nie. Die deelnemende onderwysers was ook onseker hoe om verhale volgens die narratologiese elemente, illustrasies, leesbaarheid (sien Hoofstuk 4) en die eienskappe van die betrokke genre (sien Hoofstuk 5) te evalueer. Die onsekerheid van onderwysers ten opsigte van hierdie aspekte moet dringend aandag geniet as onderwysers leerders wil hê wat boeke en lees geniet.

Onderwysers by skool 1 het rapporteer dat, wanneer hulle boeke aankoop, kyk hulle eerstens na die buiteblad en daarna na die inhoud en die waarde wat die boek vir leerders kan hê. Een onderwyseres het erken dat sy visueel georiënteer is en daarom altyd ’n boek eerstens op grond van die illustrasies daarin sal evalueer. Onderwysers wat by die navorsing betrokke was, het gemeld dat hulle gemengde gevoelens ervaar wanneer boeke gekies moet word. Party het gevoel dat boeke wat gekies word, met die werklikheid moet tred hou en dat illustrasies nie noodwendig belangrik is nie. Ander onderwysers het weer gevoel dat boeke tot die leerder moet spreek en vir die leerder ’n nuwe verwagtingshorison moet oopmaak. Nog ander onderwysers het gevoel dat die illustrasies nie noodwendig lewenswerklik hoef te wees nie, terwyl sekere onderwysers weer net boeke sou gebruik waarin die illustrasies die werklikheid uitbeeld.

> *Maar dit moet … as ek praat van ’n … van ’n koei moet daar rêrig ’n koei wees, daar moenie daardie groot pienk koei wees nie.* (Onderwyser, skool 2)

Onderwysers het verskil oor die kwessie van illustrasies. Onderwysers het saamgestem dat daar na die illustrasies gekyk moet word, maar het die feit dat die illustrasies mooi moet wees as die enigste punt waarna daar gekyk word, gesien. Die onderwysers was onseker oor die betekenisse wat in illustrasies teenwoordig is. Hulle het egter verskil ten opsigte van wat hulle as mooi beskou het. Party onderwysers het gevoel dat die illustrasies so lewenstrou moontlik moet wees sodat leerders ’n begrip van die werklikheid kan kry en nie in onrealistiese illustrasies vasgevang moet word nie. Ander onderwysers het weer bloot gekyk of die illustrasie mooi is. Daar is nie na kleur gekyk met die oog op die effek wat dit op leerders se emosies het, lyn vir die aanduiding wat dit van verte, beweging of inkorting gee, of enige ander aspekte van illustrasie (sien Hoofstuk 4 vir die volledig bespreking en invloed wat die aspekte speel) nie. Hierdie aspekte is belangrik omdat illustrasies nie ’n blote bykomende aspek tot die storie is nie, maar help om die storie te vertel en betekenis te gee.

Die onderwysers het saamgestem dat KJL wat in die klaskamer gebruik word, opvoedkundige waarde moet hê en dat dit leerders iets moet leer, hetsy deur die taal (grammatika, woordeskat en ander taalaspekte) of deur middel van die tema (grootword, mishandeling, om te deel en verskeie ander) wat in die boek oorgedra word.

Onderwysers het verder genoem dat hulle die boeke in die nasionale katalogus aankoop en dié kies wat die oulikste lyk. Die probleem hiermee is dat die onderwysers die boeke op ondeurdagte wyse kies en nie werklik weet of dit vir hulle leerders geskik sal wees nie. Alhoewel die meeste onderwysers se moedertaal Afrikaans[7] was, was daar onsekerheid onder die onderwysers oor 'goeie' Afrikaanse boeke wat vir die betrokke graad beskikbaar is. Die onderwysers kon verder nie duidelike kriteria/riglyne verskaf waarvolgens hulle boeke kies nie. Een onderwyser het dit soos volg gestel:

> *Uhm … well, I buy from ABC books, because they are really cheap and they have the best books ever …* [lag] *if the book looks nice I will buy it.* (Onderwyser, skool 3).

Dit wou voorkom asof onderwysers nie genoegsame kennis gehad het om goeie seleksies te maak of om boeke te evalueer nie. Onderwysers het getwyfel oor die nut van KJL ten opsigte van leerders se kognitiewe, taal-, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling. Dit het voorts geblyk dat hulle kennis van die narratiewe elemente en die gebruik en uitwerking van illustrasies gebrekkig was. Dit is daarom belangrik dat hierdie leemtes aandag sal geniet.

Uit die navorsing het geblyk dat die essensie van die kennis waaroor deelnemende onderwysers ten opsigte van die evaluering en keuse van boeke moes beskik, soos volg uiteengesit kan word:

- Vakadviseurs en onderwysers was onseker oor die kriteria waarvolgens boeke geëvalueer en gekies moes word. Daar was geen standaard nie.
- Onderwysers het getwyfel oor wat bedoel word met die narratiewe elemente waarvolgens verhale geïnterpreteer kan word, en het gevolglik uiters belangrike aspekte soos die tema (die dieper betekenis van die verhaal) oor die hoof gesien en slegs na die inhoud van die verhaal verwys.
- Onderwysers het getwyfel oor die wyse waarop illustrasies geëvalueer kan word en wat die nut van illustrasies is.
- Alhoewel onderwysers saamgestem het dat KJL opvoedkundige waarde moet hê, het hulle getwyfel oor wat die opvoedkundige waarde van KJL is. Onderwysers het besef KJL bevorder taalontwikkeling, maar het getwyfel oor die waarde van KJL met betrekking tot die kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling.

[7] Alhoewel die meeste onderwysers Afrikaans-moedertaalsprekers was, het hulle verkies om die onderhoud in Engels te voer omdat daar een onderwyser was wat Engels verkies het.

7.8.3 Kennis oor die genres van kinder- en jeugliteratuur

Dit wou voorkom of daar groot onsekerheid en ook moontlik gebrekkige kennis onder onderwysers bestaan het ten opsigte van die genres en subgenres van kinder- en jeugliteratuur en daarmee saam gebrekkige kennis van outeurs en illustreerders. Daar was onsekerheid ten opsigte van die klassifikasie van die genres en so ook die nut wat spesifieke genres vir die ontwikkeling van leerders kan hê. In sommige gevalle het onderwysers nie fantasieverhale of tradisionele literatuur in hulle klaskamer gebruik nie omdat hulle dit as tydmors en as iets 'bonatuurliks' beskou het.

Die onderwysers van skool 1 was van mening dat, alhoewel baie ouers en onderwysers bang is vir die gebruik van fantasieverhale, moet dit ingesluit word vir die besondere waarde wat dit vir die ontwikkeling van leerders se verbeelding inhou. Die onderwysers was ook van mening dat leerders dié soort verhale veral baie geniet omdat hulle in hulle verbeelding nuwe aspekte van hulleself en hulle omstandighede kan ontdek. In hierdie geval was die kennis van die onderwysers van so aard dat hulle die nut van fantasieverhale en tradisionele literatuur kon insien. Vir die onderwysers van skool 2 het die leerder se kultuur 'n groot rol gespeel by die keuse van boeke vir gebruik in die klaskamer. In dié skool het onderwysers bevind dat Moslemouers totaal teen stories waarin daar heksies en feetjies voorkom, gekant is en daarom moes hulle daarop bedag wees wanneer hulle boeke kies. Die onderwysers het gerapporteer dit soms gebeur dat ouers selfs oor sprokies kla omdat dié ouers, volgens die onderwysers, "die slegte in alles soek". Dit was vir die onderwysers soms 'n opvoedingstaak wat nie net deur onderwysers gedoen moet word nie, maar ook deur ouers omdat laasgenoemde in baie gevalle stories van leerders weghou. Vir die onderwysers was dit belangrik om sensitief te wees teenoor die leerder en die leerder se omstandighede, maar hulle het nogtans gevoel daar moet 'n balans in dié verband wees. Alle genot van boeke, fantasieverhale en die ontwikkeling van hulle verbeelding moet nie van leerders weerhou word nie. Vir die meeste onderwysers van die skool was fantasieverhale en sprokies belangrik omdat leerders dit geniet en dit hulle verbeelding stimuleer. Daar was egter een onderwyser wat baie sterk daarteen gekant was en genoem het dat sy dit geensins in haar klas toelaat nie. Vir dié onderwyser was dit óf die werklikheid óf niks. Hieruit blyk dit dat onderwysers nie heeltemal oningelig is nie, maar hulle kennis is beperk.

> *Ek hou glad nie daarvan nie en dink dis tydmors, die lewe is te kort … Focus on what's real!* (Onderwyser, skool 2)

Sommige onderwysers het gevoel dat fantasieverhale en tradisionele literatuur teen hulle Christelike uitgangspunte indruis. Die onderwysers se uiteenlopende opinies het daarop gedui dat onderwysers nie die nut en ontwikkelingswaarde wat veral fantasieverhale en tradisionele literatuur inhou, insien nie, of dat die gebruik beperk word deur ouers wat nie noodwendig die nut en ontwikkelingswaarde van hierdie soort verhale insien nie.

Volgens die vakadviseur kan fantasieverhale en sprokies[8] met geruste hart in klasse gebruik word. Leerders weet volgens die vakadviseur wat die werklikheid is en wat fantasie is.

Die data toon dat die deelnemende onderwysers verder moontlik nie op hoogte gebly het van wat elke jaar geskryf word en op die mark beskikbaar is nie. Die onderwysers kon in die meeste gevalle nie baie boeke uit die lys van boeke, outeurs en illustreerders kies nie (sien Figuur 7.5).




Figuur 7.5: Gemiddeld vir titelherkenningstoets

In Figuur 7.5 word die gemiddelde uitslag van die titelherkenningstoets van al die onderwysers in persentasies aangedui. Die resultate toon dat die meeste van die KJL-titels, outeurs en illustreerders nie deur onderwysers herken is nie. Sleg 4% van die boektitels, outeurs en illustreerders kon korrek geïdentifiseer word. Dit is belangrik dat onderwysers meer moet weet van die boeke wat beskikbaar is wanneer hulle boeke moet kies, anders kan hierdie onderwysers nie ingeligte besluite neem ten opsigte van watter kinder- en jeugboeke die beste vir die leerders in hulle klasse sal wees nie. Hierdie leemte in die onderwysers se kennis is verder ondersteun deur die feit dat onderwysers dit moeilik gevind het om outeurs wat relatief bekend moes wees, uit te ken (sien Figure 7.6, 7.7 en 7.8).


In Figuur 7.6 word aangedui hoeveel onderwysers onder meer een van die bekendste Afrikaanse kinderboekouteurs Alba Bouwer uitgeken het. Daar was slegs 13 onderwysers uit die moontlike 34 wat haar herken het. Dit is ’n persentasie van slegs 38%.

[8] Daar word in dié studie spesifieke melding gemaak van fantasieverhale en sprokies in die klaskamer omdat dit uit die data wat ingesamel is, as ’n kontroversiële aspek van kinder- en jeugliteratuur na vore gekom het (sien Bylaag C).




Figuur 7.6: Titelherkenningstoets – Outeur Alba Bouwer

'n Baie bekende outeur wat deur die meeste onderwysers herken is, Verna Vels, is onder meer deur 25 onderwysers uit die moontlike 34 herken, met ander woorde 74% (sien Figuur 7.7). Dit wil voorkom asof die *Liewe Heksie*-reeks, wat oor Vels se bekendste karakter handel, steeds gelees word. Die onderwysers wat haar nie herken het nie, was oorwegend die jonger onderwysers. Twee moontlike redes kan hiervoor aangevoer word: ouer onderwysers is bekend met die outeurs en boeke waarmee hulle grootgeword het, maar hulle is nie noodwendig op hoogte van resente boeke en hedendaagse outeurs nie. Jonger onderwysers, daarenteen, is bekend met die hedendaagse outeurs, moontlik as gevolg van die bemarking van sommige boeke, of omdat hulle opleiding slegs op meer resente boeke gefokus het en nie die ouer boeke en skrywers geïnkorporeer het nie.



Figuur 7.7: Titelherkenningstoets – Outeur Verna Vels


Wanneer daar gekyk word na die hedendaagse outeurs is dit duidelik dat bemarking van boeke 'n beduidende rol kan speel soos in die geval van Martie Preller en haar bekende boek *Babalela*. Die boek is deur 19 onderwysers uit die moontlike 34 (56%) herken en Martie Preller as outeur is deur 13 uit die moontlike 34 onderwysers (38%) herken, wat daarop kan dui dat die deelnemende onderwysers waarskynlik eerder aandag gee aan titels as aan outeurs. Alhoewel die persentasie redelik laag was, was dit die boeke en outeurs wat naas Verna Vels die meeste deur die onderwysers herken is. Jaco Jacobs, wat moontlik een van die produktiefste en gesogste hedendaagse skrywers van kinder- en jeugliteratuur is, is deur slegs 7 van die moontlike 34 onderwysers herken (21%) (sien Figuur 7.8).



Figuur 7.8: Titelherkenningstoets – Outeur Jaco Jacobs

Onderwysers se herkenning van boeke was ook nie wat 'n mens van onderwysers verantwoordelik vir die onderrig van Afrikaans Huistaal en Afrikaans Eerste Addisionele Taal verwag nie. So byvoorbeeld is *Formule drie, twee een!* is deur slegs 6 onderwysers herken (18%), *Mia se ma* deur 7 onderwysers (21%) en *Zackie Mostert* deur 4 onderwysers (12%). Die voorbeelde waarna hier verwys word, is onder meer die boeke, outeurs en illustreerders wat die meeste herken is.

Wanneer daar na die illustreerders gekyk word, is die enigste illustreerder wat noemenswaardig herken is, Piet Grobler. Grobler is deur 10 uit die moontlike 34 onderwysers herken (29%) (sien Figuur 7.9).



Figuur 7.9: Titelherkenningstoets – Illustreerder Piet Grobler

Maja Sereda, wat tans moontlik een van die bekendste Suid-Afrikaanse illustreerders is, is deur geen onderwyser herken nie. Sy het onder meer *Liewe land 'n olifant*, *Hoekom praat grootmense so snaaks?* en 'n gedeelte in die *Nuwe kinderverseboek* geïllustreer. Hierdie data kan moontlik daarop dui dat illustreerders van kinderboeke waarskynlik tydens die opleiding van onderwysers geen aandag kry nie. Dit kan ook wees dat onderwysers illustreerders nie as belangrik ag nie en daarom nie moeite doen om die illustreerders se name te leer ken nie.

Die essensie ten opsigte van die deelnemende onderwysers se kennis van genres in kinder- en jeugliteratuur kan soos volg opgesom word:

- Dit het geblyk dat onderwysers slegs bekend was met die KJL waarmee hulle grootgeword het en dat hulle nie op hoogte was van nuwe boeke of van hedendaagse outeurs of illustreerders nie.
- Onderwysers was nie seker oor die verskil tussen die verskillende genres nie en daarom ook nie bewus van die nut wat elkeen van die genres vir leerders inhou nie.
- Onderwysers het nie noodwendig belang in illustrasies of illustreerders belanggestel nie.
- Die betrokke onderwysers se opleiding het moontlik leemtes ten opsigte van outeurs, boeke, illustrasies en genres in KJL gelaat.
- Die deelnemende onderwysers het nie oor genoegsame kennis van Afrikaanse KJL beskik nie en het daarom gedink daar is nie goeie en bruikbare boeke in Afrikaans nie – wat weer op gebrekkige opleiding gedui het.
- Dit was duidelik dat die onderwysers wat aan die studie deelgeneem het, nie noodwendig krities gedink het oor hoe KJL in die klaskamer gebruik kan word nie.

7.9 Vaardighede – Gee vir die prinses goud en leer haar

Daar is gedurende die onderhoude aan al die onderwysers van die onderskeie skole gevra hoe hulle KJL by hulle onderrig van Afrikaans integreer. Dit het uit die antwoorde van die onderwysers geblyk dat hulle slegs die voorgeskrewe literatuur gebruik en dat hulle nie enige ander KJL in die klas gebruik nie. Die onderwysers by skool 1 kon bewys lewer dat hulle gebruik maak van KJL in die klaskamer. Dié onderwysers het onder meer gerapporteer dat hulle die onderstaande met die leerders doen:

> *Ek is ook 'n storiemens so ek het hierdie jaar 'n hele drie weke se werk gebou rondom Hansie en Grietjie.* (Onderwyser, skool 1)

> *… hulle het in hulle koerant geskryf oor Hansie en Grietjie en hulle het 'n opstel geskryf, 'n skryfstuk geskryf oor Hansie en Grietjie, maar hulle moes hulle eie Hansie en Grietjie maak.* (Onderwyser, skool 1)

> *… so ons het uh … 'n groot ding daarvan gemaak en hulle was mal, as hulle in die klas kom dan sê hulle: "Vertel net gou daardie storie."* (Onderwyser, skool 1)

> *Maar ons het intussen ons ander leesboeke. My beleid in die klas is, as ek die periode begin, elke periode begin met uh … 'n gedeelte Afrikaans. Ons lees elke dag 'n bladsy of twee. Ek het nou my boeke gebêre, maar ons hou boek … vandag … en hulle het huiswerk. Elke dag het hulle 'n leesles, my graad 7-groep en die hele Af … Afrikaanse departement doen dit so, so ons lees elke dag 'n les …* (Onderwyser, skool 1)

> *En uh … ek het* Jan en die Boontjierank *gedoen en ek het uh … die Gemmerbroodman maar met 'n ander doel dis net die prikkels.* (Onderwyser, skool 1)

By skole 2 tot 5 het die onderwysers soos volg geantwoord:

> *… bietjie meer intense as wat dit was.* (Onderwyser, skool 2)

> *… they are trying. There are some don't want to … uhm …* (Onderwyser, skool 2)

> *… you have to test the comprehension every time after you've read the story but it's useless for me to do is unless I have translated it into English as well, want hulle verstaan nie wat ek lees nie, so alles wat ek in Afrikaans lees vertaal ek direk in Engels ook maar.* (Onderwyser, skool 2)

> *… say for example it was a story book and there was capacity in it you could use it to introduce the type of book.* (Onderwyser, skool 2)

Well, you can use the stories, but the time you want to teach them something then it is sometimes difficult … Yes … Then you can't you stories … Jaaa … (Onderwyser, skool 3).

Depends on your theme or topic that you're doing that week or two weeks … (Onderwyser, skool 3)

Die Drie Varkies, Drie Beertjies [onhoorbaar] *Rompelsteeltjie al daardie soort goed.* (Onderwyser, skool 4)

Vandat die skool begin totdat die skool eindig is ek besig met die stories. (Onderwyser, skool 4)

Oor die algemeen ja, maar ons vind dat hulle meer lees op die internet oor goed wat hulle interesseer. (Onderwyser, skool 5)

Ja, maar slegs die wat ons moet lees, gewoonlik lees elke kind 'n stukkie en dan bespreek ons vrae daaroor. (Onderwyser, skool 5)

As voorgeskrewe materiaal. Ons gebruik dit om te lees – groeplees of in pare en dan bespreek ons dit en beantwoord vooropgestelde vrae. (Onderwyser, skool 5)

Alhoewel die onderwysers van skole 2 tot 5 aangevoer het dat hulle KJL op 'n daaglikse basis gebruik, kon hulle nie daarvan bewys lewer deur dokumente of lesplanne te voorsien nie. Dit wou uit die onderwysers van skole 2 tot 5 se opmerkings voorkom dat daar nie duidelikheid onder die onderwysers was oor hoe KJL deel kan wees van die onderrig van Afrikaans nie. Vaardighede ten opsigte van die integrasie van kinder- en jeugliteratuur was duidelik 'n probleem. Dit wou voorkom asof die onderwysers onseker was oor hoe KJL gebruik kan word. Die onderwysers se antwoorde soos reeds gerapporteer het daarop gedui dat hulle nie werklik in KJL belanggestel het nie.

Slegs een onderwyser uit die 34 wat deelgeneem het, het genoem dat KJL gebruik kan word om sekere soorte tekste aan leerders bekend te stel, wat beteken dat slegs een onderwyser die teksgebaseerde benadering gebruik het. Die deelnemende onderwysers het gerapporteer dat hulle KJL gebruik as hulpmiddel om begripstoetse waar leerders slegs antwoorde op vrae moet gee, te doen. Onderwysers het verder slegs die tekste wat hulle moes lees, gebruik alhoewel hul self gesê het dat hierdie tekste hulle en die leerders verveel het. Hulle het desnieteenstaande nie hulle eie tekste gebruik nie, waarskynlik omdat hulle nie genoegsame kennis oor tekste gehad het nie.

Na aanleiding van die bostaande kan die essensie van die deelnemende onderwysers se vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL in die klaskamer soos volg saamgevat kan word:

- Die onderwysers lees die KABV baie beperkend, omdat hulle nie KJL as 'n nodige aspek van hulle onderrig beskou nie.

- Onderwysers twyfel oor wat die teksgebaseerde benadering is en hoe KJL juis deur middel van die benadering belangrik is.
- Deelnemende onderwysers het KJL slegs as middel gesien om stories te lees, maar het lees nie beskou as 'n vaardigheid wat die leerder ook moet aanleer nie. Daar word nie aan leerders die geleentheid gegee om hulle eie KJL te skryf nie.
- Die deelnemende onderwysers gee nie aandag aan die illustrasies en wyses waarop dit in die klaskamer gebruik kan word nie.
- Die onderwysers wat aan die navorsing deelgeneem het, het nie genoegsame kennis oor hoe KJL in die klas geïntegreer kan word, getoon nie.

7.10 Die essensie van die fenomeen – Die padda kan 'n prins word

Die data soos in hierdie hoofstuk bespreek, beantwoord navorsingsvrae 1 tot 7 en het my gelei tot die ontdekking van die essensie van die fenomeen, naamlik professioneleontwikkelings-programme en die integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die Afrikaanse klaskamer. Die essensie kan saamgevat word in die onderstaande belangrike temas:

- wie – wie is die paddaprins?
- wat – wat moet die paddaprins doen? en
- hoe – hoe word die padda 'n prins?

7.10.1 Samewerking, isolasie en konflik (wie?) – Wie is die paddaprins?

Die deelnemende vakadviseurs was onseker of die professioneleontwikkelingsprogramme wat hulle aangebied het 'n positiewe invloed op die onderwysers wat die programme bygewoon het, gehad het. Die vakadviseurs was verder geneig om die onderwysers gelukkig te hou, en die programme wat hulle ontwikkel het, het soms nie baie bruikbare inligting bevat nie, juis omdat dit vir die vakadviseurs eerder oor die ingesteldheid van die onderwysers gegaan het as daaroor dat die onderwysers noodwendig iets moes leer.

Die onderwysers weer het gevoel dat hulle spesifieke situasie en omstandighede nie genoegsaam in ag geneem is nie, dat professioneleontwikkelingsprogramme ongefokus was, tyd gemors het en geen doel gehad het nie. Dit was hieruit duidelik dat daar nie goeie samewerking tussen onderwysers en vakadviseurs was nie. Beide die partye het geïsoleer gevoel, asof hulle omstandighede nie in ag geneem is nie, wat tot konflik gelei het.

Die vakadviseurs het gedurende die navorsing 'n belangrike opinie gelug. Hulle het gevoel dat dit nie hulle werk was om professioneleontwikkelingsprogramme aan te bied nie. Daar was onduidelikheid oor wie se plig dit nou eintlik was om professioneleontwikkelings-programme aan te bied. Dit is dus van belang dat daar bepaal sal word watter model gebruik gaan word, sodat daar bepaal kan word wie die verantwoordelikheid moet neem, en vakadviseurs moet 'n verhouding met tersiêre instansies opbou sodat hierdie instansies ook by professioneleontwikkelingsprogramme betrek kan word.

Volgens die data wat ingesamel is, was dit nie net die persoon wat die program aangebied het wat problematies was nie, maar ook die persone wat die professioneleontwikkelings-program moes bywoon. Sekere onderwysers het bepaalde vaardighede en inhoudskennis gehad terwyl ander onderwysers nie dieselfde vaardighede en inhoudskennis gehad het nie. Dit het daartoe gelei dat professioneleontwikkelingsprogramme party onderwysers verveel het. Die deelnemers aan professioneleontwikkelingsprogramme moet dus met sorg gegroepeer word om sodoende goeie verhoudings tussen die verskillende onderwysers, vakadviseurs en die aanbieders (indien dit nie vakadviseurs is nie) te vorm. Dit het geblyk dat die deelnemende onderwysers nie werklik lewenslange leerders was nie, en om dié rede moet hulle juis by professioneleontwikkelingsprogramme betrek word wat vir hulle van waarde sal wees.

7.10.2 ’n Leemte in opleiding en kennis (wat?) – Wat moet die paddaprins doen?

Die tweede tema en die een wat die meeste na vore gekom het, was die leemtes in kennis en opleiding van beide die vakadviseurs en die onderwysers wat betref professionele-ontwikkelingsprogramme en KJL. Onderwysers en vakadviseurs het myns insiens ’n diverse spektrum van kennis wat die ontwikkeling van ’n professioneleontwikkelingsprogram en die groepering van deelnemers aan so ’n program bemoeilik.

Die leemtes in die opleiding van vakadviseurs en onderwysers is nie net problematies wanneer professioneleontwikkelingsprogramme saamgestel word nie, maar ook wanneer dit gaan om die implementering van die KABV. Die vakadviseurs en onderwysers lees die KABV op beperkte wyse en beskou KJL nie as deel van die KABV nie, al word dit duidelik in die KABV gestipuleer. Onderwysers is onseker oor wat die teksgebaseerde benadering behels en maak KJL gevolglik nie deel van hulle daaglikse onderrig nie. Onderwysers dink nie krities oor hoe hulle KJL in die klaskamer kan gebruik nie, en gebruik dit dus eerder nie.

Die leemtes in vakadviseurs en onderwysers se opleiding lei verder daartoe dat onderwysers oor gebrekkige kennis ten opsigte van die onderstaande beskik:

- Vakadviseurs en onderwysers verstaan nie noodwendig die nut van KJL wat betref die verbreding van leerders se verwysingsraamwerk nie.
- Hulle verstaan nie hoe gepaste boeke vir leerders gekies kan word met inagneming van leerders se agtergrond, milieu en aspekte vanuit die leerders se lewe nie, dus verstaan onderwysers ook nie dat KJL leerders kan help om omstandighede in hulle lewe te verwerk nie.
- Vakadviseurs en onderwysers is onseker oor die kriteria waarvolgens boeke geëvalueer en gekies word, want daar is geen standaard nie.
- Hulle twyfel oor wat bedoel word met die narratiewe elemente waarvolgens verhale geïnterpreteer kan word, en mis uiters belangrike aspekte soos die tema (die dieper betekenis van die verhaal) en fokus slegs op die inhoud van die verhaal.

- Hulle twyfel oor die wyse waarop illustrasies geëvalueer kan word en wat die nut van illustrasies is.
- Dit blyk dat hulle slegs bekend is met die KJL waarmee hulle grootgeword het en nie op hoogte is van nuwe boeke, outeurs of illustreerders nie.
- Hulle is nie seker oor die verskille tussen genres nie en so ook nie watter nut elkeen van die genres vir leerders het nie.
- Die verskil in terminologie in KJL en die terme wat in die KABV gebruik word.

Dit het uit die gesprekke met die onderwysers duidelik geblyk dat daar verwarring by die deelnemende onderwysers sowel as vakadviseurs bestaan ten opsigte van die literêre komponente. Daar behoort dus met sorg gekyk word na watter literêre komponente by 'n professioneleontwikkelingsprogram ingesluit moet word. Die onderstaande literêre komponente behoort myns insiens by 'n professioneleontwikkelingsprogram ingesluit te word:

1. Gepaste teoretiese agtergrond, soos die resepsie-estetika-teorie, die kognitiewe paradigma en die dinamiese sisteemteorie sodat onderwysers die leerders in ag kan neem wanneer hulle boekkeuses maak en sodat die leerders se reaksie op KJL en illustrasies in ag geneem kan word (sien Hoofstuk 3 vir 'n bespreking van hierdie teorieë). Die teorieë is van belang omdat dit onderwysers en dus leerders tot interpretasie die verbreding van die leerders se wêreld lei omdat hulle verwagtinghorisonne verskuif word en omdat KJL die leerder en onderwyser tot kritiese denke dwing.
2. Die seleksie en evaluering van boeke met inagneming van narratiewe elemente en illustrasies (sien Hoofstuk 4) sodat onderwysers die nut en waarde van KJL kan insien. Onderwysers sal verder met hierdie kennis die vermoë hê om leerders se taal-, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling te bevorder.
3. Die genres en subgenres van kinder- en jeugliteratuur (sien Hoofstuk 5) sodat onderwysers die eienskappe van die verskillende genres en subgenres kan leer ken. Indien onderwysers hierdie kennis het, sal hulle die nut van verskillende genres begryp en dus verskillende genres gebruik. Hierdie kennis sal dit ook vir onderwysers moontlik maak om die kenmerke van die genres aan die leerders oor te dra soos vereis deur die KABV en leerders sal soortgelyke tekste kan skryf (SA, 2011c:71).

7.10.3 Akademiese uitdaging (hoe?) – Hoe word die padda 'n prins?

Dit is uit die bespreking duidelik dat die KABV deur die vakadviseurs en onderwysers foutief geïnterpreteer word. Die onderwysers weet nie hoe om die teksgebaseerde benadering toe te pas nie, en gebruik KJL daarom nie as deel van taalonderrig nie, maar eerder as 'n bykomende aspek wat hier en daar gebruik kan word vir 'n begripstoets. Dit is nie die oogmerk van KJL in die KABV nie en tot gevolg dat leerders nie verskillende tekste noodwendig leer ken nie en daarom nie altyd die verskillende soorte tekste kan skryf nie.

Onderwysers gebruik KJL slegs as ’n middel om stories vir leerders te lees vir die genot daarvan. Onderwysers sien egter KJL nie as onderrigmiddel nie en het daarom nie die vaardighede om KJL te onderrig nie. Onderwysers gebruik ook nie illustrasies om leerders te onderrig nie. Selfs deur net leerders toe te laat om ’n karakter te teken, kan leerders tot ’n dieper interpretasie gelei word, maar onderwysers skuif illustrasies op die agtergrond en sien dit as ’n bykomende saak terwyl dit eintlik ’n integrale deel van KJL is. Onderwysers en vakadviseurs sien die integrasie van KJL as bykomende werk waarvoor daar nie tyd is nie, maar omdat daar van die teksgebaseerde benadering gebruik gemaak word, is dit juis nie ekstra werk nie maar deel van die kurrikulim omdat alle lesse in die KABV vanuit tekste gedoen moet word.

7.11 Samevatting

Biografiese inligting van die vakadviseurs, onderwysers en skole is bespreek om ’n ryk beskrywing van die deelnemers te verskaf. Na aanleiding van hierdie beskrywings is die data en die tematiese analise in hierdie hoofstuk met behulp van Atlas.ti 7 ontsluit en die eerste sewe navorsingsvrae is beantwoord. Daar is in die hoofstuk gekyk na die literêre komponente wat relevant is vir KJL en wat by professioneleontwikkelingsprogramme ingesluit behoort te word. Daar is onder meer gefokus op die komponente wat in die KABV ingesluit is en wat die vakadviseurs en onderwysers dink belangrik is. Ek het ten opsigte van literêre komponente tot die gevolgtrekking gekom dat die relevante teorieë vir KJL belangrik is, die evaluering en keuse van riglyne vir KJL en laastens die verskillende genres in KJL en hoe die onderskeie genres van waarde kan wees tydens die onderrig van Afrikaans.

Afgesien van die literêre komponente wat by so ’n ontwikkelingsprogram ingesluit behoort te word, is daar gekyk na die persone wat professioneleontwikkelingsprogramme aanbied en hulle ingesteldheid ten opsigte van ’n program wat op KJL fokus. Die tydsduur en formaat is ondersoek om te bepaal of die programme wat tans aangebied word, suksesvol is. Daar is, onder meer, bevind dat ’n professioneleontwikkelingsprogram met groot sorg beplan moet word sodat vakadviseurs en onderwysers dit positief sal ervaar en ook dat die programme nie te lank moet wees en in die formaat van gewone werksessies nie. Daar moet aan onderwysers die geleentheid gegee word om die vaardighede wat hulle tydens dié programme aanleer in te oefen om die positiewe effek daarvan te sien.

Daar is verder spesifiek na die onderwysers gekyk: na onderwysers se ingesteldheid teenoor professioneleontwikkelingsprogramme, onderwysers se kennis van KJL en die vaardighede wat onderwysers het ten opsigte van die integrering van KJL in die klaskamer. Onderwysers is negatief oor professioneleontwikkelingsprogramme en om hulle ingesteldheid te verander, moet daar gekyk word na die inhoud en die formaat van die programme. Die professioneleontwikkelingsprogramme moet inoefening en positiewe kritiek bevat sodat die onderwysers voel dat hulle iets leer. Onderwysers se kennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL as ’n probleemarea het uit die data duidelik geblyk. Hieraan moet aandag gegee word en juis daarom is ’n voordurende opleidingsprogram belangrik.

'n Fenomenologiese ontwerp het my toegelaat om die essensie van die fenomeen (professioneleontwikkelingsprogramme en die integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer) te ondersoek. Die fenomenologiese ontwerp het my toegelaat om openlik met die vakadviseurs en onderwysers oor hulle interpretasie van die KABV, hulle ingesteldheid ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en KJL, onderwysers se inhoudskennis ten opsigte van KJL en laastens onderwysers se vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL in die klaskamer te praat. Ek kon dit wat die onderwysers sê, ondersoek vir wat dit werklik beteken, maar ook vir wat dit nie sê en sodoende die essensie ontdek, wat my toegelaat het om 'n gepaste professioneleontwikkelingsprogram vir die integrasie van kinder- en jeugliteratuur op te stel.

Tydens die indiepte- fokusgroeponderhoude wat met 3 vakadviseurs en 34 onderwysers by hulle onderskei kantore en skole gevoer is, is duidelik aangedui dat daar onsekerheid by vakadviseurs en onderwysers is, naamlik –

- dat daar 'n leemte in onderwysers se opleiding is;
- dat die KABV 'n akademiese uitdaging vir vakadviseurs en onderwysers is; en
- dat vakadviseurs en onderwysers in isolasie werk en daar nie noodwendig samewerking tussen die partye is nie en ook nie ooreenstemming tussen vakadviseurs ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme nie.

Die eerste sewe navorsingsvrae is in hierdie hoofstuk beantwoord. In hoofstuk 8 word op vraag 8 gefokus, naamlik –

- hoe behoort 'n professioneleontwikkelingsprogram wat op KJL fokus daar uit te sien;
    - wie behoort dit aan te bied, en wie moet dit bywoon;
    - wat behoort ingesluit te word ten opsigte van inhoud en vaardighede; en
    - hoe behoort die program aangebied te word, byvoorbeeld die model wat gevolg word?

Hierdie vraag word in hoofstuk 8 beantwoord wanneer 'n professioneleontwikkelingsprogram saamgestel en ontwikkel word.

HOOFSTUK 8: DIE ONTWIKKELING VAN ’N PROFESSIONELEONTWIKKELINGS-PROGRAM VIR DIE INTEGRASIE VAN KINDER- EN JEUGLITERATUUR BY AFRIKAANSONDERRIG

8.1 Inleiding

Volgens Oskamp (1996:57,59,64,72,146) is daar reeds in 1996 aangetoon dat daar in Duitse skole ’n probleem bestaan ten opsigte van onderwysers se kennis en vaardighede wanneer hulle kinder- en jeugliteratuur deel moet maak van die skoolkurrikulum. Daar is onder meer deur Bimberg (2000:22) bevind dat onderwysers, in Duitsland, nie genoegsame kennis in dié verband het nie en dat ’n professioneleontwikkelingsprogram ontwikkel moet word om hierdie leemte te vul. In hoofstuk 7 is verslag gedoen oor die empiriese ondersoek wat vir hierdie studie onderneem is waartydens soortgelyke resultate bevind is.

Die doel van hierdie hoofstuk is om ’n uiteensetting te gee van die professioneleontwikkelingsprogram wat ontwikkel is waar kinder- en jeugliteratuur tydens die onderrig van Afrikaans uitgesluit is. Voorbeelde word verskaf om aan te dui hoe ’n professioneleontwikkelingsprogram wat vir indiensonderwysers aangebied word met die oog op die insluiting van kinder- en jeugliteratuur, soos voorgestel in die KABV, moet lyk en hoe die hulpmiddels, wat vir die doel van die professioneleontwikkelingsprogram saamgestel is, gebruik kan word. Die professioneleontwikkelingsprogram vir die integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die Afrikaanse klaskamer wat in hierdie studie voorgestel word, strek vanaf graad 1 tot graad 6.

Die professioneleontwikkelingsprogram soos in die hoofstuk bespreek, verskaf ’n koherent-geïntegreerde eenheid vir die verskillende aktiwiteite en middels waaronder onderrig-ondersteuningsmateriaal, leerstrategieë, tegnieke en aktiwiteite wat gevolg moet word om kinder- en jeugliteratuur in die Afrikaans-klaskamer te integreer. Die kernstrukture soos vir wie die professioneleontwikkelingsprogram aangebied gaan word en wie die professioneleontwikkelingsprogram sal aanbied, wat deel van die professioneleontwikkelingsprogram moet uitmaak en in watter vorm die spesifieke program aangebied gaan word, word in hierdie hoofstuk uiteengesit.

8.2 Konseptuele raamwerk vir die ontwikkeling van ’n professioneleontwikkelingsprogram


Die doel met die voorgestelde professioneleontwikkelingsprogram is om aan onderwysers wat Afrikaans onderrig, ondersteuning te bied deur hulle vertroue in hulle eie vermoëns en kennis aangaande kinder- en jeugliteratuur te ontwikkel, en om kinder- en jeugliteratuur ’n integrale deel van die onderrig wat hulle aan leerders bied, te maak. Daar word gepoog om met die professioneleontwikkelingsprogram ’n verandering teweeg te bring in onderwysers se ingesteldhede, kennis en vaardighede ten opsigte van die integrering van kinder- en jeugliteratuur in die Afrikaans-klaskamer. Die aspekte (beleid, organisasiestrukture, toegang en reikwydte, evaluering, hulpbronne, wie betrokke is, wat onderrig word en hoe dit onderrig word) wat ’n rol speel by die ontwikkeling van ’n professioneleontwikkelingsprogram word skematies in Figuur 8.1 voorgestel.

In die skets beweeg die beplanning vanaf die buitenste sirkel na die binneste sirkel om die beplanning van ’n professioneleontwikkelingprogram te vergemaklik. Die buitenste sirkel verwys na eksterne faktore wat in ag

geneem moet word wanneer 'n professioneleontwikkelingsprogram ontwikkel word. Daar moet onder meer gekyk word na die **Organisasiestrukture**, **Toegang en Reikwydte**, **Evaluering**, **Hulpmiddels** en **Beleid** (sien onderafdelings 8.3 tot 8.7 van hierdie hoofstuk).

Wanneer die invloed van die eksterne faktore bepaal is, word daar beweeg na die belangrikste aspekte van 'n professioneleontwikkelingsprogram:

- Wie gaan die program aanbied en wie dit sal bywoon?
- Wat ingesluit sal word die program?
- Hoe sal die program aangebied word? (sien onderafdelings 8.8 tot 8.10 van hierdie hoofstuk).



Figuur 8.1: Konseptuele raamwerk vir die ontwikkeling van 'n professioneleontwikkelings-program

In hierdie afdeling word 'n oorsig gegee oor die verskillende aspekte, soos uiteengesit in die konseptuele raamwerk. Alle aspekte wat bespreek word, maak deel uit van die professioneleontwikkelingsprogram wat vir hierdie studie ontwikkel is.

8.3 Die KABV as riglyn

In 1994 het verskeie veranderinge in Suid-Afrika plaasgevind waarvan die ontwikkeling van die Nasionale Kurrikulumverklaring een is. Die eerste uitkomsgebaseerde kurrikulum wat in 1998 ingestel is, het bekend gestaan as Kurrikulum 2005. In die jaar 2000 is Kurrikulum 2005 hersien, waarna dit as die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HNKV) bekend gestaan het en is later hernoem tot die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV). In 2009 is ’n taakspan saamgestel om die probleme wat uit die NKV voorgespruit het te ondersoek en oplossings daarvoor te kry. Die aanbevelings wat tydens die ondersoek gemaak is, het gelei tot ’n nuwe kurrikulum wat as die Nasionale Kurrikulum- en Assessering en beleidsverklaring (KABV) vir graad R–12 (SA, 2010a:12) bekend staan en in 2012 in gebruik geneem is. In die KABV stel die Departement van Basiese Onderwys (DBO) dit in die vooruitsig dat leerders probleme moet kan identifiseer en oplos deur kritieke besluite te neem en kreatief te dink. Verder moet leerders in groepe kan saamwerk, verantwoordelik wees en kritiese inligting doeltreffend kan versamel, ontleed en organiseer. Leerders moet bewys lewer van die vermoë om doeltreffend te kan kommunikeer deur middel van visuele, simboliese en taalvaardighede in verskillende vorme (SA, 2011c:5). Indien daar van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) verwag word dat leerders hierdie doelwitte moet bereik, is dit nodig dat onderwysers in die onderskeie vakke, veral Afrikaans as taal, die nodige kennis en vaardighede sal hê om leerders in die vak Afrikaans te onderrig.

Volgens die DBO (SA, 2011c:12) moet daar, wanneer taal onderrig word, gebruik gemaak word van die **teksgebaseerde** en **kommunikatiewe benaderings**. Die teksgebaseerde benadering stel leerders in staat om vaardige en kritiese lesers, skrywers, ontwerpers en kykers van tekste te word. Dit sluit die luister en kyk na, en lees en ontleding van tekste in om te verstaan hoe dit saamgestel is en watter uitwerking dit op verskillende lesers kan hê. Die DBO voer verder aan dat leerders deur kritiese interaksie met mekaar die vermoë ontwikkel om tekste te evalueer en te verstaan. Die teksgebaseerde benadering sluit die lees en produsering van verskillende tekste vir spesifieke doelstellings en teikengroepe in (sien Hoofstuk 6). Die **kommunikatiewe benadering** vereis dat taalverwering tot stand kom deur betekenisvolle interaksie en kommunikasie, kennis van grammatika, die vlak van sinstrukture en diskoers en dat beide taalstrukture en taalfunksies belangrik is vir die ontwikkeling van ’n taal (Du Toit, 2012:76). Die kommunikatiewe benadering behels die ontwikkeling van die leerder se vermoë om deur middel van die taal te kommunikeer. Leerders moet daarom verskeie geleenthede gebied word om taal te gebruik en te oefen vir sosiale en praktiese doeleindes. Volgens die DBO (SA, 2011c:13) moet taal in die klaskamer waar leerders baie blootstelling aan lees en skryf kry, aangeleer word. Die teksgebaseerde benadering is veral van belang vir die doel van hierdie studie aangesien dit beklemtoon hoe tekste gebruik kan word by die onderrig van taal.

In die KABV word daar met behulp van ’n tweeweeksiklus indelings gemaak hoe en wanneer tekste gebruik kan word. ’n Voorstel van die wyse waarop lesse in onderskeie grade volgens die teksgebaseerde benadering gebruik kan word, word in onderafdeling 8.9 van hierdie hoofstuk bespreek. Vir die doel van die professioneleontwikkelingsprogram is daar tydens hierdie studie oorwegend op die teksgebaseerde benadering wat as riglyn in die KABV aangebied word, gefokus. Die professioneleontwikkelingsprogram het juis ten doel om onderwysers te ondersteun in hulle keuses van tekste om sodoende kinder- en jeugliteratuur te kies wat taalonderrig kan verbeter.

Om verdere duidelikheid te kry oor wat verwag word van onderwysers wat Afrikaans as taal onderrig, is dit belangrik om krities na die KABV as riglyn ten opsigte van die onderskeie fases te kyk. Die KABV het duidelike riglyne wat onderwysers kan volg tydens die onderrig van Afrikaans. Die DBO is van mening dat meer spesifieke onderwyserkennis en -standaarde ontwikkel moet word vir elke vak sodat onderwysers onderrig van hoë gehalte kan gee (SA, 2011b:16). Soos in Hoofstuk 7 uiteengesit, bestaan daar ’n leemte ten opsigte van onderwysers se inhoudskennis (relevante teorieë, evaluering en keuse van boeke en die genres en subgenres in KJL) en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL in die klaskamer (KJL word oorwegend nie in die klaskamers gebruik nie) by vakadviseurs en onderwysers en daarom is dié spesifieke professioneleontwikkelingsprogram ontwikkel en voorgestel.

8.3.1 Die KABV vir die grondslagfase

In die grondslagfase word daar in die KABV slegs vae verwysings gegee na die tekste of dan stories wat onderwysers kan gebruik (sien Tabel 8.1). Daar word onder meer gepraat van stories, woordraaisels, gedigte en tekste. Aan die onderwyser self word daar geen leiding gegee nie, en daarom fokus baie onderwysers slegs op die handboeke, in die besonder die werkboeke wat deur die DBO uitgereik is of boeke wat op die nasionale lys verskyn.

In die werkboeke, waar as voorbeeld die skryf en klank van die **k** aangeleer word, word daar byvoorbeeld glad nie van enige stories of rympies gebruik gemaak nie (SA, 2013:54). Daar word ’n tema aan die **k** gekoppel, maar die enigste teks wat aan die leerders gegee word, is ’n leesstuk, “Ons kyk konsert”. Daar is geen konteks wat om die letter heen gebou kan word nie. Daar is geen aspekte wat daartoe kan bydra dat die graad 1-leerders die letter sal onthou nie. Die nasionale boekelys waaruit onderwysers kan kies, gee ook geen riglyne aan die onderwysers waarvolgens hulle boeke kan kies nie; onderwysers ontvang slegs die lyste. Selfs op die webtuiste van die DBO is daar slegs die lyste (sien Bylaag A). Daar is geen aanduiding waaroor die boeke handel nie, of selfs ’n voorblad van hoe die boeke lyk nie. Die onderwysers het slegs toegang tot die boek se titel en inligting om dit te kan bestel. Selfs wanneer ’n mens boekwinkels toe gaan, is dit nie moontlik om al die boeke te kry nie en wanneer die titel op die internetsoekenjins ingetik word, is daar ook geen inligting oor die boeke nie. Onderwysers kan dus nie ingeligte besluite neem met slegs ’n titel van ’n boek tot hulle beskikking nie. Ideaal gesproke moet hierdie boeke op ’n kort en gepaste wyse geresenseer kan word sodat onderwysers hulle keuses met genoeg inligting tot hulle beskikking kan maak.

Gedurende die taalkomponent **klanke** word daar in die KABV genoem dat onderwysers van stories gebruik kan maak om die klanke te onderrig. Die gebruik van KJL kan die les vir die leerders interessant maak. Wanneer klanke in konteks gebruik word, leer leerders nie net die klanke aan nie, maar ook die funksie van daardie klanke. Wanneer daar krities na die KABV gekyk word, is dit duidelik dat, alhoewel daar aan onderwysers leiding gegee word oor die inhoud wat in elke graad onderrig moet word, is die keuses van tekste om leerders te onderrig nie hoog op die prioriteitslys nie. Die keuse van boeke word aan die onderwyser se eie kennis en hulpbronne oorgelaat. Alle onderwysers en skole het egter nie die nodige kennis of hulpbronne om tekste te kies nie en steun sterk op die werkboeke soos deur die DBO verskaf.

Volgens die riglyne in die KABV moet daar daagliks tyd afgestaan word vir bepaalde lesse wat **lees** (gedeelde lees, groepbegeleide lees, lees in pare, selfstandige lees en hardoplees/voorlees) en **skryf** (gedeelde skryf, skryf in groepe, selfstandige skryf, taal- en spellingaktiwiteite) insluit (SA, 2011b:12).

Gedeelde lees vind plaas tydens die eerste 15 minute van die lees- en skryffokustyd en word met die hele klas gedoen, byvoorbeeld wanneer die onderwysers vir die leerders voorlees. Volgens die KABV werk die onderwyser in dié verband met die hele klas. Gedeelde lees vind twee tot vier dae per week plaas aan die hand van tekste soos grootboeke, plakkate en prente of tekste wat op transparante of ander tegnologiese toestelle geprojekteer kan word of daar kan gebruik gemaak word van individuele fiksie- en niefiksietekste. Volgens die KABV (SA, 2011b:12) moet leerders aan ’n reeks stories, gediggies, rympies, toneelstukke sowel as inligting- en grafiese tekste bekend gestel word, en hierdie tekste moet met elke graad toeneem in lengte en moeilikheidsgraad.

Volgens die DBO moet elke gedeelde leessessie (formaat en inhoud van lesse) die volgende bevat: teksbegrippe, tekskenmerke, klanke, taalpatrone, woordidentifiseringstrategieë en ’n verskeidenheid begripsvlakke soos letterlik, herorganisasie, gevolgtrekking, evaluering en waardering (SA, 2011b:12). Die eerste sessie moet op die genot van en kyk na die teks fokus terwyl die leerders ’n persoonlike reaksie op die teks toon. Gedurende die tweede sessie word dieselfde teks as in die eerste sessie gebruik, maar die fokus verskuif van persoonlike genot na groter leesbetrokkenheid saam met die onderwyser en die bespreking wat met die onderwyser en ander leerders plaasvind en sodoende word leerders se woordeskat, begrip, dekoderingsvaardighede en taalvaardighede soos leestekens en ander bevorder. Na afloop van die sessies ten opsigte van die teks kan daar op die derde of vierde dag van die leerders verwag word om die teks selfstandig te lees en mondelinge, praktiese en skriftelike aktiwiteite te voltooi na aanleiding van die teks (SA, 2011b:12).

Groepbegeleide lees is ’n daaglikse groepleesstrategie waar al die groepslede dieselfde teks onder begeleiding van die onderwyser lees (SA, 2011b:13). In dié verband bestaan ’n groep gewoonlik uit die onderwyser en ’n groep van 6 tot 10 leerders. Die onderwyser moet die lesse beplan en seker maak dat dit ’n verskeidenheid woordherkenningsvaardighede insluit wat die leerders sal help om onbekende woorde wat in tekste voorkom, te herken en te kan lees. Die leerders moet met die onderwyser kan **praat** oor die teks en hulle **interpretasie** van die teks. Die DBO stel voor dat elke groepbegeleide leessessie tussen 10 tot 15 minute duur en dat die teks op ’n laer vlak moet wees as tekste wat vir gedeelde lees gebruik word. Die teks moet vooraf deur die onderwyser gelees word om te bepaal of daar enige eienskappe met betrekking tot struktuur, woordeskat of sinsbou is wat vir die leerders ’n uitdaging kan bied. Onderwysers kan sodoende bepaal waarop daar tydens die onderrig gefokus moet word.

Lees in pare en selfstandige lees gee aan leerders die geleentheid om hulle leesvaardighede in te oefen en dit moedig leerders aan om meer te lees en lees te geniet (SA, 2011b:14). Dieselfde boeke wat in die klas gebruik word vir onderrig, kan hier weer aan leerders gegee word, maar aanvullende tekste, soos verskillende genres, kan van uiterste belang wees omdat dit juis leerders aan verskillende soort tekste blootstel. Dit is belangrik dat die onderwyser ’n verskeidenheid boeke aan die leerders beskikbaar stel sodat die leerders self

daarvan kan kies. Onderwysers moet geleenthede skep waar leerders self lees sodat leesvlotheid ontwikkel kan word (SA, 2011b:14). Die boeke moet kort en eenvoudig wees met voorspelbare teks en kleurvolle illustrasies sodat leerders voel dat hulle kan lees en so aangemoedig word om meer te lees (SA, 2011b:14). Onderwysers word ook aangemoedig om tuisleeswerk indien moontlik vir leerders te gee omdat dit leerders se leesvermoë verbeter wat ’n belangrike rol tydens leer en lees kan speel (SA, 2011b:14).

Hardoplees/voorleestyd is die finale en belangrike komponent van ’n gebalanseerde leesprogram. Verskeie taalvaardighede (met inbegrip van lees) ontwikkel in ’n sinvolle milieu en storietyd is dus ’n kernaspek van ’n gebalanseerde geletterdheidsplan (SA, 2011b:19). Wanneer onderwysers stories aan leerders voorlees kan daar met die regte keuse van boeke ’n liefde vir lees en ’n passie vir stories by leerders gekweek word.

Kinder- en jeugliteratuur kan ’n baie belangrike rol speel by die verskillende leeslesse soos hierbo uiteengesit, maar onderwysers twyfel soms hoe kinder- en jeugliteratuur by taalonderrig inpas (sien hoofstuk 7). Kinder- en jeugliteratuur kan gebruik word om fonemiese bewustheid, woordherkenning en woordeskat, begrip, vlotheid en interpretasie van tekste by leerders in die grondslagfase te bevorder.

a) **Fonemiese bewustheid** is die herkenning dat spraak uit ’n reeks klanke bestaan. Dit betrek onder meer leerders se vermoë om individuele klanke te gebruik om woorde en sinne te vorm. Onderwysers kan in die geval van kinder- en jeugliteratuur gebruik maak, veral boeke wat aan leerders klanke leer of gedigte en rympies wat aan leerders die klanke en ritme in die woorde uitbeeld (Smith, 2000:16; Uwatt & Egbe, 2012:140).

b) **Woordherkenning** is die leerder se vermoë om klanke en woorde te herken wanneer hy/sy dit sien. Klanke verwys na die simbole (letters van die alfabet) waaruit die woord saamgestel is. Deur veral van sprokies en rympies waar daar voortdurend ’n herhalingselement is gebruik te maak, kan leerders woorde toenemend herken. In die geval van *Die drie varkies* (Maartens, 2012:42–46) word daar op verskeie stadiums woorde herhaal soos “Kan ek asseblief van jou stokke kry om ’n huisie te bou?”. Telkens deur die verhaal word die materiaal waarmee die huis gebou word, slegs vervang. Wanneer die wolf in hulle huise wil inkom, sê hy onder meer: “Varkie, Varkie, laat my in,” waarop die varkies telkens antwoord: “Nee, nee, nee, by die baardjies op my kennetjie-ken-ken”. Hierdie woorde word herhaaldelik deur die storie heen gebruik. “Die drie varkies” is maar een voorbeeld; daar word voortdurend in sprokies gebruik gemaak van herhaling en sodoende kan woordherkenning bevorder word, al is dit nie die hoofdoel van die verhaal nie.

c) **Begrip:** leerders moet die vermoë ontwikkel om met begrip te kan lees, met ander woorde begrip vir wat aan hulle voorgelees word en vir wat hulle self lees. Onderwysers moet leerders by verskillende denkvlakke betrek en vraagstelling tydens leeslesse gebruik om onder meer die aandag op die onderstaande te vestig:
    - **letterlike begrip** (identifiseer, wys uit, lees/haal die reël aan wat, beskryf, vind, stel vas en vermeld);

- **herorganisasie** (vergelyk, lys, kontrasteer, verdeel … in …, klassifiseer, som op en dui aan op watter manier … en … verskil)
- **gevolgtrekking** (verbeel, veronderstel, gevolge, wat sou gebeur as …)
- **evaluering** (na jou mening, stem jy saam, wat sou jy, is dit reg dat, watter beskrywing is die beste); en
- **waardering** (hou jy van, is dit ’n goeie woord/frase, ken jy enigiemand, hoekom het jy daarvan gehou/nie daarvan gehou nie).

Wanneer leerders aangemoedig word om die verskillende denkvlakke te bereik deurdat hulle die bostaande vrae gebruik, moedig dit leerders aan om met begrip te lees, wat leerders oor die verhaal sal laat nadink.

d) **Woordeskat**: Hoe meer leerders lees, hoe meer woorde leer hulle. Onderwysers moet aan leerders boeke gee wat stelselmatig meer woorde bevat wat gaandeweg moeiliker raak sodat leerders nuwe woorde en die betekenisse van woorde kan ontdek. In die grondslagfase moet leerders se woordeskat deurlopend aangevul word en in moeilikheidsgraad toeneem. Dit kan gedoen word deur tekste met leerders te deel wat voortdurend nuwe woorde bevat wat hulle kan aanleer en later weer in ander tekste kan herken.

e) **Vlotheid** word gemeet aan verskeie punte. Daar word onder meer gekyk na die akkuraatheid tydens die dekoderingsproses en die vermoë om woorde vlot te identifiseer. Vlotheid sluit verder die leesspoed van die leerder in en die leerder se vermoë om met die toepaslike frasering, uitdrukking en begrip te lees.

f) **Interpretasie van tekste en genot.** Deur te lees leer leerders om te interpreteer. Volgens die riglyne in die KABV (sien Tabel 8.1) word daar van leerders verwag om hulle gevoelens en denke oor bepaalde tekste met die klas te deel. Indien leerders in staat moet wees om tekste te interpreteer, moet daar onder meer gekyk word na die narratiewe elemente soos karakter, fokalisator, verteller, ruimte, tyd en tema sodat leerders nie net verstaan wat die begrippe beteken nie, maar dat hulle ook die invloed daarvan op die storie en hulle eie gevoel en interpretasie van stories verstaan. Die meeste leerders geniet stories, en daarom is dit belangrik dat onderwysers oor die nodige kennis van die relevante teorieë beskik om leerders toe te laat om tekste te interpreteer en om emosies en nadenke by leerders te bevorder.

Daar is verskeie moontlikhede waar onderwysers kinder- en jeugliteratuur kan gebruik, nie net in letterkunde en poësie nie, maar by die onderrig van taalkomponente ook.

Tabel 8.1: Oorsig oor taalvaardighede vir die onderrig in Afrikaans Huistaal graad 1 tot 3

Oorsig oor taalvaardighede vir die onderrig in Afrikaans Huistaal graad 1 tot 3			
Huistaal			
Luister en praat	**Graad 1**	**Graad 2**	**Graad 3**
	• Luister na **stories** en spreek ’n mening daaroor uit • Luister na, geniet en reageer op prent en **woordraaisels**, **raaisels** en **grappies** • Praat oor persoonlike ervarings en gevoelens • Vertel bekende **stories** met ’n begin, middel en einde	• Luister na **stories** en gedigte en beantwoord hoërorde-denkvrae • Praat oor persoonlike ervarings en meer bekende nuus. • Vertel ’n **storie** met ’n begin, ’n middel en ’n einde • Skep eie **rympies**	• Luister na die **hoofgedagte** en **besonderhede** in **stories** en beantwoord oopeindevrae • Luister na ’n **storie** en bepaal die verband tussen oorsaak en gevolg • Gee uitdrukking aan gevoelens oor ’n **teks** en verskaf redes. • Vertel ’n kort **storie** met ’n eenvoudige **storielyn en verskillende karakters**
Klanke	**Graad 1**	**Graad 2**	**Graad 3**
	• Identifiseer die letter–klank-verhouding van alle enkelklanke in woorde • Herken en gebruik dubbelklanke: **aa, oo, ee, uu** • Herken en gebruik klankgroepe wat uit twee vokale bestaan (**ie**, **ou, eu, ei, oe, ui**) • Herken meervoude (-**s, -e**) ouditief • Groepeer woorde in klankfamilies	• Konsolideer graad 1-klanke • Hersien letter–klank-verhoudings van alle enkelklanke • Herken klanke wat uit twee vokale bestaan bv. **ie** - v**ie**r, **oe** - b**oe**k, **ou** - k**ou**d, **ui** - t**ui**n, **eu** - s**eu**n, **ei** - kl**ei**n • Herken tweeklanke bv. **aai** - br**aai**, **ooi** -r**ooi**, **oei** - r**oei**, **eeu** - sn**eeu** • Herken beginklanke bv. **bl** - **bl**aar, **br** - **br**oer, **gl** - **gl**y, **gr** - **gr**yp, **st** - **st**aan, **sl - sl**ang, **sm - sm**aak, **sn - sn**aaks, **sk - sk**aam, **sp - sp**ek • Herken beginklanke bv. **ge - ge**sig**, be -be**gin**, ver - ver**geet**, pl - pl**an**, vl - vl**ag**, kl - kl**as**, fl - fl**es**, pr - pr**et**, vr - vr**ag**, kr - kr**ap**, tr - tr**ap**, dr - dr**uk**, fr - fr**is**, tw - tw**ee, **sw - sw**art**, kw - kwa**ad • Spel woorde korrek deur kennis van klanke te gebruik • Bou woorde met kennis van klanke wat gedurende die jaar onderrig is	• Konsolideer graad 1- en 2-klanke • Herken woorde wat met **spr -, skr -** en **str -** begin • Herken dat ’n enkelvokaal óf kort óf lank uitgespreek kan word (bv. bom - bome) • Gebruik enkel- en dubbelkonsonante en -vokale korrek (bv. droom - drome; kop - koppe) • Herken en gebruik spelpatrone (bv. -**er** in agt**er**, -**el** in ket**el**) aan die einde van 'n woord) • Herken en gebruik spelpatrone (bv. tussen **r** en **m** en tussen **l** en **m** is nooit ’n vokaal nie, bv. wa**rm**, ske**lm**) • Gebruik die slotklanke -**t** en -**d** korrek (bv. broo**d**, gel**d**, rui**t**, maa**t**) • Herken en gebruik die verkleiningsuitgang **-jie** by woorde wat op -**t** of –**d** eindig kry (bv. mat**jie**, hond**jie**)

Klanke			• Herken en gebruik die verkleiningsuitgange -**tjie**, -**jie**, en -**pie** by **dubbelklank-**woorde bv. h**aa**n**tjie**, b**oo**t**jie**, b**oo**m**pie** (uitsonderings: hasie, rosie, plasie) • Herken en gebruik die verkleiningsuitgange -**ie**, -**tjie** en -**jie** by woorde wat uit klanke met twee vokale bestaan bv. k**ou**s**ie**, d**eur**t**jie**, l**ie**d**jie** • Herken en gebruik die verkleiningsuitgang -**tjie** by tweeklankwoorde bv. vlooi**tjie,** koei**tjie,** meeu**tjie** • Herken en gebruik spelpatrone (**g** en **k** kom nie langs mekaar voor nie, bv. si**ng**, bli**nk**) • Herken en gebruik woorde wat op -**like** eindig bv. le**like** • Herken en gebruik meervoude van klanke wat uit twee vokale bestaan en tweeklanke kry **-e** (bv. deur - deur**e**, vlooi - vlooi**e** • Herken dat dieselfde klank op verskillende maniere gespel kan word (bv. har**t** - har**d**; l**ei** - l**y**) (homofone) • Vaslegging van woorde wat op -**ige** eindig bv. rust**ige** • Verkleinwoorde van eenlettergrepige woorde wat op **-ng** eindig, kry -**etjie,** bv. ding**etjie** • Verkleinwoorde van meerlettergrepige woorde kry -**kie** bv. garin**kie** (onthou dat **g** en **k** nie langs mekaar hoort nie) • Vaslegging van -**ê**-, -**ô**- woorde, bv. p**ê**rel, m**ô**re • Lettergreepverdeling van kappiewoorde: woorde word altyd na die ê of ô afgebreek, bv. mô-re • Vaslegging van deeltekenwoorde bv. re**ë**n

			• Lettergreepverdeling van deeltekenwoorde: woorde word voor die -ë- afgebreek bv. spa-si-eer • Spel woorde korrek deur klankkennis te gebruik in informele toetse, diktee en in alle geskrewe woorde • Plaas letters en woorde in alfabetiese volgorde • Herken en gebruik sinonieme en antonieme
Lees en kyk	**Graad 1**	**Graad 2**	**Graad 3**

	• Ontwikkel vaardighede om ’n boek te hanteer (hou die boek vas en blaai korrek)
	• Interpreteer **prente** om ’n eie **storie** te skep, d.w.s. “lees” prente
	• Lees handelsmerke, etikette en ander woorde van **gedrukte media** uit die omgewing
	• Ontwikkel basiese begrippe van gedrukte media soos:
	  • boekkonsep
	  • konsep van woorde en letters
	  • rigting – lees van voor na agter, links na regs en van bo na onder op ’n bladsy
	
	• **Gedeelde lees in klasverband saam met die onderwyser**
	  • Lees **grootboeke** en ander vergrote tekste
	  • Gebruik die **prente** en die boekomslag om die storie in die boek te voorspel
	  • Bespreek die **storie**, identifiseer die **hoofgedagte en karakters**
		• Lees **Grootboeke** en ander vergrote tekste (bv. **fiksie en niefiksie, gedigte en liedjies**)
		• Gebruik visuele leidrade soos in prente en boekomslae om die verloop van die storie te voorspel
		• Identifiseer kernbesonderhede in die teks
		• Sê of ’n storie byval vind en kan eie respons regverdig (bv.: “Ek het nie van die storie gehou nie, want …”)
		• Beantwoord hoërorde-denkvrae oor die teks wat gelees is (bv. “Volgens jou mening …”)
		• Bespreek die verskillende kulture wat in die **stories** verteenwoordig word
		• Interpreteer prente en ander **gedrukte media** (bv. foto’s, almanakke, advertensies, prente, tydskrif- en koerantillustrasies, plakkate)
		
		• **Groepbegeleide lees**
		  • Lees stil en hardop uit **fiksie en niefiksie** op eie leesvlak in ’n begeleide leesgroep, d.w.s. die hele groep lees dieselfde teks saam met die onderwyser
		  • Gebruik sigwoorde, kennis van klanke, konteks en struktuuranalise en begripsvaardighede om betekenis te skep
			• **Niefiksie, koerantberigte, toneelstukke, dialoë en ander tekste**
			• Lees ’n boek en bespreek die **hoofgedagte, karakters, die ‘probleem’ in die storie**, die storielyn/intrige en die waardes in die teks
			• Beantwoord ’n verskeidenheid hoërorde-denkvrae gebaseer op die leesstuk
			• Lees verskillende **gedigte** oor ’n onderwerp
			• Gebruik visuele leidrade om oor ’n grafiese teks te praat (advertensies, prente, grafieke, diagramme, kaarte)
			• Soek en gebruik inligtingsbronne (bv. lede van die gemeenskap, biblioteekboeke)
			• Gebruik inhoudsopgawes, indekse en bladsynommers om inligting te soek
			• Gebruik sleutelwoorde en opskrifte om inligting in niefiksietekste te soek
			• Gebruik ’n woordeboek om die betekenisse van nuwe woorde te soek
			
			• **Groepbegeleide lees**
			  • Lees stil en hardop tydens begeleide lees, d.w.s. die hele groep lees dieselfde teks saam met die onderwyser

Lees en kyk	• Rangskik gebeure in die **storie** in ’n logiese volgorde • Herken oorsaak en gevolg in ’n storie (bv. Die kind was in die moeilikheid **omdat** hy die venster gebreek het) • Lug ’n mening oor wat gelees is en beantwoord vrae gebaseer op die teks • Beantwoord oopeindevrae gebaseer op die gelese teks • **Groepbegeleide lees** • Lees hardop uit eie **boek** tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep werk met dieselfde teks/storie • Gebruik kennis van klanke, kontekstuele leidrade, struktuuranalise en sigwoorde tydens lees • Lees toenemend vlot en ekspressief • Leerders begin tydens lees hulle eie woordherkennings- en begripsvaardighede monitor • Toon begrip vir punktuasie tydens hardoplees • **Lees in pare/selfstandige lees** • Lees eie skryfwerk en begin foute regmaak • Lees selfstandig **boeke** wat tydens gedeelde lees gelees is, eenvoudige prentverhale en ander boeke wat in die leeshoekie is.	• Lees met toenemende vlotheid, spoed en korrekte uitspraak • Gebruik selfkorrigeringstrategieë tydens lees • Leerders begin tydens lees hulle eie woordherkennings- en begripsvaardighede monitor • **Lees in pare/selfstandige lees** • Lees eie en andere se skryfwerk • Lees hardop vir ’n maat • Lees selfstandig eenvoudige fiksie en niefiksie, gedigte en prentverhale • Speel leesspeletjies en voltooi blokkiesraaisels	• Gebruik kennis van klanke, kontekstuele leidrade en strukturele analise tydens die lees van onbekende woorde • Pas selfkorrigeringstrategieë toe tydens lees (bv. herlees, pouseer, oefen 'n woord voordat dit hardop gesê word) • Leerders monitor hulleself tydens lees met betrekking tot woordherkennings- en begripsvaardighede • Gebruik diagramme en illustrasies vir toenemende begrip • Lees met toenemende vlotheid, spoed en • Uitdrukking • **Lees in pare/selfstandige lees** • Lees eie en ander se skryfwerk • Lees hardop vir 'n maat • Lees selfstandig eenvoudige fiksie en niefiksie, boeke uit verskillende kulture, boeke gebruik tydens gedeelde lees, tydskrifte en prentverhale

	Graad 1	Graad 2	Graad 3
Skryf	• Teken prente om ’n boodskap oor te dra (bv. oor ’n persoonlike ervaring) • Dra gedagtes by tot die skryf van ’n klas-/groepstorie en help om die storie te hersien (gedeelde skryf) • Skryf en illustreer ’n opskrif of kort sin oor ’n onderwerp (bv. om ’n bydrae te maak tot die leeshoekie) • Skryf ten minste drie sinne oor eie nuus of ’n kreatiewe storie en gebruik hoofletters en punte • Skep eie woordbank en 'n persoonlike woordeboek	• Dra gedagtes en woorde by tot die skryf van ’n klasstorie (gedeelde skryf) • Skryf ’n eenvoudige gedig • Skryf ’n ekspressiewe/gevoelvolle teks (bv. ’n verjaardagkaartjie of brief) • Skryf minstens twee paragrawe (tien sinne) oor persoonlike ervarings of gebeure (bv. ’n familiefees) • Beplan, skryf en ‘publiseer’ eie storie van minstens twee paragrawe vir ander om te lees • Skryf en illustreer sinne (4–6 sinne) oor ’n onderwerp om ’n bydrae tot die leeshoekie te maak • Gebruik die skryfproses (beplanning, skryf en redigering) • Gebruik korrekte punktuasie (punte, kommas, vraagtekens en uitroeptekens) • Spel bekende woorde korrek en poog om onbekende woorde korrek te spel deur kennis van klanke te gebruik • Gebruik teenwoordige, toekomende en verlede tyd korrek • Gebruik voorsetsels, selfstandige naamwoorde, werkwoorde en voornaamwoorde korrek • Skep eie woordbank en ’n persoonlike woordeboek • Gebruik ’n woordeboek	• Dra idees, woorde en sinne by tot die skryf van ’n klasstorie (gedeelde skryf) • Gebruik pre-skryfstrategieë om skryfstukke te beplan en inligting in te samel • Skryf ’n verskeidenheid kort tekste vir verskillende doeleindes (bv. vertellinge, dialoë) • Skryf oor ’n persoonlike ervaring in verskillende formate (bv. ’n kort nuusberig) • Beplan, redigeer en bied eie storie aan van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne) vir ander om te lees • Skryf en illustreer ses tot agt sinne oor ’n onderwerp om ’n bydrae tot die klasbiblioteek/leeshoekie te maak • Skryf ’n eenvoudige boekresensie • Gebruik leestekens korrek (bv. hoofletters, punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens, aanhalingstekens, afkappingsteken) • Gebruik voegwoorde om saamgestelde sinne te vorm • Gebruik woordboutegnieke, kennis van klanke en spelreëls om onbekende, moeiliker woorde te skryf • Gebruik ’n woordeboek

8.3.2 KABV vir die intermediêre fase

In die intermediêre fase stel die DBO ook sekere riglyne aangaande tekste wat onderwysers tydens die onderrig van Afrikaans in graad 4 tot 6 kan gebruik. In die geval van die intermediêre fase word daar ’n bietjie meer leiding aan onderwysers gegee ten opsigte van die onderrig van Afrikaans Huistaal. Alhoewel daar in die KABV ’n aanbeveling gemaak woord dat mites, legendes, folklore en stories gebruik word, word daar net soos in die grondslagfase nie werklik vir onderwysers leiding gegee ten opsigte van watter tekste hulle kan gebruik nie (sien Tabel 8.2). In die KABV word daar wanneer tekste gekies moet word verwys na “Gebruik ’n teks van ’n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer” (SA, 2011c:85). Die leemte is egter net soos in die geval van die grondslagfase dat die handboeke slegs van die nasionale lys (sien Bylaag A) gekies word waar onderwysers nie noodwendig toegang tot al die boeke het nie, en die keuses is beperk. Daar word verder genoem dat die onderwysers tekste uit hulle hulpbronlêer kan gebruik, maar soos uit die empiriese data geblyk het, het die meeste onderwysers nie lêers met ’n verskeidenheid tekste nie, en hulle weet nie waar om ander tekste en hulpbronne te bekom nie.

Uit die empiriese data is daar ook vasgestel dat onderwysers nie noodwendig seker is van die verskil tussen KJL-genres en sub-genres nie. Onkunde oor wat spesifieke genres behels, maak dit vir onderwysers moeilik om tekste te kies en daar word in baie gevalle nie van die verskillende genres gebruik gemaak nie. Onderwysers moet hulp en riglyne ontvang ten einde ’n hulpbronlêer saam te stel en om vertroud te wees met die verskillende genres en sub-genres om leerders na behore te kan onderrig en hulle te kan motiveer om te lees. Daar word nie duidelike riglyne in die KABV gegee van wat van die onderwyser verwag word ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur nie; die enigste riglyn wat aan onderwysers gegee word, is soos vervat in Tabelle 8.2 en 8.3 waar moontlike tekssoorte genoem word en wat leerders moet kan lees of herken aan die einde van die fase.

Daar word verder geen inhoudelike kennis aan onderwysers gegee nie, omdat die DBO moontlik aanneem dat dit deel uitmaak van onderwysers se universiteitsopleiding. Die opleiding van onderwysers skiet tekort en daarom is onderwysers se inhoudskennis en pedagogiese kennis dus ook problematies.

Tabel 8.2: Gebruik van tekste soos voorgestel in die KABV, graad 4–6, Afrikaans Huistaal

Kwartaal 1			
	Graad 4	**Graad 5**	**Graad 6**
Week 1 en 2	Stories en persoonlike vertellinge	Storie / gedig / persoonlike vertellinge	Inligtingsteks, byvoorbeeld ’n koerantberig / artikel / onderhoud / storie, taalspeletjie
Week 3 en 4	Inligtingsteks, byvoorbeeld ’n nuusberig, feitelike verslag, kaart	Inligtingsteks: prosedures / instruksies / aanwysings /	Storie karakters (mite of legende) / dagboek

Week 5 en 6	Storie en beskrywings van mense of karakters (mite of legende)	’n Inligtingsteks, byvoorbeeld ’n koerantberig	Oorredende teks: advertensies / oorredende toespraak
Week 7 en 8	Inligtingsteks: prosedures / instruksies / aanwysings / lyste	**Folklore stories (mite / legende)**	Inligtingsteks met visuele toneelstuk / drama / dialoog / onderhoud
Week 9 en 10	Liedjie, gedig	Liedjie, gedig	Gedig / beskrywing van 'n persoon / beskrywing van 'n voorwerp, dier, plek.
Kwartaal 2			
	Graad 4	**Graad 5**	**Graad 6**
Week 1 en 2	Inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld diagram, tabel, prent, grafiek, plakkaat / aanwysings / beskrywing van 'n voorwerp	Instruksionele teks: prosedures, instruksies, aanwysings, feitelike verslag	Instruksionele teks: prosedures, instruksies, aanwysings
Week 3 en 4	Storie, persoonlike vertelling en boodskap	Verslae met hulpmiddels, soos tabelle / kaarte	Outobiografie / biografie
Week 5 en 6	Storie en persoonlike vertelling (fabels / legendes / mites)	Gedigte / persoonlike vertelling (fabels / legendes / mites)	Fabels / legendes / mites
Week 7 en 8	Prosedures / instruksies / inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld diagram, tabel, prent, grafiek	Folklore (mite / legende)	Prosa / kortverhaal
Week 9 en 10	**Formele assessering**		
Kwartaal 3			
	Graad 4	**Graad 5**	**Graad 6**
Week 1 en 2	Verhalende teks soos joernaalinskrywing, byvoorbeeld koerantberig	Biografie / dagboek	Inligtingstekste, byvoorbeeld dagboekinskrywings
Week 3 en 4	Inligtingsteks / storie / brief / beskrywing van persoon, dier, karakter / dialoog / boekverslag	Inligtingstekste: advertensies / plakkaat	Vriendskaplike brief / dagboek
Week 5 en 6	Kortverhaal / verhalende teks	Kortverhaal / verhalende teks (mite / legende)	Kortverhaal / verhalende teks
Week 7 en 8	Inligtingsteks soos weerverslag / feitelike vertelling, nuusberig, verslag / visuele teks, byvoorbeeld plakkaat; kennisgewing / gesprek	Inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld weerverslag / diagram / tabel / breinkaart / kaart / prent / grafiek; kennisgewing / strooibiljet	Inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld diagram, tabel, breinkaart, kaart, prent, grafiek / gesprek / opname / verslag / brosjure
Week 9 en 10	Drama / rolspel / dialoog / boekverslag	Drama / gesprek / dialoog	Drama / dialoog
Kwartaal 4			

	Graad 4	Graad 5	Graad 6
Week 1 en 2	Inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld diagram, tabel, prent / onderhoud / geselsprogram / visuele teks, byvoorbeeld plakkaat / kennisgewing / boodskap	Storie / gedig / persoonlike vertelling / boekverslag	Radio-onderhoud / geskrewe onderhoude
Week 3 en 4	Gesprek / onderhoud / dialoog / taalspeletjie / storie	Storie / taalspeletjie / persoonlike vertelling	Beskrywende opstel
Week 5 en 6	Informatiewe tekste / advertensie / taalspeletjie / dagboek	Inligtingsteks, byvoorbeeld tydskrifartikel, nuusberig / feitelike teks, byvoorbeeld plakkaat / kennisgewing / strooibiljet	Boekverslag
Week 7 en 8	Storie / kortverhaal / gesprek / praatjie / inligtingsteks / visuele tekste, byvoorbeeld plakkaat / kennisgewing	Inligtingstekste, byvoorbeeld brief / gedig / verslag, gesprek / visuele tekste, byvoorbeeld plakkaat, grafiek, diagram / kennisgewing / strooibiljet	Gedigte
Week 9 en 10	**Formele assessering**		

Tabel 8.3: Oorsig oor taalvaardighede tydens onderrig in Afrikaans Huistaal graad 4 tot 6

Oorsig oor taalvaardighede tydens onderrig in Afrikaans Huistaal graad 4 tot 6		
Luister en praat	**Luisterbegrip** **Verskillende vorme van mondelinge kommunikasie:** Gesprek Aanwysings en instruksies Storievertelling Rolspel Groepbespreking Kort praatjies Kort gedigte en rympies Taalspeletjies	**Luisterbegrip** Vind hoof- en ondersteunende idees deur die maak van notas, kontrolelyste, opsommings, oorvertelling, verduidelikings Verduidelik vrae Kommunikasie vir sosiale doeleindes Die inisiëring en instandhouding van gesprekke Beurtnemingskonvensies Aanmoediging in die gebruik van die addisionele taal **Kort voorbereide en onvoorbereide praatjies** Navorsing Samehangende organisering van inligting Die keuse en ontwikkeling van hoofgedagtes en ondersteunende idees met voorbeelde Korrekte formaat, woordeskat, taal en konvensies Stemtoon, stemprojeksie, tempo, oogkontak, liggaamshouding en gebare Effektiewe inleiding en slot Gebruik van gepaste visuele, oudio- en / of oudiovisuele hulpmiddels, soos kaarte, plakkate, prente
Lees en kyk	**Aanbevole tekstipes** Stories, byvoorbeeld kontemporêre, realistiese fiksie, Tradisionele stories (mites en legendes, volksverhale, fabels), Avontuurverhale, wetenskapfiksie, biografieë, historiese fiksie, poësie Inligtingstekste, byvoorbeeld prosedures, feitelike verslae, inligtingsverslae Sosiale tekste, byvoorbeeld uitnodigings, groetekaartjies briewe	**Lees en kyk** Gebruik pre-lees-, lees- en post-leesstrategieë om die onderstaande te doen: Die teks te verstaan Kritiese lees van die teks (leesbegrip) te bevorder Selfstandige lees te demonstreer (lees wyd vir die genot, inligting en vir leer) **Stel leerders bekend aan die volgende:** **Tekskenmerke** – titels, illustrasies, grafieke, kaarte, diagramme, opskrifte,subopskrifte, nommers, onderskrifte, formaat, byvoorbeeld koerantkolomme, ensovoorts.

	Mediatekste soos advertensies, koerantberigte, tydskrifartikels, kennisgewings, pamflette **Lees- en kykstrategieë** Visuele geletterdheid: reklame (plakkate, pamflette, advertensies), spotprente, strokies, diagramme / grafieke / tabelle / kaarte Begrip Voorbereide en onvoorbereide hardoplees	**Teksstrukture** – lyste, volgorde, beskrywings, prosedures, belangrikste idees en ondersteunende idees, verhalende tekste, volgorde **Dele van 'n boek** – die titelbladsy, inhoudsopgawe, hoofstukke, glossarium, indeks, ensovoorts. **Lees- en kykstrategieë** Vluglees en soeklees vir die hoofgedagtes Aandagtige lees vir ondersteunende besonderhede Afleiding van betekenis van onbekende woorde en beelde deur die gebruik van woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade Herlees Die maak van notas (hoof- en ondersteunende idees) Puntsgewyse opsomming van hoof- en ondersteunende idees volgens verlangde lengte Verduideliking Gevolgtrekkings maak Verduidelik die skrywer se perspektief / standpunt Maak gevolgtrekkings / lug eie mening Visuele geletterdheid 'n Verskeidenheid grafiese en visuele tekste, soos advertensies, kennisgewings, plakkate, strokiesverhale, spotprente, foto’s, prente Oorredingstegnieke: gevoelstaal, partydigheid Impak van die gebruik van uitleg en ontwerpkenmerke, byvoorbeeld skriftipes en -groottes, opskrifte, byskrifte en beelde **Poësie** Letterlike betekenis Tema en boodskap Beelde, byvoorbeeld vergelyking, personifikasie Woordkeuse Klankmiddels soos ritme en rym, punktuasie, herhaling, alliterasie, klanknabootsing **Stories en dramas / tonele** Verhaallyn

		Karakters Ruimte / milieu Tyd Tema / boodskap Teksstruktuur en -formaat Belangrikste kenmerke van die teks **Inligtings- en sosiale tekste** Teikengroep en doel Hoofgedagtes en ondersteunende idees / spesifieke besonderhede Teksstruktuur en -formaat Belangrikste kenmerke van die teks **Voorbereide Lees (hardoplees)** Gebruik van gepaste stemtoon, stemprojeksie, tempo, oogkontak, liggaamshouding en gebare Korrekte uitspraak van woorde **Onvoorbereide lees (hardoplees)** Lees vloeiend volgens doel Korrekte uitspraak van woorde Gebruik van gepaste stemtoon, stemprojeksie, tempo, oogkontak, liggaamshouding en gebare
Skryf en aanbied	Woordelyste Skryf van sinne Die skryf van paragrawe **Kreatiewe skryfwerk** Beskrywende skryfwerk, byvoorbeeld beskrywings van mense, plekke, diere, plante, voorwerpe, ensovoorts Verhalende tekste soos stories, persoonlike vertellings Verbeeldingryke skryfwerk, byvoorbeeld kort gedigte Gesprekke en kort toneelstukke gebaseer op stories **Transaksionele skryfwerk** (sosiale, funksionele, media- en inligtingstekste)	**Prosesskryf** **Pre-skryf / beplanning** Oorweeg teikengroep en doel Oorweeg skryfvorm Hou 'n dinkskrum met behulp van breinkaarte / lyste Organiseer idees **Eerste weergawe** Woordkeuse Bou van sinne Hoof- en ondersteunende idees Spesifieke eienskappe van die vereiste teks (soos die direkte rede vir ’n dialoog)

	Notas, boodskappe, briewe, groetekaartjies, uitnodigings Plakkate, kennisgewings, brosjures, advertensies Kort, geskrewe toesprake Instruksionele en verhalende tekste Feitelike vertelling, inligtingstekste, byvoorbeeld nuus, tekste uit ander vakke, grafiese tekste	Kritiese lees en skryfwerk Terugvoering van klasmaats en onderwyser **Hersiening, redigering, proeflees en aanbieding** Hersien: verbeter inhoud en struktuur van idees Verfyn woordkeuse, sin- en paragraafstruktuur Wysig: korrigeer foute in grammatika, spelling en punktuasie Skryf netjiese, leesbare, finale weergawe

Daar moet in die intermediêre fase voortgebou word op die grondslag ten opsigte van fonemiese bewustheid, woordherkenning, begrip, woordeskat, vlotheid en interpretasie van tekste wat vanaf graad R tot graad 3 gelê is. Volgens die DBO (SA, 2011c:10) kan gedeelde lees aan die begin van graad 4 gebruik word om leerders in te lei in die fase van lees. Metodes soos lees saam met die hele klas en lees vir die hele klas kan ook gebruik word om leerders in graad 4 te lei. Groepbegeleide lees, selfstandige lees en lees in pare kan as metodes gebruik word om leerders geleidelik aan te spoor om meer selfstandig te lees. Volgens die DBO (SA, 2011c:10) is selfstandige lees deel van die onderrigplan in die intermediêre fase en moet die tyd wat vir lees toegeken is, geakkommodeer word. Onderwysers moet verder leerders aanmoedig om in hulle vrye tyd boeke van hulle eie keuse te lees. Die onderwysers moet ’n verskeidenheid leesbegripsaktiwiteite opstel om seker te maak dat leerders verstaan wat hulle lees en die dieper betekenis in die teks kan ontgin.

Die DBO (SA, 2011c:10) doen aan die hand dat onderwysers gedurende die drie fases, **pre-lees**, **gedurende lees** en **post-leesstadium**, van die leesproses van bepaalde aktiwiteite gebruik maak.

Gedurende die **pre-leesstadium** moet die onderwyser die bestaande kennis van die leerders aktiveer en dan vasstel wie die teks geskryf het en wat die publikasietyd van die spesifieke teks is. Die onderwyser kan die leerders dan aanmoedig om die eerste en laaste paragraaf van ’n teks te lees en leerders so aanmoedig om voorspellings te maak oor die inhoud van die teks en die tema wat hulle dink die teks gaan hê.

Tydens die **gedurende leesstadium** moet die onderwyser, wanneer ’n teks voorgelees word, ruspouses neem om begrip te toets en opvattings by leerders te laat insink. Die afleidings wat die leerders in die pre-leesstadium gemaak het, kan getoets word teenoor die inhoud van die teks. Die inhoud van die teks kan ook gebruik word om die betekenis van onbekende woorde te ondersoek deur van woordeboeke gebruik te maak. Die leerders moet aangemoedig word om te visualiseer wat gelees word. Om leerders in dié verband te help, kan onderwysers illustrasies saambring wat dele in die boeke uitbeeld om sodoende die leerders se kreatiewe denke aan te moedig. Indien leerders sukkel met sekere gedeeltes kan hulle daardie gedeeltes weer lees, en die onderwyser se hulp vra. Afgesien daarvan dat die onderwyser van hulp kan wees, kan leerders aangemoedig word om mekaar met moeilike gedeeltes te help sodat die leerders die betekenis van die gedeeltes saam kan ontgin. Leerders kan verder aangemoedig word om notas van die hoofpunte te maak, nie net omdat dit leerders se opsommende vaardighede bevorder nie, maar ook omdat dit leerders kan help om die teks te interpreteer (SA, 2011c:11).

In die **post-leesstadium** kan onderwysers leerders grafiese voorstellings laat maak om die hoofgedagtes uit te beeld en ondersteunende notas daaromheen te maak om sodoende spesifieke inligting later te kan herroep. Leerders kan aangemoedig word om afleidings te maak, opsommings van die hoofgedagtes te maak en oor die tema na te dink. Leerders kan oor die onderwerp nadink en nuwe vrae daaroor opstel wat onder mekaar bespreek kan word of met die onderwysers. Hierdeur kan

leerders vasstel of hulle die teks begryp. Leerders moet ook byvoorbeeld ondersoek of daar enige vooroordeel of partydigheid in die teks is. Leerders kan hierdeur hulle denke verbreed en die opvattings wat in die teks voorkom ondersoek (SA, 2011c:11). Afgesien daarvan dat die beleid soos voorgestel deur die DBO in ag geneem moet word wanneer ’n professioneleontwikkelingsprogram saamgestel word, moet daar ook duidelikheid verkry word oor die organisatoriese strukture wat betrokke is by die ontwikkeling van, deelname aan en aanbieding van professionele-ontwikkelingsprogramme.

KJL speel nie net ’n rol by die leesontwikkeling van leerders nie, maar leerders moet ook spesifieke tekste te kan skryf. Gedurende die skryf en aanbied-komponente moet leerders tekste kan skryf vanuit verskillende genres soos byvoordeel fabels, legendes, mites en ander. Dit is juis hierom belangrik dat onderwysers die kernaspekte en struktuur van genres en sub-genres ken om sodoende leerders in staat te stel om die soort genres te skep.

8.4 Organisatoriese strukture

Organisatoriese strukture is die strukture of instansies wat betrokke is by die ontwikkeling van, deelname aan en aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme. Dit is belangrik dat daar ’n vennootskap aangegaan word tussen die belangrikste organisatoriese strukture wat betrokke is by ’n professioneleontwikkelingsprogramme. Die organisatoriese strukture wat tydens hierdie studie by ’n professioneleontwikkelingsprogram vir die integrasie van kinder- en jeugliteratuur van belang was, was onder meer die DBO in die Wonderland-distrik, skole in die Wonderland-distrik, hoëronderwysinstansies wat verkieslik in die Wonderland-distrik geleë moes wees (alhoewel dit nie ’n voorvereiste was nie) en openbare strukture wat belange by die ontwikkeling van kinder- en jeugliteratuur het.

8.4.1 Die Departement van Basiese Onderwys

Die DBO is die regeringsinstansie waaronder hierdie professioneleontwikkelingsprogram aangebied sal word, en daarom moet daar ’n vennootskap met die DBO aangegaan word. Die struktuur vir die onderrig van taal word in die KABV uiteengesit en is in onderafdeling 8.3 bespreek. Daar moet ondersteuning en wedersydse kommunikasie tussen die DBO, skole, hoëronderwysinstansies en openbare strukture wees om goeie taalonderrig aan alle leerders te bied. Enige professioneleontwikkelingsprogram moet op nasionale vlak deur die DBO ondersteun word sodat onderwysers die doel daarvan raaksien en daaraan sal wil deelneem (Wei *et al*., 2009:iii). Daarom moet die DBO deel wees van die organisasie, beplanning en aanbieding van die professioneleontwikkelingsprogram.

Ten einde die professioneleontwikkelingsprogram bekend te stel, sal die DBO in die Wonderland-distrik genader word. ’n Bekendstellingsgeleentheid sal gereël word waar die leemtes soos wat in die studie geïdentifiseer is, aan die distriksbestuurders en vakadviseurs van Wonderland-distrik uitgewys sal word. Nadat die leemtes aan die bestuur verduidelik is, sal die voorgestelde professioneleontwikkelingsprogram as ’n moontlike oplossing voorgestel word ten einde die leemtes (onderwysers se ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL

in die klaskamer) die hoof te bied. Sodoende sal die insette van die distrikbestuur in ag geneem kan word en die ondersteuning van die Wonderland-distrikbestuur gebruik word om skole en onderwysers by die professioneleontwikkelingsprogram te betrek.

Daar sal ook indien moontlik aan die Wonderland-distrik inisiatiewe voorgestel word om die onderwysers te motiveer om die betrokke professioneleontwikkelingsprogram by te woon. Indien moontlik sal onderwysers punte ontvang soos deur die Departement van Onderwys (DvO) uiteen gesit (SA, 2006:5). Die sentrale professionele onderwyserontwikkelingsisteem (SPOS) soos deur die DvO voorgeskryf, is ’n sisteem wat vir alle onderwysers wat by die South African Council for Educators (SACE) geregistreer is, aangebied gaan word. Volgens SACE-beleid kan onderwysers punte insamel deur professioneleontwikkelingsprogramme by te woon (SA, 2006:22). Op dié wyse word daar tred gehou met die professionele ontwikkeling van onderwysers. Daarbenewens moet daar gepoog word om met die DBO ’n vennootskap aan te gaan en sodoende die ondersteuning van die DBO te kry. Deur die ondersteuning van die DBO te bekom, sal onderwysers nie die professionele-ontwikkelingsprogram wat as deel van hierdie studie ontwikkel is, as net nog ’n ontwikkelingsgeleentheid sien nie, maar as iets wat deur die DBO aanbeveel word.

8.4.2 Die skole

Die skool is die kern van enige professioneleontwikkelingsprogram. In hierdie professionele-ontwikkelingsprogram fokus die inhoud van die program juis op die ontwikkeling van onderwysers se ingesteldhede, onderwysers se inhoudskennis van kinder- en jeugliteratuur en onderwysers se vaardighede ten opsigte van die integrasie van kinder- en jeugliteratuur tydens onderrig in die klaskamer. Daar word voorgestel deur die navorser dat skole gemotiveer moet word om aan professioneleontwikkelingsprogramme deel te neem en sodoende professionele gemeenskappe te vorm waar onderwysers van verskillende skole inligting met mekaar kan uitruil. Daar word verder aanbeveel dat onderwysers met behulp van die professioneleontwikkelingsprogram wat in hierdie studie voorgestel word, gemotiveer word om dit wat hulle in professioneleontwikkelingsprogramme geleer het, in hulle klaskamers toe te pas.

In die professioneleontwikkelingsprogram wat in hierdie studie voorgestel word sal die onderskeie skoolhoofde in die Wonderland-distrik genader word om sodoende toestemmig te verkry om die onderwysers wat Afrikaans onderrig, by die betrokke professioneleontwikkelingsprogram te betrek. Daar word aanbeveel dat die ondersteuning van die hoof van die Laerskool Gemmerbroodman[1] verkry moet word sodat onderwysers van die skool meer gemotiveerd sal wees om die program by te woon. Deur met die onderwysers van ’n skool te praat voordat hulle deel is van die program, kan daar ’n behoeftebepaling gemaak word van wat die onderwysers by die spesifieke skool nodig het, wat dan verder tot motivering sal lei omdat onderwysers sal voel dat hulle omstandighede en kennis in ag geneem is en dat daar nie tyd bestee sal word aan aspekte waarvan hulle reeds kennis dra nie.

[1] Laerskool Gemmerbroodman word hier as voorbeeld gebruik sodat alle skole anoniem bly.

Daar word aanbeveel dat die onderwysers ’n pakket ontvang wanneer hulle die professioneleontwikkelingsprogram wat in hierdie studie voorgestel word, bywoon wat onder meer boeke insluit wat hulle in spesifieke grade kan gebruik, hulpmiddels en inligting oor boekwinkels. Alhoewel die pakket onderwysers sal motiveer, is die aspek wat onderwysers die meeste moet motiveer die feit dat hulle gepaste inhoudskennis en vaardighede vir die integrasie van KJL in die klaskamer sal bekom.

8.4.3 Hoëronderwysinstansies

Dit is belangrik dat hoëronderwysinstansies ook deel uitmaak van die organisatoriese strukture wat beplan en aan professioneleontwikkelingsprogramme deelneem. Hoëronderwysinstansies lei voornemende onderwysers op en is op die voorgrond van nuwe navorsing en idees in die onderwys. Hierdie idees, kennis en navorsing moet deur onderwysers en universiteitspersoneel onderling gedeel word om sodoende die onderrigstelsel te bevorder. Hoëronderwysinstansies moet met skole en onderwysers kommunikeer sodat daar ’n wedersydse uitruiling van inhoudskennis en vaardighede kan wees.

Kenners op die gebied van kinder- en jeugliteratuur by die hoëronderwysinstansie sal in samewerking met vakadviseurs in die distrik betrek word by die aanbieding van die program. Daar word voorgestel dat ’n professioneleontwikkelingskool by die Fakulteit Opvoedkunde van die universiteit geskep word waar die program voortdurend uitgebrei en bygewerk kan word. Hierdie skool sal ook dien as ’n opleidingsentrum waar onderwysers vrae kan kom vra en waar die kundigheid van onderwysers deur kenners ondersoek kan word. Die professioneleontwikkelingskool moet in samewerking met die DBO, die universiteit en die skole in die omgewing in die lewe geroep word.

8.4.4 Openbare strukture

Openbare strukture of persone word maklik oor die hoof gesien wanneer dit by die beplanning en ontwikkeling van professioneleontwikkelingsprogramme kom, maar in werklikheid is dit persone met ryk inhoudskennis en vaardighede wat van waarde kan wees by ’n professioneleontwikkelingsprogram wat fokus op die integrasie van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer. Daar word voorgestel dat illustreerders, skrywers en uitgewers genooi word om oor boeke en die skep daarvan te praat. Indien dit gedoen word, kan dit onderwysers se inhoudskennis ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur verryk.

Vir die suksesvolle implementering van die professioneleontwikkelingsprogram wat hier voorgestel word, is dit belangrik dat daar goeie kommunikasie tussen die vier belangrikste organisatoriese strukture soos bo uiteengesit, sal wees. Daar moet bepaal word wat die DBO van ’n professioneleontwikkelingsprogram verwag, wat skole en onderwysers verwag en wat skole, hoëronderwysinstansies en openbare strukture tot die professioneleontwikkelingsprogram kan bydra. Indien daar geslaag kan word om hierdie belanghebbendes bymekaar te bring by die beplanning van ’n professioneleontwikkelingsprogram, sal die program meer waarde dra. Soos in Hoofstuk 7 genoem,

verskeie onderwysers het gevoel dat professioneleontwikkelingsprogramme vir hulle 'n vermorsing van tyd was en dat hulle oorwegend negatief is oor enige professioneleontwikkelingsprogram omdat die persone wat dit aanbied, nie die nodige kennis het nie. Vakadviseurs het ook aangedui dat daar nie van hulle verwag kan word om onderwysers weer op te lei nie. Dit is veral hier waar die kommunikasie tussen die vier organisatoriese strukture van belang is. Hoëronderwysinstansies kan die kennis aan onderwysers oordra deur middel van goed georganiseerde en voorbereide programme, terwyl kenners uit die publiek, soos skrywers, illustreerders en uitgewers genader kan word om ook hulle kennis met onderwysers te deel.

8.5 Toegang en reikwydte

In die beplanningsfase van 'n professioneleontwikkelingsprogram is dit belangrik dat daar gekyk word na die toegang tot die professioneleontwikkelingsprogram en die reikwydte van die spesifieke professioneleontwikkelingsprogram. Om die toegang en reikwydte van 'n professioneleontwikkelingsprogram wat op die integrasie van kinder- en jeugliteratuur fokus, te bepaal word daar na die volgende drie aspekte gekyk: koste, tyd en plek van aanbieding.

8.5.1 Koste

Die kosteberaming kan nie met sekerheid hier bepaal word nie, omdat kwotasies eers verkry kan word wanneer die program aangebied gaan word. Dit is belangrik dat die volgende aspekte in ag geneem word wanneer 'n begroting opgestel word vir die professioneleontwikkelingsprogram: vervoer, registrasie van deelnemers/onderwysers, tegnologiese hulpmiddels, sprekers, lokaal, spyseniering en enige hulpmiddels wat aan onderwysers gegee word tydens die aanbieding van die program. Die begroting kan soos volg saamgestel word (sien Tabel 8.4).

Tabel 8.4: Voorbeeld van 'n begroting vir 'n professioneleontwikkelingsprogram

Professioneleontwikkelingsprogram: kinder- en jeugliteratuur				
Vervoer en verblyf		**Bedrag begroot**	**Bedrag betaal**	**Verskil**
1	Vervoer vir aanbieders na plek waar professioneleontwikkelingsprogram aangebied word	R1 500,00	R1 460,00	R40,00
2	Verblyf vir aanbieders gedurende die professioneleontwikkelingsprogram indien nodig	R5 000,00	R5 340,00	-R340,00
3	Etes vir aanbieders van die professioneleontwikkelingsprogram	R3 000,00	R2 990,00	R10,00
Professioneleontwikkelingsprogram		**Bedrag begroot**	**Bedrag betaal**	**Verskil**
1	Lokaal waar program aangebied gaan word	R4 000,00	R800,00	R3 200,00
2	Registrasieproses van deelnemers teen R100 per persoon	R2 000,00	R2 500,00	-R 500,00
3	Hulpbronpakket en boeke aan kursusgangers teen R500 per persoon. Daar sal gepoog word	R10 000,00	R5 400,00	R4 600,00

	om van die boeke as skenkings by uitgewers te kry. Die bedrag is dus slegs 'n skatting.			
4	Hulpmiddels vir die aanbied van program			
	a) Rekenaartoerusting	R4 000,00	R4 500,00	-R500,00
	b) Witblad vir dataprojektering	R1 200,00	R1 200,00	R0,00
5	Betaling aan sprekers en kenners	R6 000,00	R6 000,00	R0,00
Verversings		**Bedrag begroot**	**Bedrag betaal**	**Verskil**
1	Drinkgoed	R3 000,00	R2 500,00	R500,00
2	Middagetes	R10 000,00	R10 500,00	-R500,00
3	Ander verversings	R4 000,00	R3 800,00	R200,00
Ander uitgawes		**Bedrag begroot**	**Bedrag betaal**	**Verskil**
1	Assistente	R5 000,00	R5 000,00	R0,00
	Totale	**R58 700,00**	**R51 990,00**	**R6 710,00**

8.5.2 Tyd

Wanneer die program aangebied sal word, moet 'n weldeurdagte besluit wees. Daar is tydens die onderhoude bevind dat onderwysers nie noodwendig programme wat in die vakansie aangebied word, wil bywoon nie. Die DBO is ook nie daarvoor te vinde dat die programme in klastyd aangebied word nie. Om hierdie rede word daar aanbeveel dat hierdie spesifieke professioneleontwikkelingsprogram aan die begin of einde van 'n kwartaal aangebied sal word. Skole open en sluit in die meeste gevalle in die middel van die week en daarom is daar besluit dat, indien dit aan die begin of einde van die kwartale plaasvind, sal slegs twee skooldae en drie dae van onderwysers se vakansietyd gebruik word. Daar moet wel opgelet word dat die praktiese dag wel in die kwartaal plaasvind sodat onderwysers die lesse kan aanbied vir hulle leerders.

8.5.3 Plek

Die plek waar 'n professioneleontwikkelingsprogram aangebied word, moet met sorg gekies word. Daar moet onder meer ondersoek word of die DBO, onderwysers, hoëronderwysinstansies en openbare rolspelers wat betrokke is by die professioneleontwikkelingsprogram die lokale en plek waar die program aangebied gaan word, maklik sal kan bereik. Indien die professioneleontwikkelingsprogram in landelike gebiede aangebied word, sal dit dalk van waarde wees as die aanbieders eerder na die skole gaan as wat daar van die onderwysers verwag word om lang afstande te moet reis om die program elders by te woon omdat die onderwysers meer is as die aanbieders en omdat hulle nie ten alle tye voldoende vervoer het nie. In stedelike gebiede sal die hoëronderwysinstansies en die DBO genader

word sodat daar van hulle fasiliteite gebruik gemaak kan word. Dit is belangrik dat die omstandighede van al die belanghebbendes in ag geneem word wanneer ’n lokaal en plek georganiseer word.

Die toerusting wat die sprekers nodig het, moet hier ook in gedagte gehou word. Indien die sprekers rekenaars, dataprojektors, dokumentaftasters of enige ander toestelle nodig het, moet daar lokale gekry word waar die toerusting beskikbaar is, of dit moet saamgeneem word soos na meer landelike gebiede. Wanneer ’n lokaal gesoek word, moet daar ook in ag geneem word hoeveel onderwysers die professioneleontwikkelingsprogram gaan bywoon. Sou dit vir groot groepe wees, is groter lokale nodig, maar indien dit slegs een skool is, kan dit by die spesifieke skool aangebied word. Die gekose aantal deelnemers word in afdeling 8.8 van hierdie hoofstuk uiteengesit.

8.6 Evaluering

Alvorens die professioneleontwikkelingsprogram aangebied kan word, moet die program eers deur belanghebbendes en kenners geëvalueer word. Die program moet geëvalueer word ten opsigte van die onderwyser se inhoudskennis en die vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL in die klaskamer om sodoende die gehalte van onderrig te verbeter. Volgens die DvO (SA, 2006:6) moet professioneleontwikkelingsprogramme deur SACE geëvalueer word en aan die onderstaande ses aspekte voldoen:

- die mate van verbetering wat die professioneleontwikkelingsprogram in die professionele praktyke sal meebring – dit sluit onder meer verbetering ten opsigte van onderwysers se ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede in;
- die moontlikheid om die program in landelike gebiede ook aan te bied;
- die belyning van die program met die prioriteite en vereistes van die onderwysprofessie;
- die waarde wat die program kan bydra tot die verbintenis om onderrig te verbeter en die verantwoordelikheid van onderwys om gemeenskappe te transformeer;
- die tydsduur van die program teenoor die gehalte van onderrig en uitwerking wat dit op die onderrig van leerders sal hê; en
- die geleentheid vir deelnemers aan die program om te toon wat hulle geleer het en voortdurende ondersteuning.

Die program wat in die studie voorgestel word, voldoen aan die kriteria soos uiteengesit deur SACE, en sal daarom aan die DBO en SACE voorgelê word sodat dit deur SACE goedgekeur kan word.

Afgesien daarvan dat die program geëvalueer moet word vir die inhoudskennis wat dit aan onderwysers sal bied, moet die sprekers wat só ’n program aanbied ook geëvalueer word. Dit het duidelik uit die opinies van onderwysers en vakadviseurs geblyk dat hulle voel dat die sprekers in baie gevalle selfs minder as hulle weet en hulle tyd mors. Alvorens so ’n program aangebied word, moet die programaanbieder geëvalueer word volgens sy/haar vermoë om die program aan te bied en sy/haar kennis oor die onderwerp sodat die program van ’n hoë gehalte sal wees. Die skool vir professioneleontwikkeling sal onderhoude voer met sprekers en moontlike mentors sal gereël word

alvorens die onderwysers deel van die program word. In hierdie onderhoude moet die persone kan demonstreer dat hulle vertroud is met kinder- en jeugliteratuur.

Dit is belangrik dat die regte persone gevra word om die program te evalueer. Net soos wat die persoon wat die program moet aanbied oor sekere kennis en vaardighede moet beskik, moet die persone wat die program evalueer oor die nodige inhoudskennis en vaardighede beskik ten einde waarde en standaard van die program te evalueer.

8.7 Hulpbronne

Tydens die beplanningsfase van die professioneleontwikkelingsprogram moet daar onder meer gekyk word na die hulpbronne wat benodig gaan word gedurende die aanbieding van die betrokke professioneleontwikkelingsprogram. Hulpbronne verwys hier na die hulpbronne wat benodig word deur sprekers om die program doeltreffend aan te bied en hulpbronne wat as deel van die program aan die deelnemers gegee sal word.

8.7.1 Hulpbronne vir die aanbieding van program

Vir hierdie professioneleontwikkelingsprogram moet daar ’n wit agtergrond of skerm in die lokaal wees, sodat ’n rekenaarbeeld daarop geprojekteer kan word. Daar sal voorsorg getref moet word dat krag beskikbaar is en indien dit nie die geval is nie, sal daar voorsiening gemaak moet word om die inligting op ander wyses oor te dra. Daar is verskeie hulpbronne wat in ag geneem moet word en wat vooraf gereed moet wees (sien Tabel 8.5).

Tabel 8.5: Hulpbronne wat benodig word vir die aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme

Hulpbronne wat benodig word vir die aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme	
1.	Rekenaar met gepaste programmatuur om alle voorleggings te kan hanteer, verkieslik ’n skootrekenaar omdat daar nie noodwendig krag en ander hulpbronne by alle skole is nie
2.	Dataprojektor wat beide met of sonder krag kan werk
3.	Verleningskoorde
4.	Klanktoerusting
5.	Koordlose muis en *presentor* vir gemaklike aanbiedings

8.7.2 Hulpbronne vir die deelnemers

Gedurende die registrasie van die onderwysers wat die professioneleontwikkelingsprogram bywoon, sal daar hulpbronpakkette aan die onderwysers gegee word. As deel van die hulpbronpakket is daar hulpmiddels wat as deel van die studie ontwikkel is. Dit word in afdeling 8.9 volledig bespreek. Alhoewel die hulpmiddels later bespreek word, word die boeke wat aan die onderwysers verskaf word, hier genoem (sien Tabel 8.6). Daar sal gepoog word om met uitgewers ooreen te kom om sekere boeke te borg om sodoende aan onderwysers ’n beginpunt vir hulle eie klasbiblioteke te bied. Die keuses van die boeke soos in Tabel 8.6 uiteengesit, sluit meer as net een verhaal in sodat onderwysers verskeie

verhale het op grond waarvan hulle lesse kan beplan. Deur bundels waar verskeie verhale en/of gedigte ingesluit is te gebruik, het onderwysers die geleentheid om van vele te kies.

Tabel 8.6: Boeke wat as hulpbron aan onderwysers verskaf word

Boeke wat as hulpbron aan onderwysers verskaf sal word					
Graad 1	**Graad 2**	**Graad 3**	**Graad 4**	**Graad 5**	**Graad 6**
• *Die mooiste dierefabels* • *Die nuwe kinderverse-boek* • *Sprokies en ander gunsteling-stories*	• *Pippie Langkous* • *Die nuwe kinderverse-boek* • *Sprokies en ander gunsteling-stories*	• *Die avonture van Wilde Willemientjie* • *Die nuwe kinderverse-boek* • *Sprokies en ander gunsteling-stories*	• *Wurms met tamatiesous* • *Suid-Afrikaanse heldeboek* • *Die mooiste sprokies van Grimm*	• *Wurms met tamatiesous* • *Suid-Afrikaanse heldeboek* • *Die mooiste sprokies van Grimm*	• *Wurms met tamatiesous* • *Suid-Afrikaanse heldeboek* • *Die mooiste sprokies van Grimm*

8.8 Aanbieding en bywoning van die program

Die **wie** van ’n professioneleontwikkelingsprogram kan van twee kante af benader word. In die eerste plek moet aandag geskenk word aan die persoon wat die professioneleontwikkelingsprogram aanbied, en in die tweede plek aan die persoon wat die betrokke professioneleontwikkelingsprogram bywoon. Dit is baie belangrik dat albei groepe met sorg gekies word. Eerstens moet die persoon wat die professioneleontwikkelingsprogram aanbied, ’n kenner wees (sien hoofstuk 7) op die gebied van kinder- en jeugliteratuur en die integrasie van KJL tydens die onderrig van Afrikaans in die klaskamer. Die aanbieder moet deur die professioneleontwikkelingskool gekeur word sodat daar geen twyfel is oor die persoon se inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van KJL nie. Die persoon moet verder aan die deelnemers kan demonstreer hoe KJL in die grondslag- en intermediêre fase geïntegreer kan word.

Die persone wat die professioneleontwikkelingsprogram bywoon, sal alle onderwysers wees wat Afrikaans Huistaal van graad 1 tot graad 6 onderrig. Daar sal gepoog word om onderwysers van die grondslagfase en die intermediêre fase afsonderlik op te lei, omdat die tekste in die grondslag- en intermediêre fase van mekaar verskil.

8.9 Inhoud van die professioneleontwikkelingsprogram

Dit is belangrik dat daar duidelikheid is oor wat in die spesifieke professioneleontwikkelingsprogram aangebied gaan word. Dit is belangrik by die aanbieding van die professioneleontwikkelingsprogram met betrekking tot KJL dat die inhoud van die program die hele onderwyser sal oplei sodat hy/sy die hele leerder in ag sal neem. Die inhoudskennis en vaardighede vir die integrasie van KJL sluit onder

meer die volgende aspekte in: die relevante teorieë, die keuse en evaluering van kinder- en jeugliteratuur asook die besondere genre. Die aspekte word in die volgende gedeelte kortliks saamgevat en daar sal aangedui word hoe die inhoudskennis en vaardighede wat onderwysers in die program sal aanleer, in die klaskamer gebruik kan word. Dit is egter slegs ’n kort opsomming van die belangrike elemente soos vervat in Hoofstukke 3, 4 en 5.

8.9.1 Relevante teorieë – Hoofstuk 3

As deel van die professioneleontwikkelingsprogram wat op die integrasie van KJL tydens die onderrig van Afrikaans in die klaskamer fokus, word drie relevante teorieë met die onderwysers bespreek. Eerstens word aan onderwysers agtergrond gegee oor die **resepsie-estetika** van Jauss en Iser en die wyses waarop hierdie navorsers aangevoer het dat die leser in ag geneem moet word wanneer boeke met leerders gedeel word. Die resepsie-estetika word spesifiek ingesluit as deel van die professioneleontwikkelingsprogram omdat dit aan onderwysers inhoudskennis gee ten opsigte van die verwysingsraamwerk van die leser en die wyse waarop hierdie verwysingsraamwerk in ag geneem moet word wanneer boeke gekies word. Teen die agtergrond van goeie inhoudskennis oor die resepsie-estetika sal onderwysers gepaste keuses kan maak waarin leerders aangemoedig word om hulle verwysingsraamwerke te verskuif of te verbreed.

Daar sal ook op die meer resente **kognitiewe paradigma** waarin daar aangevoer word dat die kognitiewe vermoë van die leerder bepaal word deur die omstandighede van die leerder gefokus word. Die kognitiewe paradigma moet in ag geneem word wanneer leerders se interpretasie van boeke geëvalueer word. Die kognitiewe paradigma word by die professioneleontwikkelingsprogram ingesluit omdat dit onderwysers blootstel aan die kognitiewe prosesse wat met die interpretasie van tekste gepaard gaan. Dit kan onderwysers dus help om hulle eie interpretasie te verstaan en so ook die leerders se interpretasie te aanvaar en in ag te neem aangesien daar nie net een korrekte antwoord is wanneer KJL geïnterpreteer word nie.

Onderwysers sal verder blootgestel word aan die **dinamiese sisteemteorie** wat gebruik word om die leerder as ’n geheel te sien, as ’n individu wat deur sy/haar taal, agtergrond, emosies, kultuur, omgewing en kognitiewe vermoë beïnvloed word. Die leerder bring al hierdie aspekte saam wanneer hy/sy ’n boek lees of wanneer ’n boek aan hom/haar voorgelees word. Eweneens dra die boek sy eie elemente tot die leesomgewing by, naamlik die woordeskat, narratiewe elemente, onderwerpe, illustrasies en aanbieding van die boek. Dit is belangrik dat onderwysers kennis dra van die dinamiese sisteemteorie omdat die teorie aan onderwysers die waarde van KJL by die onderrig van ’n taal sal openbaar. Die dinamiese sisteemteorie impliseer dat onderwysers die hele leerder onderrig en nie net bloot taal nie.

8.9.2 Keuse en evaluering van kinder- en jeugliteratuur – Hoofstuk 4

By die professioneleontwikkelingsprogram is die totale leerder van belang en moet die leerder se omstandighede en agtergrond in ag geneem word wanneer boeke vir hom/haar aanbeveel word of wanneer boeke in die klaskamer gebruik word. Daarbenewens moet die **ontwikkelingsfases** van

leerders in ag geneem word. Die ontwikkelingsfases en die gepaste kinder- en jeugboeke wat gebruik kan word om die ontwikkeling te bevorder, word by hierdie professioneleontwikkelingsprogram ingesluit. Die ontwikkeling van leerders toon aan onderwysers die waarde van KJL en maak sodoende onderwysers daarop bedag dat KJL ’n positiewe uitwerking op die totale ontwikkeling van die leerder het. Om onderwysers by te staan by die keuse van boeke, sal leeslyste aan skole en onderwysers gegee word as hulpmiddel om maklike en ingeligte besluite te neem. Daar sal ook, as deel van die professioneleontwikkelingsprogram, voortdurend, deur middel van SMS’e en e-pos, inligting oor nuwe boeke en op watter ontwikkelingfase dit gerig is, aan onderwysers gestuur word. Soos nuwe boeke gepubliseer word, sal dit as deel van die program geëvalueer word en aan onderwysers gekommunikeer word. Deur van e-pos gebruik te maak, kan dit maklik en elektronies aan onderwysers oorgedra word. In die geval waar onderwysers nie toegang het tot e-pos nie, sal daar van SMS’e gebruik gemaak word. Die leeslyste maak voorsiening daarvoor dat onderwysers die leeslys voortdurend kan bywerk.

Om onderwysers die nodige inhoudskennis ten opsigte van die evaluering van KJL te gee, is die kwessie van **narratiewe elemente** by die professioneleontwikkelingsprogram ingesluit. Inhoudelike kennis van hierdie elemente gee aan die onderwyser die vermoë om literatuur te ontleed. Afgesien daarvan dat dit aan die onderwyser inhoudelike kennis gee oor die elemente, gee dit ook aan die onderwyser die pedagogiese kennis om die elemente te kan gebruik tydens hulle onderrig van Afrikaans (sien hoofstuk 7). Om onderwysers in dié verband te help is ’n hulpmiddel vir die doel van die professioneleontwikkelingsprogram ontwikkel.

Leerders word in ’n visuele omgewing groot, veral wat **illustrasies** betref, en is in baie gevalle meer ingestel op die visuele as volwassenes. Onderwysers moet hierop bedag wees en leerders toelaat om die visuele kommunikasie wat in boeke oorgedra word, te ondersoek en te interpreteer. Onderwysers moet die nodige kennis van illustrasies en visuele elemente hê om leerders in hulle visuele geletterheid te ondersteun en om self illustrasies te kan evalueer vir die waarde wat dit tot die lees van KJL en die onderrig van taal kan bydra. Illustrasies word by die professioneleontwikkelingsprogram wat in hierdie studie voorgestel word, ingesluit sodat onderwysers hulle vaardighede om illustrasies te evalueer kan verbeter en om die nut daarvan om visuele elemente te begryp en om die vaardighede om illustrasies in die klaskamer te gebruik, aan te leer. Visuele geletterheid sal onderwysers ook laat besef dat grafiese novelles ’n multimodale teks is wat pertinente visuele aspekte benodig om geïnterpreteer te word.
Die keuse van boeke is vir onderwysers problematies, veral wanneer hulle boeke van die nasionale lys af moet kies waar daar beperkte inligting oor die boeke beskikbaar is.

8.9.2.1 Resensiemodel


Dit is moeilik om ’n boek te kies deur slegs na die titel en graad waarvoor die boek aanbeveel word, te kyk. Alhoewel daar nie alle boeke op die nasionale lys geresenseer kan word nie, kan daar van ’n resensiemodel, waarvolgens ’n kort opsomming van die boek aan onderwysers gegee word, gebruik gemaak word.

Die doel van ’n resensie is om die boek aan moontlike lesers voor te stel sonder om te veel oor die bepaalde boek te verklap. Om meer inligting aan onderwysers te gee, kan 'n eenvoudige tabel by elke boek op die lys gevoeg word. In die tabel kan die boek se titel gegee word en ’n voorbeeld van die boek se voorblad. Langs die titel kan melding gemaak word van die genre en sub-genre van die spesifieke boek en die ouderdomsgroep waarvoor die boek geskik is. Verder kan in die tabel punte op ’n skaal van 1 tot 10 toegeken word om die toeganklikheidsgraad van die boek ten opsigte van ’n besondere ouderdomsgroep aan te dui. Die punte dien nie as evaluering van die gehalte van die skryfwerk nie, maar is eerder gerig op die moontlikheid dat ’n gewone leerder van daardie ouderdom die boek sal kan lees en genotvol sal vind. As daar ’n punt van 1 tot 4 aan ’n aspek toegeken word, beteken dit dat die bepaalde verhaal maklik verstaanbaar is en dat die meeste lesers dit sal geniet. ’n Punt tussen 5 tot 7 word as gemiddeld beskou word en ’n punt van 8 en hoër moet vir die leser ’n aanduiding wees dat die verhaal moontlik moeilik kan wees.

Daar word in die resensiemodel onderskei tussen die **verhaalgegewens** (dit wil sê karakter, ruimte en verhaal) en **struktuur** (waaronder taal, styl, fokalisator, verteller en tyd). Aan elkeen van dié aspekte word ’n punt toegeken, soos bo uiteengesit, wat poog om die resensie so objektief moontlik te hou. Direk daarna word daar aan die lesers temas en ander opmerkings verskaf. Op die wyse sal onderwysers, ouers en selfs ouer leerders weet wat hulle moontlik van die teks kan verwag en gevolglik ’n meer ingeligte besluit kan neem ten opsigte van die tekste wat hy/sy wil of gaan lees.


As voorbeeld word twee boeke volgens die resensiemodel geëvalueer (sien Tabelle 8.7 en 8.8)

Tabel 8.7: Resensie van *Liewe land, ’n olifant*!

<table>
<tr><th colspan="2">Resensiemodel – Liewe land, ’n olifant!</th><th colspan="2">Skrywer: Jaco Jacobs
Illustreerder: Maja Sereda</th><th>Geskikte ouderdom: 6–7
Genre: Prenteboek</th></tr>
<tr><td>Narratiewe elemente (karakter, ruimte, verhaal, ens.)</td><td>7</td><td>Struktuur (taal, styl, tyd, fokalisator ens.)</td><td>7</td><td rowspan="5">  </td></tr>
<tr><td>Tema:</td><td colspan="3">Die keuse van ’n troeteldier – neem goeie besluite</td></tr>
<tr><td>Ander opmerkings:</td><td colspan="3">Dit is ’n baie oulike boek wat enige leerder sal geniet. Kan gebruik word om diere aan leerders bekend te stel. Die skrif is ongelukkig nie graad 1-skrif nie en kan leerders verwar omdat die letter nie geskryf word soos hulle gewoond is nie.</td></tr>
<tr><td>Illustrasies:</td><td colspan="3">Die illustrasies is van hoë gehalte en sal die leerders in die verhaal intrek en dra by tot die betekenis.</td></tr>
<tr><td>Misindeks*:</td><td colspan="3">6.488</td></tr>
</table>

* Misindeks word gebruik om leesbaarheid te bepaal

Tabel 8.8: Resensie van *Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se testament*

<table>
<tr><th colspan="2">Resensiemodel – Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se testament</th><th colspan="2">Skrywer: Janie Oosthuysen
Illustreerders: Lize-Marie Smit en Anja Aucamp</th><th>Geskikte ouderdom: 10–12
Genre: Avontuur</th></tr>
<tr><td>Narratiewe elemente (karakter, ruimte, verhaal ens.)</td><td>7</td><td>Struktuur (taal, styl, tyd, fokalisator ens.)</td><td>7</td><td rowspan="5"> 
</td></tr>
<tr><td>Tema:</td><td colspan="3">Die soektog na ’n testament, ’n speurtog.</td></tr>
<tr><td>Ander opmerkings:</td><td colspan="3">Hierdie boek sal leerders in dié ouderdomsgroep aanmoedig om te lees. Daar is genoegsame humor en intrige in om leerders nuuskierig te maak.</td></tr>
<tr><td>Illustrasies:</td><td colspan="3">Daar is illustrasies op strategiese plekke in die teks geplaas om selfs aan ouer leerders ’n visuele element te gee.</td></tr>
<tr><td>Misindeks*:</td><td colspan="3">12.33</td></tr>
</table>

* Misindeks word gebruik om leesbaarheid te bepaal

Alhoewel die model steeds deur die resensent se interpretasie beïnvloed gaan word, kan die model maklik en vinnig vir die leser die nodige inligting oor die bepaalde boek gee. Met die gebruik van die model, kan die onderwyser meer ingeligte besluite neem.

8.9.3 Kinder- en jeugliteratuur as genre (Hoofstuk 5)

Die data uit die empiriese ondersoek het aangetoon dat daar ’n leemte bestaan wat betref onderwysers se inhoudskennis van die verskillende genres en sub-genres wat in KJL voorkom (sien Hoofstuk 7). Dit is belangrik dat onderwysers tussen die verskillende genres en sub-genres van kinder- en jeugliteratuur sal kan onderskei sodat hulle ingeligte besluite kan neem en tussen tekste kan onderskei.

Om dié inhoudskennis op ’n maklike en eenvoudige manier aan onderwysers oor te dra, is hulpmiddels ontwikkel as deel van die professioneleontwikkelingsprogram. Dit gee aan onderwysers ’n kort en maklike verwysing met die moontlikheid om na die dieper beskrywings te gaan sou hulle dit nodig vind (sien hoofstuk 7).

8.9.4 Inhoudelike hulpmiddels ontwikkel vir die professioneleontwikkelingsprogram

In hierdie studie verwys **hulpmiddels** na enige middel wat gebruik kan word om die taak van die onderwyser tydens die onderrig en gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer te vergemaklik. Vir die doel van hierdie studie is ’n breedvoerige literatuurstudie gedoen soos vervat in Hoofstuk 3, 4 en 5. Om hierdie inligting vir die onderwyser maklik toeganklik te maak, is hulpmiddels ontwikkel wat tydens die aanbieding van die professioneleontwikkelingsprogram en na afloop van die program in die klaskamer gebruik kan word. Hierdie hulpmiddels stel die kerninhoud op ’n eenvoudige wyse aan onderwysers beskikbaar.

Daar is besluit om die hulpmiddels beide elektronies en nie-elektronies beskikbaar te stel omdat dit die reikwydte en implementering van die hulpmiddels verhoog. Vir onderwysers wat nie toegang tot rekenaars of dataprojektors het nie, is hulpmiddels wat as sigkopie gebruik kan word, ontwikkel. Vir onderwysers wat toegang tot rekenaars het en wat daarmee vertroud is, is die hulpmiddels elektronies beskikbaar. Die hulpmiddels is gebou met Adobe Flash waarna die leërs na Prezi oorgedra is sodat die hulpmiddels afsonderlik gebruik kan word sonder dat enige addisionele programmatuur gelaai moet word. Die hulpmiddels sal op enige rekenaar werk en die gedrukte kopieë kan versprei word om die inhoudskennis maklik aan alle onderwysers oor te dra.

Daar is verder vir die professioneleontwikkelingsprogram hulpmiddels ontwikkel wat fokus op die inhoud vir die evaluering van literatuur en wat poësie vergemaklik omdat daar tydens die empiriese navorsing bevind is dat onderwysers daaroor twyfel. Daar is ook op probleemareas – soos die verskil tussen tradisionele literatuur en fantasieverhale, die verskil tussen die verskillende soorte kinder- en jeugliteratuur, leeslyste volgens die ontwikkelingsfases en ’n lesbeplanningsvoorbeeld – gefokus. Die hulpmiddels word vervolgens afsonderlik bespreek.

8.9.4.1 Hulpmiddels vir kinder- en jeugliteratuur – letterkunde

Die letterkundehulpmiddel wat vir die doel van die professioneleontwikkelingsprogram ontwikkel is, fokus op die inhoudskennis wat in Hoofstukke 4 en 5 met betrekking tot letterkunde weergegee is. Daar is gepoog om die belangrikste inligting op ’n eenvoudige wyse weer te gee en om die uitleg van ’n wiel te gebruik omdat die segmente die verskille tussen die soorte en narratiewe elemente uitwys (Sien Figure 8.2 en 8.3).

8.9.4.1.1 Werking en uitleg van die hulpmiddels vir kinder- en jeugliteratuur – letterkunde

In Figuur 8.2 word die genres en die wyse waarop die genres geëvalueer moet word, geïllustreer. Daar word onder meer verwys na die narratiewe elemente wat van belang is by elke genre. Die onderwyser kan die wiel omdraai om die narratiewe elemente te sien. Die boonste laag van Figuur 8.2 is so ontwerp dat dit aansluit by die inhoud van die inligting wat in die segmente onder die boonste laag vervat is. Daar is besluit om die kleur op die boonste laag so ver moontlik neutraal te hou omdat die segmente in verskillende kleure uitgebeeld word. Die boonste laag word dan deur ’n draai-aksie verskuif om slegs een segment op ’n slag te vertoon sodat onderwysers slegs die inligting wat belangrik is, maklik kan sien.

Die onderste sirkel in Figuur 8.2 is in agt segmente verdeel. Elke segment verduidelik een spesifieke genre (soos in Hoofstuk 5 uiteengesit) om dit sodoende vir die onderwyser maklik te maak. Volledigheidshalwe is daar besluit om al die genres in te sluit selfs al word al die genres nie noodwendig in alle fases gebruik nie. Die agt segmente is: onder meer **Prenteboeke, Tradisionele literatuur, Fantasieverhale, Realiteitsverhale, Geskiedkundige literatuur, Biografieë** en **Drama**. Elke segment is onderverdeel in vyf dele: **Gepaste fase, Eienskappe, Doel, Evaluasie en Narratiewe**


elemente en **Soorte/subgenres**. In die eerste plek word daar aangedui vir **watter fase** die soort verhaal die geskikste is. Die **eienskappe** van die spesifieke genre word daarna aangedui. Die **doel** van die genre word bespreek en ook die redes waarom dit belangrik sal wees dat onderwysers van die spesifieke soort genre gebruik maak. Daar word verder aangedui wat die **belangrikste elemente** is waarna gekyk moet word wanneer die soort genre geëvalueer word, en laastens word die **subgenres** onder die spesifieke kategorie uitgewys. Daar word nie met hierdie hulpmiddel beoog dat dit die enigste bron van inligting kan en moet wees nie, maar dit kan dien as ’n eenvoudige en vinnige wyse om inligting oor die spesifieke genre te bekom.

In Figuur 8.3 word die narratiewe elemente vir die onderwyser uiteengesit. Die boonste laag van Figuur 8.3 is so ontwerp dat dit aansluit by die inhoud van die inligting wat vervat is in die segmente onder die boonste laag. Daar is besluit om die kleur op die boonste laag so ver moontlik neutraal te hou omdat die segmente in verskillende kleure uitgebeeld word. Die boonste laag word dan met ’n draai-aksie geskuif om slegs een segment op ’n slag te vertoon sodat onderwysers slegs die inligting wat belangrik is, maklik kan sien.

Die onderste sirkel in Figuur 8.3 is in nege segmente verdeel. Elke segment verduidelik een spesifieke narratiewe element wat van belang is by kinder- en jeugliteratuur (soos in Hoofstuk 5 uiteengesit) om dit vir die onderwyser makliker te maak. Volledigheidshalwe is daar besluit om al die elemente in te sluit, asook hoe leesbaarheid bepaal kan word en hoe illustrasies ’n rol kan speel. Die nege segmente is: **Leesbaarheid, Verteller, Fokalisator, Karakterisering, Ruimte, Tyd, Gebeure, Illustrasies** en **Tema of onderwerp**. Elke segment is onderverdeel in twee dele: **Kenmerke** en **Onderwyser kan vra**. Die **kenmerke** is ’n eenvoudige verduideliking van wat elk van die elemente behels en hoe dit die verhaalaspekte moontlik kan beïnvloed. Die tweede deel, **Onderwyser kan vra**, hou verband met die vrae wat die onderwyser kan vra om wie, wat en hoe ten opsigte van die spesifieke element te bepaal. Sou daar bepaal moet word wie die verteller van ’n verhaal is, kan die onderwysers die vrae ingesluit in gedeeltes soos **Wie vertel?** vra (vir ’n volledige bespreking van die aspekte sien Hoofstuk 4 en 5). Om die leesbaarheid van ’n teks te bepaal, is die misindeks (soos bespreek in Hoofstuk 4) hier geïnkorporeer sodat die onderwyser vinnig kan bepaal wat die leesbaarheid van die teks is.

Hierdie hulpmiddels sal ook elektronies beskikbaar wees. Raadpleeg Bylaag B vir die elektroniese weergawe daarvan.

- Die voorbeelde wat hier gegee word van die hulpmiddels is slegs die voorblaaie, dit is nie moontlik om die volledige hulpmiddels hier in te sluit nie. Kontak die navorser vir voorbeelde van die hulpmiddels.



Figuur 8.2: Hulpmiddels vir kinder- en jeugliteratuur – letterkunde



Figuur 8.3: Hulpmiddels vir kinder- en jeugliteratuur – letterkunde

8.9.4.2 Hulpmiddel vir poësie

Die hulpmiddel vir poësie is vir hierdie professioneleontwikkelingsprogram ontwerp sodat onderwysers inhoudskennis oor die verskillende soort gedigte wat in KJL gebruik word en die aspekte waarna opgelet moet word wanneer poësie geïnterpreteer en geëvalueer word, maklik en op ’n eenvoudige wyse kan naslaan. Daar is besluit om die uitleg van ’n wiel te gebruik omdat die segmente die poëtiese elemente en soorte poësie van mekaar kan skei (Figure 8.4 en 8.5). Daar is gepoog om die belangrikste inligting op ’n eenvoudige wyse weer te gee.

8.9.4.2.1 Werking en uitleg van die hulpmiddel vir poësie


In Figuur 8.4 word ’n verduideliking gegee van wat poësie is asook van die poëtiese elemente waarna daar opgelet moet word wanneer ’n gedig in die klas behandel word. Die boonste laag van Figuur 8.4 is so ontwerp dat dit aansluit by die inhoud van die inligting wat in die segmente onder die boonste laag vervat is. Daar is besluit om die kleur op die boonste laag so ver moontlik neutraal te hou omdat die segmente in verskillende kleure uitgebeeld word. Die boonste laag word dan met ’n draai-aksie geskuif om slegs een segment op ’n slag te vertoon sodat onderwysers slegs die inligting wat belangrik is, maklik kan sien.

Die onderste sirkel van Figuur 8.4 is in sewe segmente verdeel. Elke segment verduidelik een spesifieke poëtiese element wat van belang is by kinder- en jeugpoësie (soos in Hoofstuk 5 uiteengesit) om dit vir die onderwyser maklik te maak. Die onderste wiel is in sewe segmente verdeel, **Wat is poësie, Beeldspraak as sintuiglike visuele element** en **Beeldspraak as figuurlike visuele element, Klank sluit in: rym, ritme** en **alliterasie**. In elke segment word daar verduidelik wat met die terme bedoel word en hoe dit in gedigte sou voorkom (vir ’n volledige bespreking van die aspekte sien Hoofstuk 4 en 5).

In Figuur 8.5 is ’n verduideliking van verskillende soorte poësie, wat veral in die grondslag- en intermediêre fase van belang is, bespreek. Die boonste laag in Figuur 8.5 is so ontwerp dat dit aansluit by die inhoud van die inligting wat in die segmente onder die boonste laag vervat is. Daar is besluit om die kleur op die boonste laag so ver moontlik neutraal te hou omdat die segmente in verskillende kleure uitgebeeld word. Die boonste laag word dan met ’n draai-aksie geskuif om slegs een segment op ’n slag te vertoon sodat onderwysers slegs die inligting wat belangrik is, maklik kan sien.

Die onderste sirkel van Figuur 8.5 is in agt segmente verdeel. Elke segment verduidelik ’n spesifieke poësie soort wat by kinder- en jeugpoësie van belang is by die grondslag- en intermediêre fase (soos in Hoofstuk 5 uiteengesit) om dit vir die onderwyser makliker te maak. Die agt segmente is **Hoekom is verskillende soorte belangrik, Narratiewe poësie, Liriese poësie, Limerieke, Konkrete poësie, Haikoe, Nonsens of humoristiese poësie** en **Vrye verse**. In elke segment word die eienskappe van daardie soort poësie uiteengesit om die onderwyser te help om ’n onderskeid te tref tussen die verskillende soorte.

.



Figuur 8.4: Hulpmiddel vir poësie



Figuur 8.5: Hulpmiddel vir poësie

Hierdie hulpmiddels sal ook elektronies beskikbaar wees. Raadpleeg Bylaag B vir die elektronies weergawe daarvan.

8.9.4.3 Hulpmiddel vir leeslyste, lesbeplanner en genres

Die hulpmiddel vir leeslyste, lesbeplanner en genre wat vir die professioneleontwikkelingsprogram saamgestel is, is ’n boekie in die vorm van ’n kalender wat op die onderwyser se tafel kan staan. In hierdie hulpmiddel word daar verskeie aspekte saamgevat om aan onderwysers gepaste inhoud te gee en aan te dui hoe die inhoud gebruik kan word om KJL by die onderrig te inkorporeer. In hierdie hulpmiddel is die onderstaande inligting vervat:

a) Oorsig van Taalvaardighede: Graad 1 tot 3
b) Verspreiding van tekste en oorsig van Taalvaardighede Graad 4 tot 6
c) Leeslys – Taalonderrig
d) Leeslys – Kognitiewe ontwikkeling
e) Leeslys – Persoonlikheidsontwikkeling
f) Leeslys – Sosiale ontwikkeling
g) Lesbeplanning
h) Verskil tussen fantasie en tradisionele literatuur
i) Kinder- en jeugliteratuur genre, sub-genre en eienskappe

Punte (a) en (b) gee aan onderwysers ’n oorsig oor die taalvaardighede soos uiteengesit in die KABV vir die onderrig van Afrikaans Huistaal. Daar word verder vir onderwysers voorstelle gemaak van boeke wat hulle moontlik kan gebruik om hierdie taalvaardighede te onderrig.

Punte (c), (d), (e) en (f) is ’n opsomming van die ontwikkelingsfases waardeur kinders tussen die ouderdomme 2 en 14 gaan ten opsigte van taalontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, persoonlikheidsontwikkeling en sosiale ontwikkeling. Pedagogiese riglyne ten opsigte van wat met die leerders gedoen kan word om spesifieke aspekte verder te ontwikkel en daarmee saam KJL wat in elke ontwikkelingsfase gebruik kan word, word in ooreenstemming met die ontwikkelingsfases gegee.

In afdeling (g) word ’n lesbeplanner voorgestel wat onderwysers by die beplanning van Afrikaans Huistaal-lesse kan gebruik.

In (h) word die verskil tussen fantasieverhale en tradisionele literatuur vir onderwysers uiteengesit omdat onderwysers daaroor onseker was. Die inhoud van hierdie afdeling maak dit vir onderwysers moontlik om vinnig en maklik tussen fantasieverhale en tradisionele literatuur te onderskei.

Punt (i) verwys na die genres en sub-genres sodat onderwysers die eienskappe van genres maklik kan naslaan en ook op ’n eenvoudige wyse kan onderrig.

’n Voorbeeld van hierdie hulpmiddel is in die ingebinde koevert. Hierdie hulpmiddel kan van groot waarde wees tydens die professioneleontwikkelingsprogram omdat dit nie net die inhoudskennis en vaardighede om KJL te integreer in die klaskamer verskaf nie, maar dit dien ook as onderrigmiddel tydens die professioneleontwikkelingsprogram. Hierdie hulpmiddel sal ook elektronies beskikbaar wees. Raadpleeg Bylaag B vir die elektroniese weergawe.

Alhoewel die inhoudskennis wat in die professioneleontwikkelingsprogram aangebied word belangrik is, sal daar ook in die besonder gekyk word na die vaardighede wat onderwysers moet hê wanneer dit by die integrasie van KJL tydens die onderrig van Afrikaans in die klaskamer kom.



Figuur 8.6: Hulpmiddel vir leeslyste, lesbeplanner en genres

8.9.5 Gebruik van inhouds- en pedagogiese kennis ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur vir graad 1 en graad 3 as voorbeelde

Nadat die inhouds- en pedagogiese kennis tydens die professioneleontwikkelingsprogram met onderwysers deurgewerk is, word daar prakties aan hulle gedemonstreer hoe hierdie inhouds- en pedagogiese kennis gebruik kan word om Afrikaans Huistaal te onderrig. Die lesbeplanner wat hier voorgestel word as deel van die professioneleontwikkelingsprogram, is ontwikkel na aanleiding van die evaluering van lesbeplanning soos vervat in die geïntegreerde gehaltebestuurstelsel (IQMS, 2003:6,29).

Lesplan: Grondslagfase graad 1

Algemene inligting				**Taalaktiwiteite betrokke: Skryf, lees en kyk**	
Skool:	Wonderlandskool	**Kwartaal:**	Kwartaal 2 (KABV, bl. 60 & 61)	**Tyd:**	30 min
Onderwyser:	Onderwyser Anoniem	**Graad:**	Graad 1	**Datum:**	22 April 2013
Onderwerp:	Die letter **k**	**Vak:**	Geletterdheid	**Tema:**	Katte

Tekskeuse	
Teks	**Rede**
Die letter k in *Danie Dreyer en die dinosouruseier*	Daar is op dié teks besluit omdat die teks nie net met behulp van ’n rympie die klank aan leerders leer nie, maar ook omdat die illustrasies leerders sal help om die klank aan te leer. Daar is ook besluit om gebruik te maak van ’n rympie in dié geval omdat leerders rympies maklik onthou.

Kennis, vaardighede en kognitiewe prosesse					
Kennis		**Vaardighede**		**Kognitiewe prosesse**	
	Feitelike kennis	**X**	Implementering		Ontwerp
X	Konseptuele kennis		Uitvoering	**X**	Evalueer
	Prosedurele kennis	**X**	Gebruike	**X**	Analiseer
	Metakognitiewe kennis			**X**	Begryp
				X	Onthou

Bronne, ondersteuningsmateriaal en lesdoelstellings	
Bronne:	*Danie Dreyer se dinosouruseier en ander alfabetpret*, die letter **k**, sien Figuur 8.7. Om te bepaal watter soort boek dit is en wat die doel van die boek is, word daar gekyk na die hulpmiddel soos uiteengesit in Figuur 9.2. Volgens hierdie hulpmiddel is dit ’n prenteboek wat leerders se visuele geletterheid ontwikkel en aan die leerder die geleentheid gee om self te lees, self te ontdek en te interpreteer.
Leerondersteuningsmateriaal:	*Danie Dreyer se dinosouruseier en ander alfabetpret*, die letter **k**, sien Figuur 8.7. Alfabetkaarte vir die aanleer van skryf. Kaarte met woorde wat leerders toelaat om die letter **k** uit te ken.
Onderrig-ondersteuningsmateriaal:	*Danie Dreyer se dinosouruseier en ander alfabetpret*, die letter **k**, sien Figuur 8.7. Gebruik Figuur 8.3 om leerders te help om die verhaal volgens narratiewe elemente te ondersoek. Daar kan gevra word wie hulle in die prentjie sien, waar die toneel afspeel, ensovoorts. Alfabetkaarte vir die aanleer van skryf.
Uitgebreide geleenthede:	Bring prente saam na die les waar daar van leerders verwag word om prente uit te ken waarin die letter **k** voorkom.

Struikelblokke t.o.v. leer:	Die leerders kan dit moontlik moeilik vind om die **k** klank aan te leer. Die agtergrond van woorde wat in die teks gebruik word, moet verduidelik word. Illustrasies wat saam met die teks verskyn, kan in dié verband gebruik word.
Lesdoelstellings:	Aan die einde van hierdie les moet die leerders in staat wees om: • die **k**-klank te kan uitspreek • die **k** in woorde te kan herken • begin om die **k** te kan skryf

Inleidende fase		**Tydsduur: 5 min**	
Inhoud	**Onderwyseraktiwiteite**	**Leerderaktiwiteite**	**Assessering**
Agtergrondskepping Skep regte atmosfeer vir die les	Gebruik die prent wat in die vorige les gebruik is (sien Figuur 8.8) om 'n goeie atmosfeer te skep met 'n grappige prentjie. Die letter **j** is reeds in 'n vorige klas gedoen en word hier slegs as die oproep van vorige kennis gebruik.	Laat die leerders toe om te reageer op die prentjie en daaroor te praat. Dit sal vorige kennis oproep en leerders voorberei op dit waaroor die les sal handel.	Luister na wat die leerders sê. Dit sal die onderwyser 'n aanduiding gee van wat hulle reeds weet.
Aktualisering van voorkennis Toets voorkennis sodat jy kan vasstel wat hulle alreeds weet	Vra die leerders oor die prentjie uit en laat hulle die rympie wat daaraan gekoppel is, voordral.	Leerders sal op hul eie manier die rympie voordra . Dit is egter nie nodig dat leerders die rympie woord vir woord voordra nie.	Die leerders is veronderstel om te weet wat die rympie rondom die prentjie is, omdat dit in vorige lesse behandel is.
Probleemstelling Stel 'n duidelike probleem wat as inleiding dien vir die nuwe inhoud. Dit is gewoonlik in die vorm van 'n vraag.	Stel dié vraag aan die leerders: Watter klank/letter dink julle is volgende aan die beurt?	Die leerders sal verskillende letters noem en as een die regte een noem, sal dit 'n goeie inleiding wees tot nuwe klank.	Daar is geen assessering betrokke by die geleentheid nie.


Aanbiedingsfase – Onderrig en leerfase		**Tydsduur: 20 min**	
Inhoud	**Onderwyseraktiwiteite**	**Leerderaktiwiteite**	**Assessering**
Eksposisie van nuwe leerinhoud Nuwe werk wat ek (die onderwyser) gaan aanleer. Skryf volledig uit.	Die rympie soos in Figuur 8.7 word aan die leerders voorgelees. Vra die leerders of daar enige letters is wat anders as die ander letters lyk. Laat die leerders die letter self beskryf en laat hulle die klank agterna sê tot hulle gemaklik is met die uitspraak. Wys aan die leerders dat, wanneer die letter langs ander letters/klanke	Leerders luister na die rympie en ken daarna die letters wat in blou is, uit omdat hulle anders lyk as die ander letters. Wanneer woorde en die klank **k** aan die leerders genoem word, moet hulle die woorde en klanke agternasê.	Maak seker dat die leerders mooi oplet na die rympie en die klank agterna kan sê en dit in die storie wat gelees word, kan uitken.

	wat hulle reeds ken, staan, dit woorde vorm. Vra die leerders ook wie troeteldiere soos Karel het en laat hulle daaroor praat. Vra die leerders watter ander diere hulle ken waarvan die naam met ’n **k** begin. Wys aan die leerders die skryfkaart soos in Figuur 8.9 en laat hulle die vorm naboots.	Leerders vertel van hulle troeteldiere, in die besonder katte. Leerders vertel van ander diere soos koedoe, kameelperd, ens wat ook met ’n **k** begin. Leerders kyk na die skryfkaart en teken die **k** soos op die skryfkaart na.	
Funksionalisering Na my les gee ek ’n opdrag om te kyk of leerders verstaan het wat ek verduidelik het. Skryf volledig uit wat dié opdrag behels.	Gebruik die rympie wat gelees is, en laat die leerders nou die **k** uitken. In dié geval sal die **k**’s nie blou wees nie, maar soos die ander letters lyk. Skryf woorde uit die teks op die bord en laat leerders die konsonante verander en ander woorde bou.	Leerders moet die **k** uitwys en hardop sê wanneer hulle die klank omkring. Leerders lees die woorde op die bord en stel ander konsonante voor om nuwe woorde te bou.	Maak seker dat al die leerders al die **k**’s kon uitken en luister hoe die leerders die klank uitspreek.
Onderrigstrategieë Direkte metode, groepwerk, selfontdekking, vraag en antwoord, demonstrasies, eksperimente, navorsing	Selfontdekking, demonstrasies (sien Figuur 9.8 en Figuur 9.9)	Leerders moet self ontdek hoe die **k** lyk, en daar sal aan die leerders gedemonstreer word hoe ’n die **k** vorm. Leerders moet die demonstrasie volg.	Kyk of die leerders die eienskappe van die **k** op hulle eie ontdek het en of hulle die demonstrasie in hulle werkboeke kon naboots.


Afsluitingsfase		**Tydsduur: 5 min**	
Inhoud	**Onderwyseraktiwiteite**	**Leeraktiwiteite**	**Assessering**
Assessering Ek wil vasstel: Het ek die uitkomste met my les bereik? Skryf neer wat jy wou bereik.	Laat die leerders herhaaldelik die letter **k** in hulle boeke oorskryf tot hulle dit met gemak kan doen. Die leerders kry ’n groot **k** waarop hulle ’n prentjie kan teken om die inligting vas te lê.	Leerders skryf die **k** in hulle werkboeke en word aangemoedig om ’n prentjie daarvan te maak.	Maak seker dat al die leerders die **k** in hulle boeke kan skryf en herhaal **k** gereeld.
Tuiswerk Laat hulle iets gaan uitvind of prente uitknip, ens. Dit moet aansluit by nuwe inhoud en uitkomste.	Leerders moet die letter **k** oefen in die werkkaart (sien Figuur 8.11). Leerders moet 5 prentjies van iets wat die letter **k** bevat by die huis teken. Dit word op dié manier gedoen sodat leerders iets uit hulle agtergrond kan teken en sodat hulle fyn motoriese vaardighede oefen.	Leerders moet prente gaan soek en in hulle boeke plak, en nog twee reëls van die **k** by die huis in hulle boeke oorskryf.	Daar sal gekyk word of die leerders die 5 prentjies of woorde het en of hulle twee lyntjies geoefen het. Daar word nie ’n formele punt hiervoor gegee nie. Leerders word met sterretjies beloon.

Assessering van klas- of tuiswerk				
Soort assessering	Formeel	**X** **Informeel**	**Wat word geassesseer?**	Die leerders se reëls van die letter **k** en die leerders se vermoë om die letter in tekste uit te ken of om die klank met prente te assosieer.
Wie assesseer?	Onderwyser self		**Hoe word geassesseer?**	Die onderwyser stap na elke leerder se toe en kyk na die werk waarna die leerders ’n ster of kol kry vir hulle werk.
Wanneer word geassesseer?	Die dag nadat die tuiswerk voltooi moes wees.		**Waar word geassesseer?**	In die klaskamer


Refleksie en opmerkings	
Reflektering vir aksie: Het jy met die les bereik wat jy beplan het? Waar kan jy verbeter?	Daar is in die les bereik wat bereik wou word. Leerders kan die **k** uitken en kan die klank met prente wat met die individuele leerder se woordeskat verband hou, assosieer.
Reflektering oor aksie: Ná die les: Wat was goed? Wat sal jy verander? Wat sal jy byvoeg?	Word na die afloop van die les ingevul.
Opmerkings:	
Departementshoof se opmerkings:	




Figuur 8.7: Teks soos gebruik vir les 1
(Jacobs, 2011:k)




Figuur 8.8: Oproep van voorkennis



Figuur 8.9: Skryfkaart vir die letter k



Figuur 8.10: Kaarte waar leerders die k moet herken



Werkkaart: Die letter 'k' Wonderlandskool

Graad 1: Geletterdheid

Skryf die 'k' tot aan die einde van die lyntjies

K K K K

K K K

K K

K

k k k k

k k k

k k

k

Teken 4 prentjies wat met 'n 'k' begin hier. Probeer skryf wat hulle is.

Figuur 8.11: Werkkaart vir die letter k

Lesplan: Grondslagfase graad 3

Algemene inligting				**Taalaktiwiteite betrokke: Luister en praat, skryf, lees en klank**	
Skool:	Wonderlandskool	**Kwartaal:**	2de kwartaal (KABV bl. 110)	**Tyd:**	30 min
Onderwyser:	Onderwyser Anoniem	**Graad:**	Graad 3	**Datum:**	22 April 2013
Onderwerp:	Lettergrepe	**Vak:**	Geletterdheid	**Tema:**	Diere

Kennis		**Vaardighede**		**Kognitiewe prosesse**	
	Feitelike kennis	**X**	Implementering		Ontwerp
X	Konseptuele kennis		Uitvoering	**X**	Evalueer
	Prosedurele kennis		Gebruike	**X**	Analiseer
X	Metakognitiewe kennis			**X**	Begryp
					Onthou

Tekskeuse	
Teks	**Rede**
“Welkom, Willemien!” uit *Die avonture van Wilde Willemientjie* deur Riana Scheepers	Daar is op dié teks besluit omdat die teks steeds van rym gebruik maak wat dit vir graad 3 aangenaam sal maak. Daar is ook verder op die teks besluit omdat dit avontuurlustigheid as tema het. Daar is genoegsame woorde van die geskikte moeilikheidsgraad in die teks wat leerders se woordeskat sal uitbrei. *Die avonture van Wilde Willemientjie* kan as ’n prenteboek beskou word en die illustrasies betrek die leerders by die verhaal. Leerders kan verder aangemoedig word om die karakter en haar omstandighede te ondersoek wat hulle letterkundige bewustheid sal bevorder.

Bronne, ondersteuningsmateriaal en lesdoelstellings	
Bronne:	*Die avonture van Wilde Willemientjie*
Leerondersteuningsmateriaal:	Hulpmiddels soos in Figuur 8.2
Onderrig-ondersteuningsmateriaal:	*Die avonture van Wilde Willemientjie* – “Welkom Willemientjie”
Uitgebreide geleenthede:	Die verhaal bied aan leerders wat al in sulke situasies was, die geleentheid te gee om daaroor te praat of te vertel, sou hulle dit nodig vind.
Struikelblokke t.o.v. leer:	Wees voorbereid daarop dat daar leerders kan wees wat al in die huis was toe ’n inbreker by hulle ingebreek het. Gebruik die geleentheid om hierdie vrese in leerders die hoof te bied deurdat die leerders die geleentheid kry om daaroor te praat of vir die klas daarvan te vertel. Probeer om die leerder veilig te laat voel deur te vertel wat hulle kan doen indien daar iemand sou inbreek.
Lesdoelstellings:	Verdeel woorde in die teks in lettergrepe. Gee aan leerders die geleentheid om na die storie te luister en hulle mening daaroor te lug en redes te gee waar nodig.

	Laat leerders oor hulle persoonlike ervarings praat indien dit met die storie verband hou. Herken en identifiseer die verwantskap tussen oorsaak en gevolg in die storie. Identifiseer die probleem en dink aan ’n oplossing – les kan gebruik word om lewensvaardighede aan leerders oor te dra.

Inleidende fase		**Tydsduur: 5 min**	
Inhoud	**Onderwyseraktiwiteite**	**Leerderaktiwiteite**	**Assessering**
Agtergrondskepping Skep atmosfeer vir die les	Lees die eerste twee bladsye van die teks vir die leerders en laat hulle daarop reageer. Vra dat die leerders voorspel wat in die res van die verhaal gaan gebeur.	Leerders luister na die eerste twee bladsye van die teks. Laat leerders daaroor gesels en aan die onderwyser vertel wat hulle dink verder in die verhaal gaan gebeur.	Luister na die leerders se interpretasie van die prente en die eerste twee bladsye van die teks. Luister na die leerders se voorspellings van wat in die verhaal gaan gebeur.
Aktualisering van voorkennis Toets voorkennis, sodat jy weet wat hulle alreeds weet.	Vra die leerders om sekere woorde in die teks agterna te sê om seker te maak dat die leerders klanke en letters in woorde kan uitken.	Leerders lees die teks saam en probeer die langer woorde agternasê. Leerders demonstreer op dié wyse dat hulle klanke en woorde kan herken.	Luister hoe leerders die woorde en klanke uitspreek en help die leerders indien hulle klanke op enige wyse verkeerd uitspreek.
Probleemstelling Stel ’n duidelike probleem wat as inleiding vir die nuwe inhoud dien. Gewoonlik in die vorm van ’n vraag.	Lees die res van die storie aan die leerders voor en praat met hulle oor die voorspellings wat hulle gemaak het. Gebruik verder die woord **rondklouter** en vra die leerders om die woord te spel. Wanneer die leerders sukkel, sê aan vir hulle dat dit makliker sal wees wanneer die woord in kleiner deeltjies verdeel word.	Leerders luister na die res van die teks en reageer daarop. Leerders sal verder die woord **rondklouter** lees. Party leerders sal dit maklik kan lees en ander leerders sal moontlik sukkel. Leerders word toegelaat om te ontdek dat die woord in kleiner deeltjies verdeel kan word.	Luister na leerders se reaksie op die teks. Luister na hoe die leerders die moeilike woorde in die teks lees en reageer wanneer hulle moontlik sukkel met moeilike woorde.

Aanbiedingsfase – Onderrig en leerfase		**Tydsduur: 20 min**	
Inhoud	**Onderwyseraktiwiteite**	**Leerderaktiwiteite**	**Assessering**
Eksposisie van nuwe leerinhoud: Nuwe werk wat ek gaan aanleer. Skryf volledig uit.	Die gebruik van lettergrepe word aan die leerders verduidelik. Die beste manier om dit te doen, is om moeilike woorde uit die teks te haal en leerders te laat klap wanneer	Leerders luister en kyk na die woorde wat op die bord geskryf is. Die onderwyser behandel elke woord afsonderlik en moedig die leerders aan om die woorde saam met	Soos die leerders die woorde klap om die lettergrepe aan te dui, word die manier waarop die leerders dit klap, in die woorde op die bord aangedui. Deurgaans word daar geluister na

	lettergrepe in die woord onderskei kan word. Die woorde word op die bord geskryf. Woorde vanuit die teks wat hiervoor gebruik kan word, is onder meer: **Mamma**, **baba**, **engeltjie**, **bondeltjie**, **roosknop**, **soenbaar**, **stokou**, **vinnig**, **meisie**, **vlamme**, **ogies**, **wakker**, **heldergroen**, **ertjies**.	hom/haar uit te klap om die lettergrepe aan te dui.	hoe die leerders dit klap en daar word gekorrigeer indien dit nodig is.
Funksionalisering Ná my les gee ek ’n opdrag om te kyk of leerders verstaan het wat ek verduidelik het. Skryf volledig uit wat die opdrag behels.	Op die werkkaart (Figuur 8.13) is daar ’n gedeelte wat in die klas voltooi moet word. Doen die eerste paar woorde in die klas saam met die leerders om seker te maak dat hulle die opdrag en die begrip **lettergrepe** verstaan.	Leerders doen saam met die onderwyser die eerste paar woorde op die werkkaart, klap die woorde saam met die onderwyser uit en werk daarna op hulle eie.	Sien toe dat die leerders die woorde wat saam gedoen word, op die regte wyse in lettergrepe verdeel.
Onderrigstrategieë Direkte metode, groepwerk, selfontdekking, vraag en antwoord, demonstrasies, eksperimente, navorsing	Direkte metode, demonstrasie en selfontdekking.	Leerders luister hoe lettergrepe werk, hulle kyk hoe die onderwyser een woord in lettergrepe verdeel en ontdek self hoe die ander woorde in lettergrepe verdeel kan word.	Luister of die leerders tydens hulle selfontdekking die woorde op die korrekte wyse in lettergrepe verdeel.

Afsluitingsfase		**Tydsduur: 5 min**	
Inhoud	**Onderwyseraktiwiteite**	**Leerderaktiwiteite**	**Assessering**
Assessering Ek wil uitvind: Het ek die uitkomste met my les bereik? Skryf neer wat jy wou bereik.	In hierdie les is die begrip **lettergrepe** aan leerders oorgedra. Na afloop van die les moet leerders in staat wees om sekere woorde in lettergrepe te kan verdeel.	Leerders ontwikkel die vermoë om woorde in lettergrepe te verdeel.	Geen assessering is betrokke nie behalwe vir die tuiswerk.
Tuiswerk Leerders moet iets gaan uitvind of prente uitknip, ens. Dit moet by nuwe inhoud en uitkomste aansluit.	Leerders moet die werkkaart verder voltooi en by die huis klaarmaak.	Leerders maak die werkkaart by die huis klaar of, indien daar tyd is, in die klas.	Daar word in die klas toegesien dat die leerders die eerste paar woorde regkry en indien dit nodig is, word leerders wat sukkel, individueel gehelp.


Assessering van klas- of tuiswerk				
Soort assessering	Formeel	**X Informeel**	**Wat word geassesseer?**	Leerders se vermoë om woorde op die werkkaart in lettergrepe te verdeel.
Wie assesseer?	Onderwyser self		**Hoe word geassesseer?**	Daar word by die leerders se banke omgegaan en na hulle werk gekyk waarna die leerders ’n ster of kol kry vir hulle werk.
Wanneer word geassesseer?	Die dag nadat die tuiswerk voltooi moes wees.		**Waar word geassesseer?**	In die klaskamer


Refleksie en opmerkings	
Reflektering vir aksie: Het jy met die les bereik wat jy beplan het? Waar kan jy verbeter?	Word na die afloop van die les ingevul.
Reflektering oor aksie: Ná die les: Wat was goed? Wat sal jy verander? Wat sal jy byvoeg?	Word na die afloop van die les ingevul.
Opmerkings:	
Departementshoof se opmerkings:	



Figuur 8.12: Welkom, Willemien![2]

[2] Wanneer daar na Figuur 8.12 verwys word, word daar na die hele verhaal verwys


Die mense op De Compagnie
is almal vreeslik bly
uiteindelik het dié stokou plaas
’n kind - én ’n nuwe baas - gekry!
Willemientjie is haar naam
Du Pisani is haar van
vinnig word ons meisie groot
sy doen dit presiés volgens plan
Wilde woeste haartjies het sy
dit staan soos vlamme om haar kop
haar ogies, wakker, heldergroen
is nes twee ertjies in ’n dop
Boeliê



In week een kry sy haar eerste tand
in week twee kruip sy al rond
Willemien is ’n kind van hierdie land
sy eet gróót bakke heerlike grond
Sy knaag spoortjies in al die appels
en knibbel wortels soos ’n muis
sy verorber stukke sjokoladekoek
drink die laaste melk in die kombuis
Mamma sug: “O neee . . .”
Pappa brom: “Ag jaaa . . .
Waar krý ons hierdie wilde kind,
het die Suidoos haar ingedra?”



Van slaap wil Willemien niks weet
van rus en stilte nog veel minder
buite rondklouter in die bome - ja!
en kerjakker met ’n vlinder

’n Skewe bek trek sy
vir babapap en groente
maar tjops en wors, dié slaan sy weg,
eet kerrie sonder ’n gedoente


Tannie Sêra kom nader van haar huis
om Willemien op die rug te dra
Dié juffer skop en skree iets vreesliks
“As ek ’n baba wil wees, sal ek daarvoor vra!”




Mamma hou haar voorkop vas
Pappa se bril sit skeef
die kat hol skoon uit die huis uit weg
want Willemientjie kom nou éérs op dreef

Boelie die hond word soos ’n perd gery
hy doen al blaffend mee
die kat se stert word raakgetrap
die naaste bure hoor hom skree!


Die hele huis is omgedolwe
die tweetjies het groot pret
die gordyne word geskeur aan flarde . . .
tot Ma terstond dié spel belet!


Oupa en Ouma Du Pisani
kom kuier van die see
hulle wil hul wilde kleinkind sien
en Ma en Pa bietjie hulp kom gee
Willemientjie sien hulle aankom
en is die grootste skat
soet soos stropies sit sy daar
en speel liefies met die kat
“My skáttebol,” sê haar oupa
en swaai haar twaalf keer in die rondte,
“jou pa en ma oordryf totaal
oor al jou kammastagge sonde.”
“Jy’s puur prinsessie,” koer haar ouma,
“die liefste liefling in die land,
jou mamma jok oor al jou streke
kyk hoe mooi is alles aan die kant!”


Willemientjie leer die diere ken
die voëltjies in die lug
Eekhoring word haar maatjie
ook die paddas by die brug
Mamma sê: “Pasop vir Leeu,
pasop vir Valk, pasop vir Slang!”
Willemientjie lag - dis dan haar vriende
vir húlle is sy nie bang!


Arend vat haar hoog die wolke in
laataand kom sy eers terug
Leeu laat haar sy maanhaar vleg
sy ry op Bobbejaan se rug
Wat sal Mamma een oggend sien
toe sy die wasgoed doen?
Willemien het ’n skurwe skerpioen
wat sy op die bek wil soen!


Laataand lê die liewe ding
vaak en rustig in haar bed.
Dît was nou ’n lekker dag, dink sy,
maar . . .
wat gaan môre vir my bring?



Werkkaart: Lettergrepe Datum: _____ Wonderlandskool

Graad 3: Geletterdheid

Verdeel die volgende woorde in lettergrepe deur om 'n '-' tussen die verskillende dele van die woord te sit.

Voorbeeld: hierdie: hier-die

minder	_____	bril	_____
rondklouter	_____	gery	_____
kerjakker	_____	bure	_____
babapap	_____	hele	_____
vreesliks	_____	tweetjies	_____
sonde	_____	liefling	_____
prinsessie	_____	paddas	_____
wolke	_____	skurwe	_____
bek	_____	wasgoed	_____

Wat dink jy gaan Wilde Willemietjie môre doen?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Figuur 8.13: Werkkaart: Lettergrepe graad 3

8.9.6 Gebruik van inhouds- en pedagogiese kennis ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur graad 4 en graad 6

Lesplan: Intermediêre fase graad 4

Algemene Inligting			**Taalaktiwiteite betrokke: Lees, kyk en skryf**		
Skool:	Wonderlandskool	**Kwartaal:**	**Eerste kwartaal** (KABV, bl. 36) **Week 9–10**	**Tyd:**	30 min
Onderwyser:	Onderwyser Anoniem	**Graad:**	Graad 4	**Datum:**	22 April 2013
Onderwerp:	Interpretasie van ’n gedig	**Vak:**	Afrikaans Huistaal	**Tema:**	Groente

Kennis, vaardighede en kognitiewe prosesse					
Kennis		**Vaardighede**		**Kognitiewe prosesse**	
	Feitelike kennis		Implementering		Ontwerp
X	Konseptuele kennis	**X**	Uitvoering	**X**	Evalueer
X	Prosedurele kennis		Gebruike	**X**	Analiseer
	Metakognitiewe kennis				Begryp
					Onthou

Tekskeuse	
Teks	**Rede**
“Mielies het nie maniere nie” (uit *Wurms met tamatiesous* van Jaco Jacobs)	Daar is op dié poësie as genre besluit omdat die teks aansluit by wat deur die KABV vir hierdie week aanbeveel word, naamlik luister na, lees en skryf ’n gedig. Leerders moet onder meer die hoofgedagte kan herroep, die sentrale gedagte identifiseer, eie ervaring weergee, ritme identifiseer en hulle gevoelens daaroor uitdruk. Daar is op die spesifieke gedig besluit omdat leerders van dié ouderdom in die meeste gevalle nie altyd groente wil eet nie en groente ’n sentrale tema is wat spreek tot die diverse klasomgewing. Die tema van die teks kan ook goed aansluit by ander vakke soos Lewensoriëntering en Sosiale Wetenskappe.

Bronne, ondersteuningsmateriaal en lesdoelstellings	
Bronne:	Mielies het nie maniere nie (uit *Wurms met tamatiesous* deur Jaco Jacobs)
Leerondersteuningsmateriaal:	Mielies het nie maniere nie
Onderrig-ondersteuningsmateriaal:	Mielies het nie maniere nie
Uitgebreide geleenthede:	Gebruik die geleentheid om leerders te laat nadink oor die teks en daarop te reageer.
Struikelblokke t.o.v. leer:	Leerders kan twyfel oor hulle eie interpretasie van die teks. Leerders moet aangemoedig word om hulle mening te lug en oor die teks te praat.
Lesdoelstellings:	Om die hoofgedagte van die gedig te identifiseer en eie gevoelens daaroor oor te dra. Die vermoë om ritme en rym te identifiseer en die uitwerking daarvan te beskryf.

Inleidende Fase		**Tydsduur: 5 min**	
Inhoud	**Onderwyseraktiwiteite**	**Leerderaktiwiteite**	**Assessering**
Agtergrondskepping Skep regte atmosfeer vir die les	Vra die leerders wat hulle gunstelinggroente is en watter een hulle glad nie eet nie.	Leerders sal wil vertel van watter groente hulle hou en van watter hulle niks hou nie.	Op dié stadium is daar geen assessering betrokke nie; daar word bloot lekker gesels in die klas.
Aktualisering van voorkennis Toets voorkennis sodat jy weet wat hulle alreeds weet	Lees die titel van die gedig aan die leerders voor. Vra die leerders of hulle aan enige woorde kan dink wat rym met **mielies** en **maniere**. Indien die onderwyser self nie seker is van ritme en rym nie, kan die onderwyser die hulpmiddel gebruik.	Leerders moet weet wat rym beteken. Die antwoorde wat die leerders op hierdie vraag gee, sal ’n aanduiding wees of hulle weet wat rym beteken.	Luister na die leerders se voorstelle van woorde wat rym. Indien die antwoorde verkeerd is, stel alternatiewe voor en verduidelik weer aan die leerders wat rym en ritme is.
Probleemstelling Stel ’n duidelike probleem wat as inleiding dien vir die nuwe inhoud. Gewoonlik in die vorm van ’n vraag.	Vra die leerders wat hulle dink die doel van woorde wat rym is.	Leerders sal waarskynlik noem dat dit die gedig mooi laat klink of dat dit dan soos ’n liedjie is.	Maak seker dat die leerders nadink oor die doel van ritme en rym.

Aanbiedingsfase – Onderrig en leerfase		**Tydsduur: 20 min**	
Inhoud	**Onderwyseraktiwiteite**	**Leerderaktiwiteite**	**Assessering**
Eksposisie van nuwe leerinhoud: Nuwe werk wat ek gaan aanleer. Skryf volledig uit.	In hierdie gedig word daar oorwegend gebruik gemaak van **paarrym** (bepaal deur gebruik te maak van hulpmiddel uiteengesit in Figuur 8.3). Leerders moet die rym ontdek deur die woorde aan die einde van die reëls aan te dui wat met mekaar rym. Leerders moet verder aangemoedig word om op die gedig te reageer en die hoofgedagte uit te haal. Verduidelik die moeilike woorde wat leerders dalk nie verstaan nie.	Leerders volg die gedig wanneer dit deur die onderwyser gelees word. Leerders moet elkeen neerskryf wat hulle dink die hoofgedagte van die gedig is. Daarna word die hoofgedagte in die klas bespreek. Leerders moet daarna die rympatroon identifiseer en probeer verduidelik wat hulle dink die uitwerking daarvan is.	Leerders identifiseer die hoofgedagte van die gedig. Nadat die hoofgedagte bespreek is, word dit in die klas bespreek om seker te maak dat al die leerders die korrekte hoofgedagte ontdek het. Laat die leerders die rym in die eerste twee verse uiteensit, maak seker dat die leerders dit korrek kan doen voordat daar met die les voortgegaan word.
Funksionalisering Ná my les gee ek ’n opdrag om vas te stel of leerders verstaan het wat ek verduidelik het. Skryf volledig uit wat opdrag behels.	Laat die leerders in die res van die vers self die rympatroon uitmerk sodat hulle kan sien hoe dit gedoen word en hoe hulle dit kan bepaal.	Leerders merk die res van die verse uit deur **a-b-b-a** op die regte plekke neer te skryf. Leerders spreek elkeen ’n eie mening uit oor die gevoel wat deur die gedig	Maak seker dat die leerders die rympatrone korrek identifiseer en elkeen sy/haar eie gevoel oor die gedig kan uitspreek.

	Praat met die leerders oor die gevoelens wat deur die gedig gewek word.	gewek word en praat met mekaar daaroor.	
Onderrigstrategieë Direkte metode, groepwerk, selfontdekking, vraag en antwoord, demonstrasies, eksperimente, navorsing	Direkte metode, selfontdekking, vraag en antwoord.	Leerders luister na die gedig wanneer die onderwyser dit voorlees. Leerders ontdek self die gevoel wat die gedig by elke leerder opwek en leerders merk die rympatrone uit.	Daar is nie assessering by die proses betrokke nie.

Afsluitingsfase		**Tydsduur:**	
Inhoud	**Onderwyseraktiwiteite**	**Leerderaktiwiteite**	**Assessering**
Assessering Ek wil uitvind: Het ek die uitkomste met my les bereik. Skryf neer wat jy wou bereik?	Leerders kan rympatrone identifiseer. Leerders in staat is om hulle eie gevoelens uit te druk oor die gevoel wat die gedig stimuleer.	Leerders toon aan deur die klaswerk dat hulle rympatroon in die gedig kan identifiseer. Leerders druk hulle eie gevoelens uit deur om ’n kort paragraaf daaroor te skryf.	Daar moet na voltooiing van hulle tuiswerk nagegaan word of die leerders die lesuitkomste bereik het.
Tuiswerk Laat hulle iets gaan uitvind of prente uitknip, ens. Dit moet aansluit by nuwe inhoud en uitkomste.	Deel die werkkaart (sien Figuur 8.15) aan die leerders uit en verduidelik vir die leerders wat hulle moet doen in die werkkaart.	Leerders moet die werkkaart by die huis voltooi. Sien Figuur 8.15 vir die werkkaart.	Die werkkaart word nagegaan om seker te maak dat leerders die rympatroon in die gedig verstaan en ook op die spesifieke gedig kan reageer.

Assessering van klas- of tuiswerk				
Soort assessering	Formeel	**X** **Informeel**	**Wat word geassesseer?**	Leerders se vermoë om rympatrone te identifiseer en hulle eie gevoelens oor die gedig uit te druk.
Wie assesseer?	Leerders self en onderwyser		**Hoe word geassesseer?**	Die rympatroon word na voltooiing van die werkkaart saam in die klas bespreek. Leerders se gevoel oor die gedig word deur die onderwyser voorgelees wanneer die boeke ingeneem word. Daar word nie punte hiervoor toegeken nie.
Wanneer word geassesseer?	Die dag nadat die tuiswerk voltooi moes wees.		**Waar word geassesseer?**	In die klaskamer

Refleksie en opmerkings	
Reflektering vir aksie: Het jy met die les bereik wat jy beplan het? Waar kan jy verbeter?	Sal na die afloop van die les ingevul word.
Reflektering oor aksie: Na die les: Wat was goed? Wat sal jy verander? Wat sal jy byvoeg?	Sal na die afloop van die les ingevul word.
Opmerkings:	
Departementshoof se opmerkings:	



Figuur 8.14: Mielies het nie maniere nie
(uit *Wurms met tamatiesous* deur Jaco Jacobs)

Werkkaart: Mielies het nie maniere nie Datum: _____ Wonderlandskool

Graad 4: Afrikaans poësie – Lees en kyk

Lees die gedig saam met die onderwyser, volg saam wanneer die onderwyser die gedig lees.

Mielies het nie maniere nie

ek hou nie van groente nie
en groente hou nie van my nie
dit is hoekom ek my kos
nooit opgeëet kan kry nie

broccoli breek winde op
en blomkool is verwaand
geelwortels kla steen en been
van die môre tot die aand

mielies het nie maniere nie
ek voel ek word skoon bleek
as 'n mielie vir my whê sê
en sy lang geel tong uitsteek

uie borsel nie tande nie
en jy kan dus self dink
hoe so 'n ongepoetste ding
se uie-asem stink


ertjies, spinasie en boontjies
is groen van jaloesie
koolkoppe is koppig
daarom eet ek hulle nie

aartappels maak ogies
en skorsies soek net skoor
ek hou nie van groente nie
hul maniere is te goor




1. Lees die gedig Mielies het nie maniere nie weer op jou eie. Merk nou die rympatroon soos die onderwyser gewys het uit op die res van die gedig.
2. Wat noem ons die rympatroon? _____
3. Skryf neer hoe die gedig jou laat voel: _____

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____



4. Skryf jou eie gedig van 5 reël oor hoe jy voel oor groente.
   Maak seker dat jou gedig ook rym soos Mielies het nie maniere nie.

_____
_____
_____
_____
_____



Figuur 8.15: Werkkaart graad 4: Mielies het nie maniere nie

Lesplan: Intermediêre fase graad 6

Algemene Inligting			**Taalaktiwiteite betrokke: Luister, praat en skryf**		
Skool:	Wonderlandskool	**Kwartaal:**	**1ste kwartaal** (KABV, bl. 69) **Week 3–4**	**Tyd:**	60 min
Onderwyser:	Onderwyser Anoniem	**Graad:**	Graad 6	**Datum:**	22 Februarie 2013
Onderwerp:	Luister en praat oor ’n teks	**Vak:**	Afrikaans	**Tema:**	Luister na en bespreek ’n verhaal

Kennis, vaardighede en kognitiewe prosesse					
Kennis		**Vaardighede**		**Kognitiewe prosesse**	
	Feitelike kennis		Implementering		Ontwerp
	Konseptuele kennis	**X**	Uitvoering	**X**	Evalueer
	Prosedurele kennis		Gebruike	**X**	Analiseer
X	Metakognitiewe kennis				Begryp
				X	Onthou

Tekskeuse	
Teks	**Rede**
“’n Vaatjie vol goud” (uit *Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se Testament* deur Janie Oosthuysen).	Daar is op hierdie teks besluit omdat die teks leerders se belangstelling sal prikkel aangesien dit ’n avontuurverhaal is in die vorm van ’n speurtog. Leerders kan dink oor die verhaal en moet self oplossings daarvoor soek. Leerders sal aangemoedig word om nog te lees omdat hulle ook wil weet wie en wat verder in die verhaal gaan gebeur. Die avontuurgenre leen homself daartoe dat leerders moet interpreteer en dat hulle gestimuleer om oor die verhaal na te dink.

Bronne, ondersteuningsmateriaal en lesdoelstellings	
Bronne:	*“’n Vaatjie vol goud: (Uit Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se testament*)
Leerondersteuningsmateriaal:	Werkkaart, teks en prent wat deel is van die teks.
Onderrig-ondersteuningsmateriaal:	Hulpmiddel soos uiteengesit in Figuur 8.2
Uitgebreide geleenthede:	Gee aan leerders die geleentheid om hulle selfbeeld te verbeter deur die uitdaging om uitdrukking te gee aan hulle eie gedagtes en gevoelens.
Struikelblokke t.o.v. leer:	Leerders kan moontlik sukkel met sekere narratiewe elemente soos karakter, intrige, konflik en agtergrond. Leerders moet hierin ondersteun word.
Lesdoelstellings:	Leerders moet stereotipering in die verhaal identifiseer. Leerders moet karakters kan bespreek. Leerders moet die intrige, konflik en agtergrond kan bespreek.

	Leerders moet kan besin oor konflik in die verhaal.

Inleidende Fase		**Tydsduur: 30 min**	
Inhoud	**Onderwyseraktiwiteite**	**Leerderaktiwiteite**	**Assessering**
Agtergrondskepping Skep regte atmosfeer vir die les	Die buiteblad van die boek word aan die leerders gewys en hulle word gevra om ’n voorspelling te maak oor wat hulle dink in die boek gaan gebeur.	Leerders kyk na die buiteblad en maak voorspellings waaroor die boek moontlik handel.	Op hierdie stadium is daar geen assessering betrokke nie. Leerders maak elkeen ’n eie voorspelling.
Aktualisering van voorkennis Toets voorkennis, sodat jy weet wat hulle alreeds weet	Vra aan die leerders of hulle karakter, stereotipering, intrige, konflik en agtergrond soos dit in ’n verhaal voorkom, kan verduidelik.	Leerders verduidelik hierdie begrippe en die verduidelikings word op hulle werkkaart ingevul (Figuur 8.16).	Leerders kyk of die antwoorde op hulle werkkaarte ooreenstem met die korrekte antwoorde op die bord en maak reg waar nodig.
Probleemstelling Stel ’n duidelike probleem wat as inleiding dien vir die nuwe inhoud. Gewoonlik in die vorm van ’n vraag.	Die teks word aan die leerders voorgelees en hulle word gevra om op die uitkyk te wees vir die narratiewe aspekte.	Leerders luister na die teks en soek die karakters, enige stereotipering, die intrige, konflik en agtergrond van die verhaal.	Leerders moet die karakters uitwys en stereotipering, intrige, konflik en agtergrond identifiseer.

Aanbiedingsfase – Onderrig en leerfase		**Tydsduur: 20 min**	
Inhoud	**Onderwyseraktiwiteite**	**Leerderaktiwiteite**	**Assessering**
Eksposisie van nuwe leerinhoud: Nuwe werk wat ek gaan aanleer. Skryf volledig uit.	Die onderwyser vra die leerders om die volgende aspekte in die verhaal te identifiseer: karakters: is daar enige stereotiperings? Wat is die intrige in die verhaal, die konflik en die agtergrond van die karakters? Leerders moet self ’n agtergrond vir die verhaal te skep.	Leerders skep elkeen hul eie agtergrond en identifiseer die karakter, stereotiperings, intrige en konflik.	Leerders se antwoorde oor agtergrond, karakters, stereotipering, intrige en konflik word nagegaan.
Funksionalisering Na die les gee die onderwyser ’n opdrag om vas te stel of leerders verstaan het wat verduidelik is. Skryf volledig uit wat opdrag behels.	Leerders moet die karakters, stereotipering, intrige en konflik op hulle werkkaarte beskryf.	Leerders beskryf die karakters, stereotipering, intrige en konflik op hulle werkkaarte. Dit wat nie in die klas voltooi word nie, moet by die huis klaargemaak word.	Leerders deel hulle beskrywings met die klas.
Onderrigstrategieë Direkte metode, groepwerk, selfontdekking, vraag en antwoord, demonstrasies, eksperimente, navorsing	Direkte metode, groepwerk en selfontdekking.	Leerders leer direk wat die verskillende begrippe beteken. Leerders bespreek hulle interpretasies in groepe en ontdek self hoe hierdie aspekte ’n rol speel.	Groepbespreking

Afsluitingsfase		**Tydsduur:**	
Inhoud	**Onderwyseraktiwiteite**	**Leerderaktiwiteite**	**Assessering**
Assessering Ek wil uitvind: Het ek die uitkomste met my les bereik? Skryf neer wat jy wou bereik.	Leerders moet in staat wees om ’n agtergrond te skep, voorspellings te maak en karakters, stereotipering, intrige en konflik te identifiseer en te beskryf.	Leerders moet in staat wees om ’n agtergrond te skep, voorspellings te maak en karakters, stereotipering, intrige en konflik te identifiseer en te beskryf.	Leerders se begrippe word nagegaan.
Tuiswerk Laat hulle inligting gaan uitvind of prente uitknip, ens. Dit moet aansluit by nuwe inhoud en uitkomste.	Leerders moet die werkkaart (sien Figuur 8.17) in die klas begin en dit by die huis voltooi.	Leerders begin met die werkkaart in die klas en voltooi die werk by die huis.	Werkkaart sal nagesien word.

Assessering van klas- of tuiswerk				
Soort assessering	Formeel	**X** **Informeel**	**Wat word geassesseer?**	Die leerders se werkkaarte waar karakters, stereotipering, intrige en konflik geïdentifiseer en beskryf is.
Wie assesseer?	Selfassessering		**Hoe word geassesseer?**	Die antwoorde word saam met die leerders nagegaan ná hulle die tuiswerk voltooi het en hulle maak reg waar dit nodig is.
Wanneer word geassesseer?	Die dag nadat die tuiswerk voltooi moes wees.		**Waar word geassesseer?**	In die klaskamer

Refleksie en opmerkings	
Reflektering vir aksie: Het jy met die les bereik wat jy beplan het? Waar kan jy verbeter?	Sal na die afloop van die les ingevul word.
Reflektering oor aksie: Na die les: Wat was goed? Wat sal jy verander? Wat sal jy byvoeg?	Sal na die afloop van die les ingevul word.
Opmerkings:	
Departementshoof se opmerkings:	



3. ’n Vaatjie vol goud

Tant Potjierol begin dadelik om haar naels te wys, nes Pa Hemelbesem voorspel het. Sy draai soos ’n aasvoël om die swaar vaatjie, waarom ’n paar lastige vliegies gons. “Sit die trommels saggies neer, jy!” skel sy, en gee die taxibestuurder ’n stamp met haar loop-raam. “Keer dat die vaatjie weghol!”

“Wattis ooit hierin?” vra die taxibestuurder met ’n baie snaakse aksent.

Tant Potjierol gluur na hom. “Goud! Skatte!” snou sy hom toe. “As jy dan móét weet ...”

Die taxibestuurder antwoord nie, maar sy oë glin-ster. Toe hy sien dat tant Potjierol na hom kyk, klap hy kamma na die lastige vliegies wat om die vaatjie draai. Toe begin hy om die kreunende vat met rukke en stote na die kant van die pad te rol. Heeltyd dwaal sy oë rond asof hy iets soek – dalk ’n kans.

Wat hy met dié kans wil doen, weet Bessie nie. Sy besluit om die man in die oog te hou. Dis nie net sy snaakse aksent wat haar pla nie, daar is ook nog sy snaakse hare. Bessie weet ’n mens moenie op iemand se voorkoms oordeel nie. Dis wat in amper elke *Snuffelhond* staan. Tog kan sy dit nie verhelp nie. Daar is net hierdie iéts aan die man wat haar pla, dalk sy groot neus.

“Nou ja, Berta,” sê tant Potjierol toe alles eindelik uitgelaai is. “Hoekom lyk jy dan so verbaas om my

21

Figuur 8.16: ’n Vaatjie vol goud[3]

[3] Wanneer daar verwys word na Figuur 8.16, word daar verwys na die hele teks.

te sien? Het jy nie die prokureur se brief gekry nie?"

Ma Hemelbesem lig haar wenkbroue. "Brief? Watter brief?" vra sy.

Tant Potjierol stamp met haar loopraam op die grond. "Die brief oor my peetpa se oorlede halwe swaer, ou Sak Sarel Suckeldraffie!" skel sy. "Oor die testament en die erfporsie!"

Toe die woorde "testament" en "erfporsie" opklink, steek die taxibestuurder so vinnig vas dat hy bo-oor die vaatjie val. Gou spring hy op om te keer dat dit wegrol. Daarna rol hy die vaatjie nog stadiger en met nog meer rukke en stote terwyl hy kort-kort skelm na tant Potjierol loer.

Bessie hou hom heeltyd in 'n klein spieëltjie dop (soos die laaste *Snuffelhond* op bladsy 107 sê jy moet maak). Hoe meer sy van dié man sien, hoe minder vertrou sy hom. Sy is seker hy voer iets in die mou, iets onderduims.

Ma Hemelbesem se gedagtes is kennelik by Seepfontein waar die Suckeldraffie-familie al geslagte lank op die ou familieplaas boer. "Ek het geweet oom Sak Sarel is siek, maar ek weet niks van 'n testament en 'n erfporsie nie," sê sy stadig. Dit lyk vir Bessie of sy oor die saak van die testament en die erfporsie begin dink.

Hardop wonder sy of sy dalk iets sal erf. Die kanse is skraal dat dit die hele plaas sal wees, maar die Suckeldraffies moet tog 'n bietjie geld uit die boerdery maak. Dit sal lekker wees om elke maand haar deel te kry.

23

"Soos ek gesê het," herhaal sy stadig, en Bessie raai sy wil nie gierig klink nie, "ek het geweet oom Sak Sarel is siek, maar ek weet niks van 'n testament en 'n erfporsie nie."

"Ek het afskrifte van al die papiere," sê tant Potjierol en trommel op die bultende handsak onder haar dik arm. "Kom ons gaan in, dan wys ek jou. Haai, jy!" skel sy op die taxibestuurder en gee hom 'n harde stamp met haar loopraam. "Ek betaal jou net as alles binne is ... Kom, Berta!" Sy begin na die toringhuis toe stap. Die handsak, wat nou oor haar arm hang, swaai wild heen en weer.



Intussen het die taxibestuurder sy hande vol met die vaatjie. Die ding wil nie saamspeel nie. Die ou wêreld is vol leiers en volgers, maar die vaatjie pas nêrens in - nie. Hy wil nie lei nie en nog minder wil hy volg. Hy wip en spring en rol rond nes hy wil.

Pa Hemelbesem hou alles in stilte dop. Hy sug swaar. Bessie kan sien hy is glad nie lus om tant Potjierol te laat tuis voel nie. Sy weet hy is jammer vir die taxibestuurder wat so met die koppige vaatjie swoeg. Dit verbaas haar nie toe hy sy moue oprol en vra of hy die man kan help. Hy lyk baie verlig toe die man sy pet laag oor sy oë aftrek en sê hy sal iemand anders kry, 'n goeie vriend wat nie sal omgee om te help nie. "Gaan mineer

24

maar in en drinke biekie koffie," stel hy voor, steeds met die geheimsinnige aksent wat Bessie so pla.

Dis nie Duits of Hollands of Pools of Amerikaans of Kongolees of Zimbabwies of Australies nie. Om die waarheid te sê, dit klink vir haar glad nie na 'n gewone, eerlike soort aksent nie. Dit klink eerder na iets wat uit stukkies aksente van oor die hele wêreld aanmekaar gelap is.

Dit lyk nie asof die man se geheimsinnige aksent vir Pa Hemelbesem pla nie.

"Goeie plan!" sê hy, en sy keel klink droog ná al die vensters wat hy in die warm son gewas het. Met lang hale stap hy weg, duidelik lus vir koffie en bly dat hy nie met die swaar vaatjie hoef te help nie.

Bessie sien dat die taxibestuurder met 'n skelm glimlag na die vaatjie loer. Sy het dadelik snuf in die neus. Sy is seker die man beplan iets skelms. Agter sy rug skud sy haar kop en maak groot oë vir haar pa terwyl sy wild beduie en wys. "Ek dink nie dis 'n goeie plan nie ..." fluister sy.

Pa Hemelbesem gaan staan. "Nie 'n goeie plan nie?" stry hy. "Natuurlik is dit 'n goeie plan! Wat makeer jou, Bessie? Is daar iets in jou oog? Hoekom trek jy sulke lelike gesigte?"

Tant Potjierol swaai om dat haar loopraam 'n streep in die los sand maak. "Dis 'n vrotsige plan!" skel sy en kyk kwaai na die twee mans. "Daar's 'n kosbare skat in die vaatjie! Dit kan nie ure lank in die warm son staan en bak nie! Neem dit dadelik binnetoe!"

Die taxibestuurder lyk te bang om teë te praat. Hy

laat sak sy skouer met 'n lang gesig teen die swaar vat. Pa Hemelbesem bal sy vuiste, maar laat sak sy skouer ook.


"Nou ja, Berta," sê tant Potjierol met 'n suur gesig vir Ma Hemelbesem terwyl die twee vroue na die voordeur stap. Tant Potjierol skuifel-skuifel met haar loopraam. "Ek wil nie moeilik wees en vir jou moeite maak nie, maar daar is 'n paar dingetjies wat jy moet weet. Jy moet mooi luister, want ek praat net een keer."

Terwyl Ma Hemelbesem oor en oor sê dat niks te veel moeite vir haar aangetroude peettante kan wees nie, haal Bessie haar notaboekie uit haar sak. Sy wil alles neerskryf, want sy wil nie hê haar verstrooide ma moet later in die moeilikheid kom nie.

Tant Potjierol maak haar keel skoon en sê sonder om te blik of te bloos: "In verband met my slaapkamer, net 'n paar klein goedjies. Een ... ek hou nie van die middagson nie. Twee ... ek hou nie van 'n koue trek nie. Drie ... ek hou nie van 'n kamer voor teen die pad nie. Vier ... ek wil nie die bure se kinders of hulle honde hoor nie. Vyf ... ek deel nie 'n badkamer met die res van die gesin nie."

Sy stamp die voordeur met haar loopraam oop en kyk om die kosyn. "Mensig, maar die plek is beknop!" skel sy. "Ek kan skaars by die voordeur inkom ... OEF!"

Intussen rol Pa Hemelbesem en die taxibestuurder die vat met groot moeite na die voordeur. By die drumpel hang Pa Hemelbesem 'n ruk hygend oor



die vat terwyl die sweet donker vlekke op sy hemp maak.

Toe hy weer kan praat, skree hy van buite af binnetoe: "Waar moet ons die ding sit?"

"Sit dit in die woonkamer!" skree tant Potjierol van binne af buitentoe.

"Maar dis op die tweede verdieping!" skree Pa Hemelbesem terug.


"Ek kan dit met my pinkie doen!" skree tant Potjierol vir hom.

Pa Hemelbesem hou sy rug vas en staar na die steil trap waarteen hy en die taxibestuurder moet uitsukkel.

Terwyl die twee mans tree vir tree na bo swoeg, brom hy: "Ek sal my kleintoontjie gee om te sien wat in hierdie vervlakste vat is ..."

Die taxibestuurder word amper vergruis deur die vat en kry geen woord uit nie. Maar Bessie se skerp oë sien die skelm lig wat in sy oë flikker en die gierige glimlaggie wat om sy lippe speel.

27



Werkkaart: 'n Vaatjie vol goud **Graad 6: Afrikaans – Wonderlandskool**


Knip hierdie werkkaart uit en plak dit in julle skrifte waarna julle die volgende antwoorde in julle skrifte moet antwoord.


1. Skryf in omtrent 100 woorde 'n agtergrond vir die verhaal.
2. Teken 'n tydslyn van die gebeure in die verhaal.
3. Verduidelik die stereotipering in die verhaal met verwysing na die taxibestuurder.
4. Is hierdie stereotipering korrek volgens jou?
5. Watter konflik is daar in die verhaal?
6. Maak sketse van hoe jy dink die karakters in die verhaal lyk. Jy kan prente plak of teken. Beskryf langs die sketse hoekom jy die karakter so geskets het. Wat in die verhaal laat jou die karakter so beskryf?

Jou skets van die karakter	Hoekom sien jy die karakter so?
Tant Potjierol	

Figuur 8.17: Werkkaart graad 6[4]

[4]Wanneer daar verwys word na Figuur 8.16, word daar na die hele werkkaart verwys.


Taxibestuurder
Bessie Hemelbesem


Bessie (Ma) Hemelbesem
Pa Hemelbesem

8.10 Aanbieding van die professioneleontwikkelingsprogram

Die wyse waarop die professioneleontwikkelingsprogram aangebied word, is een van die belangrikste aspekte by die sukses van ’n professioneleontwikkelingsprogram. Die wyse waarop die professioneleontwikkelingsprogram aangebied word, beïnvloed die deelnemers se ingesteldheid en daarom die leergeleentheid (sien Hoofstuk 7). Daar is bevind in hierdie navorsing dat, indien die aanbieding van ’n professioneleontwikkelingsprogram vervelig is of deur sprekers gedoen word wat nie genoegsame kennis het nie, die onderwysers belangstelling verloor en nie aan die gesprekke of aktiwiteite deelneem nie.

8.10.1 Totstandkoming van ’n vertrouensverhouding

Die vertrouensverhouding tussen die verskillende instansies en persone wat deel is van die professioneleontwikkelingsprogram moet van so aard wees dat geen instansie afgeskeep sal word of sal voel dat daar aan hulle voorgeskryf word nie. Negatiewe verhoudings kan baie maklik deelnemers aan die professioneleontwikkelingsprogram aanvallend laat optree. Daar word aanbeveel dat ’n professioneleontwikkelingskool by die betrokke universiteit in die Wonderland-distrik geskep word waar daar maandelikse ontmoetings tussen die bestuurders van die skool, die programontwikkelaars, die DBO, skole (in die besonder onderwysers) en openbare instansies gehou word. Die DBO kan ’n bydrae lewer ten opsigte van wat hulle van onderwysers verwag en wat die probleemareas is wat deur hulle geïdentifiseer is. Die skole, en in die besonder die onderwysers, kan ’n bydrae lewer omdat hulle duidelikheid kan gee oor wat hulle in die klas ervaar. Programontwikkelaars is van belang omdat hulle die program ontwikkel het en kenners het wat die program aanbied. By hierdie geleenthede, waar al hierdie instansies teenwoordig is, sal die professioneleontwikkelingskool die voorgestelde programme aan die paneel belanghebbendes voorlê waarna laasgenoemde se insette in ag geneem kan word. Op dié wyse kom ’n vertrouensverhouding tussen die verskillende instansies tot stand en die program word met inagneming van die insette van onderwysers ontwikkel. Die onderwysers moet voel dat die DBO en professioneleontwikkelingskool hulle ondersteun, en hulle moet ook voel dat hulle die vrymoedigheid kan hê om hulp by die departement of skool te vra.

Die vertrouensverhouding tussen verskillende skole is ook van belang. Gedurende die onderhoude soos bespreek in Hoofstuk 7 het dit na vore gekom dat die skole nie regtig wil saamwerk nie en baie maklik neersien op ander skole omdat die skole van mekaar verskil. Aan hierdie vertrouensverhouding moet daar ook gewerk word sodat skole mekaar respekteer en ondersteun in hulle gesamentlike doel, naamlik onderrig.

Seker die belangrikste vertrouensverhouding wat tot stand moet kom, is die vertrouensverhouding tussen onderwysers en skole en die tersiêre instansie wat by die aanbieding van die professioneleontwikkelingsprogram betrokke gaan wees. Die onderwysers moet die aanbieder vertrou en nie ervaar as iemand wat aan hulle wil voorskryf nie. Professioneleontwikkelingsprogramme moet ’n wedersydse leergeleentheid wees vir die onderwyser en die aanbieder, sodat verhoudings verbeter kan word.

8.10.2 Stel vas wat spesifieke onderwysers benodig

Daar kan baie gespekuleer word oor wat onderwysers nodig het, maar voordat daar nie spesifiek bepaal word wat onderwysers nodig het, en waarvoor hulle self vra nie, kan daar nie werklik met professioneleontwikkelingsprogramme met gepaste inhoudskennis vorendag gekom word nie. Daarom is daar in hierdie studie ondersoek ingestel na wat onderwysers se ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van kinder- en jeugliteratuur is om seker te maak dat daar aan die behoeftes van die onderwysers voldoen word. Die onderwyser moet as ’n individu gesien word en sy/haar omstandighede, kennis en vaardighede moet in ag geneem word.

Na afloop van die behoeftebepaling kan die program wat voorgestel is, aangepas word om die doeltreffendste weergawe van die program vir die spesifieke groep aan te bied. Dit is belangrik dat ontwikkelaars van professioneleontwikkelingsprogramme sodanige program as ’n steeds wisselende program sal sien.

8.10.3 WOM-model

Die model wat vir hierdie professioneleontwikkelingsprogram, as deel van hierdie studie ontwikkel is, word die WOM-model genoem. Daar is besluit om aspekte van verskillende modelle (sien Hoofstuk 2) te gebruik en die beste aspekte van hierdie modelle te kombineer in die **WOM-model**. Die **WOM-model** verwys na die volgende:

W = Werkswinkel + O = Opvolgbesoeke + M = Mentorskap en uitruilgeleenthede = model

8.10.3.1 Werskswinkel (W)

Die werkswinkelmodel was nie gewild onder onderwysers nie (sien Hoofstuk 7), maar die inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van kinder- en jeugliteratuur moet op ’n manier aan onderwysers oorgedra word. Daarom is daar besluit om in die professioneleontwikkelingsprogram wat vir hierdie studie ontwikkel is, gebruik te maak van ’n werkswinkel in samewerking met opvolgbesoeke en mentorskap. In die afdelings hieronder word die formaat en werking van ’n werkswinkel bespreek.

8.10.3.1.1 Groepe

Daar sal groepe van tussen 15 en 20 onderwysers gevorm word wat telkens die professioneleontwikkelingsprogram sal bywoon. Deur gebruik te maak van kleiner groepe kan daar individuele aandag aan elke onderwyser gegee word, en elke onderwyser kan lesse beplan met insette van ander onderwysers wanneer die lesse aan die groep voorgelê word. Daar word nie vir groepwerk voorsiening gemaak nie omdat daar in hierdie navorsing gevind is dat dit nie suksesvol is nie. Alle onderwysers moet lesse beplan sodat daar seker gemaak kan word dat al die onderwysers die inhoud verstaan en kan toepas. Elke onderwyser moet sy/haar eie les beplan, maar met die insette van ander onderwysers wat ook die geleentheid bywoon sodat die onderwysers by mekaar kan leer.

Daar sal boeke bespreek word sodat onderwysers gewoond daaraan raak om voortdurend boeke te evalueer, die wyse waarop dit in lesse geïntegreer kan word en die waarde wat dit kan toevoeg tot die onderrig van Afrikaans in die klaskamer.

8.10.3.1.2 Programuitleg

Die programuitleg van die werkswinkel het baie beplanning nodig. Daar is besluit op ’n **weeklange werkswinkel** as deel van die **WOM-model,** maar dit sal nie die tradisionele model van sit en luister vir die hele week wees nie (vir die volledige voorlopige program sien Tabel 8.7). Die werkswinkel sal bestaan uit individuele sprekers wat die teoretiese agtergrond oor die eerste drie dae verskaf en lesbeplanning word gedoen. Hierna sal daar op die vierde dag na die skole toe gegaan word sodat onderwysers die inhoud en vaardighede wat hulle in die werkswinkel geleer het, kan toepas. Die laaste dag sal bestaan uit terugvoering om probleme wat onderwysers in die klas ervaar het, op te los. ’n Voorlopige program is vir die doel van die studie opgestel (sien Tabel 8.7).

a) Eerste drie dae

Die eerste drie dae van die werkswinkel sal bestaan uit aanbiedings oor teoretiese agtergrond om aan onderwysers duidelik te maak dat hulle die leerder as die fokuspunt moet sien wanneer daar gedink word aan boeke om aan leerders voor te stel of boeke om in hulle daaglikse lesaanbiedings te gebruik. Daarna sal daar gefokus word op die narratiewe elemente, illustrasies, leesbaarheid en die verskillende soorte boeke (sien Tabel 8.7).

Daar sal ook tydens die geleentheid een of twee boeke bespreek word sodat die onderwysers kan sien watter waarde boeke tot die klaskamer kan toevoeg. Om hierdie rede sal die lesse soos in hierdie studie beplan, gebruik word as besprekingspunt. Die lesse sal aangebied word en krities ondersoek word vir die waarde wat dit tot die onderrig van Afrikaans Huistaal sal bydra. Net soos wat onderwysers aan leerders die geleentheid moet gee om die boek te lees, sal daar aan onderwysers die geleentheid gegee word om die teks te lees. Onderwysers sal aangemoedig word om die boeke te evalueer vir die opvoedkundige waarde daarvan.

b) Dag vier

Dag vier sal in klaskamers deurgebring word met praktiese inoefening van lesbeplanning en die aanbieding van lesse wat op kinder- en jeugliteratuur gebaseer is. Daar sal van die onderwysers verwag word om die inligting wat hulle in die professioneleontwikkelingsprogram bekom het, te gebruik om ’n les te beplan waarin kinder- en jeugliteratuur gebruik word en daarna die les aan te bied. Die lesse moet vir leerders aangebied word, maar die res van die deelnemers sal ook na die les kan kyk omdat die les op videoband opgeneem sal word. Daar word voorgestel dat die lesse aan leerders aangebied word omdat dit die werklikheid is waarmee onderwysers gekonfronteer gaan word. Indien dit slegs vir die deelnemers van die professioneleontwikkelingsprogram aangebied word, kan die probleme wat moontlik kan ontstaan, nie noodwendig uitgelig word nie. Die praktiese inoefening gee aan onderwysers die geleentheid om hulle lesse in die praktyk te sien en te evalueer en ook om probleme waarmee hulle

sukkel, aan die groep uit te wys. Die groep sal saam aan die probleme werk en poog om oplossings te vind.

Onderwysers sal ook gevra word om stories of tekste wat hulle alreeds gebruik het of enige boeke wat hulle tot hulle beskikking het, die laaste dag na die werkswinkel te bring sodat die boeke bespreek en geëvalueer kan word wat betref die boeke se waarde by die onderrig van Afrikaans Huistaal.

c) Dag vyf

Gedurende dag vyf sal probleemareas wat gedurende die vorige dag se inoefening uitgewys is, hanteer word. Daar sal verder aan die hand van die leeslyste (sien Hoofstuk 4) gekyk word na die waarde wat kinder- en jeugliteratuur tot die ontwikkeling van leerders kan bydra. Boeke sal bespreek en geëvalueer word ten opsigte van die illustrasies, narratiewe elemente, waarde wat dit toevoeg tot die ontwikkeling van die leerder en die waarde wat dit tot die onderrig van Afrikaans Huistaal kan bydra. Nuwe boeke sal aan onderwysers bekendgestel word waarna die onderwysers self moet evalueer tot watter mate hierdie nuwe boeke van waarde kan wees.

Daar sal ook op die laaste dag van die professioneleontwikkelingsprogram omvattende persoonlike inligting van onderwysers ingesamel word soos onder meer waar onderwysers onderrig gee, die onderwyser se selfoonnommer en/of e-posadres sodat nuwe inligting oor boeke voortdurend aan onderwysers gestuur kan word. Op dié wyse kan daar gepoog word om onderwysers te ontwikkel wat voortdurend kinder- en jeugliteratuur lees. Onderwysers sal aangemoedig word om dagboek te hou van hulle ervarings wanneer hulle die inhoudskennis en vaardighede vir die integrering van kinder- en jeugliteratuur toepas. Op dié manier kan daar ’n netwerk tussen die aanbieders van die professioneleontwikkelingsprogramme, kenners en onderwysers gevorm word. Die onderwysers kan mekaar leer ken en sodoende kan onderwysers wat met mekaar inligting deel, ’n netwerk vorm.

Tabel 8.9: Voorbeeld van ’n professioneleontwikkelingsprogram wat op kinder- en jeugliteratuur fokus

Voorbeeld van ’n professioneleontwikkelingsprogram wat op kinder- en jeugliteratuur fokus		
Dag 1		
Tyd	**Geleentheid**	**Lokaal**
9:00–10:00	Registrasie van bywoners	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
10:00–11:00	Verwelkoming en inleiding tot die professioneleontwikkelingsprogram deur professor Repelsteeltjie	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
11:00–11:30	Oggendtee	Personeelkamer Laerskool Gemmerbroodman
11:30–13:00	Wie is die leerder in my klas, en hoe beïnvloed dit die keuse van boeke?	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01

13:00–14:00	Middagete	Personeelkamer Laerskool Gemmerbroodman
14:00–15:30	Wie is die leerder in my klas, en hoe beïnvloed dit die keuse van boeke? (vervolg)	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
15:30–16:00	Terugvoering van onderwysers en afsluiting van dag 1	Personeelkamer Laerskool Gemmerbroodman
Dag 2		
9:00–10:30	Wat is kinder- en jeugliteratuur?	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
10:30–11:00	Oggendtee	Personeelkamer Laerskool Gemmerbroodman
11:00–13:00	Hoe evalueer ek kinder- en jeugliteratuur?	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
13:00–14:00	Middagete	Personeelkamer Laerskool Gemmerbroodman
14:00–15:30	Narratiewe elemente en illustrasies	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
15:30–16:00	Terugvoering van onderwysers en afsluiting van dag 2	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
Dag 3		
9:00–10:30	Genres en sub-genres ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
10:30–11:00	Oggendtee	Personeelkamer Laerskool Gemmerbroodman
11:00–13:00	Genres en sub-genres ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur vervolg	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
13:00–14:00	Middagete	Personeelkamer Laerskool Gemmerbroodman
14:00–15:00	Lesbeplanner en die gebruik van kinder- en jeugliteratuur	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
15:00–16:30	Inoefening van die gebruik van verskillende soorte kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer.	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
Dag 4		
9:00–10:30	Onderwysers bied individuele lesse aan in die klaskamer waartydens hulle van kinder- en jeugliteratuur gebruik maak. Na afloop van ’n les word daar vrae gevra en die les word bespreek	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01

10:30–11:00	Oggendtee	Personeelkamer Laerskool Gemmerbroodman
11:00–13:00	Onderwysers bied individuele lesse in die klaskamer aan waar hulle van kinder- en jeugliteratuur gebruik maak. Na afloop van ’n les word daar vrae gevra en die les word bespreek.	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
13:00–14:00	Middagete	Personeelkamer Laerskool Gemmerbroodman
14:00–16:00	Onderwysers bied individuele lesse in die klaskamer aan waar hulle van kinder- en jeugliteratuur gebruik maak. Na afloop van ’n les word daar vrae gevra en die les word bespreek.	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
16:00–16:05	Afsluiting	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
Dag 5		
9:00–10:30	Bespreek probleme en hanteer die individuele onderwyser en bespreek boeke	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
10:30–11:00	Oggendtee	Personeelkamer Laerskool Gemmerbroodman
11:00–13:00	Netwerkvorming en die samestelling van gespreksgroepe wat een keer per maand sal plaasvind.	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01
13:00	Afsluiting	Laerskool Gemmerbroodman Klaskamer A01

8.10.3.2 Opvolgbesoeke (O)

Na afloop van die weeklange werksessie sal onderwysers aangemoedig word om die vaardighede en kennis wat hulle by die professioneleontwikkelingsprogram bekom het, in die klaskamer te implementeer. Na ’n maand sal daar opvolgbesoeke by die onderwysers afgelê word. Aangesien daar eers ’n maand na afloop van die professioneleontwikkelingsprogram by die onderwysers besoek afgelê word, het onderwysers die geleentheid om hulle voete behoorlik te vind en om die inligting wat tydens die professioneleontwikkelingsprogram bekom is, toe te pas. Indien die onderwyser ’n dagboek gehou het ten opsigte van sy/haar ervaring wat betref die integrering van kinder- en jeugliteratuur in die onderrig van Afrikaans Huistaal sal dit saam met die onderwyser deurgegaan word. Probleme wat die spesifieke onderwyser ondervind het, sal bespreek word en voorstelle wat die onderwysers het, sal in ag geneem word.

Indien die onderwyser daarmee gemaklik is, sal die besoekende groep ook tydens die opvolgbesoek ’n les bywoon om te sien hoe die onderwysers kinder- en jeugliteratuur integreer. Dit impliseer dat daar ’n goeie vertrouensverhouding gedurende die professioneleontwikkelingsprogram tot stand moet kom.

8.10.3.3 Mentorskap en uitruilgeleenthede (M)

Na afloop van die eerste opvolgbesoek sal ’n voortdurende mentorskapprogram in die lewe geroep word waar onderwysers raad kan vra en hulle eie ondervindinge kan deel. Indien moontlik sal die mentor ’n persoon by die skool self wees, maar indien dit nie moontlik is nie, kan universiteitspersoneel en oudonderwysers by die program betrek word. Die mentorskapprogram poog om voortdurende ontwikkeling teweeg te bring deurdat onderwysers met ander onderwysers saamwerk om die onderrig van Afrikaans Huistaal te bevorder.

Daar sal ook gepoog word om uitruilgeleenthede vir onderwysers te skep. Tydens die aanbieding van die professioneleontwikkelingsprogram wat gedurende hierdie studie ontwikkel is, is daar groepe geskep, en met die uitruilgeleenthede sal daar gepoog word om verskillende groepe bymekaar te bring sodat onderwysers kennis en vaardighede met mekaar kan deel. Dit sal aan onderwysers die geleentheid gee om hulle idees te toets en raad te vra by kollegas wat dieselfde grade onderrig en moontlik dieselfde probleme ervaar. Uitgewers kan ook hierby betrek word, deur maandeliks by so ’n geleentheid ’n uitstalling te hou van die nuwe boeke sodat onderwysers nie net deur middel van SMS en e-pos van nuwe boeke hoor nie, maar die boeke by die geleentheid kan sien en bespreek. Indien onderwysers opgewonde gemaak kan word oor kinder- en jeugliteratuur, sal hierdie liefde en opgewondenheid oorspoel na die onderwysers se klaskamers en sodoende na die leerders self. Om hierin te slaag, moet ’n goeie mentorskapprogram opgestel word, en vir die uitruilgeleenthede moet verskillende skole se onderwysers met mekaar ’n goeie verhouding hê en wedersyds wil leer en uitruil.

8.11 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die voorgestelde professioneleontwikkelingsprogram uiteengesit en daar is verwys na die komponente wat as belangrik beskou word wanneer ’n professioneleontwikkelingsprogram beplan word. Die KABV as leidinggewende dokument is ondersoek en daar is aangetoon hoe kinder- en jeugliteratuur by die KABV inpas. Daar is verder gekyk na die organisasiestrukture wat betrokke is by die beplanning van ’n professioneleontwikkelingsprogram. Die toegang en reikwydte is uiteengesit ten opsigte van wanneer dit gaan plaasvind, waar die program aangebied sal word en wat die moontlike koste wat aan so professioneleontwikkelingsprogram gekoppel kan word, sal wees.

Daar is verder genoem dat die program eers deur belanghebbendes en kenners geëvalueer moet word alvorens dit aangebied kan word en dat daar gekyk moet word na watter hulpmiddels vooraf gereed moet wees. Nadat hierdie eksterne aspekte ondersoek is, is daar voorstelle gemaak ten opsigte van wie die program sal aanbied en wie dit moet bywoon, wat in die program aangebied sal word en hoe die program uiteengesit is.

Die professioneleontwikkelingsprogram wat vir hierdie studie ontwikkel is, is volgens die **WOM-model** opgebou om sodoende onderwysers se kritiek teenoor professioneleontwikkelingsprogramme in ag te neem en ’n program voor te stel wat in alle omstandighede gebruik kan word. Daar is in hierdie WOM-model gelet op die ingesteldheid van die onderwysers, die opbou van inhoudskennis en die ontwikkeling van vaardighede ten opsigte van die integrasie van kinder- en jeugliteratuur tydens die onderrig van Afrikaans in die klaskamer.

HOOFSTUK 9: GEVOLGTREKKING, BYDRAE EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

9.1 Inleiding

In hierdie studie is daar besin oor die ontwerp van 'n professioneleontwikkelingsprogram vir die insluiting van kinder- en jeugliteratuur (KJL) in klaskamers in die grondslag- en intermediêre fase. Die doel van die professioneleontwikkelingsprogram is om onderwysers verder en beter op te lei in die gebruik van kinder- en jeugliteratuur. Deur dié program moet onderwysers bemagtig word om as lewenslange leerders voortdurend te leer, in die besonder oor die gebruik van kinder- en jeugliteratuur. Die program sal verder onderwysers ondersteun ten opsigte van die implementering van KJL in die klaskamer, hulle ingesteldheid verander en hulle met die nodige inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrering van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer toerus. Die ontwerp van die professioneleontwikkelingsprogram is gebaseer op die resultate van die literatuur- en empiriese navorsing wat deur die navorser onderneem is.

In hierdie hoofstuk word 'n samevatting van die kernaspekte van die voorafgaande hoofstukke gegee. Die gevolgtrekkings waartoe op grond van die bevindinge van hierdie studie gekom is, word gestel, leemtes in die studie word aangetoon en aanbevelings wat uit die studie voortvloei, word toegelig.

9.2 Samevatting

Die studie kan kortliks soos volg uiteengesit word.

9.2.1 Die doel van hierdie studie

Die doel van hierdie studie was om 'n professioneleontwikkelingsprogram vir onderwysers saam te stel wat sal fokus op die insluiting van kinder- en jeugliteratuur by die onderrig van Afrikaans Huistaal deur die gepaste kinder- en jeugliteratuur te gebruik.

Die doel van hierdie studie was om te bepaal:

1. Watter literêre komponente relevant vir kinder- en jeugliteratuur by professionele-ontwikkelingsprogramme ingesluit behoort te word.

Vakadviseurs

2. Wie die professioneleontwikkelingsprogramme op distriksvlak aanbied en wat hulle ingesteldhede is ten opsigte van aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme wat spesifiek op kinder- en jeugliteratuur fokus.
3. Wat die inhoud van professioneleontwikkelingsprogramme wat deur vakadviseurs aangebied word, behels, spesifiek ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur.
4. Hoe professioneleontwikkelingsprogramme deur vakadviseurs aangebied word ten opsigte van formaat en tydsduur.

Onderwysers

5. Wat onderwysers se ingesteldhede ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur is.

6. Wat onderwysers se inhoudskennis van kinder- en jeugliteratuur is.
7. Wat onderwysers se vaardighede ten opsigte van die onderrrig van kinder- en jeugliteratuur is.

8. Hoe 'n professioneleontwikkelingsprogram wat op kinder- en jeugliteratuur fokus, daar behoort uit te sien ten opsigte van –
    - **wie** dit moet aanbied en wie dit moet bywoon;
    - **wat** ten opsigte van inhoud en vaardighede ingesluit moet word; en
    - **hoe** die program aangebied moet word, byvoorbeeld die model wat gevolg word.

Die inligting wat met behulp van die empiriese ondersoek ingesamel is asook inligting uit die literatuurstudie is daarna aangewend om 'n professioneleontwikkelingsprogram te ontwikkel wat op die relevante teorieë, die keuse en evaluering van KJL, genres en subgenres van KJL, inhoudskennis en die vaardighede vir die integrasie van KJL in die klaskamer sou fokus.

9.2.2 Literatuuroorsig

Ten einde in staat te wees om die struktuur, aard en inhoud van die professioneleontwikkelingsprogram te ontwikkel, moes die navorser 'n omvattende teoretiese begronding doen oor professionele ontwikkeling en kinder- en jeugliteratuur.

In Hoofstuk 2 is relevante professioneleontwikkelingsmodelle bespreek om sodoende te bepaal watter modelle die beste is om te gebruik wanneer 'n professioneleontwikkelingsprogram saamgestel moet word. In dié hoofstuk was dit duidelik dat daar nie slegs op een model gefokus kan word nie, maar dat 'n kombinasie van verskeie modelle die beste sou wees om 'n suksesvolle professioneleontwikkelingsprogram te ontwikkel en aan te bied. Wat van besondere belang is, is dat daar 'n vertrouensverhouding met die onderwysers opgebou moet word en dat professioneleontwikkelingprogramme gefokus moet wees en die aanbieders oor goeie kennis van die onderwerp waaroor die professioneleontwikkelingsprogram handel, moet beskik. Verder moet daar veral aandag gegee word aan 'n goeie teoretiese onderbou, maar ook aanduidings van strategieë en vaardighede. Nadat die nodige vaardighede aan die onderwysers gedemonstreer is, moet die onderwysers die geleentheid kry om dit in te oefen waarna opvolgbesoeke en mentorskap deel van die onderwysers se ondersteuningstelsel kan wees.

Die keuse van die gepaste boek vir elke kind is uiters belangrik. Dit is nie maar net 'n ondeurdagte stelling nie; dit word reeds jare lank deur verskeie navorsers bepleit. In hoofstuk 3 is die teorieë wat die keuse van KJL kan beïnvloed, saamgevat. Navorsing op die gebied van die leser as fokuspunt tydens ondersoeke na kinder- en jeugliteratuur is deur die toonaangewende Iser (1970) en Jauss (1979) in die sewentigerjare op die voorgrond geplaas met die ontwikkeling van die resepsie-estetikateorie. Die leser se verwysingsraamwerk en die leser se vermoë om sy/haar horisonne te verskuif algaande hy/sy die teks lees, gee aanleiding tot spesifieke interpretasies van tekste. Die resepsie-estetika is opgevolg deur die kognitiewe paradigma. Met behulp van die kognitiewe paradigma word die prosesse wat deur die leser gevolg word wanneer hy/sy die teks lees, verklaar. Vir die leser het elke teks twee moontlike interpretasies. In die eerste plek is daar die leser se poging om die teks te verstaan, en tweedens gaan dit daarom of die teks deur die

onderwerp wat behandel word, die leser help om bepaalde aspekte van sy/haar persoonlike lewe te verwerk. Vir onderwysers kan dié aspek veral van waarde wees omdat dit leerders tot kritiese denke kan lei en die teks word nie net meer deur onderwysers as teks gesien nie, maar as 'n hulpmiddel.

Die vraag wat beantwoord moet word, is watter faktore 'n rol speel by die interpretasie van 'n teks, en daarom bied die resepsie-estetika en die kognitiewe paradigma nie die enigste verduidelikings nie. Die dinamiese sisteemteorie is dus in die studie gebruik om aan te dui dat alle faktore in 'n kind se lewe 'n rol speel. Ongeag hoe klein of groot 'n bepaalde gebeurtenis in die leerder se lewe is; dit kan 'n groot invloed op sy/haar ontwikkeling hê. Die outeur, die teks, die kind self en alles uit die kind se verlede asook die omgewing waarin die kind woon en grootword, speel 'n rol by die lees van 'n teks. Om hierdie rede is dit belangrik dat onderwysers die nodige teoretiese agtergrond het om sodoende 'n holistiese benadering te volg wanneer dit by die gebruik en aanbeveling van KJL kom.

Hierdie teorieë is belangrik vir die ontwerp en samestelling van 'n professioneleontwikkelingsprogram, nie net omdat dit onderwysers sal help om die leerder in ag te neem wanneer boeke gekies word nie, maar ook omdat dit onderwysers die nodige kennis sal bied om leerders en hulle eie interpretasies te verstaan en te weet dat elke leerder se interpretasie deur sy/haar agtergrond beïnvloed sal word. Dit bemagtig onderwysers verder om leerders se verwysingsraamwerke in ag te neem en om leerders se kognitiewe prosesse in ag te neem wanneer dit by die interpretasie van tekste kom. Relevante teorieë dwing die onderwyser en leerder tot kritiese denke oor die verhaal en wat die verhaal vir hulle beteken. Dit is dus nie net die gepaste teorieë wat belangrik is nie, maar ook die seleksie en evaluering van KJL.

Die beste wyse om onderwysers bewus te maak van KJL is om aan hulle te bewys dat KJL 'n essensiële nut en waarde het vir leerders en dat KJL volgens spesifieke kriteria geselekteer en geëvalueer moet word. KJL gee aan leerders 'n kulturele erfenis, dit ontwikkel hulle taalvermoë, dit ontwikkel hulle kognitiewe vermoëns en bevorder hulle persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling. Verder help KJL met die ontwikkeling van leerders se kreatiewe en kritiese denke. Hierdie aspekte staan myns insiens sentraal tot die onderrig van 'n kind, en daarom kan die benutting van KJL nie onderskat word nie. Daar is bepaalde faktore wat 'n rol kan speel wanneer KJL in die klaskamer gebruik word of by leerders aanbeveel word. Dit sluit onder meer die toegang tot boeke en die leesbaarheid van boeke in. Toegang tot boeke kan veral deur die gebruik van biblioteke opgelos word of deur onderwysers wat moeite doen om leerders aan boeke bloot te stel.

Die leesbaarheid van 'n teks (moeilikheidsgraad) hou nou verband met die evaluering van boeke, en daarom moet daar duidelike riglyne vir evaluering gestel word sodat alle onderwysers boeke op dieselfde wyse kan evalueer. Om sodanige riglyne aan onderwysers beskikbaar te stel, is die belangrikste elemente waarvolgens KJL geëvalueer kan word in Hoofstuk 4 bespreek. In die eerste plek is daar gekyk na die narratiewe elemente, in besonder na die gebeure, karakterisering, ruimte, tyd, verteller, fokalisator en hoe hierdie elemente onderrig moet word. Afgesien van die narratiewe elemente kan daar by die evaluering van KJL ook gekyk word na illustrasies, in die besonder na hoe visuele elemente soos lyn, kleur, vorm, tekstuur, ruimte, komposisie, perspektief, medium en styl 'n rol kan speel. Indien onderwysers hierdie aspekte goed verstaan, kan hulle KJL met gemak selekteer en evalueer.

Dit is belangrik dat onderwysers oor genoegsame kennis beskik wat betref die bydrae wat KJL tot die taal-, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling van leerders kan maak. Indien hierdie aspekte by 'n professioneleontwikkelingsprogram ingesluit word, sal dit onderwysers se vermoë om die waarde van KJL in te sien en dit deel van hulle klaskamer te maak, verbeter. Dit is verder ook belangrik dat die narratiewe elemente en die visuele elemente deel sal uitmaak van 'n professioneleontwikkelingsprogram aangesien refleksie oor dié aspekte die onderwyser en leerder tot 'n goeie interpretasie van die tekste sal lei. Hierdie aspekte lei onderwysers daarin om KJL te evalueer en te kies op grond van die waarde wat dit tot hulle onderrig en leerders se ontwikkeling toevoeg.

Dit is soms moeilik om met gemak te verduidelik wat KJL presies is en onderwysers twyfel ook soms oor hoe KJL geklassifiseer moet word wat betref die genres en subgenres. Dit is 'n aspek waarmee die meeste kenners sukkel, en onderwysers sukkel dus ook. In hoofstuk 5 is daar gepoog om op 'n eenvoudige manier die genres en subgenres uiteen te sit.

Daar is voorts gekyk na die hoofgenre en hoe "genre" gedefinieer kan word. Nadat die genre omlyn is, is daar aandag gegee aan die waarde wat die spesifieke genre vir leerders inhou. Indien daar enige sub-genres naas die hoofgenre is, is dit ondersoek en uiteengesit. Elke genre het waarde wat dit tot die klasonderrig van Afrikaans kan toevoeg en hierdie waarde en die wyse waarop die spesifieke genre gebruik kan word, word vir onderwysers uiteengesit. Die genres en subgenres moet deel uitmaak van 'n professioneleontwikkelingsprogram omdat genres vir onderwysers die waarde van elke genre uitspel. Die kenmerke van elke genre is uiteengesit sodat onderwysers dit dan met gemak aan leerders kan oordra aangesien dit deel is van die KABV (SA, 2011c:70). Genres baken die veld van KJL vir die leser af en verskaf aan die onderwyser die inhoud van KJL op 'n eenvoudige wyse.

9.2.3 Empiriese studie

In Hoofstuk 6 is die navorsingsmetodologie waarvolgens die empiriese data ingesamel is, bespreek. Die empiriese data is kwalitatief ingesamel deur middel van 'n fenomenologiese ontwerp. Daar is vanuit die interpretatiewe navorsingsparadigma met sy fokus op die betekenis wat die individue of gemeenskappe aan hulle ervarings gee, gewerk. Die navorser wou omvattende kennis opdoen omtrent die ingesteldheid van onderwysers en vakadviseurs ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme en KJL, onderwysers se inhoudskennis van KJL en onderwysers se vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL by die onderrig van Afrikaans.

Verskillende onderwysers en vakadviseurs in die Wonderland-distrik is by die studie betrek deur die stelselmatige insameling van data met behulp van oopvraelyste, onderhoude en 'n analise van die boeke wat onderwysers in hulle klasse gebruik. Hierdie data is geanaliseer waarna die navorser die fenomeen beter kon verstaan. Onderwysers en vakadviseurs vir die grondslag- en intermediêre fase het op 'n vrywillige basis aan die ondersoek deelgeneem. Die data is verwerk met behulp van Atlas.ti-sagteware om sodoende temas en ooreenstemmende inligting bymekaar te groepeer waarna 'n interpretasie gemaak kon word. Hierdie analise is beskikbaar in Bylaag C.

Tydens die empiriese studie is daar bevind dat daar nie noodwendig samewerking is tussen die Departement van Basiese Onderwys, onderwysers, hoëronderwysinstansies en die ontwikkelaars van professioneleontwikkelingsprogramme nie. Onderwysers en vakadviseurs is nie noodwendig baie positief oor professioneleontwikkelingsprogramme nie en die omstandighede van die betrokke instansies of persone word nie noodwendig in ag geneem nie. Daar is ook 'n leemte bespeur in die deelnemers se kennis ten opsigte van boeke, outeurs en illustreerders. Verder is bevind dat onderwysers onseker is oor verskeie aspekte van kinder- en jeugliteratuur. Onderwysers was onseker oor verskillende skrywers, boeke en illustreerders. Onderwysers was ook onder meer onseker oor wat die verskil is tussen die kinder- en jeugliteratuurgenres en wat die onderskeie narratiewe elemente, visuele elemente en leesbaarheid van boeke behels. Dié onsekerheid kan toegeskryf word aan onderwysers wat waarskynlik nog nie met die KABV vertroud is nie en daarom die KABV nie noodwendig korrek interpreteer nie. Hierdie foutiewe interpretasie van die KABV dra daartoe by dat sekere genres bloot net nie in die klas gebruik word nie, selfs al kan dit 'n uiters belangrike rol by leerders se ontwikkeling speel.

Dit het verder aan die lig gekom dat onderwysers onseker is oor hoe hulle boeke moet evalueer en hoe hulle boeke moet kies. Onderwysers ontvang slegs die lys in Excel-formaat (sien Bylaag A) sonder enige voorblad of 'n aanduiding waaroor die teks handel of op watter moeilikheidsvlak die boek is. Daar word slegs 'n titel aangedui, die ISBN en die graad waarvoor die boek gebruik kan word. Die leemte wat hier uitgewys is, was nie oorspronklik 'n doel van die studie nie, maar daar word gepoog om dit die hoof te bied deur middel van 'n resensiemodel wat voorgestel is (sien Hoofstuk 8).

Daar is onder meer ook bevind dat die onderwysers voel dat hulle te veel administratiewe take het om af te handel om enige professioneleontwikkelingsprogram by te woon of om werklik KJL te gebruik. Onderwysers sien KJL dus as 'n bykomende lading eerder as onderrigmiddel.

Dit het dus geblyk dat 'n professioneleontwikkelingsprogram noodsaaklik is om onderwysers te ondersteun en op te lei oor hoe om KJL effektief in die klaskamer te gebruik. Die professioneleontwikkelingsprogram is relevant en noodsaaklik om onderwysers se kennis aangaande KJL uit te brei en onderwysers se vermoë om taal, letterkunde en poësie te onderrig, te versterk terwyl daar na die komponente soos vervat in die KABV, byvoorbeeld lees, skryf, praat en luister, gekyk word.

Die essensie wat deur middel van die fenomenologiese ontwerp ontdek is, word hieronder opgesom:

Essensie ten opsigte van die literêre komponente soos uiteengesit in die KABV:

- Kennis omtrent die wyse waarop KJL geïntegreer moet word, het ontbreek by die vakadviseurs en onderwysers wat aan die studie deelgeneem het omdat hulle nie oor genoegsame kennis van wat literêre komponente is en hoe dit in die klaskamer gebruik kan word, beskik het nie.
- Daar was onduidelikheid onder vakadviseurs en onderwysers ten opsigte van die wyse waarop tekste geëvalueer en gekies moet word.

- Die terminologie in die KABV is myns insiens nie baie spesifiek nie, en dit het daartoe gelei dat daar onduidelikheid onder die deelnemende vakadviseurs en onderwysers was oor wat literêre komponente is.

Die essensie van vakadviseurs se ingesteldheid ten opsigte van professioneleontwikkelingsprogramme:

- Vakadviseurs het gevoel dat professionele ontwikkeling nie hulle werk is nie en dat hulle toegegooi is onder ander werk sodat die aanbieding van professioneleontwikkelingsprogramme problematies is.
- Vakadviseurs was onseker of die professioneleontwikkelingsprogramme wat hulle aangebied het werklik 'n invloed gehad het.
- Die diversiteit van onderwysers se kennis en vaardighede was problematies.
- Onderwysers se gevoelens was in sommige gevalle belangriker as die inhoud van die professioneleontwikkelingsprogramme.

Die essensie van die onderwysers se ingesteldheid ten opsigte van professionelontwikkelings-programme:

- Onderwysers in die studiegroep het gevoel dat die professioneleontwikkelingsprogramme geen doel gedien het nie, dat dit 'n vermorsing van tyd was en dat die programme ongefokus was.
- Dit was duidelik dat die deelnemende onderwysers nie werklik lewenslange leerders was nie en dat die rol wat professioneleontwikkelingsprogramme hierin kon en moes speel, nie ingesien is nie.
- Die onderwysers wat aan die navorsing deelgeneem het, was nie almal op dieselfde vlak nie, omdat hulle nie almal dieselfde opleiding gehad het nie.
- Die onderwysers was negatief oor die gebruik van KJL omdat hulle die persepsie gehad het dat dit nie deel is van die KABV nie. Hulle was met ander woorde nog nie vertroud met die KABV nie.

Die essensie van die inhoud van professioneleontwikkelingsprogramme wat ten tye van die navorsing aangebied is:

- Professioneleontwikkelingsprogramme wat ten tye van die navorsing aangebied is, het slegs op die oppervlakkige aspekte van die KABV gefokus. Daar was geen grondige ondersoek van die KABV nie, en die programme is nie deur kenners op die gebied aangebied nie.
- Die KABV is deur die studiegroep verkeerd geïnterpreteer: die teksgebaseerde benadering is deel van die KABV, daarom moet KJL deel wees van die effektiewe implementering van die KABV en moet dit aandag geniet.

Die essensie van die formaat en tydsduur van professioneleontwikkelingsprogramme wat ten tye van die navorsing aangebied is:

- Die professioneleontwikkelingsprogram moet aan onderwysers se behoeftes voldoen.
- Die ontwikkelaars van die professioneleontwikkelingsprogram moet kennis neem van die unieke omstandighede waarin die onderwysers werk.
- Die professioneleontwikkelingsprogram moet lewenslange leer bevorder.

- Die professioneleontwikkelingsprogram moet die KABV duidelik uiteensit.

Die essensie van onderwysers se inhoudskennis:

- Die onderwysers in die navorsingsgroep het nie noodwendig die nut van KJL ten opsigte van die verbreding van leerders se verwysingsraamwerk verstaan nie.
- Die onderwysers kon nie noodwendig begryp dat tekste leerders kan help om omstandighede en probleme in hulle lewe op te los nie.
- Deelnemende onderwysers het nie begryp hoe geskikte boeke vir leerders gekies kan word met inagneming van leerders se agtergrond, milieu en aspekte rakende leerders se lewe nie.
- Die deelnemende onderwysers het nie die omstandighede van die leerders in ag geneem nie.
- Die vakadviseurs en onderwysers was onseker oor die kriteria waarvolgens boeke geëvalueer en gekies moet word en daar was geen standaard waarvolgens gewerk moes word nie.
- Die onderwysers het getwyfel oor wat bedoel word met die narratiewe elemente waarvolgens verhale geïnterpreteer kan word, en het uiters belangrike aspekte soos die tema (die dieper betekenis van die verhaal) verwaarloos en slegs na die inhoud van die verhaal verwys.
- Die onderwysers het getwyfel oor die wyse waarop illustrasies geëvalueer kan word en wat die nut van illustrasies is.
- Alhoewel die onderwysers saamgestem het dat KJL opvoedkundige waarde moet hê, het hulle getwyfel oor wat die opvoedkundige waarde van KJL is. Die onderwysers het besef KJL bevorder taalontwikkeling, maar het getwyfel oor die waarde van KJL met betrekking tot die kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling van leerders.
- Dit het geblyk dat onderwysers slegs met die KJL waarmee hulle grootgeword het bekend was en nie op hoogte was van nuwe boeke, outeurs of illustreerders nie.
- Die onderwysers was nie seker oor die verskil tussen die verskillende genres nie en ook nie oor die nut wat elkeen van die genres vir leerders inhou nie.
- Die onderwysers het oënskynlik nie juis in illustrasies of illustreerders belanggestel nie.
- Die deelnemende onderwysers se opleiding het moontlik leemtes ten opsigte van outeurs, boeke, illustrasies en genres in KJL gelaat.
- Die onderwysers het nie oor genoegsame kennis ten opsigte van Afrikaanse KJL beskik nie en het gevolglik gedink daar was nie goeie en bruikbare boeke in Afrikaans nie, wat weereens ’n vermoede van gebrekkige opleiding laat ontstaan het.
- Die onderwysers het nie bewys gelewer dat hulle noodwendig krities gedink het oor hoe KJL in die klaskamer gebruik kon word nie.

Die essensie van onderwysers se vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL by die onderrig van Afrikaans Huistaal:

- Die deelnemende onderwysers het die KABV beperkende mate gelees aangesien hulle nie KJL as ’n essensiële aspek van hulle onderrig beskou nie.
- Die onderwysers was onseker oor wat die teksgebaseerde benadering is en hoe KJL juis as gevolg van die benadering belangrik is.

- Die onderwysers het KJL slegs as middel om stories te lees gesien, en nie ook as 'n vaardigheid wat die leerders moes aanleer nie. Daar is dus nie aan leerders die geleentheid gebied om hulle eie KJL te skryf nie.
- Die onderwysers het geen aandag geskenk aan die illustrasies en die wyse waarop dit in die klaskamer gebruik kan word nie.
- Die onderwysers het nie oor genoegsame kennis beskik oor hoe KJL by die onderrig van Afrikaans 'n rol speel nie.

Hierdie essensiële punte soos uit die empiriese ondersoek duidelik geblyk het, is by die ontwikkeling van die professioneleontwikkelingsprogram geïntegreer om sodoende onderwysers te ondersteun by die onderrig van Afrikaans Huistaal.

9.3 Bydrae tot die vakgebied

Hierdie studie dra op verskeie wyses tot die vakgebied by. Dit dra onder meer by tot die debat ten opsigte van die struktuur en formaat van professioneleontwikkelingsprogramme in Suid-Afrika. Die professioneleontwikkelingsprogram gee duidelikheid oor hoe KJL deel uitmaak van die KABV en hoe onderwysers te werk kan gaan om KJL te integreer by die onderrig van Afrikaans Huistaal. Op dié wyse dra die studie tot die vakgebied by omdat dit verwarring ten opsigte van die interpretasie met betrekking tot die gebruik van KJL by die onderrig van Afrikaans Huistaal uitskakel.

In die studie is verskillende professioneleontwikkelingsmodelle ondersoek en die WOM-model is ontwikkel om hierdie spesifieke program aan te bied. Die WOM-model maak gebruik van 'n kombinasie van die werkswinkel, opvolgbesoeke en 'n mentorskapprogram om die totale onderwyser te ontwikkel en te ondersteun. Hierdie model is ontwikkel om die kritiek en negatiwiteit wat oor werkswinkel heers, die hoof te bied. Die werkswinkel dien as die metode waarop die inhoud aan die onderwysers oorgedra word. Gedurende die werkswinkel word 'n goeie vertrouensverhouding opgebou tussen aanbieder van die program en die onderwysers waarna opvolgbesoeke by die onderwysers afgelê word. Gedurende die opvolgbesoeke kan probleme wat onderwysers het, die hoof gebied word en onderwysers se kennis ten opsigte van die skoolomgewing kan verder waarde toevoeg tot die program. Die mentorskap wat as deel van die professioneleontwikkelingsprogram moontlik gemaak gaan word, sal 'n bydrae lewer omdat dit wedersydse respek en vertroue tussen die aanbieder en onderwysers sal bewerkstellig. Aanbieders en onderwysers sal by mekaar leer en so sal die integrasie van KJL deel word van die onderrig van Afrikaanse Huistaal. Die WOM-model lewer 'n bydrae omdat dit die beste aspekte van die werkswinkel, opvolgbesoeke en mentorskap neem om die onderwysers op te lei en te ondersteun, iets wat tot op hede nie deel was van professioneleontwikkelingsprogramme nie.

Die professioneleontwikkelingsprogram wat in hierdie studie ontwikkel is, is ontwikkel met die doel om onderwysers te ingesteldhede, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL in die klaskamer op die voorgrond te bring. Die professioneleontwikkelingsprogram sal onder meer onderwysers se ingesteldheid ten opsigte van die integrasie van KJL in die klaskamer positief beïnvloed omdat die program

aan onderwysers die nodige kennis en vaardighede sal gee om KJL met gemak by die onderrig van Afrikaans te integreer.

Die inhoudskennis wat deel is van die professioneleontwikkelingsprogram behels onder meer –

- die relevante teorie vir die integrasie van KJL by die onderrig van Afrikaans ten opsigte van die bydrae wat dit tot die verwysingsraamwerk van die leerder maak; en
- die geleentheid om tekste te evalueer; en
- die waarde wat KJL vir leerders inhou.

Die inhoudskennis wat by die professioneleontwikkelingsprogram ingesluit is, dra by tot die keuse en evaluering van KJL en die verskil tussen genres en subgenres.

Die bydrae van die professioneleontwikkelingsprogram tot die vakgebied wat betref leemtes in onderwysers se inhoudskennis ten opsigte van KJL is voor die hand liggend. Die leemte in onderwysers se inhoudskennis was duidelik tydens die studie en die eenvoudige wyse waarop die nodige inligting in die program saamgevat word, sal dit vir onderwysers moontlik maak om KJL by die onderrig van Afrikaans te integreer. Die bydrae van die studie ten opsigte van inhoudskennis is verder na vore gebring deur die hulpmiddels wat ontwikkel is as deel van die studie. Die drie hulpmiddels, naamlik die hulpmiddel vir letterkunde, die hulpmiddel vir poësie en die hulpmiddel vir leeslyste, lesbeplanner en genres is kompak en eenvoudig. Die wiele en kalender gee al die nodige inligting ten opsigte van die integrasie van KJL by die onderrig van Afrikaans in die hand van die onderwyser. Die hulpmiddels bevat nie net die nodige inligting nie, maar gee ook deur middel van die kalender aan onderwysers die geleentheid om hulle leeslyste voordurend uit te bou wat dus die onderwyser aktief betrokke hou by KJL.

Die resensiemodel soos voorgestel in Hoofstuk 8 dra by tot die vakgebied omdat dit onderwysers kan bystaan in die keuse van boeke en tot die debat van die wyse waarop boeke gekies word. Daar word met die resensiemodel ŉ alternatief voorgestel vir die onnadenkende wyse waarop onderwysers keuses maak.

9.4 Leemtes in die navorsing

Om finansiële en logistieke redes kon daar onder meer slegs op ŉ paar skole en vakadviseurs in die Wonderland-distrik gefokus word. Die studie behoort landwyd uitgevoer te word om sodoende ŉ totale prentjie te kry van die ingesteldhede, kennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL in die klaskamer.

Om te bepaal of die voorgestelde professioneleontwikkelingsprogram suksesvol aangebied kan word en sodoende ŉ effektiewe verandering in die onderrig teweeg sal bring, sal eers vasgestel kan word wanneer die program aangebied word en onderwysers dit wat in die professioneleontwikkelingsprogram aangebied word, kreatief in hulle klasse implementeer.

Aangesien die program nie as deel van die studie aangebied is nie, kon daar nie opvolgbesoeke by die skool en onderwysers afgelê word nie. Die opvolgbesoeke sou dit moontlik maak om reeds ŉ

vertrouensverhouding op te bou en die onderwysers se ingesteldheid ten opsigte van hierdie spesifieke professioneleontwikkelingsprogram in ag te neem ten einde die program aan te pas sou dit nodig wees.

Daar is nie in die studie gefokus op die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans en daarom die Europese en Afrika invloed op die taal en boeke in die taal nie.

9.5 Aanbevelings

Uit hierdie studie is dit duidelik dat die onderwysers addisionele professionele ontwikkeling moet ontvang om sodoende KJL by die onderrig van Afrikaans in te sluit. Onderwysers moet die waarde van verskillende genres in KJL begryp en hierdie genres by hulle daaglikse onderrig insluit. Daarom beveel hierdie studie aan dat die voorgestelde professioneleontwikkelingsprogram vir die onderwysers aangebied word en dat daar voortdurende opvolg plaasvind en dat ondersteuning en nuwe inligting deurlopend aan onderwysers verskaf word. Op dié wyse kan onderwysers se probleme dadelik opgelos word en kan die onderrrig van Afrikaans positief beïnvloed word.

As verdere studie kan die professioneleontwikkelingsprogram aangebied word, waarna daar gekyk kan word hoe en of die program die integrasie van KJL by die onderrig van Afrikaans Huistaal positief beïnvloed. Daar kan ondersoek word hoe die program onderwysers en vakadviseurs se ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL in die klaskamer verbeter. So ’n studie moet longitudinaal wees sodat die uitwerking van KJL op die onderrig en ontwikkeling van die leerders getoets kan word. Die voordurende aanbieding van die professioneleontwikkelingsprogram en ’n studie oor die invloed wat dit in die klaskamer het, kan tot verdere integrasie van KJL lei en dit kan weer lei tot ’n beter vertrouensverhouding tussen die aanbieders en onderwysers wat daartoe sal lei dat die program ’n positiewe uitwerking op die onderrig van Afrikaans Huistaal sal hê.

Daar word verder aanbeveel dat die professioneleontwikkelingsprogram en die hulpmiddels vertaal word, in die besonder in Engels, en later moontlik in die ander amptelike tale sodat ’n wye spektrum van onderwysers by die professioneleontwikkelingsprogram betrek kan word en sodoende die relevante inligting in hulle huistaal kan ontvang wat onderwysers se onderrigtaak ten opsigte van kinder- en jeugliteratuur sal vergemaklik. Die professioneleontwikkelingsprogram en die hulpmiddels wat vir die program ontwikkel is kan met klein aanpassings ook vir hoërskool onderwysers aangebied word.

9.6 Ten slotte

In hierdie hoofstuk is die studie in breë trekke opgesom, gevolgtrekkings en aanbevelings is op grond van die bevindinge van die studie gemaak. Die leemtes van die studie is ook uitgewys.

Deur die navorsing het die navorser gepoog om die belangrikheid van kinder- en jeugliteratuur en die gebruik daarvan in die klaskamer aan te dui. Daar is lig gewerp op die ingesteldhede, kennis en vaardighede van onderwysers en vakadviseurs ten opsigte van die integrasie van KJL by die onderrig van Afrikaans. Daar is gepoog om deur middel van ’n professioneleontwikkelingsprogram die nodige kennis en vaardighede aan onderwysers te gee om kinder- en jeugliteratuur deel te maak van hulle daaglikse onderrig. Die

professioneleontwikkelingsprogram is daarop gerig om praktiserende onderwysers te help om keuses te maak, literatuur te kan evalueer en aanbevelings te maak. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die professioneleontwikkelingsprogram aan onderwysers die geleentheid sal bied om hulle eie vaardighede te verbeter en aan te pas wat tot gevolg sal hê dat die professioneleontwikkelingsprogram tot 'n interessante en stimulerende leerdergesentreerde leeromgewing kan bydra.

Daar is in hierdie studie bewys dat kinder- en jeugliteratuur van groot waarde kan wees indien onderwysers oor genoegsame kennis van die relevante teorieë, die keuses en evaluering van KJL en die genres wat in KJL voorkom, beskik. Hierdie inhoud kan deur middel van die WOM-model wat in die studie voorgestel word, as 'n professioneleontwikkelingsprogram aangebied word waartydens onderwysers se ingesteldheid, inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrering van KJL in die klaskamer aangespreek word. Die vertroue word uitgespreek dat hierdie studie belanghebbendes se visie sal verruim en dat onderwysers die inhoud en vaardighede ten opsigte van die integrasie van KJL wat as deel van die professioneleontwikkelingsprogram aangebied word, sal aanwend en implementeer sodat kinder- en jeugliteratuur 'n integrale deel sal wees van onderrig in Suid-Afrika, veral ten opsigte van Afrikaans Huistaal.

Die pad vorentoe na aanleiding van hierdie studie is in die eerste plek die aanbieding van die professioneleontwikkelingsprogram wat vir die doel van hierdie studie ontwikkel is, aan die hele distrik, en selfs later op 'n groter skaal, soos in die provinsie, aangebied sal word. Die vertaling van die program sal daartoe lei dat onderwysers die inhoudskennis en vaardighede ten opsigte van die integrasie van Afrikaans KJL prakties in hulle klaskamer sal kan toepas, juis omdat die hulpmiddel in die onderwyser se huistaal beskikbaar is. Die vertaling kan daartoe bydra dat onderwysers in hulle huistaal die inligting bekom en daarom die inhoud beter verstaan.

Indien die program met sukses aangebied word, sal dit daartoe lei dat onderwysers KJL prakties by hulle onderrig van Afrikaans Huistaal kan integreer. Onderwysers sal die vaardigheid ontwikkel om die hulpmiddels wat tydens die studie ontwikkel is, met gemak te gebruik en om keuses te maak ten opsigte van die inligting soos in die resensie-model weergegee. Die program sal verder aan onderwysers die vermoë gee om boeke te evalueer volgens die narratiewe elemente, die illustrasies en die eienskappe van verskillende genres. Op grond hiervan kan die vooruitskouing gemaak word dat die aanbieding van die professioneleontwikkelingsprogram daartoe sal lei dat KJL deel sal uitmaak van die onderrig van Afrikaans Huistaal.

BRONNELYS

Abbott, H.P. 2006. Cognitive literary studies: the “second generation”. *Poetics,* 24(4):712–722.

Adalbjarnardottir, S. & Selman, R. 1997. “I feel I have received a new vision”: an analysis of teachers’ professional development as they work with student on interpersonal issues. *Teaching and teacher education*, 13(4):409–428.

Adamson, F. & Darling-Hammond, L. 2010. Beyond basic skills: the role of performance assessment in achieving 21st century standards of learning. Stanford, CA: Stanford Center for Opportunity Policy in Education.

Adamson, K., Santau, A. & Lee, Okhee. 2012. The impact of professional development on elementary teachers’ strategies for teaching science with diverse student groups in urban elementary schools. *Journal of science teacher education*. http://www.springerlink.com/content/504371723p604871/ Date of access: 15 Aug. 2012.

Adbal-Haqq, I. 1996. Making time for teacher professional development. Eric Digest. Washington, DC: Eric Clearinghouse on Teaching and Teacher Education.

Alber, J. & Fludernik, M. 2009. Mediacy and narrative mediation. (*In* Hühn, P., Pier, J., Schmid, W. & Schönert, J., *eds*. Handbook of narratology. Berlin: De Gruyter. p. 174-189).

Alidou, H. 2000. Preparing teachers for the education of new immigrant students from Africa. *Action in teacher education*, 22(2):101-107.

Allen, S.H. 1997. Talking about literature “in-depth”: teacher-supported group discussions in a fifth grade classroom. (*In* Koralides, N.J., *ed*. Reader response in the elementary classroom: quest and discovery. Mahwah, NJ: Erlbaum).

Allen-Chabor, A. 2001. Teaching nutrition for Science credit: a professional development model. *Journal of nutrition education*, 33(1):55–56.

Alvira-Hammond, M. 2012. Atlas.ti: introduction to qualitative data management and analysis in Atlas.ti V.7. http://www.bgsu.edu/downloads/cas/file1157810.pdf Date of access: 23 Jan. 2013.

Anderson, D. 2009. Reading is funny! Motivating children to read with riddles. American Library Association.

Anderson, R.C., Wilson, P. & Fielding, L. 1988. Growth in reading and how children spend their time outside of school. *Reading research quarterly,* 23:285–303.

Annunziata, J. 1997. Linking teacher evaluation and professional development. (*In* Stronge, J., *ed*. Evaluating teaching: a guide to current thinking and best practice. Thousand Oaks, CA: Corwin Press. p. 288-301).

Anon. 2003. Assessing children's literature. http://www.adl.org/education/assessing.asp Date of access: 2 Mar. 2012.

Anon. 2004. Guideline on preparing teachers with knowledge of children's and adolescent literature. http://www.ncte.org.positions/statements/choldodollitguideline Date of access: 7 Mar. 2012.

Anon. 2010. Brul! Hier kom leeu. Kaapstad: Fantasi.

Arizpe, E. & Styles, M. 2003. Children reading pictures: interpreting visual texts. London: Routledge.

Arnold, R. & Golburn, N. 2009. Count us in: storytime is a perfect occasion to strengthen children's math skills. *School library journal,* 55, January:19-19.

Atkinson, P.A. & Coffey, A. 1997. Analysing documentary realities. (*In* Silverman, D., *ed*. Qualitative research: theory, method and practice. London: Sage. p. 45–62).

Bader, B. 1976. American picturebooks from Noah's Ark to The Beast Within. USA: Macmillan.

Baghban, M. 2000. Too serious too soon: where is the childishness in children's fiction? New York, NY: National Council of Teachers of English.

Bailey, C.A. 2007. A guide to qualitative field research. 2nd ed. CA: Pine Forge Press.

Baker, P. 1999. In-service teaching education: form vs. substand. *High school magazine*, 72:46–47.

Ball, D.L. 1988. Knowledge and reasoning in mathematical pedagogy: examining what prospective teachers bring to teacher education. East Lansing, MI: Michigan State University. (Dissertation – PhD).

Ball, D.L. 1991. Research on teaching mathematics: making subject matter knowledge part of the equation. (*In* Brophy, J., *eds*. Advances in research on teaching: vol. 2. Teachers' knowledge of subject matter as it relates to their teaching practice. Greenwich, CT: JAI Press. p. 1-48).

Ball, D.L. & Cohen, D.K. 1999. Developing practice, developing practitioners: toward a practice-based theory of professional education. (*In* Darling-Hammond, G. & Sykes, G., *eds*. Teaching as the learning profession: handbook of policy and practice. San Francisco, CA: Jossey-Bass. p. 3–32).

Ball, D.L. & Forzani, F.M. 2007. What makes education research "educational"? *Educational researcher*, 36(9):529–540.

Ball, D.L. & Forzani, F.M. 2009. The work of teaching and the challenge for teacher education. *Journal of teacher education*, 60:497-511.

Ball, D.L., Thames, M.H. & Phelps, G. 2007. Content knowledge for teaching: what makes it special? http://conferences.illinoisstate.edu/nsa/papers/thamesphelps.pdf Date of access: 15 Aug. 2012.

Ball, S.J., Davies, J., David, M. & Reay, D. 2001. 'Classification' and 'judgement': social class and the cognitive structures of choice of higher education. *British journal of sociology of education*, 23(1). p. 51-72.

Bamberg, M. 2009. Identity and narration. (*In* Hühn, P., Pier, J., Schmid, W. & Schönert, J., *eds*. Handbook of narratology. Berlin: De Gruyter.).

Bamford, A. 2003. The visual literacy white paper. http://wwwimages.adobe.com/www.adobe.com/ content /dam/Adobe/en/education/pdfs/visual-literacy-wp.pdf Date of access: 27 Feb. 2013.

Banister, P., Dunn, G., Burman, E., Daniels, J., Duckett, P., Goodley, D., Lawthom, R., Parker,I., Runswick-Cole, K., Sixsmith, J., Smailes, S., Tindall, C. & Whelan, P. 2011. Qualitative methods in psychology: a research guide. 2nd ed. Manchester: Open University Press.

Bantwini, B.D. & King-McKenzie, E. 2011. District officials' assumptions about teacher learning and change: hindering factors to curriculum reform implementation in South Africa. *International journal of education,* 3,1-25.

Barber, M. & Mourshed, M. 2007. How the world's best-performing school systems come out on top. London: McKinsey.

Bartel, N. 1995. Assessing and remediating problems in language development. (*In* Hammill, D. & Bartel, N., *eds.* Teaching children with learning and behavior problems. Boston, MA: Allyn & Bacon. p. 62-635).

Bascom, W. 1965. The forms of folklore: prose narratives. *Journal of American folklore*, 78:3–20.

Beaudin, L. & Grigg, L. 2001. Integration of computer technology in the social studies classroom: an argument for a focus on teaching methods. *Canada's national social studies journal,* 35(2): 22-28.

Benejam, P. & Espinet, M. 1992. Spain. (*In* Leavitt, H.B., *ed*. Issues and problems in teacher education: an international handbook. New York, NY: Greenwood. p.22-26).

Bennett, A. 2001. Readers and reading. London: Longman.

Bennett, A. 1995. Readers and Reading. London: Longman.

Berk, L.E. 1985. Relationship of caregiver education to child-oriented attitudes, job satisfaction, and behaviors toward children. *Child and youth care forum,* 14(2):103-129.

Bernstein, J.E. 1989. Bibliotherapy: how books can help young children cope. (*In* Rudman, M.K., *ed*. Children's literature: resource for the classroom. Norwood, MA: Christopher Gordon. p. 159-173).

Bettelheim, B. 1976. The uses of enchantment: The meaning and importance of fairy tales. New York, NY: Knopf.

Bimberg, C. 2000. The potential contribution of children's literature to multilingualism and multiculturalism. *Per linguam*, 16(1):18–31.

Bloom, H. 2004. The best poems of the English language. New York, NY: Harper Collins.

Bodrova, E. & Leong, D. 2007. Play and early literacy: a Vygotskian approach. *(In* Roskos, K.A. & Christie, J.F., *eds*. Play and literacy in early childhood. 2nd ed. Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum. p. 357-369).

Boeree, C.G. 2006. Carl Jung: personality theories. http://webspace.ship.edu/cgboer/jung.html Date of access: 3 Mar. 2013.

Borko, H. 2004. Professional development and teacher learning: mapping the terrain. *Educational researcher,* 33(8):3–15.

Bourke, J.M. 2001. The role of the TP TESL supervisor. *Journal of education for teaching*, 27(1):63–73.

Bowen, G.A. 2009. Document analysis as a qualitative research method. *Qualitative research journal*, 9(2):27–40.

Bowman, B.T., Donovan, M.S. & Burns, M.S. 2001. Eager to learn: educating our preschoolers. Washington, DC: National Academy Press.

Boyd-Batstone, P. 1997. Learning to walk together in a third-grade bilingual classroom: from transmission to transactional instruction in literature. (*In* Karolides, N.J., *ed*. Reader response in the elementary classroom: quest and discovery. Mahwah, NJ: Erlbaum. p. 184-204).

Brandone, A.C., Pasek, K. & Golinkoff, R.M. 2008. Language development. http://udel.edu/~roberta/pdfs/Bear% 20chaptBrandone.pdf Date of access: 26 Nov. 2012.

Bredekamp, S. & Copple, C., *eds*. 1997. Developmentally appropriate practice in early childhood programs. Washington, DC: National Association for the Education of Young Children.

BreitLinks. 2005. Children's genres. http://www.breitlinks.com/my_libmedia/children's_genres.htm Date of access: 16 Sep. 2013.

Brink, A.P. 1989. Vertelkunde: 'n inleiding tot die lees van verhalende tekste. Pretoria: Academica.

Britz, L. 2003. Hoofstuk 2: Die middelkinderjare. http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-02042004-105645/unrestricted/02chapter2.pdf Toegangsdatum: 26 Nov. 2012.

Brophy, J.E. 1983. Research on the self-fulfilling prophecy and teacher expectations. *Journal of educational psychology,* 75(5):631–661.

Burko, H. & Putnam, R.T. 1995. Expanding a teacher's knowledge base: a cognitive psychological perspective on professional development. (*In* Guskey, T.R. & Huberman, M., *eds*. Professional development in education: new paradigms and practices. New York, NY: Teachers College Press. p. 35–65).

Burley, H., Yearwood, B., Wood-Salinas, S., Martin, L. & Allen, D. 2001. Partners in cyberspace: reflection on developing an ePDS. *The educational forum*, 65(2):166–175.

Burmark, L. 2002. Visual literacy: learn to see, see to learn. USA: ASCD.

Bush, W.S. 1999. Not for sale: why a bankroll alone cannot change teaching practice. *Journal of staff development,* 20(3):61–64.

Buysse, V., Winton, P.J. & Rous, B. 2009. Reaching consensus on a definition of professional development for the early childhood field. *Topics in early childhood special education*, 28(4):235–243.

Bybee, R.W. & Loucks-Horsley, S. 2000. Advancing technology education: the role of professional development. *The technology teacher,* 60(2):31–34.

Byington, T.A. & Tannock, M.T. 2011. Professional development needs and interests of early childhood education trainers. http://ecrp.uiuc.edu/v13n2/byington.html Date of access: 11 Aug. 2012.

Casanova, P. 2005. The wold republic of letters Convergences: inventories of the present. Boston, MA: Harvard University Press.

Cassidy, D.J., Buell, M.J., Pugh-Hoese, S. & Russell, S. 1995. The effect of education on child care teachers' beliefs and classroom quality: year one evaluation of the TEACH early childhood associate degree scholarship program. *Early childhood research quarterly*, 10:171–183.

Castleman, J. 1996. Improving field experiences for rural pre-service teachers through the establishment of a professional development school. Fort Lauderdale, FL: Nova South-eastern University.

CEO Forum on Education and Technology. 1999. Professional development: a link to better learning. The CEO Forum school technology and readiness report – year two. Washington, DC.

Chambers, E. 1985. Applied anthropology: a practical guide. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Klanke en handskrif behoort bymekaar aan te sluit omdat die aanleer van die klank en die vorming van die letter hand aan hand gaan. Die letters wat die meeste gebruik word, moet in Graad 1 aangeleer word. Daar mag dalk besluit word om die letter *c* voor die letter *a* aan te leer, en die letter *l* voor *h* en *b* as gevolg van die vorm van die letters. Die klankprogram in die KABV is so ontwerp dat daar 1 - 2 nuwe klanke per week bekendgestel word tydens die eerste twee kwartale. Teen die einde van die eerste kwartaal behoort die leerder ten minste agt klanke te ken en die res van die klanke teen die einde van die tweede kwartaal. Die dubbelklanke word in die tweede helfte van Graad 1 bekendgestel, soos wat die leerder se klankvaardighede ontwikkel. Hou terselfdertyd vol met woordbou en die verdeling van woorde in klanke.

In Graad 2 en Graad 3 word klanke met twee vokale, tweeklanke, begin- en eindklanke en spelreëls aangeleer. Daar moet meer konsonant- en vokaalkombinasies aangeleer word wat toeneem in moeilikheidsgraad gedurende die jaar en oor die grade heen. Hou in gedagte dat die aanleer van die klanke nie in isolasie moet plaasvind nie, maar dit behoort te skakel met die gedeelde leesprogram.

Omdat leerders die klanksimboolsisteem aanleer van die taal wat onderrig word, moet hulle aangemoedig word om hulle eie manier van spelling te ontdek totdat hulle die konvensionele spelling aanleer. Leerders wat hulle eie spelling “ontdek”, ontwikkel tot beter spellers as dié wat dit nie self “ontdek” nie. Streef daarna dat leerders fonemies meer akkuraat spel (waar elke klank in die woord verteenwoordig word deur die geskrewe vorm van die woord (bv. tanne, baje).

Spelling hou verband met klanke en die spelprogram moet deur die klanke van die week versterk word. Die onderrig van spelling in Graad 1 en 2 is meer informeel van aard, maar in Graad 3 behoort 'n meer formele spelprogram geïmplementeer te word, met periodieke, informele speltoetse en diktee. Korrekte spelling moet ook in die leerder se skriftelike werk sigbaar wees en nie net in toetse en diktee nie.

Woordherkenning

By sigwoorde (of “kyk-en-sê”-woorde) herken die leerder individuele woorde “op sig” omdat die woord herhaaldelik voorkom en gebruik word. Woorde wat gereeld in tekste voorkom (hoëfrekwensie woorde), kan op hierdie manier aangeleer word.

Gebruik gedeelde en groepbegeleide lees om die **vyf-vinger-strategie** te demonstreer, waar elke vinger 'n spesifieke strategie voorstel wat die leerder kan gebruik om sistematies onbekende woorde te lees en die betekenis daarvan te ontsyfer.

- Die duim: Laat die woord uit en lees tot aan die einde van die sin.
- Die wysvinger: Kyk na die prent.
- Die middelvinger: Kyk na die woord om enige bekende dele van die woord te herken.
- Die ringvinger: Klank die woord.
- Die pinkie: Vra hulp om die woord te lees of vra die woord se betekenis.

Moedig leerders aan om hierdie proses te gebruik wanneer hulle onbekende woorde teëkom.

Begrip

Die onderwyser het baie geleenthede om die leerders te betrek by verskillende denkvlakke en vraagstelling tydens leeslesse. Hieronder volg 'n paar maniere om vrae te stel wat laer- en hoër-orde-begripsvaardighede sal ontwikkel.

Letterlike begrip

- Identifiseer ... (bv. *Identifiseer die hoofkarakter in die storie.)*
- Wys uit ... (bv. *Wys na die motor wat die rower bestuur het.)*
- Lees / haal die reël aan wat ... (bv. *Lees die reël wat aandui dat die ouma ongelukkig was.)*
- Beskryf ... (bv. *Beskryf die skelm van die storie.)*
- Vind ... (bv. *Vind die naam van die boek wat sy gelees het.)*
- Wys ... (bv. *Wys my die deel van die storie waarvan jy die meeste gehou het.)*
- Stel vas ... (bv. *Stel vas waarheen die familie gery het.)*
- Vermeld ... (bv. *Wat is die naam van die hondjie wat weggeraak het?)*

Herorganisasie

  - Vergelyk ... (bv. *Vergelyk die twee susters. Wat is die verskil?)*
  - Lys ... (bv. *Lys die plekke wat die oupa besoek het.)*

- Kontrasteer ... (bv. *Kontrasteer die ou huis met die nuwe huis.)*
- Verdeel ... in ... (bv. *Verdeel die verskillende diere in die storie in twee groepe, dié wat vriendelik was teenoor die meisie en dié wat haar wou eet.)*
- Klassifiseer ... (bv. *Klassifiseer die diere in die storie.)*
- Som op ... (bv. *Som die storie in vier sinne op.)*
- Hoe verskil ... (bv. *Hoe verskil die held van die skurk?)*

Gevolgtrekking

- Verbeel ... (bv. *Verbeel jou jy was die held. Wat sou jy gedoen het?)*
- Veronderstel ... (bv. *Veronderstel die leeutemmer het die hok oopgelaat. Wat sou gebeur het?)*
- Kon ... (bv. *Kon die man die rivier op enige ander manier oorgesteek het?)*
- Gevolge ... (bv. *Wat is die gevolge van daardie besluit?)*
- Wat sou gebeur het as ... (bv. *Wat sou gebeur het as die man die leeu gevang het?)*

Evaluering

- Moes ... (bv. *Moes die ouma die storie vertel het?)*
- Na jou mening ... (bv. *Na jou mening, was die seun reg om so op te tree?)*
- Stem jy saam ... (bv. *Stem jy saam dat dit die beste was om weg te hardloop?)*
- Wat sou jy ... (bv. *Wat sou jy gedoen as jy in daardie posisie was?)*
- Is dit reg dat ... (bv. *Is dit reg dat die oom hom uit die huis gejaag het omdat hy brood gesteel het?)*
- Watter beskrywing is die beste ... (bv. *Watter beskrywing van die hoofkarakter is die beste?)*

Waardering

- Hou jy van ... (bv. *Hou jy van die storie wat ons gelees het?)*
- Is dit 'n goeie woord / frase ... (bv. *Is dit 'n goeie woord om die skelm te beskryf?)*
- Ken jy enigiemand ... (bv. *Ken jy enigiemand wat soos sy suster optree?)*
- Hoekom het jy daarvan gehou / nie gehou nie ... (bv. *Hoekom hou jy nie van die beer nie?)*

Moedig leerders aan om meta-kognitiewe vaardighede te gebruik sodat leerders hulleself kan monitor in beide woordherkenning- en begripsvaardighede terwyl hulle lees. Leerders word geleer om hulself te vra: *"Klink dit reg?", "Lyk dit reg?"* en *"Maak dit sin?"* Demonstreer die proses in gedeelde lees en pas dit toe tydens begeleide lees in groepe, met hulp van die onderwyser.

Leesvlotheid

Leesvlotheid behels:

- *akkuraatheid tydens dekodering* - om daartoe in staat te wees om die meeste woorde te identifiseer;
- *leesspoed* - onmiddellike en moeitelose herkenning van woorde;
- *frasering* - lees vlot met toepaslike frasering en uitdrukking; en
- *begrip.*

Leesvlotheid kan verbeter deur spesifieke leesvaardighede aan te leer vir woordherkenning en dekodering deur tekste te selekteer wat makliker en interessanter is, tekste wat reeds gelees is te herlees, en 'n groter hoeveelheid leesstof te lees.

Hardoplees / Voorlees

'n Finale en belangrike komponent van 'n gebalanseerde leesprogram is die onderwyser se voorleestyd (storietyd). 'n Hele reeks taalvaardighede (insluitend lees) word ontwikkel in 'n sinvolle konteks en is die kern van 'n gebalanseerde geletterdheidsprogram. 'n Liefde vir lees en 'n passie vir stories word bevorder wanneer die onderwyser stories aan die leerders voorlees.

Meer inligting aangaande alle aspekte wat betrekking het op die onderrig van lees kan in die Departement van Basiese Onderwys se handboek, *Teaching Reading in the Early Grades (2008),* gevind word.

2.7 Skryf

Leerders begin in Graad 1 “skryf” deur prente te gebruik, maar soos wat die vaardighede van lettervorming bemeester word, begin hulle om individuele woorde, byskrifte en volsinne te skryf wat geïllustreer kan word. Teen die middel van Graad 1 behoort leerders hul eie byskrifte vir hulle prente te kan skryf en ten minste een eie sin te kan saamstel. Die onderwyser voorsien hulp in die vorm van aanvangsinne of skryframe, bv. *“Ek hou van ...”.* Omdat spelling gewoonlik problematies is, word daar aan elke leerder 'n A5-boek gegee wat gebruik word as 'n persoonlike woordeboek. Voorsien sluitingstegniekoefeninge waar leerders 'n sin voltooi deur die ontbrekende woorde in te vul en eenvoudige vrae wat leerders met 'n eenvoudige *Ja / Nee* of 'n enkele woord kan beantwoord.

Die gedeelde skryfaktiwiteite demonstreer die skryfproses sodat leerders kan verstaan hoe afsonderlike letters 'n woord vorm, hoe woorde sinne vorm, die belangrikheid van spasiëring en die korrekte gebruik van leestekens. Leerders ontwikkel 'n uitgebreide woordeskat en leer hoe sinne deur byvoeglike naamwoorde en bywoorde verryk kan word. Soos leerders meer ervare raak in die skryf van hulle eie sinne, kan hulle aan paragrawe bekendgestel word.

Die skryfproses word in die KABV beskryf. Dit behels die skryf van 'n konsepweergawe, die skryf van die teks, redigering en aanbieding (die lees van die teks deur ander). Die Grondslagfase-leerder sal nie sy / haar werk oorskryf nie, maar dit eerder redigeer deur 'n lyn te trek deur ongewenste woorde en byvoeging van teks waar nodig.

2.7.1 Handskrif

Die KABV maak voorsiening vir die sistematiese aanleer van handskrifvaardighede tydens kort periodes in die verskillende grade, ongeveer 15 minute per dag en afhangende van die graad.

Pre-/voorbereidende skryfprogram

Voordat 'n formele handskrifprogram in Graad 1 gevolg kan word, moet leerders eers 'n pre-skryfprogram volg om vaardighede in visuele diskriminasie, groot- en fynmotoriese en hand-oog-koördinasie, liggaamsbeeld, lateraliteit en voorgrond- en agtergrondpersepsie te ontwikkel. Hulle moet die korrekte potloodgreep aanleer en lettervorming (beginpunt, grootte, vorm, rigting) oefen. Later word die leerders gelei om die letters op en tussen die lyne te posisioneer en te plaas. Die korrekte sithouding is ook belangrik. Jong leerders vind dit dikwels moeilik om van die skryfbord af te transkribeer omdat hulle ogies tyd nodig het om te herfokus van die bord af na die papier wat voor hulle lê en omdat die korttermyn visuele geheue nog nie voldoende ontwikkel is nie. Daarom help dit leerders om in Graad 1 - 3 skrifstroke met 'n ry letters te hê waarvan hulle tydens handskriflesse kan naskryf.

Oorbrugging na lopende skrif of skrif met verbindings

Teen die einde van Graad 1 moet leerders daartoe in staat wees om al die klein- en hoofletters asook sinne korrek en vlot van die skryfbord of skrifstroke af te skryf. In Graad 2 ontwikkel leerders groter spoed in drukskrif en dit is in hierdie graad waar die meeste skole lopende skrif of skrif met verbindings vir die leerders leer. Die keuse aangaande die handskrif word deur die skool / provinsie bepaal, maar leerders moet toegerus word om 'n lopende skrif of skrif met verbindings teen die einde van Graad 3 te kan skryf. Hierdie oorbrugging vind by die meeste leerders tydens die eerste helfte van Graad 3 plaas.

Materiale

In Graad 1 begin leerders met vetkryte op blanko papier skryf. Mettertyd vorder hulle na 17 mm liniëring en gebruik potlode vir formele handskriflesse, alhoewel baie skole verkies om steeds blanko boeke vir ander skriftelike werk te gebruik - selfs in Graad 2. In Graad 3 moet leerders 8.5 mm liniëring gebruik. Die stadium wanneer hierdie oorgang plaasvind, sal afhang van die leerder se vlak en die skoolbeleid.

Leerders met leerprobleme

Die taalperiode behoort ook geleenthede te bied om leerders met leerprobleme te ondersteun, verrykingsaktiwiteite te skep vir die leerders wat goed presteer, tyd in te ruim vir assesseringsaktiwiteite en ook om skriftelike werk te doen. Die onderwyser moet alle voltooide skriftelike werk nasien sodat elke leerder se vordering gevolg en gemonitor kan word om op opvolgstrategieë te besluit. Die onderwyser moet daagliks tekste hardop aan leerders voorlees om hulle woordeskat uit te brei en te ontwikkel.

3. VOORGESTELDE ONDERRIGPLANNE

3.1 Graad R

Die organisasie van taal en leer in Graad R berus op die beginsel van **integrasie en spel**. Die onderwyser moet proaktief optree en eerder 'n tussenganger as 'n fasiliteerder wees. Die onderwyser benut veral insidentele leergeleenthede wat spontaan voorkom tydens 'n reeks leerdergesentreerde aktiwiteite soos vryspel in die fantasiehoekies en aktiewe blokspel. Dit vind ook plaas gedurende onderwysergerigte aktiwiteite soos die storiekring of ander kringe. Taalkwessies wat verband hou met sosiale, emosionele en ander vorme van ontwikkeling, soos fyn- en grootmotoriese vaardighede, kom spontaan voor in die roetines en aktiwiteite van 'n kwaliteit Graad R-program. Dit voorsien geleenthede vir die onderwyser om doelgerig tussenbeide te tree en insidentele leer wat lei tot ontluikende geletterdheid aan te moedig. 'n Tradisionele, formele, klaskamergerigte leerprogram met hegte strukture moet ten alle koste vermy word omdat dit nie optimale geleenthede skep vir die aanleer van geletterdheid by die Graad R-leerder nie. Graad R is nie 'n “afgewaterde” Graad 1 nie. Dit het unieke eienskappe wat gegrond is op die manier waarop leerders van hierdie ouderdomsgroep betekenis gee aan hulle eie leefwêreld en waarop hulle kennis, vaardighede, waardes en houdings bekom wat hulle toelaat om tydens die formele leerjare maksimaal te ontwikkel.

Fokus op informele en spontane leer in die verskillende “kringe” gedurende die dag. Ontwikkel ook 'n daaglikse program wat voorsiening maak vir optimale tyd vir vryspel en wat die onderwyser aanmoedig om geleenthede te benut wat voortspruit uit leerders se belangstelling en kreatiwiteit. Die hele skooldag moet gesien word as geleenthede om geletterdheid te versterk wanneer die onderwyser direk ingryp deur middel van beplande “oomblikke” wat onderwysgerigte aktiwiteite insluit. Verskeie insidentele leergeleenthede ontstaan gedurende die dag en stel die onderwyser in staat om leer te bevorder deur hierdie “oomblikke” te gebruik. Dit kom ook die meeste voor tydens roetine periodes en vryspel.

Vanuit 'n **geletterdheidsoogpunt** sal die “onderrigmomente” aan die onderwyser geleentheid bied om, byvoorbeeld, oopeindevrae te vra of om alternatiewe voorstelle vir die kind te bied om sodoende die begeerte aan te wakker om sy eie leer te bevorder. Dit word 'n kwessie waar die onderwyser moet weet wanneer om by die leerproses in te gryp en wanneer om terug te staan en die kind die geleentheid te bied om sy eie probleme op te los.

In die Graad R-jaar word die rooster 'n dagprogram genoem. Dit bestaan uit drie hoofkomponente, naamlik **onderwysergerigte aktiwiteite, roetines en leerdergesentreerde aktiwiteite of vryspel**. Spesifieke onderwysgerigte geletterdheidsgeleenthede word aangebied gedurende die oggend se “taalkring” (byvoorbeeld tema / onderwerpsbespreking / taalkring, daaglikse weerbespreking, vertel van “nuus”, “wys en vertel” kringe en storietyd. Die onderwyser kies 'n geletterdheidsfokus (d.w.s. die onderwyser moet 'n duidelike idee hê van die tipe leer wat hy of sy wil bevorder) uit skeppende kunsaktiwiteite, perseptuele kringe, beweging, musiek en dramatiseringskringe. Dit dra by tot die ontwikkeling van perseptuele begrippe en vaardighede wat formele lees bevorder.


Roetines bied uitstekende geleenthede vir die insidentele bevordering van verskeie geletterdheidsvaardighede. Byvoorbeeld, in plaas daarvan om die leerders doelloos in 'n ry te laat staan en wag om badkamer toe te gaan, kan die onderwyser hierdie tyd gebruik om die leer van klanke te bevorder. Al die leerders wie se name met die letter / klank “S” begin, kan badkamer toe gaan, en daarna die leerders wie se name met die letter / klank “N” begin, ens. Die ander leerders kan woordspeletjies speel soos “Ek sien met my kleine ogies ...” of speletjies om hulle woordeskat uit te brei (bv. Wat rym met kat? Wat dink julle eet katte?). Snoeptyd en opruimtyd bied soortgelyke leergeleenthede wanneer die onderwyser die leerders aanmoedig om prettige klank- en woordspeletjies te speel.

Gedurende **vryspel** kan die onderwyser geletterdheid op twee maniere bevorder. Eerstens deur die strukturering van die vryspel-area. Die onderwyser bied geleenthede wat gegrond is op die soort leergeleentheid wat hy of sy graag wil bevorder. Buite-vryspel soos om op 'n houtklimraam te speel of om op 'n fietsbaan te ry, bied geleenthede vir die bevordering van ruimtelike oriëntering soos die kruising van die middellyn (een van die belangrike perseptueel-motoriese vaardighede wat benodig word vir beide lees- en skryfvaardighede). Dit moedig ook letter- en woordherkenning aan waar die leerders die geleentheid kry om padtekens te “lees” en hulle blootgestel word aan gedrukte media uit die omgewing. Vrye binnespelaktiwiteite behoort dieselfde geletterdheidsleergeleenthede te skep. 'n Geheuespeletjie bevorder visuele geheue en die fantasiehoekie bevorder luister- en praatgeleenthede. 'n Tweede manier waarop geletterdheid gedurende vryspel bevorder kan word, is deur die doelgerigte ingryping van die onderwyser. Dit kan gedoen word deur weldeurdagte vrae te vra wat denke en woordeskat uitbrei. Deur die kind te help dink aan alternatiewe maniere om probleme op te los, kan die onderwyser die kind aanmoedig om dieper te dink en 'n goeie rede te vind vir die keuses wat hulle gemaak het. Sodoende word nie net geletterdheid nie, maar ook die algehele (holistiese) ontwikkeling van die kind aangespreek.

In 'n **gebalanseerde, buigbare, taalryke daaglikse program** word geletterdheidsleergeleenthede regdeur die dag aangebied. Terselfdertyd word belangrike beginsels wat die vroeë leer versterk, ingeskerp. Jong kinders leer die beste deur beweging (kinesteties) en dan deur interaksie met konkrete materiaal (driedimensionele leer) voordat die oorgang na papier- en potloodaktiwiteite (tweedimensionele aktiwiteite) plaasvind.

Assessering in Graad R is informeel van aard en leerders moet nie blootgestel word aan 'n “toets”-situasie nie. Daarom is daar nie assesseringsaktiwiteite in die *Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)* vir Graad R ingesluit nie. Elke aktiwiteit wat vir assessering gebruik word, is versigtig beplan sodat 'n verskeidenheid vaardighede geïntegreer word. Assessering in Graad R vind meestal plaas deur middel van waarneming, waartydens die onderwyser die bevindinge van die assessering op 'n kontrolelys afmerk en aanteken. Sodoende word 'n volledige prentjie van elke leerder se sterk punte en struikelblokke geleidelik gedurende die jaar gevorm. Dit bied geleentheid om hindernisse aan te spreek en sterk punte te bevorder.

DAAGLIKSE PROGRAM



OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3				
	GRAAD R	**GRAAD 1**	**GRAAD 2**	**GRAAD 3**
LUISTER EN PRAAT	• Luister na stories en dramatiseer dit • Luister na en reageer op eenvoudige vrae • Luister na en herhaal ritmiese patrone korrek • Luister na en herroep eenvoudige woordvolgorde (bv. bed, bad, bid) • Benoem en wys na dele van die liggaam • Sing eenvoudige liedjies en neem deel aan aksierympies • Praat oor prente in plakkate, temakaarte, boeke, ens. • Pas en sorteer volgens vorm, kleur, ens. • Neem deel aan besprekings en stel vrae	• Luister na stories en spreek ‘n mening daaroor uit • Luister na instruksies en aankondigings en reageer toepaslik • Luister sonder om die spreker te onderbreek, neem beurte om te praat en stel vrae ter verduideliking • Luister na, geniet en reageer op prent- en woordraaisels, raaisels en grappies • Praat oor persoonlike ervarings en gevoelens • Vertel ‘n bekende storie met ‘n begin, middel en einde • Beantwoord oop en geslote vrae • Rolspeel verskillende situasies • Neem deel aan klasbesprekings • Gebruik terminologie bv. sin, hoofletter, punt	• Luister na stories en gedigte en beantwoord hoër-orde-denkvrae • Luister na 'n stel ingewikkelder instruksies en reageer gepas • Luister sonder onderbreking na die spreker, toon respek vir die spreker, stel vrae en lewer kommentaar op dit wat gehoor is • Praat oor persoonlike ervarings en meer bekende nuus • Vertel 'n storie met 'n begin, 'n middel en 'n einde • Gee uitdrukking aan gevoelens oor 'n storie of gedig en verstrek redes • Beantwoord oopeindevrae en regverdig antwoorde • Skep eie rympies • Rolspeel verskillende situasies • Neem aan besprekings deel en doen verslag oor die groep se werk • Gebruik terminologie (bv. selfstandige naamwoord, byvoeglike naamwoord, werkwoord, voornaamwoord, voorsetsel, komma, vraagteken, paragraaf)	• Luister vir die hoofgedagte en besonderhede in stories en beantwoord oopeindevrae • Luister na 'n storie en bepaal die verband tussen oorsaak en gevolg • Gee uitdrukking aan gevoelens oor 'n teks en verskaf redes • Luister na 'n ingewikkelde reeks instruksies en reageer toepaslik • Neem deel aan ‘n gesprek as ‘n sosiale vaardigheid, aanvaar en respekteer die manier waarop ander praat • Lewer ‘n mondelinge aanbieding (bv. vertel persoonlike nuus, beskryf ‘n voorwerp / ervaring, herroep ‘n gebeurtenis) • Vertel 'n kort storie met 'n eenvoudige storielyn en verskillende karakters • Gebruik interessante taal (bv. vertel grappies en raaisels) • Voer onderhoude vir 'n spesifieke doel • Gebruik terminologie bv. onderwerp, werkwoord, voorwerp, vraag, stelling, bevel, sinoniem, antoniem (teenoorgesteldes), uitroepteken

OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3				
	GRAAD R	**GRAAD 1**	**GRAAD 2**	**GRAAD 3**
KLANKE	• Identifiseer rymwoorde in bekende rympies en liedjies (bv. Jan Viljoen) • Herken dat woorde uit klanke bestaan (bv. die beginklank/e van hul eie name) • Verdeel mondelinge sinne in woorde • Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe • Herken, ouditief en visueel, aanvangskonsonante en -vokale, veral aan die begin van 'n woord	• Identifiseer die letter-klank-verhouding van alle enkelklanke in woorde • Herken en gebruik dubbelklanke: **aa, oo, ee, uu** • Herken en gebruik klankgroepe wat uit twee vokale bestaan (**ie**, **ou, eu, ei, oe, ui**) • Herken meervoude (-**s, -e**) ouditief • Groepeer woorde in klankfamilies	• Konsolideer Graad 1 klanke • Hersien letter-klank-verhoudings van alle enkelklanke • Herken klanke wat uit twee vokale bestaan bv. **ie** - v**ie**r, **oe** - b**oe**k, **ou** - k**ou**d, **ui** - t**ui**n, **eu** - s**eu**n, **ei** - kl**ei**n • Herken tweeklanke bv. **aai** - br**aai**, **ooi** - r**ooi**, **oei** - r**oei**, **eeu** - sn**eeu** • Herken beginklanke bv. **bl- bl**aar, **br- br**oer, **gl- gl**y, **gr- gr**yp, **st- st**aan, **sl- sl**ang, **sm- sm**aak, **sn- sn**aaks, **sk- sk**aam, **sp- sp**ek • Herken beginklanke bv. **ge- ge**sig, **be- be**gin, **ver- ver**geet, **pl- pl**an, **vl- vl**ag, **kl- kl**as, **fl- fl**es, **pr- pr**et, **vr- vr**ag, **kr- kr**ap, **tr- tr**ap, **dr- dr**uk, **fr- fr**is, **tw- tw**ee, **sw- sw**art, **kw- kwa**ad • Spel woorde korrek deur kennis van klanke te gebruik • Bou woorde met kennis van klanke wat gedurende die jaar onderrig is	• Konsolideer Graad 1 en 2 klanke • Herken woorde wat met **spr-, skr-** en **str-** begin • Herken dat 'n enkelvokaal óf kort óf lank uitgespreek kan word (bv. bom / bome) • Gebruik enkel- en dubbelkonsonante en -vokale korrek (bv. droom / drome; kop / koppe) • Herken en gebruik spelpatrone (bv. -**er** in agt**er**; -**el** in ket**el** aan die einde van 'n woord) • Herken en gebruik spelpatrone (bv. tussen **r** en **m**, **l** en **m** is nooit 'n vokaal nie, bv. wa**rm**, ske**lm**) • Gebruik die slotklanke -**t** en -**d** korrek (bv. broo**d**, gel**d**, rui**t**, maa**t**) • Herken en gebruik die verkleinings-uitgang **-jie** by woorde wat op -**t** of -**d** eindig kry -(bv. mat**jie**, hond**jie**) • Herken en gebruik die verkleiningsuitgange -**tjie**, -**jie**, en -**pie** by **dubbelklank-**woorde bv. h**aa**n**tjie**, b**oo**t**jie**, b**oo**m**pie** (Uitsonderings: hasie, rosie, plasie) • Herken en gebruik die verkleinings-uitgange -**ie**, -**tjie** en **-jie** by woorde wat uit klanke met twee vokale bestaan bv. k**ou**s**ie**, d**eu**r**tjie**, l**ie**d**jie** • Herken en gebruik die verkleinings-uitgang -**tjie** by tweeklankwoorde bv. vloo**itjie,** koe**itjie,** mee**utjie** • Herken en gebruik spelpatrone (**g** en **k** kom nie langs mekaar voor nie bv. si**ng**, bli**nk**) • Herken en gebruik woorde wat op -**like** eindig bv. le**like**

	OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3			
	GRAAD R	**GRAAD 1**	**GRAAD 2**	**GRAAD 3**
KLANKE				• Herken en gebruik meervoude van klanke wat uit twee vokale bestaan en tweeklanke kry **-e** (bv. deur - deur**e**, vlooi - vlooi**e** • Herken dat dieselfde klank op verskillende maniere gespel kan word (bv. hart / hard; lei / ly) (homofone) • Vaslegging van woorde wat op -**ige** eindig bv. rust**ige** • Verkleinwoorde van eenlettergrepige woorde wat op **-ng** eindig, kry -**etjie** bv. ding**etjie** • Verkleinwoorde van meerlettergrepige woorde kry -**kie** bv. garin**kie** (Onthou dat **g** en **k** nie langs mekaar hoort nie) • Vaslegging van -**ê**-, -**ô**- woorde bv. p**ê**rel, m**ô**re • Lettergreepverdeling van kappiewoorde: woorde word altyd na die ê / ô afgebreek bv. mô-re • Vaslegging van deeltekenwoorde bv. reën • Lettergreepverdeling van deeltekenwoorde: woorde word voor die -ë- afgebreek bv. spa-si-ëer • Spel woorde korrek deur klankkennis te gebruik in informele toetse, diktee en in alle geskrewe woorde • Plaas letters en woorde in alfabetiese volgorde • Herken en gebruik sinonieme en antonieme

OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3				
	GRAAD R	**GRAAD 1**	**GRAAD 2**	**GRAAD 3**
LEES EN KYK	• Herken en wys na bekende voorwerpe in prente • Rangskik 'n reeks prente om 'n storie te vorm • Interpreteer prente (bv. maak 'n eie storie op deur die prente te "lees") • Dramatiseer dele van 'n storie, liedjie of rympie • Hou die boek korrek vas en blaai korrek • Rolspeel om te lees en neem 'n "leesstem" aan • Herken eie naam en die name van sommige maatjies in die klas • "Lees" hoëfrekwensie woorde wat in die klaskamer en skool gebruik word (bv. deur, kas) **Gedeelde lees in klasverband saam met die onderwyser** • "Lees" vergrote teks bv. gedigte, Grootboeke, plakkate • Verbind eie ervarings aan die teks wat deur die onderwyser gelees word • Beskryf karakters in stories en spreek 'n mening uit • Voorspel die verloop van die storie na aanleiding van prente • Beantwoord vrae wat op die gelese teks gebaseer is • Teken prente om die hoofgedagte van die storie weer te gee • Selfstandige lees • "Lees" prenteboeke	• Ontwikkel vaardighede om 'n boek te hanteer (hou die boek vas en blaai korrek) • Interpreteer prente om 'n eie storie te skep, d.w.s. "lees" prente • Lees handelsmerke, etikette en ander woorde van gedrukte media uit die omgewing • Herken eie naam en die name van maats • Lees etikette en byskrifte by klasvoorwerpe • Ontwikkel basiese begrippe van gedrukte media soos: • Boekkonsep • Konsep van woorde en letters • Rigting - lees van voor na agter, links na regs en van bo na onder op 'n bladsy **Gedeelde lees in klasverband saam met die onderwyser** • Lees Grootboeke en ander vergrote tekste • Gebruik die prente en die boekomslag om die storie in die boek te voorspel • Bespreek die storie, identifiseer die hoofgedagte en karakters • Rangskik gebeure in die storie in 'n logiese volgorde • Herken oorsaak en gevolg in 'n storie (bv.: Die kind was in die moeilikheid **omdat** hy die venster gebreek het.) • Lug 'n mening oor wat gelees is en beantwoord vrae gebaseer op die teks • Beantwoord oopeindevrae gebaseer op die gelese teks • Interpreteer inligting van plakkate, prente en eenvoudige tabelle soos 'n almanak	• Lees Grootboeke en ander vergrote tekste (bv. fiksie en niefiksie, gedigte en liedjies) • Gebruik visuele leidrade soos in prente en boekomslae om die verloop van die storie te voorspel • Identifiseer kernbesonderhede in die teks • Sê of 'n storie byval vind en kan eie respons regverdig (bv.: "Ek het nie van die storie gehou nie, want …") • Beantwoord hoër-orde-denkvrae oor die teks wat gelees is (bv.: "Volgens jou mening …") • Bespreek die verskillende kulture wat in die stories verteenwoordig word • Interpreteer prente en ander gedrukte media (bv. foto's, almanakke, advertensies, prente, tydskrif- en koerantillustrasies, plakkate) **Groepbegeleide lees** • Lees stil en hardop uit fiksie en niefiksie op eie leesvlak in 'n begeleide leesgroep, d.w.s. die hele groep lees dieselfde teks saam met die onderwyser • Gebruik sigwoorde, kennis van klanke, konteks en struktuuranalise en begripsvaardighede om betekenis te skep • Lees met toenemende vlotheid, spoed en korrekte uitspraak • Gebruik selfkorrigeringstrategieë tydens lees • Leerders begin tydens lees hulle eie woordherkennings- en begripsvaardighede monitor	• Lees Grootboeke en ander vergrote tekste soos fiksie en niefiksie, koerantberigte, toneelstukke, dialoë en ander tekste • Lees 'n boek en bespreek die hoofgedagte, karakters, die 'probleem' in die storie, die storielyn / intrige en die waardes in die teks • Beantwoord 'n verskeidenheid hoër-orde-denkvrae gebaseer op die leesstuk • Lees verskillende gedigte oor 'n onderwerp • Gebruik visuele leidrade om oor 'n grafiese teks te praat (advertensies, prente, grafieke, diagramme, kaarte) • Vind en gebruik inligtingsbronne (bv. gemeenskapslede, biblioteekboeke) • Gebruik inhoudsopgawes, indekse en bladsynommers om inligting te vind • Gebruik sleutelwoorde en opskrifte om inligting in niefiksietekste te vind • Gebruik 'n woordeboek om nuwe woorde se betekenisse te vind **Groepbegeleide lees** • Lees stil en hardop tydens begeleide lees, d.w.s. die hele groep lees dieselfde teks saam met die onderwyser • Gebruik kennis van klanke, kontekstuele leidrade en strukturele analise tydens die lees van onbekende woorde • Pas selfkorrigeringstrategieë toe tydens lees (bv. herlees, pouseer, oefen 'n woord voordat dit hardop gesê word) • Leerders monitor hulleself tydens lees met betrekking tot woordherkennings- en begripsvaardighede • Gebruik diagramme en illustrasies vir toenemende begrip • Lees met toenemende vlotheid, spoed en uitdrukking

	OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3			
	GRAAD R	**GRAAD 1**	**GRAAD 2**	**GRAAD 3**
LEES EN KYK		**Groepbegeleide lees** • Lees hardop uit eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep werk met dieselfde teks / storie • Gebruik kennis van klanke, kontekstuele leidrade, struktuuranalise en sigwoorde tydens lees • Lees toenemend vlot en ekspressief • Leerders begin tydens lees hulle eie woordherkennings- en begripsvaardighede monitor • Toon begrip vir punktuasie tydens hardoplees **Lees in pare / Selfstandige lees** • Lees eie skryfwerk en begin foute regmaak • Lees selfstandig boeke wat tydens gedeelde lees gelees is, eenvoudige prentverhale en ander boeke wat in die leeshoekie is.	**Lees in pare / Selfstandige lees** • Lees eie en andere se skryfwerk • Lees hardop vir 'n maat • Lees selfstandig eenvoudige fiksie en niefiksie, gedigte en prentverhale • Speel leesspeletjies en voltooi blokkiesraaisels	**Lees in pare / Selfstandige lees** • Lees eie en ander se skryfwerk • Lees hardop vir 'n maat • Lees selfstandig eenvoudige fiksie en niefiksie, boeke uit verskillende kulture, boeke gebruik tydens gedeelde lees, tydskrifte en prentverhale

OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3				
	GRAAD R	**GRAAD 1**	**GRAAD 2**	**GRAAD 3**
HANDSKRIF	• Ontwikkel fynmotoriese vaardighede deur vingerspel (bv. rol klei, inskroef van skroewe, klein papierballetjies tussen die vingers rol) • Ontwikkel fynmotoriese beheer deur duidelik omlynde prente, vorms, ens., uit te knip • Ontwikkel hand-oog-koördinasie deur spel bv. gooi en vang, teken en verf • Trek die buitelyne na van eenvoudige prente, patrone en letters van eie naam waar die korrekte beginpunt en rigting aangedui word op al die letters deur middel van pyltjies • Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting • Trek patrone, woorde en letters na (begin op die korrekte plek en volg die regte rigting by die vorming van die letters) • Gebruik 'n verskeidenheid skryfgereedskap (bv. verfkwaste, vetkryte)	• Oefen die korrekte potloodgreep en manipulering van potlood / kryt • Toon bewustheid van rigting: skryf van links na regs en bo na onder • Ontwikkel hand-oog-koördinasie deur middel van natrekaktiwiteite • Skryf na en skryf eie naam, kort woorde en sinne • Begin eie skryfwerk met tekeninge, en naskryf van letters, syfers, woorde en eenvoudige sinne • Vorm klein- en hoofletters korrek en vloeiend • Vorm syfers korrek • Skryf na en skryf kort sinne met korrekte spasiëring • Hou die potlood en kryt korrek vas	*Behou die gebruik van drukskrif* • Gebruik skryfgereedskap soos potlood, uitveër, liniaal doeltreffend • Vorm letters en sinne korrek in 17 mm liniëring • Vorm klein- en hoofletters korrek • Skryf woorde met die korrekte spasiëring tussen letters en woorde • Skryf klein- en hoofletters in drukskrif • Skryf na en skryf een paragraaf (3 - 4 reëls) vanaf 'n gedrukte teks • Skryf na en skryf verskillende formate van skryfwerk (kort uitnodigings bv. verjaarsdag, boodskappe, lyste) • Gebruik drukskrif in alle geskrewe werk *Oorgang lopende skrif of skrif met verbindingslyne* • Natrek en skryf van skryfpatrone in lopende skrif of skrif met verbindingslyne • Naskryf en skryf van al die kleinletters en bekende hoofletters in lopende skrif of skrif met verbindingslyne • Naskryf, skryf en lees van kort woorde in lopende skrif of skrif met verbindingslyne • Naskryf en skryf van kort sinne in lopende skrif of skrif met verbindingslyne	*Oorgang na lopende skrif of skrif met verbindingslyne* • Hanteer skryfgereedskap doeltreffend (bv. potlood, uitveër, liniaal) • Skryf 'n sin leesbaar en korrek in beide drukskrif en lopende skrif of skrif met verbindingslyne • Vorm klein- en hoofletters in lopende skrif of skrif met verbindingslyne • Skryf kort, eenvoudige woorde in lopende skrif of skrif met verbindingslyne • Transkribeer woorde en sinne korrek in lopende skrif of skrif met verbindingslyne • Gebruik lopende skrif of skrif met verbindingslyne in alle geskrewe werk (bv. die datum, eie naam, alle skriftelike werk) • Skryf geskrewe teks korrek van die skryfbord, werkkaarte, handskrifkaarte, ens. na • Skryf netjies en leesbaar met selfvertroue en spoed in lopende skrif of skrif met verbindingslyne • Eksperimenteer met 'n pen vir skryfdoeleindes

OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3				
	GRAAD R	**GRAAD 1**	**GRAAD 2**	**GRAAD 3**
SKRYF	• Teken of verf prente om ‘n boodskap oor te dra • Skryf bekende letters in eie naam na ,om skryfwerk te verteenwoordig • “Skryf” van links na regs en van bo na onder • Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge • Probeer letters skryf deur te krabbel • “Praat” met eie skryfwerk deur krabbels te lees • Maak eie boeke en dra by tot klas se leeshoekie	• Teken prente om ‘n boodskap oor te dra (bv. oor ‘n persoonlike ervaring) • Dra idees by tot die skryf van ‘n klas- / groepstorie en help om die storie te hersien (gedeelde skryf) • Skryf een sin oor nuus korrek van die bord / kaart af • Skryf ‘n boodskap op ‘n kaartjie (bv. verjaardagkaartjies) • Skryf en illustreer ‘n opskrif of kort sin oor ‘n onderwerp (bv. om ‘n bydrae te maak tot die leeshoekie) • Skryf ten minste drie sinne oor eie nuus of ‘n kreatiewe storie en gebruik hoofletters en punte • Skryf sinne met aangeleerde klanke en bekende sigwoorde alreeds onderrig • Gebruik selfstandige naamwoorde en persoonlike voornaamwoorde (ek, jy, hy, sy, ens.) korrek in skryfwerk, met hulp • Begin om die teenwoordige en verlede tyd korrek in skryfwerk te gebruik • Vorm meervoude van bekende woorde • Spel bekende woorde korrek • Gebruik voorsetsels korrek • Organiseer inligting in ‘n eenvoudige grafiese vorm (bv. ‘n tydlyn of grafiek / tabel) • Skep eie woordbank en 'n persoonlike woordeboek	• Dra idees en woorde by tot die skryf van ‘n klasstorie by (gedeelde skryf) • Skryf 'n eenvoudige gedig • Skryf 'n ekspressiewe / gevoelvolle teks (bv. 'n verjaardagkaartjie of brief) • Skryf minstens twee paragrawe (tien sinne) oor persoonlike ervarings of gebeure (bv. 'n familiefees) • Beplan, skryf en ‘publiseer’ eie storie van minstens twee paragrawe vir ander om te lees • Gebruik informatiewe tekste (bv. resepte) vir skryf • Organiseer inligting in 'n diagram of tabel • Skryf en illustreer sinne (4 - 6 sinne) oor 'n onderwerp om 'n bydrae te maak tot die leeshoekie • Gebruik die skryfproses (beplanning, skryf en redigering) • Gebruik korrekte punktuasie (punte, kommas, vraagtekens en uitroeptekens) • Spel bekende woorde korrek en poog om onbekende woorde korrek te spel deur kennis van klanke te gebruik • Gebruik teenwoordige, toekomende en verlede tyd korrek • Gebruik voorsetsels, selfstandige naamwoorde, werkwoorde en voornaamwoorde korrek • Skep eie woordbank en 'n persoonlike woordeboek • Gebruik 'n woordeboek	• Dra idees, woorde en sinne by tot die skryf van ‘n klasstorie (gedeelde skryf) • Gebruik pre-skryfstrategieë om skryfstukke te beplan en inligting in te samel • Skryf 'n verskeidenheid kort tekste vir verskillende doeleindes (bv. vertellinge, dialoë) • Skryf oor 'n persoonlike ervaring in verskillende formate (bv. 'n kort nuusberig) • Beplan, redigeer en bied eie storie aan van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne) vir ander om te lees • Skryf en illustreer ses tot agt sinne oor ‘n onderwerp om 'n bydrae te maak tot die klasbiblioteek • Skryf informatiewe tekste (bv. resepte, eksperimente) • Hou ‘n dagboek van een week • Skryf ‘n eenvoudige boekresensie • Rangskik inligting in die korrekte volgorde en voorsien dit van opskrifte • Maak opsommings en hou verslag van inligting (soos met behulp van kopkaarte) • Gebruik leestekens korrek (bv. hoofletters, punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens, aanhalingstekens, afkappingsteken) • Gebruik voegwoorde om saamgestelde sinne te vorm • Gebruik woordboutegnieke, kennis van klanke en spelreëls om onbekende, moeiliker woorde te skryf • Gebruik ‘n woordeboek

GRAAD R HUISTAAL AFRIKAANS

VEREISTES PER KWARTAAL

VOORGESTELDE KONTAKTYD PER WEEK: 10 uur

VOORGESTELDE KONTAKTYD PER DAG: 2 uur

Geïntegreer in die daaglikse program

KWARTAAL 1

LUISTER EN PRAAT (MONDELING)

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Daaglikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke.

Die volgende aktiwiteite kan tydens enige of al die Gr. R-kringe bekendgestel word: musiek, beweging, wetenskap, taal, nuus, wys en vertel, storietyd asook skeppende aktiwiteite.

Perseptuele werk is van die uiterste belang in Gr. R omdat dit die grondslag lê en die leerder voorberei vir toekomstige leer. Maak seker dat daagliks en gedurende die skooljaar genoegsame tyd aan hierdie perseptuele vaardighede bestee word.

- Luister aandagtig na eenvoudige vrae en aankondigings en reageer gepas.
- Luister na eenvoudige instruksies / opdragte en voer dit uit.
- Luister na en herhaal ritmiese patrone soos klap, klap-klap, klap en herhaal die patroon korrek.
- Luister sonder om te onderbreek.
- Luister met genot na kort stories en neem deel aan refreine op die gepaste tye.
- Sing eenvoudige liedjies en voer bewegings uit, byvoorbeeld: “Dit is hoe ek my hande was, hande was ...”. Doen dieselfde met “hare kam ...”, ”tande borsel ...”
- Dra gediggies / rympies voor en voer die bewegings uit met hulp van die onderwyser.
- Luister na en herhaal eenvoudige woorde soos bed, bad, bid - begin met drie woorde en vermeerder na vier of meer sodat luistergeheue kan ontwikkel.
- Ontwikkel vaardighede om 'n spesifieke geluid te identifiseer uit 'n raserige agtergrond of wanneer musiek speel. Byvoorbeeld, herken die onderwyser se stem tussen ander geluide.
- Praat oor prente in plakkate, temakaarte, boeke, ens. (Ten minste 5 temas per kwartaal.)
- Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde.

Gebruik taal om konsepte in al die vakke te ontwikkel.

- Gebruik taal om begrippe te ontwikkel, soos vorm, kleur, ouderdom, tyd, volgorde.

Gebruik taal om te dink en te redeneer.

- Identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille.
- Pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille.
- Klassifiseer bekende items wat bymekaar hoort. Byvoorbeeld, plaas al die speelgoed in die houer, boeke op die rak, kryte in die blikke, sorteer volgens kleur.
- Identifiseer dele van 'n geheel, soos wys na en benoem liggaamsdele.

Gebruik taal om te ondersoek en te ontdek.

- Vra vrae.
- Gee verduidelikings.
- Bou vyf-stuk (of meer) legkaarte.

Verwerk inligting.

- Identifiseer geselekteerde inligting uit 'n beskrywing.

Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep.

- Herken en identifiseer bekende voorwerpe in prente.
- Neem deel aan aktiwiteite om voorwerpe of 'n figuur in 'n prent in met 'n ‘besige’ agtergrond te identifiseer.
- Speel speletjies soos: “Waar is dit?” Vind 'n voorwerp wat in die klaskamer weggesteek is tussen ander voorwerpe.
- Onderskei tussen die vorm van die verskillende letters en woorde, soos sorteer voorwerpe wat identies is, plaas amper identiese prente in 'n logiese volgorde, kies die een wat verskillend is en verduidelik die rede vir die verskil.
- Rangskik 'n stel van drie prente in 'n logiese volgorde om 'n storie te vorm en vertel die storie wat geskep is.
- Onthou wat in 'n geheuespeletjie gesien is. Byvoorbeeld, plaas verskillende voorwerpe op die tafel. Die onderwyser bedek dit of neem dit weg en die leerder moet onthou wat op die tafel was.
- Bou 'n legkaart of prent.

ASSESSERING

Voorstelle vir assessering

Informeel

Mondeling en / of prakties

Waarneming

- Luister aandagtig na eenvoudige vrae en aankondigings en reageer gepas.
- Sing liedjies en dra gediggies / rympies voor.
- Luister met genot na kort stories en neem deel aan refreine op die gepaste tyd.
- Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde.
- Gebruik taal om begrippe te ontwikkel soos vir vorm, kleur en ouderdom.
- Identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille.
- Identifiseer dele van 'n geheel, soos wys na en benoem liggaamsdele.
- Gebruik taal om verduidelikings te gee.
- Bou en voltooi vyf-stuk- (of meer) legkaarte.
- Herken en identifiseer bekende voorwerpe in prente.

Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.

GRAAD R: KWARTAAL 1

ONTLUIKENDE LEES

NHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Lees

Ontluikende Lees

- Ontwikkel korrekte oogbewegings, soos volg 'n bewegende bal van links na regs. (Skroef 'n klein hakie in 'n bal en heg 'n toutjie aan die hakie).
- Neem deel aan aktiwiteite wat rigting bevorder, soos beweeg die liggaam links en regs; op en af.
- Onderskei tussen die vorms van die verskillende letters en woorde, soos sorteer voorwerpe wat dieselfde is, plaas prente in volgorde en kies die een wat verskil.
- Plaas drie tot vier prente in 'n logiese volgorde en vertel die storie wat geskep is.
- Ontwikkel geheuevaardighede deur dit wat gesien is te herroep, soos letters, vorms of konkrete voorwerpe.
- Voltooi 'n visuele prent soos bou van legkaarte, voltooi prente.
- Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier.
- Gebruik prente om die storie te voorspel, soos “lees” prenteboeke en boeke met byskrifte en toon begrip dat prente en woorde verwant is, maar tog verskil.
- Skep eie storie deur prente te “lees”.
- Rolspeel lees en neem 'n “leesstem” aan.
- Herken eie naam en die name van ten minste 5 ander maats in die klas.
- Pas woorde by die woorde op voorwerpe en op tematafels, soos naamkaartjies op tafels, deur, venster.

Skep betekenis uit geskrewe teks

- Verstaan dat skrif betekenis het: 'n woord kan sy of haar naam voorstel.
- Herken eie naam en ten minste vyf ander maats se name in die klas.
- Verstaan dat geskrewe woorde na gesproke woorde verwys.
- “Lees” hoëfrekwensie woorde: eie naam, gedrukte teks uit die omgewing soos STOP, SPAR, Coke, televisieprogramme se titels, ens.

Gedeelde lees

Aktiwiteite van 15 minute, twee tot drie maal per week deur vergrote teks soos Grootboeke, plakkate van liedjies en rympies te gebruik. Die onderwyser demonstreer die proses met die hele klas tydens besprekings of taalkringe oor 'n minimum van twee sessies in die taalfokustyd. Gebruik ten minste vyf Grootboeke per kwartaal.

- “Lees” vergrote tekste soos gedigte, Grootboeke en plakkate in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees).
- Bespreek en beskryf die karakters in die stories.
- Teken prente om die hoofgedagte van die storie, liedjie of rympie weer te gee.
- Plaas die prente van die storie in die korrekte volgorde.
- Reageer op die stories deur middel van bewegings en drama-aktiwiteite of kringe.

Selfstandige Lees

- “Lees” selfstandig en vir genot boeke uit die klasbiblioteek / leeshoekie.

Selfstandige Lees

- “Lees” selfstandig en vir genot boeke uit die klasbiblioteek / leeshoekie.

Fonologiese / Fonemiese bewustheid

Daaglikse aktiwiteite van 15 minute elk

Baie van die onderstaande klankaktiwiteite kan tydens roetines asook tydens kringaktiwiteite bekendgestel word.

- Herken beginklanke op gehoor veral waarmee eie naam begin.
- Identifiseer die klank wat nie in die volgorde hoort nie: Watter klank hoort nie - b, b, k, b; d, d, d, t?
- Identifiseer of twee gegewe klanke dieselfde is of verskil: p / , / p / [dieselfde]; / p / , / d / [verskillend].
- Herken dat 'n mondelinge sin uit verskillende woorde bestaan: klap op elke woord in 'n sin waar al die woorde slegs een lettergreep het. [Ben is sterk.]

Herken die verwantskap tussen klanke en woorde

- Herken dat woorde uit klanke bestaan: Ken die beginklank van eie naam.

ASSESSERING

Voorstelle vir assessering

Informeel

Mondeling en / of prakties

Waarneming

- Onderskei op gehoor tussen verskillende letterklanke, veral waarmee eie naam begin
- Identifiseer die klank wat nie in die volgorde hoort nie: Watter klank hoort nie - b, b, k, b; d, d, d, t?

Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.

GRAAD R: KWARTAAL 1

ONTLUIKENDE SKRYF

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Ontluikende Handskrif

Daaglikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke

Skeppende kunsaktiwiteite en musiekkringe is ideale geleenthede vir die ontwikkeling van fynmotoriese vaardighede.

- *Ontwikkel fynmotoriese vaardighede om handspiere te versterk*: rol klei, modelleer met speeldeeg, draai skroewe in, speel-speel klavier in die lug, ens.
- *Ontwikkel fynmotoriese beheer om vingers te versterk*: speel vingerrympies met vingeraksies of rol klein papierballetjies tussen vingers.
- *Ontwikkel fynmotoriese beheer*: sny papiermatte in fraiings, ens.
- *Ontwikkel hand-oog-koördinasie*:gooi en vang boontjiesakke, balle, papierballe; teken met kryte; verf informeel tydens buitespel, ens.
- *Ontwikkeling van rigting*: dele van die liggaam aan die linker- en regterkant, onder- of bokant.
- *Kruis die middellyn*: neem die regterhand om aan die linkerskouer te raak.
- *Ontwikkel grootmotoriese beheer deur letters met die liggaam te vorm*: gebruik die liggaam om die letter “l” te maak.
- *Trek die buitelyne van eenvoudige prente en patrone na.*
- *Herhaal patrone op pennetjiesborde*
- *Gebruik 'n verskeidenheid skryfgereedskap*: verfkwaste en kryte tydens binne-vryspel of skeppende kunsaktiwiteite
- “*Skryf” in sandskinkborde*

Ontluikende Skryf

- Teken of verf prente om boodskappe oor te dra tydens skeppende kunsaktiwiteite soos 'n persoonlike ervaring.
- Toon begrip dat teken en skryf verskillende aksies is: rolspeel skryf deur te krabbel.
- Probeer eie skryfwerk “lees”: “lees” wat krabbels beteken
- Rolspeel skryf in speelsituasies: skryf van 'n telefoonboodskap, inkopielys, 'n verkeersboete.
- Skryf bekende letters in eie naam na: herskryf eie naam.
- “Skryf”van links na regs en van bo na onder.
- Dra idees by vir die klas se nuus, in die vorm van tekeninge.

Werk met woorde

- Groepeer woorde: woorde wat met dieselfde beginklank begin - **Ch**armaine en **Sh**ireen of woorde wat met dieselfde letter begin - **B**ennie en **B**absie.
- Herken eie naam in drukskrif.

ASSESSERING

Voorstelle vir assessering:

Informeel

Mondeling en / of prakties

Waarneming

- Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra tydens skeppende kunsaktiwiteite soos 'n persoonlike ervaring.
- Ontwikkel grootmotoriese beheer deur letters met die liggaam te vorm: gebruik die liggaam om die letter “l” te vorm.
- “Skryf” in sandskinkborde.
- Toon begrip dat teken en skryf verskillende aksies is: rolspeel skryf deur te krabbel.
- Probeer eie skryfwerk “lees”. Byvoorbeeld, “lees” wat die krabbel beteken.
- Gebruik 'n verskeidenheid skryfgereedskap soos verfkwaste en kryte tydens binne-vryspel of skeppende kunsaktiwiteite.

Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.

GRAAD R: KWARTAAL 2

LUISTER EN PRAAT (MONDELING)

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Daaglikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke

Die volgende aktiwiteite kan bekendgestel word tydens alle Graad R-kringe: musiek, beweging, wetenskap, taal, nuus, wys en vertel, asook skeppende aktiwiteite.

- Luister na twee of drie instruksies of aankondigings en kan hulle uitvoer. Byvoorbeeld: “Maak die kryte bymekaar en sit dit op die rak.”
- Neem beurte om te praat en te luister sonder onderbreking.
- Luister na stories en dramatiseer dit.
- Vertel stories en vertel ander maats se stories in eie woorde oor.
- Sing liedjies en rympies en voer die bewegings saam met die klas uit.
- Dra gediggies en rympies voor en sit bewegings by in ‘n groep.
- Rangskik prente van 'n storie in volgorde.
- Neem deel aan besprekings en vra vrae.
- Praat oor prente in plakkate, temakaarte, boeke, ens., wat verwant is aan 'n minimum van vyf temas per kwartaal.
- Luister na en herhaal eenvoudige woorde soos kat , kas, kan. Begin met drie woorde en vermeerder na vier of meer.

Gebruik taal om konsepte in vakke te ontwikkel.

- Gebruik taal om begrippe te ontwikkel in ander vakgebiede, soos hoeveelheid, rigting, tyd volgorde, kleur, ouderdom.

Gebruik taal om te dink en te redeneer

- Identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille.
- Pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille.
- Klassifiseer dinge volgens kleur, vorm en grootte.
- Gebruik sigwoorde, klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens lees.
- Leerders begin om hulleself tydens lees te monitor wat betref woordherkennings- en begripsvaardighede.
- Lees met toenemende vlotheid en gevoel.
- Bou 'n sigwoordeskat op uit insidentele lees, gegradeerde leesreekse en hoëfrekwensie woordelyste.

Lees in pare / Selfstandige lees

Daaglikse leesaktiwiteite vir 20 minute terwyl sommige groepe besig is met groeplees.

- Lees hardop vir 'n maat.
- Lees eie en andere se skryfstukke.
- Lees self tekste, soos strokiesprente en eenvoudige fiksie.

ASSESSERING

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite

***Klanke:* (mondeling en / of prakties)**

- Lees aangeleerde woorde van klanklesse en ander tekste.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

***Klanke:* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

- Herken drieletterkombinasies aan die begin van woorde soos **spr, skr.**
- Hersien en identifiseer vokaalklanke wat uit twee letters bestaan soos **eu, ei, ou.**
- Herken klanke aan die begin van woorde, soos **br-** soos **br**oek**, bl-** soos **bl**ik.
- Herken woorde met beginklanke, soos **gl-** in **g**ly, **g**las, **g**leuf.

Formele assesseringsaktiwiteit 2

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

- Hersien woordfamilies met kort vokaalklanke soos *rot, tot, pot, mot.*
- Hersien tweeklanke soos **oei, eeu, aai, ooi.**
- Herken rymwoorde soos **koei, bloei, groei, roei.**
- Vorm nuwe woorde met klanke wat aangeleer is.
- Lees die aangeleerde woorde in sinne en ander tekste.

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

Gedeelde lees

- Gebruik visuele leidrade om die doel van advertensies te lees en die gehoor / teikengroep te bepaal.
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae wat op die teks gegrond is. Byvoorbeeld: “Hoe verskil die leeu se gedrag van die muis s’n?”

Groepbegeleide lees

- Lees met toenemende vlotheid en gevoel.
- Leerders begin om hulleself te monitor tydens lees in beide woordherkennings- en begripsvaardighede.

Lees in pare / Selfstandige lees

- Lees eie en andere se skryfstukke.
- Lees self tekste soos strokiesprente en eenvoudige fiksie.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

Gedeelde lees

- Lees boeke in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en bespreek die verwantskap tussen oorsaak en gevolg.
- Identifiseer die besonderhede in die teks soos hoofkarakters en agtergrond.

Groepbegeleide lees

- Gebruik sigwoorde, klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens lees.
- Lees met toenemende vlotheid en gevoel.

Lees in pare / Selfstandige lees

- Lees self tekste soos strokiesprente en eenvoudige fiksie.

Formele assesseringsaktiwiteit 2

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

Gedeelde lees

- Gebruik visuele leidrade om die doel van advertensies te lees en die gehoor / teikengroep te bepaal.
- Lees boeke in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en bespreek die verwantskap tussen oorsaak en gevolg.
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae wat op die teks gegrond is. Byvoorbeeld: “Hoe verskil die leeu se gedrag van die muis s’n?”
- Gee eie opinie oor wat gelees is.

Groepbegeleide lees

- Lees hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep werk met dieselfde storie.
- Gebruik sigwoorde, klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens lees.

Lees in pare / Selfstandige lees

- Lees hardop vir 'n maat.

GRAAD 2: KWARTAAL 2	
SKRYF	**VOORGESTELDE KONTAKTYD** Minimum tyd: 1 uur 45 minute per week Maksimum tyd: 2 uur per week

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Handskrif

Formele lesse van 15 minute elk, drie maal per week

Leerders gebruik drukskrif vir transkripsie en skryf langer en 'n groter verskeidenheid skryfstukke netjies en korrek oor.

- Skryf klein- en hoofletters korrek en met selfvertroue in drukskrif.
- Gebruik korrekte spasiëring tussen woorde in 'n sin.
- Vorm letters en sinne korrek in 17 mm liniëring.
- Skryf na en skryf een paragraaf (3 - 4 reëls) vanaf 'n gedrukte teks soos 'n storie, gedig, ens.
- Skryf na en skryf verskillende skryfstukke in verskillende formate, soos kort uitnodigings vir 'n verjaarsdag, boodskappe, lyste.
- Berei patrone voor vir lopende skrif / skrif met verbindings.
- Gebruik skryfgereedskap doeltreffend: potlood, uitveër en liniaal.

Gedeelde, Groep- en Selfstandige skryf

Twee tot drie klas- / kleingroeplesse van 20 minute elk per week. Gebruik gedeelde skryfaktiwiteite om die korrekte gebruik van leestekens en spelling te demonstreer. Voorsien skryframe aan leerders om hulle eie stories te skryf.

- Neem deel aan besprekings om 'n onderwerp te kies om oor te skryf.
- Skryf eenvoudige ekspressiewe tekste soos 'n bedankingskaartjie, 'n brief volgens die korrekte formaat.
- Skryf ‘n eie storie van minstens een paragraaf (ten minste vyf sinne) met behulp van ‘n skryfraam.
- Skryf een paragraaf (ten minste vyf sinne) oor persoonlike ervaringe of gebeure soos daaglikse nuus.
- Skryf en illustreer sinne (4 - 6) oor 'n onderwerp om 'n bydrae te maak tot die leeshoekie.
- Gebruik die skryfproses (beplanning, skryf en redigeer).
- Gebruik hoofletters (aan die begin van ‘n sin en vir eiename) en korrekte leestekens soos punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens.
- Spel bekende woorde korrek.
- Gebruik teenwoordige en verlede tyd korrek.
- Gebruik voorsetsels korrek.
- Lees eie skryfstuk hardop vir 'n maat.
- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek volgens die beginletters van woorde om. woordeboekvaardighede te ontwikkel soos **f**iets, **g**eld, **h**uis.

ASSESSERING

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite

Handskrif

- Spasieer woorde korrek in 'n sin.
- Vorm letters en sinne korrek in 17 mm liniëring.
- Gebruik skryfgereedskap doeltreffend: potlood, uitveër en liniaal.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

Handskrif

- Skryf klein- en hoofletters korrek en met selfvertroue in drukskrif.
- Skryf na en skryf verskillende skryfstukke, soos kort uitnodigings vir 'n verjaarsdag, boodskappe, lyste.

Formele assesseringsaktiwiteit 2

Handskrif

- Skryf klein- en hoofletters korrek en met selfvertroue in drukskrif.
- Herskryf en skryf een paragraaf (3 - 4 reëls) vanaf 'n gedrukte teks soos 'n storie, gedig, ens.

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite

Skryf

- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek volgens die beginletters van woorde om woordeboekvaardighede te ontwikkel soos **f**iets, **g**eld, **h**uis.
- Spel bekende woorde korrek.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

Skryf

- Skryf eenvoudige betekenisvolle tekste soos 'n bedankingskaartjie of 'n brief.
- Neem deel aan besprekings om ‘n onderwerp te kies om oor te skryf.
- Skryf ‘n eie storie van minstens een paragraaf (ten minste 5 sinne) en gebruik ‘n skryfraam.
- Gebruik hoofletters (aan die begin van 'n sin en vir eiename) en korrekte leestekens soos punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens.

Formele assesseringsaktiwiteit 2

Skryf

- Skryf 'n eie storie van minstens een paragraaf (ten minste 5 sinne) en gebruik 'n skryfraam.
- Skryf een paragraaf (ten minste 5 sinne) oor persoonlike ervarings of gebeure soos daaglikse nuus.
- Gebruik die skryfproses (beplanning, skryf, redigering en aanbieding).
- Spel bekende woorde korrek.
- Gebruik teenwoordige en verlede tyd korrek.
- Lees eie skryfstuk hardop vir 'n maat.

GRAAD 2: KWARTAAL 3	
LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	**VOORGESTELDE KONTAKTYD** Minimum tyd: 45 minute per week Maksimum tyd: 1 uur per week

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Daaglikse / Weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke

- Luister sonder om die spreker te onderbreek, toon respek vir die spreker en vra vrae om duidelikheid te kry.
- Praat oor persoonlike ervarings en meer bekende nuus, soos vertel nuus.
- Gebruik interessante woorde en beskrywings wanneer hy of sy praat.
- Neem deel aan besprekings, stel en beantwoord vrae.
- Stel oplossings voor vir probleme, veral tydens Wiskunde.

Tweeweeklikse aktiwiteite wat gefokus is op luister- en praataktiwiteite

Week 1 - 5

- Luister na 'n opeenvolging van instruksies en reageer gepas daarop.
- Luister na stories en voorspel die slot of gee eie slot vir die storie.
- Vertel eenvoudige stories met wisselende stemtoon en volume.

Week 6 - 10

- Luister na besonderhede in stories en beantwoord oopeindevrae. Byvoorbeeld, die verwantskap tussen oorsaak en gevolg.
- Rolspeel verskillende situasies, byvoorbeeld as nuusleser.
- Praat op gepaste wyse met verskillende mense. Byvoorbeeld, voer onderhoude met verskillende mense.
- Vertel grappe en raaisels en gebruik verbeeldingryke taal.

ASSESSERING

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:

***Luister en Praat* (mondeling en / of prakties)**

- Luister sonder om die spreker te onderbreek, toon respek vir die spreker en stel vrae om duidelikheid te kry.
- Praat oor persoonlike ervarings en meer bekende nuus. Byvoorbeeld, vertel die nuus..
- Praat op gepaste wyse met verskillende mense. Byvoorbeeld, voer onderhoude met verskillende mense.
- Vertel grappe en raaisels en gebruik verbeeldingryke taal.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

***Luister en Praat* (mondeling en / of prakties)**

- Praat oor persoonlike ervaringe en meer bekende nuus. Byvoorbeeld, vertel die nuus.
- Gebruik interessante woorde en beskrywings tydens praat.
- Luister na stories en voorspel die slot of gee eie slot vir die storie.
- Vertel eenvoudige stories met wisselende stemtoon en volume.

Formele assesseringsaktiwiteit 2

***Luister en Praat* (mondeling en / of prakties)**

- Neem aan besprekings deel, vra en beantwoord vrae.
- Luister na ‘n opeenvolging van instruksies en reageer gepas daarop.
- Luister na besonderhede in stories en beantwoord oopeindevrae. Byvoorbeeld, die verwantskap tussen oorsaak en gevolg.
- Rolspeel verskillende situasies, byvoorbeeld, die rol as nuusleser.

GRAAD 2: KWARTAAL 3	
LEES EN KLANKE	**VOORGESTELDE KONTAKTYD** Minimum tyd: 4 uur 30 minute per week Maksimum tyd: 5 uur per week

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Daaglikse klankaktiwiteite van 15 minute elk

Aanleer van nuwe klanke. Gaan voort met woordbou-aktiwiteite en ouditiewe herkenningsaktiwiteite. Visuele en ouditiewe analise en sintese van woorde.

- Herken en gebruik beginklanke soos st-, sl-, sw-, sm-, sn-, sk-, sp-; pl-, vl-, kl-, fl-; pr-, vr-, kr-, tr-, dr-, fr-; tw-, sw-, sw-
- Onderrig drieletterkombinasies soos **spr-** spreek, spraak, spreeu, sprong spruit; **str-** straat, streef, straf, steek; **skr-** skryf, skroom, skrop, skrams.
- Gebruik letterkombinasies vir woordbou-aktiwiteite soos bo genoem.
- Vorm woorde met nuwe klanke wat aangeleer is.
- Herken woordfamilies en rymwoorde.
- Groepeer bekende woorde in klankfamilies.
- Spel bekende woorde korrek. Byvoorbeeld, ons hoor **gi** maar ons skryf **ge** in **geskryf**; hoor **bi** maar ons skryf **be** in **begin**; hoor **vir** maar ons skryf **ver** in **vergeet.**
- Gebruik kennis van klanke om onbekende woorde te spel.
- Bou woorde met klankkennis.
- Doen woordbou-aktiwiteite en verdeel die woord in klank- en lettergrepe.
- Lees die aangeleerde woorde in sinne en ander tekste.
- Klank ten minste 10 woorde per week (klanklesse en sigwoorde).

Daaglikse leesaktiwiteite: Groepbegeleide lees (twee groepe per dag) en 2 - 3 gedeelde leessessies per week.

Gedeelde lees

Twee tot drie klaslesse per week van 15 minute elk en gebruik ten minste een nuwe teks per week.

- Die hele groep lees dieselfde storie en identifiseer die volgorde van gebeure en die agtergrond.
- Gebruik die boekomslag om die storie te voorspel.
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae oor die teks wat gelees is soos: “Wat sou gebeur het as ...?”
- Lug eie mening oor die gelese gedeelte.
- Identifiseer sommige sinonieme en teenoorgesteldes (antonieme).
- Interpreteer inligting van eenvoudige tabelle soos 'n almanak.

Groepbegeleide lees

Die onderwyser werk met twee leesgroepe per dag en spandeer 15 minute aan elke groep. Elke groep lees twee maal per week saam met die onderwyser.

- Lees hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep werk met dieselfde storie.
- Gebruik sigwoorde, klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens lees.
- Leerders monitor hulleself in beide woordherkennings- en begripsvaardighede tydens lees..
- Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking (lees met gevoel).
- Bou 'n sigwoordeskat op uit insidentele lees, die gegradeerde leesreeks en hoëfrekwensie woordelyste.

Lees in pare / Selfstandige lees

Daaglikse leesaktiwiteite vir 20 minute terwyl sommige groepe besig is met Groepbegeleide lees saam met onderwyser

- Lees hardop vir 'n maat.
- Lees eie en andere se skryfstukke.
- Lees selfstandig, gebruik kort fiksie-tekse en gedigte.
- Speel leesspeletjies soos Bingo en bordspeletjies en voltooi blokkiesraaisels om lees- en woordeskatvaardighede in te skerp.

ASSESSERING

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite

***Klanke* (mondeling en / of prakties)**

- Identifiseer die letter-klank-verhouding van alle enkelklanke.
- Herken en gebruik beginklanke soos **ge- ge**sig**, be- be**gin**, ver- ver**geet**, pl- pl**an**, vl- vl**ag**, kl- kl**as**, fl- fl**es**, pr- pr**et**, vr- vr**ag**, kr- kr**ap**, tr- tr**ap**, dr- dr**uk**, fr- fr**is**, tw- tw**ee**, sw- sw**art**, kw-kwa**ad.
- Doen woordbou-aktiwiteite en verdeel woorde in klank- en lettergrepe.
- Lees die aangeleerde woorde in sinne en ander tekste.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Gebruik letterkombinasies vir woordbou-aktiwiteite.
- Identifiseer die letter-klank-verhouding van alle enkelklanke.
- Herken en gebruik beginklanke wat aangeleer is.
- Doen woordbou-aktiwiteite met nuut aangeleerde klanke.
- Lees die aangeleerde woorde in sinne en ander tekste.
- Groepeer bekende woorde in klankfamilies.

Formele assesseringsaktiwiteit 2

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Herken tweeletterkombinasies aan die begin en einde van woorde soos **pr-, vr-, tr-, dr-, fr-, en tw-, sw-, kw-.**
- Herken en gebruik aangeleerde beginklanke.
- Bou woorde met klankkennis, d.w.s. alle klanke wat hierdie jaar aangeleer is.
- Groepeer bekende woorde in klankfamilies.

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

Gedeelde lees

- Beantwoord hoër-orde-denkvrae oor die teks wat gelees is, soos: “Wat sou gebeur het as ...?”
- Leerders monitor hulself tydens lees wat betref beide woordherkenning en begripsvaardighede.
- Identifiseer sommige sinonieme en teenoorgesteldes (antonieme).

Groepbegeleide Lees

- Lees hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.
- Gebruik sigwoorde, klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens lees.
- Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking (lees met gevoel).

Lees in pare / Selfstandige lees

- Lees hardop vir 'n maat op eie vlak.
- Lees eie en ander se skryfstukke.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

Lees (mondeling en / of prakties)

Gedeelde lees

- Die hele groep lees dieselfde storie en identifiseer die volgorde van gebeure en die agtergrond.
- Gebruik die boekomslag om die storie te voorspel.
- Spreek ‘n mening uit oor die gelese gedeelte.

Groepbegeleide lees

- Lees hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.
- Gebruik sigwoorde, klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens lees.

Formele assesseringsaktiwiteit 2

Lees (mondeling en / of prakties)

Gedeelde lees

- Die hele groep lees dieselfde storie en identifiseer die volgorde van gebeure en die agtergrond.
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae oor die teks wat gelees is, soos: “Wat sou gebeur het as ...?”
- Interpreteer inligting van eenvoudige tabelle, soos 'n almanak.

Groepbegeleide lees

- Lees hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.
- Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking (lees met gevoel).

Lees in pare / Selfstandige lees

- Lees selfstandig kort fiksie-tekste en gedigte.

GRAAD 2: KWARTAAL 3	
SKRYF	**VOORGESTELDE KONTAKTYD** Minimum tyd: 1 uur 45 minute per week Maksimum tyd: 2 uur per week

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Handskrif

Formele lesse van 15 minute elk, drie maal per week

Leerders gaan voort om drukskrif in geskrewe werk te gebruik, maar doen voorbereidende oefeninge vir lopende skrif. Die lopende skrif / skrif met verbindings wat gebruik word, word deur die skool / provinsie se handskrifbeleid bepaal.

Drukskrif word behou

- Gebruik skryfgereedskap soos potlood, uitveër en liniaal doeltreffend.
- Vorm klein- en hoofletters korrek, vinniger en met meer akkuraatheid.
- Behou eenvormigheid met grootte van hoof- en kleinletters in 'n woord.
- Alle skryfwerk word in drukskrif gedoen.

Oorgang na lopende skrif / skrif met verbindings

- Naskryf en inoefening van voorbereidende patrone vir lopende skrif / skrif met verbindings.
- Naskryf en skryf van minstens twee letters in lopende skrif / skrif met verbindings per week (let op na grootte en eenvormigheid).
- Naskryf en skryf van kort woorde in lopende skrif / skrif met verbindings: 2- en 3-letterwoorde soos *is, in, ek, die, kat.*
- Herkenning en lees van kort woorde in lopende skrif / skrif met verbindings.

Gedeelde, Groep- en Selfstandige skryf

Twee tot drie klassikale kleingroeplesse van 20 minute elk wat by die gedeelde lees aansluit en daarop voortbou. Demonstreer die skryfproses (beplanning, redigering, skryf en aanbieding) deur gebruik te maak van gedeelde skryfaktiwiteite. Voorsien skryframe aan leerders om hul eie stories te skryf.

- Neem deel aan besprekings om 'n onderwerp te kies om oor te skryf.
- Skryf 'n eenvoudige betekenisvolle teks soos 'n beterskapkaartjie, poskaart, ens.
- Beplan, skryf en bied eie storie van minstens ses sinne aan.
- Skryf 1 - 2 paragrawe (minstens agt sinne) oor persoonlike ervarings of gebeure.
- Gebruik korrekte leestekens (punt, komma, vraagteken en uitroepteken) sodat ander kan lees wat geskryf is.
- Spel bekende woorde korrek en gebruik klankkennis om onbekende woorde te probeer spel.
- Gebruik teenwoordige, verlede en toekomende tyd korrek.
- Identifiseer en gebruik selfstandige naamwoorde en werkwoorde korrek.
- Identifiseer en gebruik voornaamwoorde korrek.
- Lees en bespreek eie skryfstuk met 'n maat.
- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek.

ASSESSERING

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:

Handskrif

- Gebruik skryfgereedskap soos potlood, uitveër en liniaal doeltreffend.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

Handskrif

Behou drukskrif

- Vorm klein- en hoofletters korrek, vinniger en met meer akkuraatheid.

Oorgang na lopende skrif / skrif met verbindings

- Naskryf en inoefening van voorbereidende patrone vir lopende skrif / skrif met verbindings.
- Naskryf en skryf van ten minste twee letters in lopende skrif / skrif met verbindings per week (let op grootte en eenvormigheid).

Formele assesseringsaktiwiteit 2

Handskrif

Oorgang na lopende skrif / skrif met verbindings

- Naskryf en skryf van ten minste twee letters in lopende skrif / skrif met verbindings per week (let op grootte en eenvormigheid).
- Naskryf van 2- en 3-letterwoorde (soos is, in, ek, die, kat) in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Herkenning en lees van kort woorde in lopende skrif / skrif met verbindings.

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite

Skryf

- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek.
- Identifiseer en gebruik selfstandige naamwoorde en werkwoorde korrek.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

Skryf

- Skryf 'n eenvoudige betekenisvolle teks soos 'n beterskapkaartjie, poskaart, ens.
- Skryf 1 - 2 paragrawe (minstens agt sinne) oor persoonlike ervarings of gebeure.
- Spel bekende woorde korrek en gebruik klankkennis om onbekende woorde te probeer spel.
- Gebruik teenwoordige, verlede en toekomende tyd korrek.

Formele assesseringsaktiwiteit 2

Skryf

- Neem deel aan besprekings om 'n onderwerp te kies om oor te skryf.
- Beplan, skryf en bied eie storie van minstens ses sinne aan en gee 'n toepaslike titel.
- Gebruik korrekte leestekens (punt, komma, vraagteken, uitroepteken) sodat ander kan lees wat geskryf is.
- Identifiseer en gebruik voornaamwoorde korrek.
- Lees en bespreek eie skryfwerk met 'n maat.

GRAAD 2: KWARTAAL 4	
LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	**VOORGESTELDE KONTAKTYD** Minimum tyd: 45 minute per week Maksimum tyd: 1 uur per week

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Daaglikse / Weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Tale en ander vakke

- Luister sonder om die spreker te onderbreek, vra vrae vir duidelikheid en lewer kommentaar op dit waarna geluister was.
- Praat oor persoonlike ervarings en bekende nuus, byvoorbeeld, vertel nuus in beskrywende taal.
- Gebruik selfstandige naamwoord, byvoeglike naamwoord, werkwoord, voornaamwoord, voorsetsel, komma, vraagteken, paragraaf wanneer oor eie skryfwerk gepraat word.
- Verstaan en gebruik gepaste woordeskat van die onderskeie vakke.
- Stel oplossings voor vir probleme, veral tydens Wiskunde.

Tweeweeklikse aktiwiteite wat gefokus is op luister- en praataktiwiteite

Week 1 - 5

- Luister na 'n ingewikkelde opeenvolging van instruksies en reageer gepas daarop.
- Neem deel aan besprekings, stel onderwerpe vir 'n bespreking voor, stel vrae om inligting te vind en doen verslag oor die groep se werk.
- Neem deel aan woordspeletjies, byvoorbeeld: “Ek sien met my kleine ogies ...”
- Vertel grappe en raaisels met die gepaste stemtoon en volume.

Weeks 6 - 10

- Luister en reageer op 'n spreker wat die leerder nie kan sien nie.
- Luister na die besonderhede van stories en beantwoord hoër-orde-denkvrae. Byvoorbeeld: “Dink jy hy was reg om ...?
- Beantwoord oopeindevrae en regverdig die antwoorde. Byvoorbeeld: “Hoekom sê jy so?”
- Druk gevoelens uit oor 'n teks en verstrek redes. Byvoorbeeld: “Dit het my kwaad gemaak want ...”

ASSESSERING

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite

***Luister en Praat* (mondeling en / of prakties)**

- Luister sonder om die spreker te onderbreek, vra vrae vir duidelikheid en lewer kommentaar op dit waarna geluister was.
- Gebruik selfstandige naamwoord, byvoeglike naamwoord, werkwoord, voornaamwoord, voorsetsel, komma, vraagteken en paragraaf wanneer daar oor eie skryfwerk gepraat word.
- Stel oplossings voor vir probleme, veral tydens Wiskunde.
- Neem deel aan woordspeletjies, byvoorbeeld: “Ek sien met my kleine ogies …”
- Vertel grappe en raaisels met die gepaste stemtoon en volume.
- Beantwoord oopeindevrae en regverdig die antwoorde. Byvoorbeeld: “Hoekom sê jy so?”

Formele assesseringsaktiwiteit 1

***Luister en Praat* (mondeling en / of prakties)**

- Praat oor persoonlike ervarings en meer bekende nuus. Byvoorbeeld, vertel nuus in beskrywende taal.
- Luister na 'n ingewikkelde opeenvolging van instruksies en reageer gepas daarop.
- Neem deel aan besprekings, stel onderwerpe vir 'n bespreking voor, stel vrae om inligting te bekom en doen verslag oor die groep se werk.
- Luister na die besonderhede van stories en beantwoord hoër-orde-denkvrae. Byvoorbeeld: “Dink jy hy was reg om ...?”
- Druk gevoelens uit oor 'n teks en verstrek redes. Byvoorbeeld: “Dit het my kwaad gemaak want ...”

GRAAD 2: KWARTAAL 4	
LEES EN KLANKE	**VOORGESTELDE KONTAKTYD** Minimum tyd: 4 uur 30 minute per week Maksimum tyd: 5 uur per week

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Daaglikse klankaktiwiteite van 15 minute elk

Aanleer van nuwe klanke. Maak seker leerders verstaan die woorde en kan hulle in sinvolle sinne gebruik. Lei leerders om die aangeleerde klankkennis te gebruik om onbekende woorde te spel.

- Herken en gebruik tweeletterkombinasies van konsonante aan die einde van woorde soos **-rs** - ke**rs, -lg** - vo**lg**, **-ng** - kri**ng**, **rm** - wa**rm**, **-lm** - ka**lm**, **-el** - ket**el**, **-er** - bek**er**, **lk** - da**lk**, **rg** - be**rg**, **rk** - vu**rk**, **mp** - sta**mp**, **ng** - ri**ng**, **nk** - dri**nk..**
- Herken en gebruik drieletterkombinasies van konsonante aan die einde van woorde soos sto-**rms**, opwaa-**rts.**
- Herken en gebruik agtervoegsels soos **-lik** in siek**lik**, **-ies** in kalf**ies.**
- Gebruik die **d** wat klink soos 'n **t** soos in **brood(t).**
- Gebruik aangeleerde klanke om woorde te bou.
- Vorm en klank woorde op vlak van eie klankkennis.
- Bou sinne met klankkennis onderrig gedurende die jaar.
- Lees die aangeleerde woorde in sinne en ander tekste.
- Leer om ten minste 10 woorde (klankwoorde en sigwoorde) per week te spel.
- Skryf twee kort sinne wat die onderwyser dikteer.

Daaglikse leesaktiwiteite: Groepbegeleide lees (twee groepe per dag) en twee tot drie gedeelde leessessies per week.

Gedeelde lees

Twee tot drie klaslesse per week van 15 minute elk waar ten minste een nuwe teks per week gebruik word.

- Lees gedigte en liedjies in klasvrband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en bespreek die verskillende formate en die digter se woordkeuse.
- Lees fiksie en niefiksie in klasverband saam met die onderwyser.
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae oor die teks wat gelees is. Byvoorbeeld: “Wat dink jy ...?”
- Sê of hy of sy van die storie hou en kan eie antwoord regverdig. Byvoorbeeld: ‘Ek het nie van die storie gehou nie omdat ...”
- Gee uitdrukking aan 'n persoonlike reaksie op gedrukte media soos koerante en tydskrifprente, plakkate, advertensies. Byvoorbeeld: “Ek verkies hierdie tydskrifadvertensie omdat ...”

Groepbegeleide lees

Die onderwyser werk met twee leesgroepe per dag en spandeer 15 minute aan elke groep. Elke groep lees twee maal per week saam met die onderwyser.

- Stillees en hardoplees fiksie en niefiksie op eie leesvlak tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep werk met dieselfde teks.
- Gebruik sigwoorde, klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede en begripsvaardighede om betekenis te skep.
- Lees met toenemende vlotheid, spoed en korrekte uitspraak.
- Pas selfkorrigeringstrategieë toe wanneer hy of sy lees: herlees, pouseer en oefen 'n woord voordat dit hardop gesê word.
- Leerders monitor hulleself tydens lees wat betref beide woordherkennings- en begripsvaardighede.
- Hou vol met die opbou van sigwoordeskat van insidentele leeslesse, gegradeerde leesreekse en hoëfrekwensie woordelyste.

Lees in pare / Selfstandige lees

Daaglikse leesaktiwiteite vir 20 minute terwyl sommige groepe besig is met groepbegeleide lees saam met onderwyser.

- Lees eie en andere se skryfstukke.
- Lees hardop vir 'n maat.
- Lees selfstandig op 'n ingewikkelder vlak vir genot of om inligting te vind uit 'n verskeidenheid beskikbare tekste, soos strokiesprente en eenvoudige fiksie en niefiksie.
- Speel leesspeletjies, soos lees-dominoes en voltooi eenvoudige blokkiesraaisels om woordeskat en leesvaardighede in te skerp.

ASSESSERING

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite

***Klanke* (mondeling en / of prakties)**

- Herken en gebruik drieletterkombinasies van konsonante aan die begin van woorde soos **spr- spr**aak, **str- str**aat, **skr- skr**ee**.**
- Herken en gebruik tweeletterkombinasies van konsonante aan die einde van woorde soos **-rs** - ke**rs**, **-lg** -vo**lg**, **-ng** - kri**ng**, **rm** - wa**rm**, **-lm** - ka**lm**, **-el** - ket**el**, **-er** - bek**er**, **lk** - da**lk**, **rg** - be**rg**, **rk** - vu**rk**, **mp** - sta**mp**, **ng** - ri**ng**, **nk** - dri**nk.**
- Herken en gebruik drieletterkombinasies van konsonante aan die einde van woorde soos sto-**rms**, opwaa-**rts.**
- Lees die aangeleerde woorde in sinne en ander tekste.
- Herken en gebruik agtervoegsels soos -**lik** in siek**lik**, **-ies** in kalf**ies.**
- Bou sinne met klankkennis onderrig gedurende die jaar.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of geskrewe))**

- Herken en gebruik drieletterkombinasies van konsonante aan die begin van woorde soos **spr- spr**aak, **str- str**aat, **skr- skr**ee.
- Herken en gebruik tweeletterkombinasies van konsonante aan die einde van woorde soos **-rs** - ke**rs**, **-lg** -vo**lg**, **-ng** - kri**ng**, **rm** - wa**rm**, **-lm** - ka**lm**, **-el** - ket**el**, **-er** - bek**er**, **lk** - da**lk**, **rg** - be**rg**, **rk** - vu**rk**, **mp** - sta**mp**, **ng** - ri**ng**, **nk** - dri**nk.**
- Herken en gebruik drieletterkombinasies van konsonante aan die einde van woorde soos sto-**rms**, opwaa-**rts.**
- Herken en gebruik agtervoegsels soos -**lik** in siek**lik**, **-ies** in kalf**ies.**
- Bou sinne met klankkennis onderrig gedurende die jaar.

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

Gedeelde lees

- Beantwoord hoër-orde-denkvrae oor die teks wat gelees is. Byvoorbeeld: “Wat dink jy ...?”
- Sê of hy of sy van 'n storie hou en kan die antwoord regverdig. Byvoorbeeld: “Ek het nie van die storie gehou nie omdat ...”

Groepbegeleide Lees

- Pas selfkorrigeringstrategieë toe wanneer hy of sy lees: herlees, pouseer, en oefen 'n woord voordat dit hardop gesê word.
- Leerders monitor hulleself tydens lees in beide woordherkennings- en begripsvaardighede.

Lees in pare / Selfstandige lees

- Lees eie en ander se skryfstukke.
- Lees hardop vir 'n maat.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

Gedeelde lees

- Lees fiksie en niefiksie in klasverband saam met die onderwyser.
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae oor die teks wat gelees is. Byvoorbeeld: “Wat dink jy ...?”
- Gee uitdrukking aan 'n persoonlike reaksie op gedrukte media soos koerante, tydskrifte, prente, plakkate, advertensies. Byvoorbeeld: “Ek verkies hierdie tydskrifadvertensie omdat ...”

Groepbegeleide lees

- Lees stil en hardop in leesgroepe uit fiksie en niefiksie op die leerder se eie vlak en onder begeleiding van onderwyser, d.w.s. die hele groep werk met dieselfde teks.
- Gebruik sigwoorde, klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede en begripsvaardighede om betekenis te skep.
- Lees met toenemende vlotheid, spoed en korrekte uitspraak.

Lees in pare / Selfstandige lees

- Lees selfstandig op 'n ingewikkelder vlak vir genot of om inligting te vind uit 'n verskeidenheid beskikbare tekste, soos strokiesprente en eenvoudige fiksie en niefiksie.

GRAAD 2: KWARTAAL 4	
SKRYF	**VOORGESTELDE KONTAKTYD** Minimum tyd: 1 uur 45 minute per week Maksimum tyd: 2 uur per week

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Handskrif

Formele lesse van 15 minute elk, drie maal per week

Leerders gebruik drukskrif in geskrewe werk, maar begin lopende skrif / skrif met verbindings aan te leer. Die lopende skrif / skrif met verbindings word deur die skool / provinsie se handskrifbeleid bepaal.

Behou gebruik van drukskrif

- Gebruik skryfgereedskap soos potlood, uitveër en liniaal doeltreffend.
- Behou die gebruik van drukskrif vir skriftelike werk.

Oorgang na lopende skrif / skrif met verbindings

- Naskryf en skryf van ten minste twee letters in lopende skrif / skrif met verbindings per week.
- Naskryf en skryf van kort woorde in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Naskryf en skryf van hoëfrekwensie hoofletters in lopende skrif / skrif met verbindings soos H, T, M, B, D, G, K, N, P, A, E, O.
- Naskryf en skryf van kort sinne in lopende skrif / skrif met verbindings.

Gedeelde Groep en Selfstandige Skryf

Klassikale / kleingroeplesse van 20 minute elk wat by die gedeelde lees aansluit en daarop voortbou. Demonstreer die korrekte gebruik van leestekens, spelling en taalstrukture (skryf in die verlede tyd, meervoude, voorsetsels). Voorsien skryframe aan leerders om 'n resep te skryf en 'n raamwerk om inligting te organiseer op 'n diagram / tabel. Demonstreer die gebruik van 'n woordeboek; verduidelik alfabetiese volgorde.

- Neem deel aan 'n bespreking deel en dra idees by.
- Eksperimenteer met woorde om 'n eenvoudige gedig of liedjie te skryf.
- Skryf minstens twee paragrawe (minstens tien sinne) oor persoonlike ervarings of gebeure. Byvoorbeeld, 'n familiefeesviering.
- Beplan, skryf en bied eie storie van minstens twee paragrawe aan en gebruik woorde soos “*eendag”* en “*uiteindelik”.*
- Organiseer inligting in 'n diagram of tabel.
- Gebruik informele strukture vir skryf, soos skryf resepte.
- Plaas gebeure in teks in volgorde met behulp van woorde soos *eers, toe*, *daarna* en *uiteindelik.*
- Gebruik leestekens korrek (hoofletters, kommas, vraagtekens, uitroeptekens) sodat ander kan lees wat geskryf is.
- Klank / spel bekende woorde korrek en probeer om onbekende woorde met behulp van klankkennis te spel.
- Gebruik teenwoordige, verlede en toekomende tyd korrek.
- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek.
- Raadpleeg 'n woordeboek om die betekenis en spelling van woorde na te gaan.

ASSESSERING

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite

Handskrif

Behou die gebruik van drukskrif

- Gebruik skryfgereedskap soos potlood, uitveër en liniaal doeltreffend.
- Behou die gebruik van drukskrif vir skriftelike werk.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

Handskrif

Oorgang na lopende skrif / skrif met verbindings

- Naskryf en skryf van ten minste twee letters in lopende skrif / skrif met verbindings per week.
- Naskryf en skryf van kort woorde in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Naskryf en skryf van hoëfrekwensie hoofletters in lopende skrif / skrif met verbindings soos H, T, M, B, D, G, K, N, P, A, E, O.
- Naskryf en skryf van kort sinne in lopende skrif / skrif met verbindings.

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite

Skryf

- Eksperimenteer met woorde: skryf 'n eenvoudige gedig of liedjie.
- Beplan, skryf en bied eie storie van minstens twee paragrawe aan en gebruik woorde soos *eendag* en *uiteindelik.*
- Gebruik leestekens korrek (hoofletters, kommas, vraagtekens en uitroeptekens) sodat ander kan lees wat geskryf is.
- Klank / spel bekende woorde korrek, en probeer om onbekende woorde met behulp van klankkennis te spel.
- Gebruik teenwoordige, verlede en toekomende tyd korrek.
- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

Skryf

- Skryf minstens twee paragrawe (minstens tien sinne) oor persoonlike ervaringe of gebeure, byvoorbeeld familiefeesviering.
- Organiseer inligting in 'n diagram of tabel.
- Gebruik informele strukture vir skryf soos skryf resepte.
- Plaas gebeure in teks in volgorde met behulp van woorde, soos *eers, toe*, *daarna* en *uiteindelik.*
- Spel bekende woorde korrek en probeer om onbekende woorde met behulp van klankkennis te spel.
- Gebruik teenwoordige, verlede en toekomende tyd korrek.

VOORGESTELDE TEKSTE / HULPMIDDELS VIR DIE JAAR

LUISTER EN PRAAT

- Prente en plakkate
- Werklike voorwerpe wat van toepassing is op die temas soos handpoppe, maskers, ens.
- Storiebordstukke en legkaarte
- Prente vir volgorde
- Fantasieklere vir rolspel en ander mondelinge aktiwiteite
- Musiekinstrumente (tamboeryne, slaginstrumente, ens.)
- CD's of bande met stories (wat gelees of vertel word), gedigte, rympies en liedjies, CD-speler / bandspeler, televisie en video's / DVD's
- Storieboeke en mondelinge stories

LEES EN KLANKE

- Prente en plakkate
- Muurklankkaarte
- Gegradeerde leesreekse
- Grootboeke - mag dalk tydens gedeelde skryf gemaak word
- Vergrote tekste - soos gediggies / rympies / liedjies
- Storieboeke, niefiksie en prenteboeke vir die leeshoekie
- Stories wat tydens gedeelde skryf ontwikkel is
- Kleuterrympies, gedigte en liedjies
- Kort pretboeke met 1 - 2 sinne op 'n bladsy vir die leeshoekie
- Flitskaarte vir klaskameritems, uitstallings en sigwoorde
- Naamkaarte van leerders
- Wysers vir gebruik tydens die lees van vergrote tekste, muurstories, uitstallings
- Prent- en woordraaisels en speletjies
- Koerante en tydskrifte

SKRYFWERK EN HANDSKRIF

- Skryfgereedskap soos potlode, kleurkryte, vetkryte, verf, verfkwaste, blanko papier in verskeie groottes (A3, A4, A5), liniaal, uitveër, 17 mm / 8.5 mm boeke, blanko boeke
- Skryf- en sinstroke of skrifkaarte vir drukskrif enlopende skrif / skrif met verbindings
- Groot papier en dik merkpenne
- Persoonlike woordeboeke
- Eenvoudige kinderwoordeboeke

3.4 Graad 3

GRAAD 3 HUISTAAL AFRIKAANS VEREISTES PER KWARTAAL

KWARTAAL 1	
LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	**VOORGESTELDE KONTAKTYD** Minimum tyd: 45 minute per week Maksimum tyd: 1 uur per week

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Daagliks / Weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke

- Praat oor persoonlike ervaringe. Byvoorbeeld, vertel nuus en gee uitdrukking aan gevoelens en lug eie mening.
- Luister sonder om die spreker te onderbreek, toon respek vir die spreker en neem beurte om te praat.
- Gebruik gepaste taal tydens gesprekke met vriende en volwassenes, en herken die manier waarop klasmaats sleng / informele taal gebruik. Byvoorbeeld, vertel ouers hoe die bal die venster gebreek het.

Tweeweeklikse aktiwiteite wat gefokus is op luister- en praataktiwiteite

Week 1 - 5

- Luister na 'n ingewikkelde reeks instruksies (ten minste 4) en reageer gepas.
- Luister na stories, identifiseer die hoofgedagte en besonderhede en beantwoord hoër-orde-denkvrae. Byvoorbeeld: “Dink jy hierdie is die beste titel vir die storie? Hoekom?”
- Stel vrae om duidelikheid te verkry en lewer kommentaar op dit wat gehoor is. Byvoorbeeld: “Het dit regtig gebeur? Wat het jy toe gedoen?”
- Druk gevoelens uit oor ‘n teks en verskaf redes. Byvoorbeeld: “Ek dink die skrywer kon die storie ‘n gelukkiger einde gegee het. Die dolfyn het so hard probeer om te ontsnap.”

Week 6 - 10

- Neem deel aan besprekings, stel vrae en toon sensitiwiteit vir ander se gevoelens.
- Beantwoord vrae en verskaf redes vir die antwoord. Byvoorbeeld: “Ja. Ek dink die titel vertel die leser waaroor die storie gaan.”

ASSESSERING

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:

***Luister en praat* (mondeling en / of prakties)**

- Luister sonder om die spreker te onderbreek, toon respek vir die spreker en neem beurte om te praat.
- Druk gevoelens uit oor 'n teks en verskaf rede. Byvoorbeeld: “Ek dink die skrywer kon die storie 'n gelukkiger einde gegee het. Die dolfyn het so hard probeer om te ontsnap.”
- Neem deel aan besprekings, stel vrae en toon sensitiwiteit vir ander se gevoelens.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

***Luister en praat* (mondeling en / of prakties)**

- Praat oor persoonlike ervaringe. Byvoorbeeld, vertel nuus en gee uitdrukking aan gevoelens en lug eie mening.
- Luister na ‘n ingewikkelde reeks instruksies (ten minste 4) en reageer gepas.
- Luister na stories, identifiseer die hoofgedagte en besonderhede en beantwoord hoër-orde-denkvrae. Byvoorbeeld: “Dink jy dit is die beste titel vir die storie? Hoekom?”

GRAAD 3: KWARTAAL 1	
LEES EN KLANKE	**VOORGESTELDE KONTAKTYD** Minimum tyd: 4 uur 30 minute per week Maksimum tyd: 5 uur per week

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Klankaktiwiteite van 15 minute elk, drie maal per week

Hersien die enkelklanke, dubbelklanke en tweeletterkombinasies en die klanke wat in Graad 2 onderrig is. Stel nuwe klanke bekend en doen woordbou- en ouditiewe klankherkenningsaktiwiteite. Gebruik geleenthede om die aangeleerde klankkennis in te skerp tydens ander taalaktiwiteite, byvoorbeeld, in gedeelde lees en skryf. Die klankkennis word gebruik om die spelprogram van die jaar te versterk.

- Identifiseer die letter-klank-verhouding van alle enkelklanke.
- Hersien dubbelklanke: **aa, ee, oo, uu**.
- Hersien klanke wat uit twee vokale bestaan: **ie, oe ou, ui, eu, ei**.
- Hersien tweeklanke wat uit drie letters bestaan: **ooi, aai, oei, eeu**.
- Herken en gebruik beginklanke van woorde: **spr**- in **spr**oet, **skr**- in **skr**oef, **str**- in **str**aat.
- Gebruik die -**t** en -**d** slotklank korrek soos broo**d**, gel**d**, rui**t**, maa**t**.
- Verdeel woorde in lettergrepe, soos *blaar - bla-re; katte - kat-te; hande - han-de.*
- Skryf die dae van die week en maande van die jaar korrek.
- Herken en gebruik rymwoorde soos *blaas, raas en haas.*
- Vorm woorde met aangeleerde klankkennis.
- Spel woorde korrek deur klankkennis te gebruik.
- Sorteer letters en woorde in alfabetiese volgorde.
- Leer tien woorde 'n week uit die klanklesse en sigwoorde.
- Skryf drie kort sinne wat deur die onderwyser gedikteer word.

Daaglikse leesaktiwiteite

***Groepbegeleide lees* (twee groepe) per dag en 2 - 3 gedeelde leessessies per week**

Gedeelde lees

Twee tot drie klassikale lesse per week van 15 minute elk. Behandel ten minste een nuwe teks per week. Die onderwyser demonstreer die proses met die hele klas.

Elke sessie het 'n leerfokuspunt uit die volgende: gedrukte tekskonsep, tekskenmerke, klanke, taalpatrone, woordidentifiseringstrategieë en begrip op 'n verskeidenheid vlakke soos letterlike, herorganiserings-, afleidings-, evaluerings- en waarderingsvrae.

Demonstreer ook die vyf-vinger-strategie waar elke vinger 'n strategie voorstel wat die leser kan gebruik om sistematies onbekende woorde en die woordbetekenis te ontsyfer. Leerders kontroleer hulself en vra of die woord wat hulle "gevind" het, reg klink, reg lyk en sin maak. Moedig leerders aan om met hierdie proses te eksperimenteer wanneer hulle onbekende woorde teëkom.

- Gebruik visuele leidrade om oor ‘n grafiese teks te praat. Byvoorbeeld, kyk na ‘n foto en bespreek waaroor dit gaan, waar dit afgeneem is, ens.
- Lees vergrote teks soos gedigte, Grootboeke, plakkate en elektroniese teks in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees).
- Lees 'n boek in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en beskryf die hoofgedagte en hoofkarakters.
- Lees instruksies in die klaskamer.
- Lees verskillende gedigte oor ‘n onderwerp en bespreek dit (beide formaat en betekenis).
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae, wat op die teks gegrond is, voor, gedurende en nadat die teks gelees is. Byvoorbeeld: “Wat dink jy gaan volgende gebeur? Hoekom sê jy so?”
- Herken die gebruik van aanhalingstekens in skriftelike stories.

Groepbegeleide lees

Groeplees saam met die onderwyser - twee maal per week vir elke groep - 15 minute per groep. Die onderwyser werk met groepe leerders wat op dieselfde leesvlak is deur die teks by die leerder se leesvlak aan te pas (woordherkenning is tussen 90% en 95% akkuraat). Klasleesboeke / Gegradeerde leesreekse sal gewoonlik gebruik word.

- Lees stil en hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, dit wil sê, die hele groep werk met dieselfde teks / storie wat op die groep se leesvlak is.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens beide stillees en hardoplees.
- Pas selfkorrigeringstrategieë toe tydens lees: herlees, pouseer, en oefen 'n woord voordat dit hardop gesê word.
- Monitor tydens lees eie woordherkennings- en begripsvaardighede.
- Toon begrip vir leestekens soos punte, vraagtekens, uitroeptekens en aanhalingstekens tydens hardoplees.

***Lees in pare / Selfstandige lees* (drie maal per week)**

Toepassing van Selfstandige lees / Lees in pare. Selekteer bekende tekste of tekste wat op die leerder se selfstandige leesvlak is (eenvoudiger as die teks wat tydens gedeelde lees gebruik word en met meer as 95% woordherkenningsakkuraatheid wanneer die teks gelees word).

- Lees tekste op hul eie: prenteboeke en eenvoudige storieboeke.
- Speel leesspeletjies en voltooi blokkiesraaisels om lees- en woordeskatvaardighede in te skerp (bv. “Snap”, geheuespeletjies).

ASSESSERING

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite

***Klanke* (mondeling en / of prakties)**

- Vorm woorde met die aangeleerde klankkennis.
- Spel woorde korrek deur fonemiese kennis te gebruik.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of skriftelike)**

- Gebruik die -**t** en -**d** slotklank korrek soos broo**d**, gel**d**, rui**t**, maa**t**.
- Verdeel woorde in lettergrepe soos *blaar - bla-re; katte - kat-te; hande - han-de.*
- Skryf die dae van die week en maande van die jaar korrek.
- Sorteer letters en woorde in alfabetiese volgorde.
- Skryf die dae van die week en maande van die jaar korrek.

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite

***Lees* (mondeling en / of prakties en / of skriftelike)**

Gedeelde lees

- Lees vergrote teks soos gedigte, Grootboeke, plakkate en elektroniese teks in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees).
- Lees instruksies in die klaskamer.

Groepbegeleide lees

- Lees stil en hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, dit wil sê die hele groep werk met dieselfde teks / storie wat op die groep leerders se leesvlak is.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens hadoplees.
- Toon begrip vir leestekens soos punte, vraagtekens, uitroeptekens, aanhalingstekens tydens hardoplees.
- Korrigeer hulself tydens lees wat betref beide woordherkennings- en begripsvaardighede.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

***Lees* (mondeling en / of prakties en / of skriftelike)**

Gedeelde lees

- Gebruik visuele leidrade om oor 'n grafiese teks te praat. Byvoorbeeld, kyk na 'n foto en bespreek waaroor dit gaan, waar dit afgeneem is, ens.
- Lees 'n boek in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en beskryf die hoofgedagte en hoofkarakters.
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae, wat op die teks gegrond is, voor, gedurende en nadat die teks gelees is. Byvoorbeeld: “Wat dink jy gaan volgende gebeur? Hoekom sê jy so?”

Groepbegeleide lees

- Lees hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, dit wil sê die hele groep werk met dieselfde teks / storie wat op die groep se leesvlak is.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens lees.

GRAAD 3: KWARTAAL 1	
SKRYF	**VOORGESTELDE KONTAKTYD** Minimum tyd: 1 uur 45 minute per week Maksimum tyd: 2 uur per week

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Handskrif

Formele lesse van 15 minute elk, drie maal per week

Leerders mag steeds drukskrif in skriftelike werk gebruik tot aan die einde van die tweede kwartaal. Handskriflesse fokus egter op die vorming en inoefening van letters en woorde in lopende skrif. Die lopende skrif / skrif met verbindings word deur die skool / provinsie se handskrifbeleid bepaal.

- Vorm alle kleinletters en hoofletters en skryf woorde in die geselekteerde lopende skrif / skrif met verbindings.
- Hanteer skryfgereedskap doeltreffend: potlood, uitveër, liniaal.
- Skryf eenvoudige woorde in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Spasieer woorde korrek in lyne.
- Skryf 'n sin leesbaar en korrek in beide drukskrif en lopende skrif / skrif met verbindings.

Gedeelde, Groep en Selfstandige skryf

Klassikale / kleingroeplesse twee tot drie maal per week van 20 minute elk. Demonstreer die korrekte gebruik van leestekens, spelling en taalstrukture (skryf in verskillende tydsvorme, meervoude). Voorsien skryframe aan leerders om 'n storie of beskrywing te skryf en verskaf leiding t.o.v. die skryfproses. Leerders maak gebruik van hulle persoonlike woordeboeke.

- Teken prente en skryf sinne om begrip van 'n storie te toon.
- Skryf instruksies, byvoorbeeld, aan 'n vriend.
- Gee idees, woorde en sinne vir ‘n klasstorie (gedeelde skryf).
- Gebruik prente om ‘n onderwerp vir skriftelike werk te kies.
- Beplan die skryfproses saam met ‘n maat.
- Stel vrae om die skryftaak te definieer.
- Skryf ten minste een paragraaf van agt sinne soos eie nuus, kreatiewe storie, beskrywing van ‘n gebeurlikheid / eksperiment.
- Skryf en illustreer ses tot agt sinne oor ‘n onderwerp om ‘n bydrae te maak tot die klasbiblioteek.
- Skryf woorde om ‘n sin te vorm en gebruik hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens en aanhalingstekens.
- Gebruik woordboutegnieke, klankkennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf.
- Gebruik die teenwoordige, verlede en toekomende tyd korrek.
- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek deur die eerste letter van die woord te gebruik soos **a**ppel, **b**oek, **d**am, ens.

ASSESSERING

Voorstelle vir informele assesseringaktiwiteite

Handskrif

- Hanteer skryfgereedskap doeltreffend: potlood, uitveër, liniaal.
- Spasieer woorde korrek in lyne.

Formele assesseringsaktiwiteit 1

Handskrif

- Vorm alle kleinletters en hoofletters en skryf woorde in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Skryf eenvoudige woorde in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Skryf 'n sin leesbaar en korrek in drukskrif enlopende skrif / skrif met verbindings.

Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:

Skryf

- Teken prente en skryf sinne om begrip van 'n storie te toon.
- Skryf instruksies, byvoorbeeld, aan 'n vriend.
- Gee idees, woorde en sinne vir ‘n klasstorie (gedeelde skryf).
- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek deur die eerste letter van die woord te gebruik soos **a**ppel, **b**oek, **d**am, ens.

Formele Assesseringsaktiwiteit 1

Skryf

- Skryf ten minste een paragraaf van agt sinne soos eie nuus, kreatiewe storie, beskrywing van 'n gebeurlikheid / eksperiment.
- Skryf woorde om ‘n sin te vorm en gebruik hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens en aanhalingstekens.
- Gebruik woordboutegnieke, klankkennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf.
- Gebruik teenwoordige, verlede en toekomende tyd korrek.

GRAAD 3: KWARTAAL 2	
LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	**VOORGESTELDE KONTAKTYD** Minimum tyd: 45 minute per week Maksimum tyd: 1 uur per week

INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE

Daaglikse / Weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke

- Luister na en reageer op aankondigings oor die interkom of radio.
- Praat oor persoonlike ervaringe soos om nuus te vertel, uitdrukking aan gevoelens te gee en eie mening te lug.
- Luister na stories, gedigte en liedjies en lug 'n mening daaroor met redes.
- Voorspel die verloop van die storie met ondersteuning. Byvoorbeeld: “Kyk na die titel en die boekomslag. Wat dink jy gaan gebeur?”
Om te verseker dat 'n verskeidenheid van tekste regdeur die jaar en elke graad en ook oor die fase aangespreek word, is 'n matriks gebruik om die gebruik van tekste vir die onderrigplan vir elke graad uiteen te sit. Ses verskillende tekstipes is gebruik om die tekste vir die fase te organiseer, te wete inligitings-, verhalend-, oorredend, instruksionele (prosedure), transaksionele en literêre (gedigte, drama en prosa) tekste. Tekste moet gekies word as goeie voorbeeld van die genre omdat dit gebruik gaan word as skryfraam.

'n Verskeidenheid tekste is vir elke tweeweeksiklus gekies. Die kerntekste word hieronder aangedui. Leerders sal met sommige, of met al die tekste in 'n tweeweeksiklus omgaan. Hulle sal daarna luister, daaroor praat, dit lees, daarna kyk of daaroor skryf. Alle onderrig en leer behoort op hierdie tekste gebaseer te wees en te fokus op die ontwikelling van taalvaardighde soos hierbo uiteengesit.

3.2.1 Verspreiding van tekste

	Graad 4	Graad 5	Graad 6
Kwartaal 1			
Week 1 en 2	Stories en persoonlike vertellinge	Storie / gedig / persoonlike vertellinge	Inligtingsteks, byvoorbeeld ‘n koerantberig / artikel / onderhoud / storie, taalspeletjie
Week 3 en 4	Inligtingsteks, byvoorbeeld ‘n nuusberig, feitelike verslag, kaart	Inligtingsteks: prosedures / instruksies / aanwysings /	Storie karakters (mite of legende) / dagboek Inligtingsteks: nuusberig / feitelike verslag / brief / mediateks, byvoorbeeld advertensie
Week 5 en 6	Storie en beskrywings van mense of karakters (mite of legende)	‘n inligtingsteks, byvoorbeeld ‘n koerantberig	Oorredende teks: advertensies / oorredende toespraak
Week 7 en 8	Inligtingsteks: prosedures / instruksies / aanwysings / lyste	**folklore stories (mite / legende)**	Inligtingsteks met visuele toneelstuk / drama / dialoog / onderhoud
Week 9 - 10	Liedjie, gedig	Liedjie, gedig	Gedig / beskrywing van 'n persoon / beskrywing van 'n voorwerp, dier, plant , plek / taalspeletjie

Kwartaal 2			
Week 1 en 2	Inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld diagram, tabel, prent, grafiek, plakkaat / aanwysings / beskrywing van 'n voorwerp	Instruksionele teks: prosedures, instruksies, aanwysings, feitelike verslag	Instruksionele teks: prosedures, instruksies, aanwysings
Week 3 en 4	Storie, persoonlike vertelling en boodskap	Verslae met hulpmiddels, soos tabelle / kaarte	outobiografie / biografie
Week 5 en 6	Storie en persoonlike vertelling (fabels / legendes / mites)	gedigte / persoonlike vertelling (fabels / legendes / mites)	fabels / legendes / mites
Week 7 en 8	Prosedures / instruksies / inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld diagram, tabel, prent, grafiek	folklore (mite / legende)	prosa / kortverhaal
Week 9 en 10	**Formele assessering**		
Kwartaal 3			
Week 1 en 2	Verhalende teks soos joernaalinskrywing, byvoorbeeld koerantberig	biografie / dagboek	Inligtingstekste, byvoorbeeld dagboekinskrywings
Week 3 en 4	Inligtingsteks / Storie / brief / beskrywing van persoon, dier, karakter / dialoog / boekverslag	Inligtingstekste: advertensies / plakkaat	Vriendskaplike brief / dagboek
Week 5 en 6	kortverhaal / verhalende teks	kortverhaal / verhalende teks mite / legende)	kortverhaal / verhalende teks
Week 7 en 8	Inligtingsteks soos weerverslag / feitelike vertelling, nuusberig, verslag / visuele teks, byvoorbeeld plakkaat; kennisgewing / gesprek	Inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld weerverslag / diagram / tabel / kopkaart / kaart / prent / grafiek; kennisgewing / strooibiljet	Inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld diagram, tabel, kopkaart, kaart, prent, grafiek / gesprek / opname / verslag / brosjure
Week 9 en 10	Drama / rolspel / dialoog / boekverslag	Drama / gesprek / dialoog	Drama / dialoog

Kwartaal 4			
Week 1 en 2	Inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld diagram, tabel, prent / onderhoud / geselsprogram / visuele teks, byvoorbeeld plakkaat / kennisgewing / boodskap	Storie / gedig / persoonlike vertelling / boekverslag	radio-onderhoud / geskrewe onderhoude
Week 3 en 4	Gesprek / onderhoud / dialoog / taalspeletjie / storie	Storie / taalspeletjie / persoonlike vertelling	Beskrywende opstel
Week 5 en 6	Informatiewe tekste / advertensie / taalspeletjie / dagboek	Inligtingsteks, byvoorbeeld tydskrifartikel, nuusberig / feitelike teks, byvoorbeeld plakkaat / kennisgewing / strooibiljet	Boekverslag
Week 7 en 8	Storie / kortverhaal / gesprek / praatjie / inligtingsteks / visuele tekste, byvoorbeeld plakkaat / kennisgewing	Inligtingstekste, byvoorbeeld brief / gedig / verslag, gesprek / visuele tekste, byvoorbeeld plakkaat, grafiek, diagram / kennisgewing / strooibiljet	Gedigte
Week 9 en 10	**Formele assessering**		

3.2.2 Opsomming van tekstipes in Graad 4 – 6

Die tabel hieronder beskryf die tekstipes wat leerder onderrig behoort te word in graad 4 – 6. Ander tekste kan ook ingesluit word waar gepas. Sommige van hierdie tekstipes is nie in die onderrigplanne ingesluit nie. Dit beteken nie dat dit nie deel moet vorm van onderrig en leer nie omdat dit net so belangrik is.

Stelstukke			
Tekstipe	**Doel**	**Teksstruktuur**	**Taalstrukture**
Verhalend	Om te vermaak	Begin met ruimte en karakter bv. *Eendag was daar 'n ou vrou wat saam met haar seun, Jack, gewoon het. Hulle was baie arm*. Gebeure verdiep bv. *Jack het al sy geld uitgegee op boontjies. Sy ma was baie kwaad.* 'n Oplossing bv. *Jack het met die reus se skatte teruggekom en hulle was gelukkig vir ewig en altyd.*	In die eerste – of derdepersoon geskryf. In die verlede tyd geskryf. Gebeure in logiese volgorde. Voegwoorde wat tyd aandui. Gebruik dialoog. Taal wat 'n impak op die leser maak bv. beeldende woorde, bywoorde en byvoeglike naamwoorde.
Beskrywende opstelle	Helder beskrywing	Inleiding: gee 'n algemene inleiding tot die onderwerp bv. *Daar was 'n groot dierasie* Beskrywing: beskryf kenmerke van die onderwerp bv. *Dit het 'n massiewe lyf gehad met geswole puisies waaruit groen slymerige etter getap het.*	In die verlede of teenwoordige tyd geskryf. Skep 'n prentjie in woorde Gebruik bywoorde en byvoeglike naamwoorde. Gebruik figuurlike taal bv. vergelyking, metafoor en personifikasie.
Transaksionele tekste			
Tekstipe	**Doel**	**Teksstruktuur**	**Taalstrukture**
Persoonlike brief	Om 'n verhouding in stand te hou	Adres, datum en aanhef Struktuur van die boodskap sal afhang van die doel bv. inlig, gelukwens, simpatiseer. Mag persoonlike hervertelling gebruik. Afsluiting, handtekening	Gewoonlik informele styl, maar kan wissel bv. brief van simpatie mag meer formeel wees. Taalstrukture sal wissel afhangend van die doel van die brief.
Besigheids-brief	Verskillende doelwitte bv. aansoek vir werk, aansoek om 'n beurs, klag, versoek ens.	Skrywer se adres, datum, ontvanger se adres, Mag 'n opskrif hê. Struktuur van boodskap mag wissel afhangend van die doel bv. brief aan die pers. Afsluiting, handtekening	Gewoonlik informele styl Gebruik konvensies soos *Liewe Heer/ Dame, Die uwe* Kort en op die man af.

Curriculum vitae (CV)	Om 'n kort opsomming van iemand se lewe te gee	Persoonlike besonderhede: naam en van; geboortedatum; geslag; nasionaliteit; ID nommer; fisiese adres; posadres; kontakbesonderhede ens Stokperdjies en belangstellings. Referente Onwerp en uitleg is belangrik	Kort en kragtig Opskrifte en aandagkolle Formeel en direkte styl
Dagboek / joernaal	Optekening van persoonlike ervarings	Gewoonlik in 'n spesiale boek geskryf. Inskrywings gereeld; daagliks of weekliks Datums by inskrywings Persoonlike hervertelling	Gewoonweg in die verlede tyd geskryf. Informele styl. Die skrywer skryf vir hom- of haarself.
E-pos / sms	Inligting deur te gee	Die ontvanger se adres en die diensverskaffer bv. *rcornel@pgwc.gov.za* • CC: Dit is die persone wat ook kennis moet neem van die skrywe. • Subject (Onderwerp): Dit is die onderwerp van die skrywe. • Message (Boodskap): Die boodskap wat oorgedra word. • Sender's name (Stuurder): Die naam van die persoon wat die boodskap stuur. NB: Die een wat die pos stuur se naam wys outomaties as die e-pos ontvang word. Die stuurder mag besluit om ander persoonlike inligting by te voeg.	Dit kom ooreen met spraaktaal.
Uitnodiging	Om iemand iewers na toe te nooi of te vra om iets te doen.	Kan die vorm van 'n persoonlike brief of 'n uitnodigingskaartjie aanneem. Dit sluit in: Die aard van die funksie Waar die funksie sal plaasvind Die datum en tyd Kleredrag Naam van die genooide Dit mag grafiese elemente hê	Kan formeel of informeel wees Gewoonlik kort en op die man af Gebruik konvensionele frases soos *Ek wil jou graag nooi om...* Antwoorde is beleefd bv. *Baie dankie vir jou uitnodiging...*
Aanwysings	Om te verduidelik hoe om by 'n plek uit te kom	• Gebruik chronologiese volgorde • Verwys na spesifieke rigtings • Dui afgeronde afstande aan • Gee inligting oor bakens langs die pad	• Gebruik opdragvorme • Gebruik kort en duidelike sinne

Prosedure (bv. instruksies, aanwysings en reëls)	Om te beskryf of instruksies te gee van hoe om iets te doen deur 'n reeks stappe te volg	Doel: 'n stelling oor wat bereik wil word bv. *Hoe om die omslag van 'n portefeulje te maak.* Material/gereedskap wat benodig word bv. papier, verf ens Geordende stappe om die doel te bereik bv. *Verf eers die papier blou ...* Mag vergesel word van 'n visuele teks of diagramme.	Geskryf in opdragvorm bv. *Verf die papier voor jy dit plak.* In logiese volgorde. Kan benommering of aandagkolle gebruik. Fokus op die algemene in plaas van spesifike persone *bv. 'n Mens...* Opmerkings oor oorsaak en gevolg
Advertensies / plakkate / kennisgewings	Om iemand te oorreed om iets te koop of 'n diens te gebruik.	Kan 'n verskeidenheid vorms aanneem Gebruik slagspreuke en kentekens Gebruik visuele en ander ontwerpelemente Gebruik advertensietegnieke Gebruik ontwerpelemente om die aanbieding aantreklik te maak.	Figuurlike taalgebruik om impak te maak en treffende taalgebruik soos vergelyking, metafoor, alliterasie, herhaling, ritme en rym.
Literêre en mediatekste			
Tekstipe	**Doel**	**Teksstruktuur**	**Taalstrukture**
Persoonlike vertelling	Vertel van 'n persoonlike ervaring	Inleiding: Ruimte of konteks word geskets bv. *Dit was in die skoolvakansie...* Vertelling van die gebeure wat plaasgevind het, dikwels in chronologiese volgorde bv. *Ons het eers na Tumelo se plek gegaan en daarna ... en toe ...* Sommige addisionele inligting oor 'n gebeurtenis bv. *Hy was verras om my te sien.* Afsluiting - 'n stelling wat meer inligting mag bevat bv. *Ek hoop ek sal meer tyd met Tumelo kan spandeer. Ons het baie pret gehad.*	Gewoonlik in die verlede tyd geskryf Vertelling in die eerste of derde persoon Tydsaanduidende woorde word gebruik bv. *eers, toe, daarna, terwyl ens.* Fokus op individue of groepe Kan informele styl hê
Dialoog	Dit is die optekening van gebeure, direk van die spreker se gesigspunt.	Wanneer 'n dialoog geskryf word: • skryf die name van die karakters aan die linkerkant van die bladsy; • gebruik 'n dubbelpunt na die naam van die persoon wat praat; • gebruik 'n nuwe reël vir elke spreker; • gee advies tussen hakies aan die leser voor die woorde gespreek word oor hoe om te lees of aan te bied; • skets die agtergrond voor jy begin skryf.	As die dialoog familie of vriende insluit, word 'n baie informele styl gebruik. Bekende interaksieformules word gebruik vir vrae, versoeke en stellings. Wanneer vreemdelinge ook betrokke is, word 'n meer beleefde aanslag gebruik vir vrae en stellings.

Resensies (bv. verhale, boeke of films	Om op te som, te ontleed en te reageer op literêre tekste of aanbiedings	Konteks: agtergrondinligting oor die skrywer, illustreerder en tekstipe word gegee Beskrywing van elemente van die teks of produksie soos karakters, kerngebeure en stilistiese kenmerke Evaluering van die werk deur 'n mening of oordeel uit te druk	In die verlede tyd of hede geskryf. Gebruik oordeels-woorde soos *genotvol, snaaks, lagwekkend, belangrik, uitstekend ens*.
Koerantartikel / feitelike verslae	Om in te lig, op te voed en die publiek te vermaak	• Stel feite kortliks maar akkuraat • Strewe daarna om die kern weer te gee sonder om die leser te verloor. • Som akkuraat op sonder om die waarheid te skeef. • Gee 'n gepaste titel en subopskrif. • Begin met die belangrikste feite: die wie, wat, waar, hoe, waarom en tot watter graad.	• Kort en helder taal • Geskryf in die derde persoon • Gebruik lydende of bedrywende vorm afhangende van die fokus en watter meer aanloklik vir die leser is. • Behoort aanhalings, menings, opmerkings, stellings en waarnemings van betrokkenes of kundiges in te sluit.
Tydskrif-artikels	Om in te lig, op te voed en die publiek te vermaak	• Die opskrif moet interessant en uitlokkend wees. • Die styl moet persoonlik wees en die leser direk aanspreek. • Die styl kan ook beskrywend en figuratief wees om te spreek tot die verbeelding van die leser. • Name, plekke, tye, posisies en ander noodsaaklike besonderhede behoort in die artikel. • Die artikel moet belangstelling uitlok en die leser boei.	• Direkte aanhalings van persone • Langer paragrawe • Beskrywende skryfwerk • Kan formele en informele taal gebruik, insluitende alledaagse uitdrukkings en sêgoed. • Retoriese vrae • Emotiewe woorde • Beeldryke taal en beskrywing.

3.2.3 Lengte van tekste wat deur leerders geproduseer moet word

Taak	Graad 4	Graad 5	Graad 6
Paragraaf	50 – 60 woorde	60 – 80 woorde	80 – 100 woorde
• **Woorde**	5 – 6 sinne	6 – 8 sinne	8 – 10 sinne
• **Sinne**	2-3 paragrawe	3-5 paragrawe	4-6 paragrawe
Opstel	100 – 120 woorde 2-3 paragrawe	120 – 140 woorde 3-5 paragrawe	140 – 150 woorde 6-8 paragrawe
Kortverhaal, insluitend volksvertelling	120 – 140 woorde	140 – 160 woorde	160 – 170 woorde
Langer transaksionele tekste, byvoorbeeld briewe	Inhoudteks 60 – 80 woorde	80 – 100 woorde	100 – 120 woorde
Korter tekste	30 – 40 woorde	40 – 60 woorde	60 – 80 woorde
Leesbegrip	150 – 160 woorde	160 – 180 woorde	180 – 200 woorde
Opsomming	40 – 50 woorde vir ‘n teks van 230 woorde	50 – 60 woorde vir ‘n teks van 250 woorde	60 – 70 woorde vir ‘n teks van 280 woorde

3.2.4 Lengte van Luister en Leestekste vir Huistaal

Taak	Graad 4	Graad 5	Graad 6
Langer luistertekste bv storie, onderhoude, drama en nuusverslae	150–200 woorde of tot 5 min	200–250 woorde of tot 5 min	250–300 woorde of tot 5 min
Korter luistertekste bv aankondigings, inligtingstekste, instruksies en aanwysings	60-70 woorde/1-2 min	70-80 woorde/1-2 min	80-100 woord/1-2 min
Leesbegrip	150-200 woorde	200-250 woorde	250-300 woorde

Die lengte van uitgebreide leeswerk is nie voorgeskryf nie omdat dit van die tipe teks asook die moeilikheidsgraad en die leesvlakke van die leerders afhang.

3.2.5 Aantal woorde wat deur Huistaalleerders bemeester moet word.

	Kwartaal	1	2	3	4
Woordeskat (Algemene woorde)	Graad 4	1700 – 2500	1850 – 3000	2000 – 3500	3500-4000
	Graad 5	2400 – 4000	2700 – 4250	3000 – 4500	4500-5000
	Graad 6	3500 – 5000	3700 – 5250	4000 – 5500	5500-6000
Leeswoordeskat (Nuwe woorde)	Graad 4	800 – 1900 (75 – 250)	900 – 2200 (75 – 250)	1000 – 2500 (75 – 250)	2500-3000 (75 – 250)
	Graad 5	1500 – 3000	1750 – 3300	2000 – 3500	3500-4000
	Graad 6	2200–3800	2400–4200	2700–4600	3000–5000

3.3 ONDERRIGPLANNE

Die onderrigplan dui die minimum inhoud aan wat per kwartaal gedek moet word. Die volgorde van die inhoud wat in 'n tweeweeksiklus gedek moet word, word nie voorgeskryf nie. Die tydstoewysing gee 'n benaderde aanduiding van hoe lank dit behoort te neem om die inhoud te dek. Onderwysers moet hul werkskedules met behulp van hul handboeke uitwerk om met die inhoud vir die tweeweeksiklus tred te hou. Die inhoud wat in 'n tweeweeksiklus aangedui word, bevat die kerntekste / -aktiwiteite met die belangrikste vaardighede en strategieë wat leerders moet ontwikkel.

3.3.1 Hoe tekste met mekaar skakel in ‘n tweeweeksiklus

Verskillende tekste is as 'n basis vir die ontwerp van die tweeweeklikse onderrigsiklus gebruik. Tekste is gekies op grond van hoe hulle skakel om 'n geïntegreerde eenheid te vorm. Leerders sal, byvoorbeeld, luister na 'n storie en dan die storie lees. Hulle kan gevra word om 'n storie te skryf of 'n kort mondelinge beskrywing van 'n plek, persoon of voorwerp te gee of hulle kan gevra word om 'n brief aan 'n karakter te skryf. Die onderwyser kies 'n tema vir elke tweeweeksiklus sodat aktiwiteite met mekaar verband hou. Die rede vir die gebruik van temas is om dit moontlik te maak om voortdurend woordeskat en taalstrukture in betekenisvolle kontekste vas te lê.

3.3.2 Die volgorde van tekste en aktiwiteite in ‘n tweeweeksiklus

Tekste hoef nie in ’n bepaalde volgorde gebruik te word nie. In die meeste gevalle moet daar 'n luister- en praataktiwiteit wees om die leerders vir lees of skryf voor te berei. Soms het die luister- en praataktiwiteite hul oorsprong in die teks. Leerders moet deur mondelinge en leestekste met die verskillende soorte tekste vertroud raak, voordat hulle gevra word om hierdie tekste te skryf. In die meeste gevalle sal die luisterteks op 'n hoër vlak wees as die een wat leerders sal lees. Dit is omdat hul luistervaardighede verder as hul leesvaardighede ontwikkel is.

3.3.3 Aanbevole en voorgeskrewe tekstipes

Daar is voorgeskrewe tekstipes wat in elke tweeweeksiklus onderrig moet word. Dit word in die onderrigplan uiteengesit en behoort in die voorgeskrewe handboeke vervat te word. In die meeste gevalle is geen spesifieke storie voorgeskryf nie. 'n Keuse kan uit 'n verskeidenheid moderne stories, verbeeldingryke stories (soos avontuurverhale, wetenskapfiksie), historiese verhale (soos biografieë) en tradisionele stories (soos mites, legendes, fabels) gemaak word. Dieselfde geld vir gedigte en toneelstukke.

Daar is ook 'n opdrag wat vra dat leerders oor tekste reflekteer wat selfstandig of in pare gelees is. Hierdie tekste kan gekies word uit die klasleesboek / leesreeks / ander boeke wat die voorgeskrewe tekstipes ondersteun. Dit kan dieselfde tekstipe wees wat in die klas onderrig is (om die struktuur van die tekstipe beter te verstaan), óf 'n ander tekstipe (om leeslus en verdere leesvaardigheid te stimuleer. Dit moet egter onthou word dat die uiteindelike doelwit behoort te wees om die kinders te kry om selfstandig te lees en 'n onafhanklike leesgewoonte te ontwikkel. Gedurende die indiviuele leessessie moet die leerders daarom geleentheid gegee word om boeke binne hul eie belangstellingsveld(e) te lees en daaroor te refelekteer.

3.3.4 Die aantal kerntekste in 'n tweeweeksiklus

Vroeg in die jaar word daar gewoonlik slegs een of twee tekstipes of aktiwiteite per tweeweeksiklus ingepas Later mag daar twee of drie tekstipes of aktiwiteite per tweeweeksiklus voorkom. Onderrig hierdie tekstipes en die verwante aktiwiteite en hou in gedagte dat leerders talle kere deur die loop van die jaar daaraan blootgestel sal word.

3.3.5 Die onderrig van taalstrukture en -konvensies

Die inhoud vir taalstrukture en -konvensies word onder die opskrifte *Luister en praat*, *Lees en kyk* en *Skryf en aanbied* aangetref. Taalstrukture moet tydens die onderrigtyd vir *Luister en praat*, *Lees en kyk*, en *Skryf en aanbied*, aandag kry. Wanneer 'n storie byvoorbeeld gelees word, kan leerders tekste lees wat in die verlede tyd geskryf is. Dit is ook belangrik dat aktiwiteite op bepaalde taalstrukture sal fokus en dat taalstrukture in konteks onderrig word. Kies taalitems uit die afdeling “Taalstrukture en -konvensies” en gee leerders addisionele oefening hierin.

Ontwikkel aktiwiteite wat vir leerders betekenisvol is en wat met die tekste wat hulle in die tweeweeksiklus bestudeer het, verband hou. Meer aktiwiteite van hierdie aard moet gedoen word wanneer leerders van graad 4 tot 6 vorder. Kies versigtig watter taalreëls aan die leerders verduidelik moet word en beperk dit tot 'n minimum. Eerste Addisionele Taal-leerders leer 'n taal deur middel van gedurige blootstelling daaraan aan en deur daarvan gebruik te maak. Oefening in taalstrukture en taalkonvensies sal hierdie vaardighede verfyn. Onderrig behoort al die taalvaardighede en taalstrukture so te integreer dat hulle interafhanklik van mekaar is. Alle taalstrukture moet in konteks aangeleer word. Neem ook kennis dat daar ook spesifieke tyd toegeken is vir die formele onderrig van taalstrukture en –konvensies.

3.4 INHOUD EN ONDERRIGPLANNE VIR HUISTAAL

GRAAD 4 KWARTAAL 1				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 1 – 2	**Luister na 'n kortverhaal** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Identifiseer intrige, karakters en agtergrond • Voorspel inhoud • Beantwoord vrae mondeling **Hervertel 'n storie** • Hervertel gebeure in die korrekte volgorde Benoem die karakters korrek	**Lees 'n kortverhaal / volksverhaal** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: voorspelling gebaseer op die titel en prente • Gebruik leesstrategieë soos vluglees, soeklees, begripslees, aandagtig lees, • Bespreek nuwe woordeskat uit die leesteks • Identifiseer en lewer kommentaar op die intrige en karakters • Gee en verduidelik eie gevoelens oor die teks • Lees hardop met duidelike uitspraak, frasering, tempo • Gebruik 'n woordeboek **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Hervertel die storie of hoofgedagtes in 3 – 5 sinne • Druk emosionele respons op die gelese tekste uit Verwys na eie lewe	**Skryf 'n storie wat op 'n persoonlike ervaring / voorval gebaseer is** • Kies toepaslike inhoud vir die onderwerp • Gebruik die storiestruktuur as 'n raam • Sluit intrige en karakters in • Gebruik toepaslike taal, spelling en punktuasie • Gebruik 'n reeks woordeskat wat met die onderwerp verband hou • Ontwerp 'n persoonlike dagboek Beplan, skryf 'n eerste weergawe en verfyn skryfwerk	**Werk met woorde** • Alfabetiese rangskikking • Sinonieme en antonieme **Werk met sinne** • Werkwoorde • Tydsvorme • Sinsoorte (stelsin, vraagsin, bevelsin, uitroepsin) **Spelling en punktuasie** • Spelling (kappie) en spelpatrone (d/t; f/v) • Hoofletters • Punt, komma **Woordeskat in konteks**

GRAAD 4 KWARTAAL 1				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 3 – 4	**Bespreek aktuele sake wat op koerant- of tydskrifartikels gebaseer is** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Bespreek die hoofgedagte en besonderhede • Deel idees en spreek opinies uit • Maak beurte **Bied 'n voorbereide toespraak aan** • Selekteer toepaslike inhoud • Gebruik 'n begin, 'n middel en 'n einde • Hou by die onderwerp • Gebruik logiese rangskikking van idees • Gebruik aanbiedingsvaardighede, byvoorbeeld volume, pousering, postuur	**Lees 'n inligtingsteks, byvoorbeeld 'n nuusberig / onderhoud** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: voorspelling – gebaseer op die titel en prente • Bespreek hoofopskrifte • Bespreek hoofgedagte en besonderhede • Lewer kommentaar op die keuse van prente in die teks • Verduidelik die betekenis van onbekende woorde **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Druk emosionele respons op die gelese tekste uit **Lees en kyk vir begrip** • Vluglees en soeklees • Aandagtige lees • Maak voorspellings en afleidings • Lei die betekenis van onbekende woorde en beelde af deur die gebruik van kontekstuele leidrade • Toon kritiese taalbewustheid	**Skryf 'n inligtingsteks, byvoorbeeld 'n nuusberig wat op 'n persoonlike ervaring / voorval gebaseer is** • Gebruik kop, subopskrif, hoofparagraaf, antwoorde op: Wie? Wat? Waar? Wanneer? Waarom? Hoe? • Selekteer toepaslike inhoud • Gebruik 'n toepaslike skryfraam • Skryf 'n hoofopskrif / titel • Plaas gebeure in die korrekte volgorde • Gebruik toepaslike woordeskat • Gebruik toepaslike taal, spelling en punktuasie • Korrigeer spelling deur die gebruik van 'n woordeboek **Gebruik die stappe van die skryfproses** • Hou 'n dinkskrum vir idees deur kopkaarte te gebruik • Skryf die eerste weergawe • Hersien • Proeflees • Skryf die finale weergawe	**Werk met woorde:** • Vokaalgroep 1 en 2 • Woordfamilies • Lettergrepe en klankgrepe **Werk met sinne:** • Werkwoorde • Selfstandige naamwoorde (meervoud, verkleining, geslag) **Spelling en punktuasie:** • Spelling (deelteken) en spelpatrone (ei/y) • Hoofletters • Punt, komma **Woordeskat in konteks**

GRAAD 4 KWARTAAL 1				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 5 – 6	**Luister na 'n storie, byvoorbeeld folklore (mite of legende)** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Identifiseer intrige, karakters en agtergrond • Bespreek die boodskap / tema • Voorspel inhoud • Beantwoord mondelinge vrae **Hervertel 'n storie** • Hervertel gebeure in die korrekte volgorde • Benoem die karakters korrek • Druk gedagtes en gevoelens uit	**Lees 'n storie, byvoorbeeld folklore (mite of legende)** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: voorspelling wat op die titel en prente gebaseer is • Gebruik leesstrategieë: maak voorspellings, gebruik kontekstuele leidrade om betekenis te vind • Bespreek intrige, hoofkarakters en agtergrond • Bespreek die boodskap • Druk mening en eie gevoelens oor die teks uit • Onderskei tussen realistiese en onrealistiese gebeure **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Bespreek met verwysing na eie ervaring	**Skryf 'n storie, byvoorbeeld folklore (mite of legende)** • Probeer 'n natuurlike verskynsel verduidelik • Ontwikkel intrige, karakters en agtergrond • Sluit waarskynlike en onwaarskynlike elemente in • Gebruik taal verbeeldingryk, veral 'n uitgebreide woordeskat • Gebruik toepaslike taal, spelling en punktuasie • Skryf woorde en hul betekenisse in 'n persoonlike woordeboek neer • Beplan, skryf 'n eerste weergawe en verfyn skryfwerk	**Werk met woorde** • Vokaalgroep 3 • Alfabetiese rangskikking • Afbreek van woorde • Lettergrepe en klankgrepe **Werk met sinne** • Byvoeglike naamwoorde • Enkelvoudige sin (onderwerp, voorwerp, gesegde) **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Koppelteken **Woordeskat in konteks**

GRAAD 4 KWARTAAL 1				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 7 – 8	**Voer instruksies uit, byvoorbeeld instruksies / 'n resep vir die maak van iets** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Bespreek besonderhede van die teks • Vra vrae om inligting te bekom • Luister en reageer toepaslik **Gee instruksies** • Gebruik besonderhede korrek • Gebruik korrekte volgorde • Gebruik die opdragvorm van die werkwoord	**Lees 'n instruksionele teks** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: voorspelling wat op die titel en prente gebaseer is • Bespreek besonderhede van die teks • Bespreek die volgorde van die opdragte **Lees en kyk vir begrip** • Vluglees en soeklees • Aandagtige lees • Maak voorspellings en afleidings • Lei die betekenis van onbekende woorde en beelde af deur die gebruik van kontekstuele leidrade • Toon kritiese taalbewustheid **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Vergelyk boeke wat gelees is	**Skryf instruksies / aanwysings** • Lys materiaal en bestanddele • Gebruik korrekte besonderhede • Gebruik die korrekte volgorde • Gebruik die bevelsvorm van die werkwoord • Gebruik korrekte struktuur en formaat • Skryf woorde en hul betekenisse in 'n persoonlike woordeboek neer • Beplan, skryf 'n eerste weergawe en verfyn skryfwerk	**Werk met woorde** • Vokaalgroep 3 • Afbreek van woorde • Lettergrepe en klankgrepe • Sinonieme en antonieme **Werk met sinne** • Hoof- en hulpwerkwoorde • Byvoeglike naamwoorde (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme) • Tyd (teenwoordige en verlede) • Idiomatiese uitdrukkings **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Koppelteken • Kappie en deelteken **Woordeskat in konteks**

GRAAD 4 KWARTAAL 1				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 9 – 10	**Luister na 'n gedig / lied** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Herroep hoofgedagte • Bespreek sentrale idee / boodskap • Verwys na eie ervaring • Identifiseer ritme en lewer kommentaar op die effek daarvan op die luisteraar • Druk gevoelens uit wat deur die gedig gestimuleer is • Bied lied / gesekteerde reëls aan	**Lees 'n gedig / lied** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Bespreek hoofgedagte(s) • Druk gevoelens uit wat deur die lied gestimuleer is • Identifiseer ritme en rym en die effek daarvan • Verdeel woorde in lettergrepe om ritme te verstaan **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Hervertel storie of hoofidees in 3 – 5 sinne • Druk gevoelens oor gelese tekste uit	**Skryf 'n eenvoudige gedig / lied** • Selekteer toepaslike inhoud • Gebruik gepaste struktuur en formaat • Beplan, ontwerp en hersien 'n gedig / lied • Gebruik toepaslike ritme en rym • Gebruik kennis van lettergrepe om ritme te ontwikkel • Skryf woorde en hul betekenisse in 'n persoonlike woordeboek neer • Beplan, skryf 'n eerste weergawe en verfyn skryfwerk	**Werk met woorde** • Sinonieme en antonieme **Werk met sinne** • Bywoorde van tyd, plek en wyse • Sinsoorte • Enkelvoudige sin • Woordorde • Ontkenning **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone **Woordeskat in konteks**

GRAAD 4KWARTAAL 2				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 1 – 2	**Luister na inligtingstekste, soos weerverslae / berigte** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Identifiseer en lewer kommentaar op hoofgedagtes en besonderhede • Lewer kommentaar op die doel en die teikengroep • Bring in verband met persoonlike ervaring	**Lees inligtingstekste met visuele komponente soos kaarte / tabelle** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: voorspelling wat op die titel en prente / visuele gebaseer is • Gebruik leesstrategieë soos vluglees, soeklees • Identifiseer en lewer kommentaar op die hoofgedagtes • Lewer kommentaar op die doel en teikengroep • Interpreteer visuele tekste **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Vergelyk boeke / gelese tekste	**Skryf 'n inligtingsteks, soos 'n verslag** • Organiseer inligting logies • Sluit besonderhede in • Gebruik onderwerp en ondersteunende sinne om samehangende paragrawe te ontwikkel • Ontwikkel toepaslike hulpmiddels soos kaarte en tabelle • Gebruik toepaslike taal, spelling en punktuasie • Gebruik toepaslike woordeskat • Skryf woorde en hul betekenisse in 'n persoonlike woordeboek neer • Beplan, skryf 'n eerste weergawe en verfyn skryfwerk	**Werk met woorde** • Homonieme • Homofone • Woordvorming: stam / basis **Werk met sinne** • Voegwoorde • Voorsetsels • Telwoorde • Uitbreiding van 'n enkelvoudige sin • Saamgestelde sin **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Afkappingsteken • Vraagteken **Woordeskat in konteks**

GRAAD 4KWARTAAL 2				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 3 – 4	**Luister na stories** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Identifiseer intrige, karakters en agtergrond • Voorspel inhoud • Beantwoord mondelinge vrae **Hervertel 'n storie** • Hervertel gebeure in die korrekte volgorde • Benoem die karakters korrek **Luister na en gee aanwysings** • Luister vir besonderhede • Gebruik besonderhede akkuraat • Gebruik die korrekte taalvorm	**Lees kontemporêre stories** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: voorspelling wat op die titel en prente gebaseer is • Identifiseer en lewer kommentaar op die hoofkarakters en agtergrond (plek en tyd) • Bespreek 'n karakter, insluitend wat hy / sy sê of wat aan hom / haar gedoen word • Versterk redes vir handelinge in die storie • Gee en verduidelik eie gevoelens en menings oor die teks • Bespreek nuwe woorde uit die gelese teks • Gebruik 'n woordeboek **Lees en kyk vir begrip** • Vluglees en soeklees • Aandagtige lees • Maak voorspellings en afleidings • Lei die betekenis van onbekende woorde en beelde af deur die gebruik van kontekstuele leidrade • Toon kritiese taalbewustheid **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Som 'n boek op sonder om die einde te onthul • Maak aanbevelings	**Gee 'n beskrywing van 'n persoon** Gee besonderhede • Gebruik onderwerp en ondersteunende sinne om samehangende paragrawe te ontwikkel • Gebruik 'n uitgebreide woordeskat, insluitend sinonieme en byvoeglike naamwoorde • Gebruik die woordeboek om spelling en betekenisse van woorde te kontroleer **Gee 'n beskrywing van 'n plek** • Gee besonderhede • Gebruik onderwerp en ondersteunende sinne om samehangende paragrawe te ontwikkel • Gebruik 'n uitgebreide woordeskat, insluitend sinonieme, antonieme en byvoeglike naamwoorde **Gebruik die stappe van die skryfproses** • Hou 'n dinkskrum vir idees deur kopkaarte te gebruik • Skryf die eerste weergawe • Hersien • Proeflees • Skryf die finale weergawe	**Werk met woorde** • Basisvorme • Voor- en agtervoegsels **Werk met sinne** • Enkelvoudige sin (onderwerp, gesegde, voorwerp) • Ontkenning **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Afkappingsteken • Vraagteken en uitroepteken **Woordeskat in konteks**

GRAAD 4KWARTAAL 2				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 5 – 6	**Luister na fabels / legendes / mites** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Luister en verwys na eie ervaring • Identifiseer besonderhede • Hou by die onderwerp **Neem deel aan groepbesprekings** • Gee gebalanseerde en konstruktiewe terugvoering • Gebruik toepaslike intonasie en gesigsuitdrukkings	**Lees fabels / legendes / mites** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: voorspelling wat op die titel en prente gebaseer is • Gebruik leesstrategieë soos vluglees en soeklees • Identifiseer en lewer kommentaar op die intrige • Gee redes vir handeling • Identifiseer hoof- en ondersteunende idees • Identifiseer en bespreek waardes in die teks **Besin oor onafhanklik gelese tekste** • Hervertel storie of hoofidees in 3 – 5 sinne • Druk emosies op gelese tekste uit	**Skryf 'n verhalende teks, soos 'n fabel** • Selekteer toepaslike inhoud vir die onderwerp • Gebruik die storiestruktuur as 'n raam • Gebruik onderwerp en ondersteunende sinne om samehangende paragrawe te ontwikkel • Verbind paragrawe deur die gebruik van aansluitingswoorde en frases • Gebruik 'n uitgebreide woordeskat • Gebruik toepaslike taal, spelling, punktuasie en spasies tussen paragrawe • Gebruik die woordeboek om spelling en betekenisse van woorde te kontroleer. • Beplan, skryf 'n eerste weergawe en verfyn skryfwerk.	**Werk met woorde** • Afleiding • Samestelling • Sinonieme, antonieme, homonieme, homofone • Woorde wat verwar **Werk met sinne** • Woordorde • Deelwoorde in sinne • Direkte en indirekte rede **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Afkappingsteken • Deelteken en kappie **Woordeskat in konteks**

GRAAD 4KWARTAAL 2				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 7 – 8	**Luister na en voer instruksies uit, byvoorbeeld resep / instruksies vir die maak van iets** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Bespreek besonderhede van die teks • Vra vrae om inligting te bekom • Luister en reageer toepaslik **Bied 'n feitelike verslag aan** • Gebruik navorsingsvaardighede om toepaslike inligting te vind • Gebruik toepaslike struktuur (inleiding, liggaam en slot) • Lê hoofgedagte en ondersteunende besonderhede voor • Gebruik toepaslike lyftaal en aanbiedingsvaardighede, byvoorbeeld oogkontak, volume **Bespreek 'n aanbieding** • Vra toepaslike vrae en gee terugvoering • Bespreek die spreker se woordgebruik, frases en lyftaal	**Lees 'n instruksionele teks** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: voorspelling wat op die titel en prente gebaseer is • Bespreek besonderhede van die teks • Bespreek volgorde van instruksies **Lees 'n informatiewe teks** • Pre-lees: voorspelling wat op die titel en prente gebaseer is; kyk vooraf na teks, soos na opskrifte • Identifiseer hoof- en ondersteunende idees • Som inligting op • Gebruik teksstruktuur, taalgebruik, doel en gehoor **Lees en kyk vir begrip** • Vluglees en soeklees • Aandagtige lees • Visualisering • Maak voorspellings en afleidings • Lei die betekenis van onbekende woorde en beelde af deur die gebruik van kontekstuele leidrade • Toon kritiese taalbewustheid **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Maak van toepassing op eie lewe	**Skryf 'n instruksionele teks** • Kies gepaste inhoud vir die onderwerp • Gebruik die toepaslike struktuur as 'n raam • Orden inligting logies • Gebruik kern- en ondersteunende sinne om samehangende paragrawe te ontwikkel • Gebruik toepaslike taal, spelling en punktuasie • Bied werk netjies aan deur opskrifte, spasies vir paragrawe te gebruik. • Skryf woorde en hul betekenisse in 'n persoonlike woordeboek neer **Gebruik die stappe van die skryfproses** • Hou 'n dinkskrum vir idees deur kopkaarte te gebruik • Skryf die eerste weergawe • Hersien • Proeflees • Skryf die finale weergawe	**Werk met woorde** • Afleidings • Samestellings • Woorde wat verwar **Werk met sinne** • Voorsetsels, bywoorde, voegwoorde en voornaamwoorde • Saamgestelde sinne • Direkte en indirekte rede **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Dubbelpunt **Woordeskat in konteks**
WEEK 9– 10	**FORMELE ASSESSERING**			

GRAAD 4 KWARTAAL 3				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 1– 2	**Luister na 'n beskrywende of verhalende teks, soos 'n joernaalinskrywing / vertelling** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Herroep hoofidees • Herroep besonderhede • Bespreek die sosiale, morele en kulturele waardes **Neem aan groepbesprekings deel** • Maak beurte • Hou by die onderwerp • Vra relevante vrae • Moenie van die onderwerp afdwaal nie • Reageer met empatie en respek op ander se idees	**Lees 'n biografie / verhaal** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: voorspelling wat op die titel en prente gebaseer is • Interpreteer en verduidelik die boodskap / tema • Gebruik leesstrategieë soos vluglees vir algemene idee, soeklees vir besonderhede, maak voorspellings, gebruik kontekstuele leidrade om betekenis te bepaal, maak afleidings • Bespreek gevoelens oor die teks deur redes te gee • Bespreek karakters, tyd, ruimte, verhaallyn • Besin oor selfstandig gelese tekste	**Skryf 'n dagboek / dagboekinskrywings** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Selekteer toepaslike inhoud vir die onderwerp • Gebruik gevoelstaal • Gebruik 'n eerstepersoonsvertelling • Gebruik die toepaslike struktuur as 'n raam • Gebruik onderwerp en ondersteunende sinne om samehangende paragrawe te ontwikkel • Gebruik toepaslike taal, spelling, punktuasie en spasies tussen paragrawe • Skryf woorde en hul betekenisse in 'n persoonlike woordeboek neer Beplan, skryf 'n eerste weergawe en verfyn skryfwerk	**Werk met woorde** • Basisvorm • Samestellings en afleidings • Sinonieme, antonieme, homonieme **Werk met sinne** • Voornaamwoorde, bywoorde, voorsetsels • Ontkenning • Idiome en idiomatiese uitdrukkings • Letterlike en figuurlike taalgebruik **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Dubbelpunt

GRAAD 4 KWARTAAL 3				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 3 – 4	**Luister na en bied voorbereide praat aan** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Bied 'n voorbereide toespraak aan • Verander register, woorde en styl om verskillende gehore te pas • Ondersoek maniere om iemand te vra om iets te doen • Gebruik taal met gemak vir interpersoonlike kommunikasie • Gebruik toepaslike intonasie en gesigsuitdrukkings • Gebruik toepaslike lyftaal en aanbiedingsvaardighede	**Lees informatiewe teks, byvoorbeeld oor sosiale kwessies** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: voorspelling wat op die titel en prente gebaseer is • Lees kort gedrukte bronne • Samel inligting uit verskillende bronne in • Selekteer relevante idees • Som inligting op • Identifiseer verskillende doelstellinge van tekste • Identifiseer en bespreek waardes in die teks **Lees en kyk vir begrip** • Vluglees en soeklees • Aandagtige lees • Maak voorspellings en afleidings • Lei die betekenis van onbekende woorde en beelde af deur die gebruik van kontekstuele leidrade • Toon kritiese taalbewustheid **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Vergelyk boeke / gelese tekste	**Skryf 'n informatiewe teks, byvoorbeeld 'n verslag / voorbereide praatjie** • Kies toepaslike inhoud vir die onderwerp • Gebruik 'n gepaste struktuur as 'n raam • Gebruik onderwerp en ondersteunende sinne om samehangende paragrawe te ontwikkel • Skep visuele hulpmiddels vir aanbieding • Som inligting op • Druk emosies uit • Fel oordele • Kom tot 'n gevolgtrekking • Gebruik 'n woordeboek om spelling en betekenis van woorde te kontroleer **Skryf 'n brosjure** • Voorafskryf: bestudeer die formaat, struktuur en taalgebruik in brosjures • Kies die korrekte formaat • Kies toepaslike inligting • Gebruik gepaste struktuur • Beplan, skryf 'n eerste weergawe en verfyn skryfwerk	**Werk met woorde:** • Basisvorm, samestellings en afleidings • Voor- en agtervoegsels (affikse) • Sinonieme, antonieme, homonieme **Werk met sinne:** • Voornaamwoorde, bywoorde, voorsetsels • Ontkenning • Idiome en idiomatiese uitdrukkings • Letterlike en figuurlike taalgebruik • Direkte en indirekte rede **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Dubbelpunt • Aanhalingstekens **Woordeskat in konteks**

GRAAD 4 KWARTAAL 3				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 5 – 6	**Luister na stories** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Luister en verwys na eie ervaring • Identifiseer besonderhede • Hou by die onderwerp **Neem aan groepbesprekings deel** • Gee gebalanseerde en konstruktiewe terugvoering • Gebruik toepaslike intonasie en uitdrukkings	**Lees stories** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: voorspelling wat op die titel en prente gebaseer is • Gebruik leesstrategieë: vlug- en soeklees • Identifiseer en lewer kommentaar op die intrige • Gee redes vir handeling • Identifiseer hoof- en ondersteunende idees • Identifiseer en bespreek waardes in die teks **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Hervertel storie of hoofidees in 3 – 5 sinne • Druk emosies oor gelese tekste uit	**Skryf 'n storie** • Selekteer toepaslike inhoud vir die onderwerp • Gebruik die storiestruktuur as 'n raam • Gebruik fantasiekarakters • Baseer storie op 'n idioom / morele sedeles • Gebruik onderwerp en ondersteunende sinne om samehangende paragrawe te ontwikkel • Verbind paragrawe deur verbindingswoorde en -frases te gebruik • Gebruik 'n uitgebreide woordeskat • Gebruik toepaslike taal, spelling en spasies tussen paragrawe • Skryf woorde en hul betekenisse in 'n persoonlike woordeboek neer • Beplan, skryf 'n eerste weergawe en verfyn skryfwerk	**Werk met woorde** • Basisvorm, samestellings en afleidings • Voor- en agtervoegsels (affikse) • Klankverandering • Sinonieme, antonieme, homonieme • Leenwoorde **Werk met sinne** • Direkte en indirekte rede • Figuurlike gebruik • Vergelykings • Idiome en spreekwoorde **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Leestekens en skryftekens **Woordeskat in konteks**

GRAAD 4 KWARTAAL 3				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 7 – 8	**Luister na 'n weerverslag / berig** Gebruik ‘n teks van ‘n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Identifiseer en lewer kommentaar op hoofidees en besonderhede • Lewer kommentaar oor die doel en teikengroep • Verwys na persoonlike ervaring	**Lees ‘n informatiewe teks met visuele komponente, soos kaarte / tabelle / kopkaarte** Gebruik ‘n teks van ‘n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Pre-lees: voorspelling wat op die titel, prente en hulpmiddels gebaseer is • Identifiseer en lewer kommentaar op die hoofgedagte en besonderhede • Lewer kommentaar oor die doel en teikengroep **Lees en kyk vir begrip** • Vluglees en soeklees • Aandagtige lees • Maak voorspellings en afleidings • Lei die betekenis van onbekende woorde en beelde af deur die gebruik van kontekstuele leidrade • Toon kritiese taalbewustheid **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Bring in verband met eie lewe	**Skryf ‘n informatiewe teks met visuele komponente, soos ‘n boekomslag / advertensie / tydlyn** • Organiseer inligting logies, insluitend besonderhede • Gebruik onderwerp en ondersteunende sinne om samehangende paragrawe te ontwikkel • Ontwerp toepaslike hulpmiddels soos kaarte en tabelle • Gebruik toepaslike taal, spelling en punktuasie • Gebruik toepaslike woordeskat • Gebruik die woordeboek om spelling en woordbetekenisse te kontroleer • Beplan, skryf ‘n eerste weergawe en verfyn skryfwerk	**Werk met woorde** • Vokaalgroep 1, 2 en 3 • Diftonge • Alfabetiese rangskikking • Klank- en lettergrepe • Afbreek van woorde • Leenwoorde **Werk met sinne** • Sinsoorte (stelsin, bevelsin, vraagsin, uitroepsin) • Enkelvoudige sin • Saamgestelde sin • Lydende en bedrywende vorm • Idiome en idiomatiese uitdrukkings **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Leestekens en skryftekens **Woordeskat in konteks**

GRAAD 4 KWARTAAL 3				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
WEEK 9 – 10	**Luister na 'n verhalende teks, soos radio- of televisiedrama / storie / gedig** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Maak voorspellings op grond van die titel • Hervertel die storie in volgorde • Benoem die karakters korrek • Luister na besonderhede • Gebruik besonderhede akkuraat • Druk gedagtes en gevoelens uit • Gebruik die korrekte taalvorm • Vertolk die rol van 'n karakter	**Lees 'n drama / storie / gedig** Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer • Maak voorspellings op grond van die titel • Gebruik leesstrategieë • Bespreek karakters, sentrale idees en agtergrond • Druk gevoelens uit wat deur die teks gestimuleer word • Besin oor selfstandig gelese tekste	**Skryf 'n dialoog** • Selekteer toepaslike karakters • Organiseer die gesprek logies • Skryf sinne deur die direkte en indirekte rede te gebruik • Gebruik 'n uitgebreide woordeskat • Gebruik toepaslike taal, spelling, punktuasie en spasiëring • Lewer verslag oor woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woordeboek • Beplan, skryf 'n eerste weergawe en verfyn skryfwerk	**Werk met woorde:** • Vokaalgroep 1, 2 en 3 • Diftonge • Alfabetiese rangskikking • Klank- en lettergrepe • Afbreek van woorde • Antonieme, sinonieme, homonieme, homofone • Basisvorme, voor- en agtervoegsels **Werk met sinne** • Werkwoorde en deelwoorde • Selfstandige naamwoord (geslag, verkleining, meervoud) • Byvoeglike naamwoord (trappe van vergelyking, verboë vorme, intensiewe vorme **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Kommapunte **Woordeskat in konteks**

GRAAD 4 KWARTAAL 4				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
Onderhoudvoerder: Skryf die kinders die berigte of skryf die skool die berigte vir die...	
Respondent: Hulle skryf ook berigte, ek is die redaktrise, maar hulle skryf ook die berigte	
Respondent: (Onhoorbaar) Op hierdie stadium van die wedstryd is my shop maar deurmekaar.	
Onderhoudvoerder: [Lag] Ag shame dis einde van die jaar.	
Respondent: Ja maar dis nie eintlik 'n verskoning nie is dit? [Lag]	
Respondent: Daarsy, dis so lyk hy nou.	
Onderhoudvoerder: Dis baie oulik. Nou moet die kinders die onderhoude voer soos hier by die juffrouens of doen mevrou dit?	
Respondent: Uh, ek het 'n juffrou wat my help met die onderhoude hier, maar hier is baie artikels van die kinders in. Hier is oral artikels wat hulle skryf [26:45] (onhoorbaar).	
Onderhoudvoerder: O dis oulik. Meestal die graad 7 leerders?	
Respondent: Graad 7 le... Ek het graad 5's ook hier's 5 en 6'se ook uhm graad 5 en 6'se ook uhm wil net kyk daar, hier's hy dis die graad 7...dan sit ek iets Engels ook in..	
Onderhoudvoerder: O ja sodat hulle Engel (onhoorbaar) ook kry.	
Respondent: En hu..hulle gunsteling resep.	
Onderhoudvoerder: (Onhoorbaar)	
Respondent: Maar waar het ek nou daardie graad 6'se s'n? En ons beheerliggaamvoorsitter...en hier êrens...Alicia Jacobs...wag ek het die graad 6'se se goed...hulle doen 'n in en uit, wat is in en wat is uit, dit gaps ons by die hoërskole.	
Onderhoudvoerder: [Lag] (Onhoorbaar)	
Respondent: Hierdie is...hierdie is graad 6'se, en daar's 'n graad 6 s'ne, en hierdie is 'n graad s..ja nee dis is 'n graad 7 s'n, hier's graad 6'se..	
Onderhoudvoerder: Hier's 'n graad 7. Dis baie oulik.	
Respondent: Hoe sien die graad 6'se die graad 7's..	
Onderhoudvoerder: O.	
Respondent: Hierdie is 'n graad s...alles graad 6'se. Dan goed soos hulle uitstalling en dan hierdie agterblaaie is die sportblaaie van die	

prestasies soos dit was.	
Onderhoudvoerder: Dis baie oulik. Sjoh. Dis rêrig oulik. Doen u die uitleg self sommer in uhm..	
Respondent: Ek doen, ek doen die uitleg soos ek dit wil hê en ek het, gaan dan drukkers toe..	
Onderhoudvoerder: O en dan...	
Respondent: Die drukker help my nee..	
Onderhoudvoerder: Dis oulik.	
Respondent: ..ons het 'n dame wat vir my dan alles doen en vir my raad gee sê nee nie so nie nie so nie doen dit so (onhoorbaar) en al daardie goedjies so mettertyd.	
Onderhoudvoerder: Dis rêrig oulike koerante.	
Leerder: (Onhoorbaar)	
Respondent: Ons is net 'n oomblikkie besig het jy my nodig? Het jy my nodig?	
Leerder: (Onhoorbaar)	
Respondent: Jy mag, kom haal vir jou 'n boek.	
Onderhoudvoerder: Dan wil ek ook hoor daar's deesdae verskriklike baie kritiek tussen sprokies en fantasie en daardie goeters..	
Respondent: Ag..	
Onderhoudvoerder: Sien u, sien u dit as 'n probleem of...	
Respondent: Jy weet...	
Onderhoudvoerder: Want baie mense sê ook die multikulturele ding soos hekse en so meer, omdat hulle swart kultuur so groot probleem is moet heeltemal uitgeskakel word, wat is u siening oor sprokies en fantasie?	
Respondent: Kyk ons is bevoorreg uh wat betref ons het baie, oorwegend het ons die wit kultuur hier en uh baie van ons waardes is nog die, stem nog ooreen..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Maar ons het 'n hele paar kleurlinge en swart kinders, en weet jy ons kry nooit klagtes van hulle ouers nie ons kry klagtes van ons blankekultuur se ouers..	
Onderhoudvoerder: O.	
Respondent: Wat nou skielik 'n, dis 'n mening, dis net 'n mening...	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..hulle het nou hierdie, ek dink die ouer het 'n ongelooflike soeke na hierdie grootheid, hulle wil nie rêrig vir God drie-enig erken nie..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..maar nou het hulle hierdie soeke na hierdie mag en dan verval hulle in allerhande uh uh gelowe..	
Onderhoudvoerder: Ja. En dan raak dit nou...	
Respondent: En dan is...dan gaan hulle heeltemal oorboord, Hello Kitty is dan nou duiwels want hy't nie 'n mondjie nie..	
Onderhoudvoerder: Mm ja.	

Respondent: En uh uh ta...jy weet ons het nie Tarzan en Superman en Superwoman en...(onhoorbaar)	
Onderhoudvoerder: Liewe Heksie het ek nou die dag gehoor van iemand wat ‘n probleem het met Liewe Heksie.	
Respondent: Ja Liewe Heksie en uh uh uh Sarel Seemonster..	
Onderhoudvoerder: Ja nee.	
Respondent: En...	
Onderhoudvoerder: So j..jy kry dit baie dat die onderwysers heeltemal daarvan wil weg spring?	
Respondent: Baie ouers is uh baie onderwysers is bang hiervoor maar ek dink wat jy moet doen as jy hierdie storie vertel of hierdie film wys dan moet jy nou vir hierdie kind ook sê “maar my kind dis ‘n storie” en hoe gaan ons ons ki.. dis hoekom ons kinders nie stories kan skryf nie..	
Onderhoudvoerder: Ja want hulle het nie meer daardie verbeeldingswêreld nie.	
Respondent: Jy moet mos weet van ‘n feetjie. Want ek weet mos God is groter as die feetjie, dit moet ek as ouer by my kind tuisbring. Dat God almagtig en alomteenwoordig en alwetend is en Hy heers oor al hierdie dinge.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Ek praat uit ‘n Christen se perspektief.	
Onderhoudvoerder: Ja. Nee want ek kom agter die mense..	
Respondent: Dit is so.	
Onderhoudvoerder: ..selfs op universiteit wil hulle..	
Respondent: Is so.	
Onderhoudvoerder: ..heeltemal wegspring..	
Respondent: Dis belaglik..	
Onderhoudvoerder: ..daarvan af dat ons dit mag doen.	
Respondent: Wat gaan jy, ons gaan nie meer skrywers hê nie, ons gaan nie kunstenaars hê nie ons gaan nie musici hê nie want hoe maak ‘n musikant sy musiek, hoe maak ‘n kunstenaar sy..	
Onderhoudvoerder: (Onhoorbaar)	
Respondent: ..sy sy doek, hoe verf daardie doek, met watter indrukke? Jy moet weet van... Ek het my kinders in die nag opgetel om die maan te gaan kyk as hy opkom.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Ek het vuurvliegies... As hulle dan nou glad nie met met met Liewe Heksie...wys hulle die vuurvliegies..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..weet jy wat, hulle wil nie God se grootheid erken nie nou’s hulle bang om die vuurvliegie te wys..	
Onderhoudvoerder: Ja nou wil hulle niks..	
Respondent: ..hulle is bang om die paddastoel te wys. Nee wat..	
Onderhoudvoerder: Sjoh.	
Respondent: ..ek het nie ‘n probleem daarmee nie en ek sal aanhou	

daarmee want ons moet ons kinders se verbeelding prikkel, hoe word die kinders se verbeelding geprikkel? Met perverse seksuele..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..tendense.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: D..dis hoe on..d..ons kinders se verbeelding gaan net daaroor. As ‘n kind ‘n storie moet skryf of ‘n storie moet vertel is daar altyd een of ander seksuele konnotasie daaraan..	
Onderhoudvoerder: Ja dis sleg..	
Respondent: ..en hulle is laerskoolkinders, die kinders word gebombardeer vertel we..hulle het aan my lippe gehang oor Hansie en Grietjie en Hansie en Grietjie het op daardie eendjie se rug oor die rivier gegaan..	
Onderhoudvoerder: Ja..	
Respondent: So..	
Onderhoudvoerder: So j..	
Respondent: ..nee wat..	
Onderhoudvoerder: ..mevrou gebruik nog sprokies en daardie goeters?	
Respondent: Ek doen dit!	
Onderhoudvoerder: En hulle geniet dit baie?	
Respondent: Hul..hulle is, die kinders is mal daaroor. Leeu en Muis.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: En dis ware diere maar jy moet uitkom by die betekenis daaragter en jy moet uitkom by die waarheid van die goed..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..dis omdat ons ons God nie meer erken nie nou’t die mense al hierdie krisisse..	
Onderhoudvoerder: Ja, want ek het nou die dag ook met iemand gepraat en hulle is absoluut teen Rooikappie, en ek bedoel Rooikappie is ‘n g..’n..	
Respondent: [Lag]	
Onderhoudvoerder: Ek...ja...ek weet daar’s betekenisse maar ek...(onhoorbaar)	
Respondent: Dis lagwekkend [32:59]	
Onderhoudvoerder: Ja. [Lag]	
Respondent: Hulle kan regtig letterlik aan elke ding..	
Onderhoudvoerder: Ja. (onhoorbaar)	
Respondent: ..’n betekenis heg jy weet soos byvoorbeeld die groen kragie om jou wit bloesie beteken jy is vir die die hou-dit-groen-mense..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..en dit was nie in jou gedagte toe jy ‘n groen..	
Onderhoudvoerder: Ja [lag]	
Respondent: ..hemp aangetrek het nie	

Onderhoudvoerder: OK nee ek's bly u gebruik dit nog.	
Respondent: Jong ek is 'n rebel.	
Onderhoudvoerder: [Lag]. En as u boeke kies vir u klas waarop fokus u ky..kyk u..	
Respondent: [Lag]	
Onderhoudvoerder: ..na wat die kinders van hou, gaan dit oor die taal, waaroor gaan dit?	
Respondent: Ek is 52 en ek het nog nie groot geword nie ek dink dis die geheim van skoolhou..	
Onderhoudvoerder: Dit is die geheim van skoolhou.	
Respondent: ..moet net nie grootword en dink jy's a.. jy weet alles nie. Onderwysers is baie dom hulle moet aanhoudend leer..	
Onderhoudvoerder: [Lag]	
Respondent: Regtig!	
Onderhoudvoerder: [Lag]	
Respondent: Ek is ligjare agter by my graad 7's..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..wat 'n rekenaar aanbetref ek weet nie wat's die voor en die agterkant nie.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: So ek is lig daaragter, ek moenie dink ek weet meer as hulle nie hulle moet nooit meer.. hulle moet nooit dink hulle weet meer..	
Onderhoudvoerder: Weet ja.	
Respondent: ..as ek nie. Ek moet op hoogte bly ja. Ek kyk as ek 'n boek vat kyk ek na sy.. ek is prentjiegeoriënteerd ek is 'n regter-breiner..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..so ek kyk na die buiteblad dis vir my belangrik maar ek hou my kind in gedagte..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..die ontwikkelingsvlak, ek kyk ook na die milieu waarmee ek werk, oor mense kry elke jaar 'n verskillende atmosfeer in 'n klas. So ek kyk waarmee werk ek en ek pas my, my my uh s.. ek doen my seleksie op grond van die kind wat voor my is en dan probeer ek 'n waar.. kyk wat is die waardes wat aangespreek word, hoe lyk die s.. letter.. hoe is die, hoe is die boek gedruk, is dit kindvriendelik..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: .. hoe lyk die buiteblad want kinders is soos wat die juffrou is, kyk hoe lyk die buiteblad. Oe ja, hier's 'n, hierdie is 'n mooi outjie..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..ek vat hierdie boek, maar dan moet daardie boek se inhoud ook darem 'n karakter weerspieël en hy moet, hy moet spreek tot die kind.	

Onderhoudvoerder: Maar wat maak u byvoorbeeld met ‘n kind wat, want ek werk vir daardie t..teorie dat mens elke kind moet in ag neem en dat ‘n kind deur sekere aspekte in sy verlede byvoorbeeld ‘n boek anders kan interpreteer..	
Respondent: Mm verseker..	
Onderhoudvoerder: ..wat maak u dan met so kind wat byvoorbeeld negatief beïnvloed word deur ‘n bepaalde boek, of kry u dit nie reg nie?	
Respondent: Ek kry kinders wat vir my sê “Aww, dis ‘n.. hierdie boek suck juffrou!” Dan sê ek nou goed ek het vir jou ‘n ander boek, dan skrop ek hier wat ek het of ek gaan neem selfs ‘n boek uit vir so kind.	
Onderhoudvoerder: So u het dan kennis om te kan bepaal watse boek sal by watter kind inpas?	
Respondent: Ek... Wel ek glo so na 30 jaar behoort ek..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..dit darem raak te vat..	
Onderhoudvoerder: En u.. voel u dat ‘n onderwyser daardie kennis moet hê?..	
Respondent: Ek dink jy..	
Onderhoudvoerder: Want dit is nogal een van die essensiële goeters waarop ek fokus.	
Respondent: Ek dink ‘n onderwyser moet kennis dra van die kind se belangstellingsvel..veld, sy ontwikkelingsvlak en sy milieu en as jy jou kind ken sal jy weet uhm hierdie boek oor egskeiding, gaan vir hierdie kind waarde toevoeg of nie, maar as.. ons het ‘n klasleesboek. Nou wanneer jy by daardie.. daarom lees ek die boek saam [36:06] met die kinders, ek los dit nie, ek los hulle nie op hulle eie daar nie..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..hulle kan lees in daardie boek soos hulle wil, maar ek lees daardie boek v.. deurlopend met hulle sodat ek en hulle, sodat ek kan sê “dis wat hier gebeur het” maar ek dink kan ons dit nie ook so sien nie..	
Onderhoudvoerder: O so jy maak voorsiening daarvoor..	
Respondent: Ek maak voorsiening daarvoor dat ek weet hierdie kind wie se pa in ‘n plaasaanval dood is of hierdie kind wat getraumatiseer is deur uhm uh uh uh kindermishandeling of hierdie kind wat ek dink is belangrik om dit jy moet jou kind ken om sy boek te kan kies..	
Onderhoudvoerder: Uh mens dit leer mens maklik ‘n kind in die klassituasie ken of is dit maar moeilik, moet ‘n mens moeite doen?	
Respondent: Baie moeite! Ek moet hulle leer ken weet jy wat doen ek, ek gooi alles van my voor hulle oop wat ek weet watter..wat heilsaam is dan se ek “dis ek, ek hou van Joko tee ek’s mal oor honde, ek’s mal oor my man, ek het twee kinders..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..ek word kwaad vir dit, ek hou van blou. Ek gee vir hulle alles waarvan ek hou en nie hou en waarvoor ek kwaad word,	

sodat hulle weet hierdie vrou wat hier voor staan het die selfde emosies as ons, Hulle deel met my, e.. daar's nie 'n beter werk as onderwys nie juffrou..	
Onderhoudvoerder: Nee dit is beslis.	
Respondent: Dis die beste werk wat dit, daar is. Ek dink dis soos om.. om 'n predikant te wees in die kleinheid.	
Onderhoudvoerder: Ja nee ek dink ook so en ek..	
Respondent: En jy gee soos a..(onhoorbaar)	
Onderhoudvoerder: ..(onhoorbaar) vertrouensverhouding met 'n kind dan kom jy baie verder met daardie kind.	
Respondent: Absoluut! En ek het kinders hier, ek het 'n seun hier wat die.. ek moet dit dalk nie op rekord sê nie wat..	
Onderhoudvoerder: Ek kan hom pause..	
Respondent: Nee wat uitgekryt is [37:44] gesê het hierdie kind sal nooit lees nie, hy't 'n parre.. daardie parameter bril het sy ma gesorg voor, hy het al al my boeke gelees..	
Onderhoudvoerder: Jisi	
Respondent: ..hy sukkel om te lees, maar hy lees, ek het nie een wat nie lees nie. Ons het verlede jaar 'n outistiese kind hier gehad, semi-outis maar dis eintlik daardie uh selektiewe uh sumitis.. summitisme of.. ja, selektiewe summitisme. Waar die kind gedeeltelik out..uhm selektiewe mutisme, juffrou my woorde..	
Onderhoudvoerder: O.	
Respondent: Selektiewe mutisme, hierdie kind sny goed uit, praat nie met jou nie. Die laas.. tweede laaste skooldag toe sluit daardie kind oor die interkom af, hy wou nooit mondeling doen nie, so dis wat 'n vertrouensverhoeding.. die kind moet weet net soos wat jy is is jy vir my goed genoeg. En jy is nie, hoekom is jy nie soos jou boetie nie, of wat het jy nou weer aangevang? Jy weet dis genade dat baie van ons kinders in een stuk op 'n dag hier uit kom.	
Onderhoudvoerder: Dit is eintlik so want ...(onhoorbaar)	
Respondent: Hulle moet hier gekoester word en dit moet studente in inkoop, hulle moet weet ek kom nie in 'n werk doen nie, dis nie 'n job nie, ek word deel van hierdie kinders en hulle word deel van my. (in agtergrond) Jy kan dit net vir juffrou daar neersit baie dankie.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: So dis 'n baie belangrike ding jy moet vandat jy instap in klas moet jy weet, hier gee ek myself.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Jy moet jouself gee anderster het jy nie sukses nie.	
Onderhoudvoerder: Ja. Nou uhm mevrou het gesê omdat dit grootliks een kultuur is uhm is dit nodig om 'n multi-kulturele klas in ag te neem wanneer mens boek keuses maak of..	
Respondent: Jy moet..	
Onderhoudvoerder: ..of of doen mevrou dit glad nie?	
Respondent: ..nee jy moet, jy moet, weet jy wat, maar nou sien ek	

omdat ons nou nie van al die kulture hier het nie..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..kan ek dan nou rêrig net uit my perspektief uit vir jou..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..'n mening gee. Uh uh. Ons kies ook boeke wat ander kulture aanspreek en ons skrywers, ons jong skrywers is ook so ingestel..	
Onderhoudvoerder: Ja hulle is.	
Respondent: ..dit maak dit maklik en ons tydskrifte en koerante het ook 'n uh paradigmaskuif gemaak..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: So dit gaan baie makliker maar as jy moet kies, dan kies jy 'n boek wat ook by jou ander kulture pas. Ek kan nie net vir.. weet jy wat, kom ons gee kulture uit en sê ek moet vir die kind iets gee..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..as Thabo nie kan lees nie dan gee ek vir Thabo 'n koerant, of ek gee vir Thabo, ek leen 'n Setswana Kinderbybel en sê "Thabo kyk hierna". Of ek..	
Onderhoudvoerder: Ja dis...(onhoorbaar)	
Respondent: ..sê vir Thabo "kyk hierdie advertensie, wat staan hier? Wat sou jy sê in jou taal moet ek hier skryf?" So ek moet hom heeltyd aan boord hou. Jy kan nie kulture isoleer nie.	
Onderhoudvoerder: OK.	
Respondent: Maar jy moet versigtig wees jy moet kulture respekteer..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: En jy moet ook as jy 'n oorwegende kultuur het gaan jy outomaties oorwegend vir daardie groep..	
Onderhoudvoerder: Daardie groep..	
Respondent: Maar weet jy wat, omdat kinders sulke wonderlike weses is, hulle akkommodeer onmiddellik die ander kultuurgroepe, ons het nie eenkeer 'n probeem..probleem met met kinders wat kultuurgroepe uit.. inteendeel van die kultuurgroepe wat aansluit by ons groot kultuurgroepe, hulle het partykeer 'n probleem, omdat hulle half in die minderheid is en partykeer afgeskeep voel en hulleself, ek dink dis 'n gebrek aan selfvertroue..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Maar ek's by 'n wonderlike skool waar almal gelyke geleenthede geniet..	
Onderhoudvoerder: (onhoorbaar) Uhm, watter tipe tekste sal mevrou nooit in 'n klas gebruik nie en hoekom?	
Respondent: Tekst..Tekste wat uhm... weet jy ek sal nie tekste gebruik waar taal moedswillig vermeng word nie..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..of waar gedwonge geforseerde uh waardes van verskillende kulture afgedwing word nie.	

Onderhoudvoerder: OK, so iets wat ‘n kind sal negatief beïnvloed is..	
Respondent: Ja nee nee nee ek hou nie van bloed en bottelstukke nie.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: As daar nou soos die koerant voorblad ook.. Maar hulle moet hierdie realiteit ingedagte hou..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: As hulle kom vertel van hierdie moord en daardie moord dan sê ek ja goed, maar hoe kan ek en jy ‘n positiewe verskil maak hieraan? Wat kan ek en jy doen?	
Onderhoudvoerder: Ja. OK.	
Respondent: Verstaan? So en me..met met hulle uh met hulle hou nie baie van g.. uhm moord s.. moordtonele nie, ek hou nie van uh uh, ek sê altyd vir hulle as ons ‘n ‘n leeskaart partykeer met hulle help leeskaarte oulike prente uitsoek of uh stukkies dan sê ek “juffrou soek nie bad en pregasie nie”, so alles wat.. ek h..hou, ons kinders is genoeg blootgestel aan swaar en seer, so ek wil vir hulle mooi goed, maar nie net ook mooi nie, daar moet ook realistiese momente in ‘n ge..skryfstuk wees, ek hou van iets wat tred hou met tyd.	
Onderhoudvoerder: OK.	
Respondent: Maar ek gooi ook nie..	
Onderhoudvoerder: Alle..	
Respondent: ..sprokies en fabels nie weg nie.	
Onderhoudvoerder: Daardie goed weg nie..	
Respondent: En legendes nê..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..kinders is vrek oor legendes..	
Onderhoudvoerder: Ja, ek onthou in my graad 1 klas ek was mal oor Rageltjie De Beer [lag].	
Respondent: Maar dis ‘n kinderheldverhaal.	
Onderhoudvoerder: Ja OK ja s..(onhoorbaar)	
Respondent: Ja dis ‘n kinderheldverhaal en ek doen ook kinderhelde met hulle, en wat doen ek dan, dan sê ek “kom ons bespreek nou ‘n paar kinderhelde”, dan praat ek van ‘n ou klein seuntjie wat, daardie klein swart seuntjie wat die VIGS gehad het, hulle kan oor hom praat, en ek praat oor d..die seun wat in die bus ramp die Westing bus ramp hoeveel kinders, ek dink hy’t 16..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..uitgeduik voor hyself dood is, en dan sê ek “kom ons maak die Beeld-koerant oop, watter held is hier vandag in hierdie koerant?”	
Onderhoudvoerder: Dis (onhoorbaar).	
Respondent: En ek leer hulle ook om selektief te lees, sodat hulle nie..	
Onderhoudvoerder: Al die (onhoorbaar)	

Respondent: ..al die tydskrifte moet vermy nie, ek dink dis die probleem. As jou kind ‘n tydskrif voor hom het moet hy ‘n waardesisteem hê wat by ‘n ouerhuis opgebou word en versterk word deur die onderwyser, waar hy selektief kan begin sê hierdie gaan ek nie nie lees nie nee..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..hier is net kaal tannies op hierdie bladsy, blaai om.	
Onderhoudvoerder: Ja en dis waar die probleem lê.	
Respondent: Ons moet daardie s..seleksie by die kinders aanleer. Hulle het dit nie outomaties nie omdat hulle nuuskierig is.	
Onderhoudvoerder: Ja. Uhm sal mevrou sê daar is.. o nee ek het dit eintlik al gevra, da..daar is nie rêrig tyd in die kurrikulum om ‘n ekstra lesing in te werk nie.	
Respondent: Nee..	
Onderhoudvoerder: ..dit het ons al klaar gebe..	
Respondent: Nee, as jy dit nie geforseer doen nie, en ek doen dit geforseer, hulle weet, weet jy dis outomaties hulle kom in die klas haal hulle boeke uit dan begin ons, as ek sou opgehou word deur die hoof of die deur ‘n vergadering, en ek is nie onmiddellik as die klok lui beskikbaar nie dan’t ek hier kinders outomaties op hulle eie kyk hulle kry erkenning ek sê “ag nee wat, jy’s ‘n tiener, en uhm ek maak staat op jou en as ek in my klas kom en ek raas en julle het nie begin lees nie, dan’s jy eintlik maar nog maar ‘n graad 5 standaard” dan sê ek “og dis so laerskool, en julle is eintlik hoërskool kinders”, dit werk vir my..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Dit werk..	
Onderhoudvoerder: Ja nee want hulle gaan, hulle wil groot word.	
Respondent: Dan’s hulle hier voor dan lees hulle, nee hulle wil groot wees.	
Onderhoudvoerder: [Lag]	
Respondent: En jy sal jou verstom oor lewenskennis, en ek leer elke dag by hierdie kinders. Nee nee ek sê dis ‘n wonderlike beroep.	
Onderhoudvoerder: Mens raak agter as mens nie elke dag daar...(onhoorbaar).	
Respondent: Nee ek is mal oor lees en oor die kinders, ekself lees. Ek het ‘n boek in my, in my uhm bedgoedkas en by die ketel..	
Onderhoudvoerder: O.	
Respondent: ..nou my ke.. die boek by die ketel het ek, moenie vir iemand sê nie het al omgeval, maar dan kry ek nie tyd om te lees nie dan’t ek daardie boek uit, dan lees ek gou ‘n bladsy terwyl die ketel kook..	
Onderhoudvoerder: (Onhoorbaar)	
Respondent: ..dan sit ek hom terug, en dan hier by my bed is dit ‘n stapel, so al lees ek net ‘n bladsy..	
Onderhoudvoerder: Ja nee dit is so..	

Respondent: Nê, en ek lees alles, ek het nie net..	
Onderhoudvoerder: Ja want dis goeie blootstelling so jy moet..	
Respondent: Ja..	
Onderhoudvoerder: ..dis maar die beste opsie..	
Respondent: Ek lees net nie graag die koerant nie..	
Onderhoudvoerder: Ja want dis nie s..	
Respondent: ..ek lees hom, want ek wil op hoogte wees en ek wil met die kinders kommunikeer so ek ek lees hom maar ek's, my kop uh sny uit..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: [Lag]	
Onderhoudvoerder: Mevrou het die van 'n BA tale gedoen met die..(onhoorbaar)	
Respondent: Ek het nie	
Onderhoudvoerder: ..met die blootstelling. Nou nou watse blootstelling het mevrou in opleiding gehad in kinderjeugliteratuur?	
Respondent: Ek het in ons metodiek in Afrikaans..	
Onderhoudvoerder: O.	
Respondent: ..ons het in Afrikaans metodiek gehad, ek het uhm 'n l.. ek is van 78 tot 89 op uh POK gewees en ons het uh uh uh uh module metodiek gehad..	
Onderhoudvoerder: Net een semester of was dit 'n jaar kursus	
Respondent: Nee hy't..	
Onderhoudvoerder: Twee.	
Respondent: ..hy't oor, jong as ek dit reg onthou oor twee semesters geloop en dan het ons daar, ek en my my kind en sy boek van Elsabe Steenberg en kinderl.. uh lettere ons ons ons het ook 'n verpligte afdeling gehad oor remediërende lees, so..	
Onderhoudvoerder: Daar was baie..	
Respondent: ..ons het al daardie onderbou gehad ek dink dit moet terugkom by studenteopleiding..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..die remediërende aspek by alle komponente, dit moenie net 'n a..	Onderwyser wys na die venster, 'n piet-my-vrou roep buite
Onderhoudvoerder: Piet my vrou [lag]	
Respondent: Dit moenie net 'n akademiese uh uh orie..georiënteerdheid wees nie. Want nou leer hulle die studente alweer net om kennis te dryf.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: En hierdie CAPS is vir my alweer net.. en nou is dit gekondisioneerde kennisdrywing Hulle maak hom so handboekgebonde.	
Onderhoudvoerder: Hulle doen ja..	
Respondent: Omdat daar mense is wat lui is, OBE sou gewerk het as daar net nie soveel lui mense was nie..	

Onderhoudvoerder: Ja en ek bedoel kyk nou die hele probleem wat daar in die Limpopo was met daardie handboeke. As jy rêrig 'n onderwyser wil wees kon jy daardie hele jaar se werk nog steeds gedoen het sonder 'n handboek. [37:17]	
Respondent: Wel ons het, ons het tekorte gehad..	
Onderhoudvoerder: Ja..	
Respondent: ..jy kan my onder 'n boom sit met 'n koerant ek gaan vir daardie kinders Afrikaans gee en ek gaan uit daardie koerant vir hulle Wiskunde gee en Bybel gee en as ek nie 'n koerant het nie, daardie vis en chips pakkie waar hulle die vis en chips in toedraai, ek sal hom gebruik en as ek niks het nie dan gaan ek vir hulle laat hoor wat hoor hulle en ek gaan hul.. vir hulle s..goed skryf in die sand, gee vir my 'n kans ek sal dit rêrig doen.	
Onderhoudvoerder: Ja..	
Respondent: Onderwys...	
Onderhoudvoerder: Ek gaan daarso net iets....(onhoorbaar)	
Respondent: ..(onhoorbaar)..in 'n geen wees dit moet..	
Onderhoudvoerder: (onhoorbaar)	
Respondent: ..dit moet soos in 'n bloedgroep wees, ek dink ek het die bloedgroep en ons is baie by die bloedgroepie..	
Onderhoudvoerder: Ja, maar daar's...(onhoorbaar)	
Respondent: (onhoorbaar)..verkeerde persoon want ek is, absoluut lojaal en toegewyd..	
Onderhoudvoerder: Ja..	
Respondent: ..aan my werk.	
Onderhoudvoerder: ..en ek gaan nog na heelwat ander skole toe ook so ek glo ek gaan êrens iemand (onhoorbaar)	
Respondent: (onhoorbaar as gevolg van oorvleueling)	
Respondent: ..vergelyking kan maak.	
Onderhoudvoerder: Ja [lag]. Nou die volgende deel gaan baie oor professionele ontwikkeling want dit is nou wat ek baie graag wil doen, ek wil hierdie kennis en hierdie manier van hoe om dit te doen in die klas by onderwysers wat dit nie weet uit te bring nie want..	
Respondent: ..ek sou dit vir hulle wou leer maar..	
Onderhoudvoerder: Ek gaan mevrou nou nog bel..[lag] so wat ek wil hoor is het mevrou al baie kursusse moes bywoon en waarvoor was dit grootliks?	
Respondent: Ons het baie kursusse deurloop, al die aspekte van taal ek moet vir jou sê die S..	
Onderhoudvoerder: Dis alles mevrou Campbell wat dit reël..	
Respondent: ..en die SAOU. Ons het 'n vakbond wat 'n akademiese been opstaan..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..die SAOU doen vir ons ongelooflike werk in..in die naam van mevrou Bese(onhoorbaar) en dokter uhm Nie(onhoorbaar)..kurrikulumdienste, die uh ons het 'n	

kurrikulumdienste by SAOU wat vir ons van onskatbare waarde is. Mevrou Campbell bly op hoogte en sy is ‘n dame wat in hierdie deurmekaar spul van oorgang en aanpas en vernuwe, ‘n dame wat kalmte bring, en wat die nuwe goed oordra en invoer [49:09] sonder dat dit vreeslike uh rimpelings op die dam veroorsaak. Nee sy is in elke opset..	
Onderhoudvoerder: Ja..	
Respondent: ..is sy haar sous werd.	
Onderhoudvoerder: ..so mevrou ondervind professionele ontwikkeling as ‘n baie positiewe aspek?	
Respondent: Dis baie belangrik daar was ‘n tyd lank in die OBE tyd waar ons nooit uh geleenthede gehad het nie. Weet jy wat, toe ek opgelei is en daarna my begin skooljare het ons sulke vergaderings vergaderrings gehad maar dit was eintlik werksessies dan bied ‘n juffrou haar leesles aan wat werk, en die juffrou bied haar uh skryfstukles aan wat werk, ‘n juffrou bied haar poësie aan, poësie is die..die kind wat aan die agterspeen drink.	
Onderhoudvoerder: Ja dit is eintlik.	
Respondent: En ek doen poësie asof my lewe daarvan afhang. Jy kan nie ‘n taal doen sonder poësie nie maar poësie word afgeskeep, letterkunde, literatuurstudie word afgeskeep lees word afgeskeep..	
Onderhoudvoerder: Ja..	
Respondent: En..	
Onderhoudvoerder: ..hulle fokus net op die taal as op die..(onhoorbaar)	
Respondent: ..en nou’t hulle vir ons soveel administrasie gegee rondom al hierdie goed dat jy eintlik nie by die lees uitkom nie jy doen net die papierwerk dat dit gedoen word..	
Onderhoudvoerder: Sjoh. Is daar enige uhm goeters wat mevrou sal by sit by professionele ontwikkeling waar mevrou voel dis ‘n leemte of dink hulle mevrou sal wil hê hulle moet eerder nie insluit nie wat mens se tyd mors? Of is daar glad nie...	
Respondent: Weet jy wat, leer hierdie kinders skoolhou, gee vir hulle die metodiek, die gewone basiese uh program die resep en laat hulle dit oefen..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..laat hulle dit oefen. Hulle moet ophou om papierwerk te kry, of die arme studente doen werkstuk op werkstuk op werkstuk, hierdie een skryf daardie een s’n af skryf daardie een s’n af skryf daardie een s’n af. Ek sit in in in in in praktiese onderwystye ure en help studente hulle uh uh referate.	
Onderhoudvoerder: O ja..	
Respondent: Humm?	
Onderhoudvoerder: Ja want gewoonlik net voordat..	
Respondent: Ja..	
Onderhoudvoerder: ..praktiese onderwys is..	

Respondent: ..dan kry daardie studente ure se referate..	
Onderhoudvoerder: ..ja nee hulle moet dit na die tyd ingee.. ja..	
Respondent: ..dosente.. wat ek dink wat nie uh hulle tydsbeplanning in orde het nie of wat ook gedruk word van ‘n senior posisie af a..uh..uh wat hulle nou hierdie goed inpas, daar moet 40 referate wees, en as jy 40 ingee ongeag waar jy dit kry en hoe jy dit bymekaar gesit het..	
Onderhoudvoerder: Dan’s jy..	
Respondent: ..dan’s dit reg.	
Onderhoudvoerder: ..nee dit is eintlik so.	
Respondent: D..die arme studente verstaan nie die goed wat hulle daar skryf nie, want hulle vat nou weer ‘n ander ou se navorsing en hulle kwik hom so bietjie op en hulle vra my en hulle vra iemand anders en dan’t hulle ‘n splinternuwe gedoente hier met onder die naam van hierdie ou en dit gaan deur 80%. Maar die kind kom in die klas hy weet nie van die interaksie tussen ek en hierdie kind nie..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..my en hierdie kind. Hulle weet nie van om die handboek te hanteer nie. Hulle wil die bladsy vir bladsy vir bladsy volg, hulle.. weet jy wat gebeur, dan sê ek goed, kom ons doen ‘n les oor voornaamwoorde, kom die student in a..alles is reg, die uitskryf van die les, die hulpmiddels is op die bord, uhm alles is reg, netjies aangetrek, selfvertroue, dan’t hulle vir ons die ipod en die ipad en die tablet en die whatevers, hulle het al daardie goed en hulle is gewax, hulle’s cool, maar nou het hulle: ‘n voornaamwoord is ek, jy, ons, julle, hulle, hier’s die opdrag, bladsy 6..	
Onderhoudvoerder: (onhoorbaar)	
Respondent: ..opdrag A, B, C, D. Wat het geword van laat die kind sê, laat hulle dit speel, laat hulle.. en dan in daardie tyd doen jy sommer ‘n mondelingpunt ek doen sommer ‘n mondelingpunt in daardie tyd dat hulle besig is. Maar nou moet ons vir elke punt wat jy het ‘n rubriek hê, sulke formele rubrieke wat jy uh uh twee vir lees en twee vir dit..	
Onderhoudvoerder: O ja.	
Respondent: ..wat van hierdie, maar dis omdat die mense nie hulle werk doen nie.	
Onderhoudvoerder: Ja want as mens goeie tydbeplanning het kan jy dit insluit in ‘n ander les in.	
Respondent: Ek doen voornaamwoorde en in daardie proses toets hulle hulle hulle uhm mondelingvermoë, want ek vra hulle uit en hulle moet praat, dis die informele uh mondeling wat hulle doen. Ek skryf vir hulle op papiertjies ‘n woord ... uh verkragting, of misdaad, of liefde of blomme, of ek knip goed uit die tydskrif uit, druk dit in ‘n boks... hier’s my toorgoed juffrou, ek het hulle (onhoorbaar)..	
Onderhoudvoerder: Dis oulik!	
Respondent: (onhoorbaar)..kyk hierso is dit, daar’s daardie mooi lint,	

o ja en ek sê ook vir hulle hoe lief is ek vir honde juffrou, so jy gaan ‘n hele paar honde prentjies kry..	
Onderhoudvoerder: O ja.. (baie onduidelik)	
Respondent: ..daarsy, en juffrou ek’s mal oor kameelperde, nou hierdie gee ek vir hulle in die hand, hulle kan of ‘n storie skryf, daar’s daardie pragtige poedel. Oe ja en hier is iemand wat uh offroad gaan met hulle bakkie, daar’s die Olimpiese Spele juffrou, kyk hierdie mannetjies hoe lekker speel hulle kaskar, ons kinders weet nie van ‘n kaskar nie..	
Onderhoudvoerder: Ja...(onhoorbaar)	
Respondent: Goed, so ek het versnipper almal se koerante, o ja, en ek hou van ou (onhoorbaar)	
Onderhoudvoerder: (onhoorbaar)	
Respondent: (onhoorbaar).. kyk hierdie tier, hierdie mense het ‘n tier vir ‘n.. maar hulle kry hierdie prentjies..	
Onderhoudvoerder: [Lag] dis ‘n oulike prentjie, ja en jy kan ‘n groot storie daaroor skryf.	
Respondent: Gelukkige prente.	
Onderhoudvoerder: Ja om die mooi te wys.	
Respondent: (onhoorbaar)..oe juffrou daardie renoster, hy’t stories gemaak hierdie jaar.. (onhoorbaar).	
Onderhoudvoerder: Ek kan dink want almal hoor daarvan in die nuus en..	
Respondent: En my modepoppe, hulle moet darem ook iets kry, ek het ‘n paar uh poppies, daardie emosie..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Ja wil jy nog sien?	
Onderhoudvoerder: Dis baie oulik..	
Respondent: Kyk daar, kyk daar, jy kan drie boeke skryf..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: (onhoorbaar)..oe! Ja.. dis nou vir Wouter, Wouter wil net met sy hande werk so ek gee vir hom juwele, hy kan juwele maak..	
Onderhoudvoerder: So dis heeltemal kindgebonde..	
Respondent: Ja en Wouter het vir my... kyk net daar...hoe groot is ons God. Kyk daar..	
Onderhoudvoerder: Oeg dis ‘n mooi (onhoorbaar).	
Respondent: So ek...aww en kyk my lammetjies, dis vir die outjies wat moeilik skryf, so.. Wouter het vir my ‘n armband gemaak in die kunsklas met krale en sade..	
Onderhoudvoerder: Dis baie oulik..	
Respondent: So.. kyk daar, ek en my Pa (onhoorbaar)	
Onderhoudvoerder: (onhoorbaar).. dan self ‘n prentjie kies of gee mevrou vir elke kind sy tipe prentjie...	
Respondent: Ek meng dit, en dan sal hulle sê awww! Dan sê ek o ja maar jy wil ‘n werktuigkundige word en hier..hierso jy’s nou meer ‘n	

ou plasie, kom hier..	
Onderhoudvoerder: O.	
Respondent: So ek ken elke (onhoorbaar)	
Onderhoudvoerder: O.	
Respondent: ..kind ken, dis ‘n jy moet...	
Onderhoudvoerder: (onhoorbaar)	
Respondent: ..jou kind ken, dis die belangrikste..	
Onderhoudvoerder: (onhoorbaar)	
Respondent: ..jy moet weet wat is die (onhoorbaar).. jy moet metodiek hê, jy moet voorbereid hê, voorbereid wees, jy moet jou vakkennis, vaktaal en vak ken, jy moet jou, jy moet kennis hê van die vak.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: En die belangrikste is jy moet jou kind ken dan kan jy alles doen wat jy wil.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: (onhoorbaar)	
Onderhoudvoerder: En dit is nogal die kript van die saak.	
Respondent: Dit is die kript van die saak. Die..die ding is dit help nie jy sit met ‘n kop vol kennis en jy kan dit nie oordra nie.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: En die kinders moet gelukkig wees hulle is twee derdes van hulle dag in die klas en as jy nou hierdie militaris is wat sê sit op jou plek en hou jou bek, gaan dit nie werk nie.	
Onderhoudvoerder: Ja dan gaan hy ook nie ‘n liefde kweek vir die taal nie.	
Respondent: Hulle haat dan taalperiodes, nou kan hulle nie wag om in die taalklas te kom nie, want behalwe dat ons skool gaan laat ek hulle opstaan, dan st.. ek het op my tafel gespring en ek is swaar ek het my tafel skade gemaak, maar ons klim op ons tafel of op ons stoel, of ons kruip ‘n slag onder ons tafels deur net dat hulle weer belangstel, party haat dit, daardie ouens wat nie aan geraak wil word nie, die wat nie wil skof hê nie, maar dit haal hom ook uit sy comfort zone uit uit sy..	
Onderhoudvoerder: Ja dan (onhoorbaar)	
Respondent: (onhoorbaar) Jy moet ‘n kind geborge laat voel in die skool..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..want dis partykeer die enigste plek waar hulle liefde en aanvaarding en veilig voel. En as ek nou nog op hom afkom nadat sy ma die..die kar gestamp het en die sussie hom teen die kop geklap het en die..nie pap gemaak het nie, ons het kinders hier wat ons soggens uhm ontbyt gee..	
Onderhoudvoerder: Omdat hulle omstandighede nie..	
Respondent: Ja, ons kinders kom uit (onhoorbaar) omstandighede en die taalperiode..	

Onderhoudvoerder: ..en om dan nou nog skool toe te kom en die hele dag se skool..	
Respondent: Ja.	
Onderhoudvoerder: ..toe is maar swaar.	
Respondent: Mense moenie kla oor hulle nie meer hulle godsdiens kan beoefen nie, jou kinders in die klas, Afrikaanse klas doen.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Enige godsdiens, ek voel partykeer iets (onhoorbaar).. hoekom nie? Ons kinders moet daardie kennis hê, maar wat leer ek hom, ek leer hom, ek dien 'n lewende God en dit is hoe ek optree, so, en ek sê vir hulle julle mag alles doen wat ek doen, alles, so as ek lelik praat dan kan hulle lelik praat, as ek rook, kan hulle rook, as ek vloek...	
Onderhoudvoerder: Ja mens moet 'n voorbeeld stel.	
Respondent: Dis wat ek vir my eie kinders ook so geleer het dis 'n tol order want ek het baie foute, maak nie 'n fout nie, en hulle help my reg en dan sê ek ek is jammer. Jy moet ook sê ek is jammer.	
Onderhoudvoerder: Ja want dis menslik.	
Respondent: Ja.	
Onderhoudvoerder: Laaste vragie, dink u nie ook dat die ondersteuning wat die Departement gee is genoeg, ek vra dit nou, ek weet dis nou 'n moeilike vraag maar [lag]..	
Respondent: Juffrou..Kyk ons..jy moet..ons moet deesdae gaan soek vir oplossings, hulle het hierdie CAPS op ons kom om tiep ons kry nou uitstekende geleentheid om in CAPS op te lei..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Ek kan nog nie praat nie ek sal vir jou kan terugvoer gee, kom terug Januarie maand, dan praat ek en jy weer. Ons doen die afdeling wat op die CAPS opleiding, daardie mense het nagte deur gewerk maar hulle het nie noodwendig die ondersteuning van die Departement gekry nie maar ons het in ons kring in ons distrik het ons 'n paar vakadviseurs wat absoluut op hulle tone is, wat die oomblik toe hierdie mense begin met CAPS, toe s..ondersteun hulle en hulle help en daar's interaksie soos, ek wil by name sê juffrou Ysel.	
Onderhoudvoerder: Ja Agola..	
Respondent: Agola, Agola Otter, en en en juffrou mevrou Haily Corrie en meneer Tertius Crause maar ons het ons wiskunde adviseer, ek dink nie mens het hom eenkeer gesien nie, ons Grondslag fase se vakadviseurs wat Departementeel nou is het hulle mense uitstekend ondersteun maar ons uh Seniorfase se mense, daar's baie van hierdie mense wat jy nie met 'n oog sien nie.	
Onderhoudvoerder: Ja dis baie sleg..	
Respondent: Maar dit gaan nou na CAPS verander.	
Onderhoudvoerder: Ja'k dink ook so.	
Respondent: (Leerder in die agtergrond en onderwyser praat).	
Onderhoudvoerder: Maar dit is ook nou eintlik al my vrae. Is daar	

iets wat mevrou by wil vra of enigsins so iets of..	
Respondent: Wat's jou verbintenis nou?	
Onderhoudvoerder: Op hierdie stadium ek doen my PHD nou en dan werk ek saam met prof. Russouw en Carisma Nel, ek weet nie of u haar ken nie, sy is in die Grondslagfase uhm en sy en Prof werk spesifiek met lees en assessering van lees so ons werk met daardie projekte ook en dan het ons ook 'n projek wat ons gedoen het by 'n Cambridge Universiteit wat spesifiek handel oor hoe gebruik mens prente in jou klas. So..[lag] dis waarmee ek besig is..	
Respondent: Ja ma ek het nie opleiding gehad nie en ek het geweet hoe dit werk.	
Onderhoudvoerder: Ja, so dit is waar ek nou inpas in die hele storie in maar ja my groot liefde is absoluut Afrikaans en literatuur.	
Respondent: Nee juffrou dan, ek.. verder wil ek nie iets vra nie, maar gaan jy gaan jou navorsing 'n invloed hê op die opleiding van studente?	
Onderhoudvoerder: Op studente en dan wil ons dit probeer implementeer op uhm onderwys, wat nou in die praktyk is wat nie daardie inligting het nie so ons wil hom tweeledig maak.	
Respondent: Dis baie, daar's tien jaar se mense wat dit sal moet..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..uh uh kyk (onhoorbaar).	
Onderhoudvoerder: So ons gaan hom, hy's reeds besig om dit te probeer implementeer o.. kyk hier die PUK is besig 'n nuwe Bed en ons is besig om dit in die Afrikaanse vakke in te bring en dan my professionele ontwikkelingsprogram gaan net fokus op die hele lys wees.	
Respondent: Oe dit sal vir ons van onskatbare waarde wees. Want baie keer wonder jy net, en partykeer is dit daardie ou dingetjie, boksietjie..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..wat jy net moet afspoel, maar wat gebeur het hulle sommer toe als net so van die tafel afgevee en die nuwe goed van Eerste Wêreldse lande na 'n Derde Wêreldse land toe gebring en...	
Onderhoudvoerder: Dit werk nie.[1:02:09]	
Respondent: Dit werk nie, ons, weet jy, kom ek sê vir jou, my hart gaan uit na ons swart kinders, ons kleurling kinders.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Hulle omstandighede, hierdie opheffingswerk, en nou praat ek nie politiek nie, nou praat ek uit my hart uit, hierdie opheffingswerk moes in 19..sss..50 begin het..	
Onderhoudvoerder: Dit moes.	
Respondent: Weet jy ek en jy is nie deel van apartheid nie.	
Onderhoudvoerder: Nee.	
Respondent: En ek is 53. Ek het net nie so groot geword nie.	
Onderhoudvoerder: Nee dit is so.	

Respondent: En ons word gestraf..	
Onderhoudvoerder: Ons word gestraf.	
Respondent: En die goeie wat ons doen word uitgesmyt. Die kind word saam met die badwater weggespoel.	
Onderhoudvoerder: Ja. Want hulle dink byvoorbeeld dadelik mens wil net voorskryf, of dis hoe ek dit op hierdie stadium beleef, is die onderwysers dink dadelik d..die ding van jy jy's nou weer bevoorreg en jy wil my nou weer jy weet vir my kom sê hoe moet ek met my mense werk en dit is glad nie..	
Respondent: Dis nie wat (onhoorbaar)	
Onderhoudvoerder: ..die idee daar agter nie, die idee daarvan is meer om 'n gesprek te open..	
Respondent: Ja.	
Onderhoudvoerder: ..en te vra wa..wat doen jy..	
Respondent: Ja..	
Onderhoudvoerder: ..wat ek kan leer ek wat doen ek waarby jy kan leer.	
Respondent: En ek is oop vir dit..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Ek's oop daarom help ek ook met navorsing.	
Onderhoudvoerder: Ja	
Respondent: Jy weet uhm en en hulle moet opkom uh wegkom van MY volk en MY land en MY.. ONS land, ONS volk, ONS God	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Dan kan ons hierdie goed doen.	
Onderhoudvoerder: Ja maar die grootste probleem wat ek ook ondervind het is, u kan nou van my verskil, maar is daar 'n ding dat op baie van die swartkulture is baie teen stories byvoorbeeld omdat hulle nie daarmee groot geword het nie.	
Respondent: Ja, hulle het net die realiteit.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Moenie vir my 'n storie kom vertel nie, ek het nie kos nie en ek het nie 'n bed nie en jy sit net alles.	
Onderhoudvoerder: Ja en dis die probleem en dit begin 'n baie moeilike taak wees om onderwysers te probeer verstaan maar daar is 'n doel daarmee en daar is 'n voordeel in stories.	
Respondent: Ja dan behoort 'n mens vir hulle 'n praktiese, en dis net 'n mening..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..'n praktiese les aan te bied, ek dink 'n mens moet dit in praktyk bewys..	
Onderhoudvoerder: ..vir hulle wys ja.	
Respondent: ..vir hulle sê kyk goed, bied jou les aan..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: ..dan bied hulle dit aan, dan vat jy daardie materiaal..	
Onderhoudvoerder: ..en doen dit..	

Respondent: ..en jy gaan haal prente, en jy doen dit met prente. Weet jy, ons swart kinders, ek gee vir hulle tydskrifte, ek gee vir hulle eniges van daardie. My seun is ‘n lugvaartbeheerkontroleer..	
Onderhoudvoerder: Sjoe.	
Respondent: ..en hy..	
Onderhoudvoerder: ..dis ‘n stresvolle werk..[lag]	
Respondent: ..ja nee hy hy is maar deurmekaar die kolonie wil hom nie vra nie..	
Onderhoudvoerder: [lag]	
Respondent: ..uhm hy het pakke en hy’s ‘n bewaringsmaniak, so al sy ou National Geographics en sy Airnews en Airwhatse wat, al daardie vlieg boeke, en my skoonseun is ‘n geweerliefhebber kyk die antipool, jy mag steenskole, ek bring daardie goed, hierdie klein seuntjies die swart kinders..	
Onderhoudvoerder: ..lees dit verskriklik..	
Respondent: ..ek sê knip dit uit hier’s vir jou ‘n boek maak ‘n vir jou ‘n plakboek en hierdie kinders waarmee ek so sukkel, wat so befoeterd is, my Toretsindrome, ek gee vir hulle ‘n boek, skoolboeke, ek steel ‘n boek, ek gee vir hulle die boeke, ek betaal dit.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Ek gee vir hulle die boek ek sê hier’s vir jou ‘n buis gom, hier’s die boek, ek koop dit..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Dis vir my ‘n belegging, onder.. as jy skoolhou [01:05:35] is jou geld nie hou geld nie, jou geld is die kinders s’n.	
Onderhoudvoerder: My Ma het dit ook altyd gesê, sy was ook ‘n onderwyser.	
Respondent: Ja weet jy, en dis in elk geval die Here se geld so Hy sorg elke dag vir my maar in elk geval dan gee ek vir hulle die boeke dan maak hulle plakboeke, en ek gee vir hulle ‘n skêr hoekom mag hulle nie ‘n skêr hê nie? ‘n Skêr is basic equipment..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: So gee vir hulle dit, of skeur hom, skeur hom	
Onderhoudvoerder: Ja as jy nie ‘n skêr het nie skeur hom..	
Respondent: Ja skeur hom dis reg met my. En as hulle nie hulle boeke kan oortrek nie dan plak ek vir hulle mooi tydskrifprente op en ek, ons help mekaar. Vanmôre het ‘n klassie vir Thabo wat nie ‘n verjaardagpartytjie kan hê nie, hulle het vir hom ‘n verjaardagpartytjie gegooi..	
Onderhoudvoerder: Gehou, ja want nou leer mens die, s..s ander k..kinders ook om mededeelsaam te wees.	
Respondent: So juffrou, vat hierdie goed net praktyk toe, moenie vir hulle papiere gee nie, niemand gaan na daardie papiere kyk nie, hier’s soveel kaste vol gemors wat hulle vir my gee, wat hulle nie weet w..nie werk nie maar ek moet dit doen..	
Onderhoudvoerder: Ja.	

Respondent: Ek doen dit nie, ek w..uh.. ek werk met die materiaal wat voor my is en ek verantwoord my, nie aan die Departement van Onderwys nie.	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: Ek verantwoord my goed, dan sal dit reg wees.	
Onderhoudvoerder: Dit is so.	
Respondent: Nee ek dink dis die belangrike deel, vat dit net praktyk toe..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent: En kry daardie ouens wat uit die..	
Onderhoudvoerder: Uit die stelsel..	
Respondent: ..stelsel gesit is, ja, kry daardie ouens wat uit die stelsel gesit is om 'n bydrae te lewer soos wat hulle nou maak met die polisie en gevangenis en oral oor.	
Onderhoudvoerder: Ja... kry die mense wat die..	
Respondent: Maar hulle het nou by die uh Universiteit vir Dawie Oelofse, ek en Dawie Oelofse het saam skoolgehou, en Dawie Oelofse is 'n uitstekende persoon vir die opleiding van studente, hy dra onderwysbelang op die hart.	
Onderhoudvoerder: Ja, so dis dalk 'n goeie ding hy's daar. So ja..	
Respondent: Nou's ons klaar	
Onderhoudvoerder: Dis dit.	
Respondent: Moet ek jou die party gaan wys...	

.

Onderhoud 3 – Skool 2

Inhoud	Notas
Respondente: (Onhoorbaar – net ‘n klomp gesels)	
Onderhoudvoerder: Verkies julle dat ek Engels praat of kan ek maar Afrikaans, Afrikaans praat?	
Respondent 1: Ons is almal tweetalig..tweetalig	
Respondent 2: Ja Julian is net Afrikaans, net.. (onhoorbaar) [lag] (onhoorbaar)	
Respondent 2: I’m joking.	
Onderhoudvoerder: Oe OK, julle het seker aan die vraelyste agtergekom dat dit baie oor kinder- en jeugliteratuur gaan want ek is betrokke by ‘n uhm projek wat ons saam met Cambridge Universiteit ook doen en so en baie kinder- en jeugliteratuur in die klasse in te bring, uhm nou die hele ding is soos julle weet mens moet altyd verskriklik baie navorsing hê voor jy enigsins iets kan doen so dis nou die idee hiervan so die eerste ding wat ek wil hoor is sê nou maar julle, gebruik julle baie stories in ‘n klas of is dit nie baie, baie essensieel by julle nie?	
Respondent 1: Ek het baie storieboeke maar ek het nie altyd tyd nie, dit gaan volgende jaar baie beter gaan, baie baie beter..	
Onderhoudvoerder: Met die kurrikulum wat verander of..	
Respondent 1: Ja ja maar ek het tot nou net twee periodes..	
Onderhoudvoerder: Sjoe.	
Respondent 1: ..I musn’t say this loud..	
Onderhoudvoerder: Nee.	
Respondent 1: ..Afrikaans gehad, maar ek het boekies en boekies en boekies by Volkies..	
Onderhoudvoerder: O ja.	
Respondent 1: Daardie uhm, dis eintlik nie Volkies nie dis, wat is daardie ander ding? Anyway ek kry gereeld..	
Respondent 2: Maar Afrikaanse boeke ja..	
Respondent 1: Ja ja, baie Afrikaanse stories en hulle is baie..	
Respondent 2: Storieboeke..	
Respondent 1: Ja! Baie!	
Onderhoudvoerder: Nuwe of ou..	
Respondent 1: Nuwe! Splinternuwe goed.	
Onderhoudvoerder: O dis oulik.	
Respondent 1: Wat in van die handboeke is	
Onderhoudvoerder: En dan kry julle die kinders so waar julle die boeke orals sal kry..	
Respondent 1: Oral!	
Onderhoudvoerder: ..om dit te lees..	
Respondent 1: .. mal daaroor, hulle vra my elke Vrydag mag hulle lees dan sê ek nee ons moet eers hierdie werk klaar maak of dit, but they ‘re very excited about those books en ek het ‘n paar.	
Respondent 2: Ja jy sien ons, ons het hier nie uhm ons het baie Engelse leesboeke en ons het enrichment boeke maar ons kry nie kans nie.. en ook nie Afrikaans nie..	

Onderhoudvoerder: OK.	
Respondent 1: Ons is Grondslagfase..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent 2: Uhm Afrikaans is ook nou eintlik eers nou met CAPS is dit..	
Onderhoudvoerder: Ja.	
Respondent 2: ..bietjie meer intense as wat dit was..	
Onderhoudvoerder: Ja ja.	
Respondent 2: ..so ons, ons het nou nog nie boeke nie..	
Onderhoudvoerder: ..want kyk daa's vier leesperiodes as ek die CAPS reg lees..	
Respondent 2: Ja	
Onderhoudvoerder: ..soos stillees jy weet en al daardie goeters..	
Respondent 2: En en so ons ons werk baie, omdat ons kinders nog sukkel veral soos weet nie ek praat nou (onhoorbaar) se bal, onthalwe hierso, uhm hulle het nou byvoorbeeld verlede jaar nie eintlik Afrikaans gedoen nie, nou ewe skielik het hulle 'n hengse..	
Respondent 3: Baie..	
Respondent 2: ..load wat hulle doen so uhm ons werk baie [02:48] met die textbook en in die textbook is daar vreeslike oulike stories.	
Respondent 3: Ja ja.	
Respondent 2: Soos nou ek's besig met 'n.. (onhoorbaar)	
Respondent 3: Uh uh uh sprokies, stories en daardie tipe goed..(onhoorbaar)	
Respondent 3: Ja ja.	
Respondent 2: Ja ja ja ja en sulke comic verhale sulke goedjies.	
Respondent 1: Dit werk die beste.	
Respondent 2: Ja die kinders is mal daaroor en dit goed wat (onhoorbaar).	
Respondent 3: Ek is in graad 3 ons moes na die graad 2's uh hulle boeke vat (onhoorbaar) teksboek van ons nou.. (onhoorbaar)	
Onderhoudvoerder: So u het 'n verskriklike groot sprong gemaak.	
Codes: [tipe verhale-verstaan_Prenteboeke - Family: Survey Items]
No memos

Sending Reiger Jakkals en Wolf
Griet skryf 'n sprokie.

P44: Case 35 - 44:12 [My eerste kinderbybel] (35:35) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Opwipboeke - Family: Survey Items]
No memos

My eerste kinderbybel

P44: Case 35 - 44:13 [Geen] (38:38) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Avontuurverhale - Family: Survey Items]
No memos

Geen

P44: Case 35 - 44:14 [Die Uile Saartjie] (41:41) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Histories - Family: Survey Items]
No memos

Die Uile Saartjie

P44: Case 35 - 44:15 [Kringe in 'n bos] (44:44) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Vertaalde - Family: Survey Items]
No memos

Kringe in 'n bos

P44: Case 35 - 44:16 [Jan en die boontjierank Goue l..] (47:47) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Sprokies - Family: Survey Items]
No memos

Jan en die boontjierank Goue lokkies Hansie en Grietjie

P44: Case 35 - 44:17 [Duiwelskloof] (50:50) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Strokies - Family: Survey Items]
No memos

Duiwelskloof

P44: Case 35 - 44:18 [Bollie Liewe Heksie] (53:53) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_MultiK - Family: Survey Items]
No memos

Bollie Liewe Heksie

P44: Case 35 - 44:19 [0.0] (56:56) (Super)
Codes: [ONDERWYSER] [POP's]
No memos

0.0

P45: Case 36 - 45:1 [Boeke wat vir 0 - 9 geskryf wo..] (2:2) (Super)
Codes: [onderwyser_Jeuglit - Family: Survey Items]
No memos

Boeke wat vir 0 - 9 geskryf word.

P45: Case 36 - 45:2 [Boeke wat vir kinders van 10-1..] (5:5) (Super)
Codes: [onderwyser_Verskil - Family: Survey Items]
No memos

Boeke wat vir kinders van 10-16 geskryf word.

P45: Case 36 - 45:3 [Bloot die ouderdom] (8:8) (Super)
Codes: [onderwyser_LitNB - Family: Survey Items]
No memos

Bloot die ouderdom

P45: Case 36 - 45:4 [Ja, dit stel hul bloot aan ver..] (11:11) (Super)
Codes: [onderwyser_Multi - Family: Survey Items]
No memos

Ja, dit stel hul bloot aan verskillende lewens perspektiewe

P45: Case 36 - 45:5 [Boeke wat geskik is vir kinder..] (14:14) (Super)
Codes: [narr elemente_Karakter - Family: Survey Items]
No memos

Boeke wat geskik is vir kinders van diverse kulture.

P45: Case 36 - 45:6 [Die hoof figuur.] (17:17) (Super)
Codes: [narr elemente_Tyd - Family: Survey Items]
No memos

Die hoof figuur.

P45: Case 36 - 45:7 [Wanneer iets plaasvind] (20:20) (Super)
Codes: [narr elemente_Ruimte - Family: Survey Items]
No memos

Wanneer iets plaasvind

P45: Case 36 - 45:8 [Waar die verhaal plaasvind] (23:23) (Super)
Codes: [narr elemente_Fokalisator - Family: Survey Items]
No memos

Waar die verhaal plaasvind

P45: Case 36 - 45:9 [Wie verteel die verhaal] (26:26) (Super)
Codes: [narr elemente_Tema - Family: Survey Items]
No memos

Wie verteel die verhaal

P45: Case 36 - 45:10 [Waaroor die verhaal gaan.] (29:29) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Fantasie - Family: Survey Items]
No memos

Waaroor die verhaal gaan.

P45: Case 36 - 45:11 [Geen] (32:32) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Prenteboeke - Family: Survey Items]
No memos

Geen

P45: Case 36 - 45:12 [Geen] (35:35) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Opwipboeke - Family: Survey Items]
No memos

Geen

P45: Case 36 - 45:13 [Geen] (38:38) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Avontuurverhale - Family: Survey Items]
No memos

Geen

P45: Case 36 - 45:14 [Trompie Uile Saartjie] (41:41) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Histories - Family: Survey Items]
No memos

Trompie Uile
Saartjie

P45: Case 36 - 45:15 [Geen] (44:44) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Vertaalde - Family: Survey Items]
No memos

Geen

P45: Case 36 - 45:16 [Gouelokkies] (47:47) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Sprokies - Family: Survey Items]
No memos

Gouelokkies

P45: Case 36 - 45:17 [Sneeuwitjie Rooikappie] (50:50) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Strokies - Family: Survey Items]
No memos

Sneeuwitjie Rooikappie

P45: Case 36 - 45:18 [Bollie] (53:53) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_MultiK - Family: Survey Items]
No memos

Bollie

P46: Case 37 - 46:1 [Dit is die boeke wat vir kinde..] (2:2) (Super)
Codes: [onderwyser_Jeuglit - Family: Survey Items]
No memos

Dit is die boeke wat vir kinders voorgeskryf word en wat onderwysers kies vir die leerders om te leer.

P46: Case 37 - 46:2 [Boeke vir jong mense] (5:5) (Super)
Codes: [onderwyser_Verskil - Family: Survey Items]
No memos

Boeke vir jong mense

P46: Case 37 - 46:3 [Kinders soos grondslagfase en ..] (8:8) (Super)
Codes: [onderwyser_LitNB - Family: Survey Items]
No memos

Kinders soos grondslagfase en jeug is bietjie ouer as kinders al goed kan lees.

P46: Case 37 - 46:4 [Dit is belangrik wat ons kan o..] (11:11) (Super)
Codes: [onderwyser_Multi - Family: Survey Items]
No memos

Dit is belangrik wat ons kan oor baie goed met die kinders praat en discuss.

P46: Case 37 - 46:5 [Dit is boeke wat vir meer as e..] (14:14) (Super)
Codes: [narr elemente_Karakter - Family: Survey Items]
No memos

Dit is boeke wat vir meer as een kultuur geskik is.

P46: Case 37 - 46:6 [Die hoof karkater in die boek...] (17:17) (Super)
Codes: [narr elemente_Tyd - Family: Survey Items]
No memos

Die hoof karkater in die boek.

P46: Case 37 - 46:7 [Wanner die storie plaasvind] (20:20) (Super)
Codes: [narr elemente_Ruimte - Family: Survey Items]
No memos

Wanner die storie plaasvind

P46: Case 37 - 46:8 [Waar vind die storie plaas] (23:23) (Super)
Codes: [narr elemente_Fokalisator - Family: Survey Items]
No memos

Waar vind die storie plaas

P46: Case 37 - 46:9 [Geen] (26:26) (Super)
Codes: [narr elemente_Tema - Family: Survey Items]
No memos

Geen

P46: Case 37 - 46:10 [Waaroor gaan die storie] (29:29) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Fantasie - Family: Survey Items]
No memos

Waaroor gaan die storie

P46: Case 37 - 46:11 [Geen] (32:32) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Prenteboeke - Family: Survey Items]
No memos

Geen

P46: Case 37 - 46:12 [Babalela] (35:35) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Opwipboeke - Family: Survey Items]
No memos

Babalela

P46: Case 37 - 46:13 [Geen] (38:38) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Avontuurverhale - Family: Survey Items]
No memos

Geen

P46: Case 37 - 46:14 [Trompie] (41:41) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Histories - Family: Survey Items]
No memos

Trompie

P46: Case 37 - 46:15 [Geen] (44:44) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Vertaalde - Family: Survey Items]
No memos

Geen

P46: Case 37 - 46:16 [Pinochio] (47:47) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Sprokies - Family: Survey Items]
No memos

Pinochio

P46: Case 37 - 46:17 [Sneeuwitjie] (50:50) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Strokies - Family: Survey Items]
No memos

Sneeuwitjie

P46: Case 37 - 46:18 [Bollie] (53:53) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_MultiK - Family: Survey Items]
No memos

Bollie

P47: Case 38 - 47:1 [Literatuur wat vir jong kinder..] (2:2) (Super)
Codes: [onderwyser_Jeuglit - Family: Survey Items]
No memos

Literatuur wat vir jong kinders geskryf word.

P47: Case 38 - 47:2 [Literatuur wat vir kinders van..] (5:5) (Super)
Codes: [onderwyser_Verskil - Family: Survey Items]
No memos

Literatuur wat vir kinders van ongeveel 10-16/17 geskryf word.

P47: Case 38 - 47:3 [Die verskil is primêr in die o..] (8:8) (Super)
Codes: [onderwyser_LitNB - Family: Survey Items]
No memos

Die verskil is primêr in die ouderdom, meer die grense is maar vaag.

P47: Case 38 - 47:4 [Ja, kinders moet baie lees en ..] (11:11) (Super)
Codes: [onderwyser_Multi - Family: Survey Items]
No memos

Ja, kinders moet baie lees en ook verskillende tipes boeke sodat hulle 'n wye verwysingsraamwerk het.

P47: Case 38 - 47:5 [Dit is literatuur wat geskik i..] (14:14) (Super)
Codes: [narr elemente_Karakter - Family: Survey Items]
No memos

Dit is literatuur wat geskik is vir diverse leerders in engie klas.

P47: Case 38 - 47:6 [Die hoof figuur in die storie/..] (17:17) (Super)
Codes: [narr elemente_Tyd - Family: Survey Items]
No memos

Die hoof figuur in die storie/verhaal.

P47: Case 38 - 47:7 [Wanneer iets plaasvind, hede, ..] (20:20) (Super)
Codes: [narr elemente_Ruimte - Family: Survey Items]
No memos

Wanneer iets plaasvind, hede, verlede.

P47: Case 38 - 47:8 [Waar iets plaasvind.] (23:23) (Super)
Codes: [narr elemente_Fokalisator - Family: Survey Items]
No memos

Waar iets plaasvind.

P47: Case 38 - 47:9 [Deur wie se oë die verhaal ges..] (26:26) (Super)
Codes: [narr elemente_Tema - Family: Survey Items]
No memos

Deur wie se oë die verhaal gesrkyf word.

P47: Case 38 - 47:10 [Die ekrn van die verhaal, waar..] (29:29) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Fantasie - Family: Survey Items]
No memos

Die ekrn van die verhaal, waaroor dit gaan.

P47: Case 38 - 47:11 [Geen] (32:32) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Prenteboeke - Family: Survey Items]
No memos

Geen

P47: Case 38 - 47:12 [Geen] (35:35) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Opwipboeke - Family: Survey Items]
No memos

Geen

P47: Case 38 - 47:13 [Geen] (38:38) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Avontuurverhale - Family: Survey Items]
No memos

Geen

P47: Case 38 - 47:14 [Die Uile Jasper] (41:41) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Histories - Family: Survey Items]
No memos

Die Uile Jasper

P47: Case 38 - 47:15 [Geen] (44:44) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Vertaalde - Family: Survey Items]
No memos

Geen

P47: Case 38 - 47:16 [Goue lokkies] (47:47) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Sprokies - Family: Survey Items]
No memos

Goue lokkies

P47: Case 38 - 47:17 [Rooikappie] (50:50) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_Strokies - Family: Survey Items]
No memos

Rooikappie

P47: Case 38 - 47:18 [Bollie] (53:53) (Super)
Codes: [tipe verhale-verstaan_MultiK - Family: Survey Items]
No memos

Bollie

7.2.2 Tematiese analise van die vakadviseurs se resultate

7.2.1.1 Die KABV as leidinggewende dokument

Ten opsigte van tyd en die inruiming van kinder- en jeugliteratuur in die KABV is vakadviseur een van mening dat onderwysers wat die kurrikulum te vol beskou en dat daar nie tyd is vir die gebruik van kinder- en jeugliteratuur nie, die kurrikulum nie ten volle verstaan nie. Volgens dié vakadviseur is die KABV juis gebaseer op tekste, nie net narratiewe tekste nie, maar ook nie-fiksie, visuele-tekste en grafiese novelle, alhoewel die narratiewe as sentrale teks staan by die onderrig van die KABV. Daar is volgens die vakadviseur twee vakke uit die kurrikulum gelaat, wat daartoe lei dat daar genoegsame tyd is vir die onderrig van tale en lees elke dag soos dit in die KABV aanbeveel word.

Volgens vakadviseur een móét tekste, veral narratiewe tekste gebruik word in die onderrig van die KABV, omdat die KABV juis teksgebaseer ontwikkel is. Die kurrikulum is verdeel in twee week siklusse volgens die adviseur. In die eerste twee weke sal daar ondermeer met die narratiewe aspekte van die teks gewerk word. Alle onderrig sal om die narratiewe elemente gebou word, soos ondermeer gesprekke in die klaskamer, luister aktiwiteite en lees en skryf aktiwiteite. Vir die volgende twee weke sal daar gebruik gemaak word van byvoorbeeld poësie en alle aspekte van taalonderrig sal gebou word rondom poësie waarna daar die volgende twee weke na ‘n nie-fiktiewe teks beweeg word.

Volgens vakadviseur een word daar in die KABV vereis van alle skole om ’n leesprogram te implementeer ongeag of die boeke op die nasionale lys van boeke verskyn of nie. Skole wat egter nie biblioteke het nie, word egter beperk tot die boeke wat op die nasionale lys verskyn. Dit perk kinders se blootstelling aan verskillende en nuwe tekste in. Sy is van mening dat onderwyser móét besef dat daar nie in die moderne wêreld waarin ons vandag leef taal onderrig kan word sonder om ’n ryk teks basis en prente te gebruik om kinders te onderrig nie.

Vakadviseur twee is van mening dat die KABV van groot waarde kan wees in die onderrig van taal omdat dit baie gebaseer is op die tekste. Sy is egter van mening dat die implementering van die KABV ook sy eie unieke probleme bring, soos om ondermeer Engelssprekende kinders wat op die stadium van die studie in graad 2 en 3 is gevorderde Afrikaanse tekste te gee wat hulle nie noodwendig maklik kan lees of interpreteer nie. Dit plaas volgens haar meer stremming op die onderrigtyd van die onderwysers en kan dit verstaan dat sommige onderwysers kla dat die kurrikulum te vol is vir die implementering van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer. Die vakadviseur het verder erken dat sy nog nie volledige opleiding in die KABV ontvang het nie, en is nog nie seker hoe dit die lees van boeke gaan beïnvloed nie. Sy is egter van mening dat daar nie genoegsame tyd in die kurrikulum is vir die volle implementering en gebruik van kinder- en jeugliteratuur nie en die nuwe kurrikulum gaan nie die probleem oplos nie, maar eerder versleg.

Volgens vakadviseur drie is die KABV heeltemal te vol vir lekker lees en vir die besinning van aspekte uit die boeke. Die leesprogram is vol en daar is nie genoegsame finansies by die meeste skole om boeke vir genot vir

die kinders aan te koop nie. Die vakadviseur beskou enige boeke wat nie op die nasionale lys is nie as boeke wat vir lekker lees aangewend word. Sy is van mening dat dit nie nodig is om tekste wat nie op die nasionale lys in te sluit nie en dat boeke wat vir genot geskryf is nie noodwendig gebruik kan word in die onderrig van leerders nie.

> *Nie genoeg tyd vir lees vir die lekker nie en dalk om krities oor goed te besin nie.*

Volgens hierdie vakadviseur is daar eintlik net geld en tyd om die voorgeskrewe tekste te lees. Daar word voorsiening gemaak vir ’n verskeidenheid van metodes soos om oor die teks te praat, daaroor te teken of om iets daaroor te skryf, maar daar word grotendeels aanbeveel dat die onderwysers by die tekste in die handboeke of ander voorgeskrewe boeke te fokus.

Dit wil uit die vakadviseur se antwoorde blyk dat vakadviseur drie nie onderwysers aanmoedig om kinders ’n groter blootstelling aan ander tekste te gee nie, en dat kinders hier deur die toedien van hulle onderwysres en vakadviseurs lees arm is.

7.2.1.2 Die keuse van boeke

Volgens vakadviseur een is skole baie handboekgebonde. Onderwysers voer volgens haar nie regtig keuses uit oor boeke wat in die klas gebruik kan word nie, omdat hulle slegs dit wat in die handboek is gebruik. Dit is haar mening dat ’n groot getal onderwysers nie noodwendig weet waarna hulle moet oplet wanneer hulle boeke kies nie. Sy is verder van mening dat dit jammer is dat onderwysers só handboekgebonde is, maar besef dat dit in baie gevalle nie anders kan nie. Onderwysers en skole kan dit nie bekostig om gedurig nuwe boeke aan te koop nie.

Volgens vakadviseur een het die departement werkboeke aan skole gratis gegee sodat almal toegang het tot boeke. In die boeke (sien addendum) soos in die geval van Graad 1 is daar narratiewe verhale in die boeke opgeneem. Daar word ondermeer *Die drie beertjies* in *Graad 1 Afrikaanse huistaal* (2011:30) gebruik. Volgens die vakadviseur is dit egter ’n probleem omdat onderwysers nie self die verhale kies nie en daarom nie weet wat werklik belangrik is vir die leerders om te leer en te weet in die verband nie. Sy stel die probleem in die klaskamer soos volg:

> *...they’ve got nothing to read you know and uhm I I I try to explain to them you need to build up a variety of books of different levels so that you build up a graded system so children can come in and take a book that they feel comfortable with and then later they take a more challenging book you know that’s what I’m trying to and also that they can use authentic reading material you know they can use stories from magazines and they can use a cereal box actually or a Simba chips packet you know but they mustn’t tell me that there’s nothing to read...*

Volgens vakadviseur moet boeke wat deur onderwysers gekies word universele temas hê wat elke kind in die klaskamer sal geniet. Boeke wat handel oor sport of musiek. Dit moet verder volgens die vakadviseur boeke wees

wat lekker is, want as kinders kan lag oor die boek sal dit selfs van meer waarde vir kinders wees. Vir die jonger kinders is die vakadviseur van mening dat onderwysers die nodige kennis moet beskik om illustrasies te evalueer omdat die visuele van uiterse belang is in die keuse van boeke vir die jonger ouderdomme.

Volgens die vakadviseur is dit nie net by illustrasies dat die kinders se belangstelling in ag geneem word nie, maar ook wanneer dit by ouer kinders kom. Die onderwerpe waaroor die boeke handel, moet in die belangstelling van die kinders val omdat hulle dan nog wil lees en so hulle leesgewoontes bevorder.

Volgens hierdie vakadviseur kan fantasie en sprokies[1] gerus in klasse gebruik word. Kinders weet volgens die vakadviseur wat die werklikheid is en wat fantasie is.

Volgens vakadviseur twee beveel hulle net aan dat die onderwysers boeke van die nasionale katalogus af kies en meestal van hulle gebruik maak. Die vakadviseurs laat die keuse van boeke aan die onderwysers oor en so ook die kriteria waarvolgens hulle dit doen. Die vakadviseur is nie betrokke by die keuse van boeke op die nasionale lys nie en kry ook nie geleentheid om nuwe boeke met onderwysers te deel nie. Sy is van mening dat die belangrikste element wat 'n rol speel by die keuse van boeke deur onderwysers die tema en leesbaarheid van die teks moet wees. Vakadviseur twee is verder van mening dat die woordeskat in sommige gevalle te moeilik is vir die leerders en dat dit kinders negatief kan beïnvloed.

Volgens hierdie vakadviseur is sy nie teen die gebruik van fantasie en sprokies in die klaskamer nie, maar dat dit belangrik is dat die onderwysers hulle eie oordeel gebruik. Onderwysers moet bepaal hoe hulle dit wil en kan gebruik in hulle klaskamers en die onderwysers moet die kulture in hulle klas in ag neem wanneer hulle fantasie en sprokies wil gebruik.

Vakadviseur drie moedig onderwysers aan om ander boeke te gebruik, maar noem dit dat die meeste skole en onderwysers eerder net boeke van die nasionale katalogus af kies. Hulle voer nie self 'n evaluering van die boeke uit nie en gebruik dit omdat dit finansieel meer sin maak vir die skool en omdat onderwysers aanneem dat die boeke op die nasionale lys van goeie standaard is.

> *Ja, ons moedig hulle aan, maar hulle kies maar net stories van die lys deur die Departement verskaf en dan ook leesboekies as hulle het. Onderwysers gebruik dit na hul goeddenke – hulle gebruik verskillende metodes.*

Dit wil voorkom of vakadviseurs en departement buiten vir die nasionale katalogus nie onderwysers verder ondersteun in hulle keuse van boeke en die kennis wat onderwysers in die verband nodig het nie. Dit wil voorkom of onderwysers slegs boeke van die katalogusse af kies omdat dit maklik is en omdat die onderwysers dan nie self boeke hoef te evalueer nie, dus hoef hulle nie indiepte kennis te hê oor kinder- en jeugliteratuur nie.

[1] Daar word in die studie spesifieke melding gemaak van fantasie en sprokies in die klaskamer omdat dit as 'n kontroversiële aspek van kinder- en jeugliteratuur na vore gekom het uit die data wat ingesamel is (sien addendum).

Buiten dat hierdie vakadviseur van mening wees dat onderwysers in die meeste gevalle by die boeke moet bly wat deur die departement aanbeveel word, kan onderwysers andersins fokus op die temas, leesbaarheid en interessantheid van die bepaalde teks omdat dit bepalend sal wees of die leerders van die bepaalde boek sal hou al dan nie.

Vir hierdie vakadviseur kan sprokies en fantasie gerus gebruik word in klasse. Sy beveel ook onderwysers aan om dit te gebruik as temas vir leesbegripstoetse en skryfstukke.

7.2.1.3 Die onderwyser en sy/haar gebruik van kinder- en jeugliteratuur

Vakadviseur een moedig onderwysers aan om op alle vlakke stories te gebruik in hulle klaskamers. Beide boeke wat in die Departementele lys opgeneem is en boeke wat andersins beskikbaar is. Die vakadviseur beveel onderwysers ondermeer aan om boeke te gebruik wat oor regte keuses gaan.

> *...the right choices; there are stories of morals that they get given, especially with the HIV/Aids teaching them to make choices uhm pure...handling pure pressure...*

Volgens hierdie vakadviseur weet onderwysers nie noodwendig hoe om kinder- en jeugliteratuur in hulle klasse te gebruik nie. In die geval van Graad R word die storie byvoorbeeld aan die kinders vertel (dus is dit slegs stories wat die onderwyser ken) eerder dat dit voorgelees word, maar dit is belangrik dat onderwysers besef die boek moet steeds byderhand gehou word sodat kinders kan sien wat gaan kom, sodat hulle vooruitskouings kan maak. Die terminologie wat voorkom in die storie moet aan kinders verduidelik word, sodat hulle sodoende nuwe woordeskat kan aanleer. Onderwysers vergeet ook maklik dat kinders nie noodwendig boeke ken nie en daarom moet onderwysers weet dat hulle kinders moet leer hoe boeke “werk”. Soos dat woorde van links na regs gelees moet word, dat die prente en die buiteblad deel is van die storie. Kinders moet leer wat is punktuasie en wat is die doel daarvan in boeke en dat boeke opgepas moet word.

Volgens die vakadviseur word stories egter tot groot verlies van die kinders op die agtergrond geplaas. In die meeste gevalle word werkboeke nie eers saam met die kinders huis toe gestuur nie, wat dan weerhou dat kinders die waarde van boeke kan beleef en voel dat hulle ’n boek van hul eie besit. Onderwysers weerhou kinders in baie gevalle eerder van stories as om dit aan te moedig in die skool. Volgens die vakadviseur is die realiteit dat kinders in baie gevalle in ’n arm gedrukte wêreld leef. Baie kinders sien nooit dat hulle ouers lees of skryf nie en in die skool word daar net aan die skoolwerk gefokus. Daar is geen genot vir kinders met tekste nie. Volgens die vakadviseur moet ons klaskamers skep waar boeke en penne vrylik beskikbaar is sodat kinder teks en die gedrukte woord kan ontdek. Volgens hierdie vakadviseur moet onderwysers onderrig deur om stories te gebruik. Hulle moet tekste gebruik wat op die nasionale lys is en ook tekste wat nie daarop is nie.

> *...you can’t teach language without reading and if you are, you’re not following policy...*

Volgens vakadviseur twee word onderwysers aangemoedig om stories in hulle klasse te gebruik, maar dat dit nie altyd moontlik is nie. Die vakadviseur is van mening dat die televisie ’n groot rol speel in die feit dat stories nie in

die klas gebruik kan word nie. Kinders wil eerder volgens haar stories wat hulle op die televisie sien in die klas ook hoor. Hierdie vakadviseur kon nie voorbeelde gee waar verhale gebruik kan word in die klaskamer nie en het ondermeer genoem dit sal maar afhang van die tema. Die vakadviseur het ondermeer genoem dat 'n boek gesoek sal moet word wat byvoorbeeld wiskundige elemente aan kinders kan oordra, maar kon nie insien dat iets soos *Die drie beertjies* selfs gebruik kan word nie.

Volgens vakadviseur drie geniet leerders stories en kan dit gebruik word in die klaskamer. Sy beveel ook onderwysers aan om dit te gebruik, maar dit is ongelukkig aan die afneem volgens die vakadviseur. Kinders se verwysingsraamwerk verklein en stories wat deur onderwysers in die klaskamer gebruik word, is gewoonlik slegs tradisionele stories en die meeste kinders geniet dit meer om televisie en flieks te kyk wat dan daartoe lei dat kinders minder van verhale hou wat gelees word.

Volgens die vakadviseurs is daar baie min kinders wat regtig nog lees en daarom sal dit nie van waarde wees om boeke aan kinders beskikbaar te stel in die klas nie. Tog vertel die onderwysers in die opsig 'n heel ander verhaal. Die kinders, sou die geleentheid vir hulle gegee word, geniet dit om te lees, in die klas en ook in hulle vrye tyd.

Die vakadviseur is verder van mening dat daar nie noodwendig tyd is vir lees in die klas buiten die voorgeskrewe werke nie. Daar word gebruik gemaak van verskillende metodes, maar daar is nie noodwendig tyd om boeke buite die kurrikulum in te trek in die onderrig van leerders nie. Sy probeer onderwysers aanmoedig om gebruik te maak van tekste binne en buite die kurrikulum, maar is nie seker dat dit werklik moontlik is nie.

7.2.7.5 Vakadviseur se opinie en uitgangspunte ten opsigte van POP

Volgens vakadviseur een word daar gereeld deur die departement professionele ontwikkeling aangebied waarna dit die vakadviseur se plig is om die skole te besoek om die onderwysers te monitor in hulle implementering van onderrigtegnieke, veral met die implementering van die KABV. Die vakadviseur het dit egter duidelik gemaak dat sy nie toegelaat word om die klasse self te besoek nie en hulle observasie word beperk tot die lesbeplannings en lêers wat deur die onderwysers saamgestel word. Die vakadviseur het dit duidelik gemaak dat alle vordering en professionele ontwikkeling slegs moontlik is wanneer daar 'n goeie verhouding is tussen die persoon of instansie wat die professionele ontwikkeling aanbied en die onderwysers en skole wat die professionele ontwikkeling bywoon.

Die vakadviseur het ook ondermeer genoem dat dit baie moeilik is om by al die skole uit te kom omdat haar skedule ook baie vol is. Alhoewel professionele ontwikkeling, veral vir onderwysers wat professionele kwalifikasies het, nie deel is van haar posbeskrywing is nie, moet die vakadviseur dit opneem omdat ander POP's nie die gewenste inligting aan die onderwysers oorgedra word nie. Beginner onderwysers het volgens haar nie die kennis wat hulle moet hê nie en die verantwoordelikheid vir hulle professionele ontwikkeling word hare.

> *Uhm ek...I try to do it well I sometimes wonder if if that's supposed to be my job that's why I think now these people are supposed to be trained why aren't they trained now what's going, they're missing something, because I shouldn't be the one to teach them how to teach, surely*

not, but that's what I'm finding what I have to do, and uhm I, my challenge is that I got teachers that are really good they know what they are doing, but the majority of them are unexposed and not knowledgeable so...

Dit maak dit moeilik vir die vakadviseur om werklik voortdurende ondersteuning aan onderwysers in die klaskamer te gee. Die area wat die vakadviseur moet ondersteun is volgens die vakadviseur baie groot, en dit is vir haar baie moeilik om by al die skole uit te kom. Vakadviseur twee en drie het ook ondermeer genoem dat hulle baie eerder onderwysers sou wou help in die klaskamer, maar dat dit soos in die geval van vakadviseur een nie moontlik is nie, omdat hulle te veel skole en onderwysers moet ondersteun.

Volgens al drie die vakadviseurs is die grootste probleem wat sy teëkom dat onderwysers slegte houdings het wanneer dit kom by professionele ontwikkeling. Die kursusse wat hulle al aangebied het, was volgens hulle eie erkenning slegs bolangs, maar as onderwysers nie die basiese verstaan nie, hoe kan hulle beweeg na die gevorderde aspekte. Hulle het genoem dat die onderwysers negatief opdaag en dat die taak dan reeds half verloor is omdat dit baie moeilik is om dan hierdie onderwysers te motiveer, en as hulle nie gemotiveer is nie, kan hulle nie ten volle die professionele ontwikkeling benut nie.

7.2.1.4 Vakadviseur se opinie oor onderwysers se kennis

Volgens vakadviseur een het alle onderwysers nie die nodige kennis oor kinder- en jeugliteratuur nie. Volgens haar is daar uitsonderings waar onderwysers die nodige kennis het, maar volgens haar het die meeste onderwysers ongelukkig nie die nodige kennis nie. Volgens die vakadviseur is dit belangrik dat onderwysers ondermeer weet watter vra hulle moet vra wanneer hulle 'n boek evalueer om sodoende die ruimte, tema en ander narratologiese elemente te bepaal. Volgens haar moet die onderwysers die gepaste en korrekte terminologie ken wanneer dit by boeke kom omdat hulle kinders aan hierdie terme gewoond te maak.

Die vakadviseur is verder van mening dat onderwysers boeke, outeurs en illustreerders moet ken sodat hulle ingeligte besluite kan maak wanneer hulle boeke kies. Onderwysers moet ook voorbeelde ken waar boeke met sukses in die klaskamer gebruik is sodat hulle die tegnieke en gebruike in hulle eie klasse kan toepas. Die vakadviseur was geskok dat alle onderwysers nie metodologiese onderrig ontvang het nie en dat die onderwysers wat wel onderrig in die gebruik van kinder- en jeugliteratuur ontvang het dit bloot 'n leeskursus was wat hulle gemiddeld tot agt jaar terug ontvang het.

Vakadviseur twee het op die vraag oor watter kennis onderwysers moet beskik slegs geantwoord:

Weet nie werklik nie, seker die basiese goed soos karakter, tema, plek ens.

Vakadviseur drie voel net soos vakadviseur twee dat onderwysers die kennis wat in die vraelyste gevra is, moet hê. Volgens hierdie vakadviseur moet onderwysers die verskil tussen verskillende genres ken, tema, karakter en ander aspekte wat genoem is. Volgens die vakadviseur is dit basiese kennis wat onderwysers gedurende hulle

opleiding ontvang. Die vakadviseur het ondermeer genoem dat dit die kennis belangrik is, maar dat dit nie die belangrikste aspek van taalonderrig is nie. Haar antwoord op die vraag was soos volg:

> *Dalk ja, dan sou ons meer van jou vrae kon beantwoord – Grappie. Ons weet nie werklik hoe om die goed te doen nie. Ons teach maar soos ons geteach is.*

7.2.1.5 Refleksie van die navorser ten opsigte van die vakadviseurs se data

Die onderhoud met vakadviseur een was sekerlik die onderhoud waaruit die meeste bruikbare inligting bekom is. Die vakadviseur is betrokke by die onderwysers wat sy moet ondersteun en sien die leemte in onderwysers se kennis in en werk self aan professioneleontwikkelingsprogramme om hierdie kennis van onderwysers op te bou en te ondersteun. Die adviseur het die doel van die studie as baie positief ervaar omdat sy voel dat professionele ontwikkeling nie net vanuit een hoek aangepak moet word nie, maar dat dit 'n samewerking moet wees tussen die departement, skole en akademiese instansies. Op die wyse kan alle aspekte en behoeftes van die betrokke partye aangespreek word, omdat al die partye die nut en voordeel daaruit kan put.

Die vakadviseur het veral die slaggate wat voorkom in professionele ontwikkeling uitgewys, soos om ondermeer 'n verhouding met die onderwysers op te bou, om die onderwysers die kenners te maak en hulle nie net bloot voor te skryf nie en om onderwysers deel te maak van hulle eie professionele ontwikkeling.

Ek het die onderhoud baie positief en insiggewend beskou omdat die vakadviseur met oorgawe deel wil neem aan die studie, selfs al was sy eers skepties. Haar verandering van opinie dat die studie wel belangrik is en waarde kan voeg tot die professionele ontwikkeling van onderwysers en die gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer is 'n verdere bewys dat hierdie navorsingsvraag prakties en belangrik is.

Die onderhoud met vakadviseur twee was positief en die adviseur was baie gewillig om te gesels oor die gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer. Die vakadviseur is egter van mening dat die implementasie nie altyd deurvoerbaar is in die skool nie, die feit dat sy dit nie as deurvoerbaar sien nie kan toegeskryf word omdat die vakadviseur nie enige nuwe boeke kon herken in die vraelys nie. Sy weet nie van nuwe boeke in Afrikaans nie en is ook nie seker hoe dit in die klaskamer geïmplementeer kant word nie en daarom ook nie onderwysers in die verband noodwendig kan adviseur nie. Die vakadviseur blameer verder die tegnologiese wêreld soos ondermeer die rekenaar en veral die televisie hiervoor. Volgens haar stel kinders bloot net nie meer belang daarin om te lees nie. Volgens vakadviseur drie is leerders se verwysingsraamwerk besig om drasties te krimp ten opsigte van stories. Sy is van mening dat kinders nie self meer lees nie, maar dat hulle slegs films en verhale wat daarop gebaseer is ken soos ondermeer die *Harry Potter* film reeks en *Spud*. Vir die vakadviseur is dit 'n baie groot probleem en wil sy graag hê dat literatuur deel word van die skoolkurrikulum en is van mening dat die KABV hiermee sal help. Sy voel dat literatuur leerders se verwysingsraamwerk kan verbreed en hulle kan help om krities te dink. Die vakadviseur verwys egter daarna dat die meeste literatuur in skole slegs dit is wat deur die departement voorgestel word en dat onderwysers nie oor die kennis beskik om literatuur vir genot of enige ander doeleindes in hulle klaskamer te gebruik nie. Daar moet praktiese voorbeelde aan onderwysers gegee word oor hoe hulle literatuur kan gebruik in hulle klas, in onderrig en so ook in die strewe om leerders te motiveer

om self te lees. Ek wil egter verskil van die vakadviseurs dat tegnologie soos films en veral die televisie kinders, so drasties soos hulle beskryf, beïnvloed. Dit is nie asof die televisie in die klaskamer gebruik word nie, kinders verwag dit ook nie. Kinders wil stories hoor en daarom moet ons aan kinders die geleentheid gee om met boeke kennis te maak. Volgens my moet vakadviseurs aan onderwysers demonstreer hoe verskillende verhale en voorbeelde gebruik kan word, dan sal onderwysers ook die nut en genot van stories in ander vakke as tale gesien word.

Vakadviseur twee voer verder aan dat sy onderwysers aanmoedig om stories te gebruik in hulle klaskamers maar dat onderwysers slegs kies van dit wat aan hulle voorgestel word deur die departement. Sy is van mening dat die onderwysers handboekgebonde werk en in die meeste gevalle nie tekste van buite met kinders deel nie. Dit is juis hierin waar die grootste leemte lê. Kinders kry nie blootstelling aan stories, gedigte en onderwerpe waarin hulle belangstel nie. Die vakadviseur was wel oop daarvoor om pogings aan te wend om onderwysers op te lei oor hoe hulle stories en gedigte in die klaskamer kan gebruik. Dit was interessant dat die vakadviseur nie regtig omgee hoe onderwysers stories in hulle klas gebruik nie, al is die KABV teksgebaseer. Volgens vakadviseur twee kan onderwysers stories en gedigte kan gebruik soos hulle wil en goeddink en dat die metode wat hulle in die verband gebruik ook aan die onderwyser se diskresie oorgelaat kan word.

Vakadviseur twee en drie se antwoorde ten opsigte van die kennis wat onderwysers oor moet beskik dui op ’n moontlike leemte. Vakadviseur twee het ondermeer geantwoord: ‘*Weet nie werklik nie, seker die basiese goed soos karakter, tema plek ens’*; en vakadviseur drie: *‘Ons weet nie werklik hoe om die goed te doen nie’.* Hierdie antwoorde is vir my kommerwekkend. Die term ‘*seker*’ dui vir my daarop dat die vakadviseur wat self hier die onderwysers moet ondersteun self nie weet watter kennis vir onderwysers van waarde is nie en ‘*basiese goed’*. Wat tel as basies vir die vakadviseur. Daar moet tog ’n standaard opgebou wees waarvolgens vakadviseurs onderwysers moet ondersteun. Die KABV vereis teksgebaseerde onderrig, maar die vakadviseurs erken self dat hulle nie die kennis van hoe om dit te doen nie, en erken ook dat die onderwysers wat hulle lei ook nie weet nie. Dit beteken dat daar geen integrasie van kinder- en jeugliteratuur hier is nie, want nie die vakadviseur of die onderwysers weet hoe nie. Hulle ken nie boeke, tegnieke, skrywers of illustreerders nie. Nie die vakadviseur of die onderwyser kan boeke evalueer nie.

Die vakadviseurs weeg die kennis wat die onderwysers moet hê volgens hulle aan die vraelyste op. Dit beteken vir my dat die vakadviseurs nie self enige kennis het nie en dat hulle as rigtingaanwyser in die geval die vraelys beskou. Die vrae wat in die vraelyste ingesluit is was slegs die vrae wat vir ek as belangrik vir die studie beskou het, so die inligting wat nie daarin vervat is nie is volgens die vakadviseur onnodig.

Vakadviseur twee en drie was negatief teenoor haar pogings om onderwysers professioneel te ontwikkel. Sy is van mening dat alhoewel hulle moeite doen om onderwysers professioneel te ontwikkel, is hulle nie seker of hulle pogings werklik in die skool geïmplementeer word nie en of dit daadwerklik ’n verskil maak nie, en voel verder dat die poging om ’n professioneleontwikkelingsprogram om kinder- en jeugliteratuur te ontwikkel nie implementeerbaar sal wees nie.

Dit wil hieruit voorkom dat die professioneleontwikkelingsprogram nie net op die onderwysers gemik moet word nie, maar ook op vakadviseurs as daar werklik gepoog wil word om stories en gedigte vir leer en vir genot deel word van die daaglikse skoolkurrikulum in die skool.

7.2.3 Tematiese analise van die onderwysers se data

7.2.3.1 Die KABV as leidinggewende dokument

Volgens die onderwysers van skole een, twee, vier en vyf is die kurrikulum op die stadium te vol om werklik kinder- en jeugliteratuur deel te maak van hulle onderrig. Volgens die onderwysers word die lekker wat opgesluit is in kinder- en jeugliteratuur weggeneem omdat die entoesiasme in tale oor stories in skole deur die Departement van basiese onderwys gedemp word deur sinlose administrasie.

> *Nee, kom ek sê vir jou wat vat die lekker weg, die hele lekker van stories,. alle skole word deur die Departement van Onderwys gedemp wat ons het pakke en pakke, en pakke sinlose, nuttelose administrasie... (Onderwyser skool een)*
>
> *Kyk ek kan die essensie daarvan insien, absoluut, maar wanneer? (Onderwyser skool vier)*

Onderwysers is van mening dat hulle nie die geleentheid kry om nuwe boeke te ondersoek en te lees nie, omdat hulle deur administratiewe pligte in die klaskamer en by die huis oorlaai word. Buiten vir die administrasie en onderrig wat die onderwysers moet verrig, word hulle tyd onder meer deur nasionale assessering, skoolprogramme, formele toetse en eksamens opgeneem. Die kurrikulum laat baie min tyd volgens die onderwyser om kinder- en jeugliteratuur te integreer in hulle onderrig. Die onderwysers van skool drie voel glad nie dat die kurrikulum te vol is nie en dat daar genoeg tyd is om saam met die kinders te lees. Die onderwysers het vertel dat hulle gedeelde lees met die leerders doen en ook vir die kinders voorlees. Tog is dit interessant dat die onderwysers volgens my observasie dit nie doen nie en ook nie van die nuwe boeke ken nie. Die onderwysers is van mening dat dit die kind en ouers se verantwoordelikheid is om bykomende boeke te lees, en tog is dit juis dié skool wat nie ’n biblioteek het nie, wat geen bykomende materiaal en boeke aankoop nie en waar dit van die kind verwag word om iemand in sy woonbuurt te soek om hom/haar te help sou hy/sy nie Afrikaans kan lees nie.

Die onderwysers van skool 2 het ’n unieke probleem met die KABV uitgelig omdat hulle Afrikaans as eerste addisionele taal onderrig. Die onderwysers voel dat die drastiese en vinnige implementering van die KABV kinders deurmekaar maak omdat hulle volgens die onderwysers nie noodwendig al die klanke in Graad 1 bemeester het nie, aangesien nie Afrikaans of Engels bekend is aan die leerders nie, raak hulle verward deur die verskillende klanke waarmee hulle skielik gekonfronteer word.

Die onderwysers van skole twee tot vyf het verder die opmerking gemaak dat die tekste in baie gevalle oninteressant en vervelig is en verder meer geskik is vir die swart leerders in die klaskamer. Dit is hieruit duidelik dat die onderwysers van die skole nie nuwe tekste lees of gebruik in hulle klasse nie. Die tekste wat gebruik word

in hierdie skool is slegs die tekste wat in die handboeke opgeneem is en tekste wat op die nasionale katalogus is. Dit dui duidelik aan dat die onderwysers nie tekste gebruik wat regtig van waarde kan wees nie.

7.2.3.2 Die keuse van boeke

Onderwysers by skool een beskou hulleself in 'n bevoorregte posisie omdat die beheerliggaam en die hoof van die skool lees as belangrik sien en altyd moeite sal doen om ook boeke aan te koop wat nie op die nasionale lys van boeke is nie. Buiten dat die hoof in baie gevalle boeke aankoop vir die skool se biblioteek wat die onderwysers aanbeveel is daar ook verskeie onderwysers by die skool wat in die posisie is om self boeke aan te koop vir hulle klaskamers, en hulle doen dit graag. Skool twee is nie in 'n posisie om ekstra boeke vir die klaskamer aan te koop nie. Daar word wel jaarliks boeke aangekoop vir die biblioteek, maar hierdie aankope fokus meer op Engelse boeke. Skool twee koop hoofsaaklik vanaf die nasionale lys van boeke wanneer hulle Afrikaanse boeke aankoop. Die onderwysers van skool twee het gedurende die onderhoud 'n meer realistiese situasie in Suid-Afrika geskets as by die ander skole. Ouers het nie geld om op ekstra boeke te spandeer nie, en so ook nie die skool self nie. Die onderwysers voel dat Afrikaanseboeke se pryse omtrent dubbeld die prys is van boeke in Engels. Skole drie, vier en vyf kan nie ekstra boeke aankoop nie, al sou hulle graag wou. Volgens die onderwysers kies hulle maar meestal boeke van die nasionale katalogus af, nie omdat dit teen regulasies is om nie daarvan af te koop nie, maar omdat dit nie die finansies regverdig nie. Volgens die onderwysers is boeke bloot net te duur om werklik met kinders die nuwe boeke te deel.

Wanneer onderwysers by skool een boeke koop kyk die onderwysers eers na die buiteblad en daarna na die inhoud en die waarde wat dit vir kinders kan gee. Een onderwyseres het erken dat sy visueel georiënteerd is en daarom altyd eerste die boek sal evalueer op grond van die visuele illustrasies. Wanneer boeke gekies word deur onderwysers by al die skole, is daar gemengde gevoelens onder die onderwysers. Party voel dat boeke wat gekies word met die werklikheid tred moet hou en dat prente nie noodwendig belangrik is nie. Ander onderwysers het weer gevoel dat boeke tot die kind moet spreek en aan die kind 'n nuwe lewe openbaar. Die onderwysers het saamgestem dat dit 'n opvoedkundige waarde moet hê en dat dit kinders iets moet leer, hetsy deur die taal (grammatika, woordeskat en ander taalaspekte) of deur middel van die tema (grootword, mishandeling, om te deel en verskeie ander) wat in die boek oorgedra word (onderwysers van skole een, twee, drie, vier en vyf).

Wanneer onderwyser drie van skool twee boeke moet kies is daar sekere aspekte waarna die onderwysers kyk soos ondermeer na die woorde wat herhaal word in die boek omdat dit volgens die onderwysers belangrik is vir hulle omdat dit die moeilikheidsgraad van die boek bepaal. Verder kyk die onderwyser na die illustrasies omdat dit kinders se aandag trek en die eerste ding is waarna hulle kyk. Indien die boek sonder illustrasies is, het die onderwyser dit ervaar dat die kinders nie belangstel in die boek nie. Die onderwysers van skool twee het van mekaar verskil oor die aard van die illustrasies. Die onderwyser twee van skool twee is teen die gebruik van fantasie gekant asook onrealistiese illustrasies. Die onderwyseres stel dit soos volg:

> *Maar dit moet...as ek praat van 'n, van 'n koei moet daar rêrig 'n koei wees, daar moenie daardie groot pienk koei wees nie.*

Onderwysers by skool een en vier gaan van die veronderstelling uit dat die individuele kind in ag geneem moet word, maar vind dit moeilik om elke kind in ag te neem wanneer hulle boeke in die klas lees. Tog doen hulle moeite om dit te inkorporeer in hulle keuses van boeke.

> *...ek kyk ook na die milieu waarmee ek werk, oor mense kry elke jaar 'n verskillende atmosfeer in 'n klas. So ek kyk waarmee werk ek en ek pas my, my my uh s..ek doen my seleksie op grond van die kind wat voor my is en dan probeer ek 'n waar... kyk wat is die waardes wat aangespreek word, hoe lyk die l.. letter.. hoe is die, hoe is die boek gedruk, is dit kindervriendelik..*

Volgens onderwyser een van skool een moet onderwysers kennis dra van die kind se belangstellingsveld, die kind se ontwikkelingsvlak en die kind se milieu. Indien onderwysers die kinders in hulle klas ken, sal die onderwysers weet watter boeke om met die kind te deel soos ondermeer boeke wat oor egskeidings gaan indien die kind op daardie stadium daardeur moet werk. Alhoewel dit volgens die onderwyser baie moeite verg kan dit van groot waarde wees sou die onderwyser die vermoë het om elke kind afsonderlik te leer ken. Die onderwyser is van mening dat indien jy as onderwyser met die kind van jouself deel sal die kinder met jou dele van hulleself deel en op die wyse leer onderwysers die kinders ken.

Skool drie het nie 'n biblioteek by die skool nie, wat tot gevolg het dat die meeste kinders by die skool slegs toegang het tot die boeke wat hulle onderwysers aan hulle bekendstel. Volgens die onderwysers bring hulle gereeld boeke vir die kinders om te lees, maar met verdere ondervraging kon dié onderwysers nie titels noem nie en hulle kon ook nie boeke aan my gee wat hulle in die klas gebruik nie.

Onderwysers het verder genoem dat hulle die boeke op die nasionale katalogus aankoop en dié kies wat die oulikste lyk. Die probleem hiermee is dat die onderwysers blindelings die boeke kies en nie werklik weet of dit vir hulle leerders geskik sal wees nie. Die meeste se moedertaal sprekers is van Afrikaans[2], ken hulle geen Afrikaanse boeke nie en weet nie wat op die mark beskikbaar is nie. Die onderwysers kon verder nie duidelikheid kriteria verskaf waarvolgens hulle boeke kies nie en die eenvoudige antwoord wat die onderwysers gegee het:

> *Uhm...Well i buy from ABC-books, because they are really cheap and they have the best books ever...[Laughter] if the book looks nice I will buy it.*

Vir die onderwysers by skool drie is die heel belangrikste aspek wanneer dit by die keuse van boeke kom, die illustrasies van die boeke is. Die illustrasies hou volgens hierdie onderwysers verband met die genot wat kinders put en hulle belangstelling. Die onderwysers is verder van mening dat die keuse van boeke sensitief moet wees teenoor die leerders, byvoorbeeld temas oor die dood of egskeiding. Die onderwysers van al die skole erken dat variasie in die keuse van boeke belangrik is, maar die onderwysers erken self dat hulle slegs die boeke wat die

[2] Alhoewel meeste onderwysers moedertaal sprekers van Afrikaans is, het hulle verkies om die onderhoud in Engels te doen omdat daar een onderwysers was wat nie goed in Afrikaans is nie.

departement gee gebruik wat daarop dui dat hulle juis nie variasie insluit nie, nie omdat hulle nie noodwendig wil nie, maar omdat finansies hulle inperk.

Vir die onderwysers van skool een speel die gebruik van fantasie en sprokies nie 'n groot rol nie. Die onderwysers van skool een is van mening dat alhoewel baie ouers en onderwysers bang daarvoor is. Dit moet egter ingesluit word vir die besondere waarde wat dit tot kinders se verbeelding bring. Die onderwysers is ook van mening dat kinders dit veral baie geniet omdat hulle in die verbeelding nuwe aspekte van hulself en hulle omstandighede kan ontdek. Vir die onderwysers van skool twee wat 'n meer diverse kultuur basis het as die ander skole, speel die kind se kultuur 'n groot rol in die boeke wat hulle kies vir die gebruik in die klaskamer. In die skool het hulle bevind dat Moslem ouers totaal teen stories gekant is waarin daar heksie en feetjies is, en daarom moet hulle bedag daarop wees wanneer hulle boeke kies. Vir die onderwysers gebeur dit soms dat ouers selfs oor sprokies kla omdat hulle volgens die onderwysers die slegte in alles soek. Dit is vir die onderwysers soms 'n opvoedingstaak wat nie net onder onderwysers gedoen moet word nie, maar ook onder ouers omdat hulle in baie gevalle stories van kinders weghou. Vir die onderwysers is dit belangrik om sensitief te wees teenoor die kind en die kind se omstandighede, maar daar moet 'n balans in die verband wees. Alle genot van boeke, fantasie en verbeelding moet nie van kinders weggeneem word nie. Vir die meeste onderwysers van die skool is fantasie en sprokies belangrik omdat kinders dit geniet en dit hulle verbeelding ontwikkel. Daar was egter een onderwyser wat baie sterk daarteen gekant is en genoem het dat sy dit geensins in haar klas toelaat nie. Dit is of die werklikheid, of niks.

Ek hou glad nie daarvan nie en dink dis tydmors, die lewe is te kort... Focus on what's real!

Die onderwysers van skool drie is ook van mening dat dit gewoonlik nie die kinders is wat teen fantasie of sprokies is nie, maar eerder die onderwysers en die ouers. Volgens die onderwysers is die kinders ontvanklik vir nuwe dinge en leergierig, maar dat dit hulle ouers is wat hulle leesstof beperk in baie gevalle.

Die onderwysers van skool vier was ook verdeeld oor die vraag of fantasie en sprokies deel maak van die boeke wat hulle sal kies. Onderwyser drie het 'n baie sterk mening dat sprokies en fantasie teen haar Christelike uitgangspunte gaan en daarom sal sy dit nie met haar klas deel nie. Die ander onderwysers het egter hiervan verskil, en juis genoem dat fantasie en sprokies, stories waarin hulle, hulle verbeelding kan gebruik juis groot genot vir kinders verskaf.

Onderwysers het duidelike idees wanneer dit kom by watter boeke nie geskik is vir die leerders in hulle klaskamers nie. Vir die onderwysers van die skool een is enige melding met die seksuele totaal onaanvaarbaar en dit sal ten alle tye deur die onderwysers vermy word. Die onderwysers by skool twee sal ondermeer nie boeke kies waarin die taal met opset vermeng word nie en so ook nie waar die waardes van verskillende kulture afgedwing word op ander nie. Daar moet volgens die onderwysers ook nie oordadige geweld in die storie wees en indien daar wel gebruik gemaak word van geweld, moet die geweld van waarde wees vir die storie en nie net

bloot ingesluit word vir effek nie. Die onderwysers is ook gekant teen die gebruik van sekere mites en boeke wat tipologies moeilik lees. Veral ten opsigte van die 'a' en 'g'. Die tekstipes moet in 'n goeie graad 1-lettertipe wees.

7.2.3.3 Die onderwyser en sy/haar gebruik van kinder- en jeugliteratuur

Die onderwysers van skool een gebruik kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer vir verkenlees, soeklees, studielees, vluglees en vir die genot van kinders. Die onderwysers is van mening dat dit moeilik is om nuwe kinder- en jeugliteratuur met kinders te deel omdat hulle nasionaal gekontroleer word en dit die onderwysers aan bande lê. Die onderwysers in hierdie skool koop in hulle persoonlike hoedanigheid boeke aan wat die kinders geniet soos ondermeer die *Thomas@-reeks*. Die onderwysers het in die onderhoud herhaaldelik genoem hoe die kinders dit geniet om boeke te kom leen en by die huis te lees. Die biblioteek word ook ondermeer baie by die skool gebruik. Kinders geniet kinder- en jeugliteratuur, maar dit word nie voordurend in die klas gebruik nie.

Een van die onderwysers genoem dat sy 'n storiemens is en tot drie weke se aktiwiteite rondom *Hansie en Grietjie* bou. Van die aktiwiteite sluit ondermeer koerantberigte, opstelle, en tekening van *Hansie en Grietjie* in. Volgens onderwyser 1 van skool 1 hou die kinders van die stories en die kinders sal gereeld vra dat sy vir hulle 'n storie moet lees of vertel. Die onderwyser het genoem dat self al vertel of lees sy vir die kinders stories vir genot sal sy hulle aanmoedig om na die tyd 'n breinkaart te teken van die verhaal en aantoon hoe die verhaal opgebou is. Die kinders mag gebruik maak van tydskrifte, koerante en eie kreatiwiteit.

Volgens die onderwysers gebruik hulle ook stories in ander vakke soos ekonomiese-bestuurswetenskappe, sosialewetenskappe en kuns en kultuur. Die onderwyser lees byvoorbeeld vir die kinders 'n storie waarna hulle 'n kunswerk daaruit moet maak. Dit bevorder die kinders se taalontwikkeling, asook hulle kreatiwiteit.

Volgens die onderwysers van skool twee vereis die KABV dat hulle meer gebruik maak van stories in hulle klaskamer en word dit nou gebruik in die meeste klasse. So ook is die eksamenvraestelle storie-gebaseer omdat dit ondermeer 'n begripstoets in die hoër grade insluit. Volgens die onderwysers is dit egter baie moeilik om werklik tekste vir die kinders te gee omdat almal nie so gemaklik is met Afrikaans nie, siende dat Afrikaans die eerste addisionele taal van die skool is nie.

> *...daar's graad 7's wat nog nie 'n woord Afrikaans kan praat nie, tog uhm, they are trying there are some don't want to uhm..*

Vir hierdie onderwysers is dit egter van groot belang dat die kinders met die karakters in die boeke kan assosieer, anders het dit vir hulle geen nut om dit in die klaskamer te gebruik nie. Indien die kinders nie kan assosieer met die karakters nie, is dit vir die onderwysers 'n mors van tyd.

Die onderwysers by skool drie is van mening dat die gebruik van stories nie altyd van waarde vir die kinders nie. Hulle stel dit soos volg:

> *Well you can use the stories, but the time you want to teach them something then it is sometimes difficult...Yes...Then you can't use stories...Jaaa...*

Onderwysers dink stories kan nie leer bewerkstellig nie en gebruik daarom nie werklik stories in hulle onderrigplan nie.

Vir die onderwysers by die skool hang die gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer baie af van die onderwerp wat jy daardie bepaalde dag met die kinders behandel word. Onderwysers is van mening dat indien daar genoegsame boeke oor die gepaste onderwerp is, sal hulle daarvan gebruik maak.

Die onderwysers van skool vier het in die onderhoud genoem dat hulle stories in hulle klaskamer gebruik, maar het egter nie voorbeelde gegee nie. Die onderwysers het slegs genoem dat hulle dit heeldag gebruik, vandat die skool begin tot die skool eindig, maar die onderwysers kon slegs die bekendste sprokies noem soos *Die drie varkies* en *Die drie beertjies*, maar hulle kon nie voorbeelde gee hoe hulle die spesifieke stories integreer in hulle onderrig nie.

Die onderwysers van skool vier voel dat die fantasiewêreld baie belangrik is vir kinders omdat dit kreatiewe denke bevorder, maar die feit dat die onderwysers nie voorbeelde kan gee nie skep die idee dat dit nie werklik in hulle klaskamers gebruik word nie. Dit is ook interessant dat onderwysers op ander plekke waar die vrae nie so prominent was oor die integrasie van kinder- en jeugliteratuur nie, het die onderwysers genoem dat daar nie noodwendig tyd is daarvoor nie. Die onderwysers weerspreek hulleself deur die loop van die onderhoud.

Die onderwysers van skool vyf het in die onderhoud genoem dat hulle gebruik maak van kinder- en jeugliteratuur, maar was eerlik deur te noem dat hulle slegs die gebruik wat hulle moet lees, die wat deur die departement in die kurrikulum voorgeskryf word soos ondermeer die werkboeke (sien addendum vir die werkboeke). In die onderwysers laat hulle elke kind ’n stukkie lees waarna hulle dan die vrae en verhaal bespreek. Die onderwysers gebruik die storie as ’n vertrekpunt van hulle lesse. Die onderwysers beskou die voorgeskrewe werk as ’n gespreksgeleentheid en dan volg hulle taalwerk of skryfwerk na aanleiding van die teks wat gelees is. Dit was slegs skool vyf se onderwysers wat ’n aanduiding gegee het van hoe hulle dit gebruik, die ander onderwysers kon nie voorbeelde gee nie, en het slegs gesê hulle gebruik kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer.

Volgens hierdie onderwysers geniet kinders dit wanneer daar in die klasse gebruik gemaak word van stories. Hulle onthou gewoonlik die verhale maklik en sal in die klas graag vra dat die onderwysers weer vir hulle stories sal vertel. Volgens onderwysers is dit egter moeilik omdat hulle in die meeste gevalle net toegang het tot die voorgeskrewe tekste. Onderwysers het dit ook in die onderhoud genoem dat kinders ongelukkig nie self lees nie. Aan die een kant is dit omdat hulle nie toegang het tot boeke nie, maar ook omdat hulle eerder televisie sal kyk wat onderwysers se taak dan verder bemoeilik.

7.2.3.4 Onderwysers se opinie en uitgangspunte van POP

Die onderwysers van skool een en drie is in die algemeen negatief oor POP’s. Volgens die onderwysers word daar nie in POP’s gefokus op die wyse waarop goeie onderrig plaasvind nie. Vir hulle fokus POP’s gewoonlik op

algemene inligting wat hulle tyd mors en nie regtig doelgerigte riglyne en hulp aan hulle verskaf nie. Vir die onderwysers fokus POP's in baie gevalle op die administratiewe aspekte van skoolonderrig en wat van onderwysers verwag word deur die departement. Die onderwysers is van mening dat hulle geteiken word deur die departement, hulle word voortdurend gekontroleer en voel dat die departement polisieman speel eerder as om hulle te ondersteun en goeie professionele ontwikkeling te gee.

Die onderwysers het aangedui dat hulle gewoonlik drie tipes POP ontvang. In die eerste plek dit wat deur die departement aangebied word was soos reeds genoem fokus op die administratiewe aspekte van hulle onderrrig en dit wat van hulle verwag word. Die ander instansies wat POP aan onderwysers verskaf is gewoonlik akademiese instansies soos universiteite, maar hierdie onderwysers vind dit baie negatief omdat hulle voel dat die universiteite dit meer doen ter bevordering van hulle eie navorsing as om werklik van hulp te wees vir die onderwysers en onderwysers se onderrigtaak. Laastens is daar sekere vakverbonde wat professionele ontwikkeling vir onderwysers gee, soos die Suid-Afrikaanse Onderwys Unie (SAOU).

Die onderwysers van skool twee is negatief oor POP en verkies dit eerder om glad nie enige POP's by te woon nie. Volgens die onderwysers is die persone wat die POP's aanbied gewoonlik onkundig en weet self nie wat hulle veronderstel is om aan hulle oor te dra nie. Onderwysers voel POP's wat hulle al bygewoon het is ongeorganiseerd en bevat inligting wat hulle in baie gevalle reeds weet wat dan weer die onderwysers laat voel dat dit blote tydmors is.

...uhm wasting our time, and the presenters are pathetic...

Die onderwysers by hierdie skool twee voel dat die departementele professionele ontwikkeling nie voldoende is nie. Onderwysers voel dat hulle nie kontak het met die departement nie, en voel dat die inspekteursisteem terug moet kom sodat probleme wat werklik bestaan in die daaglikse lewe van die onderwysers deel kan wees van professionele ontwikkeling. Die onderwysers wat hier Afrikaans as eerste addisionele taal aanbied voel ook dat daar nie moeite gedoen word om hulle by te staan en rigting te gee rakende Afrikaanse hulpmiddels en so meer nie.

Die onderwysers voel ook dat hulle nie enige hulpmiddels ontvang by POP's wat hulle werklik kan gebruik nie. Daar word bolangs in POP's oor onderwerpe gepraat en geen werklike implementeerbare hulpmiddels of strategieë word aan die onderwysers oorgedra nie. Onderwysers by die skool sal graag wil hê dat POP's gaan oor die werklike kwessies wat hulle in die klas beleef. Hulle is van mening dat die instansies wat POP's aanbied eerder navorsing moet doen oor wat die onderwysers nodig het en daarop fokus as om generiese POP's aan te bied wat hulle glad nie help nie. Die onderwysers vra dat die persone wat leiding wil gee na die skole toe moet kom en die werklikheid aanskou en daarmee help. Volgens die onderwysers word daar in die meeste gevalle 'n idilliese klaskamer geskep waarin die metodes en strategieë toegepas kan word, maar die werklikheid is vêr verwyder van hierdie idilliese skets.

Die onderwysers van skool drie was baie verbaal in terme daarvan dat hulle weet wat hulle doen en dat hulle niemand nodig het om hulle te leer wat hulle moet doen nie. Volgens die onderwysers van skool drie het hulle geen professionele ontwikkeling nodig nie. Skool vyf se onderwysers het ook genoem dat hulle weet wat hulle moet doen en vind professionele ontwikkeling as onnodig.

Die onderwysers by skool vier het genoem dat die onderwerpe gedurende POP's wat hulle al bygewoon het oorwegend teoreties was. Die onderwysers voel dat die inligting nie prakties aangebied word nie en daarom nie regtig van waarde is nie. Die omstandighede wat deur die aanbieders geskets word, is volgens die onderwysers vêr verwyder van die werklikheid wat hulle in hulle klaskamers teëkom.

> *...vroeër het hulle presies geweet wat hulle wou aanbied en ons het dit gedoen en ons het skool toe gekom en kon dit aanbied en nou lyk dit vir my die mense bo weet nie hoe nie en hulle gooi dit na ons en sê ons moet nou alles in werkswinkels... as dit in werkswinkel is, is dit 'n nagmerrie, want dan weet niemand wat om te doen nie en hulle soek die inligting en goedjies van die onderwysers af.*

Daar word volgens al die onderwysers van die kole twee tree vorentoe gegee, en agt tree terug omdat daar voortdurend verander word en nie aan die reeds bestaande aspekte gewerk word nie. Die inligting wat by kursusse gegee word, is wyd en fokus nie op dit wat belangrik is nie. Die onderwysers voel dat daar duidelike riglyne gegee moet word en nie net algemene riglyne nie.

Die onderwysers ondervind POP's wat gebruik maak van die groepsisteem ook baie negatief. Die onderwysers voel hul word geplaas saam met onderwysers wat nog nie die basiese kennis wat hulle reeds het, het nie en dan moet hulle die werk doen van die persoon wat die kursus aanbied om als vir die onderwysers te verduidelik. Hul is verder van mening dat wanneer daar in professionele ontwikkeling gebruik gemaak word van groepwerk daar sekere onderwysers is wat terug sit, gewoonlik die wat sukkel, en dat moet die werk wat gedoen moet word deur hulle gedoen word. Vir hulle hou dit geen nut nie en hang POP's in die lug, sonder konteks of betekenis. Die onderwysers voel verder dat POP's waar hulle aanbiedings moet doen en inligting moet uitruil eensydig is waar hulle na die afloop van so kursus met niks wegstap nie en die ander onderwysers al hulle werk vat en net bloot implementeer in hulle skole.

Die onderwysers is ook ongelukkig dat professionele ontwikkeling soms na skoolure en in die vakansies plaasvind. Onderwysers voel dat dit hulle private tyd is en dat professionele ontwikkeling nie in hulle persoonlike tyd geskeduleer moet word nie, maar in skoolure.

Ek het ondermeer ook vir hierdie onderwysers gevra wat hulle sou weg neem uit professioneleontwikkelings-programme en hulle antwoord was duidelik:

> *Alles! Gee vir ons goed van waarde in ons klasse en vir ons kinders, nie goed wat ons nie dink gaan werk nie en dit moet ook nie aangebied word deur mense wat nie weet wat hulle doen nie.*

Die onderwysers voel dat die departement nie genoegsame ondersteuning gee nie. Volgens die onderwysers gaan die departement se ondersteuning slegs sover as die nagaan van administrasie. Daar word gekyk na lesbeplannings en leërs en die onderwysers voel dat die departement nie werklik weet wat om te doen nie en ook nie weet hoe om dit te doen nie.

7.2.3.5 Onderwysers se kennis aangaande kinder- en jeugliteratuur

Vervolgens sal die antwoorde van die onderwysers se vraelyste wat verband hou met die kennis van die onderwysers gegee word waarna die kennis van die onderwysers bespreek sal word.

Tabel 7.1: Onderwysers se antwoorde op kennisvrae

Onderwysers van skool een se antwoorde op kennis vrae.[3]										
	Wat verstaan u onder kinderliteratuur	**Wat verstaan u onder Jeugliteratuur**	**Wat is die verskil tussen kinder- en jeugliteratuur volgens u**	**Beskou u kinder- en jeugliteratuur as belangrik in die skool en waarom?**	**Wat verstaan u onder multikulturele verhale?**	**Karakter**	**Tyd**	**Ruimte**	**Fokalisator**	**Tema**
Onderwyser 1	Literatuur bedoel vir klein kindertjies. Voorskool tot op laerskool	Jeugliteratuur is meer vir die volgende ouderdomsgroepe wat volg op die kinderliteratuur. Tot op hoërskoolvlak.	Elkeen is geskryf vir 'n spesifieke ouderdomsgroep en ontwikkelingsvlak van 'n stadium in 'n leser se lewe. Woordeskat, moeilikheids-graad, druk ens. sal verskil.	Enige vorm van lees is belangrik. Verbreed algemene kennis, woordeskatuitbreiding, sinskonstruksie verbeter ens. Spelling, leesvermoë sal ook verbeter	Bedoel vir alle kultuurgroepe/ bevolkings-groepe	Rolle wat gespeel word in die verhaal. Karakters is die persone (hetsy mens of diere-karakters) waaroor die verhaal handel	Tydperk waarin die verhaal afspeel. Verlede / Hedendaags.	Plek waar die verhaal afspeel. By die bos, stad, plaas ens.	Fokuspunt van die verhaal. (Middelpunt) Punt waarom alles draai	Waaroor die boek handel. Die verhaal of storielyn van die boek. Baie keer wil die tema 'n lewensles vir die leser oordra.
Onderwyser 2	Goeie letterkundige leesstof spesifiek vir kinders	Dit is leesstof geskik vir kinders in hul puberteitsjare tot jong volwassenheid	Kinderliteratuur is meer geskik vir jonger kind tot ongeveel 12/13 jaar en jeugliteratuur is meer geskik vir	Ja die verbeeldingswêreld moet onwikkel word. Dit is 'n medium waarin kinders	Leesstof van waarde wat vir meer as een kultuurgroep geskik is en leesstof wat verskeie kulture	Dit is 'n deelnemer persoon in die leesstuk/ storie	Tydgleuf waar in die verhaal afspeel of tyd wat aangedui word in die verhaal.	Die omgewing waarbinne die verhaal afspeel.	Die hoogtepunt/ vernaamste saak waaroor die verhaal gaan.	Die hoofgedagte waarop gefokus word.

[3] Die inligting in die tabel word verbatim oorgedra. Geen taal word gekorrigeer nie om sodoende betroubaarheid te bevestig, dus is sommige antwoorde in Engels Alhoewel sommige onderwysers niks ingevul het nie, is dit ingesluit in die verslag om aan te dui dat onderwysers nie gemaklik is met die kennisvrae nie.

			jongmense vanaf ongeveel 14 tot 18-20 jaar.	hulle kan uitleef.	in ag neem en vir verskeie kultuurgroepe geskik is.					
Onderwyser 3	Is literatuur vir kleiner/jonger kinders op hulle taal- en ervaringsvlak - leesstof wat geskik is vir kinders	Jeugliteratuur sal spreek tot ouer kinders van puberteit tot vroeë volwassenheid - hul gedrag en emosionele vlak sal in ag geneem word.	Die vlak waarop dit geskryf word sal verskil. Taal sal verskil - jeug het al 'n uitgebreide taalvlak, gebruik woorde wat by hulle leefstyl en praatstyl pas. Emosionelevlak anders as kleiner kinders.	Is belangrik - kinders lees nie graag nie. Leesvaardighede baie swak asook leesbegrip. Elektroniese toerusting soos selfone word al hoe meer gebruik. Onderwerpe/ inhoud van boeke moet interessant wees.	Dit is waar verskillende bevolkingsgroepe by betrokke is. Hulle deel/vertel van hul verskillende gebruike en gewoontes.	Persoon/persone wat hoofrol speel in die boek - die middelpunt waaroor die boek gaan.	Tydperk waarin die verhaal afspeel - kubertyd, ruimtereise, ou tyd.	Omgewing waar grootste deel van die verhaal gebeur. Bv. Die skool in laboratorium wat hulle proefnemings doen om maan toe te gaan.	Dit is die fokus, brandpunt waaroor die verhaal gaan	Tema is waaroor die boek handel.
Onderwysers van skool twee se antwoorde op kennisvrae.										

Onderwyser 1	Children's literature consists of stories etc. aimed specifically at children. Children's literature specifically works with themes, stories, characters that children would enjoy. Young Children	Youth literature may focus on older children, maybe even young adults. Here a young adolescent may take the lead as the main character of a story making the youth identify more with the story.	Children's literature targets a younger audience. Youth literature targets older children and even young adults.	Yes as they can be gate ways and stories that help young people grow. Further reading helps shape young creative minds.	Working with different cultures, races, gender etc., into one story with a positive outcome.	Main figures that aid in the telling of a story's narrative.	Time, the period in which the story takes place.	The location of the story.	Main focuses of the story.	Main idea running through the story.
Onderwyser 2	Reading material suited for a specific group or written/ produced by a child	Same as above but for a older. Group 13 and up.	Age I think, Children should be younger.	Yes in SA. We start with formal reading at age 7 and material uses must be age/level appropriate.	Across the various cultural groups Muslim, African etc. Respect shown across spectrum	The people in a story or written piece.	When the story takes place. Year, time of year/day.	Where	Main points - emphasis is placed on lessons etc.	What it is about.

Onderwyser 3	Dit is veral stories, gedigte wat spesifiek vir kinders geskryf is.	Hierdie is stories en gedigte wat vir jong/jeug kinders geskryf is.	Die moeilikheidsgraad verskil wel, taalgebruik ens.	Ja, dit help met spelling, hulle begrip van geskrewe teks en help kinders/jeug om effektief te kan kommunikeer. Dit kan selfs emosies opwek of sielkundig 'n kind help as hul kan assosieer met geskrewe teks. Verryk 'n kind se verbeelding.	Dit is wanneer ander kulture in konsiderasie/ of in ag geneem word. Dit help ander om hulle in hul sosiale omgewing te plaas.	Dis die mense/diere in die verhaal. (They bring the story across)	When the story takes place and how long it plays out for.	Where it takes place.	Where the focus of the story lies and emphasis placed on certain things.	This is the main idea/moral of story/ message that wants to be brought across.
Onderwyser 4	Stories with meaning / Articles, magazines, anything that you can relate to. Sprokies, Seuns - Avontuur	Topics relevant to their age group. Science fiction, Stories about animals	Children should not be riding about fashion drugs, pop stars - who did what! Youth - Without the drug/ alcohol, sex, swearing but fashion, sport, movies orientated.	Yes, this is what they see and hear all day. This is all they are interested in, but needs to be checked. "Hoezit" eg. Awesome.	There is no more multi-cultural. Children - youth across the board - colour - race etc. Only interested in music, fashion.	People who interact and who interest youth. Justin Bieber - Selena Gomez The main character in a story.	Era - Time when story took place	Where, place	Age group - Topic of the story - storyline.	What it is about.

Onderwysers van skool drie se antwoorde op kennis vrae

Onderwyser 1	Boeke wat spesifiek vir kinders geskryf is - kinders van 'n jong ouderdom tot op laerskoolvlak	Boeke wat meer op die adolessent in die hoërskool gemik is.	Kinderliteratuur werk baie volgens temas soos bv. Fantasie, terwyl jeugliteratuur meer fokus op hedendaagse gebeure in die lewens van die adolessente bv. Eerste liefde, dwelmmisbruik	Ja, omdat leerlinge vandag baie sukkel met lees en hul verbeeldings a.g.v. televisie, rekenaars, nie meer so ontwikkel is soos die van vroeër jare nie. Hul kreatiewe denke is afgestomp.	Literatuur wat op meer as een kultuur gemik is en wat toeganklik is vir baie kultuurgroepe	Die mense/diere in die verhaal	Of die verhaal in die verlede, hede of toekoms plaasvind	Geen antwoord	Die hoofpunt wat die skrywer probeer oordra in die verhaal.	Dit waaroor die boek hoofsaaklik handel - die onderwerp.
Onderwyser 2	Boeke op die kind se vlak, speels, fantasie ens.	Onderwerpe en idees geskik vir 'n tiener. Kan hulself sien in karakters.	Geen antwoord	Ja, kinders leer om te lees.	Al die kulture kon dit lees en verstaan	Geen	Lank gelede, nou of moderne tyd	Waar, 'n huis, dorp ens.	Geen	Waaroor die storie gaan
Onderwyser 3	Books that appeal to children and are on the correct cognitive level. Usually playful, fun, fantasy etc.	Book that appeal to youth, topics or ideas are applicable to their lives, learners can relate tot the	Children's literature is on a lower cognitive level, while youth literature is on a higher one.	Very important. Readers are achievers and learners are moor eager to read books they enjoy and relate to.	This deals with literature that applies to all and all can relate to. It also has ideas from various cultural situations.	These are the role players in the book, they should be relatable to readers.	The time in which it is set, long ago; modern day etc.	Where the story is set, a town, house, forest etc.	What the story is focused on. The main idea.	What the story is about eg: theme of birthday, clothing etc.

		characters or ideas.								
Onderwyser 4	Literatuur vir jonge lesers omtrent onder 10 jaar oud.	Lesers in tienerfase	Ouderdom van die leser. Ontwikkelingsvlak van leser bepaal ingewikkelheid van storielyn. Taalgebruik pas aan by die ouderdom van die leser.	Beslis! Leerders moet lees vir eie voordeel (wêreld verbreed), sowel as taalontwikkeling.	Literatuur wat begryp en waardeer word deur leerders uit verskeie kultuurgroepe.	Persone/diere wat rol speel in verhale/fabels. Wie?	Tydperk waartydens verhaal afspeel. Wanneer?	Plek waar gebeure plaasvind. Waar?	Brandpunt van belangstelling	Waaroor verhaal handel (betekenis/les)
Onderwyser 5	Boekies, kort stories, fiksie, prente stories vir kinders tot die ouderdom van 9.	Boeke, non-fiction stories tot op die ouderdom van 10-13	Vereenvoudigde werk vir kinders waarby hulle leer vanaf dit wat hulle sien en toevallig lees. Jeugliteratuur is lees met begrip vanaf voorgestelde werk.	Definitief. Kinders het dalk nie boeke by die huis nie en die skool bied lees en leer geleenthede by die skool.	Kinders van alle kleure (Rainbow nation). Werk wat oor alle rasse en kulture gaan.	Persoon waaroor die verhaal gaan	Hoeveel tyd met leerlinge deurbring en spandeer op werk.	Ruimte in klas. Plasing van banke. Leeshoekie etc.	Geen	Waaroor gaan 'n onderwerp.
Onderwyser 6	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen

Onderwyser 7	Boeke met baie prentjies wat leerders se verbeelding prikkel en aanmoedig om te wil lees	Literatuur wat jeug se aandag prikkel en op jeug se vlak, moeilikheids-graad en temas is.	Die moeilikheidsgraad.	Ja, dit verbeter leerders se taal en woordeskat. Leerders se verbeelding word geprikkel. Leerders sien hoe verskillende woorde in verskillende kontekste saam inpas.	Boeke oor verskillende tradisies en kulture. Dit sluit ook tradisionele name in boeke in oor tradisionele kulture, bv. Sipo en Magda gaan swem.	Persoon betrokke in die boek.	Tydsverloop van die storie by 'n dag.	Waar die storie homself afspeel.	Persoon wat die storie vertel.	Dit waaroor die storie gaan
Onderwyser 8	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen
Onderwyser 9	The understanding they have of language concepts, tenses and concords	The language on the level of young people. Something familiar to their environment	The difference is on the basis of familiarity - children's world deals more with imagination whereas youth deals more with reality and facts.	Yes, to increase their vocabulary.	Literature that entails different cultures, their beliefs and what they believe an practice often.	The role that a person play or an animal play in a story.	The period that the story play	It is where an act takes place	Geen	The topic

Onderwyser 1	Kinderliteratuur is stories/rypies wat vir klein kinders geskryf is om te lees.	Jeuglitertuur is boeke wat geskryf is vir kinders tussen die ouderdom van ongeveel 12 tot 18 jaar.	Kinderliteratuur is vir klein kinders, boeke is eenvoudig, min bladsye, min geskryf. Jeugliteratuur is vir ouer kinders, meer bladsye, lang stories, moeiliker woorde.	Ja baie. Kinders wat baie lees, leer makliker. Hulle woordeskat is groter en hulle algemene kennis is beter.	Boeke wat gepas is vir alle kinders. Ongeag hulle kultuur, ras, geslag.	Verteenwoordig die persoon wat in die boek/verhaal voorkom. Kan 'n goeie of slegte karakter wees. Cinderella is bv. 'n karakter.	Tyd waarin die verhaal plaasvind. Dit kan wees oggend of laat. Verlede of toekomstige tyd.	Waar die verhaal afspeel.	Perspektief waarna jy na iets kyk waarop gefokus word.	Dit is die onderwerp waaroor die boek gaan. Konsep wat skrywer wil duidelik maak.
Onderwyser 2	Literatuur wat geskryf is deur ervare skrywers wat bekwaam is en op die vlak van 'n kind kan skryf. Met ander woorde die kind se gedagtewêreld ken en dit kan boei.	Soos bo, maar met jeug in gedagte.	Verskillende emosionele ontwikkelingsvlakke (en fisiese!)	Ja, sonder lees en voorlees is ons taal arm!!	Literatuur wat inligting bevat oor ander bevolkingsgroepe asook ander nasies van die wêreld. (Leer meer oor ander se gebruike, gewoontes…)	Persone wat rolle vertolk (Kan ook denkbeeldig wees bv. 'n smurf.	Wanneer verhaal afspeel.	Waar die verhaal afspeel.	Geen	Idee waaroor meer geleer word. Bv. Verhouding tussen maats.
Onderwyser 3	Boeke wat gebruik is om vir kinders (jong) te lees.	Boeke geskik vir tieners	Ouderdomsverskil	Ja. Goed vir verbeelding en kreatiewe denke.	Vir verskillende kulture bv. Afrika en ander.	Persoon wat 'n rol vertolk.	Tyd waarin die verhaal afspeel.	Geen	Kernidee van die verhaal.	Essensie van die storie of verhaal.

Onderwyser 4	Prosa en Poësie vir kinders tot en met 12 jaar.	Prosa en Poësie vir kinders tot en met 14 tot 18 jaar.	Woordkeuse, onderwerpe verskil en lengte en Humor	Ja, uitbreiding van woordeskat, bevorder kreatiwiteit, spelling, wonderlike stokperdjie, ontspanning	Verskillende soorte literatuur	Persone in die stories	Wanneer dit afspeel	Waar dit afspeel	Fokuspunt van die verhaal	Waaroor die storie gaan
Onderwyser 5	Leesstof geskik vir kinders jonger as 11	Leesstof geskryf vir kinders van 11 tot 17 jaar	Ouderdom van die lesers	Ja, om 'n liefde vir lees te kweek	Stories oor verskeie kultuurgroepe	Persone en dinge wat in die verhaal optree.	Die ordening van die verloop van die gebeure	Die fisiese agtergrond of tydperk waarin die verhaal afspeel	Uit wie se oogpunt die storie vertel word.	Die boodskap wat aan die leser oorgedra word, dit wil se die sentrale idee waaroor die verhaal handel
Onderwyser 6	Gesonde leesstof vir die kind volgens sy leesvlak, ouderdom, kultuur en taal. (Moedertaal in die aanvangsjaar)	Literatuur vir die kinder wat in hul "tiener-fase" is. Senior Primêr en Intermediêre fase	jeugliteratuur is meer op 'n gevorderde vlak van die kind se ontwikkeling.	Ja, help met die totale ontwikkeling van die kind.	Literatuur wat by die kind se kultuur en milieu pas. Literatuur wat ander kulture leer van sekere leerders se kulture.	Die persone in die verhaal.	Die tydsverloop in die verhaal	Die "plek" waar die verhaal afspeel.	Verteller	Waaroor die verhaal handel.

Onderwyser 7	Gesonde leesstof vir die kind volgens sy leesvlak, ouderdom, kultuur en taal. (Moedertaal in die aanvangsjaar)	Literatuur vir die kinder wat in hul "tiener-fase" is. Senior Primêr en Intermediêre fase	Jeugliteratuur is meer gevorderd en kinderliteratuur is meer vir jonger leerders.	Ja, help met die totale ontwikkeling van die kind.	Literatuur wat by spesifieke kultuur pas en wat ander kulture van mekaar leer.	Die persone in die verhaal.	Die tydsverloop in die verhaal	Die "plek" waar die verhaal afspeel.	Verteller	Waaroor die verhaal handel.
Onderwyser 8	Enige leesstof wat geskik/gepas is vir kinders/tieners	Enige leesstof wat geskik/gepas is vir die tieners en hoërskool leerlinge	Ouderdom van lesers	Ja - dit vorm 'n belangrike afdeling in die ontwikkeling/aanleer van 'n taal. Lees maak Afrikaans Lekker!	Literatuur geskik vir ons reënboognasie.	Die mense in die storie	Wanneer die gebeure afspeel	Waar die storie gebeur	Uit wie se oogpunt word die storie vertel	Waaroor gaan die storie?
Onderwysers van skool vier se antwoorde op kennis vrae										
Onderwyser 1	Boeke, prente en ander hulpmiddele soos plakkate, brosjures ens. Wat die kind se leefwêreld kan oopsluit en verryk	Dieselfde as by 4, maar net vir die ouder kind of te wel kin in sy jeugjare.	Literatuur is altyd daarop gemik om 'n sekere ouderdom persoon te bereik. Daarom sal dit verskil van kind tot tiener.	Verseker - dis daar om skoolonderrig te laat gedy, te verryk, te verdiep, te laat plaasvind.	Literatuur wat die essensie van elke verskillende kultuur kan aanspreek. Vir verryking en beslis vir kennis oordrag.	Die persoon/persone, diere, ens waarom 'n verhaal gebou word.	Die duur van die verhaal of die tyd waarin die verhaal afspeel.	Die plek.	Die hoofgedagte of saak in die verhaal wat beklemtoon word.	Die bepalende hoofinhoud bv. Groente, seisoene, ens.

Onderwyser 2	Literatuur wat vir kleiner kinders geskryf word 0 - 9/10	Boeke vir kinders ouer as 10 tot so 16	Dit is 'n ouderdomsverskil.	Ja, dit kan kinders blootstel aan wye verskeidenheid goed, hulle kan nie meer oor die baie goed praat nie.	Boeke wat geskik sal wees vir alle kulture	Wie die hooffiguur in 'n storie is.	Wanneer die storie afspeel	Waar die verhaal afspeel.	Wie vertel die storie	Waaroor handel die storie
Onderwyser 3	Literatuur wat vir kleiner kinders geskryf word 0 - 9/11	Boeke vir kinders ouer as 10 tot so 17	Dit is 'n ouderdomsverskil.	Ja, dit kan kinders blootstel aan wye verskeidenheid goed, hulle kan nie meer oor die baie goed praat nie.	Boeke wat geskik sal wees vir alle kulture	Wie die hooffiguur in 'n storie is.	Wanneer die storie afspeel	Waar die verhaal afspeel.	Wie vertel die storie	Waaroor handel die storie
Onderwyser 4	Kinderliteratuur is die verskillende soorte boeke wat vir jong kinders geskryf word.	Dit is boeke wat vir kinders van 12-16 geskryf word.	Daar is verskillende temas en die moeilikheids-graad van die boeke.	Ja, dit is belangrik want dit is 'n manier waarop kinders aan verskillende tipe stories en werklikhede blootgestel word.	Boeke wat geskik is vir kinders van verskillende kulture.	Die rol wat deur mense of diere vertolk word.	Wanneer iets gebeur of plaasvind.	Waar die storie afspeel.	Die fokus punt waarop daar klem gelê word.	Waaroor die storie gaan.

Onderwyser 5	Literatuur wat vir bv. Grondslagfase kinders geskryf word.	Boeke vir kinders tot omtrent 16 jaar.	Die verskil is tema, moeilikheidsgraad en die ouderdom.	Ja, dit gee hulle 'n groter verwysingsraam werk wat help om oor meer as musiek en TV en maats te praat.	Boeke wat geskik is vir meer as een kultuur.	Die hoof figure in stories.	Wanneer die verhaal afspeel.	Waar dit gebeur.	Wie vertel die storie.	Waaroor gaan dit.
Onderwyser 6	Literatuur wat vir bv. Grondslagfase kinders geskryf word.	Boeke vir kinders tot omtrent 16 jaar.	Die verskil is tema, moeilikheidsgraad en die ouderdom.	Ja, dit gee hulle 'n groter verwysingsraam werk wat help om oor meer as musiek en TV en maats te praat.	Boeke wat geskik is vir meer as een kultuur.	Die hoof figure in stories.	Wanneer die verhaal afspeel.	Waar dit gebeur.	Wie vertel die storie.	Waaroor gaan dit.
Onderwyser 7	Literatuur wat vir bv. Grondslagfase kinders geskryf word.	Boeke vir kinders tot omtrent 16 jaar.	Die verskil is tema, moeilikheidsgraad en die ouderdom.	Ja, dit gee hulle 'n groter verwysingsraam werk wat help om oor meer as musiek en TV en maats te praat.	Boeke wat geskik is vir meer as een kultuur.	Die hoof figure in stories.	Wanneer die verhaal afspeel.	Waar dit gebeur.	Wie vertel die storie.	Waaroor gaan dit.
Onderwyser 8	Verhale of stories vir jong kinders soos 0-10	Stories vir kinders in die laerskool tot omtrent graad 10.	Die inhoud of temas is bietjie meer gevorderd.	Ons dink beslis so, kinders kry meer blootstelling aan goeie materiaal nie die gemors op TV nie.	Stories geskik vir kinders van alle kulture.	Wie vertolk die hoofrolle.	Watter tyd of tydperk gebeur iets.	Waar/Plek speel storie af.	Wie vertel die storie.	Waaroor gaan die verhaal - kern fokus.

Onderwyser 9	Verhale of stories vir jong kinders soos 0-11	Stories vir kinders in die laerskool tot omtrent graad 10.	Die inhoud of temas is bietjie meer gevorderd.	Ons dink beslis so, kinders kry meer blootstelling aan goeie materiaal nie die gemors op TV nie.	Stories geskik vir kinders van alle kulture.	Wie vertolk die hoofrolle.	Watter tyd of tydperk gebeur iets.	Waar/Plek speel storie af.	Wie vertel die storie.	Waaroor gaan die verhaal - kern fokus.
Onderwyser 10	Verhale of stories vir jong kinders soos 0-12	Stories vir kinders in die laerskool tot omtrent graad 10.	Die inhoud of temas is bietjie meer gevorderd.	Ons dink beslis so, kinders kry meer blootstelling aan goeie materiaal nie die gemors op TV nie.	Stories geskik vir kinders van alle kulture.	Wie vertolk die hoofrolle.	Watter tyd of tydperk gebeur iets.	Waar/Plek speel storie af.	Wie vertel die storie.	Waaroor gaan die verhaal - kern fokus.

Onderwyser een by skool een is van mening dat onderwysers wel belese moet wees, sodat hulle weet wat op die mark beskikbaar is en watter boeke hulle moontlik kan insluit in hulle kurrikulum. Volgens die onderwysers by skool twee is dit belangrik om kennis te dra van kinder- en jeugliteratuur omdat as hulpmiddel gebruik kan word in die onderrig van leerders in die klaskamer. Die onderwysers beskou dit as uiters belangrik omdat kinders nie onderskat kan word nie en dat die kinders in hulle klasse in baie gevalle reeds goed verstaan wat werklik in stories aangaan. Kinders weet van karakters en ander narratiewe elemente en sou dit bloot uitgelaat word, word ’n onreg aan die leerders gedoen omdat hulle dan slegs ’n oppervlakkige betekenis uit die storie kan ontgin. Gedurende die onderhoud moes sekere terme eers aan die onderwysers verduidelik word voordat hulle kon sê of hulle dink dit belangrik is.

Die onderwysers wat al ’n geruime tyd in die onderwys is, voel dat veral taalonderwysers welbelese moet wees, maar dat dit in baie gevalle nie die geval is nie. Daar is ondermeer aan die onderwysers gevra of hulle lees, maar die onderwysers van skool twee het genoem dat hulle nie tyd kry om te lees nie, omdat hulle kurrikulum te vol is. Dit is jammer dat die onderwysers die lees van kinderboeke sien as ekstra werk en dit nie doen omdat hulle wil nie. Indien hulle self dit geniet om te lees, sal hulle die liefde vir lees ook oordra aan die kinders in hulle klaskamers.

Verder is die onderwysers van mening dat hulle kennis moet dra van die narratiewe elemente en ander terme wat gebruik word in prosa en poësie. Al hoef die kinders nie noodwendig bekend te wees met al die terme nie, moet die onderwysers die terme gebruik sodat kinders daarmee vertroud kan raak.

Die onderwysers fokus meestal op die karakter en die ander narratiewe elemente word agterweë gelaat. Dit wil voorkom vanuit die vraelyste en onderhoude dat die onderwysers graag meer kennis wil opdoen. Alhoewel die onderwysers basiese kennis getoon het (sien Tabel 7.1, skool een en twee) het hulle verskeie terme nie volledig verstaan nie. Onderwyser een van skool een het ondermeer genoegsame kennis in die verband. Sy verstaan dat karakters nie net slegs die persoon in die verhaal is nie, maar dat die karakter deur aspekte binne en buite homself beïnvloed word. Die onderwyser het ook genoem dat sy dit beleef dat alle onderwysers nie werklik die kennis het om te onderskei tussen verskillende soorte boeke nie. Sy is van mening dat sommige onderwysers slegs basiese kennis het en nie met diepte na die verhale kyk nie.

Onderwyser twee van skool een het genoem dat baie onderwysers nie met die nodige entoesiasme nie. Die onderwysers lees slegs dit wat in die boek staan, sonder enige emosie of stemme en daarom bevind kinders boeke vervelig. Sy is van mening dat aktiwiteite ’n uitdaging vir leerders moet bied sodat leerders tekste geniet. Om daarin te slaag moet onderwysers die nodige kennis hê om boeke met oorgawe en entoesiasme vir kinders te openbaar.

Vanuit Tabel 7.1, skool een kan onderwysers se antwoorde op die vraag wat hulle verstaan onder die terme soos *karakter, tyd, ruimte, fokalisator* en *tema* uiteengesit. Die onderwysers kon van die kern konsepte verduidelik, maar daar is sekere kleiner foute wat hulle maak. Die algemene konsepte soos *karakter* kon die onderwysers

verduidelik. Sommige onderwysers beskou die karakter slegs as persone, in kinder- en jeugliteratuur kan diere, speelgoed en verskeie ander ook as karakters gesien word. Hierdie onkunde kan ondermeer daarop dui dat onderwysers nie die genres goed ken nie en nie verstaan dat fabels byvoorbeeld altyd dierekarakters het nie. Die onderwysers fokus in hulle verduidelikings slegs op die hoofkarakters. Die feit dat die onderwyser op die hoofkarakter fokus dui daarop dat die onderwysers nie noodwendig die verskil tussen vol en oppervlakkige karakters ken nie (sien hoofstuk 4). Dit is onvoldoende om slegs op die hoofkarakter te fokus omdat die newekarakters bydra tot die betekenis en in baie gevalle die hoofkarakter beïnvloed. As hierdie verband nie ondersoek word nie, kan die betekenis en tema van die verhaal verlore gaan.

In terme van tyd is daar slegs twee onderwysers wat kon onderskei tussen verteltyd en vertelde tyd. Die ruimte is in die algemeen totaal verstaan deur die onderwysers, maar die invloed in bydra wat dit lewer tot die verhaal word nie deur die onderwysers aangeraak nie. Die grootste probleem vir die onderwysers was fokalisasie. Die meeste onderwysers by die skole sien fokalisasie as die fokuspunt/tema waaroor die verhaal handel. Die onderwysers verstaan nie dat dit hier gaan oor die oogpunt (hoek) waaruit die verhaal vertel word nie. Hulle verwar die tema en fokalisator met mekaar.

Vir die onderwysers van skool vier is die belangrikste inligting waaroor hulle moet beskik die manier is waarop hulle boeke in hulle klasse moet gebruik en hoe hulle tyd hiervoor moet maak. Onderwysers het erken dat hulle hiermee sukkel. Die onderwysers voel dat dit nie vir hulle nodig is om skrywers te ken of illustreerders nie.

In die onderhoude met die onderwysers van skool vyf wou hulle nie baie uitbrei oor die kennis waaroor hulle volgens hulle mening moet beskik nie. Die onderwysers se antwoorde was beperk tot kort en basiese antwoorde soos:

> *Aspekte soos karakter, plek, ruimte – die gewone goed wat ons geleer het en wat altyd in vraestelle gevra word.*

Onderwysers se kennis aangaande kinder- en jeugliteratuur is probleemmaties (sien Figuur 7.1). Uit die figuur kan gesien word dat die onderwysers slegs 4% van die titels, outeurs en illustreerders korrek kon identifiseer en tot 96% nie.



Figuur 7.1: Gemiddelde vir titelherkenningstoets van skool een tot vyf

Vanuit die bogenoemde bespreking kan die algemene probleme wat deur al die onderwysers van die vyf skole ondervind soos volg opgesom word (sien Hoofstuk 4 en 5 vir volledige besprekings oor hierdie aspekte) :

- Dieper konsep van watter tipe karakters in stories voorkom;
- Konsep van verteltyd en verteldetyd, so ook chronologiese vertelling en nie-chronologiese vertellings;
- Verskil tussen fokalisator en tema
- Ruimte en die bydra wat dit tot die betekenis voeg.
- Narratologiese elemente in die algemeen
- Evaluasie van boeke
- Evaluasie van illustrasies
- Verskillende tipes kinder- en jeugliteratuur
- Hoe moet boeke in klasse gebruik word.
- Hoe om tyd opsy te sit vir kinder- en jeugliteratuur in die kurrikulum.
- Skrywers, boeke en illustreerders

7.2.3.6 Refleksie van die navorser ten opsigte van die onderwysers se data

As navorser het ek skool een baie positief gevind, gedurende die onderhoud kon daar duidelik gesien word dat die onderwysers woeker met die leerders en veral in lees. Die deelnemende onderwyser een van skool een het uit haar eie sak boeke vir haar klas aangekoop. Volgens hierdie onderwysers word boeke onbekostigbaar, maar sy maak gebruik van tydskrifte en koerante waaruit sy prente, artikels en berigte krip sodat die kinders dit kan lees.

Hierdie prente, artikels en berigte plak die onderwysers dan op karton of enige papier wat sy aan die hande kan kry om dit sodoende aan die leerders te kan uitdeel. Die onderwyser doen moeite om so ver moontlik vir elke leser iets te gee waarin hy/sy belangstel. Sy probeer om elke kind in ag te neem en elkeen op 'n persoonlike vlak te leer ken. Die onderwysers is van mening dat sy deur om iets waarvan die leerder hou aan hom/haar te gee, sal die nuuskierigheid daardie kind se teëstand teenoor lees oorwin.

Die onderwyser moedig die leerders verder aan om self 'n koerant te maak. Leerders moet hier foto's neem, uitknipsels plak, en fiktiewe stories skryf. Die leerders gebruik hulle eie kennis oor fiksie en ander boeke wat hulle reeds gelees het en word aangemoedig om kreatief te dink.

Vir die onderwyser is stories 'n essensiële deel van alle aspekte van die onderrig wat sy aan leerders gee. Die onderwyser lees duidelik baie en motiveer leerders om te lees. Sy is op hoogte van nuwe boeke en sal interessante brokkies inligting oor boeke aan leerders in die klas vertel wat die kinders dan aanmoedig om self die boeke te lees. Sy maak gebruik van 'n wye verskeidenheid van stories soos ondermeer sprokies en fantasie en bou die elemente in ander vakke ook in omdat die onderwyser voel dat dit kinders help om inligting makliker aan te leer.

Professionele ontwikkeling word tot 'n mindere mate as ander skole se onderwysers negatief ervaar. Die onderwysers is van mening dat dit nie die nodige inligting bevat nie, onnodig lank is en nie noodwendig die behoeftes van die onderwysers in ag neem nie. Die onderwysers ervaar die vakadviseur as uiters positief.

Die onderwysers van skool twee weet duidelik baie oor kinder- en jeugliteratuur en hoe om kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer te gebruik, maar hulle het 'n behoefte om nuwe inligting en tegnieke om kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer te gebruik aan te leer. Die onderwysers het die opmerking gemaak dat hulle as onderwysers nooit van die standpunt uit kan gaan dat hulle als weet wat hulle moet weet nie, maar hierdie stelling is teenstydig met ander stellings wat die onderwysers gemaak het omdat hulle voel dat wanneer hulle werkswinkels en professioneleontwikkelingsprogramme bywoon dit hulle nie regtig help nie omdat hulle dit reeds weet.

Volgens die onderwysers het hulle al professioneleontwikkelingsprogramme bygewoon wat daarop gemik was om akademiese personeel te help met hulle eie navorsing, werkswinkels wat net bloot gaan oor herhaling van reeds bestaande tegnieke en inligting en laastens, dat die programme in die meeste gevalle ongefokus is en aangebied word deur persone wat nie noodwendig die nodige kennis en vaardighede het om aan hulle professionele ontwikkeling te verskaf nie. Die programme is gewoonlik volgens die onderwysers ook nie op hulle en die omstandighede wat hulle in die klas teëkom gemik nie. Onderwysers is van mening dat professioneleontwikkelingprogramme prakties aangebied behoort te word. Hulle wil hê die persoon wat die program aanbied moet dit in hulle klas kom doen, sodat dit nie net praatjies is nie maar prakties implementeerbaar in die klaskamer is.

Die atmosfeer gedurende die onderhoud was ontspanne en daar kon 'n lekker gesprek met die onderwysers gevoer word. Die onderwysers het openhartig en eerlik oor die kinder- en jeugliteratuur en professionele ontwikkeling gesels. . Die onderwysers is van mening dat dit nie nét die departement se plig is om hulle professioneel te ontwikkel nie, maar dat dit ook hulle eie plig is. Volgens die onderwysers is dit hulle plig om navorsing in hulle vakgebiede te doen en sodoende nuwe kennis en tegnieke in die klaskamer in te bring, maar ek het gevind dat alhoewel hulle voel dit ook hulle eie plig is, dié onderwysers dit nie self doen nie. Die onderwysers kon nie stawende dokumente soos boeke aan my gee wat hulle in die klas gebruik nie, en ook geen artikels of bykomende inligting wat hulle gebruik vir hulle eie professionele ontwikkeling nie. Hulle voel tog dat die onderwysdepartement hulle professionele ontwikkeling moet ondersteun en werkswinkels reël wat werklik van waarde is.

Ek het die skool baie positief en gewillig ervaar, alhoewel hulle sê dat hulle nie altyd tyd het om kinders te ondersteun in lees nie. Volgens die onderwysers is die kurrikulum te vol, veral teen die agtergrond dat die KABV in 2012 vanaf Graad 1 tot 3 ingefaseer is. Onderwysers moes baie werk inhaal omdat die KABV van Graad 2 en 3 meer verwag ten opsigte van Afrikaans.

Gedurende die voltooiing en onderhoudvoering by skool drie het ek die onderwysers as baie ongewillig gevind om enigsins deel te neem aan die studie. Een van die onderwysers het voordat die onderhoud sou begin, uitgestap en gesê omdat dit vrywillig is gaan sy nie deelneem nie, omdat sy bloot net nie lus is om daaraan deel te neem nie en omdat dit geen waarde het vir die bepaalde skool nie, omdat stories nie in die onderrig van Afrikaans as eerste addisionele taal van waarde is nie. Die kinders moet net woordjies lees as eerste addisionele taal leerders en stories het geen nut daarin nie.

Hierdie optrede en houding 'n voorbeeld hoe baie onderwysers met die onderrig van eerste addisionele taal onderrig redeneer. Sy is van mening dat kinders die woorde kan aanleer sonder dat dit nodig is om vir hulle 'n konteks te gee waarin die woorde gebruik word. Dit is juis hierin waar die groot leemte lê.

In die onderhoud self was die onderwysers ongemaklik en geïrriteerd. Hulle gevoel dat die vraelys wat gebruik is moeilik was en dit onnodig is vir hulle wat Afrikaans as eerste addisionele taal onderrig, net soos die onderwyser wat nie aan die onderhoud wou deelneem nie. Die onderwysers maak dit verder duidelik dat hulle alles wat nodig is weet en is kwaad dat daar enige voorstelle aan hulle gemaak wil word oor wat en hoe hulle stories kan gebruik. Een onderwysers het selfs so ver gegaan om te sê dat hulle weet wat hulle doen en het niemand nodig wat vir hulle iets kom leer nie, tog skets die antwoorde op die kennis vra dat dit nie die geval is nie.

Die vraag of onderwysers stories gebruik in die klaskamer het stilte in die groep uitgelok waarna onderwysers geantwoord het dat hulle, hulle eie bring. Onderwysers kon egter nie voorbeelde gee nie en ek kon geen dokumente versamel om die stelling te ondersteun nie. Die onderwysers neem verder nie kultuur in ag nie, en neem nie die omstandighede van die leerders in hulle klas in ag nie. Daar word van leerders verwag om iemand by hul ouerhuis te vind wat saam met hulle kan lees. Dit maak nie vir die onderwysers saak wat die kind se

huistaal is en of die kinders toegang het tot boeke nie. Dit is volgens die onderwysers die kind en ouers se verantwoordelikheid wat nie altyd moontlik is in die sosio-ekonomiese omstandighede van die leerders nie. Onderwysers is verder nougeset in hulle idees en wil glad nie enige ander opinies in ag neem in die verband nie.

Die onderwysers het geen netwerk met ander skole of onderwysers nie en dink hulle weet alles. Ek het die onderwysers as uiters negatief gevind terwyl hulle in my opinie soos ondersteun deur die empiriese data nie die nodige kennis het oor kinder-en jeugliteratuur wat belangrik is in die onderrig van leerders nie.

Skool vier doen moeite om kinder- en jeugliteratuur beskikbaar te stel aan leerders in die skoolbiblioteek, maar is nougeset in hulle idees van onderrig en die gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer. Die onderwysers het die idee gespek dat dit nie saak maak wat die departement sê nie, hulle gebruik dit wat aan hulle bekend is en waarmee hulle gemaklik is. Daar was ondermeer ’n beginner onderwyseres, maar sy is totaal doodgepraat deur die ouer onderwysers en wanneer sy iets wou sê, het sy eers na die ouer onderwyser wat langs haar gesit het gekyk, dit vir haar gefluister en as die ouer onderwyser dan haar kop geknik het, het sy haar mening gelig. Ek beskou hierdie gedrag as ’n aanduiding dat nuwe idees nie maklik deur ouer onderwysers in die skool aanvaar word nie, maar dat hulle eerder soos reeds genoem op hulle ou wyse van onderrig steun.

Ek het die onderwysers verder baie negatief teenoor die departement, professionele ontwikkeling en enige vorm van administrasie ervaar. Die onderwysers het herhaaldelik gesê dat hulle nie tyd het vir die departement en al sy vereistes nie en dat hulle waarskynlik nie gebruik sal maak van stories selfs al sou hulle professionele ontwikkeling daarin ontvang nie, omdat dit tyd wegneem van hulle onderrig tyd en omdat hulle eerder sal gebruik maak van die manier waarop hulle al jare kinders onderrig. Dit wil voorkom of die onderwysers nie die KABV verstaan nie, dat hulle nie daarvan bewus is dat die KABV baie teksgebaseer is nie. Die skool fokus baie sterk op die akademiese, maar volg nie die voorstelle soos uiteengesit in die KABV vir storie integrasies nie. Leerders word ook nie aangemoedig om self vir genot te lees nie, stories word hier nie belangrik in die akademiese of genotvolle konteks beskou nie.

Die onderwysers voel dat die gebruik van handboeke maklik is en dat dit tyd spaar eerder as om lesse en onderrig op te bou vanuit ander materiaal. Ek het die onderwysers as negatief ervaar, nie omdat hulle nie die nodige kennis het nie, maar eerder omdat hulle voel dat hulle genoeg weet om kinders top presteerders te maak sonder dat dit nodig is om kinder- en jeugliteratuur te gebruik. Dit wil voorkom asof die skool nie die kind as ’n geheel opbou en ondersteun nie, maar eerder net fokus op die akademiese kant van die leerder. Ek het die onderwysers ten opsigte van tyd en die implementering van kinder- en jeugliteratuur baie negatief ervaar. Die onderwysers het gevoel daar is nie tyd nie, en wil ook geensins luister na aanbeveling van hoe dit ondermeer deel kan word van die kurrikulum sonder dat dit te veel tyd opneem. Ek het amper die gevoel gekry dat dit eerder daaroor gaan dat onderwysers nie die nuwe boeke wat op die mark is wil lees nie.

Ten opsigte van professionele ontwikkeling voel die onderwysers van skool vier dat dit blote tydmors is en dat die reëlings en persone wat dit moet aanbied gewoonlik onkundig en ongeorganiseerd is. Die onderwysers voel

dat dit eerder weggeneem word en dat die onderwysers eerder net gelos moet word om hulle werk te doen soos wat hulle dit nog altyd doen.

Ek het skool vyf met gemengde gevoelens ervaar. Aan die een kant het die onderwysers na die voltooiing van die vraelyste gevoel hulle wil nie noodwendig deelneem aan die onderhoude nie, omdat hulle gevoel het die vraelyste was moeilik en daarop gemik om te wys dat hulle nie die antwoorde ken nie. Alhoewel dit nie die doel van die vraelyste was nie. Onderwysers se onvermoë om boektitels te herken en basiese narratiewe elemente te beskryf kan daarop dui dat die onderwysers gebrekkige kennis in die verband het.

Onderwysers wou na die eerste deurblaai deur die vraelys nie die vraelyste alleen voltooi nie en het slegs aan die studie deelgeneem nadat hulle saam die vraelyste kon bespreek, antwoord en saam in die onderhoude gesels. Onderwysers was ligvoetig om uitlatings oor die departement te maak, maar voel tog dat daar leemtes in die ondersteuning van die departement en veral in die professionele ontwikkeling wat aan onderwysers gegee word. Op vrae wat volgens die onderwyser belangrik is om te wees, was die antwoord die goed wat jy genoem het in die vraelyste. Hierdie kan ’n aanduiding wees dat onderwysers nie noodwendig weet wat regtig aangeraak moet word nie en bloot net dit noem wat in die vraelyste aangeraak word.

Onderwysers van al vyf die skole was van mening dat indien daar ’n gepaste boeke oor die onderwerp is, kan dit gebruik word in die klaskamer, maar dat hulle nie dink dat daar regtig baie boeke is wat gebruik kan word nie. Ek wil in hierdie opsig verskil van die onderwysers en terugverwys na Figuur 7.1. Indien onderwysers slegs 4% van boeke korrek kon identifiseer, hoe kan hulle werklik boeke kies. Hierdie lae persentasie dui volgens my daarop dat onderwysers nie werklik seker is van wat op die mark beskikbaar is en hoe dit van waarde in die klaskamer kan wees nie. Onderwysers voel dat dit nie nodig is vir hulle om kennis te dra van boeke, skrywers of illustreerders nie. Ek wil tog hiermee verskil. Dit kan onderwysers se taak vergemaklik indien hulle darem ’n konsep het van wie skryf en waaroor skryf die skrywers. Dit sal tog aan onderwysers die vermoë gee om gepaste skrywersstyle en onderwerpe te begin ken wat hulle taak ten opsigte van die kies van gepaste literatuur makliker maak. Die uitgangspunt van die spesifieke onderwysers dui vir my daarop dat die onderwysers voel dat dit nie nodig is om welbelese te wees nie, want indien jy welbelese in kinder- en jeugliteratuur is, ken jy skrywers, boeke en illustreerders vanself. Dit is my opinie dat onderwysers dit as verweer gebruik omdat hulle nie baie skrywers of illustreerders in die titelherkenningstoets kon uitwys nie (sien Figuur 7.1).

Die onderwysers van die skole het verder genoem dat televisie, rekenaars en tablette die plek van boeke ingeneem het. Onderwysers voel dat kinders visueel gestimuleer word en boeke dan vervelig is vir die kinders. Alhoewel kinders vandag meer visueel gestimuleer word deur die televisie, is dit my mening dat boeke egter nog van groot waarde kan wees vir kinders. Baie stories wat in boeke vertel word, is nie beskikbaar op televisie nie. Daarom is dit van uitersste belang dat daar stories wat tot die kinders spreek gekies word. Stories wat hulle sal geniet, en as kinders graag met tablette wil speel is daar verskeie boeke beskikbaar wat kinders daarop kan lees. Ouers en onderwysers kan lees met tegnologie integreer en sodoende lees vir kinders lekker maak.

7.3 Resultate van die vergelykende analise

Die data wat verwerk is, is in die tematiese analise gebruik om 'n vergelykende analise (cross-comparative analysis) te doen. Elke geval is een-een bygevoeg by die vorige geval om met mekaar vergelyk te word en sodoende die navorsingsvrae te antwoord.

7.3.1 Literêre komponente wat in POP's ingesluit behoort te word en wat reeds ingesluit word

Die literêre komponente verwys hier na die komponente soos bespreek in Hoofstuk 3, 4 en 5 van hierdie proefskrif.


7.3.1.1 Die kennis van onderwysers aangaande literatuur en literêre komponente

In die algemeen kan daar geargumenteer word dat die onderwysers wat deelgeneem het aan die studie om die gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer te ondersoek nie goeie kennis oor kinder- en jeugliteratuur en literêre komponente het nie. Die onderwysers kon in die meeste gevalle nie baie boeke uit die lys van boeke, outeurs en illustreerders kies nie (sien Figuur 7.1).

In Figuur 7.1 word die gemiddelde uitslag van al die onderwysers in persentasie aangedui. Dit is kommerwekkend om te sien dat daar 'n gemiddelde verkeerde herkenning was van 96% en slegs 'n korrekte herkenning van 4%. Dit is nie voldoende vir onderwysers nie. Dit is belangrik dat onderwysers meer weet van die boeke wat tans beskikbaar is, anders kan hierdie onderwysers nie ingeligte besluite maak ten opsigte daarvan of van die boeke in die klaskamer gebruik kan word nie.


Onderwysers se kennis van literêre komponente is verder kommerwekkend. Die onderwysers ken geen teoretiese literêre teorieë (sien Hoofstuk 3) nie en alhoewel hulle sê dat hulle poog om die gepaste boek by elke kind uit te kry word dit volgens my nie werklik toegepas nie. Die onderwysers is verder blind wanneer dit kom by die omstandighede waarin sekere kinders leef. Onderwysers neem aan dat kinders toegang tot boeke het en dat hulle ouers daarvoor sal sorg. Dit is egter nie die geval nie, en die versuim van die onderwysers om hierdie leemte te sien, lei tot 'n jeug wat nie wil lees nie. Onderwysers het verder ook nie die gewenste kennis oor boeke nie. Dit titelherkenningstoets het ondermeer gewys dat dit vir die onderwysers moeilik was om selfs boeke en outeurs wat welbekend is uit te ken (sien Figure 7.2, 7.3,7.4).

In Figuur 6.7 word aangedui hoeveel onderwysers ondermeer een van die bekendste Afrikaanse kinderboek outeurs *Alba Bouwer* uitgeken het. Daar was slegs 13 onderwysers uit die moontlike 34 wat haar herken het.




Figuur 7.2: Titelherkenningstoets – Outeur Alba Bouwer

'n Welbekende outeur wat deur die meeste onderwysers erken is, *Verna Vels,* is ondermeer deur 25 onderwysers uit die moontlike 34 herken (sien Figuur 7.7). Duidelik is *Liewe Heksie*, Vels se bekendste karakter steeds gelees. Die onderwysers wat haar egter nie herken het nie, was oorwegend die jonger onderwysers. Dit dui op twee moontlike probleme. Dat die onderwysers wat ouer is, verouderde kennis het en nie die nuwe outeurs en boeke ken nie, en dat die jonger onderwysers nie 'n diep gegronde opleiding in kinder- en jeugliteratuur ontvang het nie, want volgens my, moet Liewe Heksie steeds deel wees van onderwysers se kennis.



Figuur 7.3: Titelherkenningstoetss – Outeur Verna Vels


Wanneer daar gekyk word na die meer onlangse outeurs word daar 'n duidelike prentjie geskets met *Martie Preller* en haar bekende boek *Babalela*. Die boek is deur 19 onderwysers erken uit die moontlike 34 en *Martie Preller* as outeur is deur 13 uit die moontlike 34 onderwysers erken. Dit is my mening dat dit meer te danke is aan die bemarking en sukses van *Babalela* as enige iets anders, want van hier word die prentjie van onderwysers se kennis oor resensente outeurs duister. Jaco Jacobs was argumenteerbaar een van die mees produktiewe en gesogte skrywers van ons tyd met betrekking tot kinder- en jeugliteratuur is, is maar 'n skrale 7 uit die moontlike 34 onderwysers herken (sien Figuur 7.8).



Figuur 7.4: Titelherkenningstoets – Outeur Jaco Jacobs

Wanneer daar na voorbeelde gekyk word van die onderwysers se herkenning ten opsigte van boeke, word die prente selfs meer kommerwekkend. *Formuele drie, twee een!* is slegs deur 6 onderwysers herken, *Mia se ma* deur 7 onderwysers en *Zakie Mostert* maar deur 'n skamele 4 onderwysers om maar net 'n paar voorbeelde te noem. Die voorbeelde is ook ondermeer die boeke, outeurs en illustreerders wat die meeste herken is.

Wanneer daar na die illlustreerders gekyk word is die enigste illustreerder wat noemenswaardig herken is, is Piet Grobler. Grobler is deur 10 van die moontlike 34 onderwysers herken (sien Figuur 7.5).



Figuur 7.5: Titelherkenningstoets – Illustreerders, Piet Grobler

Maja Sereda wat argumenteerbaar een van die bekendste illustreerders is wat vandag boeke illustreer is deur geen onderwyser herken nie. Sy het ondermeer *Lieweland 'n Olivant*, *Hoekom praat grootmense so snaaks?* en gedeelte in die *Nuwe Kinderverseboek* geïllustreer, maar onderwysers weet ongelukkig niks van haar af nie.

Die onderwysers se kennis oor die genre van Kinder- en Jeugliteratuur is ook nie op standaard nie. Die onderwysers meet die verskil tussen kinder- en jeugliteratuur slegs as 'n punt van ouderdom. Dit is egter baie meer as dit. Dit gaan oor die geskikte ouderdom, maar dit gaan ook oor die illustrasies (sien Hoofstuk 4), leesbaarheid (sien Hoofstuk 4), die geskikte genre (sien Hoofstuk 5). Onderwysers neem nie hierdie aspekte in ag nie. Verder is die kennis van narratologiese elemente wat ook 'n rol speel in die verskil tussen kinder- en jeugliteratuur nie op standaard nie. Onderwysers verwar die fokalisator en die tema met mekaar. Onderwysers sukkel verder om te bepaal watter temas is gepas vir watter ouderdom. Sommige onderwysers is van mening dat kinderliteratuur oor algemene aspekte gaan. Onderwysers sien nie die onderliggende temas in sprokies, fantasie en verskeie ander verhale raak nie, omdat hulle bloot net nie die kennis het nie. Onderwysers het nie die nodige kennis om die nut van fantasie en sprokies te verstaan nie en sommige onderwysers sluit dit heeltemal uit hulle klas uit omdat hulle dit as tydmors, bonatuurlik en duiwels beskou.

Alhoewel die onderwysers verstaan wat die ruimte en karakter is, ken onderwysers slegs die oppervlakkige aspekte. Onderwysers ken nie die dieper betekenis nie en kan daarom nie verhale werklik evalueer volgens die narratologiese aspekte, illustrasies en leesbaarheid (sien Hoofstuk 4) en die genre eienskappe (sien Hoofstuk 5) nie.

Dit is my mening dat onderwysers glad nie die gewenste kennis oor kinder- en jeugliteratuur het nie en dat daar iets daaraan gedoen word. Die gaping in onderwysers se kennis moet aangespreek word as ons kinders wil hê wat boeke en lees geniet.

7.3.1.2 Die opleiding wat die deelnemers het van gepaste literêre komponente

Al die onderwysers wat gedurende die studie geraadpleeg is, het 'n professionele kwalifikasie. Die verskillende kwalifikasies waaroor die onderwysers beskik is ondermeer 'n Hoër onderwys diploma (HOD), BEd en BA-grade in tale (sien Figuur 7.6). Die onderwysers het genoem dat hulle in die BEd graad wat spesifiek fokus op die grondslagfase die inligting oor kinder- en jeugliteratuur gedoen en moes self hulle eie boeke maak. Daar is egter geen leeslys wat die onderwysers moes lees nie en hulle kennis van boeke is kommerwekkend.

Die ander onderwysers wat oor 'n HOD kwalifikasie beskik het spesifiek genoem dat hulle metodiek vakke gehad het waarin hulle geleer het hoe om die spesifieke vak aan te bied. Alhoewel al die onderwysers daarop gewys het dat hulle opleiding ontvang het in kinder- en jeugliteratuur was dit slegs in die tydperk toe die onderwysers gestudeer is. Die opleiding is nie opgevolg deur of op datum gehou nie wat moontlik daartoe kan bydra dat die onderwysers nie die nuwe boeke kon herken nie.

Dit is daarom my aanbeveling dat daar gebruik gemaak sal word van professionele ontwikkeling om die onderwysers op datum te hou met nuwe boeke en nuwe tegnieke en om onderwysers op datum te hou van nuwe boeke deur om e-posse en of sms'e aan die onderwysers met die inligting te stuur.



Figuur 7.6: Kwalifikasies van onderwysers

7.3.2 Vakadviseurs en onderwysers se ervarings van POP's

Die onderwysers en vakadviseurs verwys hier na die onderwysers en vakadviseurs wat deelgeneem het aan die studie.

7.3.2.1 Op distriksvlak - Vakadviseurs

7.3.2.1.1 Die wyse waarop POP's op distrikvlak aangebied word ten opsigte van inhoud, formaat en tydsduur

Die formaat van POP's word bepaald deur die onderwerp waaroor die bepaalde POP handel. Die vakadviseurs het ondermeer genoem dat 'n gemiddelde POP tussen 3 tot 5 dae van 8:00 tot 16:00 duur maar dat dit nie noodwendig gewild is onder die onderwysers nie.

Die POP's word gewoonlik in die formaat van werkswinkels aangebied waar daar iemand is wat 'n aanbieding aan die onderwysers gee oor hoe iets geïmplementeer kan word in die skool. Na die afloop van die verduideliking word die onderwysers gewoonlik in groepe verdeel word waar die groepe die metodes wat in die aanbieding voorgestel is doen. In sommige gevalle word die groepe dan gevra om 'n voorlegging van hulle les te gee aan die ander mense van die groep.

Dit is juis hierdie formaat wat onderwysers negatief vind, daar sal aan die formaat van POP's verander moet word as daar gepoog word dat onderwysers werklik voordeel sal put uit POP.

7.3.2.1.2 Die houdings van vakadviseurs ten opsigte van die aanbieding van POP's

Die vakadviseurs in die studie se houdings teenoor POP's kan die beste beskryf word soos iemand wat tussen twee vure sit. Aan die eenkant is dit duidelik dat die vakadviseurs die doel en nut van POP's insien en dat hulle dit aanbeveel aan die onderwysers. Die vakadviseurs bied ook self POP's aan, maar voel dat die onderwysers wat uit akademiese instansies kom met professionele kwalifikasies op standaard moet wees en dat dit nie vir hulle nodig moet wees om POP's aan te bied nie.

Vakadviseurs vind POP's uitputtend omdat daar geen samewerking van akademiese instansies is nie en wanneer die onderwysers negatief is oor die bepaalde POP, is dit moeilik vir vakadviseurs om positief daaroor te wees. Vakadviseurs vind POP's verder negatief omdat hulle dit moeilik vind om onderwysers so vêr te kry om saam te werk. Aan die een kant wil sekere skole nie materiaal en tegnieke met ander skole deel nie omdat hulle voel die skole vat net en aan die ander kant wil ander skole nie gebruik maak van ander skole se materiaal en metodes nie omdat hulle dit sien as materiaal en metodes wat in die ou manier van skool hou vasgevang is. Dit is vir die vakadviseurs 'n bose kringloop waaruit hulle nie die onderwysers kan laat ontsnap nie.

Aan die anderkant van die spektrum is die vakadviseurs opgewonde en positief oor POP's omdat dit aan groot groepe onderwysers nuwe tegnieke en materiaal kan gee. Hulle poog om so vêr moontlik dit vir die onderwysers van waarde te maak maar ek het die gevoel gekry dat hulle nie altyd weet hoe nie, omdat hulle nie weet wat die onderwysers spesifiek negatief daaraan vind nie. Daar kan ondermeer riglyne aan vakadviseurs gegee word sodat hulle die onderwyser wat die POP bywoon verstaan.

7.3.2.1.3 Vakadviseurs se kennis oor onderwysers se houdings, kennis en toepassing in die klaskamer oor kinder- en jeugliteratuur en POP's

Daar kan volgens my van die veronderstelling uitgegaan word dat die meeste vakadviseurs weet dat die onderwysers POP's negatief vind. Die drie vakadviseurs wat geraadpleeg is in hierdie studie is bewus daarvan dat onderwysers in die algemeen POP's uiters negatief vind. Dit is egter my mening dat die meeste vakadviseur nie noodwendig weet hoe om die negatiewe houdings van die onderwysers te hanteer nie en die feit dat hulle nie beheer het oor POP's wat deur akademiese instansies, vakbonde of private instansies aangebied word nie, maak dit veral nog moeiliker vir die vakadviseurs. Hulle kan nie oor die POP's beheer uitoefen nie en wanneer hierdie instansies POP's van 'n substandaard aanbied beïnvloed dit die vakadviseur en die departement uiters negatief.

Daar is gevind in die studie dat die vakadviseurs nie in alle gevalle bewus is van die onderwysers se houdings, kennis en toepassing van kinder- en jeugliteratuur nie. Die vakadviseurs was verras toe daar genoem is dat verskeie onderwysers nie van kinder- en jeugliteratuur gebruik maak nie en genoem dat hierdie onderwysers dan nie werklik die KABV verstaan nie.

7.3.2.2 Op onderwysersvlak – Die onderwysers

7.3.2.2.1 Onderwysers se ervaring van en houding teenoor POP's waaraan hulle deelneem

Die onderwysers se negatiewe gevoelens was duidelik in die onderhoude. Die onderwysers was baie verbaal oor die POP's wat hulle al bygewoon het. Die algemene negatiwiteit van die onderwysers fokus daarrondom dat die onderwysers voel dat hulle **tyd gemors** word. Die onderwysers het ondermeer genoem dat hulle vir ure in 'n werkswinkel sit en op die ou en niks by leer nie. Volgens die onderwysers word professioneleontwik-kelingsgeleenthede ongefokus aangebied. Daar word volgens die onderwysers oor algemene konsepte gepraat wat hulle reeds weet en die persone wat gewoonlik die geleenthede aanbied is onvoorbereid en weet selfs minder as die onderwysers self.

Die tweede grootste klagte van onderwysers is dat professioneleontwikkelingsgeleenthede gewoonlik gepaard gaan met **groepwerk en geleenthede waar die onderwysers voorlegging aan die hele werkswinkel moes gee**. In die gevalle het die onderwysers gekla dat die onderwysers wat niks oor die onderwerp weet nie hulle agter hou en dat daar dan te veel tyd gespandeer word om die onderwysers by die ander te kry. Die onderwysers het ondermeer ook genoem dat wanneer hulle in groepe werk, daar party onderwysers is wat bloot terugsit, gewoonlik die wat met die onderwerp sukkel, en dan moet hulle die werk doen en die voorleggings gee waarna die hulle skool se inligting aan die ander skole gegee word. Die onderwysers voel dat dit 'n gevoel skep van ander onderwysers kom bloot na werkswinkels om hulle werk te kry.

Onderwysers is verder negatief oor POP's omdat die geleenthede in sommige gevalle, veral wanneer dit deur akademiese instansies aangebied word, gebruik word om **navorsingsinligting in te samel vir personeel van die akademiese instansie**. Die onderwysers voel gebruik in die opsig en dat dit vir hulle van niks waarde is nie.

Dit is duidelik vanuit die vergelykende analise dat die houdings van onderwysers teenoor POP's in die algemeen baie negatief is en dat daar drasties hieraan gewerk moet word voordat enige POP met sukses aangebied sal kan word. Onderwysers voel dat POP's geen doel het nie en as daar dalk aansporing was of iets wat POP onderwysers in die sak kan bring sal hul meer daaraan wil deelneem.

7.3.2.2.2 Ondersteuning wat onderwysers ontvang van die departement, skool en akademiese instansies

Ten opsigte van die ondersteuning wat onderwysers ontvang kan daar gesê word dat die onderwysers van al die skole wat in die studie geraadpleeg is voel dat hulle nie doeltreffende ondersteuning ontvang nie. Onderwysers voel dat hulle oorlaai word met administrasie en nie tyd het om regtig die kinders te onderrig nie. Die onderwysers voel dat die departement se ondersteuning so vêr strek as om na hulle vakleërs te kyk wanneer hulle die skole besoek en om verder kritiek te lewer op hulle administrasie.

Die onderwysers voel ook dat hulle die vakadviseurs omtrent glad nie sien nie en dat hulle nie hulp kan vra sou dit nodig wees by die departement nie, maar dat ander onderwysers van meer hulp is.

Buiten vir die departement voel die meeste skole dat die hoof en die skool waar hul skoolgee hul soveel as moontlike ondersteuning gee. Daar word waar die finansies dit toelaat boeke aangekoop en die hoof en departementshoofde in die skool ondersteun gewoonlik die onderwysers die meeste. Dit is egter baie belangrik dat daar gelet word op die aspek sou finansies dit toelaat. Daar was werklik slegs een skool in die groep waar daar geld was om boeke aan te koop wat nie op die nasionale lys verskyn nie. Die ander skole was eerlik en het genoem dat die aankoop van boeke nie die finansies regverdig nie. Buiten vir die drie skole wat nog 'n biblioteek het, is daar dus geen geskrewe boeke wat die onderwysers kan gaan soek of gebruik nie wat daartoe lei dat die onderwysers literêre ook nie ondersteun word nie.

Die onderwysers het ondermeer genoem dat hulle ook nie ondersteun word deur akademiese instansies nie. Daar word volgens die onderwysers gewoonlik neergekyk op hulle deur universiteite en wanneer hulle genooi word vir werkswinkels en so meer is dit gewoonlik ter voordeel van die universiteit en die persoon wat die werkswinkel aanbied as vir hulle. Die onderwyser voel ook dat hulle kennis en gebruike nie as belangrik deur akademiese personeel gesien word nie en daar word altyd aan hulle voorgeskryf deur akademiese instansies as wat elkeen aanvaar word vir die ervaring wat hulle tot die tafel kan bring.

7.4 Samevatting

In die voorafgaande gedeelte is verslag gelewer oor die analise van die kwalitatiewe data. Dit is nie die doel van die fenomenologiese studie om te veralgemeen nie, maar om verslag te lewer oor die bepaalde fenomeen op 'n bepaalde stadium op 'n bepaalde plek. Die data is gebruik om verslag te lewer oor die gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer met betrekking tot onderwysers se kennis en houdings en indien hierdie kennis nie genoeg is nie hoe 'n POP saamgestel sal moet word om die negatiewe aspekte wat onderwysers en vakadviseurs ondervind uit te sny. Daar is verder verslag gelewer oor die vakadviseurs en onderwysers se houding

ten opsigte van die bywoning en implementering van professioneleontwikkelingsprogramme. Dit is vir die navorser duidelik dat die gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer kommerwekkend is en dat daar ’n ingryping in die verband deur middel van ’n POP daargestel moet word.

In Hoofstuk 8 stel die navorser die riglyne vir ’n suksesvolle POP voor en so ook hulpmiddels wat die onderwysers in die verband kan gebruik.

Dagboek van die navorser

Wat is my vooropgestelde idees en uitgangspunte aangaande die fenomeen?

My bracketing

Wel, oor kinder- en jeugliteratuur is ek uiters positief, en voel dat mense nie die waarde daarvan insien nie. Soms voel ek dat ek sommer kwaad kan raak omdat mense nie die doel en nut van veral Afrikaanse tekste insien nie. Daar word so maklik gesê daar is nie goeie Afrikaanse boeke nie en dat die Taal dood is. Dan kriewel my vel sommer van woede.

Buiten dat ek voel dat kinder- en jeugliteratuur so maklik oor gesien word en dat onderwysers en ouers nie Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur waardeer nie, dink ek dat onderwysers veral nie kinder- en jeugliteratuur in hulle klasse gebruik nie. Ek dink dat onderwysers dit as meer werk sien en te veel gelei word deur handboeke en daarom dan sommer boeke uitgooi. Hopelik wys dit dat ek verkeerd is wanneer ek by die onderwysers kom.

Oor professioneleontwikkelingsprogramme is ek self negatief, veral as ek kyk na die nagraadse werkswinkels wat ons gehad het. Dit was vervelig en het my deurmekaar gemaak oor goed wat ek voor die tyd baie goed verstaan het. Ook die program wat ons self aangebied het vir die onderwysers het dit vir my gelyk dat die onderwysers nie noodwendig daarvan gehou het nie. Verskeie het uitgeslip as hulle wou en het self genoem dat hulle nie werklik daarby baat gevind het nie.

Empiriese ondersoek

15 Augustus 2012

Die vraeslyste is gedruk en al die skoolhoofde is gebel. Ek het ’n afspraak more met Skool 1, 16 Aug,

Skool 2 – 20 Aug

Skool 3 – 24 Aug

Skool 4 – 27 Aug en

Skool 5 – 28 Aug.

Hopelik gaan als goed gaan.

11 Nov 2012

Die skole en die vraelyste het my baie negatief. Ek meen dit sal jou skaars 10 minute vat om die vraelys in te vul, maar nee, dit is te veel moeite vir hulle. Dit is of jy die onderwysers vra om berge te versit. Dit is ’n klomp moeilike mense.

Maar uit die vraelyste lyk dit of onderwysers tog maar min of niks weet van KJL nie. Is amper net Liewe Heksie wat hulle ken.

Ek sukkel veral met skool 5. Hulle wil nie help nie en om die vraelyste te kry is omtrent ’n onbegonne taak. Ek was al ’n hele paar keer by die skool.

Onderhoud skool 1

Die onderhoud het baie goed gegaan, die onderwysers het lekker saam gesels en dit wil voorkom dat alhoewel hulle dalk nie baie van die boeke geken het nie, doen hulle tog moeite om die kinders bloot te stel aan verskillende KJL.

Ek het die skool, onderwysers en die onderhoud baie positief ervaar.

Onderhoud skool 2

Alhoewel ek die skool, onderwysers en onderhoud baie positief ervaar het en baie bruikbare inligting gekry het, is dit tog jammer om te besef dat die meeste onderwysers by die skool voel dat daar nie goeie Afrikaanse KJL bestaan nie en dat hulle dit eerder dan nie soek nie.

Wat ook nogal jammer was, is dat sommige van die onderwysers voel dat fantasie nie deel van skool of lees moet wees nie omdat dit kinders in ’n fantasie wêreld grootmaak. Maar dit is nie die geval nie, so iets sal aangespreek moet word.

Onderhoud skool 3

Hierdie skool, onderwysers en onderhoud was baie negatief. Die onderwysers was nie ywerig om hulle opinies te deel nie, en sê hulle gebruik KJL, maar kon dit glad nie uitwys hoe hulle dit doen nie. Die onderwysers is negatief oor Afrikaans en voel dat dit ’n taal van die verlede is en sê hulle kinders hou nie daarvan nie, so hulle doen nie moeite met die onderrig van Afrikaans nie.

Die onderwysers se negatiewe gesindheid spoel oor na die leerders toe.

Onderhoud skool 4

Hierdie onderhoud was eers baie laat in die jaar omdat die onderhoud heeltyd uitgestel is. Gelukkig het ek dit gedoen gekry in die tyd wat die kinders al weg was vir die jaar, en die onderwysers nog by die skool moes wees.

Ek het die onderhoud met gemengde gevoelens beleef. Sommige onderwysers was optimisties oor die KABV en die gebruik van KJL, maar hulle het gesê dit is nie moontlik nie, want daar is nie genoeg tyd nie. Tog maak die KABV daarvoor tyd. Of hulle verstaan die KABV nie, of hulle wil nie ekstra tekste gebruik as dit wat in die handboeke opgemeen is nie.

Daar was ook hier onderwysers wat baie negatief was oor fantasie en voel dat kinders nie daarmee gekonfronteer moet word nie, omdat sy dit as boos sien. Tog jammer dat die onderwysers so voel. Hopelik sou mens aan hulle sienings kon werk en verander.

Onderhoud Skool 5

Skool 5 was ’n verskriklike gesukkel! Hulle het lank gevat met die vraelyste en met die onderhoud was hulle ongelukkig oor die vraelyste was omdat dit moeilik is.

Hulle is verder baie moeilik oor enige gebruik van KJL in die klaskamer. Daar is nie tyd of geld nie. Ek het gesukkel om die onderwysers aan die praat te kry en om hulle enigsins positief te beïnvloed oor KJL. Ek dink ’n program sal werklik hulle moet motiveer anders gaan die program ook nie werk nie.

Bylaag D

Etiese klaring en toestemmingsbriewe

Etiese klaringsvorm

Toestemming van die departement

Toestemmingsbrief van die promotor

Brief aan die hoofde

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Private Bag X6001, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: (018) 299-4900
Faks: (018) 299-4910
Web: http://www.nwu.ac.za

Ethics Committee
Tel +27 18 299 4850
Fax +27 18 293 5329
Email Ethics@nwu.ac.za

Prof C Nel

23 October 2012

ETHICS APPROVAL OF PROJECT

The North-West University Ethics Committee (NWU-EC) hereby approves your project as indicated below. This implies that the NWU-EC grants its permission that, provided the special conditions specified below are met and pending any other authorisation that may be necessary, the project may be initiated, using the ethics number below.

Project title : 'n Professionele opleidingsprogram vir die ontginning van kinder- en jeugliteratuur vir die Afrikaanse skoolkurrikulum.

Project Leader: Prof C Nel

Ethics number:

N	W	U	-	0	0	0	6	4	-	1	2	-	A	2
Institution				Project Number						Year			Status	

Status: S = Submission; R = Re-Submission; P = Provisional Authorisation; A = Authorisation

Approval date: 2012/08/07 **Expiry date**: 2017/08/06

Special conditions of the approval (if any): None

General conditions:

While this ethics approval is subject to all declarations, undertakings and agreements incorporated and signed in the application form, please note the following:

- *The project leader (principle investigator) must report in the prescribed format to the NWU-EC:*
  - *annually (or as otherwise requested) on the progress of the project,*
  - *without any delay in case of any adverse event (or any matter that interrupts sound ethical principles) during the course of the project.*
- *The approval applies strictly to the protocol as stipulated in the application form. Would any changes to the protocol be deemed necessary during the course of the project, the project leader must apply for approval of these changes at the NWU-EC. Would there be deviated from the project protocol without the necessary approval of such changes, the ethics approval is immediately and automatically forfeited.*
- *The date of approval indicates the first date that the project may be started. Would the project have to continue after the expiry date, a new application must be made to the NWU-EC and new approval received before or on the expiry date.*
- *In the interest of ethical responsibility the NWU-EC retains the right to:*
  - *request access to any information or data at any time during the course or after completion of the project;*
  - *withdraw or postpone approval if:*
    - *any unethical principles or practices of the project are revealed or suspected,*
    - *it becomes apparent that any relevant information was withheld from the NWU-EC or that information has been false or misrepresented,*
    - *the required annual report and reporting of adverse events was not done timely and accurately,*
    - *new institutional rules, national legislation or international conventions deem it necessary.*

The Ethics Committee would like to remain at your service as scientist and researcher, and wishes you well with your project. Please do not hesitate to contact the Ethics Committee for any further enquiries or requests for assistance.

Yours sincerely

Prof Amanda Lourens
(chair NWU Ethics Committee)

education and training

Lefapha la Thuto le Katiso
Departement van Onderwys en Opleiding
Department of Education and Training
NORTH WEST PROVINCE

Private Bag X 919
Potchefstroom
2520
Tel: 018-294 0700/701
Fax: 018-294 6094
Fax: 018-2945094
Fax: 0865143195
E-mail: Syssel@nwpg.gov.za
Dpretorius@nwpg.gov.za

DR KENNETH KAUNDA DISTRICT

TLOKWE AREA OFFICE

OFFICE OF THE AREA MANAGER

TO: PROF CHARISMA NEL
NORTH-WEST UNIVERSITY
POTCHEFSTROOM CAMPUS

FROM: MS S.S. YSSEL
AREA MANAGER
TLOKWE AREA OFFICE

DATE: 16 AUGUST 2012

SUBJECT: PERMISSION TO CONDUCT RESEARCH AT SCHOOLS IN DR KENNETH KAUNDA DISTRICT

The above matter refers.

Permission is herewith granted to you to conduct research at schools in the Dr Kenneth Kaunda District under the following provisions:

- You seek permission from the Principal. You can only proceed with his permission.
- Written permission from parents and learners taking part must be obtained.
- The activities you undertake at school should not tamper with the normal process of learning and teaching.
- You inform the principal of your identified school of your impending visit and activity;
- You provide my office with a report in respect of your visit;
- You will obtain prior permission from this office before availing your findings for public or media consumption.

Wishing you well in your endeavour.

MS S.S. YSSEL
AREA MANAGER
TLOKWE

AO1270/dp

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOM CAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: +27(18) 299-1111/2222
Web: http://www.nwu.ac.za

School for Curriculum-based Studies
Tel: +27(18) 2991854
Fax: +27(18)
Email: carisma.nel@nwu.ac.za

15 August 2012

Dear Dr. Mvula

Request to conduct research in schools in the Dr. Kenneth Kaunda District

We have been funded by an international organisation from the Netherlands (SANPAD) to conduct research focussed on reading literacy in the North West Province (specifically from grade4 to grade 10). In addition, we have been funded by the European Union (via the South African Department of Higher Education and Training) to conduct research focussed on reading literacy within the Foundation Phase (cf. attached letter from the Acting Director: Department of Higher Education and Training – Dr. Whitty Green).

Based on the Memorandum of Understanding between the Dr. Kenneth Kaunda District and the Faculty of Education Sciences at the NWU, we would like to contribute with our research to making a difference in our district, schools and classrooms. I would like to request permission for the following four studies to be conducted in the Dr. Kenneth Kaunda District. All research will be conducted with permission from all stakeholders concerned and will not cause disruptions to normal school teaching and learning. The four studies and their aims are outlined below:

1) **Aninda Adam: The development of a school-wide progress monitoring assessment system for early literacy skills**

The purpose of the study is to determine:

District

- How districts set benchmarks for literacy within the district.
- On what evidence decisions are based.
- How assessment coming from schools is documented and recorded.
- What assessment documentation is provided to districts by schools and teachers.
- What districts currently expect from schools and teachers in terms of progress monitoring.

Schools & classroom

- How, if at all, schools set progress monitoring guidelines for the foundation phase.
- How schools and teachers, within the foundation phase, monitor learners' progress in the foundation Phase.
- What type of assessments teachers use to monitor learners' progress on the foundational skills.
- How progress of learners is documented and recorded on these foundational skills.

- What the collected assessment data is used for by schools and teachers.
- Whether teachers make instructional adjustments based on collected assessment data, and if they do, what and how the adjustments are made.
- What type of support the school and teachers have in place to assist learners not making progress in the core foundational skills.

In addition, the aim of the study is to develop and implement a school-wide progress monitoring assessment system to ensure the systematic and dynamic assessment of foundation phase learners' early literacy skills.

2) Elma Marais: 'n Professioneleontwikkelings-program vir die ontginning van kinder- en jeugliteratuur vir die Afrikaanse skoolkurrikulum

Die doel van hierdie studie is om:

1. Watter literêre komponente behoort in 'n PO-programme ingesluit te word en watter komponente word tans, indien enige in PO-programme wat handel oor die interpretasie, evaluasie en gebruik van kinder- en jeugliteratuur ingesluit?
2. Op distrikvlak
   2.1 Te bepaal hoe PO's aangebied word ten opsigte van inhoud, formaat en tydsduur.
   2.2 Te bepaal wat is die houding van die vakadviseurs ten opsigte van die aanbieding van PO's.
   2.3 Te bepaal of die vakadviseurs bewus is van onderwysers se houdings teenoor PO's en ook ten opsigte van kennis van en die toepassing in die klaskamer met betrekking tot kinder-en jeugliteratuur.
3. Op die onderwysersvlak
   3.1 Te bepaal watter ondersteuning onderwysers in die klaskamer ontvang.
   3.2 Om te bepaal wat die ervaring van onderwysers is ten opsigte van PO's waaraan hulle deelgeneem het met betrekking tot hulle houding, kennis en klaskamerpraktyk.

3) Elize Vos 'n Leesmotiveringsraamwerk vir Afrikaanssprekende adolessentelesers

Die doel van die navorsing is om:

- die verband tussen Afrikaanssprekende adolessentelesers se leesmotivering en hulle leeshoeveelheid, leesbegrip en akademiese prestasie in Afrikaans Huistaal te bepaal.
- 'n leesmotiveringsraamwerk vir Afrikaanssprekende adolessentelesers te ontwikkel (gebruikmakend van die inligting uit die literatuurstudie en die resultate van die empiriese studie) sodat hulle leeshoeveelheid, leesbegrip en akademiese prestasie in Afrikaans Huistaal uiteindelik kan verbeter.

4) Dolly Dlavane: Reading literacy in the content areas: the development of an instructional support framework

The purpose of this study is to (determine):

- What the reading literacy profile of intermediate phase learners whose LoLT is English look like in terms of their reading comprehension, vocabulary, and oral reading fluency within the language and mathematics content area.
- What the reading literacy profile of intermediate phase learners look like in their mother tongue, Setswana, in terms of their reading comprehension, vocabulary, and oral reading fluency within the language and mathematics content area
- How the above mentioned reading literacy profiles compare.
- What the relationship is between the reading literacy profiles in English and Setswana and the students' learning achievement in mathematics.
- Develop an instructional support framework that helps content area teachers integrate reading literacy within their subjects taking cognisance of the LoLT as well as the mother tongue of the learners.

All ethical procedures will be adhered to in this project. Ethical clearance has already been obtained from the N-W University ethical clearance committee.

The results of the studies, as well as all materials developed will be made available to the district, schools and teachers participating in the studies as well as to the South African Department of Higher Education and Training (Dr. Whitty Green).

We hope that our request will meet with your approval.

Yours sincerely



Prof. Carisma Nel

Research Professor

Project Leader

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Privaat sak X6001, Potchefstroom
Suid-Afrika, 2520

Tel: 018 299-1111/2222
Web: http://www.nwu.ac.za

Fakulteit Opvoedingswetenskappe
Tel: 018 299-4773
Faks: 018 299-4238
E-pos: 12317942@nwu.ac.za

9 Julie 2012

Geagte Skoolhoof

TOESTEMMING OM DEEL TE NEEM AAN PHD STUDIE

Ek is besig met 'n navorsingsprojek wat fokus op die ontwikkeling van 'n professioneleontwikkelingsprogram wat kinder- en jeugliteratuur ontgin. Sal u asseblief toelaat dat u Afrikaansonderwysers in die grondslag- en intermediêrefase aan fokusgroeponderhoude deelneem en vraelyste voltooi ten opsigte van hulle houding teenoor professioneleopleidingsprogramme en die gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer.

Ek het reeds toestemming van die Onderwysdepartement van die Dr. Kenneth Kaunda Distrik ontvang.

Alle data sal konfidensieel gehou word. Geen name van onderwysers of skole sal in die navorsingsverslag genoem word nie. Daar word geen risiko faktore in die studie verwag nie, maar indien enige vrae die deelnemers ongemaklik laat voel kan die onderwysers weier om die vrae te antwoord en onttrek sonder om 'n rede te gee hiervoor. Die deelname aan die studie is vrywillig.

U is welkom om my te kontak indien u enige navrae aangaande die navorsing het.

Dankie



Elma Marais
Navorser

Sel: 0828635914

Teken asseblief die volgende en los by die sekretaresse.

Ek _____, Skoolhoof van _____ gee hiermee toestemming om deel te neem aan die navorsing aangaande professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur saam met Mej. Elma Marais.

Original details: Elma Marais(12317942) C:\Users\13210173\PERMISSION TO TAKE PART IN PHD STUDIES.docm
9 July 2012

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: (018) 299-1111/2222
Web: http://www.nwu.ac.za

Faculty of Education
Tel: (018) 299 4473

EMail 12317942@nwu.ac.za

9 July 2012

Dear Principle

PERMISSION TO TAKE PART IN PHD STUDY

I am doing a research project that focuses on the development of a professional development program that uses children and youth literature. Will you please allow your Afrikaans teacher in the foundation and intermediate phase to take part in focus group interviews and questionnaires about professional development programs and the use of children's and youth literature in their classroom?

I have received permission by the Department of Education in the Kenneth Kaunda District.

All data will be kept confidential. No names of teachers of schools will be named in the research report. No risk factors is expected in this study, but if any participant feel uncomfortable this participant can refuse to answer the question and if needed withdraw from the study without giving a reason. The participation in the study is voluntary.

You are welcome to contact me if you have any questions or inquiries about the research.

Thank you



Elma Marais
Researcher

Sel: 0828635914

_____

Please sign underneath.

I _____, principle of _____am willing to take part in the research about professional development and children and youth literature with Me.

Elma Marais.

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Privaat sak X6001, Potchefstroom
Suid-Afrika, 2520

Tel: 018 299-1111/2222
Web: http://www.nwu.ac.za

Fakulteit Opvoedingswetenskappe
Tel: 018 299-4473
Faks: 018 299-4238
E-pos: 12317942@nwu.ac.za

9 Julie 2012

Geagte Onderwyser

TOESTEMMING OM DEEL TE NEEM AAN PHD STUDIE

Ek is besig met 'n navorsingsprojek wat fokus op die ontwikkeling van 'n professioneleopleidingsprogram wat kinder- en jeugliteratuur ontgin. Sal u asseblief deelneem aan fokusgroeponderhoude en vraelyste voltooi ten opsigte van u houding teenoor professioneleontwikkelingsprogramme en die gebruik van kinder- en jeugliteratuur in die klaskamer.

Ek het reeds toestemming van die Onderwysdepartement van die Dr. Kenneth Kaunda Distrik ontvang.

Alle data sal konfidensieel gehou word. Geen name van onderwysers of skole sal in die navorsingsverslag genoem word nie. Daar word geen risiko faktore in die studie verwag nie, maar indien enige vrae die deelnemers ongemaklik laat voel kan die onderwysers weier om die vrae te antwoord en onttrek sonder om 'n rede te gee hiervoor. Die deelname aan die studie is vrywillig.

U is welkom om my te kontak indien u enige navrae aangaande die navorsing het.

Dankie



Elma Marais
Navorser

Sel: 0828635914

Teken asseblief die volgende en besorg dit terug aan die navorser.

Ek _____, Onderwyser van _____

gee hiermee toestemming om deel te neem aan die navorsing aangaande professioneleontwikkelingsprogramme en kinder- en jeugliteratuur saam met Mej. Elma Marais.

Original details: Elma Marais(12317942) C:\Users\13210173\PERMISSION TO TAKE PART IN PHD STUDIES.docm
15 July 2012

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: (018) 299-1111/2222
Web: http://www.nwu.ac.za

Faculty of Education
Tel: (018) 299 4473

EMail 12317942@nwu.ac.za

9 July 2012

Dear Teacher

PERMISSION TO TAKE PART IN PHD STUDY

I am doing a research project that focuses on the development of a professional development program that uses children and youth literature. Will you please take part in focus group interviews and questionnaires about professional development programs and the use of children's and youth literature in the classroom?

I have received permission by the Department of Education in the Kenneth Kaunda District.

All data will be kept confidential. No names of teachers of schools will be named in the research report. No risk factors is expected in this study, but if any participant feel uncomfortable this participant can refuse to answer the question and if needed withdraw from the study without giving a reason. The participation in the study is voluntary.

You are welcome to contact me if you have any questions or inquiries about the research.

Thank you



Elma Marais
Researcher

Sel: 0828635914

_____

Please sign underneath.

I _____, teacher of _____ am willing to take part in the research about professional development and children and youth literature with Me. Elma Marais.

Original details: Elma Marais(12317942) C:\Users\13210173\PERMISSION TO TAKE PART IN PHD STUDIES.docm
15 July 2012

Innovasie deur diversiteit ®

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS